U.O.V.S.
Bloemfontein

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0226594
11105168550122000019

ENKELE VOORLOPERS, GRONDLEGGERS, MODELLE EN TEORIEë TEN OPSIGTE VAN DIE ONTSTAAN VAN DIE POLITIEKE SOSIOLOGIE

deur

IGNATIUS MICHAEL BREDENKAMP

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

DOKTOR PHILOSOPHIAE

in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, Departement Sosiologie, aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Desember 1976
Bloemfontein

PROMOTOR: Professor Doktor Johann Strauss

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

22-06-1977
KLAS No. T 301.592 Bre
No. 226594
BIBLIOTEEK

OPGEDRA AAN MY OUERS
Dutliff C. Bredenkamp
Susanna G. Bredenkamp

Uit dankbare erkentlikheid vir al u liefde en al u opofferings.

VOORWOORD

Hiermee my opregte dank en waardering aan al daardie persone en instansies wat my direk of indirek tydens die verloop en realisering van hierdie studie tot hulp of stimulus was.

'n Besondere woord van dank aan my eggenote en ons dogters, Isna en Santie, vir die inspirasie, opofferings en geduld. Die werklik diepgevoelde en gewaardeerde dank hiervoor kan moeilik verwoord word.

'n Woord van besondere dank en waardering rig ek ook aan my promotor, prof. dr. Johann Strauss, wie se krities-stimulerende beskouings en inspirasie 'n besieling was. Sedert die aanvang van my Honneursstudie sewe jaar gelede tree hy as my leermeester op. Hy was die studieleier van sowel my M.A.-verhandeling as hierdie studie. Dit is onmoontlik om die erkenning en dank wat hy verdien, in enkele woorde te stel.

'n Woord van dank en waardering ook teenoor die volgende leidende oorsese sosioloë en politieke sosioloë met wie ons in verband met hierdie studie kon korrespondeer: proff. S.N. Eisenstadt, Talcott Parsons, G.A. Almond, E. Shils, S. Huntington, P.M. Blau en C. Geertz, asook die volgende wetenskaplikes hier te lande met wie onderhoude gevoer is òf gekorrespondeer is: proff. H.J. Strauss, F.J.H. Wessels (sedertdien oorlede), W.A. Kleynhans, C.F. Niewoudt, N.J. Rhoodie, A.F. Steyn en H.W. van der Merwe.

Baie dankie ook aan:

Mev. C.E. Ungerer van die Bloemfonteinse Onderwyskollege vir die taalkundige versorging van die werk en mev. J.C.J. Carstens vir die moeilike taak om die verslag te tik.

Aan my ouers, aan wie ek soveel verskuldig is vir soveel wat hulle vir my gedoen en beteken het veral tydens my studiejare, dra ek uit opregte dank en waardering hierdie studie op.

Aan Hom kom toe al die lof en die dank vir al daardie genadegawes wat hierdie studie bemoontlik het.

Die Skrywer.

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord i

Inhoudsopgawe ii

HOOFSTUK I

Inleiding 1

1. Prinsipiële verantwoording 1

1.1 Wat is Sosiologie? 2
1.2 Wat is Politieke Sosiologie? 2

1.2.1 Wat is politiek? 3
1.2.2 'n Voorlopige omskrywing van Politieke Sosiologie 5

1.3 Enkele gedagtes oor die "ontstaan" van die Politieke Sosiologie 6
1.4 Politieke Sosiologie per definisie 9
1.5 'n Saaklike terreinafbakening vir die Politieke Sosiologie 12
1.6 Die Politieke Sosiologie en Staatsleer 13

2. Enkele begripsomskrywings 16

2.1 Verwysingsraamwerk 16
2.2 Model 16
2.3 Teorie 19
2.4 Benadering en/of perspektief 23
2.5 Konflik 23
2.6 Konsensus 24
2.7 Sosiale denke en polities-sosiale denke 24

3. Motivering vir die keuse van die onderwerp 25

4. Doelstellings 27

5. Metode van ondersoek 29

6. Probleme ondervind tydens die studie 30

HOOFSTUK II

Die ontwikkeling van polities-sosiale denke vanaf die vroegste tye tot en met die veertiende eeu 32

1. Inleiding 32

2. Primitiewe sosiale denke 33

3. Sosiale denke tydens die antieke Babiloniese samelewing 36

4. Sosiale denke tydens die antieke Egiptiese samelewing 39

5. Sosiale denke tydens die antieke Chinese samelewing 41

6. Sosiale denke tydens die antieke Indiese samelewing 46

7. Sosiale denke tydens die antieke Hebreeuse samelewing 50

8. Polities-sosiale denke in klassieke Griekeland soos verteenwoordig in die bydraes van Plato en Aristoteles 53

8.1 Die Griekse stadstate 53
8.2 Plato (± 427-347 v.C) 56
8.3 Aristoteles (384-322 v.C.) 59

9. Polities-sosiale denke tydens die klassieke Romeinse tyd 61

9.1 Cicero (106-42 v.C.) 66

10. Polities-sosiale denke tydens die Middeleeue 68

10.1 Augustinus (354-450) 69
10.2 Die Kerkvaders 71
10.3 Thomas van Acquinas (1225-1274) 72
10.4 Die middeleeuse bydrae met betrekking tot polities-sosiale denke in die algemeen 74
10.5 Ibn Khaldun (1332-1406) 76

11. Samevatting 82

HOOFSTUK III

Die ontwikkeling van polities-sosiale denke vanaf die veertiende eeu tot die agtiende eeu 88

1. Inleiding 88

1.1 Die Renaissance 88
1.2 die Hervorming 92
1.3 Die invloed van die Renaissance en die Hervorming op polities-sosiale denke 95
1.4 Niccolò Machiavelli (1469-1527) 97
1.5 Jean Bodin (1530-1596) 103
1.6 Thomas Hobbes (1588-1679) 107
1.7 John Locke (1632-1704) 111

2. Polities-sosiale denke tydens die agtiende eeu 115

2.1 Giambattista Vico (1668-1744) 116
2.2 Baron De Montesquieu (1689-1755) 119
2.3 Francois Marie Arouet Voltaire (1694-1778) 124
2.4 David Hume (1711-1776) 126
2.5 Jean Jacques Rousseau (1712-1778) 129

3. Die ontwikkeling van polities-sosiale denke - samevatting en gevolgtrekking 135

HOOFSTUK IV

Sekere fundamentele bydraes deur enkele medegrondleggers van die Politieke Sosiologie 150

1. Alexis de Tocqueville (1805-1859) 150

1.1 Saaklike samevatting van enkele van De Tocqueville se fundamentele beskouings 152
1.2 Enkele kritiese opmerkings oor De Tocqueville se bydrae 161

2. Karl Marx (1818-1883) 162

2.1 Saaklike samevatting van enkele van Marx se fundamentele beskouings 163
2.2 Die klasseteorie van Marx 164
2.3 Marx se definisie van klas 170
2.4 Marx se polities-sosiale bydrae 172
2.5 Enkele kritiese opmerkings oor Marx se bydrae 177

3. Vilfredo Pareto (1848-1923) 181

3.1 Enkele primêre gedagtes met betrekking tot Pareto se sosiale sisteembeskouing 182
3.2 Pareto se teorie van die elite 185
3.3 Die handhawing van heerskappy 186
3.4 Die opkoms en verval van regerende elites 190

3.4.1 Residue en regeringstyl 190
3.4.2 Variërende verhoudings van klas I- en klas II-residue 191
3.4.3 Alternering van die regerende elites 192
3.4.4 'n Tipologie van politieke regimes 193

3.5 Die regeringsisteem 194

3.5.1 Politieke vorme 194
3.5.2 Die werking van regerings 195
3.5.3 Die regerende klas: Karakter en metode 196

3.6 Enkele kritiese opmerkings oor Pareto se bydrae 199

4. Gaetano Mosca (1858-1949) 201

4.1 'n Saaklike samevatting van enkele van Mosca se fundamentele beskouings 201

4.1.1 Die heersersklas 201

4.2 Enkele kritiese opmerkings oor Mosca se bydrae 211

5. Opsomming en evaluering van sekere fundamentele bydraes van die hier behandelde medegrondleggers van die Politieke Sosiologie 213

HOOFSTUK V

Sekere fundamentele bydraes deur enkele medegrondleggers van die Politieke Sosiologie (vervolg) 224

1. Max Weber (1864-1920) 224

1.1 Die ideëel-tipe en "verstehende"-benadering as fasette van Weber se metodologie 224
1.2 Weber se politieke sosiologie 229

1.2.1 Max Weber en enkele begripsomskrywings relevant tot die Politieke Sosiologie 231
1.2.2 Weber se siening van die parlement en demokrasie 235
1.2.3 Weber se beskouinge oor die burokrasie 237
1.2.4 Drie vorme van wetlike gesag 242

1.3 Enkele kritiese opmerkings oor Weber se bydrae 245

2. Robert Michels (1876-1936) 246

2.1 Die behoefte aan organisasie 247

2.1.1 Die konserwatiewe grondslag van organisasie 248
2.1.2 Burokrasie: tendense van sentralisering 250
2.1.3 Burokrasie en die onwrikbare wet van oligargie 252
2.1.4 Enkele slotgedagtes 256

2.2 Enkele kritiese opmerkings oor Michels se bydrae 258

3. Karl Mannheim (1893-1947) 259

3.1 Primêre simptome van die krisis 262
3.2 Die magsfenomeen 264

3.2.1 Die drie basiese vorme van mag 265
3.2.2 Mag in persoonlike verhoudings 266
3.2.3 Magskonsentrasie en magsfunksies 267
3.2.4 Magskonsentrasie in groepe 269
3.2.5 Die aard en mag van gemeenskapsentiment 272
3.2.6 Funksionele- en gemeenskapsmag in teenstelling met mekaar 276
3.2.7 Misbruike van mag en die voorkoming daarvan 279

3.3 Enkele kritiese opmerkings oor Mannheim se bydrae 282

4. Samevatting en evaluering van sekere fundamentele bydraes van die hierbehandelde medegrondleggers van die Politieke Sosiologie 284

HOOFSTUK VI

Die konflikbenadering as teoretiese grondslag tot die Politieke Sosiologie 292

1. Inleiding 292

2. 'n Saaklike sosio-historiese uiteensetting van enkele konflikidees 293

2.1 Polybius (203-121 v.C.) 294
2.2 Ibn Khaldun (1332-1406) 294
2.3 Niccolò Machiavelli (1469-1527) 294
2.4 Jean Bodin (1530-1596) 295
2.5 Thomas Hobbes (1588-1679) 296
2.6 David Hume (1711-1776) 296
2.7 Adam Ferguson (1723-1816) 297
2.8 Anne Robert Jacques Turgot (1727-1781) 297
2.9 Adam Smith (1723-1790) 298
2.10 Thomas Malthus (1766-1834) 298
2.11 Charles Darwin (1809-1882) 299

3. Konflik as kerntema by die sosiaal-Darwinisme en Marxisme 302

3.1 Sosiaal-Darwinisme 302

3.1.1 Herbert Spencer (1820-1903) 303
3.1.2 Lester F. Ward (1841-1913) 307
3.1.3 William Graham Sumner (1840-1910) 309
3.1.4 Joseph Arthur de Gobineau (1816-1882) 309
3.1.5 Houston Stewart Chamberlain (1855-1926) 310
3.1.6 Georges Vacher de Lapouge (1854-1936) 310
3.1.7 Francis Galton (1822-1911) 311
3.1.8 Karl Pearson (1857-1936) 312
3.1.9 Franklin Giddings (1855-1931) 313

3.2 Marxisme 314

3.2.1 Karl Marx (1818-1883) 315

4. Sosiologiese konflikteorieë - aanvanklike eksponente 318

4.1 Walter Bagehot (1826-1877) 320
4.2 Ludwig Gumplowicz (1838-1909) 321
4.3 Gustav Ratzenhofer (1842-1904) 324
4.4 William Graham Sumner (1840-1910) 326
4.5 Jacques Novicow (1849-1912) 329
4.6 Albion Woodbury Small (1854-1926) 331
4.7 Franz Oppenheimer (1864-1943) 333

5. Samevatting 336

HOOFSTUK VII

Die konflikbenadering as teoretiese grondslag tot die Politieke Sosiologie (vervolg) 343

Die resente eksponente van die sosiologiese konflikteorieë 343

1. Inleiding 343

2. Georg Simmel (1858-1918) 344

2.1 Konflik as sosiasie 345
2.2 Konflik as integratiewe krag in die groep 345
2.3 Beknopte samevatting van enkele kernfasette van Simmel se konflikteorie 346
2.4 Enkele kritiese opmerkings oor Simmel se bydrae 351

3. Robert Ezra Park (1864-1944) 352

3.1 Die sosiale proses 353

3.1.1 Kompetisie 354
3.1.2 Konflik 356

3.1.2.1 Oorlog en politiek 358

3.1.3 Akkommodasie 360
3.1.4 Assimilasie 362

3.2 Enkele kritiese opmerkings oor Park se bydrae 362

4. Lewis A. Coser 363

4.1 Bondige samevatting van Coser se konflikbenadering 366
4.2 Enkele kritiese opmerkings oor Coser se bydrae 370

5. Ralf Dahrendorf 371

5.1 Dahrendorf se kritiek op Marx 372
5.2 Dahrendorf se kritiek op Parsons en die funksionalisme 375
5.3 Enkele voorvereistes vir 'n teorie van sosiale konflik 379
5.4 Enkele fasette van Dahrendorf se konflikmodel 380
5.5 Enkele kritiese opmerkings oor Dahrendorf se bydrae 383

6. John Rex 384

6.1 Enkele fasette van Rex se konflikbenadering 386
6.2 Enkele kritiese opmerkings oor Rex se bydrae 388

7. Die konflikbenadering as teoretiese benadering van die eksponente van die Politieke Sosiologie 389

8. Samevatting en gevolgtrekking 392

HOOFSTUK VIII

Die konsensusbenadering as teoretiese grondslag tot die Politieke Sosiologie 396

1. Inleiding 396

2. Die koöperatiewe fase van die konsensusbenadering 397

2.1 Die koöperatiewe idee tydens die vroeëre sosiale denke 398
2.2 Koöperatiewe teorieë in die Sosiologie 400

2.2.1 Die tydperk voor die ontstaan van die Sosiologie 400
2.2.2 Koöperatiewe teorieë vanaf Auguste Comte 401

2.2.2.1 Auguste Comte (1798-1857) 401
2.2.2.2 Peter Kropotkin (1842-1921) 402
2.2.2.3 Gustav Ratzenhofer (1842-1904) 405
2.2.2.4 Albion W. Small (1854-1926) 405
2.2.2.5 Leonard T. Hobhouse (1864-1929) 406
2.2.2.6 Charles H. Cooley (1864-1929) 408
2.2.2.7 Robert E. Park (1864-1944) 408

3. Die behavioristiese fase van die konsensusbenadering met spesifieke verwysing na enkele eksponente van die handelingsvertakking se bydraes in hierdie verband 410

3.1 Inleiding en agtergrond 410
3.2 Max Weber (1864-1920) 412
3.3 Robert M. MacIver (1882-) 416

3.3.1 Die polities-sosiologies relevante bydrae van MacIver 418

3.4 Talcott Parsons (1902-) 420

4. Die funksionalistiese "fase" van die konsensusbenadering met spesifieke verwysing na die sisteemmodel as vertakking van die funksionalisme 427

4.1 Die funksionalistiese "fase" in die ontwikkeling van die konsensusbenadering 427

4.1.1 Robert K. Merton (1910-) 431

4.2 Die sisteemmodel as kulmineringspunt van die funksionalisme 435

5. Samevatting en evaluering 454

HOOFSTUK IX

Slotbeskouing 458

1. Enkele bevindinge rakende die eerste doelstelling 458

2. Enkele bevindinge rakende die tweede doelstelling 462

3. Enkele bevindinge rakende die derde doelstelling 465

4. Enkele opmerkings rakende die vierde doelstelling 482

LYS VAN GERAADPLEEGDE BRONNE 484

HOOFSTUK I

Inleiding

1. Prinsipiële verantwoording

Hierdie studie beoog 'n ondersoek na sowel die bydraes van enkele voorlopers en grondleggers van die Politieke Sosiologie as die sosiologiese modelle en teorieë wat die ontstaan[1] en ontwikkeling daarvan rigtinggewend beïnvloed het.

In hierdie verband is dit belangrik om daarop te wys dat hier nie 'n beredenering gegee word van die rasionaal vir die bestaan van die Politieke Sosiologie nie. As uitgangspunt word die bestaan van die Politieke Sosiologie, reg of verkeerd, as 'n gegewe aanvaar. Indien daar gesoek word na die regverdiging vir die bestaan van die Politieke Sosiologie kan dit by implikasie teruggevind word in die verdere eksposisie van die onderhawige tema sowel as, deels, in die bronne wat vermeld word oor die Politieke Sosiologie.

Voorts is dit eweneens belangrik om daarop te wys dat in die onderhawige studie nie enkel en alleen van òf polities-filosofiese-, òf sosiaal-historiese-, òf sosiologiese-, òf staatsleerbronne gebruik gemaak is nie, maar dat daar wel 'n arbitrêre keuse van bronne uit hierdie rigtings gemaak is. Deurentyd is die gesigshoek waaruit hierdie studie benader word sosiologies van aard, met ander woorde, eventueel word gekonsentreer op die bydraes van sosioloë wat oorwegend beïnvloedend ingewerk het op die ontstaan en ontwikkeling van die Politieke Sosiologie. Eweneens word in 'n groot mate gekonsentreer op bronne wat hoofsaaklik tot die terrein van die Sosiologie gereken word. Dit sal egter uit die verdere uiteensetting blyk dat ook bronne en bydraes van eksponente uit die Staatsleer geredelik die aandag geniet het.

Die polities-sosiale en polities-sosiologiese fasette word, derhalwe, in hierdie studie beklemtoon. Voorts dien hier gemeld te word dat hierdie studie 'n tydsgewrig oorspan waaruit selektief op arbitrêre wyse die polities-sosiale, of ten minste polities-sosiaal relevante fasette beklemtoon sal word vanaf die vroegste tye tot en met Parsons se teoretiese bydrae. Parsons se bydraes in die verband

---

1) Waar hierdie begrip voortaan gebruik word, word hiermee bedoel ontstaan en ontwikkeling.

het politieke sosioloë georiënteer tot 'n sistematiese studie van die basis of grondslae van sosiale orde, wettigheid ("legitimacy") en konsensus.[1)]

Vir hierdie klemverskuiwing in die Politieke Sosiologie moet veral Seymour Martin Lipset volle krediet kry. Lipset stel byvoorbeeld: "The basic issue of much of contemporary sociological analysis is the problem of order .... If the stability of society is a central issue for sociology as a whole, the stability of a specific institutional structure or political regime - the 'social' conditions of democracy - is the prime concern of political sociology."[2)] Oor hierdie gedagte volg later 'n verdere uiteensetting. Dit is egter genoeg om hier te stel dat Parsons se bydraes, om bogenoemde redes as "eindgrens" van die studie gestel word.

1.1 Wat is Sosiologie?

Die eerste vraag wat gevolglik logies opduik, is: Wat is die Sosiologie? Word die definisies van onder andere Theodorson en Theodorson,[3)] Fairchild,[4)] Horton en Hunt,[5)] Landis,[6)] Fichter[7)] en Gillen en Gillen[8)] om maar enkeles te noem, in oënskou geneem, blyk dit dat die eksponente van die Sosiologie primêr te doen het met die wetenskaplike bestudering van die mens in interaksie met ander mense, met individue en groepe onderling, die bepaalde maatskaplike bestel wat sodanig realiseer en die handhawing en/of die verandering van die maatskaplike bestel of sy konstituerende elemente.

1.2 Wat is Politieke Sosiologie?

'n Omskrywing van die begrip Politieke Sosiologie is aansienlik meer problematies. Nie dat hiermee gesuggereer word dat daar absolute eenstemmigheid onder sosioloë bestaan oor die aanvaarding van 'n universeel-geldende definisie van die Sosiologie nie -

---

1) Coser, L.A. (redakteur), Political Sociology (1967), p. 7.
2) Merton, R.K., Broom, L., Cottrell, L.S., Sociology Today, Problems and Prospects, pp. 91-92. (Dit dien hier gemeld te word dat subtitels van bronne voortaan nie in die voetnotas van die teks voorsien sal word nie, maar slegs in die lys van geraadpleegde bronne.)
3) Theodorson, G.A., Theodorson, A.G., A Modern Dictionary of Sociology, p. 401.
4) Fairchild, H.P. (redakteur), Dictionary of Sociology, p. 302.
5) Horton, P.B., Hunt, C.L., Sociology, p. 23.
6) Landis, P.H., Introductory Sociology, p. viii.
7) Fichter, J.H., Sociology, p. 1.
8) Gillen, J.H., Gillen, J.P., Introduction to Sociology, p. 3.

trouens, die bestaan van 'n veelvoud van definisies, elk met 'n eie beklemtoning van 'n bepaalde aspek of fyner nuanseverskuiwings onderling, dui juis daarop dat daar nie so 'n universeel-aanvaarde definisie bestaan nie. Nogtans is daar tog 'n groot mate van konsensus onder sosioloë oor wat die studieterrein van die Sosiologie oor die algemeen behels.

Onder diegene wat hulle egter op die terrein van die Politieke Sosiologie begeef, is daar 'n veel groter mate van "versigtigheid" te bespeur wanneer dit kom by 'n omskrywing van die begrip Politieke Sosiologie, sowel as by 'n afbakening van die terrein wat die Politieke Sosiologie as studie-objek het. Alvorens daartoe oorgegaan word om enkele omskrywings van die begrip Politieke Sosiologie weer te gee, word die begrip, per sé, eers ontleed. Die eerste logiese vraag wat ontstaan wanneer die begrip Politieke Sosiologie onder die vergrootglas geplaas word, is wat is politiek?

1.2.1 Wat is politiek?

Vanuit die Staatsleer-perspektief kan saaklik op die volgende gewys word. Dahl[1] in sy beredenering oor die aard van die politieke aspek wys daarop dat Aristoteles in sy werk The Politics poog om die outoriteit van die politieke assosiasie te onderskei van ander vorme van gesag, byvoorbeeld onder andere die gesag van die heer oor sy slaaf en die man oor die vrou. Gesag is dus in Aristoteles se werk 'n sentrale tema. Gesag of heerskappy is dus vir hom een aspek van politieke assosiasie. Vir hom is politieke assosiasie die mees soewereine en inklusiewe van alle assosiasies.[2]

Sedert Aristoteles het enkele betekenisvolle wysiginge met betrekking tot die betekenis van die begrip ingetree. So verklaar Bluhm byvoorbeeld: "Reduced to its universal elements, then, politics is a social process characterized by activity involving rivalry and cooperation in the exercise of power, and culminating in the making of decisions for a group."[3] Duverger wys daarop

---

1) Dahl, R.A., Modern Political Analysis, p. 4.
2) Vergelyk: (i) Aristoteles, The Politics, p. 25.
(ii) Dahl, R.A., Op. cit., p. 4.
3) Bluhm, W.T., Theories of the Political System, p. 10.

dat die woord "politiek" ("political") baie oud is en dat dit oor tyd heen en vanweë gebruik vaag en algemeen geword het; ook dat daar konflikterende betekenisse hieraan gekoppel word.[1)]

Vanuit sosiologiese perspektief beskou, kan daarop gewys word dat Max Weber met betrekking tot 'n politieke assosiasie die volgende gestel het: "... in so far as the enforcement of its order is carried out continually within a given 'territorial' area by the application and threat of physical force on the part of the administrative staff".[2)] Net soos Aristoteles spesifiseer Weber dus dat 'n gesagsverhouding of heerskappy een van die belangrike eienskappe van 'n politieke assosiasie is.[3)]

In die Sosiologie word die begrip politiek dan ook na alle waarskynlikheid na analogie van Weber grootliks gekoppel aan dwang.[4)]

In polities-sosiologiese verband definieer Niezing politiek soos volg: "Politiek, zo zouden we hier willen formuleren, is het geheel van strevingen van individuen en groepen, om, in overeenstemming met hun doeleinden, middels beperking van de gedragsalternatieven van andere individuen en groepen, die besluitvorming binnen een integraal gezagssysteem (locaal, regionaal, nationaal, buitelands, internationaal) in overeenstemming met deze doeleinden te brengen."[5)] Braungart wys in die verband onder andere daarop dat: "Politics is understood here as the generalized process by which the struggle over power in society is resolved ... politics is ... a forum or arena where competition over material and ideals can be addressed and negotiated. Politics, like the dynamics surrounding power, is a universal social process which occurs at all times and places."[7)]

In die verband kan dus gestel word dat politiek minstens by implikasie relevant is tot heerskappy, gesag en mag.

---

1) Vergelyk: Duverger, M., The Study of Politics, pp. 11-12. (Vergelyk ook: p. 12 e.v.)
2) Weber, Max, The Theory of Social and Economic Organization (1966), p. 154.
3) Dahl, R.A., Op. cit., p. 154.
4) Vergelyk: Cilliers, S.P., Joubert, D.D., Sosiologie, 'n Sistematiese Inleiding, p. 251.
5) Niezing, J., Inleiding tot de Politieke Sociologie, p. 21. (Die toevoeging, soos hier in hakies weergegee, is deur Niezing in 'n voetnota aangegee.)
6) Braungart, R.G. (redakteur), Society and Politics, Readings in Political Sociology, p. 3.

Dat sinvolle kritiek, afhangende van die kritikus se benaderingstandpunt, op enige van bogenoemde omskrywings gelewer sou kon word, kan aksiomaties aanvaar word. Die feit bly dat ons met hierdie omskrywings 'n breë of algemene begrip het van wat met "politiek" bedoel word.

Dit kan hier gemeld word dat in Europa, en veral in Holland ook gepraat word van "politika" of "politikologie" wat die probleem van omskrywing van die begrip "politiek", sowel as die terreinafbakening van die Politieke Sosiologie nog verder kan bemoeilik.

Dat 'n waterdigte en absolute omskrywing en afbakening van wat met "politiek" bedoel word moontlik is, val dus sterk te betwyfel. Laasgenoemde dilemma spruit na ons mening voort uit die enersyds ingewikkelde historiese konteks waaruit die begrip geërf is en andersyds uit die multi-dissiplinêre benadering tot die studie van polities-relevante aspekte of terreine.[1)]

1.2.2 'n Voorlopige omskrywing van Politieke Sosiologie

Ten spyte van die feit dat ons nou minstens oor veralgemeende begrippe beskik van wat "Sosiologie" en "politiek" onderskeidelik is, is hierdie omskrywings nog steeds inhoudelik te fragmentaries om tot 'n besluit te kom oor wat Politieke Sosiologie per definisie is, asook wat 'n moontlike toepasbare studieterrein sou wees. Nietemin kan, voorlopig minstens, as vertrekpunt dan die volgende omskrywing geneem word, aangesien enkele hoofmomente in die voorafgaande bespreking hierby aansluit. "Political sociology is that branch of sociology which is concerned with the social causes and consequences of given power distributions within or between societies, and with the social and political conflicts that lead to changes in the allocation of power."[2)]

Aangesien daar 'n aansienlike "gaping" is tussen die laasgenoemde voorlopige omskrywing van Politieke Sosiologie en die voorafgaande

---

1) Vergelyk in die verband: Politieke Antropologie, Politieke Ekonomie, Staatsleer, Politieke Filosofie, Politieke Sosiologie en Interstaatlike Studies om maar enkeles te noem.

2) Coser, L.A. (redakteur), Op. cit. (1967), p. 1.

uiteensettings van wat sosiologie en politiek is, gee ons enkele verdere gedagtes ter toeligting.

1.3 Enkele gedagtes oor die "ontstaan" van die Politieke Sosiologie

Die ontstaan van die Sosiologie word algemeen deur vele sosioloë teruggevoer tot Auguste Comte[1] (1798-1857) se bydrae, hoewel daar diegene is wat die ontstaan van die Sosiologie verder terug in die geskiedenis van sosiale denke gesoek het.[2] Na ons mening is eersgenoemde aanname op onder andere die volgende gronde te regverdig: Die naamgewing in 1839 deur Comte[3] aan hierdie wetenskap; die feit dat hy sekere fasette van die studieterrein van dié wetenskap aangestip en die verwantskap tussen hierdie wetenskap en andere aangetoon het;[4] hy gepoog het om 'n toepaslike metode vir die Sosiologie daar te stel;[5] hy 'n rudimentêre vorm van teoretiese onderbou aan die wetenskap voorsien[6] het wat, hoewel fragmentaries van aard, tog betekenisvol was en waarvoor hy hedendaags nog erkenning kry.[7]

Gurvitch voeg egter tot die hierbogenoemde bydraes ook nog die volgende toe: Comte het die onherleibare eie aard van die sosiale werklikheid uitgelig en dit in verband gestel met die opvatting van die sosiale as 'n werklike en konkrete geheel; hy het die

---

1) Vergelyk:
   (i) Coser, L.A., Masters of Sociological Thought (1971), p. 3 e.v.
   (ii) Abraham, J.H., Sociology (1966), pp. 16-19.
   (iii) Mitchell, G. Duncan, Sociology, The Study of Social Systems (1970), pp. 1-4.
   (iv) Bottomore, T.B., Sociology, A Guide to Problems and Literature (1972), p. 17.
   (v) Timasheff, N.S., Sociological Theory, Its Nature and Growth, pp. 21-22.
   (vi) Martindale, Don, The Nature and Types of Sociological Theory, p. 42.
   (vii) Roode, C.D., Inleiding tot die Sosiologie (1974), p. 18.
   (viii) Cilliers, S.P., Joubert, D.D., Op. cit., pp. 4-5.
2) Vergelyk:
   (i) Abraham, J.H., Op. cit. (1966), pp. 1-16.
   (ii) Abraham, J.H., Origins and Growth of Sociology (1973), pp. 21-83.
3) Vergelyk: Abraham, J.H., Op. cit. (1966), p. 16.
4) Vergelyk: Timasheff, N.S., Op. cit., pp. 20-22.
5) Ellwood, C.A., A History of Social Philosophy, pp. 369-377.
6) Vergelyk byvoorbeeld Comte se bydrae tot sosiale ontwikkeling waarin hy drie fases onderskei, te wete die teologiese, metafisiese en positiewe fases. Kyk: Chambliss, R. Social Thought from Hammurabi to Comte, p. 418.
7) Vergelyk: Giner, Salvador, Sociology, p. 10 en p. 268.

sosiale individualisme en nominalisme effektief gekritiseer en hy het die spesifieke objek van die Sosiologie geïdentifiseer.[1)]

In die lig van bogenoemde aanname dat die Sosiologie inderdaad, met reg, teruggevoer kan word tot veral Comte, en spesifiek in die verband sy naamgewing aan die wetenskap in 1839, dan spreek dit vanself dat die Politieke Sosiologie as 'n "vertakking" van die Sosiologie (soos Coser dit stel) tog immers nie voor daardie datum as 'n volwaardige subdissipline kon ontstaan het nie.

Soos later spesifiek aangetoon sal word, val dit ons ten taak om in hierdie studie die bydraes van enkele moontlike voorlopers en moontlike grondleggers te ondersoek, sowel as 'n ondersoek na enkele modelle en/of teorieë wat 'n rol kon gespeel het in die ontstaan van die Politieke Sosiologie. Gevolglik moet hier volstaan word met enkele voorlopige opmerkings.

Uit bogenoemde uiteensetting blyk dit dat een faset veral verdere toeligting verdien, naamlik die vraag na die ontstaan van die Politieke Sosiologie. Daar is reeds gestel dat die Politieke Sosiologie nie kon ontstaan het voor die Sosiologie nie. Nietemin is dit opvallend dat verskeie eksponente van die Politieke Sosiologie die name noem van De Tocqueville, Marx, Weber en Michels en dan indirek hul bydraes terugvoer tot die ontstaan van die Politieke Sosiologie.

Runciman wys byvoorbeeld daarop dat Marx krediet moet kry vir sy onderskeiding tussen staat en samelewing en dat hierdie onderskeiding fundamenteel belangrik is aangesien dit vir hom die onderskeiding tussen Sosiologie en politiek bemoontlik het. Hy vervolg: "... he is aware both of the difference between them and of the separate difference between a sociological and a metaphysical discussion of politics".[2)] Pizzorno interpreteer hierdie stellingname van Runciman as sou laasgenoemde hiermee die "geboorte" van Politieke Sosiologie impliseer.[3)]

---

1) Gurvitch, G., Handboek van de Sociologie, Volume I, pp. 75-76.
2) Runciman, W.G., Social Science and Political Theory (1971), p. 33. (Vergelyk ook: pp. 31-33).
3) Pizzorno, A. (redakteur), Political Sociology, p. 7.

Nordlinger vat die bydraes van onder andere Marx, De Tocqueville en Weber soos volg saam: "... all dealt with such overarching and profound problems as the relationship between culture and institutions, between social stratification and the distribution and exercise of power, and between the social structure and the emergence and regulation of political conflicts."[1] Veral Marx en Weber se bydraes in verband met die ontstaan van die Politieke Sosiologie word sterk deur hom beklemtoon. Horowitz voer die ontstaan van die Politieke Sosiologie terug tot die agtiende eeu en dan onder andere tot Rousseau se bydrae.[2]

Lipset erken die bydraes van Aristoteles, Plato, Locke, Hobbes, Hegel, Montesquieu en andere en vervolg dan: "The study of politics, however, long remained a general field which dealt with all aspects of human behavior. The polity inherently holds policy jurisdiction over everything man does. Therefore, students of politics tried for a long time to continue in the tradition of the ancient philosophers. Their concern was not the creation of empirically verifiable propositions derived from a theoretical system, limited to the variables appropriate to the discipline, but rather the explanation of political actions, using whatever knowledge and insights were available from all fields of human knowledge."[3] Aldus beklemtoon Lipset ook Marx, De Tocqueville, Weber en Michels se bydraes.[4] Op dieselfde wyse kan ander eksponente se menings in die verband verhaal word, sonder dat tot 'n besliste gevolgtrekking geraak kan word oor die ontstaan van die Politieke Sosiologie aangesien daar in die bestaande literatuur oor hierdie aspek geen eenstemmigheid is nie.

Die probleem word verder vererger indien daar teruggegaan word in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Politieke Sosiologie self. House het byvoorbeeld in 1929 alreeds gepraat van sosiale politiek ("social politics") en aan enkele relevante probleme aandag gegee.[5]

---

1) Nordlinger, E.A. (redakteur), Politics and Society, p. 5.
2) Horowitz, I.L., Foundations of Political Sociology, p. 4.
3) Lipset, S.M., "Politics and the Social Sciences: Introduction" in Lipset, S.M. (redakteur), Politics and the Social Sciences (1969), pp. ix-x.
4) Lipset, S.M., Political Man (1973), pp. 24-30.
5) Vergelyk: House, F.N., The Range of Social Theory (1929), p. 504 e.v. (Vergelyk ook: pp. 389-541).

In 1941 praat Bogardus van die nasionale groep en bedoel daarmee die politieke gemeenskap.[1] Beide Gusfield[2] en Bernard[3] is van mening dat die Politieke Sosiologie, spesifiek in Amerika, reeds na die Eerste Wêreldoorlog pertinent aan die ontwikkel was.

Etlike skrywers merk egter op dat die Politieke Sosiologie een van die nuwere vertakkings van die Sosiologie is wat na die Tweede Wêreldoorlog veral in Amerika 'n buitengewoon vrugbare ontwikkeling beleef het.[4] Daar word gevolglik nie verder ingegaan op die vraag na die presiese ontstaan van die Politieke Sosiologie nie en daar word aangeneem dat die Politieke Sosiologie nie soos die Sosiologie in Comte 'n redelike algemeen-aanvaarde historiese verwysingspunt het waarheen sy ontstaan teruggevoer kan word nie, maar veel eerder 'n aantal historiese verwysingspunte het - elk wat 'n eie invloed op die ontwikkeling van die Politieke Sosiologie laat geld het. Daar word dus aanvaar dat die Politieke Sosiologie 'n lang ontwikkelingsgeskiedenis openbaar - ook onder Duits-Europese wetenskaplikes - maar dat dié vertakking van die Sosiologie veral na die Tweede Wêreldoorlog in Amerika en in 'n sekere sin op die Europese vasteland vrugbare ontwikkeling sou ondergaan.

Dit was dan ook in die afgelope paar dekades dat die literatuur in die Politieke Sosiologie ook aansienlik uitgebrei het. Dit is uit enkele bronne uit dié tyd dat enkele omskrywings van die Politieke Sosiologie vervolgens verhaal word, sowel as om 'n saaklike terreinafbakening van laasgenoemde hier te rekonstrueer.

1.4 Politieke Sosiologie per definisie

Nordlinger omskryf Politieke Sosiologie soos volg: "Political

---

1) Bogardus, E.S., Sociology (1941), p. 202 e.v.
2) Gusfield, J.R., "The Sociology of Politics" in Gittler, J.B. (redakteur), Review of Sociology, pp. 520-521.
3) Bernard, L.L., "Political Sociology" in Harriman, P.L., Roucek, J.S., De Huszar, G.B. (redakteurs), Contemporary Social Science, Volume I, pp. 210-211.
4) Vergelyk:
   (i) Lipset, S.M., "Political Sociology" in Smelser, Neil J. (redakteur), Sociology: An Introduction (1967), p. 438 e.v.
   (ii) Lipset, S.M., "Political Sociology" in Merton, R.K., Broom, L., Cottrell, L.S. (redakteurs), Op. cit., p. 92 e.v.
   (iii) Rush, M., Althoff, P., An Introduction to Political Sociology, p. 8 e.v.
   (iv) Strauss, Johann, Sosio-Politieke Ontwikkeling in die Transkei gesien binne die verband van die Reëling van die Blank-Bantoebetrekkinge in Suid-Afrika - 'n Politiek Sosiologiese Studie, Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1969, p. 65 e.v.

sociology may then be characterized as a field of study that analyzes the interrelationships of political and societal phenomena."[1] Rush en Althoff verklaar: "... 'political sociology' ... (is) ... the examination of the links between politics and society, between social structures and political structures, and between social behaviour and political behaviour."[2] Hier dien vermeld te word dat laasgenoemde twee skrywers ongelukkig nie "politieke gedrag" en "sosiale gedrag" gekwalifiseer het nie, sodat die vraag ontstaan of daar 'n wesentlike verskil tussen die twee vorme van gedrag is en of politieke gedrag nie maar bloot 'n vorm van sosiale gedrag is nie?

Dowse en Hughes verklaar: "Political sociology is therefore the study of political behaviour within a sociological perspective or framework."[3] Belangrik in hierdie geval is dat hulle egter die elemente van die sosiologiese raamwerk tipeer, te wete rol, norm, waarde, sosiale struktuur, allokasie, die transmissie hiervan van geslag tot geslag en die organisasie-konsep. Hierby logies inbegrepe is ook politieke aspekte soos mag, gesag, reëls, groepe en organisasies as belangrikste fokuspunte.

Janowitz, soos aangehaal deur Effrat, verklaar: "broadly conceived, political sociology is concerned with the social basis of power in all institutional sectors of society ... with patterns of social stratification and their consequences in organized politics ... In narrower terms, political sociology focuses on the organizational analysis of political groups and political leadership ... the study of both formal and informal party organization, with its linkages to the governmental bureaucracy, the legal system, interest groups and the electorate at large."[4] Effrat verklaar: "Thus, one might conceive of political sociology as concerned with the causes, patterns, and consequences of the

---

1) Nordlinger, E.A. (redakteur), Op. cit., p. 2.
2) Rush, M., Althoff, P., Op. cit., p. 3 ("is" deur skrywer ingevoeg).
3) Dowse, R.E., Hughes, J.A., Political Sociology, p. 13.
4) Janowitz, M., "Political Sociology" in Sills, D.L. (redakteur), International Encyclopedia of the Social Sciences, pp. 298-307 in Effrat, A. (redakteur), Perspectives in Political Sociology, P. 5.

distribution and processes of power and authority in all social systems - ranging from small groups and families to educational, religious, etc., institutions as well as in regard to governmental or political institutions."[1)]

Theodorson en Theodorson wys daarop dat die Politieke Sosiologie 'n sosiologiese studie van die politieke institusie impliseer, en wel in laasgenoemde se verhouding tot ander sosiale institusies. Hierdie benadering impliseer ook 'n studie van sosiale bewegings en ideologieë.[2)]

Uit bogenoemde omskrywings is duidelike klemverskuiwings by die onderskeie skrywers waarneembaar ten opsigte van die Politieke Sosiologie. In die lig van onder andere bogenoemde omskrywings en ander uit die literatuur[3)] wil ons by wyse van 'n sintese Politieke Sosiologie soos volg omskryf: Politieke Sosiologie is daardie vertakking van die Sosiologie wat die verskynsels van mags- en gesagstrukture bestudeer, sowel as die relevante politiese sosiale gedrags- of interaksieprosesse wat sigself in en tussen hierdie strukture realiseer; in welke verband ons uitgaan van die veronderstelling dat politieke strukture en prosesse deel is van die samelewingstruktuur en -prosesse, dog ook 'n duidelik onderskeibare eie aard en wese vergestalt.

Na ons mening is hierdie omskrywing voldoende, enersyds om die verskillende fokuspunte van die hierbogenoemde omskrywings te omvat, en andersyds om ten minste as betekenisvolle vertrekpunt tot die onderhawige studie te dien. Wat hier beklemtoon word, is dat die politieke fenomeen (wat, soos aanvanklik gestel is, in direkte verband tot mag, gesag of heerskappy staan) in sy sosiologies-relevante perspektief bestudeer sal word. Met ander woorde, hoofsaaklik vanuit die gesigshoek van die Sosiologie, hoewel dit logies is dat 'n studie van die politiek nie die alleenreg van die beoefenaars van die Sosiologie is nie.

---

1) Effrat, A. (redakteur), Op. cit., p. 5.
2) Theodorson, G.A., Theodorson, A.G., Op. cit., p. 404.
3) Vergelyk ook:
   (i) Mitchell, G. Duncan, A Dictionary of Sociology (1968), p.133.
   (ii) Bernsdorf, W., Bülow, F., Wörterbuch der Soziologie, pp. 388-392.

Dit dien ook vermeld te word dat in terme van bogenoemde omskrywing eventueel ook gepraat sou kon word van die Sosiologie van die Politiek. Laasgenoemde begrip impliseer na ons mening egter bloot 'n sosiologiese besinning oor die polities-sosiale realiteit, terwyl Politieke Sosiologie hier heenwys na 'n subdissipline binnne die Sosiologie met 'n mindere of meerdere aanspraak op 'n eie terrein van studie soos dan ook by implikasie blyk uit ons voorafgaande omskrywing.

1.5 'n Saaklike terreinafbakening vir die Politieke Sosiologie

Dat daar uit die literatuur oor die Politieke Sosiologie aansienlike verfyning aangebring kan word in ons eie identifisering van die terrein van die Politieke Sosiologie spreek vanself. Effrat, byvoorbeeld, erken dat weinig nog tot dusver gedoen is met betrekking tot 'n sistematiese afbakening van die veld of terrein van die Politieke Sosiologie. Hyself wys egter daarop dat die terrein deur middel van 'n reeks oorvleuelende sirkels voorgestel kan word. Die kleinste eenheid of sirkel van ontleding is die individu of rol, gevolg deur primêre groepe, dan formele organisasies en eventueel institusies.[1)]

Braungart identifiseer die volgende studieterreine: Politieke ontwikkeling, politieke wetlikheid ("legitimacy"), burokrasie en die implementering van beleid, die impak en betekenis van stemgedrag, partypolitiek, openbare mening, sosiale bewegings en politieke deelname aan politieke beleid. Hy identifiseer ook nog enkele ander ontwikkelde terreine, byvoorbeeld 'n meer presiese definisie van mag, die verhouding tussen konsensus en konflik en politieke sosialisering.[2)]

Rush en Althoff meld politieke rekrutering en politieke kommunikasie as onder andere studieterreine van die Politieke Sosiologie.[3)] Bendix en Lipset meld die volgende as navorsingsterreine en toepaslike metodes: Stemgedrag op gemeenskaps- en nasionale vlak (navorsing met betrekking tot houdings), konsentrasie van ekonomiese mag en politieke besluitneming (dokumentêre bewyse en

---

1) Effrat, A. (redakteur), Op. cit., pp. 5-8.
2) Braungart, R.G. (redakteur), Op. cit., p. 17. (Vergelyk ook: pp. 39-40).
3) Rush, M., Althoff, P., Op. cit., pp. 13-15.

matematiese modelle), ideologieë van politieke bewegings en belangegroepe (dokumentêre bewyse en inhoudsanalise), politieke partye en vrywillige assosiasies, die probleem van oligargie en die psigologiese korrelasie van politieke gedrag (dokumentêre bewyse, houdingstudies en sielkundige toetsing), regering en die probleem van burokrasie (dokumentêre bewyse en houdingstudies).[1)]

Op soortgelyke wyse[2)] kan die terrein aansienlik uitgebrei word om enersyds aan te toon dat politieke sosioloë, reg of verkeerd, vir hulself 'n eie toepaslike terrein afgebaken het en andersyds om aan te toon dat ons definisie minstens by implikasie omvattend genoeg is om hierdie terreine te dek.

1.6 Die Politieke Sosiologie en Staatsleer

'n Volgende logiese vraag wat gevra kan word, is wat die verhouding van die Politieke Sosiologie tot die Staatsleer is, indien ons hier sou werk met so 'n algemene en omvattende omskrywing van die Politieke Sosiologie.

In die verband verdien enkele gedagtes van Coser vermelding. Coser beweer: "At the risk of over-simplification, one may say that political science has tended to concentrate on the visible part of the political iceberg whereas political sociology has paid greater attention to the submerged portions."[3)]

In die fyner detaillering[4)] van die verhouding van Politieke Sosiologie tot Staatsleer, beweer Coser dat die Politieke Wetenskap (vir ons doeleindes Staatsleer) in hoofsaak die aandag bepaal het by die regeringsmasjinerie en meganismes vir openbare administrasie, terwyl dit in die sosiologiese ontleding van politieke verskynsels gaan om die groter onderlinge verbondenheid tussen politieke en sosiale strukture, tussen politieke en sosiale prosesse.

---

1) Bendix, R., Lipset, S.M., "The Field of Political Sociology" in Coser, L.A. (redakteur), Op. cit. (1967), p. 10. (Vrye vertaling).
2) Vergelyk: Smelser, N.J., Davis, J.A. (redakteurs), Sociology, p. 85 e.v. (Vir 'n verdere uiteensetting van die terrein van en navorsingstendense in die Politieke Sosiologie, vergelyk ook: pp. 85-90).
3) Coser, L.A. (redakteur), Op. cit. (1967), p. 5.
4) Ibid., pp. 1-8 (Vryelik vertaal).

Staatsleer konsentreer voorts spesifiek op die politieke terrein, terwyl eksponente van die Politieke Sosiologie uitgaan van die standpunt dat, vir 'n volledige begrip van die politieke proses, dit nodig is om politiek in verband te stel met die totale sosiale struktuur, aangesien die groot variëteit van sosiale groepe, onder andere in die lewe van die individu, sy politieke oriëntasie mede gaan bepaal. Waar die aandag in Staatsleer gefokus is op die verhoging van die effektiwiteit van regeringsprosesse en politieke administrasie, gee politieke sosioloë aandag aan die probleme van onder andere burokrasie en demokratiese organisasies.

Die politieke sosioloog konsentreer nie alleen op politieke prosesse nie, en beskou byvoorbeeld politieke prosesse in plaaslike gemeenskappe nie uitsluitlik as die gevolg van formele politieke institusies nie, maar gaan uit van die standpunt dat nie-politieke, nie-amptelike, informele prosesse, byvoorbeeld sosiale en ekonomiese prosesse, 'n invloed kan uitoefen op die demokratiese proses.

Lipset verwoord die verskil of verhouding van dié dissiplines tot mekaar soos volg: "From the standpoint of sociology, it seems that the debate between the 'supporters' of the state and those of society is closed ... The old differences between the supporters of the state and those of society have survived in the differences between political science and sociology and within the two disciplines. In large measure, political science has matured as the 'state' discipline, the field concerned with the positive and manifest functions of political institutions. Political sociology, on the other hand, largely continuing its original emphasis, has been the 'radical' discipline, stressing social conflict and social change and focusing on latent functions, informal aspects, and, to a greater extent than political science, the dysfunctional aspects of politics."[1)]

Coser wys egter daarop dat, naas hierdie onderskeidings tussen die twee dissiplines, daar in resente tye, nadat die Politieke Sosiologie akademiese status verwerf het, 'n klemverskuiwing by laas-

---

1) Lipset, S.M., "Political Sociology" in Merton, R.K., Broom, L., Cottrell, L.S., Op. cit., pp. 82-83.

genoemde ingetree het.[1] Hy beweer: "Political sociology, ... though still concerned with dysfunctional aspects of the political process and with the sources of cleavages and conflict, has paid greater attention to the study of consensus and order. In addition, the pervasive intellectual influence of Talcott Parsons' overall theoretical orientation has led political sociology to make a systematic study of the basis of social order, legitimacy and consensus, and to shed many of its early critical attitudes. This has also led, it may be remarked in passing, to a rapprochment with political science."[2] Coser gee volle krediet aan Lipset vir hierdie klemverskuiwing.

Dit is vervolgens nodig om 'n enkele omskrywing van Staatsleer te gee. Hoe onbevredigend so 'n omskrywing ook al mag wees, dien dit ten minste as 'n vertrekpunt vir 'n vergelyking tussen 'n omskrywing van die Politieke Sosiologie en die Staatsleer. Zadrozny omskryf Staatsleer as: "... the study of all that is relevant to the exercise of power and authority, and the regulation of public affairs."[3]

Daar word in hierdie verband volstaan met enkele opmerkings van Strauss[4] oor die onderhawige saak. Hy wys daarop dat dit 'n moeilike taak is om grenslyne tussen die Politieke Sosiologie en die Staatsleer te probeer trek en dat oorvleuelings op die onderskeie studieterreine sedert die opkoms en ontwikkeling van die Politieke Sosiologie algemeen voorgekom het.

Daar bestaan na ons mening weinig twyfel dat die Politieke Sosiologie en die Staatsleer wedersyds bevrugtend en stimulerend op mekaar kan inwerk. In terme van ons omskrywing van wat die Politieke Sosiologie is, word daar dus nie op die terrein van die Staatsleer beweeg nie, alhoewel oorvleueling op sekere punte logies geïdentifiseer sou kon word. Dit is as sulks na ons mening eerder 'n stimulus tot groter begrip en insig in die aard en wese van die

---

1) Vir ons doeleindes is hierdie klemverskuiwing fundamenteel belangrik (vergelyk Hoofstuk 1, subhoof 1, pp. 1-2).
2) Coser, L.A. (redakteur), Op. cit. (1967), p. 7.
3) Zadrozny, John T., Dictionary of Social Science, p. 256.
4) Strauss, Johann, Op. cit. (1969), p. 44 e.v.

polities-sosiale realiteit as rede tot 'n "kruistog" oor wie op wie se terrein oortree.

Vervolgens gaan ons oor tot enkele verdere begripsomskrywings relevant tot die onderhawige studie.

2. Enkele begripsomskrywings

2.1 Verwysingsraamwerk

Fairchild omskryf 'n verwysingsraamwerk soos volg: "A universe of discourse ...; a connected set of 'facts' and 'axioms' in reference to which members of a group do their thinking, their defining of situations, their conceiving of personal and group roles in such situations, and their communicating of such thoughts and attitudes."[1] Gould en Kolb wys daarop dat verwysingsraamwerk as 'n tegniese term in die metodologie gebruik word waarmee 'n stel basiese aannames bedoel word wat nodig is om die studiemateriaal van 'n wetenskap of teorie af te baken en te bepaal. Hulle konkludeer: "In methodology, then, frame of reference means a set of basic assumptions necessary to determine the subject matter to be studied and the orientation toward such study."[2]

In die lig van bogenoemde omskrywings kan gestel word dat die begrip verwysingsraamwerk vir ons doeleindes heenwys na 'n stel basiese aannames met betrekking tot 'n bepaalde objek van studie waardeur nie alleen die terrein van studie afgebaken word nie, maar ook die fundamentele benadering van studie daartoe.

2.2 Model

Theodorson en Theodorson omskryf 'n model as: "A pattern of relationships, either conceptual or mathematical, which is found in some way to imitate, duplicate, or analogously illustrate a pattern of relationships in one's observations of the world, such as patterns in social behavior or social structure. The world of perceived reality is a product of the organization of perceptions

---

1) Fairchild, H.P. (redakteur), Op. cit., p. 123.
2) Gould, J., Kolb, W.L. (redakteurs), A Dictionary of the Social Sciences, p. 275.

according to some previously learned pattern."[1] Hulle wys daarop dat die wetenskaplike die "feite" van die samelewing probeer orden deur die evolusionêre model, die organiese model, die kousale model en deur ander modelle te gebruik. Modelle kan simplisties of hoogs kompleks van aard wees.

Aangesien die realiteit wat waargeneem kan word nie in sy totaliteit waarneembaar is nie, is 'n model dus slegs 'n refleksie van 'n beperkte deel van daardie realiteit. Slegs geselekteerde aspekte van die werklikheid word dus weergegee. Hulle konkludeer: "No single model or combination of models reveals the truth of the structure of reality from a particular perspective. The value of a model is determined by its usefulness for guiding study. Models are tentative and limited, yet they are the building blocks of theory, interpretation, empirical discoveries, prediction, and general scientific progress."[2]

Gellner is van mening dat 'n model een van 'n reeks sake impliseer wat op 'n kontinuum aangebring kan word. Eerstens, sê hy, kan dit 'n werklik fisiese model aandui; met ander woorde 'n ontwerp waarvan die dele, hul verhoudings en hul werking paslik analoog is aan 'n ander sisteem. In die waarneming van die ontwerp en deur veranderinge hierin aan te bring en deur te let op die gevolge van die veranderinge, kan afleidings gemaak word omtrent die sisteem waarvan die ontwerp 'n "model" is. Tweedens kan dit dui bloot op 'n konseptuele model; met ander woorde die woordelikse spesifisering van 'n ontwerp soos onder een hierbo genoem sonder om dit uit te bou. Derdens kan dit dui op die spesifisering van 'n sisteem in woorde wat eenvoudiger is in verskeie opsigte as 'n ander sisteem waarvan dit 'n model is; eenvoudiger, maar nie noodwendig anders nie en eenvoudiger daarin dat daar byvoorbeeld minder veranderlikes is en dat die waarde daarvan presies bekend is. 'n Model in die sin is bloot die indikasie of aanduiding van 'n eenvoudiger en meer akkuraat bepaalbare toedrag van sake met die doel om afleidings te bevorder van verdere konsekwensies wat dan weer hertoegepas kan word op die meer komplekse ontwykende ware sisteem.

---

1) Theodorson, G.A., Theodorson, A.G., Op. cit., p. 261.
2) Ibid., p. 261 (Deels vryelik vertaal).

Deur 'n sisteem te beskryf aan die hand van duidelike postulate wat die eienskappe van die model spesifiseer en dus ook aanleiding gee tot die model word dit moontlik om verdere konsekwensies af te lei van die postulate en omtrent die model deur middel van deduksie. Vierdens wys hy daarop dat daar 'n geneigdheid bestaan om enige teorie 'n model te noem in soverre enige teorie oor eienskappe van 'n model beskik soos in die derde geval hierbo genoem. Vyfdens toon hy aan dat die aanname bestaan dat enige proposisie, teoreties al dan nie, 'n model verteenwoordig.

Die eerste drie sake hierbo genoem is vir hom tipes teoretiese modelle.[1)]

In meer algemene terme stel Chambliss die volgende oor 'n model: "A model, then, is a very general set of ideas and concepts - a point of view - that the scientist uses to select his problems, organize his thoughts, and pursue his inquiries."[2)] Hy wys ook daarop dat 'n model nie verkeerd bewys kan word nie.

Smelser omskryf 'n model eweneens op simplistiese wyse, maar stel twee kriteria aan die hand waarvan bepaal kan word of 'n model goed is al dan nie. Hy stel: "A model, defined simply, is a construction of concepts, on the basis of which we make conditional predictions about what we expect to happen in the real world ... A model, ... consists of a network of statements organized so that we expect certain phenomena to occur empirically under specified conditions."[3)] Voorts word die waarde van 'n model vir hom bepaal deur, eerstens, die logiese konstantheid van die konseptuele struktuur van die model. Met ander woorde is die konsepte duidelik, is hulle verhouding tot mekaar eksplisiet aangetoon en is hierdie verhoudings logies konstant. Tweedens, die empiriese geldigheid daarvan wat betrekking het op die vraag of die feite van die realiteit ooreenstem met die hipotetiese eindresultaat soos voorspel deur die model, en ook of die model gemodifiseer kan word indien dit nie die geval is nie.[4)]

---

1) Gellner, E.A., "Model (Theoretical Model)" in Gould, J., Kolb, W.L. (redakteurs), Op. cit., p. 275 (Deels vryelik vertaal).
2) Chambliss, W.J. (redakteur), Sociological Readings in the Conflict Perspective, p. 2.
3) Smelser, Neil J., Sociological Theory, A Contemporary View (1971), p. 3.
4) Ibid., p. 3.

Hoewel die perspektief oor die onderhawige tema aansienlik uitgebrei kan word aan die hand van ander bydraes tot die onderhawige tema, volstaan ons vir ons doeleindes met die volgende aanname van Smelser, naamlik dat 'n model die resultaat van 'n aantal hipoteses gekombineer in 'n georganiseerde sisteem is.[1] Hieraan voeg ons egter by wyse van sintese onder andere die kwalifikasies van logiese konsekwentheid en empiriese geldigheid toe, sowel as die feit dat 'n model slegs 'n gedeelte van die realiteit kan rekonstrueer, altyd vanuit 'n bepaalde perspektief daardie realiteit poog te orden en derhalwe inherent tentatief is.

2.3 Teorie

Soos in die geval van die bogemelde konsep model, bestaan daar ook oor teorie verskeie, dikwels kontrasterende standpunte, menings en interpretasies. Eerder as om selfs 'n saaklike uiteensetting hiervań en van die volle perspektief van teorie, en sosiologiese teorie by name, te probeer gee - wat in elk geval nie in die konteks van hierdie studie moontlik sou wees nie - volstaan ons met enkele algemeen-toeligtende gedagtes oor teorie, sowel as 'n omskrywing van teorie wat vir die doeleindes van hierdie studie voldoende sou wees.

Inleidend kan opgemerk word dat dit uit die literatuur oor teorie en sosiologiese teorie duidelik blyk dat die konsep soos 'n blanko tjek is waarvan die potensiële waarde afhang van die gebruiker en die gebruik daarvan.[2]

Vir 'n simplistiese verifikasie van hierdie stelling kan Rex se siening van teoriekonstruering hier verhaal word. Hy wys daarop dat al wat die sosioloog waarneem met betrekking tot sosiale verhoudings die waarneembare gedrag van individue is en nie die verhoudings as sodanig nie. Die sosioloog se probleem is dus dieselfde as dié van 'n man wat op 'n groep mense afkom wat 'n spel speel. Hy neem die verskillende individue waar en hulle reaksies ten opsigte van mekaar. Na waarneming van 'n geruime tyd, kan die waarnemer konkludeer dat hy dink dat die reëls van die spel van hierdie of

---

1) Smelser, N.J., Essays in Sociological Explanation (1968), p. 5.
2) Vergelyk: Cohen, P.S., Modern Social Theory, p. 1.

daardie aard is. Sodra die reëls egter behoorlik begryp word, sal die spesifieke optrede van elke speler logies daarmee te rym wees.[1)]

Rex wys daarop dat hierdie siening uiteraard 'n oorvereenvoudiging is. In werklikheid verander van die spelers onder andere van die reëls sodat verskillende spelle tegelykertyd gespeel word. Andere verbreek die reëls en kul in die proses. Verder word talle spelle binne een spel gespeel in die samelewing. Gevolglik moet die basiese reëls van die spel eers uitkristalliseer of geken word en daarna kan die alternatiewe reëls en kullery geïdentifiseer word.

Hierdie gedagterigting sluit fundamenteel aan by Giner se aanname dat Sosiologie onder andere 'n teoretiese dissipline is wat impliseer dat sowel intuïtiewe en impressionistiese spekulasie oor die samelewing as die aanbieding van 'n los massa feite vermy word. Daarom moet teorie(ë) gekonstrueer word wat moet voldoen aan 'n sekere mate van logiese konsekwentheid met betrekking tot die interverbandhoudende stellings en wat logies geïntegreer is; voorts moet die stellings 'n minimum van empiriese verifieerbaarheid openbaar.[2)]

Smelser toon aan dat die studie van sosiologiese teorie in twee vertakkings onderverdeel kan word. Enersyds, die geskiedenis van sosiologiese denke en andersyds, sistematiese sosiologiese teorie. Eersgenoemde omvat 'n kritiese studie van die idees uit historiese skole soos geponeer deur die belangrikste eksponente daarvan, asook hoe hierdie denkers en skole mekaar en die moderne intellektuele sosiologiese denke beïnvloed het. Sistematiese teorie weer, omvat 'n studie van die bydraes van moderne denkers, die logika van teorie-konstruksie en poog om die betekenis van formele konsepte soos onder andere model en teorie te peil, asook 'n studie van "verbale en matematiese wyses van teoretisering".[3)]

Rose omskryf 'n sosiologiese teorie as: "... a statement, using abstract language, which seeks to explain a range - however broad

---

1) Rex, John, Discovering Sociology (1973), pp. 29-30.
2) Giner, Salvador, Op. cit., p. 26.
3) Smelser, N.J., Op. cit. (1971), p. 1 (vrye vertaling).

or limited - of phenomena defined as social ..."[1] Ook hy onderskei tussen die geskiedenis van sosiologiese denke en sistematiese teorie.

Theodorson en Theodorson beskryf teorie as: "A set of interrelated principles and definitions that serves conceptually to organize selected aspects of the empirical world in a systematic way. A theory includes a basic set of assumptions and axioms as the foundation, and the body of the theory composed of logically interrelated, empirically verifiable propositions."[2]

Fairchild weer omskryf die begrip as: "Any generalization concerning social phenomena that is sufficiently established scientifically to serve as a reliable basis for sociological interpretations."[3]

Op soortgelyke wyse kan verdere perspektiewe oor teorie hier verhaal word,[4] elk met 'n eie implisiete nuanseverskuiwing ten spyte van 'n oënskynlike ooreenstemming met ander omskrywings. Alvorens ons tot 'n besluit geraak wat minstens vir ons doeleindes houdbaar is, gee ons ook die interpretasie van Turner hier weer: "Theorizing can be viewed as the means by which the intellectual activity known as 'science' realizes its three principal goals: (1) to classify and organize events in the

---

1) Rose, A.M., "Sociological Theory" in Gould, J., Kolb, W.L. (redakteurs), Op. cit., p. 675.
2) Theodorson, G.A., Theodorson, A.G., Op. cit., p. 436.
3) Fairchild, H.P. (redakteur), Op. cit., p. 294.
4) Vergelyk in die verband onder andere:
   (i) Cohen, P.S., Op. cit., p. 1 en p. 2 e.v. (oor tipes teorieë); p. 6 (oor die eienskappe van teorie).
   (ii) Mennel, S., Sociological Theory, p. 1 e.v. (oor die betekenis van sosiologiese teorie).
   (iii) Smelser, N.J. (redakteur), op. cit. (1967), p. 17 (oor sosiologiese modelle en teorie).
   (iv) Selltiz, C., Jahoda, M., Deutsch, M., Cook, S.W., Research Methods in Social Relations, p. 480 e.v. (oor die funksie van teorie); p. 485 e.v. (oor die verhouding tussen waarneming en teorie).
   (v) Merton, R.K., Social Theory and Social Structure, p. 1 e.v. (oor die geskiedenis en sistematiek van sosiologiese teorie en relevante temas).

world so that they can be placed into perspective; (2) to explain the causes of past events and predict when, where, and how future events will occur; and (3) to offer an intuitively pleasing sense of 'understanding' why and how events should occur."[1] Hoewel Turner 'n breedvoeriger uiteensetting oor teorie verskaf, verdien 'n enkele verdere opmerking van hom vermelding. Hy stel: "... at the core of all theory is the systematic incorporation of concepts into statements that describe the 'real world'."[2]

Uit bogenoemde omskrywings en uiteensetting blyk dit duidelik dat etlike fasette wat hier eiendomlik aan teorie getipeer is reeds in ons voorafgaande omskrywing van die begrip model gefigureer het. Hieruit volg dan in 'n sekere sin 'n verklaring vir die tendens dat die begrippe model en teorie soms as wisselterme in die sosiaal-wetenskaplike literatuur aangetref word. Vir ons doeleindes word volstaan, in aansluiting met die omskrywing van 'n model, daarmee dat daardie hipoteses wat via empiriese verifiëring geldig bewys word, gesamentlik 'n teorie vorm wat dus omskryf kan word as 'n stel verbande met 'n sekere peil van geldigheid.[3]

Twee opmerkings verdien hier vermelding. Eerstens sal die begrip model in hierdie studie voorkeur geniet aangesien die maatstaf van empiriese verifikasie wat hierbo ingebou is by 'n omskrywing van teorie twyfel laat ontstaan of talle sogenaamde teorieë wel in terme van ons omskrywing as sodanig kwalifiseer. Hierdie kwalifikasie is dus 'n fyner detaillering van die, vir ons doel, betekenisinhoud van die term "teorie".

'n Onderskeid word dus ingebou tussen model en teorie ter wille van groter konseptuele helderheid. Tweedens kan die vraag gevra word waarom 'n bespreking van teorie vanuit 'n sosiologiese gesigshoek? Enersyds omdat, soos in die voorafgaande prinsipiële fundering gestel, is hierdie studie vanuit die perspektief van die Sosiologie geloods. Tweedens, omdat hierdie studie beperk

---

1) Turner, J.H., The Structure of Sociological Theory, p. 2.
2) Ibid., p. 5.
3) Willer, D., Scientific Sociology, p. 9.

is tot onder andere 'n studie van enkele modelle en teorieë ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van die Politieke Sosiologie. Die volle terrein van die Politieke Sosiologie soos dit tans daar uitsien word dus nie gedek nie.

2.4 Benadering en/of perspektief

Hierdie twee begrippe word in die onderhawige studie as wisselterme aangewend, aangesien hierdie begrippe prominent figureer, veral in die laaste gedeelte van hierdie studie, verdien enkele gedagtes oor die begrippe hier vermelding. Met benadering of perspektief word hier bedoel, na analogie van Turner,[1] 'n verbale beeld-konstruksie van 'n bepaalde fenomeen (byvoorbeeld konflik of konsensus). Hierdie beeld-konstruksie impliseer 'n algemene oriëntasie, aan die hand waarvan sekere eienskappe en prosesse van die fenomeen geabstraheer en ontleed kan word, en waaruit eventueel moontlike model- of teorie-konstruering kan resulteer.

2.5 Konflik

Aangesien in die teks self eksplisiete substansiële detaillering aan die begrip gegee sal word,[2] kan hier volstaan word met enkele gedagtes. Fairchild omskryf konflik as: "A process-situation in which two or more human beings or groups seek actively to thwart each other's purposes, to prevent satisfaction of each other's interests, even to the extent of injuring or destroying the other. Conflict arises out of the principle of limitation inherent in a finite universe."[3]

Konflik kan voorts voorkom in wisselende grade van intensiteit en omvang en met verwysing na objekte, doelstellinge of middele tot doelstellinge in wisselende grade van belangrikheid. Konflik kan sosiaal-georganiseerd, -ongeorganiseerd, -tydelik, -oorganklik of durend van aard wees, sowel as fisies, intellektueel of geestelik.

---

1) Turner, J.H., Op. cit., pp. 9-10.
2) Vergelyk: Hoofstuk VII, pp. 344-395. (In verband met Simmel, Park, Coser, Dahrendorf en Rex se bydraes in die verband).
3) Fairchild, H.P. (redakteur), Op. cit., pp. 58-59.

2.6 Konsensus

Aangesien ook hierdie begrip in die teks self meer volledig behandeling sal geniet,[1] kan hier met enkele opmerkings volstaan word. Konsensus kan in algemene terme soos volg omskryf word: "Consensus is a variable property of social systems which range from groups of two or more members to whole societies. Consensus exists when the members of these systems are in a state of affirmative agreement about normative and cognitive matters relevant to their action towards one another, towards the central persons or roles in the system, and towards persons, roles, and collectivities outside the system. Consensus is, then, agreement about the rules which should govern their conduct concerning the goals of the system and the allocation of roles and rewards within the system. There is another element present in consensus: this is a solidarity formed by a sense of common identity arising from ties of personal affection, of primordial (ethnic, kinship, or territorial) characteristics, of a shared relationship to sacred things, or of a membership in a common civil community."[2]

Konsensus impliseer nie 'n absolute eenstemmigheid oor alle sake nie, maar wel variasie van geval tot geval, maar ten minste met behoud van 'n minimum interne binding tussen lede ten spyte van wisselende grade van konsensus.

Bogenoemde omskrywing is na ons mening in ideëel-tipiese terme. Hiermee word egter volstaan gesien die feit dat vollediger eksposisie later volg, in welke verband hierdie uiteensetting as algemene verwysingspunt kan dien.

2.7 Sosiale denke en polities-sosiale denke

Vir ons doeleindes word hierdie begrippe omskryf as veralgemeende uitgesproke idees, stellings en beslissings, sowel as "modelle" in verband met 'n omvattende reeks sosiale en polities-sosiale relevante verskynsels, byvoorbeeld die staat, samelewing, die verband tussen staat en samelewing, regering en die verskillende regeringsvorme, om maar enkeles te noem, en wel in historiese

---

1) Vergelyk:
(i) Hoofstuk VIII, subhoof 1, pp. 396-397.
(ii) Hoofstuk IX, subhoof 3, pp. 477-478.
Vergelyk ook: Etzioni, Amitai, The Active Society (1968), pp. 466-494.

2) Mitchell, G. Duncan, Op. cit. (1968), p. 40.

konteks.[1] Hiermee word bedoel idees, stellings, beslissings en modelle uit die vroeëre menslike geskiedenis.

3. Motivering vir die keuse van die onderwerp

Indirek het 'n persoonlike belangstelling in die politiek as stimulus tot hierdie studie gedien. Aan hierdie belangstelling is verdere inhoud gegee deur 'n enkele voorgraadse kursus in die Staatsleer. Veral vanweë studie in die Sosiologie op voorgraadse en nagraadse vlak is 'n nuwe belangstelling, naamlik 'n groter begrip van en waardering vir spesifiek die sosiologiese teorie(ë) as medium tot groter en verbeterde insig van die sosiale realiteit in sy vele dimensies, ontwikkel.

Gou is dan ook besef dat teoretiese verdieping en akademiese ontwikkeling plaasvind namate daar krities en versigtig omgegaan word met die grondslae en die prinsipiële fundering van 'n wetenskap, soos vergestalt in die bydraes van die eksponente van hierdie wetenskap.

Daar is ook besef dat werklike insig in en perspektief oor die terrein of studie-objek van 'n wetenskap alleen verkry kan word deur insig in, en perspektief oor en veral 'n deeglike begrip en kennis van die teorie, beide in historiese sowel as sistematiese konteks, soos verbeeld in die bydraes van hierdie wetenskap se eksponente.

Na 'n eerste "kennismaking" met die Politieke Sosiologie is die aanvanklike belangstelling in die politiek finaal gestimuleer en het 'n voorlopige literatuurstudie gevolg.

Tydens die Meestersgraadstudie is die belangrikheid en betekenis van empiriese navorsing by die kandidaat ingeskerp (genoemde studie was primêr empiries georiënteerd), maar in die lig van die hierbogestelde noodsaaklike teoretiese verdieping vir werklike insig in, kennis en begrip van die studie-objek en terrein van 'n wetenskap, gepaardgaande met 'n belangstelling en "voorliefde" vir die teorie, is besluit op 'n teoretiese onderwerp vir studie.

---

1) Vergelyk hieroor:
   (i) Chambliss, R., Social Thought from Hammurabi to Comte, pp. 3-4.
   (ii) Bogardus, E.S., A History of Social Thought (1929), pp. 16-21.

Die aanvanklike literatuurstudie in die Politieke Sosiologie het gelei tot 'n meer diepgaande bronnestudie op die onderhawige terrein; sekere vrae het geleidelik hieruit ontstaan wat later aangestip sal word en as stimulus gedien het om ook verder te delf in die geskiedenis van die sosiologiese teorie en in die sistematiese teorie per sé. Korrespondensie is gevoer met leidende figure in onderskeidelik die Sosiologie en Politieke Sosiologie oorsee.[1] Hier te lande is gekorrespondeer en/of onderhoude gevoer met prominente wetenskaplikes op die terrein van die Sosiologie en die Staatsleer onderskeidelik. Op hierdie wyse is nuwe en betekenisvolle insigte verwerf in verband met verskillende fasette van beide die terrein en hantering van die studie.

Uit die literatuurstudie het duidelik geblyk dat die Politieke Sosiologie as vertakking van die Sosiologie ontwikkel het, en wel as een van die mees resente spesialiteitsrigtings. Etlike publikasies het verskyn, veral uit die pen van Amerikaanse outeurs, sedert die Tweede Wêreldoorlog. In Suid-Afrika is die terrein egter tot op datum redelik onontgin, soos duidelik blyk uit die gebrek aan publikasies en navorsing op die terrein. Trouens, in die bestaande literatuur uit die Sosiologie in Afrikaans, is daar weinig verwysings selfs na die Politieke Sosiologie. Gevolglik het die gedagte ontstaan dat 'n moontlike bydrae gelewer kan word deur 'n tot dusver redelik resente en onontwikkelde studieterrein te verken.

In die lig van bogenoemde faktore is oorgegaan om die verdere praktiese beslag te gee aan hierdie studie.

Soos reeds gestel het tydens die literatuurstudie van die Politieke Sosiologie sekere vrae opgeduik. So byvoorbeeld verwys etlike skrywers[2] na die bydraes van De Tocqueville,[3] Marx,[4] Pareto,[5]

---

1) Vergelyk in die verband die voorwoord tot hierdie studie.
2) Hier word net 'n enkele bron by elk gemeld terwyl verder in die teks na ander ook verwys sal word.
3) Lipset, S.M., Op. cit. (1973), p. 24.
4) Ibid., p. 24.
5) Runciman, W.G., Op. cit. (1971), p. 64 e.v.

Mosca,[1] Weber,[2] Michels[3] en Mannheim[4] en word beweer dat hierdie bydraes die ontstaan en ontwikkeling van die Politieke Sosiologie beïnvloed het. In enkele paragrawe word hul "bydraes" dan aangestip. Die vraag het ontstaan wat die werklike bydraes van hierdie denkers was, of dit beskou kan word as bydraes tot die ontwikkeling van die Politieke Sosiologie en of hulle in terme daarvan as grondleggers van die Politieke Sosiologie beskou kan word? Verder: hoe het die intellektuele agtergrond waarteen hul bydraes gesien moet word daar uitgesien, of anders gestel, wat was die aard van die polities-sosiale denke, histories gesien, waarteen hul bydraes ontwikkel het? Oor hierdie aspek word weinig gesê in die bestaande literatuur van die Politieke Sosiologie en die vraag het ontstaan of hierdie histories polities-sosiale denke relevant is tot die Politieke Sosiologie.

In die literatuur word ook melding gemaak van die konflik- en konsensusmodelle as toepasbare modelle in die analise van die polities-sosiologiese terrein. Die vraag het ontstaan wat impliseer hierdie modelle, hoe het hulle ontwikkel en in welke mate is hulle relevant vir die Politieke Sosiologie? Hieruit voortvloeiend, gesien in die lig van die onderontwikkeldheid van die Politieke Sosiologie in Suid-Afrika, is hierdie modelle of een daarvan toepasbaar op die Suid-Afrikaanse polities-sosiale bestel? Hierdie vrae verteenwoordig die belangrikste wat uit die literatuur ontstaan het.

Al bogenoemde faktore het direk of indirek tot stimulus gedien wat sou lei tot die praktiese beslaggewing aan hierdie studie. Die uitdaging tot teoretiese verdieping deur 'n ondersoek te loods na hierdie vrae vanuit 'n oorwegend sosiologiese en polities-sosiologiese perspektief, het dan ook die weg oopgelaat tot talle moontlikhede.

4. Doelstellings

In die lig van die hierbogestelde uiteensetting word die volgende

---

1) Ibid., p. 64 e.v.
2) Lipset, S.M., Op. cit. (1973), p. 28 e.v.
3) Ibid., p. 28 e.v.
4) Strauss, Johann, Op. cit. (1969), p. 27.

doelstellings met hierdie studie beoog.

Eerstens, om 'n oorsig te gee van die ontwikkeling van polities-sosiale denke vanaf die vroegste tye tot die laat agtiende eeu en in die lig van bydraes uit hierdie tyd tot 'n konklusie te probeer kom oor die betekenis van hierdie bydraes vir die ontwikkeling van polities-sosiologiese denke.

Tweedens, om 'n saaklike rekonstruksie te gee van De Tocqueville, Marx, Pareto, Mosca, Weber, Michels en Mannheim se bydraes in terme waarvan hulle as medegrondleggers van die Politieke Sosiologie sou kon kwalifiseer.

Derdens, om die ontwikkeling en aard van onderskeidelik die konflik-modelle en konsensusmodelle te probeer naspeur, en wel aan die hand van enkele eksponente van hierdie modelle se bydraes in dié verband, sowel as om die relevantheid van hierdie modelle tot die Politieke Sosiologie te probeer aantoon.

Vierdens, om in die lig van bevindinge uit bogenoemde drie doelstellings 'n moontlike raamwerk vir ontleding van die Suid-Afrikaanse "politieke" samelewing te probeer konstrueer en sodoende 'n moontlike "model" vir polities-sosiologiese analise van die Suid-Afrikaanse polities-sosiale situasie te probeer poneer.

Met betrekking tot laasgenoemde doelstelling kan hier gestel word dat die Suid-Afrikaanse samelewingsverband hom by uitstek leen tot 'n polities-sosiologiese studie, veral inagnemende die veelvolkigheid onderliggend aan die politieke bedeling hier te lande wat 'n politieke bestel beoog om aan elke volkseenheid sy eie territoriale en gesagsbevoegdheid te verleen.

Alvorens hierdie polities-sosiologiese studie met vrug op die Suid-Afrikaanse samelewingsverband van toepassing gemaak kan word, moet die aard en wese van die teoretiese fundering van die Politieke Sosiologie eers eksplisiet uitgewys word. Hierdie teoretiese fundering of grondslae van die Politieke Sosiologie kan deels gerekonstrueer word slegs indien daar tot enige konkrete bevindinge geraak word uit die eerste drie doelstellings hierbo genoem.

5. Metode van Ondersoek

Met betrekking tot die doel van wetenskaplike navorsing kan in hoofsaak twee primêre fokuspunte geïdentifiseer word. Enersyds kan die navorser homself ten taak stel om 'n bepaalde fenomeen as sodanig te bestudeer. Dit beteken dat sy werkswyse afgestem is op die byeenbring van blote wetenskaplike kennis in verband met 'n bepaalde fonomeen of studie-objek. Hy poog dus om daardie fenomeen aan die hand van ingesamelde wetenskaplike kennis te ontleed, te beskryf en te verklaar. Andersyds kan die navorser ook poog om aan die hand van die wetenskaplik-verkreë kennis praktiese toepassings te maak.

In 'n sekere sin word beide fokuspunte in hierdie studie betrek; enersyds daarin dat gepoog sal word om kennis byeen te bring in verband met die teoretiese fundering van die Politieke Sosiologie. Andersyds, indien dit sou realiseer in terme van die versamelde kennis, praktiese toepassing te poog in die vorm van 'n moontlike "model"-konstruering. Deurentyd moet kennis vir die realisering van hierdie twee doelstellinge egter "wetenskaplik" wees, wat beteken dat dit sover moontlik objektief moet wees en ons in staat moet stel om geldige en betroubare verklarings, asook moontlike voorspellings[1] te kan formuleer. Deurgaans geld die vereiste egter dat die wetenskaplike metode in die studie nagevolg moet word.

In 'n poging tot teoretiese analise en teoretiese sistematisering van die materiaal relevant tot die onderhawige tema, soos gerig deur die vooropgestelde doelstellings is gebruik gemaak van 'n intensiewe en omvattende literatuurstudie en insigte verkry van vakkenners soos vooraf gestel. Deur die aanwending van die sosiaal-historiese prosedure, by implikasie, kan die resultate lei tot 'n historiese perspektief van die materiaal.[2] Steeds bly die vraag na empiriese verifiëring in hierdie verband tot hiertoe hangende.

Vir soverre die bevindinge waartoe hier geraak word die moontlikheid vir toekomstige verifikasie egter ooplaat, kan hierdie

---

1) Cilliers, S.P., Maatskaplike Navorsing, p. 20.
2) Vergelyk: Ibid., p. 142.

werkswyse na ons mening vir die huidige as bevredigend aanvaar word. Andersyds kon aan die hand van insigte verkry uit die aanvanklike literatuurstudie, reeds krities evaluerende ontledings gemaak word tydens die daaropvolgende literatuurstudie.

Dit dien hier gemeld te word dat die fokuspunt in hierdie studie daardie menslike handeling(e) of aktiwiteit(e) behels wat sigself op die politieke terrein realiseer en wat verbeeld is in die werkswyses, interprestasies of beskouings en modelle van denkers uit die vroegste tye. Hiervoor is primêr in die vakliteratuur van die Sosiologie gedelf, soos vroeër gestel, alhoewel dit onmoontlik en selfs onwetenskaplik sou wees om bronne uit ander vakdissiplines hierin te negeer. Waar toepaslik, is dus ook van ander vakliteratuur gebruik gemaak soos duidelik blyk uit die lys van geraadpleegde bronne en uit voetnotas in die teks self.

6. Probleme ondervind tydens die studie

Vanweë die algemeen erkende belangrikheid van primêre bronne in 'n studie soos die onderhawige, is gepoog om sover prakties moontlik, tog hiervan gebruik te maak. Nieteenstaande voorgenoemde is noodgedwonge vanweë onder andere die feit dat sommige bronne in, vir die skrywer, onbekende tale geskryf is en nie in vertaalde vorm beskikbaar is nie, uiteraard noodwendig van sekondêre bronne gebruik gemaak. In gevalle waar vertaalde weergawes nie bekombaar was nie, is volstaan met die interpretasie van erkende outoriteite in die onderskeie vakdissiplines oor die bydraes van die denker onder behandeling. Telkens is egter gepoog om by wyse van kruisverwysings tussen sekondêre bronne die houdbaarheid al dan nie, van sekere interpretasies te kontroleer.

Voorts word erken dat die keuse van denkers se bydraes tot die onderskeie temas hier onder behandeling wel arbitrêr was, alhoewel saaklike motivering vir die insluiting van die hier-behandelde denkers se bydraes plek-plek in die teks self verskaf word. Oor die algemeen is egter as riglyn die algemene erkenning gebruik wat denkers geniet onder erkende skrywers van die geskiedenis van onder andere die Staatsleer en die Sosiologie.

Verder word erken dat 'n kandidaat in 'n studie soos die onderhawige hom op talle punte blootstel aan kritiek, soos byvoorbeeld in die behandeling van die ontwikkeling van polities-sosiale denke, waar daar gepoog word om slegs enkele bydraes uit 'n tydsbestek van etlike eeue in twee hoofstukke weer te gee.

Dit is ons oortuiging dat hierdie "waagstuk" om twee redes die moeite werd is. Enersyds, omdat dit nie toegelaat moet word dat die stof te lank moet vergader op die bydraes van die klassieke denkers nie.[1] In aansluiting hierby stel Mills: "No social study that does not come back to the problems of biography, of history, and of their intersections within a society, has completed its intellectual journey."[2] Andersyds maak die moontlike voordele van teoretiese verdieping en verryking, en gepaardgaande akademiese ontwikkeling opgeweeg teen moontlike kritiek, tog die "waagstuk" of "eksperiment" die moeite werd.

---

1) Vergelyk: Fletcher, R., The Making of Sociology, p. 16.
2) Mills, C. Wright, The Sociological Imagination, p. 12.

HOOFSTUK II

Die ontwikkeling van polities-sosiale denke vanaf die vroegste tye tot en met die veertiende eeu

1. Inleiding

Ons sluit aan by Coser se omskrywing van die Politieke Sosiologie, naamlik dat die Politieke Sosiologie daardie vertakking van die Sosiologie is wat fokus op die sosiale veroorsaking en konsekwensies van gegewe magsdistribusies binne of tussen samelewings en op die sosiale en politieke konflikte wat lei tot veranderinge in die toewysing van mag.[1] Die vraag kan gevra word wat het hierdie stand van sake teweeggebring? Anders gestel: Weber sien die staat as daardie institusie wat oor die monopolie beskik vir die wetlike aanwending van dwang binne 'n gegewe territoriale gebied.[2] Hoe het hierdie institusie tot stand gekom? Watter faktore en omstandighede het daartoe aanleiding gegee dat 'n magsvorm of gesagsvorm in 'n gemeenskap of samelewing nie alleen tot stand kom nie, maar bykans absolute aanvaarding en erkenning binne daardie gemeenskap of samelewing vir 'n tydperk van langer of korter duur geniet? Waarom is dit dat hierdie magsvorm(e) of gesagsvorm(e) universeel voorkom en die sosiale en persoonlike lewe van bykans elke individu rigtinggewend beïnvloed.
Na ons mening is die antwoorde op talle van hierdie vrae te vind in die historiese ontwikkeling van die staat as magsvorm. Vir die politieke sosioloog is hierdie historiese konteks van kardinale belang aangesien een van sy primêre fokuspunte die verband tussen die politieke struktuur en die sosiale struktuur is.[3] Vervolgens 'n saaklike uiteensetting van die ontwikkeling van politieke en sosiale denke, met die aksent op daardie aspekte waarvan by name die politieke sosioloog kennis moet neem.

Die gedagte is geensins om hier 'n gedetailleerde oorsig van die ontwikkeling van politieke en sosiale denke te probeer gee nie -

---

1) Coser, L.A., "Introduction" uit Coser, L.A. (redakteur), Op. cit. (1967), p.1 (vrye vertaling).
2) Dahl, R.A., Op. cit., pp. 4-5 (vrye vertaling).
3) Vergelyk: Coser, L.A. (redakteur), Op. cit. (1967), p. 1.

daar sou vir die doeleindes van hierdie studie geen regverdiging voor gevind kon word nie. Die gedagte is bloot om die hoofmomente in die ontwikkeling van politieke en sosiale denke te probeer weergee wat per sé die nodige perspektief en agtergrond vir 'n kontemporêre studie van polities-sosiologiese denke kan voorsien.

Ter motivering vir die insluiting van 'n historiese oorsig wil ons enersyds aansluit by die hierbo gestelde vrae en aantoon dat die mens se sosiale bestaan tot op groot hoogte polities beïnvloed word. Andersyds wil aangetoon word dat die sosiale en politieke strukture en prosesse in intense wisselwerking figureer binne die daaglikse sosiale realiteit, dat die huidige nie los te maak is van die verlede nie en dat 'n begrip van hierdie interverwantskap op verskillende stadia in die verlede 'n groter begrip vir die interverwantskap tans kan stimuleer. Bogardus sê in die verband: "It is only by accident, however, that current social movements can be understood unless the historical sequences of social cause and effect are perceived".[1] Verder sê hy: "A history of social thought furnishes a minimum social background for the understanding of current social processes and problems".[2] In dieselfde trant vervolg Chambliss: "One of the great tragedies of our age is that a large number of educated persons attempt to understand the present without concerning themselves about the past".[3]

2. Primitiewe sosiale denke

Uit argeologiese verslae kan die afleiding gemaak word dat ruwe eenvoudige vorme van sosiale lewe wel voorgekom het. Die Argeologie verskaf in hierdie opsig ten minste 'n agtergrond oor sosiale denke.[4] Furfey wys daarop dat ons uit die Argeologie kan aflei dat die mens deur 'n lang prehistoriese tydvak gegaan het waarin hy 'n nomadiese lewe gelei het, hoofsaaklik in klein-groepverband. Later volg 'n korter prehistoriese tydvak waartydens die mens in groter groepe saamgeleef het. Gedurende hierdie tydvak

---

1) Bogardus, E.S., Op. cit. (1929), p. 16.
2) Ibid., p. 16.
3) Chambliss, Rollin, Op. cit., p. 1.
4) Vergelyk: Furfey, P.H., A History of Social Thought, p. 13.

word nie alleen die sosiale organisasie meer kompleks nie, maar ook die grondstof van sosiale denke.[1] Bogardus maak onder andere die volgende afleidings oor primitiewe sosiale denke:

Eerstens - dit was uiters eenvoudig, ru en onontwikkeld;
tweedens - dit was verbandloos en ongesistematiseerd;
derdens - dit het om die individu, die self, gesentreer; en
vierdens - die sosiale verantwoordelikheid is tot die groep of gesin beperk.[2]

Becker en Barnes[3] se bydrae tot die onderhawige tema kan soos volg saamgevat word: Die preliterêre gemeenskap is veral op drie wyses geïsoleer: omgewingsgewys ("vicinally"), sosiaal en geestelik. Hierdie preliterêre gemeenskap openbaar 'n intense opposisie teen verandering. Etnosentrisme ontwikkel wat bepaalde houdings met betrekking tot "ons"- en "hulle"-groepe impliseer. Tradisie en seremonie speel 'n belangrike rol in die gemeenskapslewe. Volksgewoontes en -gebruike vorm die riglyne waarvolgens geleef word. Van individualiteit en rasionele kritiek is weinig sprake. In hierdie gemeenskap geniet gewoontes, gebruike, mores en seremonies bykans 'n "heilige" status. Hierdie geïsoleerde gemeenskap se "heilige" sanksies word gefasiliteer deur die feit dat die gemeenskap ekonomies selfonderhoudend is - geen handel met eksterne gemeenskappe vind plaas nie. Gevolglik vind weinig wysiginge plaas in bestaande ekonomiese houdings, afgesien van toevallige ontdekkings wat bestaande houdings mag beïnvloed. 'n Simplistiese verdeling van arbeid is aan die orde van die dag; weinig of geen arbeidsomset of sosiale mobiliteit vind plaas nie sodat die minimum wysiging of verandering in waardes en houdings plaasvind. Wat "heilig" is, bly dus "heilig" - isolasie is dus 'n beskermende invloed ten opsigte van die "status quo".

Die vorm van die verwantskapsgroep is dié van die groot of uitgebreide familie. Ouerskap is veel meer 'n kulturele as 'n

---

1) Ibid., p. 13. (Die begrip sosiale denke word hier gebruik in 'n omvattende verband om onder andere ook die politiessosiale in te sluit).
2) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 32.
3) Becker, H., Barnes, H.E., Social Thought from Lore to Science, Volume I, pp. 39-42.

biologiese feit en die opvoeding van die kind is primêr onderhewig aan "heilige" kontrole. Die minimum van kontrole word deur fisiese dwang uitgeoefen. Oortredings teen die mores word gestraf deur algemene aversie, afkeur ("indignation") en tradisionele en spontane verbale of liggaamlike straf ("chastisement").

Naas hierdie geïsoleerde "heilige" samelewing wat Becker in ideëel-tipïese terme konstrueer, gee hy ook 'n verdere ideëel-tipiese konstruksie, naamlik van die toeganklike ("accessible") sekulêre samelewing as voorbeeld van die preliterêre samelewing. Die toeganklike, sekulêre samelewing is omgewingsgewys ("viccinal"), sosiaal en geestelike toeganklik. Omgewingsgewyse toeganklikheid word moontlik gemaak deur 'n veelvoud van geografiese faktore wat maksimale transportasie realiseer. Weerstand teen verandering ontbreek nie alleen nie, maar verandering word selfs positief bejeën.

Die sosiale toeganklikheid van die samelewing is moontlik vanweë 'n bykans absolute afwesigheid van beroeps-, professionele-, klasse-, kaste-, rasse-, godsdienstige- of morele grense. Die geestelike toeganklikheid van hierdie samelewing is die gevolg van 'n algemeen basiese opvoeding. In hierdie samelewing speel die tradisionele en die seremoniële geen rol nie en elke situasie word gedefinieer in rasionalistiese en sekulêre terme. Die algemeen waarneembare gewoontes en gebruike maak rasionele konstruksies moontlik. Maksimum rasionele kritiek en maksimum individualiteit kom voor. Die handhawing van volksgebruike is onderhewig aan rasionele analise en word gewysig afhangende van die uitslag van die analise.

Alle verhoudings word geëvalueer as 'n middel tot 'n "gelukkige" doel in terme van die egoïstiese wense van die individu en nie as 'n doel op sigself nie. Die dominering van sekulêre waardes word versterk deur 'n hoogs gedifferensieerde ekonomie. Laasgenoemde is metropolitaans en kompleks van aard met 'n hoë mate van verdeling van arbeid en 'n hoë arbeidsomset vind ook plaas. Die verwantskapsgroepering is dié van die partikularistiese gesin en die produksie-funksies van die gesin is oorgeneem deur die metropolitaanse ekonomie. Landbou is absoluut vry van kollektiewe en "heilige" oorwegings, die reg van erflating ("testation") is onbeperk en die individu mag doen met sy eie wat hy wil. Daar

bestaan die minimum informele kontrole, en oortredings teen bestaande wette beteken nie dat die oortreder 'n sosiale uitgewekene word nie. Formele, sekulêre, rasionele en wetlike kontrakte is die reël. Die huis word nie as "heilige" objek geëvalueer nie, maar bloot as 'n aandoenplek sonder enige emosionele betrokkenheid. Rasionalisme en naturalisme het hoë waarde en die wetenskap dra groot gesag.

Teen die agtergrond van hierdie twee ideëel-tipiese konstruksies van die preliterêre samelewing kan die ontwikkeling van politiessosiale denke voorts verder ontleed word.

Dit kan sonder vrees vir teenspraak gepostuleer word dat sosiale denke by die primitiewe of preliterêre samelewing rudimentêr was, dat die ontwikkeling van sosiale denke uiters beperk was vanweë inhiberende faktore soos isolasie, die mag van die gewoonte, die sanksionering deur die gemeenskap of samelewing van reeds bestaande gebruike, mores, tradisies, seremonies en ook as gevolg van die vrees vir verandering.

Vanweë toevallige ontdekkings op die terrein van die materiële kultuur, die rol en invloed wat periodieke konflik tussen gemeenskappe gespeel het en ook die invloed van besonder begaafde persone, veral begaafde leiers (charismatiese leiers), moet aanvaar word dat ook die primitiewe gemeenskap nie stagnant kon bly nie, maar wel veranderings moes ondergaan. Veranderings wat periodieke ontwikkeling en vooruitgang impliseer het, maar ook veranderings wat moontlik negatiewe invloed op die samelewing uitgeoefen het.

3. Sosiale denke tydens die antieke Babiloniese samelewing

Die een tydvak in die Babiloniese beskawing waarby ons ons aandag hier wil bepaal, was dié waarin die ryk van die Eerste Dinastie van Babilon[1] gefigureer het met besondere klem op die bydrae van Hammurabi, een van die briljante leiers uit die tyd - welbekend vir sy beroemde wetkode.[2]

---

1) Hitti, P.K., The Near East in History, p. 40. Vergelyk ook:
(i) Weech, W.N. (redakteur), History of the World, pp. 58-59.
(ii) Smeenk, C., De Ontwikkeling der Maatschappij, p. 7.

2) Vergelyk: Hitti, P.K., Op. cit., pp. 40-42.

Uit hierdie kode blyk dit dat Babilonië oor 'n hoogs gesentraliseerde en komplekse staatsorganisasie vir daardie tyd (1800-1760 v.C.) beskik het. Die Babiloniese Semiet van die tyd het afgewyk van die ou patriargale stamregering, 'n regering gekenmerk deur omvattende wetgewing. Hammurabi was in die tyd in beheer van 'n hoogs georganiseerde regeringstelsel wat jurisdiksie oor bykans elke faset van die samelewing uitgeoefen het: die ekonomie, die gesin, die wet en die moraal.[1)]

In werklikheid het Hammurabi se ryk bestaan uit 'n veeltal gebiede wat hy militêr onderwerp het. Sy hele ryk het hy op burokratiese wyse administreer. Hammurabi kan beskou word as 'n tradisioneel-charismatiese heerser[2)] en sy beheer oor sy ryk is versterk deur 'n rasioneel georiënteerde regeringsorganisasie waarin effektiewe administrasie moontlik gemaak is deur omvattende wetgewing en hieruit voortspruitende fisiese dwang ter verkryging van optimale onderhorigheid.

Uit sy wetkode blyk dit dat drie klasse[3)] te onderskei is in die Eerste Dinastie van Babilon, naamlik die "hoër klas" wat die reg gehad het om vaste eiendom te besit, die "middelklas", en slawe wat gekoop of verkoop kon word. 'n Slaaf kon egter sy vryheid koop. 'n Moontlike vierde kategorie kan onderskei word wat bestaan het uit die godsdienstige leiers en die hofpersoneel.

Die wetkode het ook van die vroegste bekende voorbeelde van arbeidswetgewing bevat; so is lone deur wetgewing vasgestel en is eiendomsreg beskerm.[4)]

Enkele gedagtes oor Hammurabi se regering verdien verdere vermelding.[5)] Hammurabi se regering was kenmerkend sekulêr van aard, veral gesien in die lig van die tydperk waarin hy regeer het - alhoewel hyself verklaar het dat hy regeer op grond van die goddelike reg van konings, daar hy sy outoriteit as heerser van die gode ontvang het en daarom in staat was tot besondere prestasies.

---

1) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 86.
2) Ibid., p. 86.
3) Vergelyk: Furfey, P.H., Op. cit., pp. 48-49.
4) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 38.
5) Chambliss, R., Op. cit., p. 20.

Belangrik is egter dat daar konstitusioneel geen beperkings op die mag van die koning was nie, hoewel daar in 'n Sumeriese epiese verhaal tog 'n sydelingse verwysing is na regeringsliggame bestaande uit burgerlikes. Hierdie verwysing uit 'n vroeëre tydvak van die Babiloniese geskiedenis illustreer egter wel die bestaan van een of ander vorm van konstitusionele regering.[1)]

Tydens Hammurabi se heerskappy is daar egter nie aanduidings hiervan nie. Hammurabi se geskrifte toon duidelik sy kommer oor die materiële welvaart van sy onderdane en sy erns met sosiale geregtigheid. Hammurabi het regeer ooreenkomstig gevestigde gewoontes, gebruike en tradisies. Hy was sensitief vir die behoeftes van sy onderdane en het regeer volgens die wette wat hy uitgevaardig het.

Dat Hammurabi se bydrae tot die samelewing in die algemeen nie oorskat moet word nie, kan afgelei word uit die feit dat, ten spyte van die feit dat daar eksplisiet aanduidings is van 'n hoogstaande wetlike, sosiale en administratiewe saambestaan, hierdie bydraes van Hammurabi in werklikheid gerugsteun word deur honderde jare van beskawing wat sy ryk voorafgegaan het; wat opsigself weer impliseer dat, soos Ellwood dit stel: "... the Babylonians already had centuries of social and political experience before the code of Hammurabi was formulated."[2)]

Andersyds moet aanvaar word dat Hammurabi 'n hoogtepunt simboliseer in die ontwikkeling van politieke en sosiale denke. Dat hy in sy wetkode 'n besondere hoë premie plaas op sosiale geregtigheid en daaruit voortvloeiend 'n effektiewe administrasie kon realiseer, is bewys van sy vermoë enersyds, maar andersyds ook dat daar reeds 'n gevestigde sosiale bewussyn bestaan het.

Hammurabi as sodanig simboliseer egter nie die hele Babiloniese beskawing nie.[3)] Die talle geskrifte uit sy tyd, wat nie bestaan oor die ander tydperke nie, gee tog 'n goeie neutedop weergawe van hierdie periode sodat ten minste deels 'n rekonstruksie van die mate van ontwikkeling in sosiale denke moontlik is.

---

1) Ibid., p. 12.
2) Ellwood, C.A., Op. cit., pp. 4-5.
3) Vergelyk: Chambliss, R., Op. cit., p. 40.

4. Sosiale denke tydens die antieke Egiptiese samelewing

Algemeengenome was die klassieke Nabye Ooste gebaseer op 'n absolute monargie waarin die monarg se posisie en mag beskou is as van goddelike oorsprong.[1] Hierin was Egipte geen uitsondering nie. Die Egiptiese heerser was in werklikheid 'n teokratiese despoot,[2] met ander woorde hy was hoëpriester, wetgewer, regter en koning met onbeperkte mag. Die klassieke Egiptiese beskawing was waarskynlik ouer as dié van Babilonië en was meer gevorderd ten opsigte van die kuns, argitektuur, literatuur, godsdiens en etiek.[3]

Egipte het sy toppunt van ontwikkeling bereik tydens die Agtiende Dinastie (1546 - 1319 v.C.). Wat ons in die besonder interesseer tydens hierdie tydvak is die ontwikkeling van sosiale denke. Teokratiese absolutisme is beoefen deurdat amptenare aangestel was oor die verskeie provinsies en distrikte.

'n Burokratiese administrasie was in swang en as gevolg van die konvergering van godsdiens en administrasie het die priesterklas oor groot gesag beskik. Die grootste gedeelte van die bevolking was boere wat, as dienare van die koning of edelmanne, op voorgenoemdes se landgoedere gedien het. "Until recent times, history offers few comparable examples of such complete regimentation of life by the state."[4]

Soos reeds gesê, was die klassieke Egiptiese regeringsvorm 'n monargie. Die monarg was egter veel meer as aangewese deur 'n god/afgode. Hyself het regeer as goddelike wese.[5]

Hierdie aspek was egter veel meer as bloot tradisioneel van aard, aangesien ook aanvaar is dat alle eiendom aan die koning behoort het en hy dit toegesê het aan wie hy goedgedink het en belasting na eie goeddunke gehef het. Hy het oorloë laat voer, monumente

---

1) Hayes, C.J.H., Baldwin, M.W., Cole, C.W., History of Western Civilization, p. 9.
2) Ibid., p. 9.
3) Chambliss, R., Op. cit., p. 42.
4) Hayes, C.J.H., Baldwin, M.W., Cole, C.W., Op. cit., p. 10.
5) Vergelyk: Chambliss, R., Op. cit., p. 49 e.v.

opgerig en selfs 'n nuwe volksgodsdiens ingevoer uit hoofde van die ontsag wat sy posisie ingeboesem het.

Die koning self het egter ook verantwoordelikhede gehad. Hy was ondermeer aan die hoof van 'n omvattende administratiewe burokrasie en moes dus daardie funksies vervul wat sy administrasie van hom vereis het, ondermeer praktiese regering, priesterlike verpligtinge, die nagaan van dokumente en verslae wat deur amptenare aan hom voorgelê is en die bylê van twispunte en geskille.[1)]

Ten einde die koning te assisteer, het hy 'n eerste minister aangestel wat hom moes bystaan. So moes belasting-, oes- en ander verslae eers aan die eerste minister voorgelê word. Hy het self oor aansienlike mag beskik. Die hele staat was onder sy kontrole; finansiële sake, regsake, sake in verband met openbare rus en orde, militêre- en alle uitvoerende aangeleenthede het onder hom geressorteer. Die enigste persoon, afgesien van die koning, aan wie hy verantwoording moes doen, was die hoofsekretaris.[2)]

Die aard en wese van regering is van geslag tot geslag oorgedra. Die vorstelike en adellike families se kinders is opgevoed in die regeringskuns en die aard van 'n goeie regering is van jongs af by hul tuisgebring. Menslikheid en regverdigheid is voorgehou as goeie kwaliteite van 'n heerser.

Dit is ook uit die klassieke Egiptiese beskawing dat ons voorbeelde van provinsiale bestuur aantref. Namate die Egiptiese ryk uitgebrei het, was dit onmoontlik om provinsiale heersers slegs uit die koningshuis aan te wys. Gevolglik is senior amptenare in beheer van provinsies geplaas. Van laasgenoemde groep was daar diegene wat so magtig geword het dat hulle self aanspraak gemaak het op onsterflikheid - nes die koning.[3)]

Ook in Egipte, soos in Babilonië is groot klem op die wet geplaas as basis van die sosiale orde.[4)] Afgesien hiervan is geglo dat die mens in die Hiernamaals verantwoordelik gehou sal word vir

---

1) Ibid., p. 50.
2) Ibid., p. 51.
3) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 103.
4) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 35.

sy dade in hierdie lewe. Hierdie geloof het as kragtige instrument vir sosiale beheer gedien.

Ongeag die feit dat ons uit die klassieke Egiptiese beskawing bewyse vind van omvattende internasionale verhoudings wat Egipte met die Hetiete, Assiriërs en Babilonië[1] gehad het, dat die eerste vroueheerser in die geskiedenis uit dié samelewing voorkom[2] en ongeag vele ander prestasies op handels-, ekonomiese- en ander gebiede, het die Egiptiese beskawing tot niet gegaan. Kousaal in hierdie proses was die ontevredenheid van die boere en diensknegte van die vorste en koning wat dikwels in armoede moes leef terwyl die vorste en koning in weelde geleef het. Die buitensporige mag van die priesters tydens die opkoms van die Hetiete was maar enkele faktore wat veroorsaak het dat die Egiptiese ryk tot 'n val gekom het.[3]

Hoewel ons kennis van die Egiptiese beskawing en die aard en omvang van sosiale denke in dié tyd beperk is tot daardie insigte wat ons kan verkry van die inskripsies op kleitablette en die grafkelders van die Farao's, moet ons op hierdie stadium aanvaar dat die aard en omvang van sosiale denke weliswaar nie hoogs ontwikkeld was nie, maar ten minste gevorderd in vergelyking met die primitiewe samelewings. Ons moet voorts aanvaar dat die invloed wat uitgegaan het vanuit die Egiptiese beskawing, veral tydens die Agtiende Dinastie, rigtinggewend op die omliggende samelewings was. Dat die effektiwiteit van die administratiewe burokrasie, die aard en omvang van sosiale welsyn, wetgewing, religieuse ordening, literêre, argitektoniese en ander prestasies moes beïndruk, kan sonder vrees vir veel teëspraak aanvaar word. Daar kan voorts aanvaar word dat hierdie prestasies sosiale verandering elders kon gestimuleer het.

5. Sosiale denke tydens die antieke Chinese samelewing

Dat die Chinese beskawing tot stand gekom het lank voor die Romeinse, Griekse of Persiese beskawings kan as feitelik korrek aanvaar word.

---

1) Furfey, P.H., Op. cit., p. 44 e.v.
2) Weech, W.N. (redakteur), Op. cit., p. 44.
3) Ibid., pp. 48-49.

Chinese stamme het hulle aanvanklik in die omgewing van die Geelrivier in die noorde van China gevestig.[1)]

Resente paleolitiese en neolitiese opgrawings het bewys dat die kultuur in China oor 'n baie lang tydperk ontwikkel het. Dat hulle in die proses baie oorgeneem het van omliggende beskawings is eweneens duidelik. Die Chinees het egter sy eie besondere identiteit op alle kulturele leengoed afgestempel sodat die Chinese kultuur 'n besondere identiteit weerspieël. So verskil die Chinese skrif byvoorbeeld radikaal van die Mesopotamiese- of Egiptiese skrifvorme.[2)]

Die eerste aanduidings van 'n politieke organisasie tref ons aan in die gemeenskappe langs die Geelrivier waar die huidige provinsies van Honan, Hopei en Shantung geleë is. Hierdie politieke organisasie het waarskynlik reeds ongeveer 5 000 jaar gelede 'n aanvang geneem.[3)]

Die landbouers in daardie streek het hul geleidelik begin onderwerp aan mag, wetlik toegepas, en het sodoende lede geword van klein rowerbendes se domeine wat later 'n feodale vorm aangeneem het waarin die kapteinskap oorerflik was en hy saam met ondergeskikte edelmanne geheers het. Onder hierdie beskermers en meesters kon die landbou-aktiwiteite van die landbouers floreer.

Wedersydse strooptogte tussen strydende groepe het voorgekom sowel as tussen hierdie groepe en "barbare" uit die omland.

Tradisionele heerskappy deur die oudste in die boeregemeenskap het ontstaan wat weer gedeeltelik plek moes maak vir charismatiese heerskappy waarin die hoofman se uitsonderlike of buitengewone kwaliteite gepaard gegaan het met 'n fase uit die natuurlike orde waarmee hy geassosieer is.

Een van die hooffunksies van hierdie hoofmanne of kapteins was die benutting van hul charisma deur waarsêery of voorspelling. Sou hy in die funksie faal, is hy spoedig opgevolg deur 'n hoofman wat beskik oor die charismatiese leierskapskragte van

---

1) Ibid., p. 333.
2) Furfey, P.H., Op. cit., p. 83.
3) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 48 e.v.

voorspelling en het sy ondergeskikte aristokrasie hul weer bevind onder: "... the guidance of a true Son of Heaven".[1] Op hierdie wyse het dinastieë mekaar opgevolg en het monargieë tot stand gekom. Hierdie feodale figuur het meer as bloot religieuse funksies gehad om te vervul. Die ampte van hoëpriester en koning is in hom verenig.

In die uitoefening van rasionele heerskappy is gebruik gemaak van 'n omvattende burokrasie verdeel in ses rade, elk onder die toesig van 'n minister. 'n Eerste minister was in beheer van die ministers. Die eerste minister was die verpersoonliking van die koning self - en in gevalle van 'n swak monarg selfs sy meester.

Hierdie organisasie was primêr van toepassing op die sentrale regering, maar selfs ondergeskikte feodale het hul regeringsorganisasie gemodelleer op die patroon van dié van die monarg. Die alledaagse lewe van die koning, sy regeringsamptenare en feodale heersers was deur middel van seremonies streng gekontroleer.

Hierdie bedeling het nie stand gehou in die Chinese geskiedenis nie, maar is gevolg deur 'n tydperk waarin verskillende koninkryke in stryd met mekaar gewikkel was (vyfde eeu voor Christus). Tog kry ons duidelike blyke van 'n bepaalde mate van ontwikkelde sosiale denke, soos hier primêr gepoog te weerspieël is, in die sosiale orde tot stand gebring deur 'n bepaalde vorm van politieke bedeling. Die sosiale denke uit antieke China kan vir ons doel ten beste gerekonstrueer word uit die geskrifte van Confucius (ongeveer 551 - 479 v.C.).

Confucius was waarskynlik een van die invloedrykste denkers van die Chinese vasteland. Hy was in die staatsdiens werksaam in sy tuisstaat Lu in die moderne provinsie Shantung. Confucius het egter in opstand gekom teen die onwaardige gedrag van sy heerser Duke Ting en het gevlug, waarna hy die grootste deel van sy lewe as leermeester deurgebring het.[2]

Hoewel hy nóg as hervormer nóg as religieuse leier bestempel kan word, was hy geïnteresseerd in politieke- en staatsake. As leermeester het sy werke daardie konsepte weerspieël wat reeds voor sy tyd beslag gekry het.[3]

---

1) Ibid., p. 50.
2) Furfey, P.H., Op. cit., p. 86.
3) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 42 e.v.

Confucius self het geglo in die uitleef van 'n goeie voorbeeld. Deur imitasie sal die gewenste gevolge resulteer. Op hierdie wyse, het Confucius gehoop, sou die samelewing verbeter kon word. Hy was ten gunste van die uitbou van die prinsipiële beginsels van sosiale orde meer as ten gunste van sosiale vooruitgang. Hy was van mening dat die mens na perfeksie moes streef.

In Chinese sosiale denke is die gesin en die staat aanvaar as twee leidende institusies in die samelewing. Die antieke Chinese wette was omvattend en het aan die regters ekstensiewe magte verleen. Volgens die Chinese wette is 'n beskuldigde persoon as skuldig beskou totdat hy onskuldig bewys is.

Gehoorsaamheid en onderdanigheid aan gesag was eeue lank 'n kardinale sosiale beginsel vir die Chinese en is deur Confucius se leer verder ingeskerp. Die algemene leer van Confucius word goed saamgevat in die volgende woorde: "Confucius was a humanitarian rather than a materialist; he was a utilitarian rather than an idealist. In these attitudes he reflects not his own opinions so much as the thought of the generations which preceded him."[1)]

Confucius het die staat gesien in dieselfde lig as die gesin. Soos die gesin sonder wette regeer word, so moet die staat geregeer word. Hy het 'n fundamentele wantroue in wette gehad en gesê dat, indien die mense deugsaam is, sal hul korrek optree; maar indien hul nie aan die verwagtings voldoen nie, sal strafafdwinging weinig effek hê. In belang van die samelewing moes straf egter in sekere gevalle toegedien word.[2)]

Confucius is voorts van mening dat, net soos die seun sy vader gehoorsaam uit respek en nie uit vrees vir straf nie, sal burgers die regverdige heerser gehoorsaam. Hy het die koning of heerser beskou as die "vader" van sy mense. Regering deur oortuiging eerder as straf moet deur die amptenary van die regering beoefen word, aangesien gehoorsaamheid nodig is ter wille van orde in die samelewing. Vir Confucius het die koning dieselfde absolute gesag in die staat as wat die patriarg oor sy familie het, en hoewel hy

---

1) Ibid., p. 44.
2) Chambliss, R., Op. cit., p. 85.

hierdie gesag via ministers uitvoer, moet hy nog self die verantwoordelikheid dra.[1)]

Confucius het klaarblyklik nie oorweging geskenk aan die moontlikheid van verteenwoordigende regeringsvorme nie.[2)] Trouens, hy was van mening dat mense nie eens die regering moes bespreek indien die koninkryk ordelik is nie. Klaarblyklik het Confucius ook nie eksplisiet aandag gegee aan die moontlikheid van rewolusie nie, maar hy het egter geen twyfel gelaat oor die ware doel van 'n regering nie, naamlik die welsyn van die onderdane. Nie alleen moes die amptenary as 'n voorbeeld dien vir die onderdane nie, maar moes hul eie verantwoordelikhede nougeset nakom.

Chambliss vat Confucius se beskouing oor die staat goed saam in die stelling dat laasgenoemde die staat gesien het as 'n verligte patriargale stelsel waarin die koning alleen die gesagsdraer in die staat is, alhoewel hy opgeleide raadgewers en administratiewe amptenare kon betrek. Die regering bestaan vir die voordeel van die onderdane en verkry sy magte regtens deur die goedkeuring van die onderdane.[3)] Kontrole word uitgevoer met behulp van liefde en navolgingswaardige voorbeelde en in uiterste gevalle deur straf. Konsepte soos nasionalisme, militarisme en demokrasie was vreemd aan die denke van Confucius.

Dat die Westerling uiters omsigtig te werk moet gaan in die evaluering van antieke Chinese denke blyk duidelik uit die feit dat die sosiale denke van die antieke Chinees aanvanklik verskille vertoon met dié van byvoorbeeld die Babiloniër. Die Chinese evaluering van tyd, ruimte en getal is veel minder abstrak en veel meer kultureel en sosiaal van aard as dié van die klassieke Westerling. Die mindere eksaktheid en absoluutheid blyk uit die twee Chinese kategorieë, Yang en Ying, wat na alle waarskynlikheid beskou kan word as konfigurasies van manlike en vroulike eienskappe of attribute: "Yang. (n.) The male or positive principle in nature. The sun. The south of a hill. The north of a river. Penis. (adj.) Male; masculine. Sunny; light; brilliant.

---

1) Ibid., p. 86.
2) Ibid., p. 87 e.v.
3) Ibid., p. 88.

Yin. (n.) A shadow; shade. The south of a river. The female or negative principle in nature. The (female) ... genitals. (adj.) Shady; dark; cloudy; gloomy. Cold. Mysterious; secret. Female; feminine."[1)]

Dat Yang en Ying dus nie klassifikasie-beginsels verteenwoordig in die abstrakte sin nie, is duidelik.[2)]

Teen die agtergrond van sosiale monisme wat Chinese denke gekarakteriseer het waarin die wette van die natuur en die wette van die mens hand aan hand gegaan het, moet die sosiale denke van die antieke Chinese samelewing geëvalueer word. Samevattend kan gekonstateer word dat: "The identification of the natural and the social led to a great emphasis on ceremonial as an all-sufficient technique of control. The chieftain, incorporating the magical efficacies first stressed by the rural cult, became a lay figure dominated by court etiquette, in accordance with the teachings of Chinese social monism."[3)]

6. Sosiale denke tydens die antieke Indiese samelewing

Die sosiale denke van die antieke Indiese samelewing word goed verbeeld in die omvangryke literatuur, beide "heilig" en sekulêr van aard oor Indië.[4)] Hindoeïsme verteenwoordig 'n belangrike faset van Indiese sosiale denke. Fundamenteel aan Hindoeïsme is die gedagte van reïnkarnasie wat die hergeboorte van die self of siel na die dood impliseer en wel op 'n hoër of laer vlak van bestaan.[5)]

Nog 'n faset tiperend van Indiese sosiale denke is die kastebegrip. "The word caste is sometimes used to describe a scheme of social organization in which status is wholly ascribed: one is born into a station in life, and there is no escape from that station into another."[6)] Chambliss toon egter ook aan dat kaste vir

---

1) Fang, O.Z., "Complete Chinese-English Dictionary" soos aangehaal deur Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 56.
2) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 56.
3) Ibid., p. 81.
4) Ibid., p. 72.
5) Ibid., p. 73.
6) Chambliss, R., Op. cit., p. 113.

die Hindoe nie 'n abstrakte konsepsie is nie. Dit is die mees essensiële faktor in die konkrete ervarings van sy daaglikse lewe.[1)]

Die hele gemeenskap was verdeel in vier kastegroepe met streng grense tussen elk. Die Brahman was die eerste kaste en het die geleerde of priestergroep gevorm, gevolg deur die Kshatriya of soldaat. Ondergeskik aan Kshatriya was die Vaisya, die boere of handelaars en laastens die Sudras, die arbeiders. Die Pariahs was diegene sonder enige kaste en was ondergeskik aan die bogenoemde vier kastegroepe.[2)]

Uit hierdie kaste-indeling het 'n gesonde basis vir sosiale orde gespruit. In die wedersydse aanvaarding van die beginsels van die kastesisteem het die lede van die verskillende kaste 'n medium tot aanpassing teenoor mekaar gevind.[3)]

In die lig van die voorafgaande paragraaf is dit dus duidelik dat die Brahmane hoog in aansien was in die Indiese samelewing; hul religieuse en sekulêre mag was van aansienlike omvang. Priesters en konings het Brahmane aanvaar as leermeesters en adviseurs.[4)] Die Brahmaanse denkers het daarin geslaag om die politeïstiese inslag van die tradisionele oorleweringe ("lore") te oorkom en die panteïstiese idee van 'n enkele onpersoonlike entiteit, Brahma, te ontwikkel.

Die Indiese navolger van Brahma het onder leiding van sy Brahmaan of Brahmaans-gekontroleerde meester (die "guru"), wat beskou is as 'n menslike god, gepoog om sy posisie te verbeter tydens sy volgende reïnkarnasie deur goeie dade en die moeitevolle vervulling van sy kaste-"dharma".

Brahma is beskou as die allesomvattende geheel waarin die self 'n deel vorm en waarvan die kortstondige materiële wêreld 'n teenhanger vorm.[5)] "Dharma" is van kardinale belang in die konsepsie van die bonatuurlike, geïnkorporeer in Brahma. "Dharma" is essensieël "heilig" van aard en is vertaal as wet, regverdigheid,

---

1) Ibid., p. 113.
2) Weech, W.N. (redakteur), Op. cit., pp. 314-315.
3) Chambliss, R., Op. cit., p. 113.
4) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 75.
5) Ibid., p. 76.

ritueel, plig en heilig gedrag en "die beoefening van oorgeërfde funksie in die sosiale organisme".[1)]

Die beoefening van "dharma"-ritueel in die "dharma"-praktyk is 'n uitvloeisel van die magiese norme vervat in die "heilige" handelwyses soos neergelê in vergange eeue. Gevolglik is "dharma" 'n bepaalde tradisionele vorm, dog met ewigheidswaarde. Voorts het elke kaste sy eie besondere "dharma" sodat die essensiële vraag in die Indiese samelewing nie is: "Waarin glo jy nie?" maar: "Wat is jou 'dharma'?" Diegene wat die perke van sy "dharma" oorskry, degenereer nie alleen na 'n laer kaste nie, maar kan selfs uitgeworpenes word.[2)]

Sekulêre sosiale denke is vervat in die "shastra"-geskrifte van Manu, Kamandaka, Shukra en Kautilya. "Shastra" is 'n wetenskap wat dui op 'n sistematiese beskrywing en analise van sekulêre kennis. Teorieë wat hierin voorkom, handel onder andere oor die oorsprong van die staat, die rol van dwang in die sosiale lewe en die verhouding heerser tot onderdaan. By enkele aannames in die verband word vervolgens stilgestaan.[3)]

Ooreenkomstig klassieke Indiese denke was die mens inhalig, voortdurend in stryd met die morele kode as gevolg van sy leuens, seksuele promuskuïteit, diefstal en soortgelyke gedrag, en, bloot op homself aangewese, was die wêreld soos die "duiwel se werkswinkel". Voorts, indien die mens in vrede wil leef, moet hy bedwing word. Hierdie bedwinging word weerspieël in "danda" wat sanksie, dwang en straf omvat.

"Danda" weerspieël die essensie van stabiele samelewingsverhoudings en sosiale lewe is alleen moontlik omdat dit georganiseer is in 'n staatsvorm. Uit hierdie "shastra"-geskrifte blyk duidelik die sekulêre aard van die Indiese politieke lewe reeds sedert die vroegste Indiese geskiedenis. Wette is beskou as beide "heilig" ("dharma") en sekulêr ("danda") van aard. "Danda" is beskou as absoluut, met jurisdiksie oor almal. Die hele wêreld word daar-

---

1) Ibid., p. 76.
2) Ibid., p. 76. (Vir 'n vollediger uiteensetting van die onderhawige tema vergelyk genoemde bron).
3) Ibid., pp. 77-82. (Die hieropvolgende saaklike uiteensetting is primêr uit die bron geneem).

deur gerig, en alle geskape wesens daardeur tot hul onderskeie verantwoordelikhede gebring. Sodoende word samewerking in belang van menslike geluk verseker. "This exaltation of positive law as the essence of sovereignity has far-reaching consequences for the relations of rulers and ruled."[1)]

Hoewel die heerser aan bewind "danda" personifieer, is hyself onderworpe daaraan. Uit die Indiese teorie oor die staat blyk die dilemma van koningskap: Slegs in die hantering van "danda" kan die koning regverdig heers, maar daarmee saam kom die wraak indien dit wanbenut word. In terme van "danda" kan daardie koning wat afwyk van sy verantwoordelikhede regtens ter dood veroordeel word. In terme hiervan kan die onderdane ook regtens rebelleer en in opstand kom. Deur Brahma word die heerser 'n dienskneg van sy onderdaan, en die inkomstebelasting wat hy in, is sy beloning. Teoreties dus, alhoewel een van die weinige kontakpunte tussen heerser en onderdaan versinnebeeld word deur kontant, word die gedagte nie tot sy uiterste gevoer deur die "shastra"-skrywers nie.

In werklikheid het die meerderheid van hulle die staat as 'n organisme beskou waarin die koning bloot die kop van die liggaam of organisme verteenwoordig en dus bloot nog 'n deel van die organisme is. Deur hulself te weerhou van direkte deelname aan die politiek, maar deur te verhoed dat enige leerstelling oor die goddelike reg van konings rewolusie kon bemoeilik, het die Brahma-intellektueles hul eie posisie verstewig. Aannames oor die sekulêre aard van die staatshoof was in Indië 'n metode om die politieke proses te kontroleer in belang van die priesterlike kaste, die Brahmane.

Ten slotte kan gekonstateer word dat Indiese sosiale denke, soos die geval was met die Chinese sosiale denke, 'n unieke eie aard vertoon en dat die basiese aannames, soos uitgekristalliseer in die geskrifte van die klassieke skrywers, oor reïnkarnasie, Brahmanisme, die kastestelsel, "dharma" en "danda", die Indiese samelewing en ook die staatkundige bestel in Indië rigtinggewend beïnvloed het.

---

1) Ibid., p. 79.

7. Sosiale denke tydens die antieke Hebreeuse samelewing

Die Hebreeuse samelewing is van die klassieke samelewings seker die bekendste, veral as gevolg van die Ou Testamentiese geskrifte. Vanweë die omvang van die vroegste Hebreeuse literatuur is 'n neutedop samevatting van die Hebreeuse samelewing meer problematies. Soos met die hierbo bespreekte klassieke samelewings, word egter vir ons doel slegs 'n kernagtige weergawe van enkele primêre aspekte van die Hebreeuse sosiale denke hier beoog. Hoewel ons hier sal volstaan met 'n saaklike weergawe van enkele momente uit die Ou Testamentiese sosiale denke, volg daar in 'n volgende onderafdeling egter ook enkele verwysings na momente uit Nuwe Testamentiese denke.

Hitti voer die aanvang van die Hebreeuse geskiedenis terug tot die uittog uit Egipte (1234-1215 v.C.) onder leiding van Moses.[1] Furfey wys daarop dat die Hebreërs Semiete was, dat hul nomade was wat 'n landelike lewe gelei het, in tente gewoon het en in die reël veeboere was. Hy wys op die trek na Egipte en die Hebreërs se verblyf in Egipte - waarskynlik tydens die heerskappy van die Hiksos Dinastieë (Vyftiende tot Sewentiende Dinastieë).[2]

Dit was tydens die Hebreër se verblyf in Egipte dat hulle nie alleen 'n geweldige getalstoename beleef het nie, maar ook 'n mate van tegniese kundigheid bemeester het en gebaat het by die ontwikkelde Egiptiese kultuur. Algemeen opvoedkundig gesien, het die Hebreërs dus gebaat deur hul verblyf in Egipte.

Globaal geneem, weerspieël die sosiale denke van die Hebreër 'n monoteïstiese inslag wat eksplisiet blyk veral na die uittog uit Egipte. Onder Goddelike leiding en heerskappy moes Moses Israel uit Egipte lei en uit Goddelike hand het Moses die Mosaïse wette ontvang wat eventueel in 'n teokrasie uitgekristalliseer het. Gevolglik is die hele staatsorde op 'n "heilige" grondslag gevestig. "Whoever held the secular power was to remain quite conscious that he acted only as an agent of the Almighty."[3]

---

1) Hitti, P.K., Op. cit., p. 94.
2) Furfey, P.H., Op. cit., p. 59 e.v.
3) Ibid., p. 62.

Die burgers van hierdie staat was eksklusief Hebreërs, ook bekend as Israeliete of Jode.[1] Ten spyte van die feit dat die Hebreërs sedert hul uittog uit Egipte tot in moderne tye 'n baie sterk groepskohesie openbaar, bly dit nog steeds een van die onbeantwoorde vrae waarom die organisering van 'n politieke staat solank agterweë gebly het.[2]

Na die vestiging in Kanaän was Israel onderskeidelik onder die leiding van rigters, konings en profete.[3]

Voordat ons egter 'n nadere omskrywing van die Hebreeuse sosiale ordening gee, is Bogardus se bydrae tot die siening van demokrasie uit die Ou Testamentiese literatuur hier relevant.[4]

Die konsep van demokrasie het hand aan hand ontwikkel met die evolusie van die idee van Jehova.[5] Die staatskonsepsie van die Hebreërs het talle demokratiese momente omvat. Die fundamentele doel van die staat was die welsyn van die volk. Hieruit spruit die patriotisme en lojaliteit kenmerkend van die Hebreër.[6]

Word die regering[7] van die Hebreërs in oënskou geneem, blyk dit dat die verwantskapsbande onder die antieke Hebreër baie sterk was, en die intense stamlojaliteit het die organisering van 'n verenigde koninkryk bemoeilik. Salomo was trouens die enigste koning wat daarin kon slaag om die Hebreërs onder hom te verenig. Saul en Dawid kon daarin slaag slegs in tye waarin die Hebreërs gekonfronteer was met ernstige vyandelike gevaar. In werklikheid is Saul se koningskap in die lewe geroep nie deur die Hebreër se liefde vir die monargie nie, maar vanweë die bedreiging van die Filistyne. Vir 'n volk in oorlog gewikkel, was onderdanigheid aan 'n leier gedetermineer deur noodsaak. Die reg om te rebelleer was egter erken en Dawid, wat hierdie reg beoefen het, moes aanskou hoedat sy eie seun 'n volksleër teen hom op die been bring.

---

1) Vir 'n uiteensetting van hierdie begrippe vergelyk: Chambliss, R., Op. cit., pp. 128-129.
2) Ibid., p. 129.
3) Vergelyk in die verband: Weech, W.N. (red.), Op. cit., pp. 82-91.
4) Vergelyk: Bogardus, E.S., Op. cit., pp. 64-68.
5) Vergelyk ook: Hitti, P.K., Op. cit., p. 94.
6) Bogardus haal die geskrifte van Job en Hosea in die verband aan. Bogardus, E.S., Op. cit., p. 65.
7) Hierdie uiteensetting is primêr gedoen uit Chambliss, R., Op. cit., p. 135 e.v.

U.O.V.S.—U.O.F.S. BLOEMFONTEIN BIBLIOTEEK-LIBRARY 29594

Tydens Salomo se heerskappy het hy die vyand op 'n afstand kon hou en alhoewel die volk ontevrede was onder hom, was hulle magteloos, primêr as gevolg van die feit dat Salomo die oudstes van die stamme van sommige van hul magte ontneem het deur die onderverdeling van die land in administratiewe distrikte wat oor bestaande stamgrense heen gesny het. Desnieteenstaande het die Hebreërs na die dood van Salomo verbrokkel en is honderde jare later eers weer gepoog om te herenig in een onafhanklike staat.

Die onvermoë van die Hebreërs om 'n effektiewe, bestendige en durende politieke organisasie te realiseer, gee aanleiding tot die vraag wat hul konsepsie van 'n nasie was. Die Hebreër het geglo dat Israel tot stand gekom het as gevolg van 'n verbond tussen God en Sy uitverkore volk. Hoewel hulle ook na vrede en sekuriteit gestreef het, het hulle geglo dat dit alleen tot stand kon kom deur gehoorsaamheid aan God en trou aan die heilige verbond. Gevolglik het die Hebreërs net hulself blameer vir hul terugslae en teleurstellings.

Sosiale orde en 'n nasie sodanig beskou, het nie alleen konformering aan die geldende norme in die samelewing impliseer nie, maar ook berus op die aard van die norme. Nie alleen is die groep omvattend beklemtoon nie, maar is die individu slegs van belang primêr met verwysing na die "volk", na Israel. Hiermee word individuele verantwoordelikheid egter nie opgehef nie, dog die volk word primêr verantwoordelik gehou vir wat ookal met hul gebeur.

Die Ou Testamentiese Hebreër het geglo: "Good and kindly men cannot with the best of intentions and with the utmost diligence in the promotion of their plans create an orderly society, because there is not such power in unaided human reason. The individual conscience can be trusted only when it accords with God's will; human reason is useful only when it implements God's plan. Divine law is the only answer to the problem of social order."[1)]

Die verkryging van sosiale orde deur 'n perfekte gehoorsaamheid aan die Goddelike Wet was beskou nie alleen as 'n ideaal nie,

---

1) Ibid., p. 137.

maar as 'n voorvereiste vir die ideale regering. Die perfekte regering kon vir die Hebreërs alleenlik tot stand kom deur die sogenaamde "Vroom Prins". Desnieteenstaande was die Messiaanse Hoop nie bloot 'n vroom wens nie, maar 'n oortuiging wat met verloop van tyd sou realiseer. Onder hierdie bedeling sal die behoefte aan dwang en bedwinging deur die wet verval. In die tussenstadia is wette egter wel nog nodig aangesien hul chaos verhoed en vrede bevorder. Dit is egter nie genoeg om vir die mens te sê om nederig te wees en genade te betoon nie; hy moet ook gewys word hoe om dit te doen. Daarom die breedvoerige detail in die wette van die Hebreërs. Hulle voorsien gedragsnorme vir die tydelike waardeur die mens vrede kan bekom voor sy uiteindelike verlossing.

8. Polities-sosiale denke in klassieke Griekeland soos verteenwoordig in die bydraes van Plato en Aristoteles[1)]

Alhoewel ons hier primêr sal poog om Plato en Aristoteles se bydrae tot die polities-sosiale denke in vroeë Griekeland saaklik weer te gee, sal ons ook oorsigtelik stilstaan by die Griekse stadstate wat 'n noodsaaklike agtergrond waarteen Plato en Aristoteles se bydrae gesien moet word, verskaf.

8.1 Die Griekse stadstate

Alhoewel die Grieke aanvanklik vir baie jare in verspreide dorpies geleef het, het die mense in 'n sekere gebied of vallei saamgegroepeer in 'n enkele politieke eenheid ten einde hul gode te kan aanbid, handel te dryf, beter selfverdediging toe te pas en om algemene regering daar te stel.[2)] Die kern van die gemeenskap is gevorm rondom 'n permanente hoogte in die middel van die vallei of gebied. So 'n gemeenskap was 'n stadstaat (Grieks "πολις")

---

1) Vir 'n volledige uiteensetting van die Griekse geskiedenis vergelyk:
   (i) Bury, J.B., A History of Greece, in geheel. Vir 'n saaklike samevatting (tot 500 v.C.) vergelyk:
   (ii) Weech, W.N. (redakteur), Op. cit., pp. 97-172.
   (iii) Hayes, C.J.H., Baldwin, M.W., Cole, C.W., Op.cit., pp. 5-27.

2) Vergelyk:
   (i) Weech, W.N. (redakteur), Op. cit., p. 104.
   (ii) Cook, T.I., History of Political Philosophy, pp. 15-25.

= stad) genoem. Die Griekse geografie het die daarstelling van 'n staat met miljoene onderdane 'n fisiese bykans onmoontlikheid gemaak vir daardie tyd.

Weech[1] toon duidelik aan dat die Grieke so na aan die kern van die regering geleef het dat dit bykans as natuurlik aangevoel is om 'n aandeel daarin te hê. Dusdanig is weggedoen met konings en kapteins en het die Grieke met een van die grootste politieke eksperimente in die menslike geskiedenis begin, naamlik om hulself te regeer. In die proses het die Griek 'n besondere sin van trots teenoor hul vryheid en lojaliteit teenoor hul polis ontwikkel sodat hulle in werklikheid vir die polis geleef en selfs bereid was om daarvoor te sterf.

Dat almal aanvanklik nie gedeel het in die gedagte van die stadstaat nie is duidelik. Aanvanklik het slegs die ryk landhere seggenskap gehad. Voorts kon die Griekse samelewing in drie klasse verdeel word.[2]

Die slawe het geen aandeel in die regering gehad nie en het ongeveer 'n derde van die bevolking daargestel. Die tweede klas is gevorm deur residensiële buitelanders. Alhoewel 'n vryman, wat hoofsaaklik met die handel of ekonomie van die stad te doen gehad het, het laasgenoemde geen aandeel in die politieke lewe van die stad gehad nie. Die derde klas word daargestel deur diegene wat lede van die stad was (hoofsaaklik en bykans uitsluitlik deur geboorte bepaal). Hulle het die voorreg gehad om deel te neem aan die politieke lewe in die stad. 'n Griek was burger van daardie stad waaraan sy ouers behoort het. Burgerskap het dus lidmaatskap impliseer wat daarop neergekom het dat die lede aandeel kon hê in die politieke en openbare aangeleenthede van die stad. Ongeag die omvang en aard van deelname was laasgenoemde uiteraard weer bepaal deur die mate van demokrasie geldend in die stad.

Die politieke institusies[3] van die Griekse stadstate vertoon primêr die volgende kentrekke. Al die manlike burgers van die stadstaat het 'n Vergadering gevorm - 'n Dorpsvergadering wat elke

---

1) Weech, W.N. (redakteur), Op. cit., pp. 104-105.
2) Sabine, George H., A History of Political Theory, pp. 4-6.
3) Vergelyk: Ibid., pp. 6-11. (Sabine gebruik Athene hier as voorbeeld).

Athener kon bywoon nadat hy die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik het. Hierdie Vergadering het gereeld tien maal per jaar byeengekom of ook in buitengewone omstandighede indien die Raad so 'n vergadering belê het.

Hoewel hierdie Vergadering nie noodwendig beleid geformuleer het nie, was dit 'n politieke middel waardeur die magistrate en die amptenare verantwoordelik gestel is aan die burgers, en onderhewig aan hul kontrole. Die Vergadering het dus 'n tipe verteenwoordiging, groot genoeg vir 'n deursnee-verteenwoordiging van al die burgers, daargestel.

Herverkiesing was nie moontlik nie. Gevolglik is die geleentheid geskep vir ander burgers om 'n aandeel in die regering te hê. Ooreenkomstig hierdie beleid is magistrate aangewys, nie individueel nie, maar uit die bepaalde stam waaruit die burgers gekom het. Die mag van die magistrate was egter in die reël beperk. Die sleutelliggame wat kontrole oor die regering uitgeoefen het, was die Raad van Vyfhonderd en die howe bestaande uit juries.

Die Atheners was vir doeleindes van plaaslike regering verdeel in ongeveer 'n honderd "wyke" wat die eenhede van plaaslike regering daargestel het. Lidmaatskap van 'n wyk is erflik bepaal en al sou 'n lid van een wyk verhuis, bly hy nog lid van die eersgenoemde. Hierdie wyke het beperkte bevoegdheid en belangrikheid gehad. Hul primêre funksie was om kandidate daar te stel vir die onderskeie liggame waardeur die sentrale regering geopereer het. Hierdie stelsel was 'n kombinasie van verkiesing en die lot werp. Die wyke het die kandidate voorsien en die amptenaar is dan aangewys deur die lot te laat beslis wie die aangewese persoon is.

Die Atheense generaals (tien in getal) is egter nie op hierdie wyse verkies nie. Hulle is direk verkose en kon herkies word. Veral tydens die imperiale tydvak was die mag van die generaal in buitelandse provinsies aansienlik en het hulle gevolglik ook groot invloed uitgeoefen op die Vergadering en die Raad in Athene. In die verband was dit dus nie soseer 'n militêre pos as 'n administratiewe amp wat van die grootste belang was nie.

Die Raad van Vyfhonderd was in werklikheid die uitvoerende en bestuurskomitee van die Vergadering in Sparta. Met sy aristokra-

tiese inslag was die Raad en Senaat saamgestel uit oudstes wat lewenslank verkies is sonder verantwoording aan die Vergadering.

Die Raad se samestelling was te lomp vir effektiewe fungering. Gevolglik is vyftig lede van een stam vir 'n gedeelte van die jaar aangestel. In die praktyk moes die Raad voorstelle aan die hand doen vir die Vergadering vir oorweging. Die Raad was ook die uitvoerende bestuur in die regering. Die magistrate was onderhewig aan die Raad se kontrole. Die Raad kon as sodanig as 'n hof figureer deurdat hy bevoeg was om tronkstraf en die doodstraf op te lê. Belasting, finanskontrole, die administrasie van openbare eiendom, die vloot en 'n veelvoud van ander administratiewe fasette en amptenare was onder die effektiewe beheer van die Raad. Die Raad was egter altyd afhanklik van die goeie samewerking van die Vergadering.

Die howe het egter populêre beheer oor die magistrate, wette en wetstoepassing uitgeoefen. Lede van hierdie howe is ook deur wyke aangewys. Vir doeleindes van hierdie studie gaan ons egter nie verder op die juridiese inkleding van die stadstate in nie.

8.2 Plato (± 427 - 347 v.C.)

Plato was afkomstig uit 'n aristokratiese Atheense familie en een van Socrates se belangrikste leerlinge.[1] Een van Plato se belangrikste bydraes, Republic, was 'n poging tot die omskrywing van die ideale samelewing waarin reg en geregtigheid sou heers. Laws, sy volgende belangrike werk, was 'n uiteensetting van 'n praktiese sosiale en politieke konstitusie wat die lig gesien het nadat hy waargeneem het dat die ideale soos uiteengesit in sy werk Republic nie sou realiseer nie.[2] Plato het 'n besondere belangstelling in die politiek getoon; vandaar sy literêre produktiwiteit op die onderhawige terrein.

Om reg te laat geskied aan Plato se omvattende bydrae is 'n saak van onmoontlikheid binne die hierbeoogde raamwerk en ons sal slegs

---

1) Vergelyk:
   (i) Elwood, C.A., Op. cit., p. 18.
   (ii) Strauss, Leo, "Plato" in Downton, J.V., Hart, D.K. (redakteurs), Perspectives on Political Philosophy, Volume I, pp. 40-93.

2) Ellwood, C.A., Op. cit., p. 20.

op enkele fasette daarvan konsentreer. Vir Plato was die ontstaan van die staat geleë in die behoeftes van mense. "Then, as we have many wants, and many persons are needed to supply them, one takes a helper for one purpose and another for another; and when these partners and helpers are gathered together in one habitation the body of inhabitants is termed a state."[1)]

Plato toon aan dat hulle in wisselwerking verkeer, waarin die een gee en die ander neem, elk onder die indruk dat dit in sy eie belang is. Hy neem as uitgangspunt die basiese behoeftes van die mens, naamlik voedsel, kleding en woning, en waar daar 'n assosiasie bestaan van mense waar hierdie behoeftes vervul word, is 'n staat in rudimentêre vorm.

Hy kwalifiseer staatwording verder deur te wys op die rol van die handel, die mark, handelaars, die ekonomie, arbeiders, produsente en so meer. Uit hierdie evaluering van die staat se ontstaan, gee hy ook 'n uiteensetting van die aard van politieke assosiasie. Uit sy voorlopige ontleding blyk dit dat die band wat individue verenig in 'n staat, hul wedersydse ekonomiese afhanklikheid is.

Foster[2)] maak egter twee afleidings uit Plato se ontleding: een met betrekking tot die aard van die staat en die ander met betrekking tot die deugsaamheid van die mens.

In die lig van Plato se uiteensetting blyk dit egter dat die aard van die staat rigtinggewend beïnvloed word deur die wagte ("guardians") aan wie hy 'n prominente deel van sy ontleding wy. Hulle stel 'n belangrike element van die politieke staat daar wat ontbreek het in die primitiewe staat.

'n Politieke samelewing moet egter ook oor die volgende twee eienskappe beskik: eerstens, 'n regerende liggaam wie se spesiale funksie dit is om die algemene belange van die geheel na te streef. Dit kan gerealiseer word deur die daarstelling van 'n heersersklas ("guardian class") wie se taak dit is om te organiseer in belang van die geheel. Die tweede faktor is dat die heersersklas nie hul eie belange mag nastreef nie aangesien die doel waarvoor hul gerealiseer is daarmee verval.

---

1) Plato, "Republic", Boek II, pp. 369-372 soos aangehaal deur Foster, M.B., Masters of Political Thought, Volume I, p. 53.
2) Ibid., pp. 56-57.

Saaklik saamgevat, sien Plato se teorie van die staat soos volg daaruit:[1] Die goeie staat moet die volgende deugde omvat: wysheid, braafheid, regverdigheid en matigheid (bedaardheid). Wysheid is die eienskap van die wagters (heerser(s)), wat in wysheid moet regeer in belang van die geheel. "And so by reason of the smallest part or class, and of the knowledge which resides in this presiding and ruling part of itself, the whole state, being thus constituted according to nature, will be wise; and this, which has the only knowledge worthy to be called wisdom, has been ordained by nature to be of all classes the least."[2]

Voorts moet die staat braaf wees wat bepaal word deur die moed ("courage") van sy vegters. Die soldate moet dus deeglik opgelei wees in onder andere gimnastiek en musiek ten einde ontvanklik te wees vir die reëls van perfeksie. Hul mening moet rigtinggewend gevorm word deur hul opleiding; onbeïnvloedbaar deur plesiersug, smart of vrees.

Bedaardheid impliseer harmonie in die staat en: "... is the ordering or controlling of certain pleasures and desires; ..."[3] Plato gaan uit van die veronderstelling dat daar in elke siel 'n positiewe en negatiewe moment is. Indien die positiewe oorheers, is die individu meester van homself. Indien die negatiewe oorheers, is die mens sy eie slaaf en sonder beginsels. Die staat is meester van homself indien die begrippe bedaard en selfbemeestering uiting gee aan die heerskappy van die positiewe oor die negatiewe. Hierdie oorheersing geskied via die ontwikkelde minderheid, die heersers, wat egter harmonie impliseer aangesien dieselfde kwaliteite ook by die onderdaan teenwoordig is.

Regverdigheid sentreer in die beoefening deur die individu van dit waarby sy natuur aangepas is. In die staat impliseer dit die handhawing van die drie onderskeie klasse, handelaar, regter en heerser met die behoud van die drie reeds geïdentifiseerde deugde, braafheid (moed), wysheid en matigheid (bedaardheid), aangesien dit die staat sal skaad om hom met die een klas te bemoei of deur dit in 'n ander klas poog te verander.

---

1) Plato, "Republic", Volume IV, pp. 427-434 soos aangehaal in Foster, M.B., Op. cit., pp. 70-77.
2) Ibid., p. 72.
3) Ibid., p. 74.

Plato se hoofleerstelling in sy werk Republic is dat deug kennis is, maar hierdie proposisie impliseer dat daar 'n objektiewe goed is wat geken moet word. Dit kan geken word deur rasionele en logiese ondersoek eerder as deur intuïsie, raaiwerk of geluk. Goed is objektief reëel en dit moet gerealiseer word, nie omdat die mens dit wil hê nie, maar omdat dit goed is. Die wilsmoment figureer dus slegs sekondêr aangesien wat die mens wil hê afhanklik is van hoeveel hy sien van die goeie, maar niks is goed bloot omdat dit verlang word nie. Hieruit blyk dit dus dat die kenner (filosoof, skolier, wetenskaplike) beslissende mag in die regering moet hê en dit is slegs sy kennis wat hom in staat stel om aanspraak op hierdie posisie te maak. Op grond van hierdie siening van Plato se prinsipiële ondertoon in sy werk Republic kom Sabine tot die volgende gevolgtrekking: "This is the belief which underlies everything else in the 'Republic' and causes Plato to sacrifice every aspect of the state that cannot be brought under the principle of enlightened despotism".[1)]

Alhoewel Plato later in sy werk Laws sy beskouing sodanig aangepas het om aan wette 'n sentrale posisie in sy staatsteorie toe te ken, gaan ons hier nie verder daarop in nie.[2)]

8.3 Aristoteles (384 - 322 v.C.)

Aristoteles, soos die meeste ander Grieke van sy dag volgens Chambliss,[3)] het politiek nie bloot beskou as 'n wetenskap wat poog om die middele waardeur politieke doelstellinge gerealiseer kan word, te ontdek nie, maar as 'n kuns wat die "goeie lewe" gedefinieer het en die individu in daardie rigting gestuur het. In sy Ethics sê Aristoteles dat politiek: "... determines what sciences are necessary in states, and what kind of sciences should be learned, and how far they should be learned by particular people ... as it makes use of the other practical sciences, and also legislates upon the things to be done and the things to be left undone, it follows that its end will comprehend the

---

1) Sabine, G.H., Op cit., p. 41.
2) Vergelyk: Ibid., pp. 67-88.
3) Chambliss, R., Op. cit., p. 197. Vergelyk oor Aristoteles ook: Barker, E., "Aristotle - His Life and Times ..." in Downton, J.V., Hart, D.K. (redakteurs), Op. cit., Volume I, pp. 111-154.

ends of all the other sciences, and will therefore be the true good of mankind ... For while in an individual by himself (good) is something to be thankful for, it is nobler and more devine in a nation or state."[1)]

In terme van tyd gereken, kom die huishouding voor die staat, dog Aristoteles, in sy beskouinge oor die oorsprong van die staat, voeg hieraan egter die volgende belangrike bykwalifikasie toe, naamlik dat in 'n natuurlike sin die staat voor die individu, gesin, dorp of gemeenskap kom aangesien: "the whole is necessarily prior to the part".[2)]

In essensie is die staat vir Aristoteles die fisiese vergestalting van 'n morele ideaal, aangesien die staat nie bloot primêr 'n politieke organisasie is nie, maar die morele doelstellinge daarin vervat, strek verder as bloot die beskerming van eiendom of die verskaffing van sekuriteit. Ten grondslag van die bestaan van die staat lê sy taak om die lewe goed te maak.[3)] Sosiale kontrole het omvattende aandag van Aristoteles geniet. Alhoewel hy 'n groot variëteit van regeringsvorme[4)] oorweeg het, het hyself nie dogmaties 'n keuse gedoen nie.

Volgens Bogardus[5)] het Aristoteles aanvaar dat een regeringsvorm nie ten koste van alle ander aanvaar moet word nie, aangesien 'n suksesvolle deugsame regering afhanklik is van die houding van die onderdane. Die menslike natuur moet verander word. Alle mense moet sosiaal deugsaam wees voordat 'n perfekte regering kan realiseer.

---

1) Aristoteles, "Ethics", p. 1094B (Welldon se vertaling) soos aangehaal deur Chambliss, R., Op. cit., p. 197.
2) Ibid., p. 197.
3) Aristoteles, Op. cit., Boek I, p. 25. Vergelyk ook:
   (i) Bogardus, E.S., Op. cit., pp. 101-103.
   (ii) Foster, M.B., Op. cit., Volume I, p. 124.
4) Aristoteles identifiseer basies dieselfde regeringsvorme as Plato (laasgenoemde se "staatsman"-dialoog), te wete monargie, tirannie, aristokrasie, oligargie, konstitusionele regering en demokrasie. Vergelyk: Aristoteles, Op. cit., Boek III, p. 116.
5) Bogardus, E.S., Op. cit., pp. 101-103.

Aristoteles was egter wel van mening dat een persoon wat deugsaam en wys is deur sy absolute heerskappy die beste regering kan daarstel. Die sosiale toestande onderliggend moet egter verreken word in welke geval enige een of getal kan heers solank as die beste belange van die staat tot hul reg kom. Vir Aristoteles was die beste minderheid as regeerders in 'n konstitusionele republiek die voordeligste.[1] Volgens Bogardus onderskei Aristoteles twee fundamentele aspekte in 'n goeie regering. Eerstens: onderwerping aan die wette deur die onderdane en tweedens: die wette se sosiale goedheid, met ander woorde deugsame mense en goeie wette, maar beide beoordeel deur die gemeenskaplike welsyn.[2]

9. Polities-sosiale denke tydens die klassieke Romeinse tyd

Die presiese datum van die ontstaan van Rome as 'n politieke samelewing is net so moeilik te bepaal as die presiese datum waarop die Romeinse samelewing ontstaan het.[3] Chambliss wys ook daarop dat die Romeinse Republiek waarskynlik lank voor die tyd bestaan het waarin die Romeinse magte dié van Macedonië in 168 v.C. ontmoet het waartydens die Griekse volk gedwing was om die Romeinse militêre superioriteit te aanvaar. Die Romeinse Republiek het egter wel voortgeduur tot 31 v.C. toe Caesar Octavianus (Augustus) opperbevel van die Romeinse leër geneem en koninklike magte aanvaar het. Die Romeinse Koninkryk neem dus 'n aanvang in 31 v.C.[4]

Aanvanklik was Rome (as gemeenskap) onder die heerskappy van konings. Hierdie tydvak word gekenmerk deur voortdurende oorloë. Die gemeenskap was gekenmerk, primêr, deur twee klasse; die bevoorregte adel ("Patrisiërs") en die volk ("Plebeïers") wat in eersgenoemde se diens was en op hul beskerming aanspraak gemaak het.[5]

---

1) Vergelyk: Aristoteles, "Politiek", Boek III, p. 15 soos weergegee deur Bogardus, E.S., Op. cit., p. 102.
2) Ibid., p. 102.
3) Chambliss, R., Op. cit., p. 206.
4) Ibid., p. 206. Vir 'n saaklike uiteensetting van die ontstaan en ontwikkeling van Rome en die Romeinse Ryk vergelyk:
   (i) Weech, W.N. (redakteur), Op. cit., pp. 173-256.
   (ii) Hayes, C.J.H., Baldwin, M.W., Cole, C.W., Op. cit., pp. 29-98.
   (iii) Gettell, R.G., History of Political Thought, pp. 64-79.
5) Weech, W.N. (redakteur), Op. cit., pp. 174-175.

Die militêre inslag van Rome blyk duidelik uit die hele geskiedenis van die Romeinse volk en die eerste aanduidings hiervan is reeds waarneembaar vanaf die tyd toe Rome onder die heerskappy van konings gestaan het.

Die institusionalisering van 'n republikeinse regeringsvorm[1] openbaar die volgende kentrekke: Die Romein het gepoog om te verhoed dat te veel mag in die hande van een persoon geplaas word. Aanvanklik is die staatsgesag dus in die hande van twee Konsuls geplaas, maar hulle was slegs vir een jaar aan bewind en kon dus nie te veel mag akkumuleer nie. Die algemene tendens was om die mag te verdeel tussen al hoe meer mense ten einde te verhoed dat een oppermagtig word. Groter belangrikheid is verleen aan die Vergadering van die volk wat die magistrate gekies het, en aan die Senaat wat die magistrate moes adviseer. Die voorreg van politieke medeseggenskap was aanvanklik beperk tot die Patrisiërs, maar met verloop van tyd het ook die Plebeïers in hierdie voorreg gedeel.

Dit het egter nie 'n oorwinning vir die demokrasie beteken nie aangesien beide groepe slegs in die Senaat gefigureer het en die Senaat daargestel is deurdat senaatslede verkies is deur die Volksvergadering. Laasgenoemde weer het voorrang gegee aan persone uit invloedryke families[2] sodat die Senaat in werklikheid 'n nuwe regeringsklas gesimboliseer het; dus 'n vorm van aristokrasie.[3]

Die Romeine het op filosofiese terrein wel minder groot name opgelewer as byvoorbeeld die Grieke en hul bydrae moet hoofsaaklik gesoek word op die terrein van praktiese regering en wetgewing.[4] Sommige van hul politieke idees kon na die omverwerping van koninkryke

---

1) Ibid., p. 175.
2) Die rede waarom die Senaat tot op groot hoogte saamgestel is uit die hoofde van invloedryke families, is te vinde in die feit dat in die klassieke Romein se tyd 'n baie hoë agting bestaan het vir die vader as hoof van die familie. 'n Familie het nie alleen die ouers met hul kinders (nukleêre gesin) omvat nie, maar in werklikheid die hele huishouding, familielede en diensknegte. In hierdie "familie" was die vader se gesag dominant. (Vergelyk in die verband: Hayes, C.J.H., Baldwin, M.W., Cole, C.W., Op. cit., p.31).
3) Weech, W.N. (redakteur), Op. cit., p. 181.
4) Vergelyk: Hayes, C.J.H., Baldwin, M.W., Cole, C.W., Op. cit.,p. 29

geïmplementeer word. Dit is hierdie idees[1] waaraan hier saaklik aandag gegee sal word.

Een van hierdie politieke idees van die Romeine was die Senaatsgedagte. Die Senaat het bestaan uit ou manne wat aansienlike invloed gehad het. Magistrate is verkies wat weer die Konsuls, wat as uitvoerende gesag gefigureer het, verkies het. Hoewel die Senaat primêr bestaan het uit invloedryke Patrisiërs is die Plebeïers ook later 'n aandeel in die regering gegee, aangesien hulle in oorlogstyd onmisbaar was, en in hul eie Vergadering kon die Plebeïers amptenare (Tribune) verkies wat die optrede van magistrate kon veto.

Namate regeringsaangeleenthede toegeneem het, is nuwe administratiewe poste geskep. Sodoende is "Quaestoris" aangestel om finansiële sake te hanteer. "Censors" moes lyste van burgers saamstel en belastings bepaal. "Praetors" het regsake hanteer. Na die verkryging van die reg om 'n Tribune aan te wys, kon die volk ook geleidelik ander voorregte verkry.

Selfs in die formulering van wette kon die Plebeïers invloed uitoefen deur middel van hul wetlik gekonstitueerde Vergaderings. Geleidelik is die reg van enige burger om ook die poste van Praetor, Censor en selfs Konsul te beklee, bevestig. Die Senaat se invloed het egter dominant gebly. Gevolglik, ten spyte van toenemende populêre invloed in die regering, het die Romeinse Republiek 'n primêr aristokratiese staatsvorm gebly. Hierdie dominante invloed van die Senaat was as gevolg van die feit dat die Senaat 'n permanente liggaam was wie se lede lewenslange lidmaatskap geniet het. Deur die toevoeging, voorts, van voormalige magistrate as lede van die Senaat het die Senaat die oudste, invloedrykste en wysste Romeine ingesluit. 'n Praktiese faktor in die alledaagse Romeinse lewe was dat die jongmanne gereeld vir militêre doeleindes afwesig was, sodat in Rome self die senaatslede maklik geaktiveer kon word terwyl die ander liggame veel moeiliker effektief georganiseer kon word. Die magistrate was dus nie alleen afhanklik van die advies van die Senaat nie, maar dikwels ook van hul praktiese voorstelle.

---

1) Vergelyk: Ibid., pp. 30-39. (Hierdie samevatting berus primêr op laasgenoemde bron).

Soos reeds gesê, is die bydrae van Rome geleë in praktiese regering en wetgewing. Met betrekking tot wette en wetgewing merk Sabine[1] op dat die wet van Rome, soos die meeste ander antieke wetsvorme, die was van 'n wet van 'n stad. (Met ander woorde, die wette van 'n beperkte aantal burgers wie se burgerskap erfregtelik bepaal was.) "It combined religious ceremonial and ancestral formularities which made it inapplicable to anyone not by birth a Roman."[2]

Namate die Romeinse politieke mag, invloed en vooruitgang toegeneem het, het al meer vreemdelinge hulle in Rome gevestig. Hulle was in die reël besigheidsmanne. Gevolglik moes wetlike beheer oor hulle uitgeoefen word.

Die eerste stap in hierdie rigting was om min of meer twee en 'n half eeue voor Christus 'n spesiale regter daar te stel om hierdie aangeleentheid te hanteer. "Since no ceremonial law was applicable, all sorts of informalities in procedure had to be permitted, and, for the same reason, formal law had continually to be pieced out by considerations of equity, fair dealing, and common sense, in short by taking into consideration what good business practice regarded as honest and fair."[3] Gevolglik het 'n effektiewe sisteem van wette ontstaan gebaseer op die beginsel van eerbare praktyk en openbare nut.

Hierdie verwikkeling het ook wetgewing in ander sektore van die Romeinse lewe positief beïnvloed. Op die lange duur was die effek van hierdie en soortgelyke ontwikkelinge in die Romeinse wetgewing dat die religieuse en seremoniële karakter van wette geneutraliseer is; die gedagte van gelykheid voor die wet is hiermee bevorder en onredelike strengheid is hiermee geïnhibeer.[4]

Die Stoïsynse invloed op die Romeinse politieke- en regsdenke is duidelik waarneembaar. Stoïsisme[5] se oorsprong is geleë by

---

1) Sabine, G.H., Op. cit., pp. 156-158.
2) Ibid., p. 156.
3) Ibid., p. 156.
4) Vir 'n saaklike weergawe van die Romeinse wetgewers vergelyk: Ibid., pp. 159-173.
5) Vergelyk in die verband:
   (i) Furfey, P.H., Op. cit., pp. 123-124.
   (ii) Ellwood, C.A., Op. cit., pp. 63-66.
   (iii) Sabine, G.H., Op. cit., pp. 151-158.
   (iv) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, pp. 194-195.

Zeno van Citium (min of meer 336-264 v.C.). Dit was in wese egter kosmopolities aangesien bydraes tot die leerstelling uit verskeie dele van die Hellenistiese wêreld afkomstig was.

Die Stoïsyne het 'n panteïstiese beskouing op die wêreld nagehou. Vir hulle was die onderskeid tussen God en materie nie absoluut nie en een universele lewe vloei deur alles wat bestaan. "Man's greatest happiness is virtue and virtue in Stoic sense meant conformity to Nature. Man's intellect and will must be brought into conformity with the Godhead which permeates the universe. All the virtues were inseparably united."[1)]

Ellwood[2)] wys daarop dat, in terme van die Stoïsynse leerstelling, die goeie lewe substans vind deur 'n harmonie tussen die persoonlike natuur en die morele orde van die geheel ("universe"). Die sosiale orde behoort dus 'n versinnebeelding en beliggaming van die universele morele orde te wees. Die Stoïsynse leer moes noodwendig lei tot die aanname dat, ongeag klas, rykdom, kleur en geslag alle mense eenders is in die sin dat almal die goeie lewe kon realiseer. Hierdie aanname kon gevolglik weer lei tot die leerstelling van die broederskap van mense. Prinsipieel kan die Stoïsynse leerstelling saamgevat word in drie aannames:[3)]

Eerstens: die ontwikkeling van die teorie van die "natuurwet" as 'n universele en dominante mag wat 'n kontrolerende invloed uitoefen op sosiale verhoudinge en fisiese gebeure. Tweedens: die beskouing van die samelewing as synde gebaseer op 'n etiese imperatief - "a rational perception of men's relation to their fellow-beings which demands their participation in society for a twofold reason: the perfect development of their own personalities, and the discharge of their duties toward the remainder of society. 'They (the Stoics) maintained that the state was an organization of human community life, which originates by reason of a social instinct implanted in man by nature'."[4)] Derdens: 'n konsepsie van 'n soort wêreldburgerskap.

---

1) Furfey, P.H., Op. cit., p. 123.
2) Ellwood, C.A., Op. cit., pp. 64-65.
3) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 195.
4) Ibid., p. 195.

Aangesien dit 'n taak van onmoontlikheid sou wees om aandag te gee aan al die bydraes tot die ontwikkeling van polities-sosiale denke uit die Romeinse tydvak, volstaan ons hier met 'n uiteensetting van Cicero se bydrae wat vry algemeen aanvaar word as een van die mees prominente bydraes in hierdie opsig.

9.1 Cicero (106-42 v.C.)

Cicero was afkomstig uit die Patrisiërklas en het deeglike opleiding in die Griekse Filosofie ontvang sowel as in die Regte. Sy sosiale en politieke filosofie word goed verbeeld in veral twee van sy talle werke De Republica en De Legibus - geskoei op die lees van Plato se werke met soortgelyke name.[1)]

Cicero se werke is nie primêr oorspronklik nie, maar hul belangrikheid is daarin geleë dat dit wyd gelees was. Sy primêre doelstelling met hierdie werke was om die republikeinse konstitusie te herstel.[2)] Hierin het hy gefaal aangesien die regeringsvorm wat eventueel in Rome tot stand gekom het 'n kombinasie van 'n monargie en 'n republiek was.[3)] In Rome self het 'n republikeinse regeringsvorm bly bestaan. Deur middel van die magistrate en Senaat is die stad, Rome, se sake hanteer. Augustus sou egter 'n imperiale ryk daarstel wat sou bly voortbestaan vir bykans 300 jaar.

Cicero se ware betekenis[4)] is geleë in die feit dat hy aan die Stoïsynse leerstelling van die natuurwet 'n beliggaming gegee het waardeur dit universeel kenbaar was dwarsdeur die hele Europa. Deur hom is dit oorgedra aan die Romeinse wetgewers en die Kerkvaders. Hierdie beliggaming vind ons in sy werk De Republica.

Van die belangrikste paragrawe in hierdie werk omvat die gedagte van 'n universele wet van die natuur: "... arising equally from the

---

1) Ellwood, C.A., Op. cit., p. 67.
2) Sabine, G.H., Op. cit., p. 162.
3) Vergelyk ook: Weech, W.N. (redakteur), Op. cit., pp. 200-203.
4) Vergelyk:
   (i) Sabine, G.H., Op. cit., pp. 163-167.
   (ii) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, pp. 202-207.
   (iii) Hayes, C.J.H., Baldwin, M.W., Cole, C.W., Op. cit., p. 35.
   (iv) Hathaway, R.F., "Cicero, 'de re publica' II, and his Socratic View of History" in Downton, J.V., Hart, D.K. (redakteurs), Op. cit., pp. 200-208.

fact of God's providential government of the world and from the rational and social nature of human beings which makes them akin to God".[1] Dit, volgens Sabine, is die konstitusie van die wêreld-staat wat orals dieselfde is, onveranderlik is, bindend op alle mense van alle nasies is en niemand kan dit korrigeer of neutraliseer nie.

Sabine haal Cicero[2] in hierdie verband soos volg aan: "There is in fact a true law - namely, right reason - which is in accordance with nature, applies to all men, and is unchangeable and eternal. By its commands this law summons men to the performance of their duties; by its prohibitions it restrains them from doing wrong. Its commands and prohibitions always influence good men, but are without effect upon the bad. To invalidate this law by human legislation is never morally right, nor is it permissible ever to restrict its operation, and to annul it wholly is impossible. Neither the senate nor the people can absolve us from our obligation to obey this law, and it requires no Sextus Aelius to expound and interpret it. It will not lay down one rule at Rome and another at Athens, nor will it be one rule to-day and another to-morrow. But there will be one law, eternal and unchangeable, binding at all times upon all peoples; and there will be, as it were, one common master and ruler of men, namely God, who is the author of this law, its interpreter, and its sponsor. The man who will not obey it will abandon his better self, and, in denying the true nature of man, will thereby suffer the severest of penalties, though he has escaped all the other consequences which men call punishments."

In terme van hierdie wet is, vir Cicero, alle mense gelyk; nie in terme van besittings of geleerdheid nie, maar in die besit van rede, in hul onderliggende psigiese, in hul algemene houding en in wat hulle as eerbaar en laag beskou. Alle mense en alle rasse het dieselfde kapasiteit tot ervaring en tot dieselfde soort ervaring en almal is ewe bevoeg om te onderskei tussen reg en verkeerd.[3]

---

1) Sabine, G.H., Op. cit., p. 164.
2) Cicero, "Republic", III, p. 22 soos aangehaal in Sabine, G.H., Op. cit., p. 164.
3) Sabine, G.H., Op. cit., p. 165.

Vir Cicero was gelykheid 'n morele vereiste eerder as 'n feit. Sabine toon voorts aan dat die afleiding wat Cicero uit hierdie aanname maak, is dat die staat afhanklik is van die erkenning van die wedersydse obligasies en wedersydse erkenning van regte wat sy onderdane saambind. Die staat is 'n morele gemeenskap, 'n groep mense wat gemeenskaplik die staat en sy wette besit.[1] "The commonwealth, then, is the people's affair; and the people is not every group of men, associated in any manner, but is the coming together of a considerable number of men who are united by a common agreement about law and rights and by the desire to participate in mutual advantages."[2]

Sabine identifiseer drie konsekwensies in die verband: Eerstens: aangesien die staat sy wette die gemeenskaplike besit van die volk is, verkry die staat en sy gesag van die kollektiewe mag van die volk. "A people is a self-governing organization which has necessarily the powers required to preserve itself and continue its existence: ..."[3]

Tweedens: politieke mag, indien regtens en wetlik uitgeoefen, is in werklikheid die verenigde mag van die volk.

Derdens: die staat en sy wette is altyd ondergeskik aan die wet van God of die morele of natuurwet: "... that higher rule of right which transcends human choice and human institution".[4] Hierdie algemene beginsels het algemene aanvaarding begin geniet binne 'n kort tydsbestek na Cicero.

10. Polities-sosiale denke tydens die Middeleeue[5]

Dat daar 'n aanvanklike tydsverloop was vanaf die begin van die Romeinse Ryk tot en met die vroeë Middeleeue wat nie hier gedek word nie is duidelik, maar ook noodwendig aangesien die primêre

---

1) Ibid., pp. 165-166.
2) Cicero, "Republic", I, p. 25 soos aangehaal deur Sabine, G.H., Op. cit., p. 166.
3) Sabine, G.H., Op. cit., p. 166.
4) Ibid., p. 166.
5) Indien aanvaar sou word dat die Middeleeue strek vanaf die sewende eeu na Chirstus tot plus minus die vyftiende eeu na Christus (vergelyk: Hayes, C.J.H., Baldwin, M.W., Cole, C.W., Op. cit., pp. 114-115), blyk dit logies 'n onmoontlike taak om selfs saaklik na al die belangrikste fasette te verwys. Gevolglik sal slegs enkele "bakens" in die polities-sosiale ontwikkeling aangestip word.

doelstelling is om hier bloot 'n verwysingsraamwerk van die ontwikkeling van polities-sosiale denke te gee en nie 'n saaklike weergawe van die hele geskiedenis daarvan nie. Verder moet erken word dat sekere gebeure wat belangrike implikasies vir polities-sosiale denke ingehou het hiermee negeer word. Sodoende word hier nie verder op die vroeë Christendom ingegaan nie. Enersyds, omdat die leerstelling van Jesus Christus, wat 'n logiese ontwikkeling uit die Joodse godsdiens was, duidelik te onderskei is van die Christelike beweging wat, hoewel gefundeer in die leerstellinge van die Grondlegger, tog ook aannames omvat wat later suiwer teologies van aard was ten koste van die sosiale en etiese aspekte.[1] Trouens, Ellwood gaan so ver om te poneer dat die vroegste Christendom as religieuse beweging nie die ontwikkeling van wetenskaplike sosiale denke ten goede gestrek het nie. "Instead of going forward to attack the problems of their civilization in a scientific manner, the Church Fathers went back to the theological way of looking at things. Social and political thinking became again subservient to religion. To this extent the Christian movement must be considered a retrograde movement."[2]

Vanweë die besondere invloed van Augustinus op polities-sosiale denke staan ons kortliks stil by sy bydrae.

10.1 Augustinus (354-450)

Augustinus se belangrikste werk De Civitate Dei (Die Stad van God) was in werklikheid meer as 'n verdediging van die Christendom en het in werklikheid heelwat sosiale denke omvat. Deels was dit gewy aan die verklaring van die val van Rome. Die primêre veroorsakende faktore het hy geïdentifiseer as ekonomies, toename in luukses en toenemende ongeloof en afgodediens.[3]

Basies het hy twee stede (gemeenskappe) beskryf: die een sekulêr, die ander "heilig" van aard. Laasgenoemde sal volgens hom deur Gods Wil eventueel triomfeer. Sy werk omvat 'n sosiale dualisme in die sin dat hy konseptueel onderskei het tussen sondaars en

---

1) Ellwood, C.A., Op. cit., pp. 70-71.
2) Ibid., p. 71.
3) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 145.

gereddenes - 'n dualisme wat tot in ons moderne tyd waarneembaar is.[1] In werklikheid het Augustinus se bydraes 'n invloed laat geld wat lank na hom nog waarneembaar was.

Augustinus, volgens Becker en Barnes,[2] was in ooreenstemming met die Kerkvaders ten opsigte van die oorsprong van die menslike samelewing, die mens se toestand voor die sondeval en die opkoms van institusies van dwang in die samelewing, insluitend slawerny as gevolg van die sondeval. Hy het momente van die predestinasie-leer gehuldig daarin dat hy van mening was dat slawerny deel van God se plan met sekere mense was. Hierby het hy die Aristoteliaanse argument gevoeg oor die natuurlike ongelykheid van mense.

Augustinus het voorts die regverdige staat afhanklik van die kerk gemaak; onregverdige state het geen Chirstelike sanksie hoegenaamd geniet nie en was deur hom as heidens beskou. Die oorsprong van die staat het Augustinus toegeskryf aan: "... man's defective nature under the régime of sin since the Fall".[3] Die institusionalisering van regering op sigself het hy egter nie as sondig beskou nie, maar in ooreenstemming met die "heilige" doel om 'n sisteem van orde en dissipline daar te stel waardeur die mens se oortredings geïnhibeer, indien nie uitgewis kon word nie. "The state is therefore a remedial institution. The ruler is the representative of God on earth, and as such is entitled to the obedience of his subjects. It is not only his right but his duty to use the coercive and protective power given him."[4]

Augustinus se siening van die "stad van mense en die stad van God" het klaarblyklik nie die verhouding tussen staat en kerk versinnebeeld nie, maar eerder twee samelewings: die een bestaande uit die slegte en die ander uit die goeie.

Eweneens was Rome se invloed sterk waarneembaar. Die kerk, na analogie van Rome, het 'n groot premie geplaas op organisasie en administrasie. Gevolglik het 'n magtige Roomse Kerk tot stand gekom.[5]

---

1) Ellwood, C.A., Op. cit., p. 79.
2) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, pp. 241-243.
3) Ibid., p. 242.
4) Ibid., p. 242.
5) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 145.

10.2 Die Kerkvaders

Die Kerkvaders se siening van onderskeidelik die gesin, slawe en die verband tussen staat en kerk[1] verdien hier vermelding. In die sosiale denke van die Kerkvaders het die gesin 'n prominente plek ingeneem. Die basis van die samelewing en die saat is daargestel deur die monogame gesin. Ouers moes streng etiese, religieuse dissipline in hul kinderopvoeding beoefen en alle vorme van kinderbeperking sowel as egskeiding is afgekeur. Die gesin as 'n sosiale institusie, net soos werk, was beskou as 'n konsekwensie van die sondeval. Die heerskappy van die man in die huwelik spruit uit Adam en Eva se wegwysing uit die Paradys, sodat vroue se vryhede en regte aansienlik ingekort was.

Die Kerkvaders se algemene houding was dat die vrou nie die man se gelyke kon wees in wêreldlike sake nie. Ook slawerny is gesien as 'n konsekwensie van die sondeval. Voor die sondeval was die mens gelyk, maar na die sondeval het slawerny wetlik geïnstitusionaliseerd geraak. Soveel so dat slawe selfs wrede meesters moes gehoorsaam.

Vir ons doeleindes is die Kerkvaders se siening van die verband tussen staat en kerk belangrik. "For the Fathers the outstanding instance of those coercive institutions necessitated by the Fall was furnished by the state. Like work or slavery, it is both a punishment for sin, compelling men to submit to its laws and at the same time remedial in that it introduces an element of order into a world which would otherwise be subject to the disorder of sin."[2] Die Kerkvaders het uitgegaan van die standpunt dat die doel van regering regverdigheid is en voorts dat die staat deur goddelike gesag bestaan. Die reg tot heerskappy het hulle nie gekoppel aan persoonlike vermoëns of die gesag van die volk nie, maar as 'n genadegif van God beskou.

Die Kerkvaders het voorts geglo die goddelike reg van konings en imperiale gesag, selfs onder heidense heerskappy, was afkomstig van God. Die heerser regeer deur die "genade van God" ooreenkomstig die verdienste van die volk, naamlik of hulle 'n goeie

---

1) Hierdie uiteensetting is primêr gebaseer op Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, pp. 237-241.
2) Ibid., p. 239.

of slegte heerser verdien. Voorts moet die wette van die heerser selgs gehoorsaam word indien die wette in ooreenstemming is met die heilige wet. Sou die geskrewe wet van die staat ander optrede vereis as die heilige wet of die natuurwet moet die wet van die staat geïgnoreer word en God se bevel gehoorsaam word.

10.3 Thomas van Acquinas (1225-1274)[1]

Thomas van Acquinas was een van die prominentste verteenwoordigers van die Skolastici. Ook in die denke van Acquinas het die verhouding tussen staat en kerk 'n sentrale plek ingeneem alhoewel hy ook 'n groot bydrae gelewer het deur die rekonsiliasie van die werke van Aristoteles met die leerstellinge van die kerk,[2] sowel as die rekonsiliasie van die toe-bekende-bestaande kennis met die Christelike teologie.[3]

Acquinas, volgens Becker en Barnes, se sosiale teorie kan ten beste begryp word aan die hand van sy leerstelling oor die viervoudige wet, bestaande uit:

Eerstens: ewige wet (God se eie wil en doel met die wêreld).
Tweedens: natuurwet (die progressiewe uiting van die ewige wet in die rede).
Derdens: menslike wet (die aanwending van die natuurwet op menslike behoeftes en die basis van die menslike sosiale orde wat sy gesag verkry deur konformering aan die natuurwet).
Vierdens: heilige wet (supplementeer menslike rede en menslike wet met betrekking tot die mens se ewige uiteinde (redding) soos geopenbaar in die Heilige Skrifte).

Acquinas was in ooreenstemming met Aristoteles en Cicero in sy aanname dat die mens van nature sosiaal is en dat die oorsprong

---

1) Vergelyk:
(i) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, pp. 245-256.
(ii) Dêntrèves, A.P., "Thomas Acquinas" in Kramnick, I. (redakteur), Essays in the History of Political Thought, pp. 97-108.
(iii) Granston, M., "St. Thomas Acquinas on Political Obligation" in Downton, J.V., Hart, D.K. (redakteurs), Op. cit., Volume I, pp. 277-284.

2) Ellwood, C.A., Op. cit., p. 81.
3) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 246.

van die samelewing geleë is in menslike spontaneïteit en gemeenskaplike belange. "Man is formed for society and is truly human only in association. Society, then, rests on a basis of natural law."[1] Vir hom geld die aanname ook dat die natuurwet essensieel 'n uiting is van menslike rede: "... reason possesses an impulse toward its goal, so that he who follows natural law is led onward toward man's true end".[2]

Acquinas het egter verskil van die Kerkvaders daarin dat die natuurwet vir hom simptomaties was van menslike ongelykheid. Hy het die mens in sy primitiewe staat beskou as een waarin die mens se natuurlike ongelykhede sigself kon manifesteer sodat die plurale patrone van die samelewing, onder andere die gesin en die staat, kon ontwikkel en wel op 'n vrywillige basis en nie op 'n basis van dwang nie. Gevolglik was dit slegs dwang en nie geïnstitusionaliseerde groepe as sodanig, wat deur die sondeval geïnisieer is nie. Alhoewel Acquinas se bydraes 'n wye spektrum van sosiale fenomene dek, volstaan ons vervolgens hier met sy siening van die staat en die verhouding tussen staat en kerk.

Die staat het ontwikkel, volgens Acquinas, uit die gesin en die gesinsverhoudinge, wat geleidelik uitgebrei het om die gemeenskap in te sluit en uiteindelik die hele "ras". Acquinas het gevolglik nie die staat gesien as 'n noodsaaklike euwel nie, maar as 'n natuurlike en noodsaaklike grondslag vir die handhawing en uitbreiding van die menslike welsyn. Hoewel God die bron van alle gesag tot heerskappy is, het Hy die politieke soewereiniteit in die hande van die mens, God se instrument in die daarstelling van die staat, geplaas. Die mens kan gevolglik die regeringsvorme realiseer wat hy wil. Alhoewel die staat 'n natuurlike instelling is, sal die vorm van die staat bepaal word deur die ooreenkoms ("compact") tussen heerser en onderdaan.

Die regeringsvorm wat Acquinas voorstaan, was "beperkte monargie". Onder hierdie konstitusionele vorm sal die mag aan een heerser gegee word wat egter onder hom andere het, ook met regeringsmagte. So 'n gemengde konstitusie is vir hom die beste aangesien dit deels

---

1) Ibid., p. 246.
2) Ibid., p. 246.

'n koninkryk is (een heerser), deels 'n aristokrasie (talle het gesag), en deels 'n demokrasie, daarin dat die onderdane die heersers self kies.

Hy verwerp tirannie aangesien dit nie alleen tot eksploitasie van die onderdaan lei nie, maar ook tot anargie kan lei. Waar 'n tiran net in sy eie belang regeer, is die onderdane nie alleen daarop geregtig om te rebelleer nie - dit is trouens as hul plig beskou.

Met betrekking tot die verhouding tussen staat en kerk wys Acquinas aan die staat 'n duidelike funksie toe: 'n tydelike funksie bestaande uit die handhawing van die fisiese welsyn van sy burgers en die handhawing van vrede en orde; 'n geestelike funksie wat die etiese taak omvat van die bevordering van die morele welstand van die mens en hulp wat die mens in staat kan stel om 'n deugsame lewe te lei. Vir Acquinas was die geestelike orde die superieure, maar hierdie superioriteit het hy op 'n subtiele wyse oorgedra. Staat en kerk was vir hom nie onderling uitsluitend nie, maar komplimentêr tot mekaar.[1)]

10.4 Die middeleeuse bydrae met betrekking tot polities-sosiale denke in die algemeen[2)]

Met betrekking tot die Middeleeue as sodanig merk Ellwood[3)] op dat weinig oorspronklike sosiale denke in dié tyd die lig gesien het aangesien die taak in die tyd was om die Griekse en Romeinse verlede te harmonieer en te assimileer met die Joods-Christelike denke. In die Noorde en Weste van Europa het kulturele ontwikkeling in werklikheid eers tydens die middel Middeleeue 'n aanvang geneem. Die primêre probleem waarmee die denkers van die Middeleeue gekonfronteer was, was die verhouding tussen die gesag van die kerk en die gesag van die staat of ryk.[4)]

---

1) Ibid., p. 254.
2) Vergelyk hieroor verder:
   (i) Smeenk, C., Op. cit., pp. 26-35.
   (ii) Cook, T.I., Op. cit., pp. 228-252.
   (iii) Gettell, R.G., Op. cit., pp. 81-99 e.v.
3) Ellwood, C.A., Op. cit., p. 79.
4) Ibid., p. 80.

Ellwood[1] wys ook daarop dat namate die mag van die kerk toegeneem het, het sy eis om die erkenning van sy superioriteit in politieke en sosiale sake toegeneem. Hierdie konflik tussen kerk en staat het sy hoogtepunt in die twaalfde en dertiende eeue na Christus bereik. Die aanhangers van die staat was van mening dat die tydelike mag in die hande van die Romeinse heerser sentreer het en daarom gevolglik ook in die hande van hul opvolgers. Die kerk se standpunt, soos verbeeld in die denke van die Skolastici daarenteen, was dat die oppermag met betrekking tot alle sake wat die menslike welsyn raak aan die kerk en sy hoof, die pous, gegee was. Ons verwys vervolgens na enkele belangrike kentrekke[2] van die Middeleeue.

Naas die fenomenale opkoms van die kerk as 'n goedgeorganiseerde institusie geskoei op die lees van die Romeinse Ryk, was die Christelike invloed geldend en is hoë ideale, nuwe verpligtinge en asketisisme deur die kerk gepropageer. Deurdat lede van die kerk gemeenskaplik saamgegroepeer was en onder die beskerming van kloosters ("monastries") geplaas was, kon die kerk in 'n tyd van onrus 'n neutraliserende effek laat geld.

Uit hierdie fase van sosiale wanorde het die feodale stelsel ontwikkel wat aan die Middeleeue sy mees kenmerkende kentrek voorsien het. "Feudalism made land the central institution of society. The ownership of land gave power; land constituted social and political power. Land was parcelled out upon the receipt of oaths of homage and fealty."[3]

So is drie klasse van mense daargestel: die edelmanne, die kerklikes en die boere. Hoewel laasgenoemde die edelmanne geminag het, was hulle tog in hul diens. Die kerklikes was òf bevoorregte onderdane van die edelmanne òf het self deur die kerk grond bekom. Die edelmanne was die heersers wat militêre prerogatiewe uitgeoefen het. 'n Resultaat van die feodale stelsel was die gilde as industriële organisasie wat veral sedert die tiende tot die vyftiende eeue na Christus gefloreer het. "Sometimes the masters and workmen jointly belonged to guilds, as in the case of the

---

1) Ibid.,pp. 80- 81.
2) Vergelyk: Bogardus, E.S., Op. cit., pp. 145-148.
3) Ibid., p. 146.

merchant guilds. Sometimes the guilds became local monopolies. Always they possessed the aim of improving the conditions of the membership."[1)]

Veral die Kruisvaarders se religieuse oorloë vanaf die elfde tot die dertiende eeu na Christus het talle veranderinge geïnisieer. Intellektuele onrus is geskep, skeptisisme het toegeneem, en dit was een van die aanleidende oorsake tot die Hervorming.

10.5 Ibn Khaldun (1332-1406)

'n Belangrike figuur uit die Middeleeue wie se bydrae hier saaklik aangestip word, is Ibn Khaldun. Khaldun was verteenwoordigend van die Moslemse beskawing. Laasgenoemde het die Oosterse en Westerse kulture geabsorbeer en in die tyd toe Europa in die greep van barbarisme verkeer het (tussen die agste en twaalfde eeue na Christus), die kosbare erfenis van die Weste bewaar en ook nuwe en durende elemente uit die Ooste daarin oorgeplant. Die Arabiere het 'n teokratiese staat daargestel en 'n ryk gevorm groter as die Romeinse Ryk.[2)] Die betekenis van Ibn Khaldun[3)] kan soos volg saamgevat word.

Hy het naamlik gepoog om van die samelewing 'n spesiale studieobjek te maak, om die samelewing te analiseer, om soos Becker en Barnes dit stel: "... to analyze it (society), to break it down into scientifically utilizable categories, and to develop generalizations from his materials that have a permanent interest and permanent value for that movement of thought known as sociology, ..."[4)] Die aangehaalde skrywers erken egter dat Khaldun Aristoteles nagevolg het in die stelling dat die mens van nature sosiaal is en ook vir Plato daarin dat die mens sosiaal is as gevolg van die variasie en omvang in sy behoeftes en dat in hierdie behoeftes slegs voorsien kan word deur menslike samewerking.

Becker en Barnes vervolg: "There are also strong traces of other Classical social thinkers in the doctrine that the conflict of desires produces quarrels and leads to the necessity of setting

---

1) Ibid., p. 146.
2) Chambliss, R., Op. cit., p. 285.
3) Vergelyk: Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, pp. 277-279.
4) Ibid., p. 277.

up government in order to assure order and stability."[1] Khaldun gaan ook uit van die veronderstelling dat homogeniteit noodsaaklik is vir die voortbestaan van 'n staat.

Khaldun het ook 'n deeglike studie gedoen van die invloed van die fisiese omgewing op die sosiale organisasie. Becker en Barnes is selfs van mening dat Khaldun die krediet moet kry as die grondlegger van die Filosofie van die geskiedenis in sy huidige vorm.[2]

Van besondere betekenis egter was Khaldun se benadering en metode. Hy het 'n bykans suiwer sekulêre houding teenoor die staat gehuldig op 'n wyse wat vergelykbaar was met 'n soortgelyke sekulêre benadering van Machiavelli. Beide het die religieuse en staatsinvloede geskei, het die staat geskei van die oppergesag van die kerk en beide het 'n sekulêre nie-teologiese benadering met betrekking tot politieke sake gehuldig. Beide het op 'n realistiese wyse geredeneer, was nie gelei deur etiese of metafisiese oorweginge nie en het die staat onseremonieel waargeneem soos dit was - aldus Rosenthal.[3] "The significance of this for the history of the human mind is great. As early as the fourteenth century the culture of Islam produced a representative of the best in historical realism in this social scientist who anticipated important modern theories concerning the nature of the state and the forces that influence it."

Vervolgens staan ons stil by 'n saaklike oorsig van enkele van Khaldun se bydraes met betrekking tot polities-sosiale denke.[4] Khaldun het nie 'n duidelike onderskeid tussen samelewing en staat getref nie. Vir hom was die twee onskeibaar en die subjek van sy studie was die totale samelewing en nie 'n bepaalde aspek daarvan nie. Gevolglik was die onderskeiding tussen die politieke en die sosiale ietwat vaag.

Met betrekking tot die opkoms en die ontwikkeling van die staat merk Khaldun op dat politieke organisasie natuurlik en noodsaaklik

---

1) Ibid., p. 278.
2) Ibid., p. 278.
3) Rosenthal, Erwin, "Ibn Khaldun's Gedanken über den Staat", p. 113 soos weergegee deur Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 278.
4) Chambliss, R., Op. cit., pp. 301-304. (Onderstaande samevatting is uit genoemde bron).

is. Natuurlik daarin dat die staat sy eie wette volg en noodsaaklik as gevolg van die aggressiewe hoedanighede van die mens. Waar daar 'n goed ontwikkelde sosiale solidariteit in 'n samelewing bestaan, word die individu in bedwang gehou deur die sosiale druk wat van die samelewing uitgaan - maar die samelewing moet oor middele beskik om sy lede in bedwang te hou. Hoewel soewereiniteit in die lede van die samelewing gesetel is, is dit natuurlik dat gesag op een of ander stadium in een persoon sal konsentreer.

Omdat die staat, volgens Khaldun, gefundeer is in solidariteit en solidariteit daargestel word deur die eenheid ("union") van talle groepe, waarin een groep magtiger as die ander is, sal eersgenoemde gevolglik domineer en laasgenoemde eventueel absorbeer. Sodoende word 'n assosiasie gevorm wat uiteindelik ander mense en state oorwin.

Hierdie groter eenheid sal bewerkstellig word deur 'n groep wat aan 'n prominente familie behoort, en in laasgenoemde sal na alle waarskynlikheid 'n individuele leiersfiguur wees en laasgenoemde sal as leier van die hele groep aangewys word. Sodra hy leier word, sal trots en sy "dierlike natuur" hom daartoe bring om te weier om sy gesag met ander te deel en sal hy alle pogings aanwend om sy mag te monopoliseer.[1] Die afleiding kan dus gemaak word dat, alhoewel die staat tot stand kom deur solidariteit, die uiteinde daarvan soewereiniteit is. Namate die staatsmag toeneem, verswak die gevoel van solidariteit en word individuele vryheid opgeoffer ter wille van kollektiewe krag. Sodra die heerser absolute gesag bekom het, behoef die staat nie langer solidariteit nie omdat dit oor dwang beskik.

Khaldun omskryf die staat as 'n menslike gemeenskap wat daargestel is onder die invloed van omstandighede en deur natuurlike noodsaak as gevolg van ambisie na heerskappy en uit liefde vir mag.

Oor die verband tussen staat en godsdiens was Khaldun nie absoluut duidelik nie. Hy verklaar egter dat uitgestrekte en magtige ryke gefundeer is in 'n godsdiens omdat laasgenoemde 'n eensgesindheid

---

1) Vergelyk: Khaldun, Ibn, "Prolegomena", pp. 114-115 soos aangehaal in Chambliss, R., Op. cit., pp. 301-302.

met betrekking tot 'n doel daarstel sowel as 'n versterking van die "esprit de corps"; albei faktore wat nodig is vir oorwinning. Andersyds erken hy dat 'n sterk "esprit de corps" die daarstelling van magtige state moontlik gemaak het sonder 'n "heilige" wet. Hy wys ook daarop dat godsdiens die Arabiere voorsien het van 'n grondslag vir die staat in die vorm van 'n kannonieke wet ("Canon Law"). Aangesien geen godsdienstige beweging kan slaag sonder 'n fundering in solidariteit nie, is dit duidelik dat solidariteit vir hom meer primêr en fundamenteel is as godsdiens in die daarstelling van die staat.

Khaldun verklaar voorts: "The state whose law is based upon violence and superior force and giving full play to the irascible nature is tyranny and injustice and in the eyes of the Law blameworthy ..."[1] Hierdie aanname geld alhoewel die kollektiewe wil tot mag alleen 'n staat kan daarstel.

Volgens Rosenthal kan Khaldun se beskouinge oor die invloed van solidariteit en godsdiens op die staat soos volg weergegee word: Beide kan onafhanklik bestaan, maar 'n durende politieke orde is ondenkbaar sonder die samewerking van die twee. "Only if (esprit de corps) is transformed by religious zeal and higher aim into a spiritual, formative ideal, only then enduring results of a character far exceeding sheer force and lust for power will be achieved. On the other hand, no religious ideal will see its realisation without that corporate will and enthusiasm behind it. It needs always a party to realise in actual life the message of an ideal."[2] Dit is dus duidelik waarom Khaldun die Islam aangehang het as die superieure staat, as 'n ideale samelewing vir diegene wat heerskappy en mag nastreef ten einde menslike geluk in die tydelike en die Hiernamaals te realiseer - aldus Rosenthal.

---

1) Aangehaal uit Gibb, H.A.R., "The Islamic Background of Ibn Khaldun's Political Theory", Bulletin of the School of Oriental Studies, (Universiteit van London) VII, pp. 23-31 soos weergegee deur Chambliss, R., Op. cit., p. 302.

2) Rosenthal, E.I.J., "Ibn Khaldun: A North African Muslin Thinker of the Fourteenth Century", Bulletin of the John Rylands Library, XXIV, pp. 307-320 soos aangehaal deur Chambliss, R., Op. cit., p. 303.

Met betrekking tot die verval van die staat merk Khaldun op dat die staat in sy ontwikkeling 'n bepaalde patroon volg: Aan die begin inisieer 'n sterk "esprit de corps", versterk deur godsdiens, die staat. Die staat bestaan om mense te beskerm en om hulle in staat te stel om hul kollektiewe mag uit te oefen.

Namate die staat groei, verswak die "esprit de corps" en gesag word toenemend in die hande van die heerser geplaas. Nadat gesag in een heerser se hande gesentreer is en luukses en passiwiteit ("inaction") begin versprei het, nader die staat sy verval.

Laasgenoemde wyt Khaldun aan die volgende oorsake:

(i) Die konsentrasie van mag; aanvanklik word eer deur almal gedeel, almal streef daarna en poog om ander aspirante te oormeester en om dit wat hulle bekom het, te verdedig - aangespoor deur kollektiewe ambisie en dwang. Almal streef na mag, maar sien in die proses eerder kans vir annihilasie as die ontbinding van die groep. Sodra een persoon egter alle mag bekom het, poog hy andere se wil aan syne te onderwerp en hul gevoel van solidariteit te vernietig - gevolglik raak laasgenoemde lui en onwillig om verder te stry en raak gewoond aan vernedering en slawerny.

(ii) Die tweede rede, volgens Khaldun, is dat die vestiging van 'n staat tot luukses aanleiding gee - met 'n toename in behoeftes en 'n gevolglike buitensporige besteding buite verband met inkomste. Sou die koning ten tye van oorloë sy onderdane versoek om hul uitgawes te besnoei, is hulle nie langer daartoe in staat nie. Gevolglik straf die koning die onderdaan en konfiskeer sy rykdom. Dit verswak die heersersgroep en gevolglik die mag van die heerser. Buitendien korrupteer luukses die moraal en gee aanleiding tot slegte gewoontes wat uiteraard lei tot verval.

(iii) 'n Derde rede vir Khaldun is dat die aard van die staat leersaamheid ("docility") vereis. Nadat die mens hieraan en aan passiwiteit gewoond geraak het, ontwikkel laasgenoemde in 'n tweede natuur, soos trouens met alle gewoontes. Volgens Khaldun kan dit gebeur dat namate hierdie verval, passiwiteit en luukses tot stand gekom het, die heerser van die staat die

> hulp van geharde huursoldate kon soek wat beter voldoen aan die eise van oorlogvoering. Dit mag die staat 'n tyd lank van verval vrywaar totdat die Skepper dit uiteindelik orgee aan vernietiging.[1)]

Dit moet hier duidelik gestel word dat Khaldun intens bewus was van die beperkinge van hierdie sikliese prosesse, onder andere dat tendenslose vloeibaarheid 'n te prominente rol speel. Trouens, in die lewensiklusse van ryke laat Khaldun ruimte vir variasies in die siklus.[2)]

Khaldun se polities-sosiale bydrae is versprei deur sy werke in die vorm van sydelingse waarnemings.[3)] Dog sy werk in geheel: "... has the merit of containing many ramifications and operating with complexly interconnected factors, but always in a perspective of relatedness and never of sheer random variation."[4)]

Hoewel ons hier nie verder daarop ingaan nie, verdien een verdere aspek van Khaldun se sosiaal-wetenskaplike bydrae, wat ook relevant is tot polities-sosiale denke, hier minstens vermelding. Met betrekking tot sosiale verandering[5)] merk Khaldun uit sy bestudering van die geskiedenis op dat oorlog 'n natuurlike en onvermydelike verskynsel is. Dit is te wyte aan die feit dat die barbare dít begeer wat die beskawing besit.

Hy het nie aangetoon waarom beskawing nie verwerf kan word onder vreedsame toestande nie. Hy het bloot die afleiding uit sy bestudering van die geskiedenis gemaak dat groepkonflik die basiese faktor in sosiale verandering is. Die blote feit dat Gumplowicz, een van die meer kontemporêre eksponente van die konflikteorie, erkenning verleen aan hierdie bydrae van Khaldun is op sigself betekenisvol.

Hoewel Khaldun self nie gepoog het om 'n teorie van konflik daar te stel nie, het sy wantroue in monopolie en sy oortuiging dat

---

1) Aangehaal deur Chambliss, R., Op. cit., pp. 303-304 uit Khaldun, Ibn, "Prolegomena", pp. 122-125.
2) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 277.
3) Chambliss, R., Op. cit., p. 304.
4) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 277.
5) Chambliss, R., Op. cit., pp. 308-311.

kompetisie die mens in staat stel: "... 'to arrive at the maximum satisfaction' of their wants, his analysis of trade, his assumption that greed for power is a basic human characteristic, and various other aspects of his thought reveal the importance he attached to conflict as a factor in social change."[1)]

Met hierdie saaklike verwysing na Khaldun se polities-sosiale denke word hier volstaan.

11. Samevatting

Reeds uit die vroegste sosiale denke blyk dit duidelik dat daar by die mens 'n begeerte na en 'n behoefte aan 'n vredevolle en ordelike naasbestaan bestaan het. Dit blyk ook dat op verskillende wyses gepoog is om hierdie ideaal te realiseer.

So kry ons uit die Egiptiese en Babiloniese beskawings blyke van administratiewe regeringsvorme en gesalarieerde staatsamptenare en omvattende belastingstelsels ter finansiering van die staatsuitgawe. Die totstandkoming van monargieë en die daarstelling van koninkryke waarin volke onderwerp is en tot onderdanigheid en belasting gedwing is, voer die begeerte na en behoefte aan vrede en orde verder tot 'n poging om die roem en eer van konings en nasies groter substans te verleen. Hiervoor was georganiseerde militêre magte nodig wat uiteraard die invloed van fisiese mag as middel tot beskerming, verskansing en uitbouing van individuele heerskappy 'n uiters aanloklike proposisie moes maak.

Die gebrek aan onder andere die nodige konsensus onder onderdane, die gebrek aan tegniese vaardigheid en staatkundige kundigheid het egter die daarstelling van durende ryke 'n onmoontlikheid gemaak.

Voorts blyk uit die Indiese en Chinese samelewings, naas die Babiloniese, Egiptiese en Hebreeuse samelewings, dat die mens in sy strewe na sosiale orde, vrede en voorspoed omvattend gebruik gemaak het van die implementering van wette. Ongeag die oorsprong, sosiale aard en sosiale interpretasie van daardie wette is die betekenisvolheid en doeltreffendheid, ten spyte van die groot variasie in aard en inhoud van wette, histories uitgewys.

---

1) Ibid., pp. 308-309.

Naas administratiewe masjinerie, amptenary, belasting en wette as fundamentele konsepte in die mens se strewe na 'n ordelike, vredevolle en voorspoedige polities-sosiale naasbestaan, blyk dit voorts uit die bydraes van hierdie beskawings, soos verbeeld in hul sosiale denke, dat die basiese beginsels op grond en in terme waarvan regeer moet word en hoe regeer moet word ook vroeg reeds in die mens se geskiedenis aandag geniet het.

In dié verband dien begrippe soos outokrasie, teokrasie en monargie, soos in die verskillende beskawings uitgekristalliseer het, as geldige verwysings. Ook is die verhouding heerser-tot-onderdaan en die potensiële reaksie van die onderdaan op swak heerskappy aangestip. Die aanwend van sosio-kultureel bepaalde grenslyne tussen mense (klasse- en kastestelsels) ter realisering en/of kontrolering van sosiale orde, blyk uit die sosiale denke van die vroegste beskawings. So ook konsepte soos reg, regverdigheid, gehoorsaamheid en sosiale solidariteit in hul omvattende en ryke betekenisskakerings.

Daar kan gevolglik met reg gekonstateer word dat die fundamentele beginsels in terme waarvan die moderne mens sy polities-sosiale realiteit poog te hanteer en te manipuleer, reeds in wording was sedert die vroegste antieke sosiale denke.

Met betrekking tot die klassieke Griekse polities-sosiale denke kan ons konstateer dat dit gekenmerk word nie deur aannames oor die nasie-staat nie, maar die stadstaat as vorm van politieke bedeling. Die stadstaat verteenwoordig 'n besondere politieke wasdom van die klassieke Griekse gemeenskap.

Uit beide Plato en Aristoteles se bydraes blyk dit duidelik dat die begripsonderskeidinge deur hulle neergelê vandag nog (in 'n sekere mate) geld. Vergelyk begrippe soos demokrasie, monargie, aristokrasie en tirannie, om maar 'n paar te noem.

Die stadstaatkonsepsie op sigself is van besondere betekenis in die sin dat Athene die eerste eksperiment in selfregering was waardeur die demokratiese ideologie gestalte begin aanneem het. Faktore soos stemreg, aard, omvang, doel en middele van regering is hierin vergestalt wat vandag in veel meer verfynde vorm nog in die Westerse demokrasieë aangetref word.

Athene verskaf ook die eerste voorbeeld van 'n gekwalifiseerde demokrasie in die sin dat effektiewe politieke deelname afhanklik was van burgerskap, en burgerskap slegs deur geboorte bepaal is. Hierdie politieke verwikkelinge het 'n besliste en rigtinggewende invloed uitgeoefen op die Griekse gemeenskap in die algemeen in die sin dat die Griekse filosowe die etiek van heerskappy in teoretiese en praktiese terme omskryf het. Hierin het konsepte soos wysheid en deug (Aristoteles) 'n prominente rol gespeel, sodat die burgers in toenemende mate onderrig verlang het. In hierdie behoefte het die Sofiste voorsien. In kort kan gestel word dat die Grieke se nalatenskap nie alleen hul fundamentele bydrae tot die fundering en tegniek van rasionele regering was nie, maar ook die prinsipiële benadering daartoe.

Met betrekking tot die Romeinse tydvak kan hier gestel word dat hul bydraes tot polities-sosiale denke geleë was op die terreine van praktiese regering en wetgewing in die algemeen. Die bydrae van Cicero staan dan ook tot op groot hoogte in die teken van hierdie ontwikkelinge.

Inagnemende die feit dat die Middeleeue oor bykans een duisend jaar strek, gee ons vervolgens eers 'n saaklike samevatting van enkele, vir ons doel ter sake, hoogtepunte uit die eerste twee derdes van die Middeleeue alvorens ons die historiese agtergrond van die Middeleeue kernagtig aanstip. In 'n volgende onderafdeling sal dan met betrekking tot die Middeleeue volstaan word met 'n aparte afdeling oor die laat Middeleeue.

Met betrekking tot die vroeë Middeleeue is die bydrae van Augustinus (354-450) aangestip. Augustinus het in sy werk The City of God tussen twee fundamentele gemeenskappe onderskei, te wete die sekulêre en die "heilige". Daar is op gewys dat hierdie onderskeiding aanleiding gegee het tot 'n onderskeid wat vandag nog geld, naamlik die Christendom en die heidendom. Augustinus het die oorsprong van die samelewing en die staat in die sondeval gesoek. Regering was vir hom nodig ten einde die sondige aard van die mens deur orde en dissipline te inhibeer. Die heerser was, volgens Augustinus, die verteenwoordiger van God op aarde en dus geregtig op die onderhorigheid van sy onderdane Hy mag dwang

aanwend ten einde onderhorigheid te realiseer - 'n aanname dus wat in die moderne Christelike staatsvorm prinsipieel nog geld.

Daar is ook gewys op die beskouinge van die Kerkvaders oor die gesin, slawe en die verband tussen staat en kerk. Vir hulle is die basis van die samelewing daargestel deur die monogame gesin. Ouers moes in hul kinderopvoeding streng dissipline handhaaf. Die gesin as sosiale institusie en arbeid is beskou as konsekwensies van die sondeval. Die man se heerskappy in die gesin spruit uit Adam en Eva se wegwysing uit die Paradys, en die vrou kon in hulle oë nie die gelyke van die man wees nie - 'n aanname wat in ons moderne tyd vanweë 'n veeltal faktore uit die dinamiese sosiale realiteit aansienlike wysiginge ondergaan het.

Nog 'n konsekwensie van die sondeval was die totstandkoming van dwanginstitusies in die staat, wat as straf vir sonde moes dien, maar ook as 'n inhiberende en remediërende meganisme met dieselfde doel. Sodoende is 'n element van orde in 'n andersins aan-sonde-onderhorige-samelewing ingebou in die mens se sosiale bestaan. Die Kerkvaders se uitgangspunt was dat die doel van regering regverdigheid is en dat die staat deur goddelike gesag bestaan. In gewysigde vorm bestaan elemente van hierdie aannames nog in die moderne Christelike staatsvorm.

'n Sentrale probleem waarmee die denkers uit die Middeleeue gekonfronteer was, was die verhouding tussen die staatsgesag en die gesag van die kerk. Veral die Skolastici het aan hierdie probleem aandag gegee. Thomas van Acquinas was een van die prominentste verteenwoordigers van die Skolastici. Sy bydrae moet gesien word teen die agtergrond van feodalisme, die gildestelsel en die Kruistogte. Acquinas het aandag gegee aan onder andere die verhouding tussen staat en kerk. Hy het die idees van Aristoteles verenig met die leerstellinge van die kerk, maar ook 'n versoening bewerkstellig tussen die destyds bestaande kennis en die Christelike teologie.

Acquinas se sosiale teorie, soos hierbo gestel, kan ten beste geevalueer word aan die hand van sy viervoudige wet. Voorts het hy die oorsprong van die samelewing gesien in menslike spontaneïteit en gemeenskaplike belange. Vir hom was die mens van nature sosiaal. Hy het ook 'n hoë premie geplaas op die menslike rede. Die invloed van hierdie gedagtes op sosiale denke na Acquinas

moes na ons mening logies van groot belang gewees het. Acquinas het aanvaar dat die staat ontwikkel het uit die gesin en gesinsverhoudings. Hierin het hy dus verskil van onder andere Augustinus. Hy het tirannie as regeringsvorm verwerp en was 'n voorstander van 'n beperkte monargie. Met betrekking tot die verhouding tussen die staat en kerk was Acquinas implisiet van oordeel dat die geestelike orde die superieure was.

Ibn Khaldun (1332-1406), as verteenwoordiger van die Moslemse beskawing se bydrae, is vir ons ook hier relevant. Khaldun het van die samelewing 'n spesiale studie-objek gemaak, die samelewing in wetenskaplik benutbare kategorieë verdeel en veralgemenings oor sy studiemateriaal daargestel wat vir die sosioloog besondere waarde sou hê. Hy was van mening, in navolging van Aristoteles, dat die mens van nature sosiaal is en, in navolging van Plato, dat die mens sosiaal is as gevolg van menslike behoeftes - laasgenoemde waarin slegs voorsien kan word in die samelewing. Hy was voorts van mening dat konflikterende belange die daarstelling van 'n regering noodsaak ter wille van orde en stabiliteit. Vir die voortbestaan van die staat is homogeniteit nodig.

Khaldun het voorts 'n sekulêre benadering gevolg en het gevolglik nie alleen religieuse- en staatsinvloede van mekaar geskei nie, maar die staat nie aan die kerk ondergeskik gestel nie.

Khaldun, soos Machiavelli, het 'n nie-teologiese benadering met betrekking tot politieke sake gehuldig. Voorts was staat en samelewing vir Khaldun onskeibaar. Khaldun het die oorsprong van die staat in die aggressiwiteit van die mens gesien. Hieruit vloei politieke organisasie voort. Sosiale solidariteit speel in die totstandkoming van die staat 'n groot rol, maar solidariteit word eventueel deur soewereiniteit, waarin dwang 'n belangrike rol speel, vervang. Met betrekking tot die ontwikkeling en verval van die staat merk Khaldun op dat 'n sterk "esprit de corps", versterk deur godsdiens, die staat inisieer. Namate die staat groei, verswak die "esprit de corps" en word mag toenemend in die hande van die heerser geplaas. Hierna, as gevolg van 'n veeltal faktore, gaan die staat geleidelik in verval. Vir ons doeleindes is dit van belang om daarop te let dat Khaldun 'n proses of siklus poneer het om die ontwikkeling en verval van die staat weer te gee. Met

betrekking tot sosiale verandering het Khaldun 'n verdere bydrae gelewer deur die rol van konflik in verandering aan te toon.

Word die historiese gebeure tydens die Middeleeue in oënskou geneem, blyk dit dat sedert die derde eeu na Christus sosiale verval en politieke reorganisasie in die Romeinse Ryk plaasgevind het. So het 'n groot deel van die westelike provinsies in die hande van Germaanse invallers geval.

In dieselfde tyd het die Rooms-Katolieke Kerk toenemend uitgebrei en het die invloed van die Kerkvaders gepaardgaande toegeneem - 'n invloed wat sigself nie alleen op kerklike terrein nie, maar ook op sekulêre terrein laat geld het. Dit het dan ook die kerk ten taak geval om die toe-bestaande Westerse beskawing te handhaaf. In dieselfde tydsgewrig het die Mohammedanisme geleidelik in aanhang en invloed begin toeneem. Sodoende het die Nabye en Verre Ooste breedweg onder die vleuels van die Islam beland en het Europa onder die Westerse en Christelike invloede gekom.

Tydens die Middeleeue het die feodale bedeling op sosiale en ekonomiese terreine 'n belangrike invloed laat geld waarop hierbo nie volledig ingegaan is nie.

HOOFSTUK III

Die ontwikkeling van polities-sosiale denke vanaf die veertiende eeu tot die agtiende eeu[1)]

1. Inleiding

Chambliss[2)] toon aan dat daar tydperke in die geskiedenis voorgekom het waarin verandering die kenmerkende onderskeidende eienskap van daardie tydperke was. Hy vervolg: "In Europe, the fourteenth century witnessed the beginning of such an awakening, and within three centuries a marvelous new age, the Age of Science, had been ushered in."[3)] In hierdie tydperk tree nasionale monargieë na vore, die drukpers word ontwikkel, 'n nuwe roete na Indië word ontdek;[4)] alles verwikkelinge wat die uiteindelike daarstelling van 'n moderne eeu sou realiseer.

Alvorens ons stilstaan by enkele prominente denkers uit hierdie tyd, gee ons 'n saaklike samevatting van die Renaissance en die Hervorming wat as historiese agtergrond kan dien vir die bydraes van die hieropvolgende denkers.

1.1 Die Renaissance

Die begrip Renaissance impliseer dat iets lewensloos weer gebore is.[5)] Hayes, Baldwin en Cole wys onder andere daarop dat die kulturele beweging geassosieer met die Renaissance gedurende die veertiende en vyftiende eeue hoofsaaklik tot Italië beperk was

---

1) Dit gaan vir ons hier basies om 'n poging om die veertiende en vyftiende tot vroeg sewentiende eeue, en die hoogtepunte van hierdie tyd wat polities-sosiologies relevant is, saaklik aan te stip met eksplisiete verwysing na denkers uit hierdie tyd, waarvan die prominentste denkers wat rigtinggewende invloed laat geld het hier saaklik weergegee sal word. Dat ons ons met die Hervorming in werklikheid reeds in die sestiende en begin sewentiende eeue begeef, word erken. Aangesien die Hervorming egter 'n voortsetting is van gebeure wat in kiem alreeds teenwoordig was in die laat Middeleeue (vergelyk: Hayes, C.J.H., Baldwin, M.W., Cole, C.W., Op. cit. p. 338), word die tydperk vanaf die veertiende tot ongeveer die middel van die sewentiende eeu hier onder een subhoof hanteer.

2) Chambliss, R., Op. cit., p. 313.

3) Ibid., p. 313.

4) Hayes, C.J.H., Baldwin, M.W., Cole, C.W., Op. cit., p. 264.

5) Chambliss, R., Op. cit., p. 314.

terwyl Noord-Europa eers later en meer geleidelik geaffekteer is. "Hence it is possible to speak of a cultural revival in Italy and a lag elsewhere."[1)]

Hierdie skrywers wys egter daarop dat die kuns en musiek van Noord-Europa dié van Italië oorskadu het en ook dat die ekonomie in beide die noorde van Europa sowel as in Italië op depressietoestande gedui het. Daar was ook 'n afname in bevolkingsgetalle - veral tydens die laat Middeleeue. Volgens dié skrywers was dit 'n besondere komplekse periode in die geskiedenis.[2)]

Clark[3)] toon aan dat die Europese beskawing tydens die vyftiende eeu 'n eie karakter gehad het. Clark toon ook aan dat die pioniersfase in Europa agter die rug was en hoewel die bevolking nog klein was, het klein dog stabiele gemeenskappe begin ontwikkel waar werk en onderhoud bekombaar was. Die lewe was plaaslik van aard in dié sin dat 'n bestaan moontlik moes wees uit wat die fisiese omgewing bied. Gepaardgaande, het verskille tussen kleiner gemeenskappe bestaan met betrekking tot boerdery-aktiwiteite, kleredrag, gereedskap, meubels en selfs taal. Dialekverskille tussen streke het voorgekom hoewel die dialekte deel was van 'n hooftaal.

Ten spyte van hierdie onderlinge verskille het een beskawing[4)] bestaan in Europa. So was die sosiale grondslae byvoorbeeld dieselfde. Privaatbesit was bykans universeel geïntegreer met gemeenskapsregte, eienaarskap het berus op die monogame gesinstelsel en die beginsel van erfreg het orals voorgekom. Die klasseverdeling het breedweg ooreengekom met 'n feodale bedeling. Regspraak, adviserende en administratiewe staatsfunksies het primêr in die hande van die boonste laag, wat hoofsaaklik grondeienaars was, gesentreer.

Deur verskillende produksiepraktyke en die handel het dorpe ontstaan.[5)] Een van die onderskeidende kenmerke van die lewe in

---

1) Hayes, C.J.H., Baldwin, M.W., Cole, C.W., Op. cit., p. 264.
2) Ibid., p. 264.
3) Clark, G., Early Modern Europe, pp. 1-2. Vergelyk ook: pp. 1-17.
4) Ibid., pp. 2-3.
5) Vergelyk: Smeenck, C., Op. cit., p. 44.

Europa, volgens Clark, was die aantal energieke assosiasies waarin die dorpsbewoners ter wille van ekonomiese, sosiale en religieuse doelstellings geassosieer het. Ten spyte hiervan was die fundamentele gesinsbeginsels op die platteland en in die stad dieselfde. "In both alike the leading families formed aristocracies, that is bodies of men who had a claim to hold office not solely by reason of ability or by election or appointment, but by their inherited status. Their common life, their sense of ease and equality among themselves, and of superiority over those with whom they did not inter-marry or share their opportunities, gave them habits of freedom."[1)]

Die invloed van die regspraak en die Rooms-Katolieke Kerk het, volgens Clark, 'n soort "internasionalisme" in Europa tot stand gebring.[2)] Hiernaas het die kerk 'n sterk unifiserende invloed laat geld.

Die invloed van die kerk in staatsake, in die onderwys en in die sosiale lewe was dominant. Dog hierdie toedrag van sake was belis nie die ideale nie en Clark toon onder andere aan dat daar die meer ingeligtes was wat bewus was van die laksheid van die predikers, wanpraktyke en gebrek aan inisiatief.[3)]

Dit is teen hierdie algemene agtergrond wat die Renaissance gesien moet word. Dit is voorts ook te verstane waarom Weech opmerk dat die hergeboorte van die kuns en studie nie 'n skielike gebeure in Europa was nie.[4)] Clark vervolg: "Educated men were coming to believe that ancient literature could teach much-needed lessons in many practical matters. In philosophy and law, and in anatomy and other sciences, indeed, Europe had already been learning from these masters for two centuries, and the only great change now was that the Greek writers were read in their original language, and in this, and other ways were better understood. But the field in which the classics seemed to offer a new revelation was widening, and it continued to expand for more than a century longer, until it included all the arts of government

---

1) Clark, G., Op. cit., p. 3.
2) Ibid., pp. 4-5.
3) Vergelyk: Ibid., pp. 6-7.
4) Weech, W.N. (redakteur), Op. cit., p. 516.

and war . and many branches of technology. At this time the fine arts were brought into it in Italy, and there followed the greatest breach in the continuity of artistic tradition in Europe since the fall of Rome."[1)]

Die argitektuur, beeldhoukuns en skilderkuns sou reeds voor hierdie veranderinge 'n baie hoë peil bereik. Dit het nie alleen verder gegaan as die Griekse en Romeinse argitektoniese prestasies nie, maar was meer gevorderd. Die kuns het meer abstrak geword en Clark verklaar: "In their innovations there was a strong intellectual element".[2)] Laasgenoemde was egter intiem verweef met die klassieke studies. Geleidelik het hierdie veranderings in omvang en momentum toegeneem.

Die mens se lewensuitkyk het gepaardgaande verander. Weech wys daarop dat die Skolastici van die Middeleeue geleer het dat die mens in homself nie van belang was nie - buiten as 'n siel wat gered moes word. "... as one member of a great Christian community, whose duty it was to try to perfect the world in accordance with the teachings of Christ."[3)] Hy toon egter aan dat gefrustreerde ideale rondom 'n universele ryk en verlies in die geloof van 'n universele kerk, die mens aan homself laat begin dink het as 'n individu met . 'n belangrike lewe van sy eie. "It was here that they made contact with the Greek outlook, which had concentrated so completely on the wonderful possibilities of man's mind and body and taken an exquisite pleasure in his achievements."[4)] Die mens het na die wêreld om hom begin kyk in 'n gees van ondersoek, en het ontdek dat hy oor die vermoë beskik om uit te vind hoe dit werk.[5)]

Die merkantilistiese gees wat geleidelik in momentum gewen het, het 'n gepaardgaande gees van sekularisme gestimuleer. Die manifestasie hiervan is onder andere duidelik in die kuns en letterkunde van die tyd.[6)]

---

1) Clark, G., Op. cit., p. 11.
2) Ibid., p. 12.
3) Weech, W.N. (redakteur), Op. cit., p. 516.
4) Ibid., p. 516.
5) Ibid., p. 516.
6) Vergelyk: Furfey, P.H., Op. cit., pp. 196-197.

Kernagtig saamgevat kan gestel word dat die Renaissance gekenmerk word deur 'n nuwe gees van ondersoek en toenemende sekularisme, as gevolg van toenemende kapitalisme, verbeterde tegnologie, die ontwikkeling van die drukpers, die opkoms van nasionale state en die ontdekking van nuwe seeroetes en wêrelddele.

1.2 Die Hervorming

Chambliss toon aan dat ten spyte van die feit dat die Renaissance en die Hervorming verskillende en onderskeibare bewegings was, hulle nie geheel en al verbandloos met of tot mekaar was nie. "... both developed from an awakened curiosity about nature, man and God, and represent certain of its various expressions."[1)]

Furfey toon aan dat die Hervorming nie 'n suiwer religieuse beweging was nie, maar deels te wyte was aan die opkoms van gesentraliseerde state. Onder hierdie omstandighede wou nòg heerser nòg onderdaan inmenging in hul interne sake duld. Trouens, hy is van mening dat heersers die geleentheid verwelkom het om kerkeiendom te konfiskeer.[2)]

Weech sien weer in die Hervorming die vernietiging van 'n universele kerk en sien daarin ook die voltooiing van die Renaissance sowel as om die verskille wat reeds merkbaar was in die verskillende dele van Europa 'n fundamentele en permanente karakter te gee.[3)]

Chambliss[4)] gee, na ons mening, die volgende bruikbare samevatting van die Hervorming: Hy wys daarop dat die Protestantse Rewolusie of Hervorming begin het met Luther se appèl teen sekere gebruike van die Rooms-Katolieke Kerk. Hoewel sy bedoeling was om slegs sekere wanpraktyke, onder andere korrupsie van die pouslike hof, die aanstelling van onwaardige priesters en soortgelyke besware aan die lig te bring, was Luther egter eventueel die leier van die rewolusie teen die pous. "Having come to the conclusion that

---

1) Chambliss, R., Op. cit., p. 317.
2) Furfey, P.H., Op. cit., p. 201.
3) Weech, W.N. (redakteur), Op. cit., p. 541.
4) Chambliss, R., Op. cit., pp. 317-318.

faith alone is sufficient for salvation, Luther saw no need for priests. When he took this position, he was excommunicated."[1)]

Namate die vertaling van die Bybel in ander tale die Woord vrylik toeganklik gemaak het, en namate ander denkers wat dieselfde standpunt as Luther gehuldig het, toegeneem het, onder andere Zwingli en Calvyn, het die Protestantse beweging toegeneem in momentum. Veral onder invloed van Calvyn het Calvinisme vinnig versprei na Frankryk, Duitsland, Holland, Engeland en Skotland. Na Calvyn se dood was daar talle wat sy werk voortgesit het.[2)]

Met betrekking tot die doelstellings van die Hervormers merk Weech[3)] op dat nie een van die leiers van die Hervorming aanvanklik die gesag van die pous doelbewus bevraagteken het of nuwe kerklike institusies, in opposisie met die Rooms-Katolieke Kerk, tot stand gebring het nie. "They aimed only at reforming the abuses and abolishing the corrupt practices which infested almost every department of the Church."[4)] In hierdie verband was dit merendeels die teoloë wat die leiding op hul geneem het in die opposisie teen die pous en die kerk.

Chambliss[5)] stel dit egter duidelik dat die Hervorming nie net 'n religieuse beweging was nie, maar ook 'n ekonomiese en politieke beweging. Die verval van feodalisme en die invloed van die Hervorming het die massas se aanspraak op gelykheid laat herleef. "The Reformation, therefore, far from being merely a Protestant revolt against Catholicism, was a 're-forming' of society. Its influence penetrated every important area of life and helped to bring about the radical social changes that took place during the transition from the medieval to the modern world."[6)]

Dat verandering die sentrale tema was in hierdie era word grootliks deur skrywers erken. Furfey stel hierdie veranderingsera as

---

1) Ibid., p. 317.
2) Ibid., p. 318.
3) Vergelyk: Weech, W.N. (redakteur), Op. cit., pp. 541-542.
4) Ibid., p. 541.
5) Chambliss, R., Op. cit., p. 318.
6) Ibid., p. 318.

tussen die jare 1274 en 1543, omdat, volgens Furfey, die samelewing in 1274 beslis middeleeus was en in 1543 beslis "modern".[1] Furfey toon aan dat hierdie veranderinge onder andere die volgende lewensterreine geraak het: Die ekonomie het verander van 'n landelike ("Barter")- ekonomie na 'n stedelike monetêre ekonomie. Feodale lojaliteite is vervang met nasionale lojaliteite en die Gotiese kuns is vervang met die kuns van die Renaissance.

Belangstelling in die klassieke het die belangstelling in die skolastiese teologie en filosofie vervang. Selfs die edellui se mag en prestige het in verval geraak en konings het sentrale regerings daargestel wat op die skouers van die nuwe bourgeoisie berus het.[2] Chambliss merk in die verband op: "The revolt from the medieval order resulted initially not so much in the rejection of authority as in the subsitution of one kind of authority for another".[3]

Chambliss is voorts van mening dat die Hervorming onder andere die mens se siening van gesag, die mens se rede en sy ervaring beinvloed het.[4]

Afgesien van die direkte religieuse implikasies van die Hervorming kan gestel word, na analogie van Becker en Barnes, dat die Hervorming 'n invloed uitgeoefen het op of geresulteer het in nasionalisme, kapitalisme en puritanisme.[5]

Furfey[6] merk op dat veranderinge in sosiale denke tred gehou het met hierdie bogenoemde ontwikkelinge, en vervolg: "The keystone of the medieval synthesis had been supernaturalism. In medieval thought human society was orientated toward heaven. But by the sixteenth century a naturalistic view of life had made enormous progress."[7]

Ons staan vervolgens stil by die invloed van die Renaissance en die Hervorming op polities-sosiale denke.

---

1) Furfey, P.H., Op. cit., p. 204. (Na ons mening bedoel Furfey met "modern" waarskynlik modern vergeleke met die middeleeuse.)
2) Ibid., pp. 204-205.
3) Chambliss, R., Op. cit., p. 318.
4) Vergelyk: Ibid., pp. 318-322.
5) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, pp. 323-328.
6) Furfey, P.H., Op. cit., p. 205.
7) Ibid., p. 205.

1.3 Die invloed van die Renaissance en die Hervorming op polities-sosiale denke[1)]

Veral twee probleme het in hierdie tyd sentraal gestaan in polities-sosiale denke. Enersyds was daar die probleem van politieke eenheid en andersyds die versoening van vryheid met gesag. Die gebrek aan politieke eenheid was die resultaat van die verval van feodalisme en die moraliteit van die Renaissance, terwyl die konflik tussen vryheid en gesag gevloei het uit die verlies aan geloof in 'n universele ryk en uit die individualisme van die Hervorming.[2)] Van laasgenoemde is Machiavelli 'n goeie voorbeeld aangesien hy in sy analise van die politiek hom laat lei het nòg deur etiese nòg deur religieuse oorweginge.

Met betrekking tot die probleem sentrerende om vryheid en gesag toon Chambliss aan dat dit die leiers van die Hervorming ten taak gelê het om aan te toon hoedat individue wat vry is om God te aanbid ooreenkomstig hul eie gewete, hulself kan aanpas by die absolute gesag van 'n aardse heerser. "It was clear that freedom from the control of the church would lead to anarchy unless some other authority were recognized."[3)] Gevolglik het die leiers van die Hervorming, onder andere Luther en Calvyn na analogie van Machiavelli hul steun toegesê aan 'n sterk sekulêre mag wat die welsyn van die staat moes behartig. Hierdeur is die aansprake van konings op soewereine magte versterk.

Hiertèenoor egter het die Heilige Skrif geleer om God onderdanig te wees eerder as mense. Gevolglik kon by die toegewyde mens 'n konflik in lojaliteite geskep word - 'n probleem wat tot nog toe nie bevredigend opgelos kon word nie - aldus Chambliss.[4)]

Chambliss speur ook die wortels van nasionalisme, wat eers in die agtiende eeu meer volledig sou ontluik, na in die tyd van die Hervorming en Renaissance en wys daarop dat landstrots en patriotisme alreeds sterk beslag gekry het gedurende hierdie tyd. "The

---

1) Die onderstaande samevatting is in hoofsaak gebaseer op 'n uiteensetting van Chambliss, R., Op. cit., pp. 326-332.
2) Ibid., p. 326. Vergelyk ook:
   (i) Lichtenberger, J.P., Development of Social Theory, p. 152 e.v.
   (ii) Smeenck, C., Op. cit., p. 74 e.v.
   (iii) Cook, T.I., Op. cit., p. 304 e.v.
3) Chambliss, R., Op. cit., p. 326.
4) Vergelyk: Ibid., pp. 327-328.

emergence of strong states in England, France, Germany, and Spain as a result of various social conditions created a feeling of unity and aroused sentiments of national self-consciousness."[1)]

Gedurende hierdie era is die "heilige" plig van die onderdaan teenoor die kerk getransformeer in 'n "heilige" plig teenoor die koning wat op sy beurt "heilige" prerogatiewe aanvaar het.

Dit is belangrik om daarop te let dat die idee van die goddelike reg van konings in hierdie tyd modifikasies ondergaan het. Die gedagte self is baie oud - die klassieke Oosterse konings is beskou as ten minste gedeeltelik "heilig". Onder invloed van veral die Protestantisme het hierdie idee weer herleef en is dit aansienlik uitgebou om onder andere die volgende basiese beginsels te omvat:

(i) monargie is 'n goddelik-geordineerde institusie;
(ii) erfreg is onvervreembaar;
(iii) konings is aan God alleen verantwoordelik en
(iv) geen weerstand ("non-resistance") en passiewe onderhorigheid word deur God onderskryf ("enjoined").[2)]

Hierdie teorie is grootliks gemotiveer en ondersteun deur skrifuurlike passasies en illustrasies. Hierdie leerstelling het egter geleidelik in verval geraak. Figges merk in die verband met betrekking tot Engeland die volgende op: "The Divine Right of Kings ceased to have practical importance, not because its doctrines were untrue, but because its teaching had become unnecessary. The transition stage had passed. The independence of the state had been attained. Politics, having made good their claim to be a part of the natural order, no longer had need of a theological justification."[3)]

Chambliss maak in aansluiting by die voorafgaande aanhaling die volgende, na ons mening belangrike, aanname, naamlik dat die middeleeuse gedagte dat morele doelstellings gerealiseer kan word deur

---

1) Ibid., p. 327.
2) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, pp. 332-333.
3) Figgis, "The Divine Right of Kings", p. 199, pp. 262-263 soos aangehaal deur Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 334.

middel van politieke organisasie nog steeds bestaan het in die tydperk van die Renaissance, maar dat 'n intense bewussyn oor die waarde van politieke organisasie vir materiële doeleindes in dié tyd ontstaan het. Hy wys daarop dat gesamentlike optrede in oorlog[1] en in die handel[2] binne die gemeenskap 'n gevoel van solidariteit gestimuleer het en ook die territoriale grense van die gemeenskap bepaal het. "People organized under a single government and occupying a limited geographical area form a state, in the modern sense of the term; and although the nature of a state was at that time not fully understood, it seems clear that states bearing close resemblance to modern forms did actually come into existence during the fifteenth and sixteenth centuries, and that some of the modern conceptions of the state began to form during those centuries."[3]

Vervolgens staan ons stil by enkele prominente sosiale denkers wat fundamentele bydraes gelewer het op die terrein van polities-sosiale denke vanaf die vyftiende tot die sewentiende eeue.

1.4 Niccolò Machiavelli (1469-1527)[4]

Machiavelli het weggebreek van die tradisionele denkwyse van sy tyd en uitgegaan van die veronderstelling dat alle dinge nie aanvaar hoef te word op grond van 'n beweerde "heilige" dekreet

---

1) Ons gaan hier nie verder in op die oorloë wat hulself afgespeel het in veral Europa gedurende die sestiende, sewentiende en vroeg agtiende eeue nie. Vergelyk egter in die verband:
   (i) Weech, W.N. (red.), Op. cit., Hoofstukke 50-51, pp.551-571.
   (ii) Hayes, C.J.H., Baldwin, M.W., Cole, C.W., Op. cit., Hoofstuk 28, pp. 339-349.
   (iii) Clark, G., Op. cit., Hoofstuk 6, pp. 77-101 en Hoofstuk 9, pp. 134-148.

2) In verband met die handel gedurende die laat Middeleeue, breedweg sedert 1450, vergelyk:
   (i) Weech, W.N. (redakteur), Op. cit., Hoofstuk 52, pp.571-585.
   (ii) Furfey, P.H., Op. cit., pp. 184-187 en pp. 227-228.
   (iii) Clark, G., Op. cit., pp. 120-130.

3) Chambliss, R., Op. cit., p. 328.

4) Ons doelstelling is om 'n breë en algemene historiese perspektief te skets wat die noodsaaklike agtergrond vorm waarteen die ontstaan van die Politieke Sosiologie, sekere bydraes van die mede grondleggers van die Politieke Sosiologie en enkele fundamentele teoretiese grondslae van die Politieke Sosiologie wat resent waarneembaar is, gesien kan word. Dat volledig-

vervolg op bl. 98

of op grond van 'n bevel nie. Hierin was Machiavelli, volgens Bogardus, nie 'n idealis nie, maar iemand wat werklike situasies bestudeer het en verklaar het dat mense gesien moet word soos hulle is en nie ooreenkomstig valse leringe oor hulle nie.[1)]

Machiavelli het menslike toestande waargeneem soos dit was en was van mening dat die mens in sy optrede nie gelei moes word deur abstrakte etiek of onpraktiese ideale nie - hierdie aanname van hom kom uit 'n tyd toe enige opposisie tot die outokratiese gesag van die tyd strafbaar was met tronkstraf, verbanning en selfs die dood.[2)]

Bladsy 97 voetnoot 4 vervolg:

heid met betrekking tot die prinsipiële bydraes van die onderskeie denkers 'n knellende probleem is, spreek vanself. 'n Verdere probleem is die kriteria wat aangewend word in die seleksie van beide denkers wat hier onder behandeling is en daardie fasette van hierdie denkers se bydraes wat na die skrywer se mening die fundamentele aspekte van die historiese agtergrond daarstel. Dat die keuses in beide gevalle in 'n groot mate arbitrêr was, word nie ontken nie. Daar is egter grootliks gesteun op die mate waarin resente skrywers prominensie aan hierdie klassieke denkers se bydraes verleen, soos trouens blyk uit die bronneverwysings, en waarvoor hulle vry algemeen erkenning in mindere of meerdere mate ontvang. Hoewel ander denkers se bydraes ook in berekening gebring is, is hulle vir meer volledige behandeling uitgesluit aangesien slegs daardie fasette wat relevant blyk te wees binne die kader van die politieke en die sosiale fasette hier verreken is - weer eens in terme van hoogs arbitrêre kriteria. Aangesien dit wat polities en sosiaal is uiters omvattend is en bepaalde bydraes van sekere denkers (vergelyk sir Thomas Moore se werk Utopia (Ellwood, C.A., Op. cit.) sou inderdaad as polities en sosiaal geklassifiseer kon word. Dat die algemene (nie spesifieke) ontwikkeling van polities-sosiale denke sekere algemeen erkende hoogtepunte omvat en 'n duidelike ontwikkelingslyn verteenwoordig, kan nie ontken word nie - soos trouens duidelik blyk by die nalees van werke van verskeie skrywers op hierdie terrein (vergelyk in die verband onder andere: (i) Elwood, C.A., Op. cit., (ii) Sabine, G.H., Op. cit., (iii) Plamenatz, J., Man and Society, Volume I, (iv) Bogardus, E.S., Op. cit.)

Uiteraard val dit buite die raamwerk van hierdie studie om 'n kritiese evaluering te gee van die geldigheid (aldan nie) van die onderskeie bydraes of die aanvaarbaarheid van hierdie skrywers. Die motivering vir die opname van die genoemde denkers en hul bydraes in hierdie saaklike uiteensetting is dus primêr om die noodsaaklike agtergrond waarteen die Politieke Sosiologie ontstaan het, sowel as die hoofmomente van daardie agtergrond, ter wille van 'n vollediger perspektief kernagtig aan te toon.

1) Bogardus, E.S., Op. cit., pp. 178-179.
2) Ibid., p. 179.

Lichtenberger kom tot die betekenisvolle gevolgtrekking dat Machiavelli: "... withdrew social and political interpretation from the domain of hypothetical speculation and started it upon a course of inductive observation. His chief contribution to social philosophy, therefore, lies in his method rather than in his material. His 'relentless empiricism' gave direction to the trend of social thinking which resulted in inductive researches in the fields of social analysis and social control."[1)]

Met betrekking tot Machiavelli se metode merk Ellwood[2)] op dat Machiavelli 'n bykans wetenskaplike benadering tot mense en sake gevolg het daarin dat hy dit "koud en onpersoonlik" beskou het. Hy het 'n empiriese metode gevolg waarin hy homself grootliks los gemaak het van sowel alle morele oorwegings as gesag. Hy het gebeure as dinamies gesien en word hierin erken as een van die grondleggers van die historiese metode in die studie van politiek.

Ongelukkig was sy historiese benadering beperk daarin dat hy slegs die geskiedenis van sy eie tyd en die Romeinse Ryk erken het en daarbenewens slegs die politieke geskiedenis van hierdie tye; die algemene beskawingsgeskiedenis was oënskynlik aan hom onbekend. Voorts het Machiavelli die historiese metode net aangewend om sy eie teorieë te staaf, wat uiteraard 'n nie-wetenskaplike werkswyse verteenwoordig. So beperk soos sy teorie oor die menslike geskiedenis was, so beperk was sy teorie oor die menslike natuur. Hy het uitgegaan van die veronderstelling dat die menslike natuur sleg is - wat as sodanig 'n refleksie was van sy omgewing[3)] - en immer geneig tot wreedheid.

Machiavelli is veral bekend vir twee werke: Discourses wat 'n kommentaar is op 'n gedeelte van Livy se boek History of Rome en The Prince wat primêr handel oor die tema hoe om durende en absolute mag met die minste moeite te realiseer.[4)]

Machiavelli se besondere benadering tot die studie van politieke realiteite van sy tyd spruit, volgens Jones,[5)] uit die feit dat

---

1) Lichtenberger, J.P., Op. cit., p. 148.
2) Ellwood, C.A., Op. cit., pp. 91-92.
3) Vergelyk: Ibid., p. 87.
4) Vergelyk: Plamenatz , J. Op. cit., Volume I, p. 4.
5) Jones, W.T., Masters of Political Thought, Volume II, pp. 26-29.

Machiavelli 'n produk van die Renaissance en van sy tuisstad Florence was. Gedurende hierdie tyd, die vyftiende eeu, het 'n totaal nuwe houding teenoor die mens en die heelal na vore gekom.

Die tyd word voorts gekenmerk deur die totstandkoming van 'n geheel nuwe stel waardes, wat 'n breuk met die Middeleeue impliseer en uiteindelik sou realiseer in nuwe politieke, sosiale en ekonomiese institusies.

Machiavelli het aanvaar dat daardie lewe wat vir die mens roem, onderskeiding, eer en reputasie besorg, die beste is. Hiervoor is mag nodig; nie alleen as middel tot 'n doel nie, maar as 'n doel op sigself omdat mag goed is vanweë die satisfaksie wat dit besorg en die selfbevrediging wat dit meebring. Mag is hierbenewens in essensie iets wat die mens in verhouding tot andere besit en wat in politieke institusies uitgeoefen word. Vir Jones is Machiavelli "kind van sy tyd".[1)]

Vervolgens word enkele van die kardinale fasette van Machiavelli se werke van nader beskou.

Machiavelli het nie 'n onderskeid tussen staat en samelewing getref nie. Vir hom was die staat die samelewing en vice versa.[2)] Die primêre fokuspunt van sy denke was die staat. Alle menslike handeling was volgens hom bepaal deur selfsugtige belange, en eie belang was voldoende verklaring vir alle sosiale en politieke fenomene. Alles in die sosiale realiteit het hul oorsprong in die egoïstiese begeertes van individue of klasse.

Met betrekking tot Machiavelli se leerstelling oor politieke organisasie merk Ellwood[3)] op dat Machiavelli in sy ponering van dié leerstelling in sy werk The Prince basies twee probleme stel:
eerstens: hoe om politieke mag vir 'n staat te realiseer en
tweedens: hoe prinse of heersers hul mag kan behou.

Ellwood sien Machiavelli as 'n opportunis wat ten gunste was van 'n sterk regering wat politieke sukses kon verseker. Vir Machiavelli was die primêre doel van die staat om mag te bekom en wat ook al kon

---

1) Ibid., p. 26 & p. 28.
2) Vergelyk: Ellwood, C.A. Op. cit., pp. 92-94.
3) Ibid., pp. 94-97.

bydra tot die realisering van hierdie doel is polities geregverdig. Hierin was daar vir Machiavelli nie 'n noodwendige verband tussen politiek en moraliteit nie. Politieke sukses is die mikpunt en die middelle wat aangewend word kon goed of sleg wees.

In teenstelling met Plato en Aristoteles is Machiavelli van mening dat die interne doel van die staat nie die realisering van moraliteit of regverdigheid is nie, maar industriële en ekonomiese vooruitgang. Enige ander siening van die staat is vir hom utopies.

Deel van hierdie interne doel is uitbreiding. Laasgenoemde kan op tweërlei wyses tot stand kom: òf deur diplomasie òf deur oorwinning. Hoewel Machiavelli voorkeur gee aan diplomasie moet die staat egter poog om te behou wat hy aldus verkry het. Hiervoor is dit nodig dat die onderdane 'n sekere mate van vryheid gegun word. Indien onnodige probleme egter opduik, kan diegene wat die probleme veroorsaak, uitgewis word en kan koloniste in hul plek geplaas word.

Hoewel Machiavelli omvattende advies gee aan prinse en heersers oor hoe om mag te verkry en te behou,[1] plaas hy 'n hoë premie op dwang, hoewel hy die wet tog erken.[2] Hy stel dit pertinent duidelik dat die goeie fondament van 'n staat gevorm word deur goeie wapens (sterk leër).[3] Die kuns van heerskappy lê dan ook vir Machiavelli in die volgende, soos saamgevat deur Jones:[4]

(i) die toepassing van dwang;
(ii) om oortuiging taktvol en diplomaties aan te wend;
(iii) om beslissend op te tree; en
(iv) 'n sterk nasionale leër op die been te bring en te onderhou.

Machiavelli is voorts van mening dat die mag van die staat op verskillende wyses uitgebrei kan word, byvoorbeeld deur bevolkingstoename, die daarstelling van voordelige alliansies, die uitbreiding van die handel en ekonomie, die instandhouding van 'n sterk leër en deur middel van diplomasie. Sou diplomasie egter faal,

---

1) Vergelyk: Machiavelli, N., The Prince, Hoofstukke V-XXVI, pp. 22-145.
2) Ibid., p. 97.
3) Ibid., p. 65.
4) Vergelyk: Jones, W.T., Op. cit., Volume II, pp. 44-50.

moet die swaard aangewend kan word. Hierteenoor stel Jones die volgende: "War is a natural and inevitable means of expansion, and expansion, in Machiavelli's mind, is the life of the state."[1)]

Uit bogenoemde blyk dit dat Machiavelli in 'n sekere sin beskou kan word as die vader van handelsimperialisme, moderne militarisme en selfs van internasionale diplomasie.

Sabine toon aan dat Machiavelli 'n hoë premie geplaas het op 'n republikeinse staatsvorm en nasionalisme. "He favored a gentle rule wherever possible and the use of severity only in moderation. He said explicitly that government is more stable where it is shared by the many and he preferred election to heredity as a mode of choosing rulers. He spoke for a general freedom to propose measures for the public good and for liberty of discussion, in order that both sides of every question may be heard before a decision is reached."[2)]

Hy het 'n hoë waardering gehad vir die deug en oordeel van 'n niekorrupte volk en het geglo laasgenoemde moet sterk en onafhanklik wees. Die regering self moet liberaal en wetlik wees; trouens die primêre vereiste van 'n stabiele regering is, volgens Machiavelli, dat dit deur wette gereguleer moet word. "Thus Machiavelli insisted upon the need for legal remedies against official abuses in order to prevent illegal violence and pointed out the political dangers of lawlessness in rulers and the folly of vexatious and harassing policies."[3)]

Plamenatz som Machiavelli se siening van die staat soos volg op: "Machiavelli's conception of the State is already ours. He does not think of it as a hierarchy of magistrates whose authority and relations to one another are defined by custom, but as a single structure, closely-knit and all-controlling, all of whose parts respond to one centre. The State is not, for him, co-ordinate with the Church; it contains within itself (or, at least, ought to contain) all the authority there is within the territory it embraces. Only the family is prior to the State, and nothing is superior to

---

1) Ibid., p. 97.
2) Sabine, G.H., Op. cit., p. 347.
3) Ibid., p. 347.

it or not te be questioned by it ... The pillar of a federal state is its constitution, which divides, deliberately and carefully, a whole mass of power among bodies whose mutual relations are defined by law. There is nothing left out of account, nothing that lies outside the sphere of the State; all authority is exercised either by the State or with its permission."[1)]

Plamenatz wys ook daarop dat die staat vir Machiavelli dié samelewing was wat die mens se lojaliteite en ambisies stimuleer. Die staat was vir hom daardie kompleks van institusies wat die samelewing voorsien van sy kohesie, individualiteit en mag. Die staat beskik oor 'n struktuur. Hoe beter die staat gestruktureer is, hoe groter die stabiliteit en sterkte daarvan. Volgens Plamenatz is Machiavelli se staatsbeskouing 'n moderne beskouing.[2)]

1.5 Jean Bodin (1530-1596)

Jean Bodin se werke, waarvan die belangrikste waarskynlik sy Six Books concerning the State is, weerspieël in 'n groot mate die toestande waaronder hy geleef het, naamlik tydens die periode waarin die Franse godsdiensoorloë hulself afgespeel het en die leed en stryd van die tyd word deels in sy werke weerspieël.[3)] Hy was gevolglik sterk ten gunste van vrede en het in 'n sterk monargie die enigste middel gesien waardeur vrede bewerkstellig kon word.[4)] Die belangrikste aspekte van Bodin se omvattende bydrae is waarskynlik sy soewereiniteitsbeskouing; sy siening onder andere van burgerskap, die oorsprong en sosiale basis van die staat; verskillende regeringsvorme; sy teorie oor rewolusies en sy siening van die beginsels van regering en administrasie. By enkele van hierdie bydraes staan ons vervolgens saaklik stil.

Bodin definieer die staat soos volg: "A state is a lawful government of many families and of what is common to them, together with a supreme sovereignty."[5)] Bodin vervolg: "We put this definition

---

1) Plamenatz, J., Op. cit., Volume I, pp. 18-19.
2) Ibid., p. 19.
3) Vergelyk: Jones, W.T., Op. cit., Volume II, p. 53.
4) Furfey, P.H., Op. cit., p. 221.
5) Bodin, Jean, "Les Six Livres de la République" (1629), Boek I, Hoofstuk I soos aangehaal en vertaal deur Jones, W.T., Op. cit., Volume II, p. 55.

at the beginning of our book because it is necessary always first to inquire what the chief end of a thing is and afterwards about the means of attaining it".[1)]

Dit is vir ons doeleindes belangrik om daarop te let dat Bodin een van die eerste sosiale denkers was wat 'n onderskeid tussen die samelewing en die staat getref het.[2)]

Bodin het voorts uitgegaan van die standpunt dat die samelewing natuurlik in oorsprong was, voortgespruit het uit die familie[3)] en die ontstaan van die staat lank voorafgegaan het. Die staat het volgens Bodin, nie ontstaan uit natuurlike toegeneentheid of verwantskapsentiment soos die geval met die samelewing was nie, maar uit dwang.[4)] Dunning verwoord hierdie gedagte goed in die volgende aanhaling: "While human society thus arose through the operation of the social instinct, the state, on the other hand, took its origin in force".[5)] Die natuurlike vryheid is geleidelik vernietig deurdat slawerny en politieke onderhorigheid tot stand gekom het nadat oorloë tussen primitiewe families plaasgevind het, die onderworpenes as slawe onder die heerskappy van die oorwinnaars gekom het en die oorwinnaars self ondergeskik gestel is aan die gesag van hul leiers.[6)]

In ooreenstemming met sy teorie van die oorsprong van die staat beskou Bodin die staat as die hoogste vorm van assosiasie ("coetus") wat deur 'n oppermag 'n hele aantal laer vorme van assosiasies en individue byeen hou. Hy onderskei die volgende vorme van assosiasies:[7)] Die elementêrste vorm van assosiasie is die gesin wat deur 'n natuurlike band byeen gehou word. Vervolgens die "college"

---

1) Bodin, J., "Les Six Livres de la République", (1629), Boek I, Hoofstuk I soos aangehaal en vertaal deur Jones, W.T., Op. cit., Volume II, p. 55.
2) Vergelyk in die verband:
   (i) Ellwood, C.A., Op. cit., p. 100.
   (ii) Dunning, W.A., A History of Political Theories: from Luther to Montesquieu, p. 89 e.v.
   (iii) Jones, W.T., Op. cit., p. 55 e.v.
3) Dit is belangrik om daarop te let dat Bodin aan die familie 'n veel meer omvattender konnotasie heg as die moderne konnotasie. Bodin bedoel daarmee die man en vrou met hul kinders, diensknegte en slawe (vergelyk: Bodin, Jean, "Les Six Livres de la République", (1629), Boek I, Hoofstuk I, p. 14 soos aangehaal deur Jones, W.T., Op. cit., Volume II, p. 55).
4) Ellwood, C.A., Op. cit., p. 101.
5) Dunning, W.A., Op. cit., p. 89.
6) Ibid., p. 89.
7) Vergelyk: (i) Ibid., p. 90.
   (ii) Ellwood, C.A., Op. cit., pp. 102-103.

("collegium"), die korporasie ("corpus"), die kommune ("commune") ("universitas") wat hy beskou as burgerlike assosiasies en laastens die staat of statebond ("respublica") wat 'n politieke assosiasie is. Dit is vir Bodin noodsaaklik dat voordat 'n goedgeordende staat kan realiseer, 'n soewereine mag eers erken moet word. Die eenhede van hierdie geordende staat is families.[1] Hieruit volg sy soewereiniteitsbeskouing wat algemeen aanvaar word as synde die belangrikste faset van sy politieke filosofie. Waar 'n soewereine mag bestaan, is daar 'n staat ongeag die aantal onderhorige families.

Na aanleiding van Jones se vertaling van sekere sitate uit Bodin se werk oor die onderhawige aspek kan ons die volgende belangrike aspekte van Bodin se soewereiniteitsbeskouing hier uitlig.[2]

Soewereiniteit is 'n voortdurende mag ("perpetual power"), aangesien mag wat slegs tydelik van krag is nie soewerein is nie. Die volk of die edellui van 'n staat kan aan die heerser of enige iemand wat hul verkies absolute en soewereine mag gee sonder enige voorvereistes daaraan gekoppel buiten daardie vereiste gestel deur God of die natuur, aangesien mag met restriksies nie absolute mag is nie en ook nie soewerein nie.

Voorts, aangesien daar niks groter is as 'n soewereine prins nie, buiten God, en aangesien prinse deur God aangestel is om as sy gesante te heers, moet die prins die nodige agting en respek betoon word. Die kenmerke van soewereiniteit is, volgens Bodin, die bevoegdheid tot wetgewing aan die volk of die individu sonder dat dit noodwendig met hul instemming gepaard gaan. Die ware gesag van die wet berus op die mag van die soewereine prins. Alle ander kenmerke van die soewerein is derivate van hierdie een kardinale kenmerk.

Die addisionele kenmerke van die soewerein is die reg om oorlog te verklaar of vrede te sluit, die hoogste regsprekende gesag, die reg tot aanstel en ontheffing van persone met betrekking tot belangrike ampte en die reg om 'n eed van getrouheid af te lê.

---

1) Sabine, G.H., Op. cit., p. 404.
2) Bodin, Jean, "Les Six Livres de la République", (1629), Boek I, Hoofstukke 8 en 10 soos vertaal en aangehaal deur Jones, W.T., Op. cit., Volume I, pp. 57-58.

Die leier van 'n rowerbende is egter nie vir Bodin 'n soewereine heerser nie ten spyte van moontlike orde en dissipline in hul organisasie. Hierdie aanname lei hy af uit die onderskeid wat hy tref tussen wet en orde.

Bodin gaan van die standpunt uit dat daar natuurlike wette is, gefundeer in die rede, wat regverdig is en wat mense in hul optrede behoort te rig omdat hierdie wette van God kom. Sedert die val van Adam is die mens egter sondig. Dit is as gevolg van hierdie verskil tussen wat mense se optrede is en wat dit behoort te wees dat hulle 'n behoefte het aan 'n soewereine heerser, aangesien dit laasgenoemde se funksie is om die natuurlike wette op hulle af te dwing. Daarom moet die soewereine heerser ook absolute mag hê sodat hy die sondige mense tot onderhorigheid kan dwing.

Bodin tref egter ook 'n onderskeid tussen wat die heerser werklik is en wat hy behoort te wees - hy verklaar dat die ware soewereine heerser die persoon is wat heers in belang van regverdigheid. Hierin konfronteer Bodin sy eie teorie egter met 'n netelige probleem, soos Jones tereg aantoon, naamlik hoe om die regte heerser te vind.[1)]

Uit die voorafgaande blyk 'n redelike simplistiese beeld van Bodin se soewereiniteitskonsep. Laasgenoemde word deur Sabine soos volg verwoord: "In general, sovereignty meant for Bodin a perpetual, humanly unlimited, and unconditional right to make, interpret, and execute Law".[2)] In werklikheid bevat sy gehele beskouing teenstrydighede wat sy hele benadering aansienlik vertroebel.[3)]

Ten slotte kan gemeld word dat Bodin, in navolging van Aristoteles, ook drie vorme van regering onderskei het, naamlik monargie, aristokrasie en demokrasie.[4)] Plamenatz wys laastens daarop dat Bodin nie 'n praktiese innovateur was nie, maar dat sy oorspronklikheid geleë was in die feit dat hy op 'n nuwe wyse die reeds bekende te wete die Westerse monargieë, geanaliseer het.

---

1) Jones, W.T., Op. cit., Volume II, p. 60.
2) Sabine, G.H., Op. cit., p. 407.
3) Op laasgenoemde gaan ons nie hier verder in nie. Vergelyk egter: Sabine, G.H., Op. cit., pp. 407-411.
4) Plamenatz, J., Op. cit., Volume I, p. 104 e.v.

1.6 Thomas Hobbes (1588-1679)

Om in 'n saaklike uiteensetting soos die onderhawige reg te laat geskied aan selfs enkele wesensaspekte van Hobbes se belangrikste werk,[1] is 'n saak van onmoontlikheid. In die vier dele van sy werk, Leviathan, te wete "Of Man, of Commonwealth, of a Christian Commonwealth, of the Kingdom of darkness", het slegs eersgenoemde twee betrekking op die onderhawige uiteensetting.[2]

Met betrekking tot die menslike natuur[3] aanvaar Hobbes dat mense van nature gelyk is, maar uit hierdie gelykheid spruit 'n self-wantroue ("diffidence") by die mens, byvoorbeeld wanneer twee individue dieselfde objek begeer wat net een egter kan verkry, word hulle vyande en poog die een eventueel om die ander te onderwerp of te vernietig. Dieselfde geld by implikasie vir volke en nasies. Hierteen, volgens Hobbes, is slegs een wyse van verweer: "... that is, by force, or wiles, to master the persons of all men he can, so long, till he see no other power great enough to endanger him: and this is no more than his own conservation requireth, and is generally allowed."[4]

Hobbes voer drie primêre motiverings aan vir die stryd tussen mense: eerstens kompetisie, tweedens wantroue en laastens glorie of eer. Kompetisie motiveer die mens ter wille van gewin; wantroue motiveer hom tot veiligheid (selfbeskerming) en glorie of eer motiveer hom tot 'n strewe na reputasie.

Hobbes huldig die mening dat die mens, sonder 'n gemeenskaplike mag wat hom in bedwang moet hou, in 'n toestand van oorlog verkeer en

---

1) Hobbes, Thomas, Leviathan or the matter, forme and power of a commonwealth ecclesiasticall and civil, onder redaksie van Michael Oakeshot (in die behandeling van die onderhawige temas is hierdie bron gebruik).

2) Die hieropvolgende onderwerpe van bespreking is gekies op grond van die relatiewe prominensie wat hieraan in die literatuur uit die politieke wetenskappe geheg is. (Vergelyk in die verband die hieropvolgende voetnotas onder hierdie subhoof en die belangrikheid daarvan vir die onderhawige uiteensetters.) Vergelyk veral: Woodward, E.L., "Thomas Hobbes" in Hearnshaw, F.J.C. (redakteur), The Social and Political Ideas of Some Great Thinkers of the Sixteenth and Seventeenth Centuries, (1949), pp. 153-172.

3) Hobbes, T., Op. cit., pp. 98-102. Vergelyk ook:
(i) Plamenatz, J. Op. cit., Volume I, pp. 118-122.
(ii) Dunning, W.A., Op. cit., pp. 268-272.
(iii) Ellwood, C.A., Op. cit., pp. 121-124.

4) Hobbes, T., Op. cit., p. 99.

wel 'n oorlog "van almal teen almal". Hierdie oorlog word deur Hobbes gekwalifiseer as bestaande nie alleen uit die wäre geveg nie, maar ook uit die bekende disposisie daartoe. Voorts is niks in so 'n oorlog onregverdig nie.

Die motivering wat die mens egter tot vrede neig is sy vrees vir die dood, sy begeerte na daardie kommoditeite wat nodig is vir 'n gerieflike ("commodious") lewe, 'n hoop om laasgenoemde te verwerf. En voorts: "... reason suggesteth convenient articles of peace, upon which men may be drawn to agreement. These articles, are they, which otherwise are called the Laws of Nature ..."[1)]

Alvorens ons saaklik die natuurwette ("natural laws")[2)] volgens Hobbes in oënskou neem, is 'n aanname van Sabine in die verband vir ons belangrik: "The laws of nature really meant for Hobbes a set of rules according to which an ideally reasonable being would pursue his own advantage, if he were perfectly conscious of all the circumstances in which he was acting and was quite unswayed by momentary impulse and prejudice. Since he assumes that in the large men really do act in this way, the laws of nature state hypothetical conditions upon which the fundamental traits of human beings allow a stable government to be founded. They do not state values but they determine causally and rationally what can be given value in legal and moral systems."[3)]

In die lig van bogenoemde aanname gee ons 'n saaklike uiteensetting van hobbes se siening van die wette van die natuur.

Hobbes tref eerstens 'n onderskeid tussen natuurreg ("jus naturale") en natuurwet ("lex naturalis"). Eersgenoemde beskou hy as die vryheid wat elke mens het om sy eie mag aan te wend soos hy wil vir die bewaring van sy eie natuur, en gevolglik om enigiets te doen wat na sy mening en volgens sy eie rede voldoende daartoe is. Bogenoemde vryheid kwalifiseer Hobbes soos volg, die afwesigheid

---

1) Ibid., p. 102.
2) Ibid., pp. 103-124. Vergelyk ook:
   (i) Ellwood, C.A., Op. cit., p. 123.
   (ii) Dunning, W.A., Op. cit., pp. 272-276.
   (iii) Plamenatz, J. Op. cit., Volume I, pp. 122-132.
   (iv) Jones, W.T., Op. cit., pp. 101-115.
3) Sabine, G.H., Op. cit., p. 461.

van eksterne hindernisse ("impediments") wat 'n persoon opgelê kan word om te doen wat hy wil (volgens sy eie rede en oordeel).

'n Natuurwet hierenteen is 'n algemene voorskrif gefundeer in die rede, waardeur 'n persoon verbied word om te doen wat selfvernietigend is, of hom verbied om die middele tot selfpreservering te neutraliseer. 'n Fundamentele wet van die natuur is dat elke individu 'n reg tot enigiets het - selfs oor 'n ander se liggaam - sodat daar geen sekuriteit vir enigiemand is solank hierdie natuurlike reg van die mens tot enigiets bly voortbestaan nie.

Hieruit volg 'n algemene reël van die rede, naamlik: "... that every man, ought to endeavour peace, as far as he has hope of obtaining it; and when he cannot obtain it, that he may seek, and use, all helps, and advantages of war."[1)]

Die eerste aanname van die wet van die natuur behels dus die soeke na vrede en die handhawing daarvan. Die tweede wat Hobbes beskryf: "... as the right of nature"[2)] is om met elke moontlike middel selfverdediging toe te pas. Die tweede wet van die natuur, afgelei van die eerste, behels die gewilligheid om, waar ander so ver as moontlik ook ingestel is op vrede en selfverdediging, die reg op of tot alle dinge af te lê en tevrede te wees met soveel vryheid teenoor ander as wat ander gegun word teenoor die self. Hierin gaan die betrokkenes dus 'n onderlinge kontrak aan en vir Hobbes is dit noodsaaklik dat hierdie ooreenkoms bindend moet bly. Hierop volg sewentien ander natuurwette waarop ons hier nie verder ingaan nie.[3)]

Hobbes se siening van die oorsake, realisering en definisie van 'n staat ("commonwealth")[4)] ("civitas") word vervolgens aangestip. Hobbes definieer 'n staat as: "... one person, of whose acts a great multitude, by mutual covenants one with another, have made themselves every one the author, to the end he may use the strength

---

1) Hobbes, Thomas, Op. cit., pp. 103-104.
2) Ibid., p. 104.
3) Vergelyk: Ibid., pp. 113-122.
4) Ibid., pp. 129-133. Vergelyk ook:
   (i) Dunning, W.A., Op. cit., pp. 276-281.
   (ii) Jones, W.T., Op. cit., Volume II, p. 115 e.v.

and means of them all, as he shall think expedient, for their peace and common defence."[1)]

Die doel van die staat is die handhawing van vrede en sekuriteit, wat nie gerealiseer kan word deur die natuurwette alleen en die daaruitspruitende kontrakte nie, of die saambinding van 'n groep persone, of families, of 'n groot getal mense nie, maar wel deur 'n oppergesag met durende mag. Daarom is dit nodig dat alle individuele mag oorgeplaas sal word na een persoon, of een vergadering van persone, wat die gemeenskaplike wil deur 'n meerderheid van stemme kan reduseer tot een wil sodat een persoon of een vergadering kan optree in belang van gemeenskaplike vrede en veiligheid. Dus: een persoon of vergadering aan wie se wil en oordeel alle ander ondergeskik is.

Hierdie staat, volgens Hobbes, kan tot stand kom deur institusies of verwerwing.[2)] In eersgenoemde geval verenig mense uit eie impuls, en in laasgenoemde wanneer die impuls tot eenwording geinisieer word deur die superieure mag van 'n individu wat hul dreig met destruksie.[3)] Die basis van beide vorme van die realisering van die staat word daargestel deur vrees. In eersgenoemde geval vrees hulle mekaar en in laasgenoemde geval die persoon wat die mag verwerf.

Hoewel Hobbes se bydrae opvallend is, veral vanweë die logiese klaarheid daarvan, was dit egter nie die eindresultaat van realistiese politieke waarneming nie.[4)] "It was not so much a description of men as they are as a demonstration of what they must be in the light of general principles."[5)] Afgesien van bogenoemde konsepsie van Hobbes oor die staat as synde wat behoort te wees, voeg Ellwood hieraan toe dat Hobbes 'n statiese siening van die sosiale en politieke lewe gehandhaaf het.[6)] Ten spyte van hierdie en ander kritiek op Hobbes, onder andere dat sy idees 'n sterk individualistiese inslag openbaar,[7)] wys talle skrywers ook op die

---

1) Hobbes, T., Op. cit., p. 132.
2) Ibid., p. 134 e.v.
3) Dunning, W.A., Op. cit., p. 277.
4) Sabine, G.H., Op. cit., p. 474.
5) Ibid., p. 474.
6) Ellwood, C.A., Op. cit., p. 126.
7) Sabine, G.H., Op. cit., p. 475.

meriete van Hobbes se bydrae.

Plamenatz[1] wys onder andere daarop dat Hobbes besef het dat die mens nie as 'n sosiale wese gebore word nie, maar gevorm word tot 'n sosiale wese; dat daar sonder wette geen regverdigheid is nie en sonder dissipline geen wette nie, en geen sanksie sonder dissipline nie. "It is under the pressure of authority that man becomes a creature who learns to respect in others the claims he makes for himself."[2] Plamenatz vervolg: "As it is, Leviathan, much more powerfully than anything written before it, brings to our notice what man might be like if he were subject to no discipline, if he were included in no social order. Leviathan, more than any political treatise before it, compels us to reflect on what is involved in man's being a social and a moral creature."[3]

Dat Hobbes se bydrae 'n besondere hoogtepunt verteenwoordig in die ontwikkeling van polities-sosiale denke kan in die lig van bogenoemde geredelik aanvaar word.

In breë trekke vorm bogenoemde uiteensetting 'n saaklike skets van sekere van Hobbes se primêre prinsipes, wat na ons mening nodig is vir 'n duideliker beeld van die historiese ontwikkeling van polities-sosiale denke.

1.7 John Locke (1632-1704)

Allerweë word aanvaar dat Locke se werk Two Treaties of Government van sy belangrikste werke verteenwoordig.[4] Op wetenskaplike wyse het hy veral in die tweede deel 'n regverdiging van die Rewolusie van 1688 in Brittanje probeer gee. In hierdie volume van sy werk verskyn ook sy algemene teorie.

Locke het die sosiale kontrakteorie gehuldig en uitgegaan van die standpunt dat mense in 'n natuurlike staat verkeer totdat hul vanweë onderlinge ooreenstemming in 'n politieke samelewing verenig.[5] Hierdie siening van Locke beskryf Dunning: "The state of nature

---

1) Plamenatz, J., Op. cit., Volume I, p. 154.
2) Ibid., p. 154.
3) Ibid., p. 154.
4) Vergelyk onder andere: Furfey, P.H., Op. cit., p. 220.
5) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 183.

as conceived by Locke is a pre-political rather than a pre-social condition."[1] Hierdie oorspronklike staat was vir Locke een van perfekte vryheid, een waarin die mens sy handelinge kon orden en na eie goeddunke kan optree binne die perke van die wet van die natuur sonder om hierin die wil en/of die goedkeuring van 'n ander te verreken. In hierdie toestand is almal gelyk.[2]

In navolging van Aristoteles gaan Locke uit van die veronderstelling dat die mens van nature 'n sosiale wese is. Becker en Barnes[3] wys daarop dat Locke uitgegaan het van die standpunt dat die eerste samelewing tussen man en vrou bestaan het, die tweede tussen ouers en kinders en die derde tussen meester en dienaars. Hierdie samelewings is egter vir Locke nie politieke samelewings nie tensy daar die volgende is: "... (1) a union into one body; (2) a common law; and (3) an authority to decide controversies and punish offenders".[4] Vir Locke is laasgenoemde drie kriteria die onderskeidende kriteria tussen burgerlike samelewings en alle ander samelewings.

In ooreenstemming met sy aanname dat die mens van nature "vry", "gelyk" en "onafhanklik" is, gaan Locke voorts van die veronderstelling uit dat die mens nie ondergeskik gestel kan word aan politieke kontrole sonder sy eie toestemming nie. Burgerlike samelewings se ontstaan wortel dus onteenseglik vir Locke in onderlinge konsent (ooreenstemming) tussen mense.[5] Die mens het voorts, soos blyk uit talle voorbeelde, nog altyd die gewoonte gehad om hom te onttrek van die heerskappy waaronder hy gebore is en om nuwe regerings vir homself tot stand te bring.

Locke se geloof in die sosiale kontrak blyk uit die volgende: "Men being, as has been said, by nature all free, equal, and independent, no one can be put out of this estate and subjected to the political power of another without his own consent, which is done by agreeing with other men, to join and unite into a community for their comfortable, safe, and peaceable living, one amongste another, in a

---

1) Dunning, W.A., Op. cit., p. 345.
2) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 392.
3) Ibid., p. 392.
4) Locke, J., "Second Essay of Civil Government", Afdelings 124-126 soos aangehaal deur Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 392.
5) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 393.

safe enjoyment of their properties, and a greater security against any that are not of it. This any number of men may do, because it injures not the freedom of the rest; they are left as they were, in the liberty of the state of Nature when any number of men have so consented to make one community or government, they are thereby presently incorporated, and make one body politic, wherein the majority have a right to act and conclude for the rest ....

And thus, that which begins and actually constitutes any political society is nothing but the consent of any number of freemen capable of a majority, to unite and incorporate into such a society. And this is that and that only which did or could give beginning to any lawful government in the world."[1)]

Dit dien hier gemeld te word dat die gedagte van 'n sosiale kontrak 'n baie ou idee is wat onder andere deur die Epikureërs, die Romeinse juriste, middeleeuse Skolastici, Grotius, Hooker en Hobbes geponeer is, en ook deur politieke teoretici ná Locke met enkele variasies en vir verskillende doelstellinge aangewend is.[2)] Vir Locke egter het die sosiale kontrakteorie as 'n noodsaaklike skakel gedien in sy algemene teorie, waarin hy uitgegaan het van die veronderstelling dat daar 'n oorspronklike samelewing was, gewortel in 'n natuurlike staat. Voordat hierdie staat kon ontwikkel in 'n burgerlike samelewing, was die sosiale kontrak 'n voorvereiste.

Hierdie kontrak, soos deur Locke voorgehou,[3)] omvat 'n ooreenkoms deur elk van die betrokke individue om sy natuurlike regte, om die wet van die natuur uit te oefen, op te sê en om strawwe in die oortreding daarvan op te lê. Hierdie reg wat die individu opsê, doen hy ten gunste van die gemeenskap as 'n geheel. "The society thus becomes, by the act of the individuals who form it, vested with the functions of determining what are offences against the law of nature, and punishing violations of that law, - and those functions constitute, in Locke's view, the whole scope of political authority."[4)]

---

1) Locke, J., "Second Essay of Civil Government", Afdelings 95 & 99 soos aangehaal deur Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 393.
2) Vergelyk: Chambliss, R., Op. cit., p. 354.
3) Dunning, W.A., Op. cit., pp. 349-450.
4) Ibid., p. 349.

Hieruit maak Locke twee afleidings. Eerstens: die reg van meerderheidsregering as die beginsel waarin die gemeenskapshandeling sentreer. Tweedens: dat die individu gebonde is om sy bydrae te lewer in die uitoefening van die beslissings van die politieke gesag wat hy gehelp konstitueer het.[1)]

Hierdie twee afleidings hou ten nouste verband met Locke se leerstelling van politieke organisasie.[2)] Ellwood toon in die verband aan dat Locke van mening is dat die kern en eenheid van die samelewing in die eenheid van wil bestaan en daardie wil word verteenwoordig deur die meerderheid. Hy klassifiseer dan ook regering in terme van die aantal lede betrokke in wetgewing.

In 'n demokrasie word die wette deur die meerderheid gemaak; in 'n oligargie deur die minderheid en in 'n monargie deur een persoon. Uit Locke se uiteensetting van regeringsvorme lei Ellwood onder andere af dat hy 'n voorstander was van 'n parlementêre regering.[3)]

Locke onderskei drie komponente in 'n regering: die komponent wat verantwoordelik is vir die formulering van wette; die komponent wat die wette toepas; en die komponent wat die burgers beskerm. Die wetgewende komponent moet die volk verteenwoordig. Wat in hierdie onderafdeling van belang is, is dat Locke vir Montesquieu hierin vooruitgegaan het. Laasgenoemde het bekendheid verwerf vir sy onderskeiding tussen die wetgewende, uitvoerende en regsprekende funksies van die staat.[4)]

Dit is egter eweneens belangrik om daarop te let dat die sosiale kontrakteorie van Locke nie net gefundeer is in konsent of onderlinge ooreenstemming nie, maar ook vir weerstand voorsiening maak. Hierdie gedagte word goed deur Plamenatz verwoord: "The duty of obedience is conditional: government exists, not for the benefit of those who govern, but for the good of their subjects, who have the right to resist their rulers when they are oppressive."[5)]

---

1) Ibid., p. 350.
2) Vergelyk: Ellwood, C.A., Op. cit., pp. 134-135.
3) Ibid., p. 134.
4) Ibid., p. 135.
5) Plamenatz, J., Op. cit., Volume I, p. 231.

Alhoewel Locke oor 'n veeltal relevante onderwerpe uitsprake gelewer het, volstaan ons hier met die hierbo saaklike toeligting van enkele van Locke se prominentste bydraes.

In die hieropvolgende subhoof sal gepoog word om die historiese perspektief met betrekking tot polities-sosiale denke verder uit te brei deur enkele van daardie denkers wat die substantiewe onderbou en inhoud van polities-sosiale denke verder beslag gegee het, saaklik in oënskou te neem.

2. Polities-sosiale denke tydens die agtiende eeu

Furfey[1] tipeer die eerste twee derdes van die agtiende eeu as die "tydperk van rede". Hy wys daarop dat die denkers uit hierdie tydperk gevoel het dat die mens se rede ingeperk was deur tradisie en sentimentaliteit en dat die onbeperkte aanwending van die rede die filosofie en kuns sou rewolusionaliseer en 'n beter wêreld sou help bou.[2] Vir hulle was die rede 'n aanvangspunt sowel as 'n metode; vir hulle het dit beteken die analise van resultate van die natuurwetenskappe ten einde dit toe te pas op alle terreine van menslike aktiwiteite. "The starting point was to be furnished by the data of science along with all other facts which are positive and unquestionable like scientific discoveries. The method was to consist of clear, unsentimental reasoning from these facts."[3] Die beweging wat sigself op hierdie wyse van beredenering beroep het, sou bekend word as die tydperk van verligting.[4]

Weech[5] voer hierdie agtiende-eeuse geloof in die rede terug tot drie faktore, te wete:

(i) 'n Konsekwensie van die ontwikkeling van die drukpers was dat 'n ontwikkelde (geskoolde) publiek tot stand gekom het buite die hiërargie van die kerk.

(ii) Die fenomenale ontwikkeling van die Wiskunde en die Fisiese Wetenskappe het aan die lig gebring dat die natuur beheers word deur wette.

---

1) Furfey, P.H., Op. cit., p. 232.
2) Ibid., p. 232.
3) Ibid., p. 323.
4) Ibid., p. 323.
5) Weech, W.N., Op. cit., p. 643.

(iii) Die invloed van die godsdiens wat werksaam was deur die eeue "en nou bevry is van kerklike pretensies deur mistastende sektes", kon sigself via die Christelike geloof manifesteer in 'n algemeen-geldende gevoel van verdraagsaamheid en menslikheid.

Hierdie tydperk van verligting het teen 1789 weliswaar nog nie in 'n moderne verenigde Europa gerealiseer nie, maar in 'n gefragmenteerde en tradisionele een, sonder omvangryke geletterdheid, sonder omvangryke leërs en sonder die idee van omvangryke politieke deelname. Dit was dus 'n Europa nog ver verwyderd van die moderne, maar tog vervolg Anderson: "Yet it was part of the soil from which the modern world grew; with the outbreak of the revolution in France that growth became unmistakable."[1)]

Dat die tydperk van verligting in sy geheel as 'n belangrike stroming in die agtiende eeu beskou moet word, kan aanvaar word. Daar word vervolgens stil gestaan by enkele prominente denkers uit hierdie tyd wat die ontwikkelingsbeeld van politiës-sosiale denke verder sal verruim.

2.1 Giambattista Vico (1668-1744)

Vico se werk wat allerweë aanvaar word as sy belangrikste bydrae tot die sosiale filosofie[2)] is Principles of a New Science concerning the Common Nature of Nations. Laasgenoemde werk het die lig gesien toe Italiaanse sosiale denke tydens die agtiende eeu 'n redelike steriele en onproduktiewe tydperk beleef het.[3)] Ellwood wys daarop dat hoewel hierdie werk vir 'n redelike tydperk buite Italië onbekend was, dit tog 'n belangrike skakel in die ketting van Europese sosiale denke verteenwoordig, daar dit 'n belangrike invloed uitgeoefen het op die latere Franse en Engelse sosiale denkers.

Ongeag die geldigheid van Vico se metodologie[4)] en ongeag die feit

---

1) Anderson, M.S., 18th Century Europe 1713-1789, p. 158.
2) Vergelyk in die verband:
   (i) Ellwood, C.A., Op. cit., p. 139.
   (ii) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 429.
3) Ellwood, C.A., Op. cit., p. 138.
4) Vergelyk hieroor: Chambliss, R., Op. cit., pp. 374-375.

dat hy in sy beredeneringe gesteun het op veral vier denkers voor hom, te wete Plato, Tacitus, Bacon en Grotius, was die resultaat van sy metode en werk 'n filosofie van geskiedenis en 'n wetenskap van menslike kultuur.[1] Dit dien hier gemeld te word dat McDonald[2] van mening is dat Vico se werke veel eerder 'n nuwe benadering tot geskiedenis as 'n nuwe metode verteenwoordig.

Becker en Barnes[3] merk op dat Vico se filosofie van die geskiedenis in wese psigo-sosiaal van aard is en dat sy fundamentele stelling was dat die sosiale ewolusie-fases bepaal word deur die aard van die geestelike uitkyk en evaluerings van die mens in opeenvolgende periodes van sy ontwikkeling. Becker en Barnes vervolg: "Vico grasped with great philosophical insight one basic doctrine: viz., that social development has been a general and comprehensive movement in which all factors have evolved simultaneously and not separately."[4]

Vico het bykans alles in die geskiedenis in 'n drieledige verdeling gesien, drie natuurtipes, drie karaktertipes, drie godsdienstige epogs, drie spesies van taal, skrif, regerings, natuurwet, regspraak en wetlike oordeel.[5]

In ooreenstemming met laasgenoemde poneer Vico 'n drie-fase-teorie van historiese ontwikkeling waarin die volgende fases te onderskei is: die "heilige" fase of tyd van die gode, die heroïse fase en die fase van die mens.[6]

Vico se bydrae tot die politieke teorie sien Dunning[7] in hoofsaak in Vico se leerstelling oor die vorme en opeenvolgings van regerings. Die regeringsvorme wat Vico onderskei is: i) teokrasie, ii) aristokrasie en iii) die vrye staat. Met 'n teokrasie

---

1) Ibid., p. 375.
2) McDonald, L.C., Western Political Theory: The Modern Age, p. 158.
3) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 466.
4) Ibid., p. 466.
5) Flint, Robert, "Vico", p. 214 soos aangehaal deur Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 467.
6) Vergelyk: Ellwood, C.A., Op. cit., pp. 143-146.
7) Dunning, W.A., Op. cit., p. 386. (Die onderhawige paragraaf is grootliks op genoemde bron gebaseer - vergelyk pp. 386-389).

het Vico 'n regeringsvorm in gedagte waarin die direkte gesag van God, soos dit uiting vind deur orakels, die bron van politieke mag is. Met 'n aristokrasie bedoel hy 'n regering gerig deur gesag van aristokrate, byvoorbeeld familiehoofde.

In die vrye staat of vrye republiek is die politieke gesag in die hande van die aristokrate en die hele bevolking wat 'n integrale deel van die gemeenskap geword het. Beide republiek en monargie is vir Vico 'n vorm van die vrye staat. In laasgenoemde word die gesag uitgeoefen deur 'n individu namens die volk. Die gemengde regeringsvorms wat periodiek voorkom, is vir hom slegs tussenfases tussen die drie hoofvorme hierbo genoem.

Vico se leerstelling is gefundeer nie alleen in die waarneming van die geskiedenis nie, maar sy analise van die institusies. Tipes van elk van die fases van politieke ontwikkeling het hom in staat gestel om aan te toon dat elk van hierdie fases in direkte verband staan tot die beginsels van die algemene filosofie. Vico se metode, volgens Dunning, staan in sterk kontras met die denke van die natuurwetfilosowe, wat die denke van dié tyd gedomineer het.

Vico[1] was oortuig dat die menslike natuur oorspronklik barbaars was, maar onder invloed van die godsdiens en die huwelik het die humaniteit van die mens na vore gekom. "Without religion and family life he is only another animal. Since the natural inclination to worship and to form permanent family ties is universal among men, no force other than the inherent demands of man's own nature required to create civilization."[2] Vir Vico is die mens van nature sosiaal aangesien dit vir hom natuurlik is om die gebruike van sy samelewing te volg. Gevolglik word die mens deur sy sosiale omgewing gevorm.

Vir Vico is dit dus slegs in 'n"verligte samelewing" dat die mens daarin kan slaag om die rasionele kragte waartoe hy in staat is, te verwerf.[3] Bogardus merk in die verband die volgende op: "Vico outlined the evolutionary character of society according to the spiral theory, namely, that society does return upon itself

---

1) Chambliss, R., Op. cit., pp. 382-384.
2) Ibid., p. 382.
3) Ibid., p. 383.

but that, when it completes a cycle, it is upon a higher plane of cooperation than when the given cycle began."[1)]

2.2 Baron De Montesquieu (1689-1755)

Van al Montesquieu se werke[2)] neem The Spirit of the Laws (1748) 'n prominente posisie in. Montesquieu se werke bewys hom as 'n "versigtige student van die geskiedenis en toegewy aan die historiese metode".[3)] Dit was veral in sy bogenoemde werk dat sommige Montesquieu sien as een van die grondleggers van die Sosiologie. Hierdie toewysing word onder andere gemaak op grond van die besondere sin vir die sosiale realiteit wat Montesquieu openbaar het. Montesquieu het ook gepoog om daardie faktore wat die vorme en inhoud van sosiale samewerking gevorm het aan te toon.[4)] Plamenatz toon egter aan dat hoewel hierdie werk aanvanklik goed ontvang is en 'n groot sukses geblyk te wees het, dit later, veral aan die begin van die negentiende eeu, beide ten opsigte van die metode en die inhoud onder verdenking was.[5)]

Montesquieu het met betrekking tot die samelewing (wat onder andere deur Plamenatz getipeer word as sy samelewingskonsepsie)[6)] opgemerk dat wette gewortel is in die menslike natuur en in die toestande van die fisiese natuur. Montesquieu sê dat wette: "... are the necessary relations springing from the nature of things".[7)]

Ellwood[8)] wys daarop dat Montesquieu by implikasie teen die kontrakteorie was en dat hy aanvaar het dat mense byeengebring is, nie deur 'n kontrak nie, maar as gevolg van noodsaak. In hierdie verband identifiseer hy vier wette van die natuur wat mense in assosiasie byeengebring het, te wete: (i) vrede; (ii) honger

---

1) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 430.
2) Ander werke van Montesquieu is die volgende:
   (i) Persian Letters (1721).
   (ii) The Considerations on the Causes of the Greatness and Decadence of the Romans (1734).
3) Ellwood, C.A., Op. cit., p. 149.
4) Ibid., p. 150.
5) Plamenatz, J., Op. cit., Volume I, p. 253.
6) Ibid., p. 255.
7) Ellwood, C.A., Op. cit. p. 153.
8) Vergelyk in die verband verder: Ibid., pp. 153-155.

en die noodsaak van voedsel; (iii) geslagsaantreklikheid.

Uit bogenoemde drie wette vloei 'n vierde voort, naamlik die mense behoefte om in 'n samelewing van sy medemens te leef. Gevolglik het die samelewing ontstaan nie as gevolg van kontraktuele ooreenkomste nie, maar as gevolg van die noodsaaklikhede van menslike lewe en bestaan.

'n Regering en wette word egter noodsaaklik as gevolg van die konflikte wat tussen individue ontstaan. Die karakter van die mense en die natuurtoestande het egter in noue verband met hierdie wette gefigureer.

In die lig van Montesquieu se fundamentele aanname, naamlik dat menslike institusies nie arbitrêre instellings is nie, en sy besondere wetskonsepsie lei hy af dat beide institusies en wette voortvloei uit twee faktore: (i) die noodsaaklikhede van die menslike natuur en (ii) die toestande van die fisiese natuur. Sosiale institusies is enersyds uitings van die karakter van 'n volk en andersyds van die fisiese omgewing. Karakter hou vir Montesquieu weer ten nouste verband met die fisiese omgewing.[1)]

In hierdie verband is 'n afleiding van Plamenatz logies wanneer hy verklaar dat vir Montesquieu alle institusies - polities, godsdienstig ekonomies, kuns en binnelands - verbandhoudend met mekaar is, sodat 'n verandering in die een ook die ander sal beïnvloed. Eiendomlik aan Montesquieu is die aanname dat: "... government is not to be understood except as one aspect of a people's life intimately bound up with all other aspects. Society, he tells us, is vastly more intricate than we ordinarily have any idea of, and forms our minds in ways unsuspected by us until we begin to study it."[2)]

Met betrekking tot Montesquieu se klassifikasie van regeringsvorms, wat Dunning[3)] beskou as die sleutel tot 'n sisteem wat die totale heterogene materiaal van Montesquieu se werk omvat, merk Dunning op dat dit juis politiek is wat 'n geïntegreerde geheel maak van Montesquieu se primêre werk. Alhoewel Montesquieu 'n drieledige

---

1) Vergelyk in die verband: Ibid., p. 154.
2) Plamenatz, J., Op. cit., Volume I, p. 256.
3) Vergelyk in die verband verder: Dunning, W.A., Op. cit., pp. 399-406.

verdeling voorstel, naamlik (i) 'n republikeinse regeringsvorm; (ii) 'n monargie; en (iii) 'n despotiese regeringsvorm, onderverdeel hy die republikeinse regeringsvorm in werklikheid in 'n demokrasie en 'n aristokrasie.

Die "aard" van die sisteme, dit wil sê die strukture van die regeringsvorm vorm die basis van sy klassifikasie. "The republican system is that in which sovereign power is possessed by either the whole people or some part of it; monarchy consists in the rule of an individual according to fixed laws; despotism is the rule of an individual without law and without restraint."[1)]

Wat na Dunning se mening van veel groter betekenis is in Montesquieu se drieledige klassifikasie van regerings, is die onderskeid wat Montesquieu tref tussen die aard van regerings en die beginsels van die onderskeie regerings. Hy haal Montesquieu aan en toon aan dat laasgenoemde met die aard van 'n regering sy besondere struktuur in gedagte het en met sy beginsels: ".. the human passions which make it act".[2)] Elke regeringsvorm het dus 'n besondere beginsel.

In 'n republikeinse regering is dit deug en wel politieke deug in die sin van liefde vir die land en gelykheid. In 'n demokrasie is hierdie besondere beginsel, deug, in 'n ongekwalifiseerde vorm teenwoordig. In 'n aristokrasie, wat vir Montesquieu ook 'n republikeinse regeringsvorm is, neem die beginsel van deug 'n besondere vorm aan, naamlik gematigdheid ("moderation"). In 'n monargie is die beginsel eer. Die beginsel ingebed in despotisme is vrees.[3)] Dit is met verwysing na beide bogenoemde klassifikasies en die beginsels daarin vervat dat Montesquieu 'n veelvoud van sosiale en politieke institusies en wette klassifiseer en analiseer. "He shows that a definite relation to the nature of a government determines the character of those fundamental laws which make the constitution."[4)]

---

1) Ibid., p. 399.
2) Montesquieu, "The Spirit of the Laws", Boek III, Hoofstuk I soos aangehaal deur Dunning, W.A., Op. cit., p. 400.
3) Vir groter detaillering van hierdie beginsels vergelyk:
   (i) Jones, W.T., Op. cit., Volume II, pp. 236-238.
   (ii) Ellwood, C.A., Op. cit., pp. 155-157.
   (iii) Plamenatz, J., Op. cit., Volume I, pp. 271-274.
4) Dunning, W.A., Op. cit., p. 402.

'n Volgende faset van Montesquieu se denke, relevant vir ons doeleindes, is sy aanname dat die permanentheid van enige regeringsvorm van so 'n relatiewe aard is dat die transformasie van een regeringsvorm na 'n ander slegs verduideliking verg. "The most fundamental element in the explanation is to be found, he declares, in the axiom that 'the corruption of every government begins almost always with the corruption of its principle'."[1] Die duur van enige regeringsvorm is dus afhanklik van die voortbestaan van sy gebinsel(s).

Montesquieu huldig geen spesifieke teorie van verandering in hierdie verband nie. Hy toon egter wel aan dat waar die beginsel onderliggend aan 'n bepaalde vorm van regering verval, algemene wanorde sal versnel vanweë die verband van die beginsel met alle wette en institusies.[2]

'n Laaste faset van Montesquieu se bydrae waarby ons hier saaklik wil stilstaan, is sy aannames met betrekking tot die verdeling van mag.[3] Montensquieu het dit duidelik gestel dat daar in elke regering drie magte voorkom: die wetgewende, uitvoerende en regsprekende magte. Daar is ook nie sprake van vryheid indien die wetgewende en uitvoerende magte in een persoon gesetel is nie of indien die regsprekende mag nie van die wetgewende en uitvoerende magte geskei is nie.

Indien die regsprekende mag wel met die wetgewende mag en die uitvoerende mag gekoppel is, is die lewe en vryheid van die onderdaan blootgestel aan arbitrêre beheer aangesien die "regter" ook die "wetgewer" sal wees.

Sou die regsprekende mag gekoppel wees aan die uitvoerende mag, kan die "regter" hom skuldig maak aan geweld en onderdrukking. Montesquieu vervolg: "There would be an end of everything were the same men or the same body (whether of nobles or of the people)

---

1) Montesquieu, "The Spirit of the Laws", Boek VIII, Hoofstuk I soos aangehaal deur Dunning, W.A., Op. cit., p. 406.
2) Vergelyk in die verband verder: Dunning, W.A., Op. cit., p. 408.
3) Vergelyk in die verband: Montesquieu, "Spirit of the Laws", Boek XI, Hoofstukke 6 & 7 soos aangehaal deur Jones, W.T., Op. cit., Volume II, pp. 245-247 (vrye vertaling van Jones se weergawe).

to exercise all three powers ..."[1] Die wetgewende mag moet in die volk gesetel wees, aldus Montesquieu.

Aangesien hierdie idee in die praktyk in kleiner state tot ongerief lei en in groter state nie moontlik is nie, moet die volk daardie magte wat hulle nie self kan uitoefen nie laat uitoefen deur hul verteenwoordiger. Met verwysing na die wetgewende en die uitvoerende magte het Montesquieu aan die gedagte van vetoreg baie prominensie verleen. "The executive power ought to be given a share in the legislation ..., otherwise it would soon be stripped of its prerogative ... This share must consist in the power of veto ..."[2] Die belangwekkendheid van Montesquieu se bydrae oor die verdeling van magte word allerweë erken.[3]

Om 'n samevatting van selfs Montesquieu se belangrikste bydraes te gee, is 'n uiters moeilike saak,[4] onder andere vanweë die veeltal fasette wat hy in sy werke in behandeling geneem het. So byvoorbeeld het Montesquieu deur sy uitsprake ten gunste van regverdigheid, menslikheid en verdraagsaamheid en sy uitsprake teen absolutisme en tirannie 'n beweging (humanisme) gesteun wat Europa tot op groot hoogte later sou domineer.[5] So verklaar Montesquieu byvoorbeeld: "The alms given to a naked man in the street do not fulfil the obligations of the state, which owes to every citizen a certain subsistance, a proper nourishment, convenient clothing, and a kind of life not incompatable with health."[6]

'n Gedagte wat vermelding verdien met betrekking tot Montesquieu se werk The Spirit of the Laws, is die van McDonald wat van mening is dat die implikasies van hierdie werk nie karakteristiek is van politieke denke in die agtiende eeu nie. "The book at least suggested a dependence of political institutions upon physical

---

1) Ibid., p. 245.
2) Ibid., p. 246.
3) Vergelyk:
   (i) McDonald, L.C., Op. cit., p. 187.
   (ii) Jones, W.T., Op. cit., Volume II, p. 245.
   (iii) Furfey, P.H., Op. cit., p. 238.
4) Vergelyk byvoorbeeld: Sabine, G.H., Op. cit., p. 556.
5) Jones, W.T., Op. cit., Volume II, p. 244.
6) Montesquieu, "Spirit of the Laws", Boek XXIII, Hoofstuk 29 soos aangehaal deur Jones, W.T., Op. cit., Volume II, p. 244.

and social causes, and a consequent relativism of political values, which was contrary to the view that commonly prevailed."[1)]

Met hierdie saaklike verwysing na Montesquieu se bydrae(s) word hier volstaan.

2.3 Francois Marie Arouet Voltaire (1694-1778)[2)]

Vir Ellwood was Voltaire nie alleen 'n groot denker wat 'n versigtige wetenskaplike beredenering aan die dag gelê het nie, maar ook 'n denker wat 'n metode nagevolg het wat by tye 'n benadering verteenwoordig wat aan 'n wetenskaplike houding grens. Hoewel hierdie houding as sodanig grens aan skeptisisme kan, volgens Ellwood, aanvaar word dat Voltaire een van die eerste denkers was wat die historiese aan 'n kritiese gees van ondersoek onderwerp het en wat die eerste tree gegee het in die daarstelling van metodes van historiese kritiek. Dit is in die lig van hierdie aannames van Voltaire dat Ellwood besluit dat Voltaire in die rigting van 'n ware wetenskaplike metode in die studie van die geskiedenis beweeg het.

Vanweë die invloed van Locke op Voltaire het laasgenoemde 'n psigologiese interpretasie van die geskiedenis gehuldig. Ellwood is egter die mening toegedaan dat Voltaire, vanweë die feit dat sy psigologie beide individualisties en sensasionalisties ("sensationalist") was, nie 'n werklike begrip van òf die samelewing òf die geskiedenis kon ontworstel nie.

Alvorens ons stilstaan by Voltaire se beskouings oor sosiale ontwikkeling, kan hier vermeld word dat hy met betrekking tot die oorsprong van die sosiale die standpunt gehuldig het dat

---

1) Sabine, G.H., Op. cit., p. 560.
2) Hierdie samevatting is primêr gebaseer op Ellwood, C.A., Op. cit., pp. 184 - 198 (tensy anders vermeld). Vergelyk ook: Black, J.B., "Voltaire" in Hearnshaw, F.J.C. (redakteur), The Social and Political Ideas of Some Great French Thinkers of the Age of Reason (1950), pp. 136 - 167.

die Voorsienigheid[1] verskillende menserasse in verskillende wêrelddele geskep het, wat in talle opsigte van mekaar verskil ten spyte van die feit dat hulle fundamenteel oor dieselfde menslike natuur beskik. Hierdie poligenistiese benadering het ook sy sosiale en politieke denke beïnvloed. Hy huldig voorts die standpunt dat die mens van nature 'n sosiale wese is en uit hierdie standpunt volg sy aanname dat deugde soos simpatie, regverdigheid en welwillendheid hul oorsprong in hierdie sosialiteit van die mens het. Hierdie deugde is natuurlik aan die mens en vorm die basis van die menslike samelewing. In die lig van die mens se natuurlike rasionaliteit en natuurlike sosialiteit is die mens se vooruitgang verseker en is die hoop van 'n eventueel "perfekte menslike samelewing" geleë.

In sy uitsprake in verband met sosiale ontwikkeling onderskei Voltaire tussen, wat hy noem, twee ryke: die ryk van die natuur ("the empire of nature") en die ryk van gewoonte of gebruik ("the empire of custom"). Die ryk van die natuur voorsien, volgens Voltaire die norm waaraan die mens moet konformeer onder leiding van die rede.

"According to Voltaire, the state came into being, not by contract, but to preserve the natural rights and responsibilities of men as members of society. Therefore, to this extent, a contract is implied between rulers and subjects. When rulers fail to support natural rights, natural law, and natural religion, they pervert human relations. Then subjects have the right of revolt and of revolution to preserve their natural rights and re-establish

---

1) Vergelyk ook: Furfey, P.H., Op. cit., p. 235. Alhoewel Voltaire se sosiale beskouings se oorsprong in 'n naturalistiese wêreldbeskouing ingebed is, het hy God tog erken aangesien hy van mening was dat ateïsme die samelewing geheel en al sou demoraliseer. Voltaire verklaar: "It is, then, absolutely necessary for princes and for peoples that there should be deeply engraved in their minds the idea of a Supreme Being, Creator, Ruler, Rewarder, and Punisher". (De Voltaire, F.M.A., "Dictionnaire philosophique", artikel "Athee, atheisme" soos aangehaal deur Furfey, P.H., Op. cit., p. 235). Hierdie verwysing na God is nie die God van Christelike openbaring nie, maar van die natuurlike rede. Godsdienstige onverdraagsaamheid is skerp deur Voltaire veroordeel. Net soos die rede die bestaan van God openbaar, net so openbaar die rede die natuurlike wet. Met die natuurwet as kriterium ondersoek Voltaire die kontemporêre samelewing en bevind dit in vele opsigte onregverdig.

natural and rational law."[1] Die probleme van regverdigheid en menslikheid in die samelewing bestaan as gevolg van die feit dat gebruike en institusies nie meer in pas is met die orde van die natuur nie. Vir Voltaire is die kardinale probleem dan om gebruike en institusies terug te bring na die rasionele, na die orde van die natuur.

Voltaire het tydens sy verblyf in Engeland (1726-1729) 'n sterk aanhanger van Locke geword. McDonald wys in die verband op die volgende: "Locke, he felt, had done for the human mind what Newton had done for nature, and Voltaire's mission in life became that of using his magnificent powers of ridicule to advance Lockean ideas."[2] Sou hierby 'n verdere gedagte van McDonald oor Voltaire se intellektuele verbintenis met Locke gevoeg word, dan blyk die invloed van Voltaire duidelik. "It was ironic that while in England Locke's political theory was mainly a rationale for established interests, in France it became a radical attack on the status quo."[3] Voltaire self egter was nie 'n politieke rewolusionêr nie, hoewel hy as radikale hervormer beroemd sou word, volgens McDonald.

2.4 David Hume (1711-1776)

Hume het talle belangwekkende publikasies[4] die lig laat sien, waaronder: Treatise of Human Nature (1740), Essays Moral and Political (1742), Political Discourses (1752) en History of England.[5] Hume kan as "kind van sy tyd" getipeer word wat in pas met die gees van sy tyd eerder as in stryd daarmee was.[6] Deur sy onderskeie bydraes het Hume 'n durende invloed laat geld. Bogardus tipeer hom onder andere as die vader van die Sosiale Sielkunde[7] en Sabine wys daarop dat die filosofiese standpunt wat Hume ingeneem het 'n betekenisvolle invloed op alle vertakkinge van sosiale teorie laat geld.[8]

---

1) Ellwood, C.A., Op. cit., pp. 194-195.
2) McDonald, L.C., Op. cit., pp. 133-134.
3) Ibid., p. 134.
4) Vergelyk ook: McDonald, L.C., Op. cit., p. 219.
5) Ellwood, C.A., Op. cit., p. 177.
6) Ibid., p. 177.
7) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 188.
8) Sabine, G.H., Op. cit., p. 598.

Met betrekking tot die politiek was Hume egter van mening dat dit gereduseer kan word tot 'n wetenskap gebaseer op ervaring - hy het dieselfde mening gehuldig met betrekking tot die menslike natuur. Voorts was Hume met betrekking tot politieke en sosiale sake konserwatief in benadering. Eersgenoemde was reëlreg in stryd met sy filosofiese en godsdienstige radikalisme; in laasgenoemde was hy by uitstek skepties.[1)]

Van Hume se bekendste bydraes is sy kritiek op die kontrakteorie[2)] as 'n verklaring van en regverdiging van regering. Op beide historiese en filosofiese gronde het hy hierdie teorie weerlê.[3)] Dit is nie duidelik watter faktor die fundamentele sosiale faktor in die denke van Hume uitmaak nie.[4)] Oënskynlik is hy van mening dat die bron van die samelewing deur die geslagsinstink verteenwoordig word. Hy verleen egter ook redelike prominensie aan simpatie, maar eventueel beskryf hy die primêre voordeel van die samelewing as die wedersydse hulp wat alleen via assosiasie gerealiseer kan word.

Hieruit lei Becker en Barnes 'n konsekwente teorie af.[5)] 'n Spontane assossiasie ontstaan as gevolg van die geslagsinstink tussen man en vrou. Hieruit volg die gesin wat 'n geïntegreerde eenheid vorm as gevolg van die simpatie tussen die lede, en met verloop van tyd as gevolg van die invloed van gewoontes en gebruike wat hierdie gesinslede sensitief maak vir die voordele van die samelewing. Die gesinsgroep brei algaande uit en word saamgebind deur simpatie en deur die voordele ingebed in wedersydse hulp. Becker en Barnes vervolg: "Man's selfishness, however, makes these

---

1) Ibid., p. 179. Vir verdere detaillering van Hume se metode (met spesifieke verwysing na sy skeptisisme, empirisme en met betrekking tot veroorsaking) vergelyk:
   (i) McDonald, L.C., Op. cit., pp. 220-222.
   (ii) Sabine, G.H., Op. cit., pp. 598-601 (laasgenoemde met betrekking tot rede, feite en waardes).
2) Vergelyk: Hume, D., "Of the Original Contract" in sy "Essays, Moral, Political and Literary", Volume I, p. 443 asook "Of the Origin of Government", Ibid., p. 113 soos aangehaal deur Dunning, W.A., Op. cit., p. 381.
3) Ibid., p. 382.
4) Vergelyk verder: Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, pp. 396-397.
5) Ibid., p. 397.

forces inadequate to the requirements; "'to give security to property, government had to be instituted'".[1] Laasgenoemde moes sy oorsprong in 'n primitiewe regeringsvorm gehad het waarin geleidelik 'n begrip van gemeenskaplike belang vorm aangeneem het en waarin 'n formele ooreenkoms of belofte geen rol gespeel het nie. Die voordele van gesamentlike groepsoptrede onder leiding van 'n gemeenskaplike leier het eventueel aanleiding daartoe gegee dat die groep die voordele en nut van onderwerping aan kontrole besef het.

Hierdie onderwerping sou eventueel gewoontelike gedrag uitmaak. Dat hier geen sprake was van 'n kontrak nie is af te lei uit die feit dat so 'n idee bo die intellektuele vermoëns van die mens op hierdie tydstip was. Hume kon nie die kontrakgedagte bewys in enige verandering van regeringsorganisasie - nog in die daarstelling van ryke, vestiging van kolonies of die vernietiging van gevestigde state nie.[2]

Dunning wys voorts op die volgende: "A sense of the advantage to the individual of peace and order in social life is, in last analysis, he holds, the reason for the general submission to established authority. In this, as in all other phases of conduct, 'utility' is the determining motive."[3]

Op sterkte van hierdie argument verwerp Hume die kontrakteorie. Die basis vir die oorsprong van burgerlike regering vind hy terug in gesag en dwang,[4] en plaas hiermee ook 'n hoë premie op die rol van onderdanigheid ("obedience") en wel as die bindstof van die samelewing.[5] Hume self stel in die verband: "If the reason be asked of that obedience, which we are bound to pay to government, I readily answer, because society could not otherwise subsist: And this answer is clear and intelligible to all mankind."[6]

---

1) Ibid., p. 397.
2) Vergelyk: Dunning, W.A., Op. cit., p. 382.
3) Ibid., p. 383.
4) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., pp. 397-398.
5) Vergelyk: Ibid., pp. 398-402.
6) Hume, D., "Essays, Moral, Political and Literary", Volume I, pp. 455-456 soos aangehaal deur Dunning, W.A., Op. cit., p. 384.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik waarom Hume as een van die primêre voorgangers van die Utilitariste bestempel is.[1)]

Sabine toon duidelik aan dat hierdie kritiek van Hume op die kontrakteorie beskou kan word as 'n aanval op drie van die hoofvertakkinge van die natuurwet. Die ander twee was nasionale of rasionele godsdiens en rasionele etiek.[2)]

Vervolgens word 'n saaklike uiteensetting van Rousseau se bydrae tot polities-sosiale denke in die agtiende eeu gegee.

2.5 Jean Jacques Rousseau (1712-1778)

Na alle waarskynlikheid is Rousseau die mees omstrede figuur uit die agtiende eeu, beide wat sy lewe en sy werke betref.[3)] McDonald meld in die verband: "Jean Jacques Rousseau is an endlessly fascinating character. Few respect him as a man. Some do not respect him as a thinker. But almost everyone seems impelled to pay attention to him. The man is better known and discredits the thinker.[4)] Van Rousseau se werke[5)] verteenwoordig sy The Social Contract, or Principles of Political Right (1762) na alle waarskynlikheid sy beroemdste bydrae, alhoewel sy werk The Origin of Inequality among Men die mees wetenskaplike van Rousseau se politieke en sosiale geskrifte is. Op 'n besondere wyse het Rousseau 'n bydrae tot die sosiale filosofie gelewer. Hy het onder meer uitgegaan van die standpunt dat die gevoel die primêre lewensgids moet wees en dat instink en gevoel meer betroubaar is as die rede.

---

1) Vergelyk:
   (i) McDonald, L.C., Op. cit., p. 223.
   (ii) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume I, p. 403.
2) Sabine, G.H., Op. cit., p. 601 e.v.
3) Vergelyk in die verband:
   (i) McDonald, L.C., Op. cit., pp. 192-194.
   (ii) Jones, W.T., Op. cit., Volume II, pp. 248-252.
   (iii) Ellwood, C.A., Op. cit., pp. 198-202.
   (iv) Sabine, G.H., Op. cit., pp. 575-576.
4) McDonald, L.C., Op. cit., p. 192.
5) Ellwood, C.A., Op. cit., pp. 201-202. Hy noem ook die volgende werke van Rousseau:
   (i) The Origin of Inequality Among Men (1754).
   (ii) The New Héloise (1761).
   (iii) Émile (1762).

Vanweë sy rebellie of opstand teen die rasionele het faktore soos impulse, sentimente en emosies na vore gekom wat tot op daardie stadium nog nie genoegsaam in sosiale denke verreken was nie. Rousseau se benadering verteenwoordig 'n aanval op die rede - alles wat die verligting voorgehou het as die enigste hoop van die beskawing - 'n aanval dus op intelligensie, die uitbou van kennis en die ontwikkeling van wetenskap.[1)]

Sabine vervolg: "All his moral valuations turned upon the worth of these common feelings: the affections of family life, the joy and beauty of motherhood, the satisfactions of the homely arts like tilling the soil, the universal feeling of religious reverence, above all, the sense of a common lot and the sharing of a common life - all that men learned after him to call the 'realities' of everyday living. By contrast science is the fruit of idle curiosity; philosophy is mere intellectual frippery; the amenities of polite life are tinsel."[2)]

Die nie-rasionele elemente wat Rousseau beklemtoon het naamlik impulse, emosies en sentimente was vir hom voorts primêr deur die omgewing gedetermineer. Laasgenoemde was 'n sleutel nie alleen tot sy etiek nie, maar ook tot sy sosiologie.[3)]

'n Verdere postulaat van Rousseau wat eweneens foutief was, was sy abstraksie van die "natuurlike mens" as grondslag van sy beredenering.[4)] "He takes 'natural man' as opposed to present man, stripped of all that society has conferred upon him, a creature formed by a process of pure abstraction, and then reasons from him."[5)] Rousseau self verklaar dat hy nie van mening is dat die natuurlike staat ooit bestaan het nie, maar dat dit bloot 'n suiwer idee van beredenering is.

Met betrekking tot die oorsprong van die samelewing[6)] begin Zeitlin sy rekonstruksie van Rousseau se aannames in hierdie verband

---

1) Sabine, G.H., Op. cit., p. 577.
2) Ibid., p. 577.
3) Ellwood, C.A., Op. cit., p. 203.
4) Vergelyk verder: Ibid., pp. 203-204.
5) Ibid., pp. 203-204.
6) Zeitlin, I.M., Ideology and the Development of Sociological Theory, pp. 27-30 (onderhawige paragraaf is op genoemde bron gebaseer).

met die stelling van Rousseau dat dit nie die samelewing is wat teenstrydig is met die mens se natuur nie, maar 'n bepaalde soort samelewing wat die mens teen homself verdeel. Die harmonieuse balans is versteur deur 'n faktor of faktore uit die mens se fisiese omgewing.

Twee faktore het die mens gemotiveer tot toetrede in 'n samelewing, te wete 'n toename in getalle en fisies-geografiese faktore wat sy alledaagse bestaan bemoeilik en 'n nuwe "industrie" vereis het. Uit hoofde van die mens se potensiaal vir die daarstel van 'n samelewing en vanweë hul intelligensie kon die nuwe uitdaging aanvaar word, maar hulle het inderdaad ontdek dat hul enersyds kon aanpas by die veranderde natuurtoestande en andersyds selfs die toestande kon manipuleer deur middel van hul eie kollektiewe wil. Eers het gesinne ontstaan wat saamgegroepeer het om samelewings te vorm; deur interaksie is spraak ontwikkel en via spraak kon kennis geakkumuleer word wat weer aan hul nageslagte oorgedra is - so het kultuur ontstaan. Op hierdie stadium van die ontwikkelingsproses was daar egter geen ongelykheid nie. Hierdie fase verkies Rousseau bo die natuurlike fase waarin die mens eensaam was vergeleke met die liefde, lojaliteit en begeerte tot ander te bevredig wat nou ontstaan het.

Nadat arbeidsverdeling egter in hierdie samelewing gerealiseer het, gewasse verbou en diere getem is, het ongelykheid vir die eerste keer ontstaan. Sommige mense het meer vooruitstrewend as ander geraak en rykdomme opgebou wat oorgedra is na hul kinders. Rykes het die armes begin domineer en strata en klasse het tot stand gekom sodat die samelewing vir die eerste keer teen homself verdeel geraak het. Sommige armes het hulself aan die rykes onderwerp, terwyl andere die rykes geplunder het. Gevolglik het geweld en gebrek aan sekuriteit veral die rykes gestimuleer om meganismes in werking te stel om hierdie toestand te ondervang. Wette is ingestel en 'n politieke samelewing het tot stand gekom - 'n samelewing waarby die rykes meer gebaat het as die armes. 'n Regering het tot stand gekom om eiendom te beskerm. In hierdie situasie het die mens geleer om teen ander op te tree.

Hieruit lei Rousseau af dat oorlog nie 'n konflik tussen individue in 'n natuurlike staat is nie, maar wel 'n sosiale fenomeen. Die

mens word 'n stryder of vegter dus alleenlik nadat hy 'n burger geword het. Rousseau wys daarop dat oorlog en aggressie ook binne samelewings plaasvind - 'n verskynsel wat sommige denkers klasse- en burgerlike konflik noem, maar wat egter die resultaat van sosiale ongelykhede is. Ten einde hierdie oorlog en aggressie te kontroleer, is die burgerlike staat in die lewe geroep.

Zeitlin wys daarop dat hierdie aanname direk in stryd is met Hobbes se siening van die ontstaan van 'n burgerlike staat, naamlik dat oorlog in die natuurlike staat lei tot 'n burgerlike staat ter wille van sekuriteit en beskerming. Rousseau daarinteen argumenteer dat vrede en tevredenheid in die natuurlike staat heers en daarom is daar 'n perfekte balans tussen die mens en sy omgewing. Nadat hierdie balans versteur is, het die samelewing tot stand gekom. Hierdie sosiale toestand lei tot ongelykheid, ongelykheid tot oorlog en oorlog lei tot die burgerlike staat. By die verdere wesenskentrekke van hierdie samelewing van Rousseau, soos deur Zeitlin gesien, staan ons nie verder stil nie.

Rousseau het 'n hoë premie op die belangrikheid van die samelewing[1] geplaas. Gerieflikheidshalwe onderskei Sabine in die verband twee fases in Rousseau se politieke geskrifte, naamlik die vormende fase (1754-1755) en die finale fase wat die publikasie van die Social Contract in 1762 direk voorafgegaan het.[2] Tussen hierdie twee fases se werke voel talle skrywers 'n teenstrydigheid aan. "The difference between the earlier works and the 'Social Contract' is merely that in the former he was writing himself free from an uncongenial social philosophy and in the latter he was expressing, as clearly as he could, a counter philosophy of his own."[3]

Hierdie sosiale filosofie waarvan Rousseau homself moes bevry, was sistematiese individualisme. Die primêre aannames onderliggend hieraan was dat die waarde van enige sosiale groep bestaan in die mate van geluk en selfbevrediging wat dit aan sy lede verskaf het, maar veral in die beskerming van die individuele

---

1) Vergelyk: Sabine, G.H., Op. cit., pp. 580-582.
2) Ibid., pp. 579-580.
3) Ibid., p. 580.

lede se inherente reg om eiendom te besit en te geniet. "Human beings are led to cooperate by enlightened self-interest and a nice calculation of individual advantage."[1)]

Vervolgens staan ons stil by enkele aspekte van Rousseau se politieke denke.[2)] Kateb wys daarop dat daar algemene ooreenstemming is dat die sentrale gedagte in Rousseau se politieke denke die algemene wil ("general will") is.[3)] Volgens Kateb is die sentrale tema in Rousseau se weergawe van die algemene wil dié van geregtigheid ("justice") en wel 'n distributiewe geregtigheid wat aan elkeen sy regmatige deel wil gee. "The political application of justice (so understood) is a condition in which the rights of every citizen are protected. That society is just in which the life, liberty, and property of every citizen are protected."[4)]

Volgens Kateb hou twee gedagtes pertinent verband met Rousseau se idee van geregtigheid, naamlik outonomie en regverdigheid ("fair play").

Iemand is outonoom indien die wette waarvolgens hy leef deur homself gemaak is en onder regverdigheid word verstaan die bereidwilligheid van 'n persoon om die wette van sy samelewing te gehoorsaam, al sou hierdie gehoorsaamheid sekere opofferings verg.

Die verband tussen geregtigheid, outonomie en regverdigheid sien Kateb soos volg: In die goeie samelewing het elke persoon direk 'n aandeel in die daarstel van wette. Daardie wette wat geregtigheid en regverdigheid omvat, word sodanig daargestel. Voorts sal die goeie burger hierdie wette vrywillig gehoorsaam, bewus van die

---

1) Ibid., p. 580.
2) Onderhawige samevatting is saamgestel uit: Kateb, George, "Aspects of Rousseau's Political Thought" uit Kramnick, I. (redakteur), Op. cit., pp. 244-267. Oorspronklik opgeneem in die "Political Science Quarterly", Desember 1961, Volume LXXVI, Nommer 4.
3) Vergelyk in die verband ook:
   (i) Sabine, G.H., Op. cit., pp. 586-589.
   (ii) Nisbet, R.A., Tradition and Revolt, (1968), p. 22 e.v.
   (iii) McDonald, L.C., Op. cit., p. 20 e.v.
   (iv) Jones, W.T., Op. cit., Volume II, pp. 264-280.
   (v) Plamenatz, J., Op. cit., Volume I, p. 391 e.v.
4) Kateb George, soos opgeneem in Kramnick, I. (redakteur), Op. cit., pp. 245-246.

belangrikheid van hierdie wette beide vir homself en sy samelewing. Logies hieruit af te lei is dat elke persoon onder bepaalde obligasies staan; obligasies egter wat hom sekere voordele bied. Vir Kateb is Rousseau se politieke filosofie[1] veranker in hierdie drie begrippe.

Ten grondslag van die sosiale kontrakteorie van Rousseau lê die algemene wil. Die sosiale kontrak word deur kritici beskou as 'n beliggaming van Rousseau se politieke teorie.[2] Met betrekking tot die algemene wil onderliggend aan die sosiale kontrak van Rousseau merk House op: "The essential point that Rousseau sought to express by this terminology was that, by a social contract or, as later writers would express it, by the formation of a social consensus, a number of persons form one group, or society, characterized, in some measure, by community of purpose - a group purpose that can be distinguished from the individual purposes of any of them. At least, it is held that a common purpose may be different from what the purposes of the individual members of the group would be if they did not share in the consensus, which is at the same time a process of interaction and a substantive fact."[3]

Rousseau se postulate met betrekking tot soewereiniteit, regering en wette staan in noue verband met die algemene wil. Rousseau het eksplisiet uitgegaan van die veronderstelling dat soewereiniteit ingebed is in die burgers van die volk, en deur hulle onderskrywing van die sosiale kontrak hef hulle niks van die soewereiniteit op nie. Hulle kan dit te enige tyd handhaaf, en in die ideale regering kan hulle dit handhaaf deur vergaderings van alle burgers wat periodiek byeenkom, onafhanklik van die gesagsaanspraak van die gereelde regering, waarin die burgers oor twee sake uitsluitsel behoort te gee: (i) of die bestaande regeringsvorm voortgesit moet word al dan nie en (ii) of dit verder aan dieselfde amptenare toevertrou moet word wat dit tot dusver geadministreer het. Hy was voorts ook van mening dat slegs die

---

1) Vergelyk ook: Jones, W.T., Op. cit., Volume II, p. 252 e.v.
2) Vergelyk:
   (i) House, F.N., The Development of Sociology, (1936), p. 54.
   (ii) Zeitlin, I.M., Op. cit., pp. 30-32.
3) House, F.N., Op. cit., (1936), p. 55.

soewerein (dit wil sê die burgers) wette kon maak.[1] Dit is algemeen bekend dat Rousseau, saam met Hobbes en Locke, die belangrikste eksponent van die sosiale kontrakgedagte was.[2]

Met hierdie saaklike weergawe van enkele van Rousseau se kardinaalste postulate word hier volstaan. Vervolgens gee ons 'n samevatting en gevolgtrekking van die ontwikkeling van polities-sosiale denke.

3. Die ontwikkeling van polities-sosiale denke -samevatting en gevolgtrekking

In die voorafgaande uiteensetting word 'n tydspan gedek waarin dit onmoontlik is om al die belangrike polities-sosiale denkers te betrek. Dit was ewe onmoontlik om die enkele aangehaalde denkers se bydraes volledig aan te stip. Daar is egter probeer om 'n minimum beeld of historiese perspektief te verskaf van polities-sosiale denke, hoe onvolledig dan ook. Dat die uiteensetting tog 'n substantiewe onderbou voorsien aan polities-sosiale denke vanaf die laat veertiende tot die begin van die sewentiende eeu, val nie te betwyfel nie.

Ten aanvang van ons bespreking oor die ontwikkeling van polities-sosiale denke is die vraag gevra hoe regerings en magsinstitusies tot stand gekom het of andersom: eerstens, watter faktore en omstandighede het daartoe aanleiding gegee dat 'n magsvorm of gesagsvorm in 'n gemeenskap of samelewing nie aleen tot stand gekom het nie, maar bykans absolute aanvaarding en erkenning binne daardie gemeenskap of samelewing vir 'n tydperk van langer of korter duur geniet het; Tweedens, waarom is dit dat hierdie magsvorm(e) of gesagsvorm(e) universeel voorkom en die sosiale- en persoonlike lewe in bykans elke samelewing rigtinggewend beïnvloed?

Daar is reeds aan die begin aangetoon dat na ons mening, die antwoorde op hierdie en talle verbandhoudende vrae te vinde is in die historiese ontwikkeling van die staat as magsvorm. Waar die fokuspunt van die politieke sosioloog onder andere geleë is in die verband tussen die politieke- en die sosiale realiteit soos dit realiseer in die staat-samelewingskonteks, is dit in 'n groot mate

---

1) Ibid., p. 55.
2) Vergelyk: Lichtenberger, J.P., Op. cit., p. 178 e.v.

vanselfsprekend dat die bogemelde vrae aan die kern lê van 'n begrip en insig van hierdie verband.

Waar die onderhawige- en voorafgaande hoofstuk dan 'n poging was tot die rekonstruksie van 'n historiese raamwerk van verwysing van polities-sosiale denke waarin die substantiewe onderbou van polities-sosiale denke stelselmatig - dog uiteraard nie volledig nie - uitgebou is, kan vervolgens gepoog word om enkele, minstens voorlopige, antwoorde op die gestelde vrae te gee.

Reeds in die uiteensetting met betrekking tot die ontwikkeling van antieke sosiale denke is aangetoon dat daar sedert die vroegste tye bekend 'n begeerte en behoefte - ten minste dan implisiet - by die mens was na en aan 'n vredevolle en ordelike saambestaan. Pertinente blyke van die teendeel kon ten minste nie uit die literatuur afgelei word nie. Hierdie begeerte na, of ideaal van orde en vrede is op verskillende wyses gepoog te realiseer.

Egipte en Babilonië is relevante voorbeelde waar administratiewe regeringsvorme met gesalarieerde personeel en omvattende belastingstelsels voorgekom het. Die totstandkoming van ryke waarin militêre krag 'n rol in die realisering van 'n begeerte na roem en eer sou speel, het verdere beliggaming gegee aan orde en vrede. Gebreke, waaronder 'n gebrek aan konsensus onder onderdane, aan tegniese vaardigheid, aan administratiewe en staatkundige kundigheid, aan ervaring en kennis in die algemeen met betrekking tot die dinamiese aard van onder andere die polities-sosiale realiteit, moet aanvaar word as redes waarom durende ryke nie moontlik was nie.

Uit veral die Indiese en Chinese samelewings, naas die Babiloniese, Egiptiese en Hebreeuse samelewings, blyk dit dat die mens in sy strewe na vrede, orde, voorspoed of vooruitgang omvattend gebruik gemaak het van die implementering van wette, ongeag die oorsprong, sosiale aard en sosiale interpretasie van daardie wette.

In hierdie tye reeds het die beginsels op grond en in terme waarvan, asook hoe regeer moet word reeds aandag geniet. Gevolglik het reeds relatief vroeg in die mens se bestaan 'n geldige verwysingsraamwerk met betrekking tot die magsorgaan in die samelewing bestaan. In hierdie verwysingsraamwerk het konsepte of aspekte

soos administratiewe masjinerie, amptenary, belastings, wette, militêre mag en beginsels van regering prominent gefigureer. Ook die verhouding tussen die heerser en die onderdaan en die potensiële reaksie van die onderdaan op swak heerskappy in die tyd al is aangetoon.
Die genoemde verwysingsraamwerk kan vervolgens uit hoofde van die bydraes tot sosiale denke uit die verskillende tydvakke sinvol aangevul word met begrippe soos kaste, klas, reg, regverdigheid, gehoorsaamheid en sosiale solidariteit.

Die prinsipiële beginsels in terme waarvan die moderne mens sy polities-sosiale realiteit poog te hanteer en te manipuleer ter wille van orde en vrede, vooruitgang en voortbestaan (selfbehoud) was dus reeds in kiem teenwoordig by, of ten minste aan die ontwikkel sedert die vroegste antieke sosiale denke.

Uit die Griekse bydrae tot polities-sosiale denke blyk dit dat die stadstaat die fokuspunt was en dit kon moontlik die voorloper van die latere en meer moderne nasiestaat-gedagte gewees het. Naas begrippe wat deur die Griekse denkers toegelig is, verteenwoordig die stadstaatbegrip of -beskouing 'n besondere hoogtepunt in die ontwikkeling van polities-sosiale denke daarin dat dit die eerste eksperiment in selfregering verteenwoordig waardeur die demokratiese ideaal gestalte begin aanneem het.

Faktore soos aard, omvang, doel en middele van regering en stemreg is hierin vergestalt - fenomene wat vandag in meer gesofistikeerde vorm nog in die meeste Westerse lande aangetref word. Athene voorsien ons ook van die eerste voorbeeld van 'n gekwalifiseerde demokrasie in die sin dat effektiewe politieke deelname afhanklik was van burgerskap, en burgerskap slegs deur geboorte bepaal is.

Hierdie en verbandhoudende verwikkelinge het onderskeidelik 'n direkte gevolg in die Griekse gemeenskappe en die Griekse samelewing in sy geheel gehad, in dié sin dat die Griekse filosowe die etiek van heerskappy in teoretiese en praktiese terme omskryf het. Hierin het begrippe soos wysheid en deug 'n prominente rol gespeel, sodat die Grieke in toenemende mate onderrig verlang het; 'n behoefte waarin die Sofiste in 'n groot mate voorsien het. Die Grieke se nalatenskap kan gevolglik nie alleen gesien word as onder andere hul fundamentele bydrae tot die fundering van en tegnieke met betrekking tot rasionele regering nie, maar ook in hul prinsipiële benadering daartoe.

Uit die Romeinse tydvak is weliswaar minder filosowe van naam bekend as byvoorbeeld uit die Griekse tydvak maar die Romeine se bydrae moet gesoek word op die terrein van praktiese regering en wetgewing.

Uit die middeleeuse tydvak is slegs enkele hoofmomente in die ontwikkeling van polities-sosiale denke geabstraheer. Augustinus se onderskeid tussen 'n "heilige" en sekulêre gemeenskap is aangestip, sowel as sy aanname dat die oorsprong van die samelewing en die staat in die sondeval nagespeur kan word. Vir hom was die heerser die verteenwoordiger van God en as sodanig geregtig op die onderdanigheid van sy onderdane. Hy kon selfs dwang aanwend ten einde onderhorigheid te realiseer. Regering was voorts vir hom nodig ten einde die sondige aard van die mens deur orde en dissipline te inhibeer.

Die Kerkvaders se bydrae ten opsigte van die gesin, slawe en die verband tussen staat en kerk is aangetoon. Die Skolastici, met Acquinas as primêre eksponent, se bydrae is aangestip in welke geval die verband tussen staat en kerk prominensie geniet het. Acquinas, in teenstelling met Augustinus, sien die oorsprong van die samelewing in menslike spontaneïteit en gemeenskaplike belange en nie in die sondeval nie.

Ibn Khaldun se bydrae as sosiale denker is aangestip. Sy aannames dat die mens sosiaal is en wel as gevolg van menslike behoeftes, is uitgewys. Vir hom is die oorsprong van die staat te vinde in konflikterende belange in die samelewing wat die daarstelling van die staat noodsaak ter wille van orde en stabiliteit.

Khaldun verskil van die ander denkers in hierdie onderafdeling genoem daarin dat hy 'n sekulêre benadering gevolg het en die staat nie ondergeskik aan godsdiens gemaak het nie - sodoende kon hy religieuse en staatsinvloede skei. Vir hom was staat en samelewing onskeibaar. Hy het die oorsprong van die staat in aggressiwiteit gesien waardeur politieke organisasie tot stand kom. Aanvanklik speel solidariteit 'n groot rol in die totstandkoming van die staat, maar solidariteit word eventueel deur soewereiniteit, waarin dwang 'n groot rol speel, vervang. Hy het ook 'n teorie oor die verval van die staat aan die hand gedoen.

Hierdie bydraes moet gesien word teen die agtergrond van die verval van die Romeinse Ryk, die opkoms van die Rooms-Katolieke Kerk en die invloed van die Kerkvaders, sowel as teen die opkoms van Mohammedanisme onderskeidelik.

Sedert die veertiende eeu tot die laat sewentiende eeu is verdere substans aan die ontwikkeling van polities-sosiale denke gegee deur die bydraes van enkele prominente denkers uit die tyd saaklik aan te toon.

Met die veertiende eeu word 'n era van ingrypende verandering betree waarvan die prominentste sonder veel vrees vir teëspraak gelê kan word aan die deur van die Renaissance en die Hervorming - veranderings wat daarop neerkom dat die mens in sy denke en handelinge in die Middeleeue religieus georiënteer was, maar in die sestiende eeu hoofsaaklik naturalisties georiënteerd geraak het. "Heilige" gesag is deur sekulêre gesag vervang waaraan die burger hom moes onderwerp ten spyte van sy nuwe vryheid.

Nuwe polities-sosiale fasette het uit hierdie historiese strominge ontwikkel. Die probleem van politieke eenheid en die probleem van die rekonsiliasie van vryheid met gesag het na vore gekom. Denkers uit die tyd sou hul besig hou met 'n besinning oor die kontrole van materiële en tydelike fenomene. So byvoorbeeld, die sosiale kontrakteorie wat as 'n houdbare regverdiging voorgehou is vir onder andere monargie. Met ander woorde, nie meer 'n besinning oor politieke organisasie as 'n middel tot 'n morele doel nie, maar as 'n middel tot materiële doelstellings.

In die besinning van enkele denkers uit die tyd blyk dit dat hulle in 'n mindere of meerdere mate van 'n wetenskaplike metode gebruik gemaak het. Machiavelli, Hobbes en Locke se aannames met betrekking tot die polities-sosiale is relevante voorbeelde in die verband en, teen die agtergrond van gebeure tydens die Renaissance en die Hervorming, is enkele van hulle, sowel as Bodin se bydraes tot polities-sosiale denke saaklik aangestip.

In sy belangrike werk <u>The Prince</u> het Machiavelli gehandel oor die tema hoe om durende en absolute mag so effektief moontlik te realiseer. Hierin sou die magsfenomeen 'n kardinale plek inneem. Dit is eweneens opvallend dat Machiavelli nie 'n onderskeid tussen

staat en samelewing getref het nie. Fundamenteel tot sy organisasie in hierdie verband was sy aanname dat menslike handeling gemotiveer is deur selfsugtige en eie belange, en as sodanig voldoende verklaring is vir sosiale en politieke fenomene. Naas die realisering van staatsmag was ekonomiese en industriële vooruitgang, sowel as staatsuitbreiding, belangrike prioriteite vir Machiavelli. Ten spyte van die hoë prioriteit wat Machiavelli aan die staat verleen het, was die gesin vir hom superieur aan die staat.

Machiavelli se staatsbeskouing is in vele opsigte modern. Hy was ondermeer van mening dat die staat 'n eenheidstruktuur openbaar waarin alle gesag oor die gebied onder sy beheer gesentreer het. Hierdie staat se hoeksteen word daargestel deur sy konstitusie in terme waarvan mag toegeskryf word aan ondergeskikte institusies en in terme waarvan die onderlinge verhouding nie deur gewoonte en tradisie bepaal word nie, maar deur die wet.

Vir Bodin vorm die samelewing die staat se grondslag of basis. In sy soewereiniteitsbeskouing slaan 'n middeleeuse invloed deur, maar vanweë die prominensie wat hy aan mag toeken en deurdat hy dit rasioneel poog te evalueer ten spyte van teenstrydighede, is dit vir ons doeleindes belangrik, aangesien mag en soewereiniteit kernfasette uitmaak van 'n definisie van die staat, Politieke Sosiologie en Staatsleer.

Wat Hobbes se bydrae betref - hy was onder andere van mening dat mense in 'n staat van oorlog verkeer, naamlik oorlog van "almal teen almal". Die motiewe vir hierdie stryd vind hy in drie faktore, te wete kompetisie, wantroue en glorie of eer. Daar is egter ook motiverings wat die mens deur middel van die rede via die wette van die natuur tot onderlinge instemming of ooreenstemming geraak. Hierdie wette van die natuur, wat Hobbes onderskei van die natuurreg, behels die soeke van vrede en die handhawing daarvan. Die tweede wet van die natuur behels 'n onderlinge kontrak tussen mense wat vrede sou bestendig.

In Hobbes se siening van die staat se realisering en definisie[1] speel hierdie twee wette 'n prominente rol waarin die staat, deur

---

1) Vergelyk: Hoofstuk III, subhoof 1.6, p. 109 e.v.

middel van onderlinge ooreenkomste (kontrakte) tussen mense in die staat, in staat gestel word om, met behulp van almal se samewerking vrede en gemeenskaplike verdediging in die staat te realiseer.

Hobbes stel dit egter duidelik dat die doel van die staat, soos hierbo uiteengesit, nie deur middel van die natuurwette en die daaruitvloeiende kontrakte alleen gerealiseer kan word nie, maar wel deur 'n oppergesag met durende mag. Gevolglik is dit nodig dat alle individuele mag oorgeplaas sal word na een persoon, of een vergadering, wat die gemeenskaplike wil deur 'n meerderheid van stemme kan reduseer tot een wil sodat een persoon of een vergadering kan optree in belang van gemeenskaplike vrede en veiligheid. Aan hierdie een persoon of vergadering se wil en oordeel is al die ander ondergeskik.

Hierdie staat kan, volgens Hobbes, deur middel van institusies of werwing tot stand kom. Beide vorme waardeur die staat ontstaan, is gefundeer in vrees.

Locke, met sy aanname van 'n sosiale kontrakbenadering, het uitgegaan van die standpunt dat die mens in 'n natuurlike staat verkeer wat geleidelik deur middel van onderlinge ooreenkomste oorgaan in 'n politieke samelewing. Locke aanvaar dus dat die mens van nature 'n sosiale wese is. Voordat die samelewing van mense 'n politieke samelewing vorm, moet die volgende eers realiseer:

eeerstens: 'n verenigde groep,
tweedens: 'n algemene wet,
derdens: 'n gesagsliggaam om uitsluitsel te gee in dispute en om oortredinge te straf.

Bogenoemde onderskei 'n burgerlike samelewing van alle ander samelewings. In samehang met die bogenoemde en in ooreenstemming met Locke se aanname dat die mens van nature vry, gelyk en onafhanklik is, gaan hy ook uit van die veronderstelling dat die mens se toestemming nodig is voordat hy aan kontrole onderwerp kan word.

'n Burgerlike samelewing wortel dus vir Locke onteenseglik in onderlinge ooreenstemming tussen mense. In die bogenoemde sien hy die logiese ontstaan van 'n wetlike regering. Die totale

veldwydte ("scope") van politieke gesag sentreer voorts vir Locke in die burgerlike samelewing wat as funksie het die bepaling van oortredings teen die natuurwet en die bepaling van strawwe in gevalle waar die natuurwet oortree word.

Hieruit maak hy dan twee afleidings. Eerstens: die reg tot meerderheidsregering as die beginsel waarin die gemeenskapshandeling sentreer en tweedens: dat die individu gebonde is om sy bydrae te lewer in die uitoefening van die beslissings van die politieke gesag wat hy gehelp konstitueer het.

Hoewel die gedagte van onderlinge instemming of konsent aan die kant van die burgers 'n kernfaset van Locke se kontrakbeskouing uitmaak, laat hy ook ruimte vir weerstand aan die kant van die burger.

In die tydperk van Verligting sou veral die ontwikkeling in die natuurwetenskappe 'n rigtinggewende invloed uitoefen op die ontwikkeling van sosiale denke. Soos aangedui, kan veral drie faktore wat die ontwikkeling van sosiale denke pertinent beïnvloed het geïdentifiseer word: eerstens: die konsekwensies en implikasies van die drukpers, tweedens: die fenomenale ontwikkeling van die Wiskunde en Fisiese Wetenskappe en derdens: die godsdiensinvloede wat, gesuiwer is van kerklike pretensie, 'n algemeengeldende gevoel van verdraagsaamheid en menslikheid kon realiseer. Sodoende is 'n klimaat of milieu geskep waaruit die moderne wêreld sou ontstaan.

Vervolgens word die bydraes van daardie denkers uit hierdie tydvak wat die substantiewe onderbou van polities-sosiale denke verder sou uitbou, saaklik saamgevat.

In terme van Vico se metode of benadering kon hy 'n wetenskap van die menslike kultuur sowel as 'n filosofie van die geskiedenis poneer. Vico se fundamentele stelling met betrekking tot die filosofie van die geskiedenis was dat die sosiale evolusiefases van die mens bepaal word deur die geestelike uitkyk en evaluering van die mens in die opeenvolgende fases van sy ontwikkeling. Vico het voorts ingesien dat sosiale ontwikkeling 'n algemene en omvattende beweging is waarin alle faktore gelyktydig ontvou en nie apart of individueel nie.

Vico se historiese beskouing was bykans deurgaans drieledig van aard, naamlik drie natuurtipes, drie karaktertipes en drie godsdienstige epogs. Insgelyks poneer hy drie fases in historiese ontwikkeling te wete: (i) die "heilige" fase, (ii) die heroïse fase en (iii) die fase van die mens. Vico onderskei ook drie opeenvolgende vorme van regering: (i) teokrasie, (ii) aristokrasie en (iii) die vrye staat. Republieke en monargieë is vir hom vorme van 'n vrye staat.

Veral Vico se metode staan in direkte kontras met die natuurwetfilosowe wat uitgegaan het van die veronderstelling dat die ideaal 'n beliggaming van wette, regte en gesag is wat ooreenkom met wat reg is en met 'n onveranderlike menslike rede, en wat voldoende sal wees vir alle tye en plekke. Vir Vico was daar nie so iets soos 'n goeie of voldoende onveranderlike menslike rede nie buiten dié van God, en die wette, regte en gesag sal onvermydelik varieer ooreenkomstig die verskillende fases van verligting ("enlightenment"). Vico was van mening dat die menslike natuur aanvanklik barbaars was, maar dat dit onder invloed van die godsdiens en die huwelik 'n meer menslike karakter aangeneem het en beskaafd geword het. Voorts was die mens, volgens Vico, van nature sosiaal en dit is slegs in 'n verligte samelewing waarin die mens sy rasionele kragte kan ontwikkel. Dus verteenwoordig Vico se denke 'n sikliese benadering waarin die mens by voltooiing van die siklus hom op 'n hoër vlak bevind as by die aanvang van die siklus.

Montesquieu, deur sommige beskryf as 'n grondlegger van die Sosiologie vanweë sy sensitiwiteit vir die sosiale realiteit, was egter veral 'n student in die Geskiedenis. Met betrekking tot die samelewing het Montesquieu opgemerk dat dit gewortel is in die menslike natuur en die toestande van die fisiese natuur. Voorts was Montesquieu van mening dat mense byeengebring is nie deur 'n kontrak nie, maar as gevolg van noodsaak. In hierdie verband poneer hy vier redes: (i) behoefte aan vrede; (ii) behoefte aan voedsel; (iii) geslagsaantreklikheid en (iv) 'n behoefte om in 'n samelewing van sy medemens te leef. Hierin word 'n regering en wette nodig as gevolg van die konflikte tussen mense. Vir hom vloei wette en institusies voort uit twee faktore: (i) die noodsaaklikhede van die menslike natuur en (ii) die toestande van die fisiese natuur.

Met betrekking tot regeringsvorme onderskei Montesquieu die volgende: (i) 'n republiek; (ii) 'n monargie en (iii) despotisme. Wat hier van belang is, is dat Montesquieu onderskei tussen die aard van 'n regerig en sy beginsels.[1)]

Met betrekking tot die transformasie van een regeringsvorm na 'n ander merk Montesquieu op dat die verklaring daarvan geleë is in die verval van die onderliggende beginsel van die bepaalde regeringsvorm. Die duur van enige regering word dus bepaal deur die voortbestaan van sy beginsel. Met betrekking tot die verdeling van mag in 'n regering merk Montesquieu op dat drie magte onderskei kan word, naamlik die regsprekende, uitvoerende en wetgewende magte. Montesquieu het ook die onderlinge verbande tussen hierdie magte aangetoon en die belangrikheid van magsdelegering en vetoreg uitgewys.

Voltaire se bydrae tot sosiale denke lê onder andere daarin dat hy 'n bykans wetenskaplike houding aan die dag gelê het en in 'n groot mate blyke gegee het van 'n versigtige beredenering van sy temas. Hoewel uiters krities, bykans skepties, het hy tog historiese fenomene aan 'n kritiese gees van ondersoek onderwerp.

Voltaire huldig 'n poligenistiese standpunt met betrekking tot die ontstaan van rasse. Hy huldig voorts die standpunt dat die mens van nature sosiaal is. Uit hierdie sosialiteit van die mens vloei deugde soos simpatie, regverdigheid en welwillendheid. Vir hom was hierdie deugde natuurlik aan die mens en vorm as sodanig die basis van die samelewing. Op sterkte van sy aannemes van natuurlike rasionaliteit en natuurlike sosialiteit van die mens is laasgenoemde se vooruitgang verseker en is die hoop op 'n eventueel perfekte samelewing gebaseer.

Met betrekking tot sosiale ontwikkeling plaas Voltaire, soos aangetoon, 'n hoë premie op die natuur as maatstaf.[2)] Voltaire het ook die aanname gehuldig dat die staat nie by wyse van 'n kontrak tot stand gekom het nie, maar ten einde die natuurlike regte en verantwoordelikhede van mense as lede van die samelewing

---

1) Vergelyk: Hoofstuk III, subhoof 2.2, p. 121 e.v.
2) Vergelyk: Hoofstuk III, subhoof 2.3, p. 125 e.v.

te beskerm. Hy aanvaar wel by implikasie 'n kontrak tussen heerser en onderdaan. Laasgenoemde mag rebelleer indien die heerser nie sy natuurlike reg, wette en godsdiens ondersteun nie en menslike verhoudings gevolglik versteur word.

Probleme van 'n gebrek aan menslikheid en regverdigheid wyt Voltaire aan die feit dat gebruike in institusies nie meer in pas is met die natuur nie, en gevolglik is die primêre taak om gebruike en institusies terug te bring na die orde van die natuur.

Voltaire was sterk beïnvloed deur Locke en alhoewel sy politieke teorie beskryf is as 'n rasionaal vir gevestigde belange in Brittanje, is dit in Frankryk aangewend as 'n radikale aanval op die status quo.

Hume se bydrae blyk uit 'n veeltal publikasies. Ook hy, soos in die geval van Voltaire, het onder invloed van Locke gestaan; en soos Voltaire het ook Hume 'n kritiese ingesteldheid in sy werke geopenbaar. Vir Hume was 'n wetenskap van die politiek moontlik en wel 'n wetenskap gebaseer op ervaring. Ten spyte van sy konserwatisme met betrekking tot politieke en sosiale verskynsels openbaar Hume 'n filosofiese en godsdienstige radikalisme. Hume is veral bekend vanweë sy kritiek op die kontrakteorie ter verklaring en regulering van regering.

Hy het die kontrakteorie op historiese en filosofiese gronde verwerp. Beide met betrekking tot die ontstaan en verklaring van die samelewing is Hume van mening dat die volgende drie faktore 'n prominente rol speel, te wete: (i) die geslagsdrang, (ii) simpatie en (iii) die voordele van samelewing as gevolg van assosiasie. As gevolg egter van selfsug en vanweë die feit dat die bogenoemde assosiasie nie die nodige sekuriteit met betrekking tot eiendom kon voorsien nie, word 'n regering daargestel. Volgens Hume kan 'n formele ooreenkoms of belofte geen rol in 'n oorspronklike regeringsvorm gespeel het nie. Die nut wat mense ingesien het aan onderwerping was die primêre motiverende faktor in die ontstaan van die staat, en die basis van die burgerlike regering sien hy in gesag en dwang. Hume het ook 'n hoë premie geplaas op onderdanigheid.

Rousseau, in teenstelling met sy agtiende eeuse voorgangers, het basies van die veronderstelling uitgegaan dat instink en gevoel

by die mens meer betroubaar is as die rede. Hierdeur het hy fasette met betrekking tot die sosiale na vore gebring wat tot op daardie stadium nog nie na behore verreken was nie; fasette soos impulse, sentimente en emosies.

Sy bydraes staan in die teken van 'n opstand teen die rede en dus die wetenskap. Ten opsigte van die samelewing het Rousseau uitgegaan van die veronderstelling dat die mens tot die samelewing toegetree het as gevolg van twee faktore: (i) toename in getalle en (ii) fisies-geografiese faktore wat sy alledaagse bestaan bemoeilik het, en wat 'n nuwe industrie vereis het. Die mens het hierdie uitdaging aanvaar en hieruit sou die samelewing sowel as regering ontwikkel. Afgesien van Rousseau se bydrae tot die sosiale filosofie het hy ook prominente bydraes tot die ontwikkeling van politieke denke gelewer. In sy politieke denke sou die algemene wil die sentrale tema vorm. Hiervan maak geregtigheid en outonomie kerngedagtes uit. Nog 'n sentrale gedagte in Rousseau se politieke denke is dié van die sosiale kontrak.

In die agtiende eeu - algemeen bekend as die tydperk van verligting - kan talle van die idees teruggevind word wat eventueel sou ontwikkel in 'n gesofistikeerde vorm in die moderne tyd of minstens 'n leidende rol sou speel in die realisering van die moderne tydvak. In hierdie tydperk van die rede sou die wetenskappe fenomenaal ontwikkel en die meerderheid denkers se bydraes sou minstens 'n poging tot wetenskaplikheid met betrekking tot metode sowel as teoretisering en sistematisering van substans verteenwoordig.

In dié verband is die volgende aanname van McDonald belangrik. "We would do well, on the one hand, to remember that in the eighteenth century 'science' was still roughly a synonym for 'philosophy' and philosophy was the term attached to the love of wisdom, not merely the pursuit of empirical truth. Science had not yet become essentially experimental, nor philosophy largely analytical."[1)]

Voorts het die meerderheid van hierdie skrywers 'n sistematiese uiteensetting of poging tot "teoriebou" met betrekking tot die

---

1) McDonald, L.C., Op. cit., p. 227.

polities-sosiale realiteit probeer vorm waarin een of meer kernfasette prominent gefigureer het, byvoorbeeld die menslike rede, natuurwet, sosiale kontrak en algemene wil.

Furfey beskou die tydvak as verteenwoordigend van die logiese kulminering van rasionele naturalisme wat sedert die aanvang van die moderne tye reeds aan die ontwikkel was.[1] Becker en Barnes sien in die tydvak die opbreek van 'n allesinsluitende sisteem van sosiale filosofie in wat tans bekend is as onder andere die Ekonomie, Sielkunde, Geskiedenis, Staatsleer en Sosiologie.[2] Ook in hierdie tydvak sou die denkers se bydraes implisiet wetenskaplik wees met 'n teoreties filosofiese interpretasie van die sosiale en/of politieke realiteit waarin ('n) bepaalde benaderingstandpunt(e) predomineer.

In hierdie verband is 'n aanname van Ullmann na ons mening relevant. "In more than one way can one say that the study of the history of political ideas is the study of society and its government in its historic setting ..."[3]

Uit die historiese raamwerk van polities-sosiale denke, wat primêr met hoofstukke twee en drie bedoel was, kan vervolgens enkele gevolgtrekkings gemaak word oor die gestelde vrae in hoofstuk een wat ten aanvang van hierdie samevatting en gevolgtrekking herhaal is en ook gedeeltelik gepoog is te beantwoord. By hierdie beantwoording kan aangesluit word met verwysing na die Middeleeue en die daaropvolgende tydvakke deur te konkludeer dat die strewe inderdaad by die mens teenwoordig kon wees na orde, vrede, vooruitgang, voortbestaan of selfbehoud, maar dat verskillende denkers uit die opeenvolgende tydvakke verskillende motiverings aanbied vir beide die ontstaan en bestaan van die magsinstitusies soos die staat of regerings, byvoorbeeld die sondeval, 'n sosiale kontrak, die rede of natuurwet, onderlinge konflikte en oorloë. Met ander woorde, hieruit moet tot die gevolgtrekking geraak word dat verskillende verklarings van verskillende individue afkomstig

---

1) Furfey, P.H., Op. cit., p. 25.
2) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 557.
3) Ullmann, Walter, A History of Political Thought: The Middle Ages, p. 231.

wel 'n spieëlbeeld van moontlike verklarings voorsien, maar dat by gebrek aan 'n enkele houdbare verklaring ons hier kan uitgaan van die veronderstelling dat die antwoord veel eerder gesoek moet word in: (i) die historiese agtergrond van die bepaalde tydvak waarin regerings of 'n regering voorkom; (ii) die dinamiese aard van die polities-sosiale realiteit onderliggend aan elke tydvak; (iii) die oorheersende ideologie of ideologieë, waardesisteme en normpatrone wat in elke tydvak in mindere of meerdere mate geldend is; (iv) die mate van konsensus al dan nie spesifiek tussen heerser(s) en onderdane of onderdane of heersers onderling wat oor hierdie fasette (onder punt drie genoem) in 'n gemeenskap in 'n bepaalde tydsgewrig bestaan en (v) die ontwikkelingspeil van die menslike rede met betrekking tot kundigheid en ervaring in praktiese regering en die onderliggende beginsels en voorvereistes daaraan verbonde.

Al vyf bogenoemde faktore glo ons kan teruggevoer word tot 'n begeerte na of 'n ideaal van orde, vrede, voortbestaan of selfbehoud en vooruitgang, wat kollektief onder die grootste deel van die onderdane en heersers gesamentlik gevoel is.

Die vraag welke regeringsvorm hierdie toedrag hierbo genoem ten beste kan realiseer, gaan ons hier nie aan nie. Nog minder die vraag na die durendheid van 'n bepaalde regeringsvorm, aangesien ons vraagstelling primêr gefokus is op die ontstaan, wetlikheid en universaliteit van regerings as magsvorme. Dat die soeke by sosiale denkers sal voortduur na 'n absolute kriterium (of kriteria) vir handeling en denke wat die ideaal of begeerte hierbo genoem, sal kan realiseer, kan sonder vrees vir teëspraak gemaak word.

Eweneens kan gestel word dat genoemde absolute kriteria periodiek deur denkers en instansies voorgehou sal word in die vorm van dogmas, ideologieë, teorieë en modelle wat dan na bewering die verlangde ideale en begeertes sal kan of behoort te realiseer, maar dat dit nie durende universele realisering kan bewerkstellig nie uit hoofde van: (i) Die verskil in historiese agtergrond in 'n bepaalde tydvak tussen regerings. (ii) Die verskil in dinamiese aard van die polities-sosiale realiteit onderliggend aan elke tydvak. (iii) Die verskil in die oorheersende ideologie of indeologieë, waardesisteme en normpatrone wat in elke tydvak

in mindere of meerdere mate geldend is. (iv) Die mate van konsensus al dan nie tussen heerser(s) en onderdane of heersers of onderdane onderling oor die oorheersende ideologie of ideologieë, waardesisteme en normpatrone wat in elke tydvak in mindere of meerdere mate geldend is. (v) Die verskil in die ontwikkelingspeil van die menslike rede met betrekking tot kundigheid oor en ervaring in praktiese regering tussen regeringsvorme in elke tydvak.

Die ontwikkeling van polities-sosiale denke sedert die vroegste tye het dus uitgekristalliseer in 'n ryke verskeidenheid van idees, dogmas, ideologieë, modelle en "teorieë" rakende die politiessosiale realiteit; idees, dogmas, ideologieë, modelle en "teorieë" elk teen 'n eie historiese agtergrond en ingebed in 'n verskeidenheid van politieke en sosiale kulture. Hiermee moet die politieke sosioloog by name dan ook deeglik rekening hou, veral aangesien die kontemporêre polities-sosiale realiteit medebepaal is deur die verlede, in welke verband kennis oor en begrip van die verlede begrip vir en kennis van die kontemporêre rigtinggewend kan beïnvloed.

Vervolgens staan ons stil by sekere fundamentele bydraes deur enkele medegrondleggers van die Politieke Sosiologie.

HOOFSTUK IV

Sekere fundamentele bydraes deur enkele medegrondleggers van die Politieke Sosiologie[1]

1. Alexis de Tocqueville (1805-1859)

Lipset[2] is een van die talle sosioloë wat erkenning verleen, nie alleen aan De Tocqueville se bydrae tot die Politieke Sosiologie nie, maar ook aan die bydraes van onder andere Marx, Weber en Michels. Lipset toon aan dat De Tocqueville die eerste hoof-eksponent was van die gedagte dat demokrasie 'n balans verskaf tussen magte van konflik en konsensus.[3] Alhoewel daar oënskynlik ooreenkomste is in die teorieë van Marx en De Tocqueville, aangesien beide die solidariteit van sosiale eenhede beklemtoon, word daardie sosiale eenhede vir De Tocqueville daargestel deur plaaslike gemeenskappe en vrywillige organisasies. Marx sien hierdie eenhede as sosiale klasse.[4] Voorts het De Tocqueville, in teenstelling met Marx, daardie aspekte van die sosiale eenhede

---

1) Die aanbieding van medegrondleggers se bydraes word hier in chronologies-historiese volgorde aangebied. Die keuse van grondleggers is primêr arbitrêr bepaal deur die prominensie wat in bestaande polities-sosiologiese literatuur deur skrywers oor die Politieke Sosiologie aan die grondleggers wat hier in behandeling geneem word, gegee is. By implikasie is 'n moontlike konsekwensie van hierdie werkswyse dus dat eksponente van polities-sosiologiese literatuur wat in terme van hul bydrae tot die onderhawige terrein kwalifiseer as medegrondlegger(s) deur die kriteria hier gevolg gediskwalifiseer word vir insluiting in hierdie studie as gevolg van die feit dat hul nog nie deur prominente sosioloë "ontdek" is nie. Dit val egter buite die primêre doel van hierdie studie om 'n gedetailleerde weergawe van alle grondleggers van die Politieke Sosiologie te gee. 'n Saaklike oorsig van enkele medegrondleggers word wel gedoen omdat hul enersyds as sodanig reeds erken word in die polities-sosiologiese literatuur en andersyds omdat hul bydrae 'n essensiële perspektief verskaf oor die aard, omvang en terrein van die Politieke Sosiologie. Mannheim geniet nie die prominensie wat die ander grondleggers te beurt val in die polities-sosiologiese literatuur nie, maar verdien na ons mening wel vermelding as medegrondlegger vanweë sy bydrae wat in die betrokke subhoof duidelik aangetoon sal word.

2) Lipset, S.M., Op. cit. (1973), pp. 24-30. Vergelyk ook:
   (i) Nordlinger, E.A. (redakteur), Op. cit., p. 5 - dit kan hier gemeld word dat Nordlinger van De Tocqueville praat as 'n sosioloog (vergelyk: pp. 4-5).
   (ii) Coser, L.A. (redakteur), Op. cit. (1967), p. 2.
   (iii) Rush, M., Althoff, P., Op. cit., pp. 3-7.

3) Lipset, S.M., Op. cit. (1973), pp. 26-28.

4) Vergelyk Hoofstuk 4, subhoof 2.2, p. 164 e.v., subhoof 2.3, p. 170 e.v.

beklemtoon wat politieke konsensus en sosiale skeiding terselfdertyd kon handhaaf. "He dit not project his harmonious society into the future and did not separate in time the sources of social integration and the sources of cleavage."[1] Dieselfde eenhede wat onafhanklik van mekaar opereer en in 'n staat van spanning verkeer, is terselfdertyd ook afhanklik van mekaar en is met mekaar verbind deur middel van politieke partye (byvoorbeeld die president en die kongres). Private assosiasies wat beperkend op die regering inwerk, kan andersyds primêr kanale wees om die kiesers meer betrokke te maak in die politiek. Trouens, hulle kan die meganismes vorm vir die daarstelling en handhawing van daardie mate van konsensus wat nodig is vir die handhawing van 'n demokratiese samelewing.

Lipset toon aan dat De Tocqueville se belang by 'n plurale politieke sisteem ontstaan uit sy interpretasie van die kenmerke van 'n moderne samelewing. Industrialisasie, burokratisering en nasionalisme het nie alleen die betrokkenheid van die laer klasse in die politiek verhoog nie, maar ook die kleiner plaaslike gesagsentra ondermyn en gesag in die staatsorganisasie gesentreer. De Tocqueville het gevolglik gevrees dat sosiale konflik kon verdwyn omdat daar net een magsentrum sou wees, naamlik die staat en geen ander groep sou sterk genoeg wees om die staat te opponeer nie, afgesien van die feit dat dié staat wat oor genoeg mag beskik om dinge vir sy mense te doen ook genoeg mag het om dinge aan sy mense te doen.

Nisbet toon in die verband aan: "We have tended to miss the subtler but infinitely more potent threats bound up with diminution of authorities and allegiances in the smaller areas of association and with the centralization and standardization of power that takes place in the name of, and on behalf of, the 'people'".[2]

Lipset toon ook aan dat De Tocqueville gevrees het dat politieke kompetisie mag verdwyn aangesien die sosiale grondslag wat dit moet rugsteun sal verdwyn. Gepaardgaande sal konsensus verdwyn. By die geatomiseerde individu sal die nodige belangstelling ontbreek om óf deel te neem aan die politiek óf om die regime te

---

1) Lipset, S.M., Op. cit. (1973), p. 26.
2) Nisbet, R.A., The Quest for Community (1971), p. 258.

aanvaar, omdat hy alleen gelaat is sonder lidmaatskap aan 'n betekenisvolle sosiale eenheid. Sodoende sal politiek betekenisloos word. "Apathy undermines consensus, and apathy was the attitude of the masses toward the state which Tocqueville saw as the outcome of an industrial bureaucratic society."[1)]

Vir De Tocqueville was daar slegs twee institusies wat hierdie staat kon beveg: plaaslike selfregering en vrywillige assosiasies. Hierin het hy die stabiliteit van die demokratiese sisteem gesien. Sodoende kon 'n basis vir konflik geskep word, die sentralisering van mag bekamp word, nuwe magspunte geskep word en potensiële opposisieleiers in politieke hoedanighede opgelei word, aldus Lipset.

Aron[2)] toon aan dat De Tocqueville in sy werk Democracy in America gepoog het om die karakteristieke eienskappe wat verband hou met die essensie van enige moderne demokratiese samelewing aan te toon.

Ten spyte van etlike saaklike verwysings[3)] na De Tocqueville se bydrae tot die studie van polities-sosiale fenomene, en gepaardgaande verduidelikings daarvan, staan ons vervolgens stil by enkele van De Tocqueville se aannames wat hom na ons mening laat kwalifiseer as een van die medegrondleggers van die Politieke Sosiologie.[4)]

1.1 Saaklike samevatting van enkele van De Tocqueville se fundamentele beskouings

Ten aanvang kan hier gestel word dat die demokrasie in die

---

1) Lipset, S.M., Op. cit. (1973), p. 27.
2) Aron, Raymond, Main Currents in Sociological Thought, Volume I, p. 184.
3) Vergelyk:
   (i) Pizzorno, A (redakteur), Op. cit., pp. 21-26.
   (ii) Litt, Edgar (redakteur), The Political Imagination, pp. 23-25.
   (iii) Abraham, J.H., Op. cit. (1973), pp. 144-153.
   (iv) Aron, R., Op. cit., Volume I, PP. 183-232.
4) De Tocqueville se belangrikste werke is Demokrasie in Amerika en Die Ou Regime in die Franse Rewolusie. Vir ons doeleindes volstaan ons met: De Tocqueville, Alexis, Democracy in America, vertaal deur Reeve, Henry (heruitgawe 1952).

Verenigde State van Amerika De Tocqueville se studie-objek was. Hy verklaar: "I confess that in America, I saw more than America; I sought the immage of democracy itself, with its inclinations, its character, its prejudices, and its passions, in order to learn what we have to fear or to hope from its progress."[1)]

Commager merk in die verband op dat demokrasie De Tocqueville se fokuspunt was: "... democracy - a word which De Tocqueville used much as we use it today to embrace social and economic as well as political practices and institutions".[2)]

Vervolgens word enkele, vir ons doel, fundamentele beskouings van De Tocqueville gerekonstrueer.

Die soewereiniteitsbeginsel[3)] van die Amerikaanse volk is, volgens De Tocqueville, nie 'n verskuilde idee nie, maar word erken in die gebruike en verklaar in die wette van die Amerikaanse volk; 'n beginsel wat vryelik versprei en die konsekwensies waartoe geraak word sonder belemmering. De Tocqueville toon duidelik aan hoe hierdie beginsel geleidelik ontwikkel het vanuit die eerste Britse kolonies in Amerika totdat dit eindelik die wet van wette geword het in die Amerikaanse Republiek. Ingebed in die demokratiese ideaal het hierdie beginsel van krag tot krag gegaan. "There is no more invariable rule in the history of society: the further electoral rights are extended, the greater is the need of extending them; for after each concession the strength of the democracy increases, and its demands increase with its strength."[4)] Die ontwikkeling was van so 'n aard dat die soewereiniteitsbeginsel van die volk 'n optimum punt bereik het in Amerika. In Amerika regeer die samelewing sigself en wel ter wille van die samelewing. Alle mag sentreer dus in die samelewing.

Na ons mening kwalifiseer De Tocqueville sy soewereiniteitsbeginsel van die Amerikaanse volk eers 'n paar hoofstukke verder in sy boek, waar hy ingaan op die vraag waarom gesê kan word dat die

---

1) De Tocqueville, Alexis, Op. cit., p. (xii) soos aangehaal deur Commager, H.S. in die voorwoord van genoemde bron.
2) Ibid., p. (xii).
3) Ibid., pp. 51-54.
4) Ibid., p. 53.

volk in werklikheid in Amerika regeer (politieke partye).[1] De Tocqueville toon aan dat die Amerikaanse volk die wetgewende en uitvoerende magte aanwys, so ook die regters wat oortredings van die wette straf. Die Amerikaanse institusies is in beginsel en in konsekwensie demokraties. Die volk kies sy verteenwoordiger direk en periodiek ten einde hul afhanklikheid (van die volk) te verseker. Gevolglik is die volk die ware rigtinggewende mag. In die Verenigde State van Amerika regeer die meerderheid in naam van die volk. Hierdie meerderheid, primêr saamgestel uit die volk, streef na die welsyn van hul volk. Hierdie meerderheid word egter omring deur politieke partye wat hul samewerking probeer verkry en hul steun probeer werf.

Aanvanklik was die Federale en Republikeinse Partye verteenwoordigend van twee teenoorgestelde beginsels. Die Federale Party het gepoog om sy leerstellinge toe te pas ooreenkomstig die Uniale Konstitusie, om die volkswil te beperk. Die Republikeinse Party, meer toegewy aan liberale doelstellings, het gepoog om die volkswil onbeperk uit te brei. Nie een het egter nodig gehad om die konstitusie, of die struktuur van die samelewing omver te werp ten einde sy eie oorwinning te verseker nie. Ten opsigte van die mees essensiële aspekte was beide partye eenstemmig.

In hul stryd het hoë morele beginsels, soos byvoorbeeld die hoë premie wat op gelykheid geplaas is en die beginsel van onafhanklikheid, gegeld. Die Federaliste was vir ongeveer 12 jaar aan bewind na die ineenstorting van die konfederasie net om in 1801 deur die Republikeine opgevolg te word, waarna die Federale Party in verval geraak het. Hierna sou die Republikeinse en Demokratiese Partye opeenvolgend aan bewind van sake kom. De Tocqueville se bydrae lê egter op polities-sosiale vlak, nie alleen in sy beskrywing en evaluering van die Amerikaanse demokrasie nie, maar ook in sy samevatting oor die ontstaan en ontwikkeling van partye en op die terrein van die atomisering van die individu.

Oor die ontstaan van partye merk De Tocqueville op dat ambisieuse persone geïnteresseerd is in die vorming van partye. 'n Politieke aspirant in die Verenigde State van Amerika sal eerstens sy belange

---

1) Ibid., pp. 110-117.

onderskei en in berekening bring, daardie belange wat versamel en geamalgameer kan word rondom sy eie belange. Hierna poog hy 'n beginsel of leerstelling daar te stel wat die doel van sy nuwe assosiasie sal dien. Laasgenoemde word gepropageer wat die daarstelling van sy party kenmerk en terselfdertyd word gepoog om sy populariteit te verseker. Sodra hierdie voorvereistes nagekom is, verskyn die party op die politieke toneel. Nadat die reg tot die vorming van assosiasies erken is,[1] mag die burgers dit op verskillende wyses toepas. Sodra 'n mening deur 'n samelewing verteenwoordig word, neem dit noodwendig 'n meer eksakte en eksplisiete vorm aan. Volgelinge word gewerf en hulle belange word ingebed in die assosiasie. Die lede leer mekaar ken en hul geesdrif neem toe saam met hul getalle. "An association unites the efforts of minds which have a tendency to diverge in one single channel, and urges them vigorously toward one single end which it points out."[2]

Die tweede wyse van implementering omvat die reg op samekoms en die derde die reg op die uitoefening van politieke assosiasie. Die volgelinge van 'n idee mag in 'n elektorale liggaam verenig: hulle mag afgevaardigdes kies om hulle te verteenwoordig. Vir De Tocqueville het die vryheid van assosiasie 'n waarborg geword

---

1) Vergelyk: Ibid., pp. 126-133. Dit is na ons mening nie onmoontlik nie dat die baanbrekerswerk wat De Tocqueville gedoen het op die onderhawige terrein later direk of indirek 'n stimulus kon wees tot die eskulasie van politiessosiologiese literatuur, spesifiek in die Franssprekende lande. In dié verband kan die volgende Franssprekende persone se onderskeie bydraes, na ons mening, as geldige verwysingspunte dien:
   (i) Célestin Bouglé se bydraes oor die Sosiologie van Demokrasie (Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume III, pp. 844-847).
   (ii) M. Duverger se bydraes tot die Sosiologie van Politieke Stelsels en tot die Sosiologie van Politieke Partye (Gurvitch, Georges, Op. cit., Volume III, pp. 11-76).
   (iii) F. Goguel en G. Dupeux se bydraes tot die Sosiologie van Verkiesings (vergelyk: Gurvitch, G., Op. cit., Volume III, pp. 77-116).
   (iv) André Siegfried se studies oor Verkiesings.
   (v) J.B. Duroselle se studies oor Internasionale Verhoudings (vergelyk oor laasgenoemde twee se bydraes: Becker, H., Boskoff, A., Modern Sociological Theory, pp. 654-655).

2) De Tocqueville, A., Op. cit., p. 127.

teen die tirannie van die meerderheid. Sodra 'n party aan bewind kom in die Verenigde State van Amerika word alle openbare outoriteit onder die kontrole van daardie party geplaas. Ondersteuners van die party word aangestel in sleutelposisies en hulle het die volle mag van die administrasie tot hul diens. Die minderheid in die Verenigde State van Amerika vorm 'n minderheidsassosiasie ten einde hul getalsterkte te toon en so die morele gesag van die meerderheid te ondermyn, om kompetisie te stimuleer en om argumente te bedink wat teen die meerderheid gebruik kan word, aangesien hul uitgaan van die standpunt dat hulle argumente kan aanvoer wat hul opponente na hul sienswyse kan oorhaal. Sodoende probeer hul wegdoen met die oppermag van die betrokke meerderheid. "Political associations in the United States are therefore peaceable in their intentions, and strictly legal in the means which they employ; and they assert with perfect truth that they only aim at success by lawful expedients."[1)]

De Tocqueville toon ook die verskil tussen die partye in Amerika en dié in Europa aan. In Europa is daar talle opposisiepartye wat egter so diametraal in opposisie tot die meerderheid staan dat hulle nie kan hoop om hul steun te werf nie. Terselfdertyd is hierdie partye van mening dat hulle sterk genoeg is in hulself om te stry en te veg vir hul doelstellings. Wanneer 'n party van hierdie aard 'n assosiasie vorm, is die doel nie om te oorwin nie, maar om te veg.

In die Verenigde State van Amerika is diegene wat menings huldig in opposisie met die meerderheid nie 'n hindernis in die magsuitoefening van die meerderheid nie, en al die partye hoop om diegene oor te haal tot hul eie beginsels. Dit was dan ook as "vergelykende sosioloog" waarin die besondere betekenis van De Tocqueville se bydrae geleë is.[2)]

In 'n groot mate geld 'n aanname van Nordlinger oor Weber ook met betrekking tot De Tocqueville: "... if one is going to delineate the relations between polity and society it would be advantageous to do so in terms of an historical and comparative perspective,

---

1) Ibid., p. 131.
2) Aron, R., Op. cit., Volume I, p. 184.

providing vivid contrasts and striking simularities which would underscore the characteristic aspects of contemporary western societies."[1] Nordlinger toon dan ook aan dat De Tocqueville die relatiewe gelykheid, sosiaal, ekonomies en polities gesien, gekontrasteer het met die ongelykheid en hierargiese verdeling van die ou Franse bewind.[2]

De Tocqueville lê eksplisiet klem op die rol en invloed van universele stemreg soos dit in die Verenigde State van Amerika voorkom en gee ook 'n breedvoerige uiteensetting van die Amerikaanse demokratiese regeringsvorm, die voordele daaraan verbonde, maar ook die onbeperkte mag en die konsekwensies van die meerderheidsregering. Dit is by laasgenoemde waar ons saaklik stilstaan.[3]

Die absolute soewereiniteit van die meerderheid is 'n beginsel wat sentraal staan in die Amerikaanse demokrasie. Die wetgewende institusie is van alle politieke institusies die een wat die maklikste die swye opgelê kan word deur die meerderheid. Lede van die wetgewende mag word verkies direk deur die volk, en vir 'n kort termyn is hulle onderworpe aan die oortuigings uit hul kiesafdelings. Lede van altwee huise, Kongres en Senaat, word insgelyks verkies. Die wetgewende mag sodanig gekonstitueer, word vertrou met bykans al die outoriteit van die regering. Hierdie outoriteit is verder versterk deur wette en gebruike. Die morele outoriteit van die meerderheid is deels gebaseer op die aanname dat daar meer intelligensie en wysheid is by 'n groot groep mense as by 'n individu en dat die aantal wetgewers belangriker is as hul kwaliteit. Voorts is die morele mag van die meerderheid gefundeer in die beginsel dat die belange van die grootste aantal mense swaarder weeg as dié van die minderheid.

In die Verenigde State van Amerika word die regte van die meerderheid vry algemeen erken aangesien almal hoop om eendag in die toekoms daardie selfde regte tot hul eie voordeel te kan aanwend. Gevolglik oefen die meerderheid aansienlike werklike gesag uit,

---

1) Nordlinger, E.A. (redakteur), Op. cit., p. 5.
2) Ibid., pp. 5-6.
3) De Tocqueville, A., Op. cit., pp. 182-198.

en 'n morele invloed wat niks minder belangrik is nie. Daar bestaan geen hindernisse wat die weg en vooruitgang daarvan versper of belemmer nie, ook geen wyse om die outoriteit so ver te bring om te luister na die besware van diegene wat in die proses ondergaan nie. "This state of things is fatal in itself and dangerous for the future."[1] Een van De Tocqueville se primêre besware is dat hierdie sisteem demokratiese onstabiliteit bevorder.

In Amerika is die oppergesag wat uitgeoefen word deur die wetgewende liggame bykans onbeperk. Niks verhoed hul om hul wense snel en bykans sonder teenstand te realiseer nie, en elke jaar word nuwe verteenwoordigers tot die wetgewende liggame toegevoeg. Gevolglik is die bestaan van wette nie alleen van korte duur nie, maar word demokratiese onstabiliteit sodanig in die hand gewerk. Administratiewe doelgerigtheid en effektiwiteit word sodoende aangetas.

De Tocqueville was duidelik ten gunste daarvan dat een sosiale mag oor alle ander sal heers, maar vryheid word bedreig indien hierdie mag ongekontroleerd geskied en dit die eie heftigheid self moet inhibeer. Onbeperkte mag op sigself beteken vir De Tocqueville niks goeds nie aangesien hierin die kiem van tirannie geleë is. "In my opinion the main evil of the present democratic institutions of the United States does not arise, ..., from their weakness, but from their overpowering strength; and I am not so much alarmed at the excessive liberty which reigns in that country as at the very inadequate securities which exist against tyranny."[2]

De Tocqueville stel nie dat tirannie wel in Amerika voorkom nie, maar dat daar nie genoegsame maatreëls teen die moontlike funksionering daarvan bestaan nie. Selfs die magshebbers mag hulself vryhede veroorloof waardeur gewoontes in 'n vrye land kan ontstaan wat in die toekoms fataal vir die vrye land mag wees. Hierdie oortreding van die grense deur die magshebbers vind plaas omdat die magshebbers deur die openbare mening beskerm word, en gerugsteun word deur die koöperasie van die meerderheid.

---

1) Ibid., p. 185.
2) Ibid., p. 189. Vir 'n volledige interpretasie van De Tocqueville se siening van demokrasie, vergelyk: Poggi, G., Images of Society, pp. 29-61.

Nog 'n konsekwensie van die meerderheidsmag is dat dit die ware onafhanklikheid van denke en vryheid van bespreking beperk. Solank as wat die meerderheid nog nie 'n besluit oor 'n saak geneem het nie, word bespreking daaroor gevoer; net om gestaak te word sodra 'n meerderheidsbesluit wel geneem is. Diegene wat dit wel doen, veral in opposisie teenoor die besluit, of diegene wat buite die wil van die massa beweeg, word subtiel geostraseer. Hy wys daarop dat na die val van die meeste monargieë despotisme met afkeur bejeën is. Hy waarsku egter daarteen dat republikeinse demokrasieë nie onderdrukking moet herinisieer nie.

De Tocqueville bevraagteken die gesag van die meerderheid en beweer dat dit die rede is waarom die denke van alle Amerikaners oënskynlik op een lees geskoei is. Hy sê egter ook dat daar wel diegene is wat vir die waarnemer krities mag voorkom, maar niemand anders as die waarnemer sal van hierdie kritiek hoor nie. "They are very ready to communicate truths which are useless to you, but they continue to hold a different language in public ..."[1] Die vernietiging van die vrye institusies van Amerika kan vir hom slegs gewyt word aan die onbeperkte outoriteit van die meerderheid wat die minderhede iewers in die toekoms tot desperaatheid kan dryf en hul tot fisiese dwang verplig. Anargieë kan die resultaat wees, maar dan vanweë despotisme.

De Tocqueville gee egter ook aandag aan daardie oorsake wat die tirannie van die meerderheid in Amerika versag; die primêre bronne wat die demokratiese republiek in die Verenigde State van Amerika handhaaf.

Die volgende aspekte word ook in detail deur De Tocqueville hanteer. Die invloed van demokrasie onderskeidelik op: die filosofie, godsdiens, wetenskap en kuns, op taal en literatuur, op gewoontes en maniere, op sosiale en huishoudelike verhoudings en op openbare verhoudings; verskynsels soos individualisme, openbare assosiasies, die belange-beginsel en begeerte na rykdom en vooruitgang. Vervolgens staan ons stil by De Tocqueville se uiteensetting van die invloed van die demokrasie op die sosiale en binnelandse verhoudinge.[2]

---

1) De Tocqueville, A., Op. cit., p. 196.
2) Ibid., pp. 445-483.

Hy toon aan dat daar nog nooit gemeenskappe bestaan het waarin die sosiale toestande so gelyk was dat daar nòg meester nòg slaaf was of dat daar nòg ryke nòg arme was nie. Die demokrasie verhoed nie die bestaan van die twee klasse nie, maar wysig hul disposisie en pas hul wedersydse verhoudinge aan sodat die onderskeie klasse nie altyd uit dieselfde individue saamgestel is nie. In demokrasieë is diensknegte nie alleen onderling gelyk nie, maar in 'n sekere sin ook die gelyke van hul meesters. De Tocqueville kwalifiseer hierdie stelling deur daarop te wys dat die dienskneg aspireer na die posisie van 'n meester - wat hy inderdaad mag word. Gevolglik verskil die dienskneg nie van sy meester nie. Die meester se mag oor die dienskneg is bloot daarin geleë dat eersgenoemde die houer van hul kontraktuele ooreenkoms is en laasgenoemde die meester daarvoor respekteer. Die verhouding tussen meester en dienskneg, soos gebaseer op 'n rassegrondslag, in die Noorde sowel as in die Suide van Amerika word raak deur De Tocqueville beskryf en, hoewel hy nie 'n waardeoordeel fel nie, toon hy aan dat wat basies van belang is tussen mense orde is en nie 'n bepaalde ordening nie.

Die afhanklikheid van die werknemer of dienskneg van sy werkgewer of meester neem in 'n demokratiese samelewing ook geleidelik af aangesien in demokratiese gemeenskappe daar 'n geleidelike verhoging van salarisse voorkom. In verhouding, namate sosiale toestande meer gelyk word, styg pryse; namate pryse styg, word sosiale toestande meer gelyk. Ook wat die verwantskapsverhoudings aanbetref, merk De Tocqueville op dat die emansipasie van die jongman in die Amerikaanse gesin baie vroeg reeds plaasvind. Onderhorigheid aan die vader word dag na dag verslap. Namate die jongman meester word van sy gedagtes, word hy ook meester van sy dade. In so 'n mate dat daar bykans nie sprake van adolessensie is nie. Die oorgang van seun na man is bykans onopsigtelik en geskied sonder stryd of konflik. Die vryhede wat die vader homself toe-eien, word geredelik en geleidelik ook aan die seun oorgedra. Ook die wedersydse verhoudinge van kinders onderling word drasties gewysig in die demokratiese samelewing. In die aristokratiese gesin is elkeen se posisie duidelik afgebaken. Die vader beklee 'n afsonderlike rang waarin hy omvattende voordele geniet. Die verhouding ouer-kind is styf-formeel, dikwels koud. Die posisie van die kinders is nie gelyk nie. Ouderdom en geslag bepaal elkeen se rang en sy bepaalde voorregte. Die meeste hiervan word egter

mee weggedoen in die demokratiese samelewing. Kinders beklee gelyke posisies en gevolglik onafhanklikheid; geen verskil in rang of voorregte kom voor nie en hartlikheid en warmte kenmerk die verhoudinge onderling. "It is not, then, by interest, but by common associations and by the free sympathy of opinion and of taste, that democracy unites brothers to each other."[1)]

Op dieselfde wyse analiseer De Tocqueville ook die verhoudings van die dogter in die gesin en die huweliksverhouding en kom tot die gevolgtrekking dat die emansipasie van die vrou aansienlik versnel is in die demokratiese samelewing. Met betrekking tot moraliteit merk hy op dat die samelewing nie aan gevaar blootgestel word deur die losbandigheid van 'n paar nie, maar as gevolg van die verslapping van moraal onder die massa. Dit is dus duidelik dat demokrasie verskillende ongelykhede tussen mense stelselmatig vernietig of modifiseer, nie alleen met betrekking tot dienskneg en meester, werkgewer en werknemer, vader en seun, man en vrou nie, maar ook die ongelykheid met betrekking tot die vrou se posisie in die algemeen is geraak. Ten spyte van die feit dat die vrou se posisie toenemend gelyk gestel word aan dié van die man, poog die Amerikaner doelbewus om die vermoëns, talent en aanleg van die vrou te laat ontwikkel op terreine wat natuurlikerwys en tradisioneel deur haar beklee is.

1.2 Enkele kritiese opmerkings oor De Tocqueville se bydrae

Daar kan sonder vrees vir teëspraak gekonstateer word dat De Tocqueville se Democracy in America 'n monumentale werk is. Hoewel hier nie 'n volledige kritiek beoog word nie, net so min as wat die doel met die kort uiteensetting van De Tocqueville se bydrae was om 'n volledige beeld van hom as medegrondlegger van die Politieke Sosiologie te probeer gee, verdien enkele kritiese gedagtes tog vermelding. Nieteenstaande die feit dat De Tocqueville hoë waardering vir die demokrasie gehad het en ook die positiewe invloed daarvan in die Amerikaanse samelewing duidelik probeer aantoon het, was hy tog nie blind vir die tekortkominge ingebed in die sisteem nie. Ongelukkig kom te veel veralgemenings in die

---

1) Ibid., p. 461.

tweede volume van die werk voor wat 'n vraagteken plaas agter die betroubaarheid en die wetenskaplikheid van sy bevindinge.[1] In die proses was hy ook nie altyd objektief nie.[2] Hierdie kritiek[3] is egter van minder belang, dog nie negeerbaar, in die lig van die bydrae wat hy met hierdie werk gelewer het nie.

Die totale supersisteem was sy fokuspunt, met 'n duidelike uiteensetting van die politieke subsisteem. Die geheel-deel-verband, oorsaak en gevolg, ontstaan en toekoms van beide fokuspunte word telkens omsigtig en omvattend weergegee. Die wisselwerking tussen die sosiale realiteit en die politieke realiteit en die interafhanklikheid tussen dié twee komponente tree telkens sterk op die voorgrond in sy ontleding. Dit is dan ook onder andere hierdie twee fokuspunte wat De Toqueville kwalifiseer as een van die medegrondleggers van die Politieke Sosiologie. Nie soseer die metode wat hy volg nie, maar die inhoud is hier die kwalifiserende kriterium. Nie alleen het hierdie werk 'n nuwe era ingelui in die wetenskaplike studie van die politiek[4] nie, maar dit kan beskou word as een van die mees fundamentele bydraes tot die ontstaan en ontwikkeling van die Politieke Sosiologie. Met hierdie saaklike samevatting van De Tocqueville se bydrae word hier volstaan.

2. Karl Marx (1818-1883)

Ongeag die feit dat daar talle skrywers is wat oor Marx geskryf het en wat aan hom erkenning gegee het, nie alleen as sosiale denker of as sosiologiese teoretikus nie,[5] is daar ook diegene wat volle

---

1) Vergelyk veral: Ibid., pp. 484-510.
2) Vergelyk: Aron, R., Op. cit., Volume I, pp. 204-205.
3) Vir 'n meer volledige evaluering van De Tocqueville vergelyk: Mayer, J.P., Alexis De Tocqueville, A Biographical Study in Political Science, pp. 7-127.
4) Ibid., p. 119.
5) Dit is belangrik om daarop te let dat, benewens die erkenning wat Marx ontvang vir sy bydraes tot hierdie terreine, hy spesifiek op die eksponente van die Sosiologie ook 'n rigtinggewende invloed laat geld het. Vergelyk:
   (i) Bierstedt, Robert, Power and Progress, pp. 154-155.
   (ii) Coser, L.A., "Marxist Thought in the First Quarter of the 20th Century" uit Varieties of Political Expression in Sociology, An American Journal of Sociology Publication, The University of Chicago Press, Chicago, 1972, pp. 173-200.
   (iii) Bottomore, Tom, Marxist Sociology, pp. 7-75.

erkenning gee aan sy bydrae tot die Politieke Sosiologie. Trouens, Runciman beskou Marx as die grondlegger van die Sosiologie van die Politiek.[1] Alvorens ons egter oorgaan tot 'n kritiese evaluering van Marx se bydrae tot die Politieke Sosiologie gee ons 'n saaklike weergawe van enkele van sy leerstellings in die algemeen.

2.1 Saaklike samevatting van enkele van Marx se fundamentele beskouings[2]

Die samelewing het vir Marx bestaan uit 'n bewegende balans van teenstellende kragte waarin sosiale verandering veroorsaak is as gevolg van spanning en konflik tussen hierdie kragte. Vir hom was sosiale konflik die kern van die historiese proses.[3] Ten einde sy primêre en sekondêre behoeftes te bevredig, raak die mens in antagonistiese samewerking betrokke - dit wil sê, wanneer die mens die primitiewe gemeenskapsfase uitgaan en sodra daar 'n verdeling van arbeid ontstaan, lei dit tot die vorming van antagonistiese klasse - vir Marx die primêre inisieerders van die historiese proses, want Marx het 'n holistiese siening oor die samelewing nagehou en dit beskou as 'n struktureel interverweefde geheel waarin die ekonomiese fase 'n dominante rol vervul het. "The sum total of the relations of production, that is, the relations men establish with each other when they utilize existing raw materials and technologies in the pursuit of their productive goals, constitute the real foundations upon which the whole cultural 'superstructure' of society comes to be erected."[4]

Vir Marx bestaan produksieverhoudings nie net uit die tegnologie nie, maar ook uit die sosiale verhoudings tussen mense in die ekonomiese lewe.[5] Sentraal met betrekking tot hierdie stelling

---

1) Runciman, W.G., Op. cit. (1971), p. 43.
2) Vir groter detaillering van enkele van Marx se fundamentele beskouings vergelyk:

   (i) Fletcher, Ronald, Op. cit., Volume I, pp. 339-451.

   (ii) Plamenatz, J., Op. cit, Volume II, pp. 269-408.
3) Vergelyk: Coser, L.A., Op. cit., (1971), p. 143.
4) Ibid., p. 45.
5) Marx, Karl, "Selected Writings in Sociology and Social Philosophy" vertaal deur Bottomore, T.B. soos aangehaal deur Coser, L.A., Op. cit. (1971), p. 45.

is die aanname dat die mens in 'n bepaalde klas gebore word en hierdeur word sy gedragswyse gedetermineer, aangesien eiendomsverhoudings in die samelewing reeds bepaal is. "Determinate individuals, who are productively active in a definite way, enter into .... determinate social and political relations."[1] Die klasseverdeling van die samelewing gee aanleiding tot onder andere politieke en filosofiese wêreldbeskouings wat uiting gee aan bestaande klasseverhoudings en wat die mag van die dominante klas positief of negatief beïnvloed. Die idee van die heersersklas is die dominante idees en die klas met die dominante materiële mag in die samelewing is terselfdertyd die dominante intellektuele mag.[2]

Die onderdrukte klas, vasgevang in die ideologiese dominansie van die heersersklas, ontwikkel egter teen-ideologieë om die heersersklas te beveg. Gevolglik kom 'n verandering in eiendomsverhoudings tot stand as gevolg van 'n verandering in produksieverhoudings. Hierdie proses is prinsipieel rewolusionêr van aard. Die kapitalistiese produksiewyse skep 'n proletariaat-klas. Namate 'n klassebewussyn onder hierdie mense toeneem, kom hulle onder die besef van hulle basiese antagonisme teenoor die bourgeoisie-klas. Deur saam te staan, werp hulle die bewind aan wie hul hul eie bestaan te danke het omver. "The proletariat carries out the sentence which private property, by creating the proletariat, passes upon itself."[3] Gevolglik kom 'n nuwe sosiale, ekonomiese en by implikasie politieke bedeling tot stand. Teen hierdie breë agtergrond verdien enkele van Marx se postulate met 'n meer polities-sosiologiese strekking meer eksplisiete vermelding en evaluering.

2.2 Die klasseteorie van Marx

Die geskiedenis van die samelewing was vir Marx die geskiedenis van klassestryd.[4] Vryman en slaaf, heer en dienskneg, in kort, onderdrukker en onderdrukte het in konstante opposisie tot mekaar

---

1) Ibid., p. 46.
2) Ibid., p. 46.
3) Ibid., p. 47.
4) Die hieropvolgende is 'n samevatting van 'n uittreksel uit Marx, Karl, "Manifesto of the Communist party", p. 12-32, Deel I soos vervat in Abraham, J.H., Op. cit. (1973), pp. 233-243.

gestaan en was gewikkel in 'n permanente stryd en elke konflik het geëindig òf in 'n rewolusionêr-hergekonstrueerde samelewing òf in die uitwissing van die opponerende klasse. Dwarsdeur die geskiedenis vind ons telkens 'n ingewikkelde verdeling van die samelewing in onderskeie ordes. Die moderne bourgeoisie-samelewing het tot nog toe nie kon wegdoen met die klasseverdeling en gevolglike klasse-antagonisme nie. In die bourgeoisie-samelewing het slegs nuwe klasse, nuwe toestande van onderdrukking en nuwe vorme van stryd tot stand gekom in die plek van die oues. Desnieteenstaande het die moderne bourgeoisie-samelewing die klasse-antagonisme vereenvoudig deurdat, in plaas daarvan dat 'n veeltal strydende kategorieë onderskei kan word, daar in werklikheid net twee bestaan, te wete bourgeoisie[1] en proletariaat.[2]

Die moderne bourgeoisie het hul ontstaan te danke aan 'n lang ontwikkelingsproses - 'n reeks rewolusies in produksiewyses en handel, beginnende met die ontdekking van Amerika en die aanvaarding van seevaart om die Kaap, gevolg deur die kolonialiseringsproses wat as sodanig weer die handel gestimuleer het. Gepaardgaande hiermee was daar 'n fenomenale nywerheidsontwikkeling en groeiende markte en hieruit het die bourgeoisie-klas ontwikkel as leiers van 'n industriële "leërmag".

Die ontwikkeling van die bourgeoisie het hand aan hand gegaan met 'n gepaardgaande politieke vooruitgang totdat hulle net vir hulself in die moderne verteenwoordigende staat eksklusiewe politieke heerskappy verwerf het. Die bourgeoisie het op roekelose wyse die feodaal-patriargale verhoudings vernietig en ter wille van een vryheid - vrye handel - alle ander vryhede vernietig. Die bourgeoisie kan nie bestaan sonder die voortdurende rewolusionalisering van die instrumente van produksie nie en gevolglik ook die produksieverhoudings en daarmee saam die totaliteit van verhoudings in die samelewing nie. Hierdie aspek, sowel as 'n gepaardgaande permanente onsekerheid en agitasie, onderskei die bourgeoisie-epog van alle voorafgaande tydvakke.

---

1) Die moderne kapitalistiese klas, eienaars van die sosiale produksiemiddele en werkgewers van loonarbeid.

2) Die moderne loonarbeiders, wat oor geen produksiemiddele van hul eie beskik nie en gevolglik hul arbeidsmag moet verkoop ten einde aan die lewe te bly.

Die behoefte aan immer uitbreidende markte ten einde vir hul produkte afsetgebiede te kry, het die bourgeoisie oor die hele wêreld heen geforseer. Deur middel van die eksploitasie van die wêreldmark het die bourgeoisie 'n kosmopolitiese karakter aan produksie en konsumpsie gegee in elke land. In die proses is alle ou gevestigde nywerhede vernietig en vervang met internasionale handel wat 'n universele interafhanklikheid van nasies daargestel het.

Dieselfde argument geld nie alleen vir materiële produksie nie, maar eweneens vir intellektuele produksie. Die intellektuele skeppings van individuele nasies het so 'n algemene besit geword dat selfs 'n wêreldliteratuur tot stand gekom het. Die bourgeoisie kan deur middel van die snelle verbetering van instrumente van produksie en die onderskragende kommunikasiemiddele alle, selfs barbaarse nasies, intrek by die beskawing (volgens Marx 'n bourgeoisie-beskawing). Sodoende kan die bourgeoisie 'n wêreld na hulle eie beeld skep.

In die proses is die wyse van produksie gesentraliseer en is eiendom in die hande van die minderheid gekonsentreer. Die noodsaaklike konsekwensies hiervan was politieke sentralisering. Onafhanklike, dog onderling verbonde provinsies, met eiesoortige belange, wette, regerings en belastingsisteme is saamgevoeg in een nasie met een regering, een nasionale klassebelang, een grens en een doeanetarief. Die bourgeoisie het tydens sy heerskappy van 'n honderd jaar bereik wat al die voorafgaande geslagte gesamentlik nie kon bemeester nie, naamlik een allesoorheersende, kolossale produksiemag en daardie produksiemag was sluimerend in die skoot van sosiale arbeid.

Die feodale stelsel is dus geleidelik vervang deur vrye kompetisie, waarby 'n sosiale en politieke konstitusie aangepas is en waardeur die bourgeoisie-klas ekonomiese en politieke heerskappy verkry het.

Die bourgeoisie-samelewing het produksie en handelsverhoudings van so 'n formaat daargestel dat hulle dit self ten prooi begin val het. Kenmerkend van die produksie- en handelsgeskiedenis is die rewolusie van moderne produktiewe magte teen moderne toestande van produksie, teen eiendomsverhoudinge en teen die bestaanstoestande van die

bourgeoisie in hul heerskappy. As voorbeeld noem Marx die periodieke kommersiële krisisse waartydens nie alleen 'n groot gedeelte van die bestaande produkte nie, maar ook van die produktiewe magte periodiek vernietig word. Tydens hierdie krisisse ontstaan 'n "epidemie", naamlik die "epidemie" van oorproduksie. Dit lyk asof die samelewing momenteel weer in 'n staat van barbarisme verkeer, of 'n universele oorlog van vernietiging alle voorrade-voorsiening van lewensbelangrike middele afgesny het. Die handel en nywerheid, so wil dit voorkom, is dan vernietig.

Marx skryf die stand van sake toe aan te veel beskawing, te veel industrieë, te veel bestaansmiddele en te veel handel. Die produktiewe magte tot die beskikking van die samelewing dien nie meer die ontwikkeling van die toestande van bourgeoisie-eiendom nie, inteendeel, die produktiewe magte het te magtig geword vir daardie toestande. Sodra laasgenoemde struikelblok oorkom is, bring die produktiewe magte wanorde in die bourgeoisie-samelewing en bedreig die bestaan van bourgeoisie-eiendom. Die bourgeoisie oorkom die probleem enersyds deur die vernietiging van 'n deel van die produktiewe magte, en andersyds deur die verkryging van nuwe markte of intensiewer benutting van bestaande markte. Daardeur word die weg gebaan vir meer omvattende en destruktiewe krisisse. Die wapens waarmee die bourgeoisie feodalisme vernietig het, word gevolglik teen die bourgeoisie self gebruik.

Die bourgeoisie het nie alleen die wapens waarmee hulself vernietig sou word gesmee nie, maar het ook die eksistensie bewerkstellig van diegene wat daardie wapens sou gebruik - die moderne werkersklas - die proletariaat.

In proporsie tot die bourgeoisie is kapitaal ontwikkel en in proporsie tot kapitaal, die proletariaat, 'n klas werkers wat slegs bestaan solank as wat hulle werk en wat slegs kan werk solank as wat hul arbeid kapitaal vermeerder. Hierdie arbeiders is kommoditeite soos alle ander handelsartikels en is gevolglik onderworpe, soos al die ander handelsartikels, aan die fluktuasie van die mark. As gevolg van die meganisasie en die verdeling van arbeid het arbeid sy individuele karakter verloor en gevolglik ook alle aantrekkingskrag vir die werker. Hy is niks meer as 'n aanhangsel van die masjien nie en sy arbeid word monotoon en

simplisties. Terselfdertyd word die arbeidslas van die werker verhoog deur verlengde werksure, deur 'n toename in werk binne 'n bepaalde tyd of die toename in spoed van masjinerie.

'n Werkersmassa het tot stand gekom wat saamgehok word in 'n fabriek en wat onder die toesig en supervisie van 'n hele hiërargie van hoofde funksioneer. Nie alleen is die werker die slaaf van 'n bourgeoisie-klas en die bourgeoisie-staat nie, hulle is daagliks en elke uur verslaaf deur die masjien, die toesighouer en bowenal deur die individuele bourgeoisie-vervaardiger self.

Sodra die eksploitasie van die werker daardie eindpunt nader waar hy sy loon in kontant ontvang, word hy toegesak deur die bourgeoisie-landheer, winkeleienaar en ander besittersgroepe.

Die kleinhandelaar, winkeleienaar en ander lede van die laer middelklas word geleidelik onderdruk tot die vlak van die proletariaat omdat hulle beperkte kapitaal nie genoegsaam is vir kompetisie met die moderne grootskaalse industrie nie. Gevolglik word die geledere van die proletariaat aangevul uit alle klasse van die bevolking.

Die proletariaat gaan deur verskeie ontwikkelingsfases. Beginnende na geboorte, neem die stryd teen die bourgeoisie 'n aanvang. Aanvanklik word die stryd aangeknoop deur individuele werkers, daarna deur die werkers by die fabriek, daarna deur die beoefenaars van een vak, in een lokaliteit, teen die individuele bourgeoisie wat hul eksploiteer. Hulle aanvalle word nie gerig teen die produksietoestande van die bourgeoisie nie, maar teen die instrumente van produksie as sodanig. Ingevoerde ware wat met hul eie arbeid kompeteer word verwoes, masjinerie word vernietig, fabrieke word aan die brand gesteek en daar word gepoog om deur geweld die verdwene status van die werker tydens die Middeleeue te herstel.

Teen hierdie tyd vorm die werkers nog 'n onsamehangende massa wat oor die land versprei is. Diegene wat verenig is, is dit nie as gevolg van hul eie aktiewe vakbond nie, maar omdat die bourgeoisie verenig is. Namate die industrie ontwikkel, ontwikkel die proletariaat; neem hulle toe in getalle, raak gekonsentreerd in massas en groei hulle krag. Die onderskeie belange en lewenstandaarde in die geledere van die proletariaat raak toenemend onderwerp aan 'n gelykmakingsproses deur die masjinerie wat onderskeidende

kenmerke laat vervaag en orals word lone tot dieselfde lae vlak verlaag. Die toenemende kompetisie tussen die bourgeoisie en die gevolglike kommersiële krisis maak die lone van die werker steeds meer fluktuerend. Geleidelik neem die botsings tussen individuele werkers en individuele bourgeoisie toe en openbaar dit al meer die karakter van 'n botsing tussen twee klasse.

Hierop begin die werkers kombineer (vakbonde vorm) teen die bourgeoisie, onder andere ten einde lone hoog te hou. Hulle vorm permanente assosiasies om vroegtydig voorsiening te maak vir die periodieke opstande. Hier en daar gee die konflik aanleiding tot uitbarstings. Van tyd tot tyd is die werker die oorwinnaar, maar die ware vrug van die stryd lê nie in die oombliklike resultate nie, maar die steeds toenemende uitbreiding van die vakbond. Deur middel van kommunikasie word alle werkers verenig in een klas, verenig in een stryd tussen klasse. Elke klassestryd is 'n politieke stryd. Die organisering van die werkers in een klas en gevolglik in een politieke party word periodiek versteur deur kompetisie onder die werkers self, net om sterker en meer verenigd daaruit na vore te tree. Die bourgeoisie begin verbrokkel namate die stryd in intensiteit begin toeneem as gevolg van die konflik tussen die bourgeoisie en die aristokrasie en die bourgeoisie en die middelklas. Faksies van die bourgeoisie assosieer hulleself met die proletariaat om nuwe stimulus aan die proletariaat te gee.

Tiperend van die proletariaat se toestande is die feit dat hulle sonder eiendom is. Hul gesinsverhoudings toon geen ooreenkomste met dié van die bourgeoisie nie. Moderne industriële arbeid, moderne onderwerping aan kapitaal - kenmerkend van die werker in elke land - het hom ontdaan van enige kenmerk van nasionale karakter. Wet, moraliteit en godsdiens is vir hom bloot bourgeoisie-vooroordele waaragter bourgeoisie-belange sigself skuilhou.

In teenstelling met historiese bewegings uit die verlede, is die werkersopstand nie 'n minderheidsopstand nie, maar 'n opstand deur die meerderheid deurdat hulle nie in opstand kom as die laagste stratum van die bestaande samelewing sonder dat die totaliteit van amptelike strata in die samelewing omvergewerp word nie.

Hoewel nie in inhoud nie, maar wel in vorm, is die stryd van die proletariaat met die bourgeoisie 'n nasionale stryd. Die proletariaat in elke land moet eers die stryd met sy eie bourgeoisie finaliseer.

In die finale stadium van die ontwikkeling van die proletariaat waar die verskuilde burgeroorlog uitbreek in 'n openlike rewolusie, vind die gewelddadige omverwerping van die bourgeoisie plaas en word die fondamente gelê vir die heerskappy deur die proletariaat.

Dit is, volgens Marx, die noodwendige ontstaan, ontwikkeling en aard van die twee klasse en die uiteindelike klassestryd wat tot 'n nuwe bedeling onder die heerskappy van die proletariaat sal lei.

Met betrekking tot Marx se klasse-konflikteorie merk Nordlinger op dat die impak daarvan te wyte is aan die volgende karakteristieke: "The theory sought to account for the vast superstructure of society by relying upon a single explanatory factor; the theory purports to be applicable to all societies at all times; it explains major social, economic, and political change, amounting to a theory of historical change; the theory is securely anchored to the empirical world rather than residing in the rarefied atmosphere of abstract or philosophical reasoning; and finally, it contains a sharply focused, and to many, a most appealing political doctrine for both the present and the future."[1)]

In terme van hierdie bydrae van Marx kan hy met reg getipeer word as een van die primêre eksponente van een van die belangrikste konflik-ideologieë van die negentiende eeu, te wete "sosialistiese konflik-ideologie".[2)]

2.3 Marx se definisie van klas

Aangesien die begrip "klas" so 'n sentrale posisie inneem in Marx se werke is dit noodsaaklik om 'n duidelike beeld van die begrip, soos Marx dit gebruik, te konstrueer.[3)]

---

1) Nordlinger, E.A. (redakteur), Op. cit., p. 8.
2) Martindale, D., Op. cit., p. 161.
3) Die uiteensetting is gedoen uit 'n uittreksel uit Marx, Karl, "Capital", Volume III, onder redaksie van Engels, Frederick en vertaal deur Untermann, E., pp. 1031-1032 soos opgeneem in Coser, L.A., Rosenberg, B., Sociological Theory: A Book of Readings, pp. 379-380.

Die eienaars van arbeidskrag, die eienaars van kapitaal en die landhere wie se inkomstebronne bestaan uit lone, wins en grondhuur, met ander woorde, loonarbeiders, kapitaliste en landhere vorm die drie groot klasse van die moderne samelewing; 'n samelewing gebaseer op die kapitalistiese produksiewyse.

Marx vra vervolgens die vraag: Wat is verantwoordelik vir die daarstelling van 'n klas en wat is verantwoordelik vir die daarstelling van loonarbeiders, kapitaliste en landhere in drie groot sosiale klasse? Oënskynlik, antwoord Marx, blyk dit dat die identiteit van hul inkomste en die bronne van hul inkomste daarvoor verantwoordelik is. Hulle is drie groot sosiale groepe waarvan die komponentêre elemente, naamlik die lede waaruit hulle bestaan, leef van lone, profyt en grondhuur, of van die benutting van hul arbeid, hul kapitaal en hul private grond.

Ons volstaan hier met 'n gedeeltelike uittreksel van Marx se bydrae, aangesien dit ooglopend duidelik is dat Marx self 'n duidelike konsepsie gehad het nie alleen van die betekenis van die begrip nie, maar ook van die belangrikheid daarvan in sy analise van die sosiale realiteit. Onmiddellik moet gesê word dat ons nie kan saamstem met die ekonomiese determinisme in Marx se konsep nie, en dat die daaruitspruitende eensydigheid onhoudbaar sou wees vir die kontemporêre aanwending van die konsep in sosiologiese verband.

MacIver en Page wys daarop dat die identifisering van sosiale klas op grond van ekonomiese kriteria om twee redes onbevredigend is. Eerstens beperk hierdie benadering die toepassingsterreine van die begrip. So is daar byvoorbeeld status-klasverskille wat nie ooreenkom met ekonomiese verskille nie. Tweedens verloor die begrip sy sosiologiese betekenis indien dit omskryf word slegs in terme van ekonomiese faktore.[1)]

Andersyds moet tog ook gemeld word dat uit die res van sy omskrywing, Marx duidelik blyke gee dat hy terdeë bewus is van die kompleksiteit van die begrip in sy wyer sosiale konteks. Waar die daarstelling van duidelike en bruikbare konsepte in enige wetenskap egter so 'n belangrike rol speel, moet Marx krediet kry vir sy poging tot 'n

---

1) Vergelyk: MacIver, R.M., Page, C.H., Society, p. 349.

omlyning van die klassekonsep - hoe aanvegbaar dan ookal.

2.4 Marx se polities-sosiale bydrae

Die teorie van die staat is die kern of kulminering van Marx se denke.[1] In teenstelling met Hegel gaan Marx van die veronderstelling uit dat die essensie van die mens sosiaal en nie polities is nie. Die mens is nie 'n "politieke dier" nie. Sosiale verhoudings, insluitende daardie kontradiksies wat aanleiding gee tot die klassestryd, is verantwoordelik vir die staat en nie andersom, soos Hegel van mening was nie. Hierdie fundamentele kritiek van Marx is gerig teen elke politieke vorm. Marx stel dit dat die moderne staat gebaseer is op die feit dat die menslike realiteit verdeel is in openbare lewe en private lewe, in burgers en individue - hierdie verdeling is verantwoordelik vir politieke vervreemding en moet mee weggedoen word. Marx verklaar: "The abstraction of the state as such belongs to modern times only, because the abstraction of private life belongs to modern times ... The 'true' man (of modern times) is the private man of the present political constitution."[2]

Volgens Marx gee die staat nie uiting aan 'n transendente rasionaliteit, superieur aan die sosiale lewe nie; nóg is dit inherent aan die samelewing 'n uitdrukking van sy inherente rasionaliteit. Die staat en sy belange is gewortel in die irrasionele, onvolwasse sosiale realiteit. Die staat is 'n fragment van die samelewing wat sigself bo die samelewing stel, wat funksies opneem onvermydelik in 'n bepaalde epog - funksies moontlik gemaak deur die implementering van mag. Die staat stel sigself oor die samelewing, het sy eie belange en sy eie sosiale steun, naamlik sy eie dienare - die burokrasie. Die staat beskik oor omvattende magte waaronder organisasie en ideologie, maar dit kan nie absoluut geskei word van die werklike samelewing waarop dit berus nie, naamlik die klasse en hul stryd. Die realiteit van die staat is afhanklik van die bestaande sosiale verhoudings. Gevolglik, al stel die

---

1) Lefebvre, Henri, The Sociology of Marx, p. 123. Hierdie uiteensetting is primêr geneem uit genoemde bron. Vergelyk: pp. 123-185.

2) Marx soos aangehaal deur Löwith, Karl, "Man's Self-Alienation in the Early Writings of Marx" uit Kramnick, Isaac (redakteur), Op. cit., p. 347 (oorspronklik opgeneem in "Social Research", Nommer 21, 1954, pp. 204-230).

staat sigself bo die klasse, kan dit nie onafhanklik daarvan bestaan nie. Dit dien die heersersklas of -klasse en dien as arbiter van sy opponente indien laasgenoemde die samelewingsbestaan bedreig. Gevolglik is die staat 'n politieke oorlogsveld en die oorwinnaars se buit.

Met verwysing na die staat sal die rewolusionêre beweging wat die werkersklas lei, drie onderskeibare doelstellings hê: ontwikkeling van demokrasie, diktatuur van die proletariaat en 'n wegdoen met die staat. Die diktatuur van die proletariaat beteken konkrete demokrasie, dit wil sê, die dwingende mag van die meerderheid oor die minderheid. "The working class must destroy the machinery of the existing state, but its own state is to last only for a transitional period during which the state functions of organization and management are taken over by new social forces."[1)]

In wese was Marx in sy denke anti-staat.[2)] Daar was ook nie vir Marx so iets soos 'n ware demokrasie nie. Vir hom was die sin van demokrasie dat dit die waarheid van die politiek openbaar. Hy sien dit nie as 'n sisteem nie, maar as 'n proses wat neerkom op 'n stryd om demokrasie. Laasgenoemde is nooit voltooi nie omdat demokrasie "vorentoe of agtertoe" beweeg kan word. Die doel van die stryd is om verder te gaan as die demokrasie of die demokratiese staat, naamlik om 'n samelewing te skep sonder staatsmag.[3)]

Vir die politieke sosioloog is Marx se siening van die politieke mens[4)] en sy kritiek op die burokrasie[5)] eweneens van belang. Ons gaan hier egter nie verder daarop in nie aangesien slegs sy fundamentele bydrae tot die studie van polities-sosiale interaksie die aandag hier geniet.

---

1) Lefebvre, Henri, Op. cit., p. 125.
2) Vergelyk: Nisbet, R.A., The Sociological Tradition (1976), pp. 132-133.
3) Lefebvre, Henri, Op. cit., p. 138. Vergelyk ook: Truzzi, M. (redakteur), Sociology, The Classic Statements, pp. 221-222.
4) Lefebvre, Henri, Op. cit., p. 132 e.v.
5) Ibid., p. 139 e.v. Vergelyk ook: Coser, L.A., Men of Ideas (1965), pp. 252-253.

Marx se politieke sosiologie[1] gaan veel verder as 'n blote kritiek op die staat en die burokrasie; hy het ook 'n handelingsteorie daargestel. Die essensie van sy kritiek word gerealiseer in 'n praktiese rewolusionêre handeling - in dade en nie woorde nie. Die oorgang van politieke kritiek tot politieke handeling bring ons ten slotte by twee nou verwante aspekte, naamlik die rewolusionêre beweging en die strategie van die beweging.[2] Hierin word ook vergestalting van Marx se teorie van verandering teruggevind.[3]

Lefebvre wys daarop dat die historiese proses vir Marx fundamenteel en onvervangbaar is. Die historiese proses inisieer die onvoorsiene - andersins sou geen skepping moontlik gewees het nie. Met verwysing na die staat word die sosiale kragte en politieke determinante, wat die motiverende kragte van die geskiedenis vorm, voorsien deur die rewolusionêre beweging soos verteenwoordig deur die arbeidersklas. Hetsy latent of manifes, veroorsaak die druk van die proletariaat sosiale veranderinge nadat die proletariaat as 'n politieke mag na vore gekom het, met ander woorde nadat die proletariaat sigself as 'n sosiale klas gekonstitueer het en as sodanig bestaan. Die druk mag sterk of swak wees, en die tempo van verandering stadig of vinnig afhangende van die historiese situasie en die polities-sosiale strukture in die verskillende lande. Die druk kan egter nie gestuit word nie.

Veranderings in die wyses van tegnieke van produksie was direk of indirek oorsake van sosiale transformasie. Klassestryd, soos weerspieël in ideologieë, het die redes vir die transformasie voorsien. Met die opkoms van die proletariaat word oorsake en redes saamgevoeg in 'n hoër sosiale realiteit. Ekonomiese groei is moontlik sonder die ingrype van die werkersklas, terwyl dit nie moontlik is by sosiale ontwikkeling nie.

Die rewolusionêre beweging soek sy weg en stu vooruit. Marx sien

---

1) Lefebvre, Henri, Op. cit., p. 160 e.v.
2) Ibid., p. 161 e.v. Vergelyk ook:
   (i) Nisbet, R.A., Op. cit. (1967), pp. 137-138.
   (ii) McDonald, L.C., Op. cit., p. 356 e.v.
3) McLeish, John, The Theory of Social Change, pp. 1-14.

dit as die taak van die teorie om die weg van die rewolusionêre beweging te baan en toe te sien dat dit nie agteruitgaan of foute begaan wat nie bekostig kan word nie. Die beweging is nie onfeilbaar nie en kom hindernisse teë. Die beweging behoef 'n teorie en die politieke teorie is die teorie van beweging. Teorie ontvou in die praktyk, maar die eenheid tussen teorie en praktyk kan nie vooruit bepaal word nie. Dit is nie dieselfde nie, is nie empiries of logies nie, maar dialekties. Tydens kritieke momente in die geskiedenis mag daar selfs konflik wees tussen teorie en praktyk.

Alhoewel Marx self nie die begrip politieke strategie eksplisiet per sê gebruik het as die vorm wat die teorie moet aanneem, of as die werkswyse wat toegepas moes word nie, reflekteer sy geskrifte tog 'n mate van betrokkenheid met die politieke strategie van die arbeidersklas-beweging. Vir hom word elke taktiese skuif bepaal deur een doel, naamlik die versterking van die internasionale werkersklasbeweging en die uiteindelike politieke doel van die beweging, naamlik die aftakeling van politiek - die wegdoen met die staat nadat sy funksies deur die samelewing oorgeneem is. Lefebvre is voorts van mening dat Marx se politieke strategie drie hoofmomente omvat:[1)]

(i) Die beweging verenig 'n meerderheid van die volk ("people") en sonder om toevlug te neem tot geweld word die bewind oorgeneem ten einde sy ekonomiese en sosiale doelstellings te verwesenlik.

(ii) Die beweging verenig 'n meerderheid van die volk ("people"), maar moet die heersersklasse beveg ten einde kontrole oor die ekonomie en politiek te verkry.

(iii) Die beweging kan slegs 'n minderheid van die volk ("people") verenig; dog hierdie minderheid is energiek en heroïes genoeg en stem ooreen met betrekking tot gemeenskaplike doelstellings om die stryd teen die heersersklasse aan te sê.

Hierdeur is elke moontlike situasie deur die nuwe partystrategie voorsien en is die basis vir die uitdrukking "die permanente rewolusie" gelê. Soos aanvanklik deur Marx gebruik, het dit nie

---

1) Ibid., p. 168 e.v.

dieselfde betekenis gehad as wat dit later verkry het nie, naamlik 'n beleid van voortdurende geweld - aanhoudende aanval met behulp van enige moontlike middel.

Vir Marx het dit gedui op 'n nimmereindigende stryd, maar elk moet deur verskeie fases, waarvan elkeen sy eie nodige strategie en taktiek sal vereis, gaan. Hierdie strategie het die mees radikale oplossings vir elke probleem, vir elke historiese konflik vereis. Hierdie strategie wys heen na 'n periode van oorgang tussen die vernietiging van die bestaande staat en die daarstelling van 'n staat wat uiteindelik sal verdwyn.

Die strategie waarvolgens een strategie bo 'n ander gekies word, berus op die volgende: 'n analise van die sosiale struktuur (klasse en gedeeltes van klasse), evaluering van geskikte geleenthede beskikbaar op 'n gegewe moment en 'n kritiese studie van die regering aan bewind. Indien die regerende klasse oor 'n sterk burokrasie en militêre organisasie beskik, is dit 'n moontlikheid dat rewolusionêre geweld kan ontstaan, in welke geval die beweging hom tot wapengeweld moet wend.

Nog 'n aspek waarmee Marx hom besig gehou het was die vraag hoe ernstig die feit van nasionaliteit en die feit van die nasiestaat opgeneem moet word? Marx was skynbaar van mening dat selfs in sy tyd die arbeidersbeweging nasionale grense oorkom het, terwyl die bourgeoisie die weg gebaan het vir die aftakeling van nasionale grense. Deur die daarstelling van die wêreldmark het hulle tog 'n besondere belang in elke land en aangesien belange hul primêre waarde is, kan die bourgeoisie nie wegdoen met nasionaliteit nie. Andersyds het die proletariaat van elke land: "... one and the same interest, one enemy, one struggle; the proletarians are already for the most part exempt from nationalist prejudice; their movements are essential humanitarian, anti-national. The proletarians alone can abolish nationality."[1)]

Marx was van mening dat die proletariaat finaal sal wegdoen met nasionalisme - 'n proses wat reeds deur die kapitaliste begin

---

1) Marx, Karl, soos aangehaal deur Lefebvre, H., Op. cit., p. 172.

is. Soos wat die eksploitasie van een mens deur 'n ander uitgeskakel word, so sal die eksploitasie van een nasie deur 'n ander mee weggedoen word. Vyandigheid van een nasie jeens 'n ander sal saam met klasse-antagonisme in die nasie verdwyn. Met hierdie neutedop samevatting van Marx se politieke sosiologie word hier volstaan.

2.5 Enkele kritiese opmerkings oor Marx se bydrae

Marx se sosiaal-filosofiese denke was omvangryk en dit is algemene kennis dat sy bydrae tot die sosiale wetenskappe beslis nie net beperk was tot die Politieke Sosiologie wat hierbo in enkele hooftrekke aangetoon is nie. Gebaseer op die dialektiek van tese, antitese en sintese het Marx 'n teorie van historiese onvermydelikheid gepostuleer. Sy teorie is gebaseer op die materiële konflik van teenstellende ekonomiese kragte wat lei tot die uiteindelike omverwerping van die kapitalisme en die daarstelling van 'n klaslose samelewing.[1)]

Marx het vanuit die Ekonomie en die Sosiologie tot sy interpretasie van die Geskiedenis gekom. Sy teorie aangaande die klassestryd wat sy primêre sosiologiese teorie vorm, het hy gebaseer op die teorie van surplus-waarde en die eksploitasie van arbeid. Sy teorie van aliënasie weer kom neer op die basiese beginsel dat die proletariaat gealiëneerd raak van die res van die samelewing omdat hul arbeid nie 'n medium tot self-ekspressie is nie, maar 'n middel om hongersnood te verhoed.[2)]

Afgesien van sy bydrae ten opsigte van die Politieke Sosiologie, naamlik ten opsigte van die klassestryd, ekonomiese determinisme, aliënasie en klassebewussyn, het Marx ook kritiese beskouinge oor onder andere die staat, burokrasie, die politieke mens, politieke strategie van die rewolusionêre beweging en sosiale verandering nagehou wat in 'n mindere of meerdere mate as fundamentele bydraes tot die Politieke Sosiologie beskou kan word.

---

1) Vergelyk: Rush, M., Althoff, P., Op. cit., p. 4.
2) Ibid., p. 4.

Dat Marx in sy kritiek en analise oorgeleun het na 'n sosiologisme kan nie ontken word nie, aangesien die massas se prestasies afhanklik was van kragte wat saamgestel is uit 'n veeltal wat altyd sosiaal is.[1] Hierdie argument word duidelik weerspieël in die uiteensetting hierbo van die groei en ontwikkeling van die proletariaat, die strategie van die rewolusionêre beweging sowel as die klassestryd. Dit sou egter 'n oorvereenvoudiging van Marx se bydrae tot die sosiale wetenskappe wees deur bloot te verwys na Marx se polities-sosiologiese en sosiologiese bydraes en daardeur 'n gering- of onderskatting van Marx, die intellek, te maak.

Marx was ook ekonoom van die kapitalistiese regime.[2] Trouens in dié verband som Löwith Marx se ontwikkeling soos volg op: "... at first he criticized religion philosophically, then he criticized religion and philosophy politically, and at last he criticized religion, philosophy, politics, and all other ideologies economically."[3]

Ook tot die Staatsleer het Marx in 'n baie groot mate bygedra deur in kommunisme 'n nuwe wetenskap van die samelewing in die kader van die politieke filosofie toe te voeg.[4] Selfs as historikus word Marx erken.[5] Dit is egter nie in Marx se allesomvattende bydrae tot die sosiale wetenskappe waarin ons primêr geïnteresseerd is nie, aangesien dit vir die doel van ons studie nie nodig is om daaraan, nòg aan sy veeltal kritici se evaluering en kritiek hier aandag te gee nie, maar wel aan sy fundamentele bydrae tot die Politieke Sosiologie. Hoewel reeds hierbo daarna verwys is, gee ons vervolgens aandag aan eksplisiete bydraes in dié verband.

Uit die uiteensetting oor Marx se bydrae tot die Politieke Sosiologie blyk sy antagonisme teen die staat duidelik en stel hy dit duidelik dat na die rewolusionêre beweging se bewindsoorname met

---

1) Horowitz, I.L., Op. cit., p. 188.
2) Aron, Raymond, Op. cit., Volume I, p. 111.
3) Löwith, Karl, "Man's Self-Alienation in the Early Writings of Marx" soos aangehaal in Kramnick, Isaac (redakteur), Op. cit., p. 338. Vergelyk ook: Wolff, Robert Paul (redakteur), Political Man and Social Man, p. 278.
4) Lancaster, Lane W., Masters of Political Thought, Volume III, p. 162.
5) Aron, Raymond, Op. cit., Volume I, p. 112.

die staat wggedoen sal word. Nisbet kritiseer hierdie aanname en motiveer sy kritiek soos volg: "The 'withering away of the State' was in part a terminological trick by which to steal some of the anarchist thunder and, in part, a piece of self-deception which resulted from confusion between the legal state as a centralized structure of power, and a particular form of state regarded for tactical and definitional purposes as part of the exploitative apparatus of the capitalists."[1] Marx self verklaar in die Komunistiese Manifes dat die proletariaat hul politieke meesterskap sal aanwend ten einde alle kapitaal van die bourgeoisie te ontworstel en om alle instrumente van produksie te sentraliseer in die hande van die staat, dit wil sê, die proletariaat georganiseer as die regerende klas.[2]

Nisbet kritiseer ook Marx se evaluering van politieke mag en toon aan dat Marx beweer het dat in die ontwikkelingsproses klasse-onderskeidinge sal verdwyn, alle produksie sal gesentreer wees in die hande van 'n omvattende assosiasie van die hele nasie en die openbare mag sal sy politieke karakter verloor. Politieke mag is bloot die georganiseerde mag van een klas ter onderdrukking van 'n ander. Nisbet is van mening dat Marx met hierdie stelling die essensie van die politieke staat mis - trouens, dat Marx se eie doel dié was van 'n politieke gemeenskap, gesentraliseerd en absoluut van aard.[3]

Ook Marx se evaluering van die klassestryd as determinant van sosiale verandering het kritiek ontlok. McDonald beweer dat om 'n stelling te maak dat alles en almal gedwing moet word om onder die twee klasse, die bourgeoisie en die proletariaat te ressorteer, 'n stelling is sonder enige empiriese basis. Hy gee egter krediet aan Marx in dié sin dat klasse as gevolg van Marx se bydraes vir ons belangrik geword het. "If not a determinant of thought, it is at least a conditioner."[4]

'n Volgende punt van kritiek op Marx se polities-sosiologiese denke

---

1) Nisbet, Robert A., Op. cit. (1971), p. 182.
2) Ibid., p. 182.
3) Ibid., p. 183.
4) McDonald, Lee Cameron, Op. cit., p. 363.

sentreer om Marx se konsepsie van die toekoms onder 'n kapitalistiese assosiasie. Beide Nisbet en Lipset het enkele gedagtes hieroor geponeer. Lipset[1] stel dat Marx 'n komplekse samelewing gesien het as gekarakteriseer òf deur konstante konflik òf deur konsensus, maar nie deur 'n kombinasie van die twee nie. Enersyds het hy konsensus, harmonie en integrasie in die kommunistiese toekoms geprojekteer en andersyds konflik en absolutisme beskou as die feit van die geskiedenis in 'n tydvak tussen antieke primitiewe kommunisme en die toekomstige sukses van die rewolusie van die proletariaat. Die politieke sisteem wat Marx voorgestel het, was nie institusionele demokrasie nie, maar anargie. Laasgenoemde het die einde van die verdeling van arbeid beteken daar die eliminering van die differensiëring van rolle in die ekonomiese sektor van die lewe die hoofbronne van konflik uitskakel.

Marx kon gevolglik nie die bronne van konsensus in 'n prekommunistiese samelewing identifiseer nie aangesien konsensus onmoontlik is in 'n gestratifiseerde samelewing, gedomineer deur die eksploiterende klas. Gevolglik het Marx se teorie geen ruimte gelaat vir demokrasie onder kommunisme nie. Sy teorie het net twee onderling uitsluitende sosiale tipes omvat: 'n samelewing van konflik en 'n samelewing van harmonie (konsensus). Eersgenoemde, volgens Marx, is inherent destruktief ten opsigte van menslike waardigheid en moet vernietig word. Die tweede is bevry van die bronne van konflik en het gevolglik geen behoefte aan demokratiese institusies soos onder andere arbeidsverdeling of 'n konstitusie nie.

Naas die gebrek aan 'n empiriese basis vir die klasseteorie[2] toon Lipset aan dat die geskiedenis van die Russiewe Rewolusie die tragiese gevolge blootgelê het van 'n teorie wat werk met niebestaande ideëel-tipes deur middel van samelewings in absolute konflik en samelewings in absolute harmonie.[3]

Ook Nisbet het bedenkinge oor die toekomsvisioen onder die heerskappy van die proletariaat soos deur Marx voorsien.[4]

---

1) Lipset, Symour Martin, Op. cit. (1973), p. 24 e.v.
2) Vergelyk: McDonald, L.C., Op. cit., p. 363.
3) Lipset, S.M., Op. cit. (1973), p. 26.
4) Vergelyk: Nisbet, R.A., Op. cit. (1971), p. 185.

Dat talle momente in Marx se sosiale denke gekritiseer kan word, is sonder twyfel - en word trouens bewys deur die omvattende kritiek, positief en negatief, wat Marx se geskrifte ontlok het. Dat daar ook inderdaad ruimte is vir kritiek uit die oogpunt van talle dissiplines, onder andere die Staatsleer, Ekonomie en Sosiologie, is eweneens duidelik, veral vanweë die omvattende terrein wat Marx se denke oorspan het. Dat Marx se polities-sosiale, en by name polities-sosiologiese denke nooit onderwaardeer moet word nie, spruit uit onder andere die feit dat Marx "vader" was van 'n internasionale sosiale beweging wat die oorheersing van meer as die helfte van die wêreld se bevolking deur die kommunisme en sosialisme tot gevolg gehad het. Sy fundamentele bydraes tot die polities-sosiale denke en daardeur tot die Politieke Sosiologie is in die voorafgaande uiteensetting slegs in hooftrekke weergegee en saaklike verwysings daarna sal in hieropvolgende hoofstukke weer gedoen word.

3. Vilfredo Pareto (1848-1923)

Pareto geniet nie alleen erkenning vir sy bydrae tot politieke denke as gevolg van die ponering van sy elite-teorie[1] nie, maar word ook dikwels beskou as een van Europa se grootste sosioloë.[2] Andersyds was daar ook diegene wat Pareto se grootste bydrae sien in die feit dat hy Sosiologie "ontmasker" het.[3]

Dit dien hier gemeld te word dat Pareto voorgestel het dat deur middel van die logies-eksperimentele metode tot 'n begrip en verklaring van die sosiale realiteit gekom moes word. Aangesien hierdie metode nie direk van belang is vir die onderhawige studie nie, kan hier met enkele gedagtes van Aron volstaan word. "It is the duty of logico-experimental science to discard all extra- or meta-empirical notions. All the words we use must refer to observed or observable facts; all concepts must be defined in terms of realities which we perceive, which we either observe directly or are able to create by experimentation. All notions of

---

1) Rush, M., Althoff, P., Op. cit., p. 3.
2) Rex, John, Key Problems of Sociological Theory (1965), p. 96.
3) Rumney, J., Maier, J., "Sociology, The Science of Society" soos aangehaal deur Maus, Heinz, A Short History of Sociology, p. 54.

a religious kind, all cencepts that do not come under the order of the phenomenal, are irrelevant to logico-experimental science. Moreover, all concepts of a philosophical order, all concepts of essence, must be rigorously excluded from science ... The nature of scientific definition becomes clear when we have distinguished logical and non-logical actions."[1)]

Pareto se elite-model en die sirkulasie van die elite word algemeen aanvaar as een van sy belangrikste bydraes tot die Sosiologie. Alvorens oorgegaan word tot 'n bespreking hiervan, word 'n saaklike weergawe van Pareto se sisteem-teorie gegee wat die agtergrond vorm waarteen sy elite-model gesien moet word.

3.1 Enkele primêre gedagtes met betrekking tot Pareto se sosiale sisteembeskouing[2)]

Pareto was van mening dat hy 'n keuse tussen twee modelle vir sy ondersoek gehad het: die model van die samelewing as 'n organisme of die samelewing as 'n sisteem van wedersyds interaktiewe dele wat van een staat van ekwilibrium beweeg na 'n ander (die meganiese analogie). Finer wys daarop dat die meganiese model vir Pareto alleenlik 'n begrip moontlik gemaak het van die ingewikkelde aksies en reaksies van sosiale fenomene en hierdeur kon 'n primêre konsepsie van die sosiale en ekonomiese ekwilibrium gemaak word. Vir Pareto was die meganiese model vir wetenskaplik-analitiese doeleindes die gewenste.[3)] Die vorm van die samelewing word bepaal deur al die elemente wat daarop inwerk en die samelewing op sy beurt, reageer op hierdie inwerking. Die bewegings en teenbewegings pas sigself wedersyds bymekaar aan ten einde 'n staat van ekwilibrium daar te stel. Pareto onderskei voorts tussen stabiele en dinamiese ekwilibrium.

---

1) Aron, R., Op. cit., Volume II, pp. 116-117.
2) Vergelyk in die verband:
   (i) Finer, S.E., Vilfredo Pareto, Sociological Writings, vertaal deur Mirfin, Derick, pp. 31-71.
   (ii) Hook, Sidney, "Pareto's Sociological System" uit Meisel, J.H. (redakteur), Pareto and Mosca, pp.57-62.
   (iii) Timasheff, N.S., "The Social System, Structure and Dynamics" uit Meisel, J.H. (redakteur), Op. cit., pp. 63-70.
   (iv) Samuels, Warren J., Pareto on Policy, pp. 40-46:
3) Finer, S.E., Op. cit., p. 31. (Die onderhawige samevatting is primêr uit hierdie bron geneem).

Die elemente van Pareto se sisteem is veelvuldig. Van die belangrikstes wat Pareto in oënskou neem, is enersyds die psigologiese karakteristieke en motiverings van mense en andersyds die versinnebeelding hiervan in die stratifikasie van die samelewing. Pareto identifiseer die volgende elemente: residue, belange, derivate, sosiale heterogeniteit en sirkulasie.[1)]

Finer verdeel hierdie elemente in twee dele. Enersyds daardie elemente wat aanduidend is van die sielkundige toestand of motivering, te wete residue, derivate en belange ("interests"). Andersyds daardie elemente wat die resultaat is van ander toestande en motiverings, te wete stratifikasie. Hierdie twee dele word saamgevoeg deur Pareto se konsep van vertikale sosiale mobiliteit, te wete die sirkulasie van elites. Laasgenoemde hou verband met struktuur, maar word verklaar in terme van die residue, derivate en die belange.[2)]

Hook[3)] sien residue as 'n sinoniem vir instinkte. Dit is die konstantste elemente in menslike gedrag. Spesifieke vorme van gedrag (derivate) mag varieer. Veranderinge beide in optrede en in oortuiging word primêr bepaal deur residue (sentimente) wat relatief onveranderd bly deur die geskiedenis. "The sociological moral to be drawn is that whoever desires to control human behavior and to make people receptive to new beliefs must appeal not to logic but to sentiment."[4)]

Derivate is, volgens Hook, die tegniese term wat Pareto aanwend vir wat algemeen bekend is as "rasionalisering". Pareto maak voorts die aanname dat beide gedrag en geloof ("belief") voortspruit uit dieselfde residue-wortel. Derivate is voorts immer teenwoordig, buiten wanneer gedrag suiwer instinktief of suiwer logies is - en dit beteken, bykans altyd. Pareto se aanname is dus dat die mens se gedrag meestal nie-logies is.[5)] Ten spyte

---

1) Pareto, V., The Mind and Society, A Treatise on General Sociology, Volumes 3 en 4, par. 2205, par. 1541.
2) Finer, S.E., Op. cit., p. 33.
3) Hook, Sidney, "Pareto's Sociological System" uit Meisel, J.H. (redakteur), Op. cit. p. 59.
4) Ibid., p. 59.
5) Hook toon byvoorbeeld aan dat Pareto hierin self daardie wetenskaplike versigtigheid waartoe hy ander aanspoor, omverwerp. Voorts het Pareto ten spyte van talle historiese bewysplase in sy argument nooit 'n historiese benadering tot die feite wat hy behandel, gevolg nie. Ten opsigte van derivate merk Hook op dat Pareto skynbaar nooit ten volle besef het dat die mens ook 'n redesoekende wese is nie.

van die feit dat van die kritiek teen hierdie aannames op 'n groot mate van geldigheid berus, gaan ons hier nie verder daarop in nie.[1)]

Timasheff toon aan dat die aard van die sosiale sisteem bepaal word deur drie toestande:[2)] "... the extrahuman environment; second, other elements exterior to the society at the time, including other societies and the given society's previous states; and third, inner elements of the system, namely, interests, knowledge, and 'residues' and 'derivations' which are manifestations of 'sentiments'".[3)] Hiervan het Pareto slegs van residue en derivate 'n gedetailleerde studie gemaak.

Die ontleding van innerlike magte is volgens Timasheff,[4)] gebaseer op die onderskeiding tussen logiese en nie-logiese aksie. Vir Pareto is aksie of handeling logies indien die doel daarvan objektief realiseerbaar, en indien die middele wat aangewend word objektief verenigbaar (te rym) is met die doel en die raamwerk van die beste kennis beskikbaar. Alle ander aksie (handeling) is nie-logies (wat nie beteken dat dit onlogies of strydig met die logiese is nie).

Soos reeds gesê, is logiese handeling dus selde waarneembaar. In die sosiale lewe domineer nie-logiese handeling dus. Nie-logiese handeling is verwant aan residue en derivate; laasgenoemde is beide manifestasies van sentimente wat onduidelik, maar klaarblyklik bio-psigiese toestande is. Die residue stel diepgewortelde, konstante en gevolglik belangrike elemente daar en die derivate die oppervlakkige, veranderlike en dus minder belangrike elemente.

Vir Pareto is daar voorts nie 'n direkte kousale verband tussen teorie en handeling nie aangesien beide veroorsaak word deur basiese sentimente wat openbaar word deur handeling en wel op 'n konstante wyse. Elke gedragswyse word egter wel geregverdig deur 'n teorie, maar in elke konkrete geval word die teoretiese

---

1) Vergelyk: Hook, Sidney, "Pareto's Sociological System" uit Meisel, J.H. (redakteur), Op. cit., p. 60.
2) Vergelyk: Timasheff, N.S., Op. cit., pp. 163-165.
3) Ibid., p. 162.
4) Vergelyk: Ibid., pp. 163-165.

regverdiging bepaal deur die toevallige of invensie, en is dit gevolglik nie van groot belang in die ontleding van gedrag nie. Hierdie aanname stel nog 'n belangrike teorema in Pareto se sosiologie daar. Volgens Timasheff stel Pareto ses klasse residue daar te wete:

(i) die instink tot kombinasie (die vermoë om dinge te assosieer);
(ii) residue van die volharding van aggregate (die konserwatiewe tendens);
(iii) die residue van die manifestasie van sentimente deur eksterne handelinge (die formulering van selfregverdiging - self-uiting);
(iv) die residue van sosialiteit (die daarstelling van samelewings en die toepassing van uniforme gedrag);
(v) die residue van persoonlike integriteit wat lei tot handelinge om verlore integriteit te herwin; en
(vi) die seksuele residue.

Elk van hierdie residue het sy eie subklasse van residue. Voorts kan hierdie residue in verskillende kombinasies voorkom.

Pareto se analise van derivate is veel minder gedetailleerd as dié van sy residue. Derivate word beskou as oppervlakkige manifestasies van onderliggende kragte in die sosiale lewe. Pareto identifiseer vier primêre derivate-klasse:

(i) derivate van handhawing en bewering ("assertion"), insluitende bevestiging van feite en sentimente;
(ii) derivate van gesag (van individue, groepe en gebruike);
(iii) derivate in ooreenstemming met algemene sentimente en beginsels (en wat laasgenoemde poog te handhaaf); en
(iv) derivate van verbale bewyse byvoorbeeld verskeie metafore en analogieë.

Teen die agtergrond van hierdie saaklike uiteensetting van enkele van die primêre elemente in Pareto se sisteembenadering, staan ons vervolgens stil by sy polities-sosiale denke.[1)]

3.2 Pareto se teorie van die elite

Vir Pareto was daar twee strata in die bevolking; die nie-elite

---

1) Vir 'n kernagtige samevatting van Pareto se siening in dié verband vergelyk: Aron, R., Op. cit., Volume II, pp. 109-166.

of laer stratum, en die hoër stratum, die elite wat weer onderverdeel kan word in 'n regerende elite en 'n nie-regerende elite.[1] Voorts was die samelewing vir hom nie 'n homogene entiteit nie, maar is dit saamgestel uit individue wat fisies, moreel en intellektueel verskillend is. Die klasse van die samelewing is nie duidelik nie, en in moderne samelewings vind die sirkulasie van en tussen klasse snel plaas.[2]

Finer[3] toon aan dat toeganklikheid vir die nie-elite van die bevolking bepaal word deur die feit dat die regerende elite oop of geslote mag wees. Die Venesiaanse oligargie is 'n voorbeeld van 'n geslote regerende elite, en die regerende elite van kontemporêre demokrasieë is voorbeelde van oop elites.[4] In soverre die nie-elite van die bevolking toetree tot die regerende elite, en die regerende elite plek inneem onder die nie-elite, het ons te doen met die sirkulasie van die elites.

Vir Pareto het die regerende elite voorgekom in parlementêre demokrasieë sowel as in outokrasieë en in despotiese state; dit was slegs die vorme waarin dit voorgekom het wat verskil het. In absolute regerings was een persoon wel aan die spits van sake en in demokratiese regerings die parlement.[5] Selfs waar universele stemreg van toepassing was, was 'n oligargie aan bewind.[6]

3.3 Die handhawing van heerskappy[7]

Finer merk op dat die volgende teenstrydighede oor die regerende elite gemeld word: Enersyds word die regerende elite gedefinieer as diegene wat die beste bevoeg is om te regeer - andersyds, dat diegene wat die etiket van heerser dra nie altyd die bevoegdheid

---

1) Pareto, Vilfredo, Op. cit., Volumes 3 en 4, par. 2034. Aangesien Pareto sy paragrawe numeries georden het, sal vervolgens slegs na die paragraaf verwys word in plaas van die bladsy.
2) Ibid., par. 2025.
3) Finer, S.E., Op. cit., pp. 51-62. (Die hieropvolgende weergawe van Pareto se teorie van die elite is gebaseer op hierdie bron).
4) Pareto, Vilfredo, Op. cit., Volumes 3 en 4, par. 2494-2495.
5) Ibid., par. 2253.
6) Ibid., par. 2183.
7) Finer, S.E., Op. cit., pp. 52-55. (Hierdie onderstaande samevatting berus op die uiteensetting soos vervat in die bron).

besit om te heers nie, terwyl andere wat wel bevoeg is, nie die etiket dra nie. Hierdie skynbare teenstelling in Pareto se denke word egter opgehef in een van sy ander werke[1] waarvolgens Finer aantoon dat die proposisie - dat die regerende elite diegene is wat die beste bevoeg is om te regeer - slegs waar is in 'n toestand van perfekte sosiale mobiliteit. In sulke toestande sal die etiket van heerser en die bevoegdheid om te heers saamval. In werklikheid belemmer hindernisse soos oorgeërfde rykdom, finansiële verbintenisse en sosiale rang die vrye sirkulasie van talent. In soverre as wat dit plaasvind, sal diegene wat die etiket dra en diegene wat oor die bevoegdheid beskik, divergeer.

Hierdie bevoegdheid verwys na die wil en die vermoë om daardie twee middele saam te voeg waardeur heerskappy gehandhaaf word, naamlik dwang en konsent en die vermoë om een van die twee metodes te gebruik, is in die geheel wedersyds uitsluitend. 'n Regerende elite kan een van die twee gebruik, maar nie albei nie en 'n regerende elite word omvergewerp as gevolg van die onvermoë en onwilligheid om een van die twee in voldoende mate aan te wend.

Regeringsvorme is voorts nie te onderskei ten opsigte van hul konstitusies nie, maar op grond van hul funksionerende praktyke. "All are oligarchies. All govern by force and/or consent. But they differ from one another first, by the relative proportions in which force and consent are utilised to maintain rule, and secondly, by the ways in which the force is exercised and the consent obtained."[2]

Heerskappy word voorts gehandhaaf deur die aanwending van oorreding of die aanwending van geweld. Met betrekking tot eersgenoemde verklaar Pareto dat die regeringsbeleid meer effektief is indien bestaande residue meer deskundig aangewend word.[3] Saam met hierdie residue kom belange en laasgenoemde is dikwels die enigste beskikbare meganismes ter wysiging van residue.[4] In dieselfde paragraaf wys Pareto daarop dat die massas altyd oor voldoende klas II-residue (volharding van aggregate ("persistence of

---

1) Vergelyk: Pareto, Vilfredo, "Manuel d'Economie politique", par. 1106 en par. 111 soos aangehaal deur Finer, S.E., Op. cit., p. 52.
2) Finer, S.E. Op. cit., p. 52.
3) Pareto, V., Op. cit., Volumes 3 en 4, par. 2247.
4) Ibid., par. 2250.

aggregates")) beskik. Gevolglik kan die regerende elite die massas mislei deur hul diensbaar te maak aan die belange van die regerende elite omdat laasgenoemde 'n suiwerder siening van hul belange het deurdat hul visie minder beperk word deur sentimente, terwyl die massas minder bewus is van hul belange deurdat hul visie beperk word deur sentimente.

Die regerende elite se belange is egter nie altyd strydig met die belange van die massas nie; trouens dit val dikwels saam, sodat die misleiding in belang van die massas kan wees. Finer vervolg: "Thus the statesman must judiciously mix appeals to self-interest and to popular residues by the use of the appropriate derivations. What is 'not' possible is to suppress the residues by force ..."[1)]

Vervolgens 'n saaklike uiteensetting van dwang of geweld as wyse van handhawing van gesag. Residue kan nie deur middel van dwang onderdruk word nie, met uitsondering van een geval, naamlik dié waarin diegene wat oor hierdie residue beskik fisies uitgewis word. In die meeste gevalle is die residue wyd versprei om fisiese uitwissing onprakties te maak. Waar fisiese uitwissing moontlik mag wees, kan dit so 'n verswakkende effek op die sosiale samestelling hê dat selfs die regerende elite bewus sal wees dat dit 'n onwyse stap kan wees om te waag. "Instead of the application of force to suppress the residues - indeed, 'instead of fighting or trying to modify them' - the task of the statesman is to 'utilise them as tools of policy'. Folk must be governed, in fact, by their own prejudices."[2)] So byvoorbeeld toon Pareto aan dat dit futiel is om nasionalisme deur wapengeweld te probeer beveg. Hy verklaar dat die kuns van regering daarin geleë is om middele te vind waardeur voordeel getrek kan word uit sulke sentimente en nie om te poog om dit te vernietig nie, aangesien die effek hiervan gewoonlik is dat sodanige sentimente versterk word.[3)]

Die nodigheid vir regerings om dwang te implementeer, spruit uit die feit dat 'n klein groepie burgers hul wil op die regerende elite kan af forseer omdat hulle bereid is om geweld te gebruik, terwyl die regerende elite nie bereid is om geweld met geweld teë

---

1) Finer, S.E. Op. cit., p. 53.
2) Ibid., p. 53.
3) Pareto, V., Op. cit., Volumes 3 en 4, par. 1843.

te werk nie.[1] Gevolglik is die gebruik van geweld nodig en selfs onder bepaalde omstandighede noodsaaklik.

Finer gaan voort deur aan te toon hoe die regerende elite sigself kan handhaaf deur die toepassing van dwang en oorreding. "... a governing class can only maintain itself in power and exercise authority effectively if it is prepared to use both force and persuasion. If a governing class could apply both of these in the appropriate proportions it could, in principle, maintain itself for ever."[2] Geen regerende elite kon egter nog daarin slaag nie; trouens die geskiedenis is vir Pareto 'n begraafplaas van aristokrasieë.[3] Die rede hiervoor is dat daardie tipe persoon wat sy toevlug tot geweld neem in die reël onwillig of onbevoeg is om sy toevlug tot oorreding te neem of omgekeerd. Die twee vorme is onderling uitsluitend. Hierin lê die kern van die opkoms en verval van regerende elites.

Algemeen gesproke is die verklaring hiervoor soos volg: Die bereidheid tot en selfvertroue om dwang te gebruik, wat essensieel is vir die handhawing van mag, verdwyn geleidelik by die regerende elite totdat hulle van tyd tot tyd versterk word deur opnames uit die onderskikte stratum.[4]

Deur die rekrutering van diegene wat uitstyg uit die laer klasse word die regerende elite versterk, nie alleen in getalle nie, maar ook in kwaliteit.[5] Hierdie nuwelinge bring saam met hulle die energie en proporsies van die residue wat nodig is vir hul handhawing in die magsposisie. Die regerende elite word ook vernuwe deur die verlies van hul degenererende elemente.[6] Met ander woorde, deur die sirkulasie van elite word die voortbestaan van die regerende elite gestimuleer (sosiale mobiliteit). Hoe groter hierdie mobiliteit des te beter vir die regerende elite,

---

1) Ibid., par. 2178.
2) Finer, S.E., Op. cit., p. 54.
3) Pareto, V., Op. cit., Volumes 3 en 4, par. 2053.
4) Ibid., par. 2048.
5) Dit is opvallend dat Pareto logies antisipeer dat diegene wat uitstyg uit die laer klasse skynbaar "kwaliteit-rekrute" versinnebeeld. Indien die teendeel waar is, beteken dit dat die regerende elite tot 'n val kan kom al gebruik hulle dwang of oorreding.
6) Finer, S.E., Op. cit., p. 55.

en hieruit lei Pareto af hoe "oper" die regerende elite is, des te beter is hul kanse om hulself te handhaaf,[1] en hoe meer kastegeoriënteerd, hoe groter die geneigdheid tot verval. Pareto voorsien wel dat rewolusies kan voorkom as gevolg van afname in die sirkulasie van elites of as gevolg van ander oorsake. Dekadente elemente versamel in die boonste strata wat nie langer daardie residue kan herwin wat nodig is vir die handhawing van mag nie en wat nie terugdeins vir die aanwending van dwang nie, terwyl elemente van superieure kwaliteit in die laer strata toeneem wat wel die residue nodig vir heerskappy besit en wat bereid is om dwang aan te wend. In sodanige geval vervang die rewolusie bloot die ou regerende elite met 'n nuwe een. Hierna word dié nuwe regerende elite geleidelik getransformeer.[2] Hierdie siklus van opkoms en verval is vir Pareto een van die uniformiteite (wette) van die menslike samelewing.

3.4 Die opkoms en verval van regerende elites

In Pareto se teorie[3] is die opkoms en verval van elites te wyte aan die veranderings (in die regerende elite) van die verhoudings van klas I-residue (kombinasies) tot klas II-residue (volharding van aggregate). Voorts vertoon hierdie opkoms en verval 'n ritmiese en noodsaaklike afwisseling, eers deur 'n oorheersing van klas I- en dan van klas II-residue. Aan elk van hierdie twee klasse residue is 'n bepaalde styl van regering gekoppel: in klas I-residue oorheers oorreding en in klas II-residue oorheers dwang.

3.4.1 Residue en regeringstyl[4]

Klas I-residue (kombinasie) voorsien volgens Pareto[5] daardie geskikte vermoëns wat nodig is vir die ontwikkeling van doeltreffende

---

1) Die vraag ontstaan of ekstreme sosiale mobiliteit nie die koördinasie van regeringspraktyk dermate kan skaad dat dit die val daarvan voorafgaan nie?
2) Pareto, V., Op. cit., Volumes 3 en 4, par. 2056-2057.
3) Finer, S.E., Op. cit., pp. 55-59.
4) Die indeling van subhoof 3.4.1 tot subhoof 3.4.4 is na analogie van Finer, S.E., Op. cit., pp. 56-59.
5) Pareto, V., Op. cit., Volumes 3 en 4, par. 2178.

middele as substitute vir openlike weerstand. Die beleid van die regerende elite word nie ver vooruit in die toekoms beplan nie. Die oorheersende invloed van die instink van kombinasie en die verswakking van die sentiment van volharding van aggregate het die effek om die regerende elite meer tevrede met die huidige te maak en minder geneig om die toekoms in berekening te bring. Die individuele belang oorheers dié van die gesin, gemeenskap en nasie. Materiële belange en die belang van die huidige of van die nabye toekoms neig om oor die ideale belang en die belang van die verre toekoms te heers.

Klas II-residue (volharding van aggregate) voorsien weer net die teenoorgestelde kwaliteite. Innovasie word teengestaan en hulle neig om die ou vorme en tradisies te bewaar. Hulle is aggressief, outoritêr, afhanklik van dwang en die dreig met dwang, minag taktiek, oorreding en kompromie. Hulle gee aanleiding tot ideale, en word omvat in religieë, bonatuurlik of sekulêr. Onder laasgenoemde tel religieë soos nasionalisme, sosialisme en imperialisme. Die doelstelling is gerig op die verre toekoms. Selfopoffering vir die gemeenskap en die toekoms en die ondergeskikstelling van individuele belange aan beide van bogenoemde, moed en volharding in die nastrewing daarvan - dit is die karakteristieke van klas II-residue.

3.4.2 Variërende verhoudings van klas I- en klas II-residue

Net so min as wat intelligensie en houdings eweredig versprei is deur die samelewing, net so min is residue. Trouens, hulle is nie alleen oneweredig versprei nie, maar varieer ook in intensiteit in die verskillende strata. Die massas in geheel is ryk aan sommige van klas II-residue (volharding van aggregate) en aan klas III-residue (manifestasie van sentimente in aktiwiteite), maar is gebrekkig aan ander, veral in klas II-residue (integriteit van die individue).[1)]

Die regerende elite is wel kleiner as die massas. 'n Klein aantal onttrekkings uit die massas sal die balans van sy (die massa se) residue weinig of geensins versteur nie. Andersyds is die toetrede van hierdie klein aantal individue tot die geledere van die klein

---

1) Vergelyk: Ibid., par. 1723.

elite voldoende om die balans van sy residue aansienlik te versteur. Die karakteristieke van die regerende elite kan dus op die lang of kort termyn versteur word deur òf toetrede òf gewelddadige omverwerping.[1)]

3.4.3 Alternering van die regerende elites[2)]

'n Oorheersing van primêr kommersiële en industriële belange verhoog die aantal individue in die regerende elite wat geslepe (slim), slu en goed bedeel is met instinkte van kombinasie (klas I-residue) en armer aan individue wat dapper, vasberade en goed bedeel is met instinkte van aggregaatvolharding (klas II-residue). Hierdie toestand mag ook die gevolg wees van ander oorsake - dit inagnemend kan tot die gevolgtrekking geraak word dat, indien die uitvoer van die regeringsbeleid primêr sluheid, geslepenheid en truuks behels, sal die mag van die sosiale groep waarin klas I-residue oorheers langdurend van aard wees en sal dit slegs tot 'n einde kom indien daardie groep sigself vernietig deur sosiale degenerasie van die ras. Dwang is egter ook essensieel vir die uitoefening van regering. Namate daar in die regerende elite 'n geleidelike intensifisering van klas I-residue kom en 'n gepaardgaande verswakking van klas II-residue, sal die regerende elite toenemend minder geneig wees tot die aanwending van dwang. Dit skep 'n onstabiele ekwilibrium en rewolusies ontstaan waartydens die bevolking wat ryk is aan klas II-residue die regerende elite infiltreer of tot openlike rewolusie oorgaan.

Nadat die nuwe regerende elite (ryk aan klas II-residue) oorgeneem het, waarom gaan hulle op hul beurt in verval? Pareto meen dat daar twee redes voor is. Eerstens as gevolg van eksterne druk. Die state waar die tipe regerende elite van klas II-residue heers, raak na 'n kort tyd van vooruitgang en energieke ontwikkeling verstar, burokraties en onaanpasbaar.[3)] 'n Tweede rede is intern van aard. Klas II-tipe regerende elites beskik nie oor die tegniese en geldmaakvermoëns wat samelewings vereis nie. Gevolglik aanvaar hulle geredelik individue wat goed bedeel is met klas I-residue; aanvaar en begin hulle hulself toewy aan finansiële

---

1) Vergelyk: Ibid., par. 2179.
2) Vergelyk: Ibid., par. 2227.
3) Vergelyk: Ibid., par. 2274.

en ekonomiese ondernemings aangesien hierdie persone produsente is van groot rykdomme wat sodoende die welvaart van die regerende elite verhoog. Hierdie nuwelinge se opname is dus skynbaar voordelig. Geleidelik ondergrawe hulle egter die regerende elite deur diegene wat goed bedeel is met klas II-residue en wat bevoeg is om dwang toe te pas, te verarm.

3.4.4 'n Tipologie van politieke regimes

Pareto identifiseer basies twee tipes regimes:

(i) Regerings wat primêr steun op fisiese dwang en op religieuse en soortgelyke sentimente. Die voorbeelde wat Pareto aanhaal is dié van Sparta, Griekse tirannieë, Rome onder Augustus en Tiberius en die absolute monargieë van Europa tydens die agtiende eeu. Hierin het die regerende elites 'n oorheersing van klas II-residue oor klas I omvat. Die sirkulasie van elites was stadig en hoewel die regerings nie duur was nie, kon hulle nie ekonomiese ondernemings stimuleer nie. Indien die klas I-residue onder die bevolking nog bestaan het, was daar nog matige vooruitgang as die regering nie hul ondernemings geskaad het nie - wat hulle gedoen het omdat die regerings verstar het[1] (burokraties en regulerend geraak het).

(ii) Regerings wat primêr steun op intelligensie en geslepenheid. Hiervan onderskei Pareto twee subtipes:[2]

(a) Teokratiese regerings. Hier word intelligensie en geslepenheid primêr geïmplementeer om die ondergeskikte klasse se sentimente te beïnvloed.

(b) Demagogieë. Hier word intelligensie en geslepenheid op belange geprojekteer, byvoorbeeld die Atheense demokrasie en moderne demokrasieë.

In hierdie regerende elites het klas I-residue klas II oorheers. Die sirkulasie van elites is hoog en die regerings duur, maar tog word voorspoed verseker. Hierdie tipe regering het met twee probleme te kampe. Dit moet toesien dat die immerstygende kostes geneutraliseer word deur gepaardgaande toename in vooruitgang,

---

1) Vergelyk: Ibid., par. 2274.
2) Vergelyk: Ibid., par. 2275-2276.

en ontdaan van klas II-residue kan die regerende elite degenereer tot lafhartigheid en gevolglik maklik omverwerpbaar, intern of ekstern, wees.

Pareto onderskei ook 'n derde hoofkategorie naamlik gemengde tipes[1] waarop ons hier nie verder ingaan nie.

3.5 Die regeringsisteem[2]

3.5.1 Politieke vorme

Die sisteem van die regering is van die talle komplekse fenomene in die samelewing vir Pareto een van die belangrikstes, omdat dit intiem geassosieer is met die karakter van die regerende elite en beide karakter en die sisteem in 'n interafhanklike verhouding met ander sosiale fenomene is.[3] Vir diegene wat die regeringsvorm beklemtoon, is die beantwoording van die vraag: "Wat is die beste regeringsvorm?" baie belangrik. Hierdie vraagstelling is egter betekenisloos tensy gespesifiseer word wat met "beste" bedoel word en hoe die samelewing daar uitsien waarop die regering toegepas moet word. In werklikheid het die oorweging van regeringsvorme aanleiding gegee tot die identifisering van talle derivate wat aanleiding gegee het tot talle politieke mites. Hierdie mites en derivate het 'n belangrike invloed uitgeoefen op mènslike gedrag.

Ongetwyfeld het die sentimente soos gemanifesteer in monargieë, republieke, oligargieë, demokrasieë en ander gelowe 'n belangrike rol in sosiale fenomene gespeel - en speel dit vandag nog. Die "heilige reg" van die prins, aristokrasie, die volk, die proletariaat, die meerderheid of enige ander "heilige reg" wat gedefinieeer (verbeel) mag word, het nie die minste eksperimentele waarde nie. Hulle kan dus slegs as ekstern beskou word as feite, manifestasies of sentimente wat soos ander trekke in menslike wesens opereer om 'n gegewe samelewing daar te stel - om sy vorm te bepaal. Die bewering dat hierdie "heilige regte" nie eksperimentele fundering het nie, trek nie die nuttigheid wat dit vir die samelewing mag hê in twyfel nie.[4]

---

1) Ibid., par. 2277.
2) Hierdie uiteensetting is primêr gebaseer op Finer, S.E., Op. cit., pp. 265-273.
3) Pareto, Vilfredo, Op. cit., Volumes 3 en 4, par. 2237.
4) Ibid., par. 2239.

Soos in ander soortgelyke besprekings, is 'n probleem hier dié van terminologie. 'n Objektiewe waarneming verg 'n objektiewe terminologie. Vir Pareto byvoorbeeld is die begrip "demokrasie" die politieke sisteem van alle mense. Maar wat is die presiese betekenis van demokrasie? Dit is vir hom vaer as die vaagste van begrippe, naamlik "religie". Gevolglik moet die begrip ter syde gestel word en teruggekeer word na die feite wat dit dek. Vir hom is die regering van Switzerland, veral die kantonstelsel van direkte demokrasie, die beste regeringsvorm en tog verskil dit van talle ander demokrasieë byvoorbeeld die van Frankryk en die Verenigde State van Amerika.[1)]

3.5.2 Die werking van regerings

Pareto ondersoek vervolgens die substans wat die verskeie vorme van mag en die regerende elites onderlê, en stel dit dat dit nie nodig is om die fiksie van populêre verteenwoordiging verder te ondersoek nie. Met uitsluiting van uitsonderings, word daar orals 'n regerende elite aangetref wat klein in getal is, wat hulself aan bewind hou deels deur dwang en deels met die konsent van hul onderdane - wat talryk is. Met betrekking tot substans lê die verskil prinsipieel in die relatiewe verhouding van dwang en konsent, en met betrekking tot vorm in die wyse waarop dwang toegepas word en konsent verwerf word.[2)]

Die oorwinnaars poog telkens om die oorwonnenes te assimileer uit vrees dat laasgenoemde weerstand teen onderdrukking mag opbou wat die ekwilibrium mag versteur,[3)] aangesien deur assimilasie die dominasie ten beste verseker is. Die oorwinnaars faal dikwels deurdat hulle residue deur geweld poog te verander in plaas daarvan om die bestaande residue ten beste te benut. Rome was hiertoe in staat en kon gevolglik 'n omvattende ryk opbou.[4)]

Die benutting van heersende sentimente in 'n samelewing ter bereiking van 'n bepaalde doel is nie noodwendig voor- of nadelig in die samelewing nie. Die voor- of nadeel is in die afloop daarvan geleë. Die benutting van bestaande residue in 'n

---

1) Ibid., par. 2240.
2) Ibid., par. 2244.
3) Ibid., par. 2245.
4) Ibid., par. 2246.

samelewing is bloot 'n middel waarvan die waarde geleë is in die resultate wat behaal word: ten voor- of nadele van die elite, ten voor- of nadele van die onderdane.[1)]

Sentimente en belange figureer gesamentlik in die werking van die regering as instrumente. Soms kan belange alleen aangewend word ter modifisering van residue. Belange alleen kan 'n kragtige instrument wees ter beïnvloeding van individue by wie residue van klas I (kombinasie instink) oorheers, met ander woorde beinvloeding van die heersende elite. Andersyds het belange alleen weinig invloed op individue waar klas II-residue (volharding van aggregate) oorheers - met ander woorde die ondergeskikte klas.

Soos reeds gesê, is die elite beter bevoeg tot 'n duidelike beeld van hulle belange as die ondergeskikte klas, as gevolg van hul eie belange en as gevolg van die mindere en meerdere betrokkenheid en invloed van sentimente. Gevolglik kan die elite die onderdane diensbaar stel aan die elite se eie belange. Hierdie manipulering van die onderdane kan tot hul voordeel wees omdat die belange van die elite en die onderdane nie noodwendig in konflik is nie.[2)]

Dwarsdeur die geskiedenis figureer dwang en konsent as instrumente van regering.[3)] "Just as derivations are much more variable than the residues that underlie them, so the forms in which force and consent express themselves are much more variable than the sentiments and interests in which they originate; and the differences in the relative proportions of force and consent are in large part due to varying relative proportions of sentiments and interests. The parallel between derivations and forms of government goes farther still. They both have less influence upon the social equilibrium than do the sentiments and interests that underlie them."[4)]

3.5.3 Die regerende klas : karakter en metode

Pareto toon aan dat regerende elites orals voorkom, maar dat die vorme waarin dit voorkom varieer. "In absolute governments a sovereign occupies the stage alone. In so called democratic

---

1) Ibid., par. 2249.
2) Ibid., par. 2250.
3) Ibid., par. 2251.
4) Ibid., par. 2252.

governments it is the parliament. But behind the scenes in both cases there are always people who play a very important rôle in actual government."[1] Dat hierdie groepie soms tydelik "die knie moet buig" voor 'n parlement of 'n soewereine heerser is logies, maar hulle domineer eventueel weer die toneel. Trouens, uit die Romeinse tydvak is puik konstitusies bekend onder 'n swak heerser, en in die moderne tyd is goeie wetgewing al voorsien deur swak parlemente. Die rede hiervoor is vir Pareto in beide gevalle identies: Die heersers gee omvattende mag aan die "adviseurs" en word in die proses dikwels tot optrede gebring sonder dat die heerser(s) self besef wat die implikasies van sodanige optrede is.[2]

Reeds uit die vorige paragraaf blyk dit dat die regerende elite nie homogeen is nie, maar dat 'n regerende gesag binne die regerende elite bestaan - 'n meer eksklusiewe klas of 'n leier of 'n magsgroep wat die kontrole uitoefen in effek en in praktyk. Hierdie abstrahering stel nie met betrekking tot die regerende elite 'n klas daar, of 'n konkrete eenheid of 'n konkrete wil wat voorafgevormde planne implementeer deur middel van logiese prosedures nie. In werklikheid is die kernfaktor die sisteem en nie 'n individuele manifestasie van 'n individuele wil nie. "... and the chief element in what happens is in fact the order, or system, not the conscious will of individuals, who indeed may in certain cases be carried by the system to points where they would never have gone of deliberate choice ..." en verder: "... they will be carried along by the sheer force of the system to which they belong, involuntarily, and indeed against their wills, following the course that is required of the system".[3]

Ten einde hul magsposisie te handhaaf, maak die regerende elite gebruik van twee kategorieë uit die onderdaneklas. In die eerste kategorie is dwang die instrument (soldate en polisie). In die tweede kategorie is lis die instrument (handlangers van die moderne politici). Alhoewel hierdie twee kategorieë altyd teenwoordig is in die openbare lewe, is hulle nie in dieselfde verhouding verteenwoordig nie. Soms domineer die een kategorie. So kan 'n regering omsien na die belange van spekulante, sonder 'n duidelike

---

1) Ibid., par. 2253.
2) Ibid., par. 2253.
3) Ibid., par. 2254.

begrip van óf ooreenkoms met hulle. Pareto wys ook op ander voorbeelde: die omkoop van kiesers, verkose verteenwoordigers, regeringsamptenare, ministers en joernaliste.[1)]

Skynbaar is daar 'n noue verband tussen demokratiese evolusie en die toenemende aanwending van daardie vorm van regering wat slinksheid en "kliek-politiek" omvat, in teenstelling met die metode wat dwang omvat.[2)] Alhoewel hierdie verskynsel die aandag getrek het, is dit toegeskryf aan die degenerasie en/of as afwykings van die demokrasie. Hierteenoor meld Pareto dat niemand in elk geval nog kon aantoon waar die ideale toestand sigself gerealiseer het nie.[3)]

Uit hoofde van die voorafgaande konkludeer Pareto dat in die realiteit - indien die denke so ver moontlik vry is van passie van sektariese aard, landsvooroordele, partyvooroordele, perfeksionistiese en idealistiese passies, ongeag die vorm van die politieke sisteem - diegene wat regeer die neiging openbaar om hul mag te gebruik ten einde kontrole te behou of in beheer van sake te bly. Hulle misbruik hul mag ook ter wille van persoonlike gewin en voordeel. Laasgenoemde is nie altyd te onderskei van partygewin en voordele nie wat verwar word met nasionale voordele en gewin. Pareto maak voorts die volgende afleidings:

(i) Die verskeie vorms van politieke sisteme vanuit hierdie gesigspunt beskou, verskil nie duidelik van mekaar nie. Die verskille wat wel bestaan, is geleë nie in vorm nie, maar in substans, dit wil sê in die sentimente van die volk (hoe minder of meer eerlik die algemene bevolking, hoe minder of meer eerlik die regering).

(ii) Die gebruike en misbruike van mag sal meer in oorweging kom hoe groter die regeringsinmenging in privaatsake.

(iii) Die regerende elite stel sigself ten doel om ander persone se eiendom en goedere toe te eien, nie alleen vir eie voordeel nie, maar om ook wins te deel met diegene uit die onderdaneklas wat hul bewind beskerm deur middel van dwang of omkopery.

---

1) Vergelyk: Ibid., par. 2257.
2) Ibid., par. 2259.
3) Ibid., par. 2260.

(iv) In die reël besef nóg gesagvoerder, nóg kliënt dat hul die morele norme oortree wat in hul samelewing bestaan, en al is hul daarvan bewus, word verskonings gevind, onder andere daarin dat andere dieselfde in hul situasie sou doen en dat die doel die middel heilig - en vir hulle is die primêre doel om aan bewind te bly.

(v) Die regeringsmasjinerie verbruik op verskillende wyses 'n hoeveelheid rykdom wat enersyds korreleer met die totale rykdom soos verteenwoordig deur die private belang onderhewig aan regeringsinmenging, en andersyds korreleer met die relatiewe verhoudings van klas I- en klas II-residue by die regeerders en onderdane.[1)]

Afgesien van omvattende kritiek wat op Pareto gelewer is,[2)] volstaan ons hier met bogenoemde saaklike weergawe van enkele van sy belangrike bydraes tot die Sosiologie wat vir ons veral polities-sosiologies relevant is.

3.7 Enkele kritiese opmerkings oor Pareto se bydrae

Runciman gee krediet aan Pareto se poging om 'n algemene Sosiologie van positiwistiese aard te konstrueer, maar toon aan dat hierdie poging onsuksesvol was.[3)] Runciman vra die vraag: Waarop kom Pareto se bydrae neer; bloot die feit dat die meerderheid deur 'n minderheid regeer word? Dan wys hy vervolgens daarop dat talle van Pareto se aannames, indien nie betekenisloos nie, dan wel minstens vals is. Onder laasgenoemde tel die aanname van Pareto dat die regerende elite diegene is wie se "residue" genoegsaam is.[4)]

Voorts blyk Pareto se vooroordeel teen die parlementêre demokrasie duidelik. In die verband merk Giacalone-Monaco op dat Pareto 'n puritein was wat die regering wou moraliseer.[5)]

Dit sou 'n taak van onmoontlikheid wees, en vir ons doeleindes onnodig, om 'n gedetailleerde weergawe van al die kritiek teen Pareto hier te probeer weergee.[6)] Aron maak met betrekking tot

---

1) Ibid., par. 2267.
2) Genoemde kritiek word slegs gedeeltelik hier weergegee.
3) Runciman, W.G., Op. cit. (1971), p. 64.
4) Ibid., p. 69.
5) Monaco soos vermeld deur Finer, S.E., Op. cit., p. 65.
6) Vergelyk in die verband: Meisel, J.H. (redakteur) Op. cit., p. 23-39.

Pareto se Treatise on General Sociology die aanname dat hierdie werk 'n aparte plek in die sosiologiese literatuur inneem. Hy vervolg: "It is a kind of enormous bloc - enormous in the physical sense of the word - outside the mainstream of sociology which remains the object of the most contradictory judgements. Some people consider this enormous book one of the masterpieces of the human mind, whereas others, with equal passion, consider it a monument of human stupidity."[1] Aron self neem standpunt in tussen hierdie twee pole.[2]

Feit bly, ongeag die aard en omvang van die kritiek gerig teen Pareto, het hy die aandag gevestig op politieke elites - 'n fenomeen wat minstens teoreties nie weggeredeneer kan word nie - sowel as op die interne werking, opkoms, verval en sirkulasie van die elite.

Hierdie aanname word goed verwoord in die volgende uiteensetting van Timasheff: "It should be noted, however, that Pareto's analysis of the circulation of elites (and quite apart from the larger context of his work) has had a lasting interest among social scientists concerned with the nature and functions of the 'ruling class' and other elite groups. This concern is represented, for example by Saint-Simon, Pareto's compatriot and contemporary; Gaetano Mosca, author of the still influential 'The Ruling Class'; and such present-day scholars as Harold D. Lasswell, the late C. Wright Mills, T.B. Bottomore and Suzanne Keller. Pareto's views about elites, although largely 'intuitive' and out of keeping with his own scientific admonitions, continues to be a source of stimulation for both political scientists and sociologists."[3]

Ongeag sy dualistiese siening[4] van die menslike natuur en daaruit voortvloeiend sy bykans gevaarlike skematisering of afbakening van menslike gedrag soos gerig deur sentimente en/of die rede, moet gekonkludeer word dat, ten spyte van sy skynbare leemtes en gebreke, Pareto tog ook die insig oor en begrip van die elite-fenomeen vermeerder het.

Ten spyte van die kritiek wat Pareto moes verduur, is sy bydrae soos hierbo saaklik saamgevat na ons mening voldoende om hom te

---

1) Aron, R., Op. cit., Volume II, p. 176.
2) Ibid., pp. 175-182.
3) Timasheff, N.S., Op. cit., p. 166.
4) Vergelyk: Aron, R., Op. cit., Volume II, p. 182.

laat kwalifiseer as een van die medegrondleggers van die Politieke Sosiologie. Sy bydrae soos dit uitkristalliseer in die elite-teorie het inderdaad in besonder bygedra tot 'n begrip van die aard en wese van die regerende elite.

4. Gaetano Mosca (1858-1941)

Mosca geniet nie alleen erkenning vir sy bydrae tot die Staatsleer en die Sosiologie [1] nie, maar word ook erken as een van die pioniers van die Politieke Sosiologie.[2] Mosca is veral bekend vir sy bydrae tot die studie van die politieke elite en wel vir sy teorie in hierdie verband[3] hoewel sy werklike bydrae tot die studie van die polities-sosiale realiteit veel omvattender is.[4] Hierdie aanname word verder versterk deur die feit dat Mosca se bydraes hedendaags nog aandag geniet in polities-sosiologiese werke.[5] Ons sal vervolgens 'n saaklike uiteensetting gee van daardie fundamentele aspekte in Mosca se werk waarvoor hy enersyds vry algemeen krediet ontvang het en andersyds in terme waarvan hy hier kwalifiseer en geklassifiseer word as medegrondlegger van die Politieke Sosiologie.

4.1 'n Saaklike samevatting van enkele van Mosca se fundamentele beskouings

4.1.1 Die heersersklas[6]

Mosca identifiseer in alle samelewings twee klasse: die wat regeer en die wat regeer word. Die eersgenoemde is die getalsmindere en volvoer die politieke funksies, monopoliseer mag en geniet die voordele wat dit mag meebring. Die tweede klas is die getal-sterkere, word gerig en gekontroleer deur die eersgenoemde klas

---

1) Vergelyk: Dowse, R.E., Hughes, J.A., Op. cit., p. 1.
2) Vergelyk: Runciman, W.G., Op. cit. (1971), p. 64.
3) Vergelyk: Maus, H., Op. cit., p. 54.
4) Vergelyk: Mosca, Gaetano, "Elementi di Scienza Politica", vertaal deur Hannah D. Kahn en gepubliseer onder die titel The Ruling Class.
5) Vergelyk:
   (i) Mosca, G., "The Final Version of the Theory of the Ruling Class" uit Litt, Edgar (redakteur), Op. cit, pp. 11-16.
   (ii) Mosca, G., "The Political Class" uit Pizzorno, A. (redakteur), Op. cit., pp. 96-109.
6) Mosca, G., The Ruling Class. (Hierdie uiteensetting is primêr op laasgenoemde bron gebaseer).

op 'n wyse wat min of meer wetlik is, min of meer arbitrêr en gewelddadig en voorsien blykbaar die onderdane van materiële bestaansmiddele en van daardie middele wat noodsaaklik is vir die vitaliteit van die politieke organisme. Mosca wys daarop dat die hantering van openbare aangeleenthede in die hande van die heersersklas[1)] of politieke klas is. Laasgenoemde is die invloedryke persone aan wie heerskappy gewillig of teensinnig toegesê is deur die meerderheid.

Mosca toon aan dat daar in elke politieke organisme 'n leier onder die leiers van die politieke klas in geheel is. Hierdie persoon, in terme van die wet, beskik nie noodwendig oor die superieure mag nie. So figureer daar soms naas die koning 'n eerste minister wat oor meer werklike mag beskik as die koning. Onder bepaalde omstandighede mag twee of drie persone in plaas van een superieure kontrole uitoefen. 'n Volgende belangrike faktor met betrekking tot die politieke klas wat Mosca aanvoer, is die feit dat ongeag die tipe politieke organisasie daar druk uitgeoefen word deur die ontevredenheid van die massas wat regeer word, waardeur invloed uitgeoefen word op die beleid van die politieke klas.

Die staatshoof sou nie kon regeer sonder die steun van 'n getalryke klas wat respek vir sy bevele toon en hulle ten uitvoer bring nie. Voorts kan hy nie in konflik wees met die hele klas of daarmee wegdoen indien hy sy invloed wil laat geld oor een of talle individue in die politieke klas nie. Selfs al sou die ontevredenheid van die massas lei tot die wegdoen van 'n politieke klas, sal daar 'n ander georganiseerde minderheid in die massas moet wees om die funksies van die politieke klas te vervul. Andersyds sal alle organisasie en die hele sosiale struktuur vernietig word.

Mosca gaan dus basies uit van die veronderstelling dat minderhede die meerderhede regeer en nie andersom soos Rousseau van mening was nie. Hy stel voorts dat die heerskappy van die georganiseerde minderheid oor die ongeorganiseerde meerderheid onvermydelik is. Vir hom is die mag van enige minderheid onweerstaanbaar teenoor elke individu en die meerderheid wat alleen staan van die totaliteit van die georganiseerde minderheid.

---

1) Ook deur Mosca genoem die "politieke klas".

"At the same time, the minority is organized for the very reason that it is a minority."[1] Honderd persone wat eenvormig en gekoördineerd optree, met 'n gemeenskaplike onderlinge begrip sal 'n duisend ander oorwin wat nie soortgelyk optree as die honderd nie, en wat gevolglik een vir een hanteer kan word. Dit is voorts makliker vir die honderd om saam te werk, bloot omdát hulle 'n honderd is en as gevolg van die wedersydse onderlinge begrip. Hieruit lei Mosca af dat hoe groter die politieke gemeenskap, hoe kleiner sal die verhouding van die regerende minderheid tot die regeerde meerderheid wees, en des te moeiliker sal dit vir die meerderheid wees om 'n reaksie te organiseer teen die minderheid.

In primitiewe samelewings wat nog in 'n vroeë stadium van organisering is, is militêre moed of dapperheid die kwaliteit wat die weg baan na heerskappy of na die heersersklas. In samelewings wat 'n gevorderde beskawingsvorm het, is oorlog die uitsonderlike toestand. Hoewel die braafste dus in die aanvanklike stadia van beskawingsontwikkeling die leier word, varieer die vorme van die leierskap tog aansienlik.

Mosca poog om aan te toon dat die heerskappy van 'n vegtersklas oor 'n vreedsame meerderheid in die reël teruggevoer kan word tot dié superposisie van rasse - tot die oorwinning van 'n aggressiewe ras oor 'n vreedsame. Onder bepaalde omstandighede, en meer dikwels, kan die opkoms van 'n veglustige heersersklas waargeneem word selfs waar daar nie die minste aanduiding is van 'n buitelandse oorwinning nie. Hy toon vervolgens die stadia van ontwikkeling by hierdie groep aan. Die eerste fase is dié waarin die horde saamleef en 'n jagtersbestaan voer. Onder hierdie omstandighede kan individue maklik in vegters ontwikkel; 'n leier sal weer heers oor die stam, maar 'n heersersklas sal nie tot stand kom wat die ander klas eksploiteer of selfs beskerm wat hulself wy aan vreedsame aktiwiteite nie. Die volgende stadium is dié waartydens die stam ontwikkel uit die jagtersfase na die landbou of pastorale fase.

As gevolg van 'n groot bevolkingstoename en 'n groter stabiliteit in die middele waardeur sosiale invloed uitgeoefen word, sal

---

1) Mosca, G., Op. cit., p. 53.

tydens hierdie fase 'n duidelike onderskeid tussen twee klasse blyk: die een klas toegewyd aan landbou-aktiwiteite en die ander aan oorlog. Geleidelik sal laasgenoemde klas ook die eersgenoemde begin onderdruk. Mosca staaf hierdie aanname uit die geskiedenis van Pole en kom tot die konklusie dat die landbouers eventueel niks anders was as slawe nie. Later in die geskiedenis sou hierdie proses groter afmetings aanneem daarin dat selfs die handelaars gedwing was om alle vaste eiendom aan die edelmanne te verkoop, waardeur die edelliede die enigste eienaars van grond was. Later is druk op die koning uitgeoefen om onderhandelinge met Rome aan te knoop waardeur verseker sou word dat slegs die adel toegelaat sou word tot "heilige" ordes in Pole. Sodoende is die boer en die burger (dorpsbewoners) van alle ereposisies uitgesluit en is hulle van alle sosiale belangrikheid gestroop.

Mosca kom gevolglik tot die gevolgtrekking dat onder diegene wat so pas die landbou-fase betree het, dit 'n voldonge feit is dat die militêre klas die heersersklas of politieke klas is en dat hulle bykans altyd die eksklusiewe grondeienaars word. Grond, volgens Mosca, is in daardie lande wat nog nie ver ontwikkeld is op beskawingsgebied nie, 'n primêre bron van produksie en rykdom. Dan doen Mosca 'n volgende aanname aan die hand wat vir sy "model" oor magsontwikkeling of die politieke (heersers-) klas belangrik is.

In hierdie stadium, namate die beskawing ontwikkel, neem ook die inkomste geïn uit grond toe (belasting ingesluit). Met die bevolkingstoename is daar 'n toename in huur as gevolg van die opkoms van verbruikersentra (soos byvoorbeeld stede). Hieruit ontwikkel die volgende fase waarin rykdom, eerder as militêre moed en braafheid, die onderskeidende eienskap van die dominante klas word. Die rykes, in plaas van die brawes, neem die heerskappy oor. Die toestand wat nodig is alvorens hierdie transformasie kan realiseer, volgens Mosca: "... is that social organization shall have concentrated and become perfected to such an extent that the protection offered by public authority is considerably more effective than the protection offered by private force".[1] Met ander woorde, private eiendom moet so goed deur

---

1) Ibid., p. 57.

wette beskerm word dat die mag van die eienaar opsigself oorbodig is. 'n Reeks van aanpassings is dus nodig in die sosiale struktuur sodat 'n tipe van sosiale organisasie, wat Mosca die "feodale staat" noem, omskep word in 'n totaal verskillende tipe, naamlik die "burokratiese staat". Mosca stel dit duidelik dat die evolusie wat hier ter sprake is, grootliks gerugsteun word deur die ontwikkeling in bepaalde gebruike en deur sekere morele gewoontes wat daardie samelewings verwerf namate die beskawing ontwikkel.

Nadat hierdie transformasie plaasgevind het, word politieke mag daargestel deur rykdom soortgelyk aan die daarstelling van rykdom deur politieke mag. In 'n redelik ontwikkelde samelewing waar individuele mag deur kollektiewe mag beheer word, is die magtiges in die reël die rykes; gevolglik impliseer dit dat die rykes die magtiges is. Hiermee saam geld die tendens dat die gesogte poste deur diegene beklee word wat finansieel die beste daaraan toe is.

Mosca wys ook daarop dat daar state is met 'n hoë beskawingspeil wat in teorie georganiseer is - gefundeer in morele beginsels - en wat van sodanige aard is dat dit skyn asof die dominering van rykdom uitgesluit is. Hy haal die Verenigde State van Amerika as voorbeeld aan en toon aan dat hierdie teoretiese beginsels weinig meer as beperkte toepassing in die daaglikse realiteit geniet. Al sou in teorie, deur middel van stemreg vir mans en vroue in alle state, 'n demokratiese konstitusie en demokratiese institusies geld, en hierbenewens die aversie van die rykes om toe te tree tot die politiek en/of die armes om vir die rykes te stem ook nog geld, is daar niks wat die rykes verbied om hul invloed te laat geld deur druk op die politici uit te oefen nie, of selfs enige verbod wat die beslegting van die verkiesingstryd gebaseer op klinkende munt neutraliseer nie.

Na die bespreking van relevante voorbeelde uit die Chinese beskawing kom Mosca tot die gevolgtrekking dat in alle lande van die wêreld daardie instansies wat sosiale invloed uitoefen altyd makliker toeganklik is vir die rykes as vir die armes.

Soos talle denkers voor hom uit die geskiedenis van die ontwikkeling van politieke en sosiale denke, gee Mosca ook 'n uiteensetting van

die invloed van die godsdiens op die politiek.[1] Hy toon naamlik aan dat in daardie lande waar 'n sterk godsdienstige oortuiging heers, 'n godsdienstige amptenary 'n spesiale klas sal vorm wat eventueel sal deel in die rykdom en in die politieke mag. Hierbenewens mag hulle ook 'n klas vorm van hoogstaande intellektuele ontwikkeling wat selfs van hul kant sal poog om kennis te monopoliseer. "Specialized knowledge and really scientific culture, purged of any sacred or religious aura, become important political forces only in a highly advanced stage of civilization, and only then do they give access to membership in the ruling class to those who possess them."[2]

Mosca verwys ook na die kuns om te regeer, en merk op dat dit nie aangeleer kan word nie en dat dit uiters moeilik bepaalbaar is indien 'n persoon nie prakties reeds blyke gegee het dat hy oor dié kuns beskik nie.

Mosca verwys ook na die feit dat in sekere lande oorerflike kastes aangetref word, in welke geval die heersersklas eksplisiet beperk is tot 'n bepaalde aantal families. Hierin is geboorte die enkele maatstaf wat insluiting in of uitsluiting van die heersersklas bepaal. Hy toon ook aan dat:

(i) alle heersersklasse poog om oorerflik te word. "All political forces seem to posses a quality that in physics used to be called the force of inertia."[3] Met ander woorde, die neiging om te bly voortbestaan op die punt en in daardie staat waarin hul hulself bevind. Mosca maak dan die aanname dat die kwalifikasies vir belangrike poste meer geredelik verwerf word indien daar 'n sekere familiariteit aan verbonde was sedert die kinderdae. Alhoewel, vervolg Mosca, kompetisie in eksamens vir almal toeganklik is (teoreties), beskik die meerderheid tog nie oor die bronne vir die delging van koste verbonde aan lang voorbereiding vir 'n pos of amp nie, terwyl ander nie oor die nodige kontakte en verwantskappe beskik wat hulle eventueel in die verlangde pos kan laat beland nie. Laasgenoemde hulp sou die uitskakeling van foute en probleme

---

1) Ibid., pp. 59-60.
2) Ibid., p. 59.
3) Ibid., p. 61.

realiseer wat opduik wanneer iemand gekonfronteer word met 'n onbekende omgewing (werksmilieu).

(ii) Met betrekking tot die oorerflike kaste merk Mosca voorts op dat alvorens 'n kaste of familie die eksklusiewe en oorerflike reg tot magsbesit proklameer, kan aanvaar word dat hul 'n ferme greep op die bevelsbevoegdheid gehad het en al die politieke kragte in daardie land vir daardie tydvak gemonopoliseer het. Andersyds sou so 'n eis om oorerflike magsbesit bittere teenkanting uitgelok het.

Mosca is ook van mening dat oorerflike aristokrasieë dikwels aanspraak maak op bonatuurlike oorsprong of minstens 'n oorsprong superieur en totaal verskillend van dié van die heersersklas. Hy is voorts van mening dat sodanige aanspraak verklaar kan word deur, wat hy noem, 'n hoogs betekenisvolle sosiale feit, naamlik dat die heersersklas poog om sy werklike magsuitoefening te regverdig deur dit te fundeer op een of ander universele beginsel. Hy toon aan dat daar ook nog in sy tyd regverdiging vir die eis om oorerflike magsbesit voorkom en wel deur middel van wetenskaplike funderings waaronder die evolusieteorie.

Volgens die geskiedenis lei hy egter die voordele en nadele af van aristokrasieë wat geslote wou bly of minstens toegang tot hul kring bemoeilik het. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die individue wat aan hierdie aristokrasieë behoort het, hul spesiale kwaliteite toe te skryf het, nie aan die bloed in hul are nie, maar die besondere opvoeding wat hul ondergaan het. Hoewel Mosca ook enkele waarnemings maak met betrekking tot sosiale mobiliteit en die menslike intellek gaan ons hier nie verder daarop in nie.[1)]

Ten slotte probeer Mosca om tot 'n gevolgtrekking te kom. Hy merk naamlik op met betrekking tot die evolusieteorie dat die verwagting dat die verkreë hoedanighede van die heersers nie noodwendig by hul kinders voorkom of in laasgenoemde geval geaksentueer is nie - sou impliseer dat die heerskappy van geslag tot geslag sal verbeter. Dieselfde geld ook vir ander teorieë, aangesien die eventuele verval van heersersklasse nie moontlik sou wees indien sodanige teorieë geldig sou wees nie. Hy vervolg: "What we see is that as soon as there is a shift in the balance of

---

1) Vergelyk: Ibid., p. 63.

political forces - when, that is, a need is felt that capacities different from the old should assert themselves in the management of the state, when the old capacities, therefore, lose some of their importance or changes in their distribution occur - then the manner in which the ruling class is constituted changes also."[1)]

Wanneer 'n nuwe bron van rykdom in die samelewing ontwikkel, as 'n ou godsdiens in verval raak of 'n nuwe tot stand kom, as nuwe idees versprei dan sal, gepaardgaande, verreikende versteurings voorkom in die heersersklas. Hy meen dat die hele menslike beskawingsgeskiedenis neerkom op 'n konflik tussen die neiging van dominante elemente om politieke mag te monopoliseer en om deur oorerflikheid die besitreg daarvan oordraagbaar te maak, teenoor die neiging om ou kragte te versteur en die daarstelling van nuwes te realiseer. Hierdie konflik gee aanleiding tot 'n nimmereindigende stryd van afgee aan en opneem uit (en "vice versa") tussen die boonste en sekere dele van die laer klasse. Heersersklasse raak onvermydelik in verval wanneer hul nie meer die dienste kan lewer wat hul voorheen gelewer het nie, of as hul talente en die dienste wat hul lewer nie meer belangrik blyk te wees in hul sosiale milieu nie, of as daar nie meer ruimte gevind kan word vir daardie hoedanighede waardeur hulle die heerskappy bekom het nie. As voorbeeld noem Mosca onder andere die Romeinse aristokrasie wat in verval geraak het deurdat die aristokrasie nie langer die eksklusiewe bron vir offisiere van hoër rang in die leër was en ook nie meer die administrateurs vir die Romeinse statebond en goewerneurs vir die provinsies kon voorsien nie.

'n Volgende aanname van Mosca wat na ons mening besonder betekenisvol is, is dié met betrekking tot die sogenaamde statiese Oosterse samelewings waarin hy daarop wys dat hierdie samelewings in werklikheid nie staties is nie, soos trouens duidelik bewys word deur die beskawingsontwikkeling wat hulle deurgemaak het. "It is much more accurate to say that we came to know them at a time when their political forces and their political classes were in a period of crystallization."[2)] Hy wys daarop dat dieselfde aanname van toepassing gemaak kan word op die sogenaamde verouderende samelewings

---

1) Ibid., p. 65.
2) Ibid., p. 66.

("aging societies"). In hierdie samelewings het godsdienstige oortuigings, wetenskaplike kennis, produksiemetodes en die verspreiding van rykdom vir eeue geen radikale verandering ondergaan nie en die alledaagse gang van sake was nie versteur deur die infiltrasie van vreemde elemente, hetsy materieel of intellektueel van aard nie. "In such societies political forces are always the same, and the class that holds possession of them holds a power that is undisputed. Power is therefore perpetuated in certain families, and the inclination to immobility becomes general through all the various strata in that society."[1] As voorbeeld haal hy onder andere Indië aan waar die klassesisteem 'n ferme houvas op die samelewing ontwikkel het na die onderdrukking van Boeddhisme.

Die belangrikheid van hierdie aanname van Mosca strek na ons mening veel verder as die bewysplaas wat hierin gevind word vir die monopolisering van mag deur 'n politieke klas, die poging tot stabilisering daarvan deur oorerflike perpetuering veral by die afwesigheid van dinamiese invloede wat inwerk op die samelewing of aktief inherent aan die samelewing self is, 'n afwesigheid wat kristallisering vergemaklik. 'n Implikasie van sy aanname is dat dinamiese sosiale verandering die monopolisering van mag kan bemoeilik en die perpetuering daarvan ingrypend kan versteur en gepaardgaande kristallisering kan verongeluk.

Dat bogenoemde afleiding geregverdig is, blyk uit die feit dat Mosca self daarop wys dat faktore soos handel, emigrasie, ontdekkings en oorloë nuwe armoede of rykdom kan skep, nuwe kennis aan die lig kan bring of die infiltrasie van nuwe morele, intellektuele en religieuse strominge kan realiseer. Andersyds kan deur bogenoemde infiltrasie en of deur innerlike groei dit gebeur dat 'n nuwe lering posvat, of dat ou vergete leringe weer na vore kom waardeur die intellektuele gewoontes waarin die onderhorigheid van die massas gefundeer is, versteur word. Die heersersklas kan selfs geheel of gedeeltelik deur invallers uitgewis word. Hulle kan uit die kussings gelig word deur nuwe sosiale elemente wat nog "jonk en vars is in politieke kragte".[2] Selfs rewolusie mag plaasvind. In laasgenoemde geval is die proses nie maklik

---

1) Ibid., p. 66.
2) Ibid., p. 67.

te stuit nie. Sou een persoon tot 'n gesiene posisie styg - as 't ware van nêrens - word nuwe ambisies, begeertes en energie gestimuleer. "... and this molecular rejuvenation of the ruling class continues vigorously until a long period of social stability slows it down again."[1] Voorbeelde uit Mosca se tyd maak hierdie aanname vir hom aanvaarbaar genoeg. Hy noem nietemin die Griekse kolonisasie-tydperk en die Verenigde State van Amerika in die negentiende eeu.

Mosca vervolg: "Suppose now that a society gradually passes from its feverish state to calm. Since the human being's psychological tendencies are always the same, those who belong to the ruling class will begin to acquire a group spirit."[2] Hy wys daarop dat hulle meer en meer eksklusief sal word en die kuns tot die monopolisering van daardie kwaliteite en hoedanighede wat essensieel is vir die verkryging van mag en die houvas op daardie mag - tot hulle eie voordeel - al meer en meer bemeester. Hierop sal die mag van gewoonte, wat in essensie konserwatief is, na vore tree. Hiervolgens sal talle persone berus by 'n laer posisie in die samelewing en die lede van bevoorregte families of klasse sal daarvan oortuig raak dat hulle 'n bykans absolute reg het tot 'n hoër status en heerskappy.

Naas sy elite-teorie gee Mosca in die onderhawige werk ook nog aandag aan temas soos die burokrasie, stemreg en sosiale kragte, rewolusie, parlementêre stelsels en tipes en evolusie van politieke organisasies. Ons het egter die aandag primêr bepaal by daardie aspek van Mosca se bydrae in terme waarvan hy sou kon kwalifiseer as 'n medegrondlegger van die Politieke Sosiologie. Weliswaar sou sy hele bydrae as maatstaf kon dien om sy grondleggerskap te regverdig. Vir ons het die klem hier geval slegs op daardie komponent van sy totale bydrae waarvoor hy vry-algemeen erkenning ontvang en wat na ons mening so 'n belangrike aspek van die aard en wese van magsnastrewing en uitoefening is - wat uiteraard een van die primêre fokuspunte van die Politieke Sosiologie is. Dit stel in werklikheid 'n wesensaspek van die studieterrein van die Politieke Sosiologie daar en moet dus as 'n primêre bydrae gesien word.

---

1) Ibid., p. 68.
2) Ibid., p. 68.

4.2 Enkele kritiese opmerkings oor Mosca se bydrae

Met betrekking tot Mosca se metodologie merk Ferrarotti op dat Mosca die historiese metode konsekwent probeer toepas in sy studie, en dat dit waarskynlik hieraan toe te skryf is dat die kritiek teen Mosca minder skerp was as teen ander Italiaanse sosiaal-wetenskaplikes soos Michels en Pareto.[1)]

Groce gee volle krediet aan Mosca se konsep van die heersersklas of politieke klas en som dit soos volg op: "... a class which is quantitatively a minority but qualitatively a majority because it possesses awareness and possibilities for action. This concept is of the greatest importance for the interpretation of political history, an interpretation that is sought in vain in such external causes as climate, ethnic situation, etc., or in any other kind of externals, i.e., political forms considered as values in themselves, that is to say abstract and empty, such as monarchy, republic, and the like."[2)]

Hook toon aan dat Mosca, saam met Pareto en Michels, krediet moet kry vir hul bydrae tot die studie van politieke mag. Hulle het nie alleen van die belangrikste probleme samehangend met hierdie fenomeen aangestip nie, maar ook hul gevolgtrekkings oor die aard van politieke mag met omvattende historiese materiaal gemotiveer - wat, al sou dit nie instemming bewerk nie, minstens respek afdwing.[3)]

Hook bevraagteken egter die geldigheid van Mosca se aannames met betrekking tot die heersersklas waar hierdie aannames van toepassing gemaak word op die toekoms, aangesien die ware probleme met betrekking tot mag, volgens Hook, altyd spesifieke probleme is wat gewortel is in die "konkrete behoeftes van 'n bepaalde volk op 'n bepaalde tyd". Hy toon aan dat Mosca die invloed van gewoontes,

---

1) Vergelyk:
   (i) Ferrarotti, Franco, "The Italian Context: Pareto and Mosca" uit Meisel, J.H. (redakteur), Op. cit., p.132.
   (ii) Hughes, H.S., "Gaetano Mosca and the Political Lessons of History" uit Meisel, J.H. (red.), Op. cit., p. 142 e.v.

2) Groce, B., "Critica XXI" (November 1923), pp. 374-378 soos aangehaal deur Ferrarotti in Meisel, J.H. (redakteur), Op. cit., pp. 132-133.

3) Hook, Sidney, "The Fetishism of power" uit Meisel, J.H. (redakteur), Op. cit., p. 135.

tradisies en institusies buite rekening laat in 'n voorspelling van die toekoms en steun op 'n stel inherente impulse. Hy vervolg : "By isolating the latter (impulse) from their objective cultural setting, selecting from among them an alleged impulse to dominate, fight, love, or flee, the pattern of human nature can be cut to suit any current political myth."[1)]

Runciman is veel feller in sy kritiek op Mosca en toon wel aan dat Mosca se elite-teorie wel enkele van die realiteite van mag openbaar, maar vra tog die vraag of Mosca enigiets meer aan die lig gebring het as Machiavelli en Rousseau voor hom. Runciman meen die antwoord is nee.[2)] Hy toon ook aan dat Mosca nie daarin kon slaag om sy aannames met betrekking tot die geskiedenis en die samelewing in verband te bring met sy teorie van die heersersklas nie.

Hoewel die elite-teoretici, by name Mosca en Pareto, deur Runciman gekritiseer word en laasgenoemde beweer dat Mosca ons niks meer leer as wat Machiavelli en Rousseau ons reeds geleer het nie,[3)] is hierdie aanname van Runciman 'n oorvereenvoudiging van die eliteteorieë van onderskeidelik Mosca en Pareto, gebaseer op enkele abstraherings uit die genoemde teoretici se bydraes. In 'n veel meer gedetailleerde analise van Mosca en Pareto se bydraes kom Meisel[4)] byvoorbeeld tot die gevolgtrekking dat Mosca 'n model van die historiese magstrukture daarstel wat die tradisionele klassifikasie van regerings, soos deur Aristoteles geponeer, oorspan en selfs ontken. Mosca stel dit eksplisiet dat die minderheid altyd die meerderheid sal regeer ongeag die konstitusie. Hierin wys hy demokrasie en populêre soewereiniteit uit as blote mites. Mosca gaan primêr uit van die veronderstelling dat die stryd om mag en kontrole tussen een elite en 'n ander en nie tussen die meerderheid en die minderheid geskied nie. In die beslissing van die stryd om mag speel sosiale kragte en die wil van die gemeenskap 'n prominente rol. Beide Mosca en Pareto poog die daarstelling van 'n politieke sisteem waarin duur en sosiale verandering verreken is - met mindere of meerdere mate van sukses, aldus Meisel.[5)]

---

1) Ibid., p. 137 (my toevoeging tussen hakies).
2) Runciman, W.G., Op. cit. (1971), pp. 68-70.
3) Vergelyk: Runciman, W.G., Op. cit. (1971), pp. 67-69.
4) Meisel, J.H. (redakteur), Op. cit., pp. 2-3 sowel as pp. 1-39.
5) Ibid., pp. 2-3.

Ongeag Mosca se gebrek aan 'n houdbare werkswyse en Pareto se "biologiese materialisme" en "afwykende psigologie" konkludeer Meisel soos volg: "Yet it might be pleaded on their behalf that, if they erred, theirs was the error of great minds, from which one may learn more than from the correct findings of lesser lights".[1)]

Die klem wat Pareto en Mosca onderskeidelik laat val op die politieke elite en die heersersklas het nie alleen latere wetenskaplikes se bydraes tot die elite-teorie gestimuleer nie (J. Burnham en C. Wright Mills), maar het ook die aandag van sosiaalwetenskaplikes op fenomene soos politieke partye en belangegroepe gefokus - aldus Rush en Althoff.[2)]

Ten slotte kan gemeld word dat kontemporêre politieke sosioloë[3)] nog steeds nie alleen erkenning gee aan Mosca en Pareto se bydraes nie, maar steeds sekere kernfasette van hul bydraes ekstensief implementeer in kontemporêre polities-sosiale analises van die kontemporêre polities-sosiale realiteit. Laasgenoemde waarneming versterk die aanname, enersyds, dat hul bydraes baanbrekerswerk in die Politieke Sosiologie verteenwoordig, en andersyds, dat hulle fundamentele perspektiewe oor die politiessosiale realiteit geopen het.

Dat Mosca se bydrae kritiek ontlok het, is duidelik. Dat hierdie kritiek positiewe en negatiewe, asook in albei gevalle, elemente van geldigheid omvat, kan nie betwyfel word nie. Vir sy tyd egter, het Mosca met sy heersersklasteorie 'n bydrae, hoe gering ookal, gelewer wat die aandag op die maghebbers, op mag in die algemeen en verwante polities-sosiale aspekte gevestig het.

5. Opsomming en evaluering van sekere fundamentele bydraes van die hier behandelde medegrondleggers van die Politieke Sosiologie

Sonder om in besonderhede in te gaan, sal vervolgens gepoog word

---

1) Ibid., p. 4.
2) Rush, M., Althoff, P., Op. cit., p. 8.
3) Vergelyk:
   (i) Dowse, R.E., Hughes, J.A., Op. cit., pp. 20-21.
   (ii) Rush, M., Althoff, P., Op. cit., p. 149 e.v.
   (iii) Horowitz, I.L., Op. cit., p. 15, p. 80 en p. 92 onder andere.

om die bydraes van die medegrondleggers soos hier behandel - die beperkinge daarvan ten spyt - saaklik weer te gee en te evalueer.

Word De Tocqueville se bydrae soos spesifiek hier hanteer van nader beskou, blyk dit dat hy die soewereiniteitsbeginsel van die Amerikaanse volk ingebed sien in die demokrasie soos in Amerika beoefen. Hierdie beginsel het ontwikkel en gegroei saam met die demokrasie sodat die samelewing sigself ter realisering van sy eie ideale regeer. De Tocqueville kwalifiseer ook die soewereiniteitsbeginsel.[1)]

Sy bydrae is voorts geleë in die beskrywing van die ontstaan en die ontwikkeling van politieke partye endersyds, en andersyds in die beskrywing van die atomisering van die individu in die Amerikaanse samelewing. Met betrekking tot politieke partye tref hy ook 'n vergelyking tussen politieke partye in Amerika en dié in Europa waardeur hy ook as vergelykende politieke sosioloog 'n bydrae lewer.

De Tocqueville se kritiese waarneming van die Amerikaanse demokrasie lei hom ook tot die blootlegging van sekere inherente probleme van die stelsel, naamlik onder andere die negatiewe beïnvloeding van die wetgewende instansie deur die kiesers - wat moontlik is omdat laasgenoemde die verteenwoordigers verkies het en die verteenwoordigers dus aan die kiesers verantwoordelik is. Dit stimuleer volgens De Tocqueville demokratiese onstabiliteit aangesien die verteenwoordiger ondergeskik is aan die wil van die kieser en die kieserswil self binne kort tydsbestek wysigings kan ondergaan. In die proses is die bestaan van wette van korte duur en word die proses van administratiewe effektiwiteit en doelgerigtheid in die wiele gery.

Die primêre probleem van die Amerikaanse demokrasie is die moontlikheid dat dit so magtig kan word dat dit in werklikheid die kern van tirannie in sigself omdra. 'n Verdere leemte is dat dit ware onafhanklikheid van denke en vryheid van spraak beperk.

In die afdeling handelende oor die invloed van demokrasie op sosiale en binnelandse verhoudinge, toon De Tocqueville duidelik

---

1) Vergelyk: Hoofstuk IV, subhoof 1.1, pp. 153-154.

die invloed van die politieke subsisteem op die omvattende sisteem aan, deur te wys op die rigtinggewende invloed wat die demokratiese beginsel uitoefen op onder andere die werkgewer-werknemerverhouding, die ouer-kindverhouding en die verhouding tussen rasse. Hy wys daarop dat orde van kardinale belang is en nie soseer die ordening nie.

De Tocqueville se bydrae mag op die oog af as minder fundamenteel en stimulerend voorkom as byvoorbeeld dié van Marx en Weber, maar in sy monumentale werk oor die Amerikaanse demokrasie het hy grootliks bygedra tot die daarstelling van 'n raamwerk van verwysing oor die polities-sosiale realiteit en wel deur sy kritiese evaluering van die Amerikaanse demokratiese stelsel in sy bykans volle perspektief.

'n Verdere kwalifiserende faktor vir die aanname dat De Tocqueville as 'n medegrondlegger van die Politieke Sosiologie beskou kan word, is geleë in die substans onder observasie, naamlik 'n gedetailleerde studie van die aard, wese, omvang, probleme sowel as die verwagtings van die demokratiese bestel in die Verenigde State van Amerika. Demokrasie in sy bykans volle kompleksiteit en totaliteit soos gerealiseer in die Amerikaanse samelewing, was dus sy fokuspunt van studie. Die eindproduk was 'n omvattende werk oor die verband tussen die staat en die samelewing.

Uit sy bydrae blyk dit duidelik dat die demokrasie in die Amerikaanse samelewing 'n geesteshouding en lewenswyse verteenwoordig in sy bykans volle dimensionaliteit.

Dat die kontemporêre politieke sosioloog wel gewen het aan insig oor die demokrasie in die algemeen, die moontlikhede, beperkings en gevare daarvan, kan sonder meer gestel word, en De Tocqueville moet ondermeer hiervoor erkenning ontvang.

Soos reeds aangetoon, kry De Tocqueville erkenning as "vergelykende sosioloog".[1] Om van De Tocqueville te praat as 'n sosioloog is na ons mening moontlik 'n riskante aanname gesien in die lig van die feit dat De Tocqueville en Auguste Comte in 'n sekere sin tydgenote was (Comte 1798-1857 en De Tocqueville 1805-1859). Comte word allerweë as die "grondlegger" van die Sosiologie aanvaar op

---

1) Vergelyk: Hoofstuk IV, subhoof 1.1, p. 156.

grond van onder andere sy naamgewing aan die dissipline, maar veral as gevolg van die substans wat hy as studie-objek vir die dissipline poneer het en die werkswyse (positivisme) wat hy voorstel in die bestudering en verklaring van die stubstans.[1] Op welke gronde De Tocqueville dan sou kwalifiseer as 'n "sosioloog" is minstens uit hierdie studie nie heeltemal duidelik nie. Dat hy wel as medegrondlegger van die Politieke Sosiologie sou kon kwalifiseer, soos hierbo aangetoon is, is 'n meer aanvaarbare aanname.

Die beantwoording van die vraag na verdere kwalifiserende kriteria in terme waarvan De Tocqueville dan as medegrondlegger van die Politieke Sosiologie beskou sou kon word, lê na ons mening in die werkswyse wat De Tocqueville gevolg het in die bestudering van sy studiemateriaal. Hy het onder andere die sosiaal-historiese prosedure gevolg in die bestudering van die ontstaan en ontwikkeling van die Amerikaanse politieke partye, asook die vergelykende metode in die bestudering van die Amerikaanse en Europese politieke partye; 'n werkwyse rudimentêr in vergelyking met die resente verfynde vorme wat die sosiaal-historiese prosedure openbaar.

Die kritiese gees van ondersoek teenwoordig by De Tocqueville blyk duidelik uit sy evaluerende bydrae met betrekking tot, onder andere, die invloed van demokrasie op die individu en op openbare verhoudings. Dat De Tocqueville uiteraard nie aan al die moderne vereistes van wetenskaplikheid kon voldoen nie, spreek vir sigself, maar dat hy wel in 'n groot mate wetenskaplik was, kan uit sy werke aanvaar word.

In die lig van hierdie argumente sou dit dus moontlik meer korrek wees, soos minstens blyk uit hierdie studie, om te praat van De Tocqueville se baanbrekerswerk op die terrein van ook die "Vergelykende Politieke Sosiologie" eerder as om hom 'n sosioloog te noem.

Geprojekteer in 'n meer moderne polities-sosiale konteks kan De Tocqueville se bydrae, in terme waarvan hy as medegrondlegger van die Politieke Sosiologie sou kwalifiseer, gesien word in die lig van die feit dat hy die eerste belangrike eksponent was van die idee dat demokrasie 'n balans tussen die kragte van konflik en konsensus omvat.

---

1) Vergelyk: Hoofstuk 1, subhoof 1.3, p. 6 e.v.

Word Marx se bydrae soos saaklik hierbo weergegee van nader beskou, kwalifiseer die volgende hoofmomente, na ons mening, vir Marx as 'n medegrondlegger van die Politieke Sosiologie.

Volgens Marx het die samelewing bestaan uit 'n bewegende ekwilibrium van teenstellende kragte, waarin sosiale verandering veroorsaak is deur spanning en konflik tussen hierdie kragte. Hy sien konflik as die kern van die historiese proses.

Op laasgenoemde aanname bou hy voort deur daarop te wys dat die mens ter bevrediging van sy behoeftes in antagonistiese samewerking betrokke raak[1] wat eventueel aanleiding gee tot die daarstelling van antagonistiese klasse. Laasgenoemde is volgens Marx die primêre determinante van die historiese proses.[2] Gepaardgaande speel die beginsels van ekonomiese determinisme hierin 'n deurslaggewende rol.[3] Die rewolusionêre aard van die klassestryd, soos gedetermineer deur ekonomiese faktore, is duidelik uit sy aannames.

Dit dien hier gemeld te word dat Marx se definisie van klas vanweë die eensydigheid en verabsoluterende momente daarin vervat, na ons mening nie bruikbaar is vir kontemporêr-wetenskaplik analitiese doeleindes nie.

Met betrekking tot Marx se polities-sosiologiese bydrae is aangetoon dat die mens vir Marx in essensie sosiaal en nie polities is nie. Sosiale verhoudings is verantwoordelik vir die staat en nie vice versa nie. Marx onderverdeel voorts die sosiale realiteit in 'n openbare en 'n private lewe (burger en individu). Laasgenoemde onderverdeling is egter verantwoordelik vir politieke aliënasie en behoort dus mee weggedoen te word. Die staat, volgens Marx, eksisteer nie bo en behalwe die samelewing nie, maar is gewortel in 'n irrasionele onvolwasse sosiale realiteit. Die staat is 'n komponent van die samelewing wat funksies vervul deur middel van die implementering van mag, en waardeur die staat sigself oor die samelewing stel. Ten spyte van die feit dat die staat hom oor die samelewing stel, dat die staat sy eie belange, sy eie steun, eie dienare - die burokrasie - het, sowel as sy eie

---

1) Vergelyk: Hoofstuk IV, subhoof 2.1, p. 163.
2) Vergelyk: Hoofstuk IV, subhoof 2.2, p. 164 e.v.
3) Vergelyk: Hoofstuk IV, subhoof 2.2, p. 165 e.v.

omvattende magte, organisasie en ideologie, kan die staat egter nie geskei word van die samelewing waarop dit berus nie. Alhoewel Marx die samelewing koppel aan sy eie eensydige konsepsie, naamlik dié van klasse, klasseverhoudinge en klassestryd, het hy tog met hierdie uiteensetting 'n bydrae gelewer met betrekking tot die verhouding staat-samelewing deurdat hy onder andere konkludeer dat al sou die staat sigself bo die klasse en hul stryd stel, hy nie onafhanklik van die klasse (samelewing) kan bestaan nie. Die staat dien die heersersklas of klasse en dien as arbiter tussen die staat en laasgenoemde se opponente indien die opponente die samelewingsbestaan bedreig. Hierin sien hy die staat as 'n politieke oorlogsveld en as die oorwinnaar se buit.

Marx huldig 'n anti-staatbenadering en hieruit voortvloeiend 'n ideëel-tipiese beskouing oor die eventuele afloop van die klassestryd. Hy sien die demokrasie nie as 'n sisteem nie, maar as 'n proses waarin die klassestryd eventueel verder sal gaan as die demokrasie deur die daarstelling van 'n samelewing sonder die staatsmag.[1)]

Marx het ook 'n handelingsteorie geponeer wat uitkristalliseer in praktiese rewolusionêre handeling gefundeer in die rewolusionêre beweging en die strategie van hierdie beweging.

Ten spyte van die talle punte van kritiek wat teen Marx se bydraes gerig is,[2)] kan hier gemeld word dat Marx na alle waarskynlikheid die bekendste teorieë in die sosiale wetenskappe geponeer het, te wete die klasseteorie of te wel die teorie van klasse-konflik, waarin hy 'n verklaring probeer gee van die ontstaan, wese, strukturering en funksionering van die omvattende samelewingstruktuur.

Beide met betrekking tot die substans van sy teorie en die werkswyse waardeur tot die teorie-bou geraak is, kan aanvaar word dat Marx onder andere een van die medegrondleggers van die Politieke Sosiologie is. Die blote feit byvoorbeeld dat die klassekonflikteorie en andere - by name sy klasseteorie, teorie van aliënasie en teorie van verandering - telkens gefundeer is in 'n omvattende akkumulasie van feite, histories en vir sy tyd kontemporêr van aard, en die feit dat sy teorieë sentreer om die interaksie tussen

---

1) Vergelyk Hoofstuk IV, subhoof 2.4, p. 172 e.v.
2) Vergelyk Hoofstuk IV, subhoof 2.5, p. 177 e.v.

mense en die gepaardgaande resulterende interaksiepatrone, staaf bogenoemde aanname met betrekking tot die substans van Marx se bydrae en sy werkswyses. Beide in die aanwending van konsepte wat getipeer kan word as Marxisties van aard, sowel as sy teoretiese en metodologiese bydrae het Marx 'n fenomenale bydrae gelewer tot 'n raamwerk vir polities-sosiologiese bestudering van die polities-sosiale realiteit; 'n bydrae wat beswaarlik oorskat kan word in die lig van die kritiek - positief en negatief - wat Marx uitgelok het en nog steeds uitlok. Die aanhang wat Marx op ideologiese terrein geniet het en nog geniet, sy medeverantwoordelikheid vir die feit dat die Kommunisme een van die prominentste magsblokke ter wêreld daargestel het, bewys, reg of verkeerd, sy polities-sosiale betrokkenheid.

Dat Marx grootliks bygedra het tot groter kennis aangaande die begrip en insig oor die polities-sosiale realiteit kan derhalwe beswaarlik ontken word. Hierin het hy onder meer konflik van sentrale belang in die studie van politiek gemaak. Hiermee kan Marx ook getipeer word as een van die primêre eksponente van een van die belangrikste konflikideologieë van die negentiende eeu, te wete die "sosialistiese konflikideologie".

Met betrekking tot Pareto se bydrae kan samevattend gestel word dat hy tussen die nie-elite en die elite onderskei as twee strata in die samelewing. Vir hom is die samelewing daargestel deur individue wat fisies, moreel en intellektueel verskil. Hy toon aan dat die regerende elite 'n oop of geslote elite kan daarstel. Voorts, dat die sirkulasie van die elite daarin bestaan dat die nie-elite kan toetree tot die geledere van die elite en vice versa . Hy het aangetoon dat die elite-verskynsel universeel in voorkoms is, ongeag die verskillende vorms van regering.

Pareto gaan uit van die veronderstelling dat diegene wat die beste bevoeg is om te regeer die regerende elite daarstel - maar dat hierdie aanname slegs waar is in toestande van perfekte sosiale mobiliteit. In die realiteit belemmer hindernisse soos oorgeerfde rykdom, familie-verbintenisse en sosiale rang die vrye sirkulasie van talent. In laasgenoemde geval sal diegene wat geetiketeer word as die regerende elite en diegene wat die beste bevoeg

is daartoe, divergeer. Hierdie bevoegdheid verwys na die wil en vermoë om daardie twee middele aan te wend waardeur heerskappy gehandhaaf word, naamlik dwang en konsent. 'n Regerende elite kom tot 'n val vanweë sy onvermoë of onwilligheid om een van die twee in voldoende mate aan te wend. Heerskappy kan voorts gehandhaaf word deur oorreding of dwang en aan beide wyses gee Pareto met verwysing na residue en derivate 'n funksionele uiteensetting.

Met verwysing na dwang as wyse tot heerskappyhandhawing kom Pareto onder andere tot die gevolgtrekking dat dit nie net nodig is nie, maar selfs onder bepaalde omstandighede noodsaaklik.[1] Vanweë die onvermoë egter van regerende elites om beide dwang en oorreding in die verlangde verhouding toe te pas, raak regerende elites in verval. Hierin lê dan ook vir Pareto die kern van die opkoms en verval van regerende elites; waarvoor Pareto ook 'n breedvoerige uiteensetting voorsien.[2] Hoewel talle van sy aannames suiwer hipoteties is, kan nie ontken word dat Pareto hiermee tog 'n bydrae tot die analise van die polities-sosiale realiteit gelewer het nie, al sou dit teoreties bloot geleë wees in 'n beter begrip van die interne sosiale dinamiek van regerings. Vir Pareto self is die siklus van opkoms en verval een van die uniformiteite van die menslike samelewing,[3] en hy gee ook hiervan 'n volledige uiteensetting.

Die regeringsisteem is vir Pareto een van die belangrikste van die talle komplekse fenomene in die samelewing omdat dit in interafhanklike verhouding tot ander sosiale fenomene staan.[4]

Pareto analiseer in hierdie verband die verskillende politieke vorms, die interne funksionering van die regering, sowel as die karakter en metode van die regerende klas.

Ten spyte van kritiek teen Pareto se bydrae[5] kan in die lig van ons uiteensetting, soos hierbo saamgevat, gestel word dat hoewel

---

1) Vergelyk: Hoofstuk IV, subhoof 3.3, p. 189 e.v.
2) Vergelyk: Hoofstuk IV, subhoof 3.4, p. 190 e.v.
3) Vergelyk: Hoofstuk IV, subhoof 3.3, p. 190.
4) Vergelyk: Hoofstuk IV, subhoof 3.5, p. 194.
5) Vergelyk: Hoofstuk IV, subhoof 3.6, p. 199 e.v.

talle van die aannames in hierdie "teorie" tot nog toe suiwer hipoteties van aard is, aanvaar kan word dat Pareto hiermee tog 'n bydrae tot die analise van 'n aspek van die polities-sosiale realiteit gelewer het. Die bydrae behels naamlik die poging tot 'n verklaring van die interne sosiale dinamiek van regerings. Trouens, hyself beskou die siklus van opkoms en verval van die regerende elite as een van die uniformiteite van die menslike samelewing. Hierdeur het hy wel bygedra tot 'n insig in en begrip van die aard van die regerende elite. Andersyds is dit ook belangrik om daarop te wys dat hy in die ontleding van die polities-sosiale realiteit 'n sosiale sisteembenadering gevolg het.

Pareto se bydrae, soos hierbo saamgevat, verskaf genoegsame motivering in terme waarvan hy as 'n medegrondlegger van die Politieke Sosiologie kan kwalifiseer.

Samevattend met betrekking tot Mosca se bydrae kan gestel word dat hy, in ooreenstemming met onder andere Pareto en Marx, ook twee klasse onderskei, naamlik dié wat regeer en dié wat regeer word. Dit is opmerklik dat, naas hierdie ooreenkoms, daar talle ander opvallende ooreenkomste is in die beskouings van Pareto en Mosca, afgesien van die feit dat hulle prinsipieel dieselfde studie-objek, naamlik die politieke elite of die heersersklas gehad het. Mosca toon die funksionering en aard van die politieke klas aan. Hy wys daarop dat in die politieke- of heersersklas 'n leier onder die leiers in die klas as geheel is. Hy beskik nie noodwendig konstitusioneel oor superieure mag nie, en daar mag selfs meer as een leier wees wat die superieure kontrole uitoefen. Hy toon ook aan dat, ongeag die tipe politieke organisasie, die massas druk uitoefen (byvoorbeeld deur ontevredenheid) op die beleid van die politieke klas.

Die politieke klas en die staatshoof is afhanklik van steun hetsy uit die massas of die politieke klas. Word daar weggedoen met die politieke klas, sal 'n georganiseerde minderheid uit die massas die funksies van die staat oorneem: andersyds sal die totale sosiale struktuur vernietig word. Hy verantwoord ook sy hipotese van regering deur die minderheid.

Breedweg sou die volgende stadia in die historiese ontwikkeling van die politieke klas geïdentifiseer kon word.

In primitiewe samelewings is moed of militêre dapperheid die kwaliteit wat heerskappy bepaal. Hy toon ook die ontwikkelingsfases van 'n veglustige heersersklas in hierdie samelewing aan, en wys daarop dat waar die horde saamleef en 'n jagtersbestaan voer, individue in vegters kan ontwikkel. Laasgenoemde sal dan heers oor die stam via 'n eie leier. Die volgende fase is dié waarin die jagtersfase oorgaan in 'n pastorale fase. Tydens hierdie fase sal diegene toegewy aan oorlog heers oor diegene toegewy aan landbou-aktiwiteite. 'n Volgende fase is die waarin handelaars ondergeskik gestel is aan edelmanne wat in hoofsaak die grondbesitters geword het. Hieruit sou die toestand ontwikkel waarin rykdom eerder as militêre moed of braafheid die onderskeidende kenmerk van die heersersklas word. 'n Reeks aanpassings is nodig sodat die"feodale staat" in 'n burokratiese staat omskep kan word. Na hierdie transformasie word politieke mag daargestel deur rykdom.

Mosca gee ook 'n uiteensetting van die verhouding tussen religie en politiek.[1)]

Op grond van sy uiteensetting van die oorerflike kaste waarin lidmaatskap van die heersersklas deur geboorte beperk is tot bepaalde eksklusiewe families, kom hy onder andere tot die volgende aannames:

(i) dat alle heersersklasse poog om te bly voortbestaan soortgelyk aan die oorerflikheidsbeginsel;[2)]
(ii) dat alvorens hierdie aanspraak van eksklusiewe reg tot magsbesit uitgeoefen word alle politieke kragte allereers gemonopoliseer word.

Mosca gee ook 'n saaklike uiteensetting van die verval van heersersklasse[3)] en toon aan dat die hele menslike geskiedenis neerkom op 'n konflik tussen die neiging van dominante elemente om politieke mag te monopoliseer en om deur oorerflikheid die besitreg daarvan oordraagbaar te maak, teenoor die neiging om ou kragte te versteur en die daarstelling van nuwes te bewerkstellig.

---

1) Vergelyk: Hoofstuk IV, subhoof 4.1.1, p. 206.
2) Vergelyk: Hoofstuk IV, subhoof 4.1.1, p. 206.
3) Vergelyk: Hoofstuk IV, subhoof 4.1.1, p. 208.

Mosca se aanname met betrekking tot verouderde samelewings is na ons mening ook van besondere betekenis veral in die lig van die moontlike implikasies wat daaruit af te lei is, naamlik dat dinamiese sosiale verandering die monopolisering van mag en die perpetuering daarvan onderskeidelik kan bemoeilik en versteur en sodoende kristallisering kan verongeluk. Mosca self hanteer ook die verskynsel van dinamiese sosiale verandering en die invloed daarvan op die heersersklas.[1)]

Alhoewel met Mosca se heersersklasteorie hier volstaan word, is ook aangetoon dat hy in werklikheid 'n omvattende bydrae gelewer het tot die studie van die polities-sosiale realiteit. Na ons mening dien sy heersersklasteorie as genoegsame kwalifikasie vir sy klassifisering as 'n medegrondlegger van die Politieke Sosiologie.

Vervolgens word stilgestaan by sekere fundamentele bydraes van Weber, Michels en Mannheim in terme waarvan hulle sou kon kwalifiseer as medegrondleggers van die Politieke Sosiologie.

---

1) Vergelyk: Hoofstuk IV, subhoof 4.1.1, p. 208 e.v.

HOOFSTUK V

Sekere fundamentele bydraes deur enkele medegrondleggers van die Politieke Sosiologie (vervolg)

1. Max Weber (1864-1920)[1)]

Hoewel ons uitgangspunt met betrekking tot al die wetenskaplikes onder behandeling in hierdie en die voorafgaande hoofstuk slegs is om hulle fundamentele bydraes tot polities-sosiale denke in berekening te bring, sou dit 'n taak van onmoontlikheid wees om Weber se bydrae aan te stip sonder minstens 'n saaklike verwysing na sy metodologie.

1.1 Die ideëel-tipe en "verstehende"-benadering as fasette van Weber se metodologie

MacIver gee volle erkenning aan Weber se ideëel-tipe as metodologiese instrument en vervolg: "... the unity of aspects interactive and congenial to one another that together comprise the significance and the historical mode of a social system. The 'ideal type' is not the totality of social conditions but the discriminative and many-faceted principle that runs through them. It is a specific life-form that can be discerned by the disciplined understanding as it plays upon the multiplicity of historical phenomena".[2)] Hy vervolg dan deur die ideëel-tipe te identifiseer as 'n instrumentele beginsel, as 'n gids in die ontdekking van orde en 'n inisieërder van deeglike ondersoek.[3)]

Weber se ideëel-tipe kan beter begryp word indien in gedagte gehou word dat die unilaterale determinering van die samelewing deur 'n enkele element, hetsy ekonomies, polities of religieus onmoontlik

---

1) Al sou in die geval van Weber alle literatuur toeganklik wees vir die leser, is in die onderhawige afdeling nie hoofsaaklik van primêre bronne gebruik gemaak nie as gevolg van die feit dat nie al Weber se werke in vertaalde vorm beskikbaar is nie. Aangesien hier volstaan word slegs met prinsipiële postulate van Weber oor die Politieke Sosiologie, is van sekondêre bronne gebruik gemaak en gepoog om aannames uit sekondêre bronne te verifieer aan die hand van ander leidende sosioloë se bydraes in die verband. (Vergelyk: Hoofstuk I, subhoof 6, p. 30 e.v.

2) Spitz, D. (redakteur), Robert M. MacIver: Politics and Society, p. 25.

3) Ibid., p. 25.

is, maar dat sosiologies-kousale verhoudings moontlik en gedeeltelik van aard in wisselwerking met histories-kousale verhoudings wel relevant is. Afgesien dus van die feit dat die "ideëltipe" 'n omvattende konsep is deurdat dit die organisering van verstaanbare verhoudings binne 'n historiese entiteit of opeenvolgende gebeure is, is dit ook die uiting van 'n poging tot die verstaanbaarmaking van materiaal onder observasie, deur die openbaarmaking van die interne rasionaliteit daarvan, dus 'n "denkkonstruksie". Die ideëel-tipe hou ook verband met die analitiese en gedeeltelike konsepsie van kousaliteit - histories en sosiaal. Dit stimuleer 'n begrip van die historiese element, maar is ook 'n gedeeltelike begrip van die totale geheel.[1)]

Shils en Finch omskryf 'n ideëel-tipe soos volg: "An ideal type is formed by the one-sided accentuation of one or more points of view and by the synthesis of a great many diffuse, discrete, more or less present and occasionally absent 'concrete individual' phenomena, which are arranged according to those one-sidedly emphasized viewpoints into a unified 'analytical' construct."[2)]

Die ideëel-tipe is dus 'n analitiese konstruksie wat dien as 'n meetinstrument waarmee ooreenkomste en afwykings in konkrete situasies bepaal kan word. Coser[3)] toon aan dat die ideëel-tipe nie bedoel is om morele ideale te realiseer nie, daar 'n ideëel-tipe van 'n bordeel en 'n kapel gekonstrueer kan word. Eweneens is dit nie bedoel om na statistiese gemiddeldes[4)] te verwys nie. So

---

1) Aron, Raymond, Op. cit., Volume II, pp. 202-206.
2) Shils, E., Finch, H. (redakteurs), Max Weber, The Methodology of the Social Sciences, p. 90.
3) Coser, L.A., Op. cit. (1971), p. 223.
4) Rex, John, Op. cit. (1973), pp. 125-126. Rex het die postulaat van statistiese gemiddelde met verwysing na sosiale fenomene in geen onduidelike en onsekere terme nie bevraagteken. Hy verwys na Durkheim waar laasgenoemde in sy The Rules of Sociological Method aantoon dat die sosioloog nie van alle sosiale fenomene gelyktydig kan praat nie en dus 'n konsepsie moet hê van 'n spesie-tipe. Gevolglik kan die tipe gebaseer word op 'n statistiese gemiddelde. Vir Rex is die gedagte absurd. Vir hom is die probleem van die wetenskaplike om 'n tipe te konstrueer waarmee bestaande gevalle vergelyk kan word en hul afwykings van die suiwer tipe gemeet kan word. Vir die statisties gemiddelde tipe is daar weinig in die verband te sê. Weber het dit ingesien en het gevolglik daarop aangedring dat die primêre taak in die studie van die samelewing is om daardie elemente, verenig in 'n bepaalde struktuur, op te helder en om laasgenoemde uiteen te sit in 'n ideëel-tipe sodat wanneer die spesifieke geval bestudeer word, mens sal weet welke kentrekke in die besonder werd is om waar te neem en te meet.

kan die gemiddelde Protestant op 'n gegewe tyd en plek aansienlik verskil van die ideëel-tipiese Protestant. Alhoewel gekonstrueer uit sekere elemente uit die realiteit, korrespondeer die ideëel-tipe nooit met die konkrete realiteit nie, maar is "altyd 'n tree daarvan verwyder". Daar kan nie 'n presiese empiriese weergawe wees van die "Protestantse etiek" of "die charismatiese leier" nie.[1] Weber se drie ideëel-tipes word onderskei op grond van hul vlakke van abstraksie, naamlik:

(i) daardie ideëel-tipe gewortel in historiese besonderhede soos die "Protestantse etiek" en "moderne kapitalisme", wat verwys na fenomene wat voorkom slegs in spesifieke historiese periodes en spesifieke kulturele gebiede;
(ii) daardie ideëel-tipe wat abstrakte elemente uit die sosiale realiteit omvat, konsepte dus soos "burokrasie" of "feodalisme" wat gevind kan word in 'n variëteit van historiese en kulturele kontekse; en
(iii) daardie ideëel-tipe wat neerkom op gerasionaliseerde rekonstruksies van 'n spesifieke soort gedrag.

Vir Weber val alle proposisies in die ekonomiese teorie in hierdie kategorie.[2]

Die besondere betekenis van Weber se ideëel-tipe blyk onder andere daaruit dat elke wetenskap sy konsepte presies (of minstens so presies moontlik) moet definieer. In die sosiale wetenskappe en by name die Sosiologie is hierdie probleem welbekend. Die aanwending van konsepte (met 'n bepaalde betekenis voorveronderstel) varieer van tydvak tot tydvak en van skool tot skool.[3] Max Weber met sy ideëel-tipe het die dilemma van konsepte wat verskil in betekenis van een tydvak tot 'n ander en van een situasie tot 'n ander oorkom.

Freund stel dit soos volg: "In order to give the concepts utilized in the historical method the necessary rigor, Weber evolved his notion of the 'ideal type'".[4]

---

1) Coser, L.A., Op. cit. (1971), p. 223.
2) Ibid., p. 224. Vergelyk ook: Aron, R., Op. cit., Volume II, pp. 207-210.
3) Vergelyk: Freund, Julien, The Sociology of Max Weber, p. 59.
4) Ibid., p. 60.

Weber verwerp die aanname dat die wetenskap daartoe in staat is om deur te dring tot die essensie van dinge ten einde dit saam te voeg tot 'n volkome geheelsisteem wat 'n getroue weergawe van die realiteit vergestalt. Vir Weber is die probleem dus soos volg: "... how are we to formulate a precise concept of a unique piece of reality, seeing that we must eschew generalization in the sense of drawing analogies and noting resemblances with other segments of reality, for to do so would mean to subordinate phenomena to laws or generic concepts which would despoil them of what is distinctive, special and unique about them?"[1] Volgens Weber was die oplossing geleë in die konstruksie van 'n spesiale tipe konsep, wat sou uitkristalliseer in sy werk as die ideëel-tipe.

Dat Weber se ideëel-tipe baie kritiek uitgelok het, is in 'n sekere sin logies te antisipeer. Vir die doel van hierdie studie is dit egter nie nodig om verder daarop in te gaan nie.[2]

'n Verdere faset van Weber se metodologie wat vermelding verdien, is sy "verstehende"-benadering. Afgesien van die kritiese evaluering[3] van die oorsprong van die gedagte en die kritiek wat rondom Weber[4] se toepassing daarvan gevind word in die wetenskaplike literatuur, volstaan ons hier met 'n saaklike weergawe van die inhoud van die benadering.[5] Die vraag wat Weber stel is in welke mate kan ons deur middel van "verstehen"[6] as 'n

---

1) Ibid., p. 61.
2) Vergelyk, naas die reeds gemelde bronne oor Weber:
   (i) Giddens, A., Capitalism and Modern Social Theory (1971), pp. 141-144.
   (ii) Runciman, W.G., A Critique of Max Weber's Philosophy of Social Science, p. 33 e.v.
   (iii) Eldridge, J.E.T. (redakteur), Max Weber, p. 223 e.v.
   (iv) Sahay, Arun (redakteur), Max Weber and Modern Sociology, p. 67 e.v.
   (v) Wrong, Dennis (redakteur), Max Weber, p. 8 e.v.
   (vi) Timasheff, N.S., Op. cit., pp. 178-181.
3) Vergelyk: Freund, J., Op. cit., p. 93.
4) Vergelyk: Parsons, T., The Structure of Social Action (1949). Hoofstuk XVI, p. 579 e.v.
5) Freund, J., Op. cit., p. 87 e.v. (Die onderhawige uiteensetting is primêr uit genoemde bron gedoen.)
   Lachmann, L.M., The Legacy of Max Weber, pp. 17-26.
6) Die begrip wat Freund hier gebruik is "interpretative understanding". Ons gebruik egter die begrip "verstehen" in navolging van Weber. Soms word hierna ook verwys met die term "begrypende metode".

sosiologiese metode waarhede realiseer of vasstel wat geldig is vir diegene wat na die waarheid soek? In teenstelling met 'n suiwer naturalistiese verklaring word met die "verstehende" benadering beoog om die betekenis van gedrag of 'n verhouding te begryp. Hy het aanvaar dat menslike gedrag 'n betekeniskonteks het wat ons moet begryp ten einde die gedrag opsigself te verstaan. Die Sosiologie en Geskiedenis, as voorbeelde van empiriese dissiplines, stel belang in die subjektiewe doelstellinge van mense of groepe betrokke in 'n spesifieke handeling. Hierdie dissiplines het gepoog om die doel wat hierdie mense in hul handeling nastreef, te verstaan, ongeag hoe logies aldan nie hierdie doel is.

As empiriese wetenskap streef die Sosiologie daarna om subjektief betekenisvolle gedrag te verstaan. Weber vra egter die vraag hoe moet die betekenis daarvan begryp word? In die verband maak Weber 'n onderskeid tussen wat hy noem "direkte empiriese begrip" en "verklarende begrip" of "verstehen". Ons begrip van die vermenigvuldiging van twee getalle of van wat ons lees op 'n gedrukte bladsy is van die eerste soort. Die tweede tipe begrip is indirek, aangesien dit afhanklik is van die motiewe van die handeling vir die betekenis van die handeling. Dit is in die verband dat ons 'n begrip het van die handeling van 'n houtkapper wat hout kap vir 'n lewe. Beide tipes begrippe kan òf rasioneel òf irrasioneel van aard wees. Hoewel hierdie vorme van begrip verskillend mag wees, is hulle gebaseer op sekerheid heeltemal afsonderlik van wetenskaplike navorsing. Ten einde te verstaan ("verstehen"), is om die besondere betekenis van handeling te begryp. Weber toon egter duidelik ook die verskillende vlakke van sekerheid aan. Die hoogste vlak van sekerheid tref ons aan in die intellektuele begrip van rasionele aktiwiteit, byvoorbeeld 'n wiskundige handeling. 'n Volgende vlak van sekerheid is dié waarin 'n voldoende graad van sekerheid ons begrip van ander se ervaringe karakteriseer wanneer ons simpatiek teenoor hul staan as gevolg van die feit dat ons self dieselfde fout begaan het. 'n Ander vlak is waar ons andere bloot aanvaar as data - as van dieselfde orde as psigofisiese reaksies of 'n oorerwingsfaktor. Andersyds is ons meer bevoeg tot die verstaan en simpatieke herbelewing van irrasionele reaksie, byvoorbeeld vrees en jaloesie, indien onsself meer vatbaar vir sulke gevoelens is.

Die sekerheid van "verstehen" kan dus belemmer word as gevolg van die feit dat onbegryplike eksterne elemente soos geleentheid, moontlikheid of die psigologiese verwarring wat ervaar word, indien twee persone verskillend reageer tot dieselfde situasie, 'n rol speel. Dog, Interpreterende Sosiologie beskou sulke onverklaarbare fenomene as eenvoudige data en bring hulle in berekening op dieselfde wyse as wat fisiese of klimatologiese fenomene in berekening gebring word. Weber het interpretasie nie as 'n suiwer sielkundige proses beskou nie, dog duidelik as 'n logiese metode waardeur ons in staat gestel word om die betekenis van 'n aktiwiteit of 'n wyse van gedrag te begryp. Weber se hoofprobleem het nie primêr om interpretasie of verklaring gesentreer nie, maar wel onder andere hoe om op grond van interpretatiewe "verstehen" rasionele en akkurate ideëel-tipes van sosiale gedrag te konstrueer wat verenigbaar is met die hierbo-omlynde rasionele interpretasie, maar ook wetenskaplike werk kan fasiliteer.[1)]

Dat hierdie saaklike verwysing na Weber se metodologie nodig was, blyk uit die feit dat Weber se bydrae tot die Politieke Sosiologie konsepte soos burokrasie, gesag en vorme van gesag omvat, in welke verband die nodige betekenisvolheid van die konsepte nie begryp kan word sonder ten minste hierdie saaklike agtergrond van Weber se metodologie nie.

1.2 Weber se politieke sosiologie

Onnodig om te meld dat Weber vry algemeen erkenning ontvang vir sy polities-sosiologiese bydrae.[2)] Dat politieke sosioloë Weber dan ook algemeen aanvaar as een van die baanbrekers op die terrein van die Politieke Sosiologie blyk uit die talle werke op

---

1) Vir 'n kritiese evaluering van Weber se "verstehende"-benadering vergelyk:
   (i) Eldridge, J.E.T. (redakteur), Op. cit., pp. 28-32.
   (ii) Runciman, W.G., Op. cit., pp. 42-48.

2) Vergelyk in die verband:
   (i) Bendix, Reinhard, Max Weber, An Intellectual Portrait, pp. 289-449.
   (ii) Wrong, Dennis (redakteur), Op. cit., pp. 147-181.
   (iii) Eldridge, J.E.T. (redakteur), Op. cit., pp. 33-44.
   (iv) Giddens, A., Op. cit. (1971), p. 119 e.v.
   (v) Freund, J., Op. cit., pp. 218-245.
   (vi) Mommsen, Wolfgang J., The Age of Bureaucracy (1974), (in geheel).

hierdie terrein wat erkenning in die verband aan Weber verleen.[1] Dit sou voorts 'n uiters moeilike taak wees om selfs 'n kortlys te maak van Weber se belangrikste polities-sosiologiese bydraes, aangesien sy bydraes besonder omvattend is. So het Weber met betrekking tot die studie van die staat[2] alleen 'n fenomenale bydrae gelewer deur 'n ontleding te doen van die ontstaan van die staat, heerskappy, party en partyorganisasies, die parlement en drie tipes van gesag.

Dit is interessant om daarop te let dat talle skrywers[3] Weber langs Marx plaas as medegrondlegger van die Politieke Sosiologie. Om egter in studie oor te gaan van Marx na Weber is soos Runciman dit stel: "... to exchange a blitzkrieg for siege-warfare".[4] Afgesien van die feit dat ons by Weber 'n veel ingewikkelder beredenering aantref as by Marx, moet dadelik bygevoeg word dat hierdie twee sosiaal wetenskaplikes se bydraes tot die studie van polities-sosiale interaksie en denke op totaal verskillende vlakke lê. Soos Löwith[5] tereg opmerk, bied Marx 'n "geneesmiddel" vir die samelewing terwyl Weber se analise van die samelewing beperk bly tot 'n diagnose. Nie alleen was Weber 'n kritikus van Marx nie, maar is sy bydrae ook vervat in duidelike konsepte en die ekstensiewe aanwending van die konsepte in die analisering van polities-sosiale fenomene.[6]

Wat ons in hierdie uiteensetting beoog, is Weber se bydrae tot die Politieke Sosiologie en nie soseer die politieke konteks van Weber se sosiologie[7] of Weber se persoonlike politieke beskouinge nie.[8]

---

1) Vergelyk in die verband onder andere:
   (i) Horowitz, I.L., Op. cit., p. 552.
   (ii) Rush, M., Althoff, P., Op. cit., p. 3 en p. 5.
   (iii) Lipset, S.M., Op. cit. (1973), p. 24.
   (iv) Coser, L.A. (redakteur), Op. cit. (1967), p. 35.
   (v) Dowse, R.E., Hughes, J.A., Op. cit., p. 1.
2) Weber, Max, Staatsoziologie (1966), pp. 17-104.
3) Vergelyk in die verband:
   (i) Lipset, S.M., Op. cit. (1973), p. 28 e.v.
   (ii) Rush, M., Althoff, P., Op. cit., p. 5.
   (iii) Nordlinger, E.A. (redakteur), Op. cit., pp. 8-20.
4) Runciman, W.G., Op. cit. (1971), p. 52.
5) Löwith, Karl, "Max Weber and Karl Marx" soos aangehaal deur Runciman, W.G., Op. cit. (1971), p. 54.
6) Vergelyk: Rush, M., Althoff, P., Op. cit., p. 5.
7) Vergelyk: Giddens, Anthony, Politics and Sociology in the Thought of Max Weber (1972), pp. 28-39.
8) Vergelyk:
   (i) Mommsen, W., Max Weber und die Deutsche Politik (1959), (in geheel)
   (ii) Honigsheim, P., On Max Weber, pp. 119-120.

1.2.1 Max Weber en enkele begripsomskrywings relevant tot die Politieke Sosiologie

Weber toon aan dat die begrip "politiek" omvattend is. "The concept is extremely broad and comprises any kind of 'independent' leadership in action".[1] Hy neem as voorbeeld onder andere die wisselkoersbeleid ("policy") van 'n bank en die staakbeleid van vakunies. Weber vervolg: "We wish to understand by politics only the leadership, or the influencing of the leadership, of a 'political' association, hence today, of a 'state'. But what is a 'political' association from the sociological point of view? What is a 'state'? Sociologically, the state cannot be defined in terms of its ends. There is scarecely any task that some political association has not taken in hand, and there is no task that one could say has always been exclusive and peculiar to those associations which are designated as political ones: today the state, or historically, those associations which have been the predecessors of the modern state."[2] Vir Weber kan die staat eventueel net sosiologies omskryf word in terme van die spesifieke middele eie aan die staat soos aan elke politieke assosiasie, naamlik die aanwending van fisiese dwang. Gevolglik definieer Weber die staat soos volg: "... a state is a human community that (successfully) claims the monopoly of the legitimate use of physical force within a given territory" en vervolg Weber: "... 'politics' for us means striving to share power or striving to influence the distribution of power, either among states or among groups within a state".[3] Veral Weber se koppeling van dwang aan sy konsep van die staat het kritiek ontlok.[4] Ons kan egter nie hier stilstaan by elke punt van kritiek teen Weber ingebring

---

1) Gerth, H.H., Mills, C. Wright (redakteurs), From Max Weber: Essays in Sociology, p. 77.
2) Ibid., p. 77.
3) Ibid., p. 78.
4) Vergelyk: Friedrich, C.J., "Max Weber and Power Politics" soos aangehaal deur Stammer, Otto (redakteur), Max Weber and Sociology Today, pp. 102-103. Friedrich is van mening dat Weber outoriteit en wetlikheid verwar: "... which proved so disastrous in its consequences, and to show that this arises from his vague concept of power, which involves an overestimation of power as force ..." Hy beweer dat hierdie valse aannames berus op 'n gebrek aan empirisiteit en foutiewe filosofiese aannames aan Weber se kant.

nie, aangesien slegs sy primêre bydrae tot die studie van polities-sosiale interaksie ons hier interesseer. Hoe debatteerbaar ook al, moet Weber se uiteensetting van "politiek" en "staat" as 'n bydrae tot die studie van polities-sosiale interaksie gesien word.

Weber toon vervolgens aan dat die staat 'n verhouding is van mense gedomineer deur mense, 'n verhouding gerugsteun deur wetlike middele (of wat beskou word as wetlik).[1] Vir die staat om te kan bly voortbestaan, moet die onderdane die gesag wat diegene aan bewind hulleself toe-eien, gehoorsaam. Waarom mense onderdanig en gehoorsaam is, en die interne regverdiging en eksterne middele waarop oorheersing berus, verklaar Weber daarin dat daar drie innerlike regverdigings, dus basies legitimasies, vir oorheersing is, te wete: "First, the authority of the 'eternal yesterday', i.e. of the mores sanctified through the unimaginably ancient recognition and habitual orientation to conform. This is 'traditional' domination exercised by the patriach and the patriomonial prince of yore. There is the authority of the extraordinary and personal 'gift of grace' (charisma), the absolute personal devotion and personal confidence in revelation, heroism, or other qualities of individual leadership. This is 'charismatic' domination, as exercised by the prophet or - in the field of politics - by the elected war lord, the plebiscitarian ruler, the great demagogue or the political party leader. Finally, there is domination by virtue of 'legality', by virtue of the belief in the validity of legal statute and functional 'competence' based on rationally created 'rules'. In this case, obedience is expected in discharging statutory obligations. This is domination as exercised by the modern 'servant of the state' and by all those bearers of power who in this respect resemble him."[2]

Alvorens ons by 'n verdere detaillering van Weber se drie vorme van gesag soos hierbo omskryf, te wete tradisionele gesag, charismatiese gesag en wetlik-rasionele gesag kom, gee ons vervolgens enkele verdere gedagtes van Weber relevant tot die onderhawige tema saaklik weer.[3]

Politieke aktiwiteit word eerstens gekarakteriseer deur die feit

---

1) Gerth, H.H., Mills, C. Wright, (redakteurs), Op. cit., p. 78.
2) Ibid., pp. 78-79.
3) Freund, J., Op. cit., pp. 220-223.

dat dit binne bepaalde perke of grense plaasvind. Die grense hoef nie noodwendig streng afgebaken te wees nie, hulle mag selfs varieer, maar sonder grense wat die groep afbaken, kan daar nie sprake van politiek wees nie. 'n Logiese konsekwensie is die skeiding van die interne en die eksterne. Hierdie skeiding is inherent aan die begrip "territorium". Tweedens neem diegene wat binne die grense van die groep woon 'n gedragswyse aan wat betekenisvol georiënteerd is met betrekking tot die territorium en die daarin bestaande gemeenskap; 'n aanname in dié sin dat hul gedragswyse gekondisioneer word deur daardie gesag wat verantwoordelik is vir die handhawing van orde insluitende die moontlik gebruik van dwang en die verpligting om hul integriteit as 'n gemeenskap te verdedig. Derdens is die instrument wat aangewend word in politieke handeling dwang en selfs potensiële geweld. Talle ander middele word aangewend in die realisering van 'n bepaalde doelstelling. In geval van mislukking is dwang die spesifieke middel. Gevolglik is dominering of oorheersing ("Hersschaft") sentraal tot die politieke fenomeen, en die politieke groep is dus primêr 'n groep wat heerskappy uitoefen. Gevolglik kan politieke handeling gedefinieer word as die aktiwiteit wat sigself die reg tot oorheersing of heerskappy toe-eien namens die gesag wat in 'n bepaalde territorium gevestig is, met die moontlike aanwending van dwang en selfs geweld indien nodig, ten einde òf interne orde te handhaaf en die voordele wat dit inhou òf om die gemeenskap teen eksterne bedreiging te verdedig. Freund vervolg in die verband: "In a word, politics is the process which ceaselessly aims at forming, developing obstructing, shifting or overturning the relationships of domination."[1)]

Vir Weber is dominering of heerskappy die praktiese en empiriese uiting van mag ("Macht"). Hy definieer mag as: "...'the probability that one actor within a social relationship will be in a position to carry out his own will despite resistance'" en heerskappy as: "...'the probability that a command with a given specific content will be obeyed by a given group of persons'".[2)] Freund wys eksplisiet daarop dat bogenoemde uiteensetting nie van toepassing is op die politiek alleen nie, maar dat daar ook ander

---

1) Ibid., p. 221.
2) Max Weber soos aangehaal deur Freund, J., Op. cit., p. 221.

omstandighede is waar die mens sy wil sal kan afdwing (byvoorbeeld ekonomies). Dit word egter polities indien die wil betekenisvol georiënteer is in verhouding tot 'n territoriale groepering ten einde 'n bepaalde doelstelling te realiseer wat betekenisvol is slegs in terme van daardie groep. Daar is niks polities in die aanwending van mag ten einde 'n staking se doelstelling (beter lone of werkstoestande) te realiseer nie, solank as wat sulke handeling nie gerig is op die oorheersing van die territoriale groep as geheel nie, met ander woorde solank as wat gevestigde outoriteit en regulasies gerespekteer word.

Voorts is daar onderliggend aan alle politieke heerskappy die primêre verhouding van bevel en gehoorsaamheid. Die persoon in bevel beskik oor gesag of outoriteit met die voorbehoud dat sy bevel uitgevoer word ongeag die redes vir onderwerping of gehoorsaamheid (of dit vrees, respek, persoonlike gewin, opportunisme of tradisie is). Gehoorsaamheid impliseer dus dat die lede van 'n politieke groep of eenheid sal optree soos persone wat die inhoud van die bevel sal beskou as voorskrif vir hulself wat hul individuele gedrag beheer, eenvoudig omdat hulle die noodsaaklikheid daarvan erken en ongeag hul persoonlike mening oor die voor- of nadele van die bevel as sodanig.

Die uitoefening van gesag impliseer die organisering van die groep en word in die moderne tyd beoefen deur middel van 'n hoogs gestruktureerde organisasie, danksy die bestaan van 'n administrasie, as permanente dwangapparaat en rasionele regulasies[1] wat dien ter bereiking van die kontinuïteit van politieke aktwiteit. Hierdie toestand is kensketsend van die moderne staat en nie van politiek in die algemeen nie, daar politieke partye voorgekom het sonder die vestiging van enige administrasie.

Die verhouding bevel-gehoorsaamheid beteken by implikasie dat enige heerskappy uitgeoefen sal word deur 'n minderheid of klein groep wat op die een of ander wyse hul siening sal afdwing op die meerderheid. Daar bestaan nie 'n regering van almal deur almal of selfs van die minderheid deur die meerderheid nie. In effek is dit altyd

---

1) Ons volstaan met hierdie sydelingse verwysing na Weber se siening van die burokrasie as ideëel-tipe, aangesien dit in 'n volgende paragraaf vollediger behandel sal word.

'n minderheid wat die besluite neem en wat die politieke aktiwiteit van die politieke meerderheid rig ooreenkomstig hul eie insig. 'n Hieruit voortspruitende implikasie is dat daar altyd 'n mate van geheimhouding oor die intensies, politieke aktiwiteite en besluite is. Enige vorm van heerskappy impliseer 'n mate van geheimhouding met betrekking tot sekere essensiële aspekte.

1.2.2 Weber se siening van die parlement en demokrasie[1)]

Naas Weber se meer bekende bydraes tot die Politieke Sosiologie,[2)] het Weber ook fundamentele bydraes gelewer ten opsigte van die parlementêre stelsel en demokrasie.[3)] Weber se uitgangspunt was dié van algemene funksies van parlementêre stelsels, waar dié stelsel ook al voorkom, as 'n uiting van die konsent van die onderdane aan die regering. "A certain minimum of consent, at least of the socially important classes among the governed, is a precondition for the permanence of even the best organised systems of rule. Parliaments are nowadays the means for giving outward expression to this minimum of consent."[4)] Wat egter vir Weber van belang was, was die verskille in die konstitusionele posisies van parlemente. Hiervan het nie alleen die aard en wese van politiek nie, maar ook die ontwikkeling van politieke leierskap afgehang.

Hy onderskei tussen die parlement as 'n faktor in positiewe politiek en die parlement as 'n faktor in negatiewe politiek. Eersgenoemde is 'n parlement waarin die regering direk verkies is of die steun van die meerderheid moes handhaaf ten einde aan bewind te kon bly en wat aan die parlement verantwoordelik is vir die beleidsuitvoering en toestemming. Indien die parlement beperk

---

1) Vir groter detaillering met betrekking tot die onderhawige tema vergelyk:
   (i) Weber, Max, Op. cit. (1966), pp. 81-97.
   (ii) Parsons, T. (redakteur), Max Weber: The Theory of Social and Economic Organization (1947), pp. 412-423.

2) Vergelyk: Die burokrasie as ideëel-tipiese vorm van administratiewe bestuur en sy drie "suiwer" tipes van gesag waarby ons later stilstaan.

3) Vergelyk: Beetham, David, Max Weber and the Theory of Modern Politics, pp. 96-116. (Hierdie uiteensetting is primêr uit die onderhawige bron gedoen).

4) Weber, Max, "Gesammelte Politische Schriften", p. 327 soos opgeneem in Beetham, D., Op. cit., pp. 96-97.

is tot die rol om finansiële of wetgewende goedkeuring aan die regering te weerhou, kan dit nie positief deelneem aan die werk van die regering nie en is dit 'n faktor van negatiewe politiek. Ooreenkomstig Weber se uiteensetting van negatiewe politiek is politieke partye en hul leiers wat nie deel in werklike mag nie beperk tot besware en protes en tot die negatiewe rol om te reageer op voorstelle wat elders geïnisieer is. Negatiewe politiek het vir hom die volgende manifestasies. Eerstens, omvat politiek altyd 'n strewe na persoonlike mag. Waar die sisteem verkose verteenwoordigers uitsluit uit werklike magsposisies, poog politici om minder belangrike administratiewe poste vir hul partylede te verseker.[1)]

Weber vervolg: "Everything revolves round the patronage of minor subordinate positions".[2)] 'n Tweede manifestasie is dat 'n swak parlement politiek van 'n ekstreme ideologiese aard bevorder, waarin die implikasies van politisering nooit behoorlik verreken is nie.

Indien negatiewe politiek die tipiese politieke vorm in swak parlemente is, is positiewe politiek die tipiese vorm van 'n sterk parlement, met ander woorde die beoefening van politieke verantwoordelikheid en waar die regering uit die parlement gerekruteer is en direk aan die parlement verantwoordelik is. In so 'n sisteem is die parlement se primêre funksie die rekrutering en opleiding van toekomstige politieke leiers. Vir Weber was dit die mees indrukwekkende eienskap van die Britse parlement. Deur middel van 'n proses van seleksie uit eie geledere het politici na vore getree wat 'n kwart van die mensdom onderwerp het aan die heerskappy van 'n klein minderheid.[3)] 'n Sterk parlementêre sisteem het vir hom die voordeel ingehou dat dit potensiële leiers getrek het, aangesien die parlement erken was as die weg tot 'n posisie waarin die beoefening van persoonlike verantwoordelikheid logies ingebed was.

---

1) Die latente funksie van hierdie optrede is na ons mening moontlik daarop gerig om die party-invloed na buite te bevorder, maar ook om die aansien van die politikus betrokke by hierdie aktiwiteit te probeer verhoog.

2) Weber, Max, "Gesammelte Politische Schriften", p. 329 en pp. 354-355 soos opgeneem in Beetham, D., Op. cit., p. 97.

3) Max Weber moes in sy tyd uiteraard die Britse Ryk evalueer toe laasgenoemde sy toppunt bereik het as wêreldryk. Gesien teen hierdie agtergrond is Weber se aanname meer begryplik.

Leierskap gerekruteer en ontwikkel in 'n sterk parlement, was vir Weber die enigste middel ter kontrolering van die administrasie. Dit was vir Weber die enigste lewensvatbare vorm wat die demokrasie kon aanneem onder moderne toestande. Weber sê: "It is only this school of intensive work in the realities of administration ... that equips an assembly to be a selecting ground, not for mere demagogues, but for effective politicians with a grasp of reality, of which the English Parliament is the supreme example. Only this kind of relationship between officials and professional politicians guarantees the continuous control of the administration, and through this the political education of both leaders and led."[1)]

Weber se beskouings in die onderhawige verband moet nie noodwendig op grond van oorspronklikheid[2)] as 'n bydrae gesien word nie, maar wel omdat volgens hom in 'n parlementêre regering daardie leierskap kan ontwikkel wat daartoe in staat sou wees om die moderne burokrasie te beheer. In die verband stel Giddens: "Since bureaucracy cannot itself 'lead', but depends upon the setting of objectives from 'outside', political leadership must devolve upon the charismatic properties of the individuals at the head of the party organizations."[3)] Die kern in Weber se argument lê nie soseer in groter demokrasie nie, maar in die sisteem wat politieke leierskap kan promoveer.

Vervolgens gee ons aandag aan Weber se meer bekende bydraes tot polities-sosiale denke, te wete sy burokrasie-evaluering en vorme van gesag wat direk verband hou met ons bespreking tot dusver.

1.2.3 Weber se beskouings oor die burokrasie[4)]

Dat Weber se bydrae tot die studie van burokrasie nie 'n bydrae tot

---

1) Weber, Max, "Gesammelte Politische Schriften", p. 343 soos aangehaal in Beetham, D., Op. cit., p. 100.
2) Beetham, D., Op. cit., p. 101.
3) Giddens, A., Op. cit. (1972), p. 52.
4) Vir 'n groter detaillering met betrekking tot die onderhawige tema vergelyk onder andere:
   (i) Freund, J., Op. cit., pp. 234-240.
   (ii) Beetham, D., Op. cit., pp. 63-81.
   (iii) Bendix, R., Op. cit., pp. 418-422.
   (iv) Abraham, J.H., Op. cit. (1973), pp. 282-288.
   (v) Giddens, A., Op. cit. (1972), pp. 47-53.
   (vi) Stammer, O. (redakteur), Op. cit., p. 201-208.
   (vii) Coser, L.A., Op. cit. (1971), pp. 230-233.
   (viii) Coser, L.A., Rosenberg, B., Op. cit., pp. 447-455.
   (ix) Blau, P., "Weber's Theory of Bureaucracy" uit Wrong, D. (redakteur), Op. cit., pp. 141-146.
   (x) Grusky, O., Miller, G.A. (redakteurs), The Sociology of Organizations, Basic Studies, pp. 5-23.

die terrein van die Politieke Sosiologie alleen is nie, spreek eintlik vir sigself, aangesien die burokratiese wyse van koordinering van aktiwiteite op politieke, ekonomiese en administratiewe terreine sigself manifesteer. Dit was dan ook veral vanweë Weber se betrokkenheid by die studie van mag en gesagsverskynsels waardeur hy tot 'n studie van burokrasie as 'n onderskeidende kenmerk van die moderne tyd gekom het.[1] Die gedagte van 'n burokratiese administratiewe instrument het ons reeds teëgekom in die antieke Babiloniese en Egiptiese beskawings.[2] Wat ons hier egter interesseer is daardie karakteristieke wat Weber ten opsigte van die burokrasie waargeneem het en die verband daarmee met die polities-sosiale realiteit.

Weber identifiseer die volgende karakteristieke van burokrasie.[3] Die moderne amptenary funksioneer naamlik op die volgende wyse:

(i) Daar is die beginsel van gevestigde en amptelike terreine van jurisdiksie wat bepaal en verskans word deur administratiewe regulasies:

(a) die aktiewiteite wat vereis word vir die doeleindes van die burokraties-beheerde struktuur is versprei op 'n permanente wyse as amptelike pligte;

(b) die gesag om bevele te gee wat nodig is om hierdie pligte te realiseer, is op 'n stabiele wyse versprei en is streng beperk deur reëls met betrekking tot dwangmiddele, fisies of andersins, wat beskikbaar gestel kan word aan amptenare; en

(c) voorsiening is gemaak vir die gereelde en durende vervulling van hierdie pligte en vir die implementering van dienooreenkomstige regte; en slegs persone met die vereiste kwalifikasies word in diens geneem.

Hierdie drie elemente stel burokratiese gesag daar.

(ii) Die beginsel van 'n ampte-hiërargie en van vlakke van gegra-

---

1) Coser, L.A., Op. cit. (1971), p. 230.
2) Vergelyk: Hoofstuk II, subhoof 3, p. 36 en subhoof 4, p. 39.
3) Gerth, H.H., Mills, C. Wright (redakteurs), From Max Weber: Essays in Sociology, pp. 196-204. (Hierdie uiteensetting is grootliks uit die onderhawige bron gedoen).

dueerde gesag beteken 'n ferm-geordende sisteem van super- en subordinasie waarin daar beheer oor die laer ampte deur die hoër ampte is. Hierdie sisteem stel die regeerder of onderdaan in staat om 'n beslissing, soos gegee deur 'n ondergeskikte amptenaar, vir heroorweging voor te lê, aan sy senior op 'n wyse wat duidelik gereguleerd is. In 'n ten volle ontwikkelde burokrasie is die hiërargie van ampte monokraties georganiseerd. Voorts word die beginsel van 'n gesagshiërargie van ampte in alle burokratiese strukture aangetref.

(iii) Die beheer of bestuur van die moderne kantoor is primêr gebaseer op geskrewe dokumente (reëls) wat dan ook in hul oorspronklike vorm bewaar word. Gevolglik is daar dan ook 'n personeel van ondergeskikte werkers (soos byvoorbeeld tiksters en klerke). In beginsel is die kantoor in die moderne staatsdiens organisatories geskei van die private domisilium van die amptenaar en in die algemeen beteken burokrasie ook dat amptelike aktiwiteite geskei word van die privaat lewe.

(iv) Kantoorbestuur of -beheer ("office management"), ten minste alle moderne gespesialiseerde kantoorbestuur, stel as vereiste deeglike spesialiteitsopleiding.

(v) Waar die kantoor ten volle ontwikkel is, vereis amptelike aktiwiteite die volle werkskapasiteit van die amptenaar.

(vi) Die bestuur van die kantoor geskied volgens neergelegde algemene reëls.

Die posisie van die amptenaar word soos volg geraak deur die bogenoemde uiteensetting:

(i) ampsbekleding is 'n beroep, soos trouens aangetoon deur die vereiste opleiding en aflegging van die nodige eksamens. Die bekleding van 'n amp impliseer die aanvaarding van 'n verpligting van betroubaarheid in ruil vir sekuriteit. In die burokrasie impliseer lojaliteit toewyding aan onpersoonlike en funksionele doelstellings en nie aan 'n bepaalde persoon nie.

(ii) die persoonlike posisie van die amptenaar word soos volg gepatroneer:

(a) die moderne amptenaar streef na en geniet 'n bepaalde mate van sosiale aansien. Sy sosiale posisie is verseker

deur middel van voorgeskrewe reëls rakende rang. Die sosiale posisie van die amptenaar kan egter ook onder bepaalde omstandighede varieër. So byvoorbeeld sal sy sosiale posisie hoog geëvalueer word waar daar 'n groot behoefte bestaan vir opgeleide spesialiste en teenoorgestel waar hierdie behoefte nie bestaan nie.

(b) Die suiwer tipe burokratiese amptenaar word aangestel deur 'n senior of superieure gesag. 'n Verkose amptenaar is nie 'n suiwer burokratiese figuur nie.

(c) In die reël behou die amptenaar sy posisie lewenslank en waar wetlike waarborge teen arbitrêre ontslag of verplasings voorkom, dien hul bloot om streng objektiewe ontheffing van amptelike verpligtinge te verseker sonder enige persoonlike oorwegings.

(d) Die amptenaar ontvang finansiële kompensasie in die vorm van 'n vasgestelde loon en sekuriteit vir die dag wat hy aftree in die vorm van 'n pensioen. Sy loon word bepaal volgens diensjare.

(e) Die beroep van die amptenaar realiseer in 'n hiërargiese orde en sy vordering is vanaf die minder belangrike en laag besoldigde posisie na die hoëre.

Afgesien van die durende aard, die omvang en impak van reëls en regulasies, die gesagshiërargie en die omvang van geskrewe dokumente in die burokrasie, is dit ewe belangrik om daarop te let dat die amptenare in die administratiewe personeel nie self die bronne besit vir die uitvoering van hul toegeskrewe funksies nie. Hulle is wel verantwoordelik vir die gebruik van daardie bronne.[1] Voorts word die posisie van die amptenaar kontraktueel bepaal.[2]

Alhoewel Weber enkele probleme van die burokrasie sydelings aanstip, wys hy hoofsaaklik op die attribute of te wel die positiewe funksies van die burokrasie.[3] Hy toon duidelik aan dat dit:

(i) die tegnies-superieure vorm van administrasie is met betrekking tot spoed, presiesheid, gebrek aan dubbelslagtigheid, kennis van dokumentêre geskrifte, kontinuïteit, diskresie, eenvormigheid van funksionering, subordinasiesisteem en ver-

---

1) Bendix, R., Op. cit., p. 419.
2) Ibid., p. 420.
3) Ibid., p. 421.

mindering van wrywing. Die burokrasie is vir Weber, in vergelyking met ere- en nie-beroepsadministrasies, die mees effektiewe vorm van administratiewe organisasie;

(ii) die tweede attribuut wat hy identifiseer, is die konsentrasie van wyses van administrasie in die burokrasie;

(iii) derdens het die burokrasie 'n gelykmakingseffek op sosiale en ekonomiese verskille; en

(iv) laastens, 'n ten volle ontwikkelde burokrasie omvat 'n sisteem van gesagsverhoudings wat prakties bykans onvernietigbaar is.

Weber was egter ook terdeë bewus van die implikasies en konsekwensies van burokratisering. Hy sien dit as 'n bykans onvermydelike lot, en vervolg: "Imagine the consequences of that comprehensive bureaucratization and rationalization which already today we see approaching. Already now ... in all economic enterprises run on modern lines, rational calculation is manifest at every stage. By it, the performance of each individual worker is mathematically measured, each man becomes a little cog in the machine and, aware of this, his one preoccupation is whether he can become a bigger cog. ... It is apparent that today we are proceeding towards an evolution which resembles (the ancient kingdom of Egypt) in every detail, except that it is built on other foundations, on technically more perfect, more rationalized, and therefore much more mechanized foundations. The problem which besets us now is not: how can this evolution be changed? - for that is impossible, but: what will come of it?"[1)]

Afgesien van Weber se eie bedenkinge was daar ook ander kritiek op sy burokrasie-model[2)] waarop ons hier nie verder ingaan nie.

---

1) Mayer, J.P., "Max Weber and German Politics", pp. 126-127 soos aangehaal in Coser, L.A., Op. cit. (1971), pp. 231-232.

2) Vergelyk:
   (i) Stammer, O. (redakteur), Op. cit., pp. 201-208.
   (ii) Blau, P.M., "Weber's Theory of Bureaucracy" uit Wrong, D. (redakteur), Op. cit., pp. 141-145.
   Blau kritiseer Weber vir die feit dat hy nie aan die disfunksies van die burokrasie genoegsame aandag gegee het en nie die konflikte wat ontstaan tussen die elemente van die sisteem geanaliseer het nie, asook vanweë die feit dat hy nie die probleem van senioriteit en meriete as bevorderingskriteria hanteer het nie. Blau kritiseer Weber vir 'n beweerde eensydige benadering deur bloot te let op die formeel-geïnstitusionaliseerde aspekte van die burokrasie en die informele en nie-amptelike patrone te negeer. Persoonlik is ons van mening dat, ten spyte van die argument wat opgehaal word dat Weber se model ideëel-tipies is, Blau se kritiek gewig dra.

Weber het egter ook die politieke impak van die burokrasie aangetoon deur, na aanleiding van 'n studie van burokrasieë in Duitsland en Rusland, tot die gevolgtrekking te kom dat burokrasieë as magsgroepe kan figureer deurdat hul toegelaat was om 'n dominante posisie in die regeringsproses te vervul en omdat hulle nie onderwerp was aan effektiewe politieke kontrole nie.[1] Dusdanig het die burokrasie 'n aparte groep binne die staat gevorm met hul eie waardes, belange en magsbasis. Hul afsonderlike eie belang is daarin geleë om administratiewe posisies en mag te handhaaf en uit te brei. Hul besondere benadering lê daarin dat hulle glo in hul eie superieure objektiwiteit, die interpretering van nasionale belange gevrywaar van party-politieke vooroordeel en hul mag geleë in hul kennis en ervaring, asook die geheimhouding waarin hul ondernemings gehul is. Weber het probeer aantoon waartoe hierdie tendens kan lei indien dit nie teëgewerk word deur 'n sterk kontrolerende mag nie.[2]

1.2.4 Drie vorme van wetlike gesag[3]

Daar is drie "suiwer" tipes van wetlike gesag en die geldigheid van hul eise om wetlikheid kan gebaseer word op rasionele gronde, tradisionele gronde en charismatiese gronde.[4] Abraham onderskei soos volg tussen hierdie drie:

"1. Rational grounds - resting on a belief in the 'legality' of patterns of normative rules and the right of those elevated to authority under such rules to issue commands (legal authority).

---

1) Beetham, D., Op. cit., p. 72.
2) Vergelyk: Ibid., pp. 72-79.
3) Vir 'n gedetailleerde weergawe van die onderhawige tema vergelyk onder andere:
   (i) Weber, Max, Op. cit. (1966), pp. 99-110.
   (ii) Abraham, J.H., Op. cit. (1973), pp. 281-282.
   (iii) Freund, J., Op. cit., pp. 229-234.
   (iv) Coser, L.A., Rosenberg, B., Op. cit., pp. 140-144.
   (v) Coser, L.A., Op. cit. (1971), pp. 226-227.
   (vi) Bendix, R., Op. cit., pp. 303-387.
   (vii) Wrong, D. (redakteur), Op. cit., pp. 147-181.
   (viii) Truzzi, M. (redakteur), Op. cit., pp. 169-179.
   (ix) Parsons, T. (redakteur), Op. cit. (1947), pp. 324-385.
   (x) Mommsen, Wolfgang J., Op. cit. (1974), pp. 72-94.
4) Abraham, J.H., Op. cit. (1973), p. 281.

2. Traditional grounds - resting on an established belief in the sanctity of immemorial traditions and the legitimacy of the status of those exercising authority under them (traditional authority); or finally,
3. Charismatic grounds - resting on devotion to the specific and exceptional sanctity, heroism or exemplary character of an individual person, and of the normative patterns or order revealed or ordained by him (charismatic authority)."[1)]

Freund toon aan dat van hierdie drie vorme van wetlike gesag die wetlik-rasionele die onpersoonlikste is. Die tweede berus op piëteit en die derde op die terrein van die uitsonderlike.[2)] Die suiwerste vorm van wetlik-rasionele gesag is waarskynlik te vind in die burokrasie.[3)] Die primêre idee hierin vervat is dat wette uitgeoefen en verander kan word deur formeel korrekte prosedures. In die proses word die burokratiese prosedure,[4)] soos in die voorafgaande paragraaf bespreek, gevolg. Vervolgens sal ons saaklik aandag gee aan tradisionele gesag en charismatiese gesag.

Tradisionele gesag word waarskynlik die beste verteenwoordig deur die patriargale gesagsvorm.[5)] Die politieke bestel is gebaseer op gemeenskaplike verhoudings, die persoon in beheer is die "meester" wat heers oor sy "onderdane". Die meester word gehoorsaam omdat sy posisie verskans word deur tradisie-gehoorsaamheid wat berus op piëteit. Bevele is eweneens gebonde deur tradisie, en oortreding deur die meester van die tradisionele kan die wetlikheid van sy heerskappy in gevaar stel wat slegs berus op die "heiligheid" van tradisie. Die meester se administratiewe stelsel word gevorm deur die persone wat persoonlik afhanklik is van die meester, familiebetrekkinge of vriende of diegene met hom geassosieer as gevolg van bondgenootskappe. Persoonlike lojaliteit van die getroue onderdaan kontroleer die interverwantskap van die administratiewe staf en nie die funksionele pligte van amp of amptelike of kantoordissipline nie. Charismatiese gesag berus op die persoonlike toewyding van die volgeling aan sy leier as gevolg van laasgenoemde se charismatiese genadegif. Laasgenoemde vervat magiese vermoëns, uitinge van heroïsme en besondere geestelike en oratoriese gawes of vermoëns. Charisma beteken egter ook die buitengewone

---

1) Ibid., p. 281.
2) Freund, J., Op. cit., p. 229.
3) Truzzi, M. (redakteur), Op. cit., p. 170.
4) Abraham, J.H., Op. cit. (1973), pp. 282-288.
5) Vergelyk: Truzzi, M. (redakteur), Op. cit., pp. 172-174.

kwaliteite van 'n persoon, ongeag of hierdie kwaliteite werklik of veronderstel of gemeen word.[1] Met ander woorde, die heerser word nagevolg as gevolg van die onderdane se geloof in sy persoonlike buitengewone kwaliteite. Die suiwer vorm van hierdie gesag word verteenwoordig deur die profeet, die oorlogsheld en die groot demagoog.[2]

Die wetlikheid van hul charismatiese heerskappy berus op die geloof in hul magiese magte wat verder gaan as die normale menslike kwaliteite. Die bron van hierdie oortuiging of geloof word gevind in die bewys van die magiese kwaliteite deur oorwinnings, waardes en ander suksesse waardeur die welsyn van die onderdane bevorder word. Sodra bewyse vir hierdie magiese kwaliteite begin ontbreek, verval die aanspraak op gesag wat berus op charisma. In 'n sekere sin is hierdie vorm van gesag dus irrasioneel.[3]

Truzzi toon egter aan dat die aanwending van die begrip charisma absoluut waarde-neutraal in sosiologiese sin is.[4] Met ander woorde, dat daar nie onderskeid getref is tussen die charisma van Napoleon en 'n demagogiese Cleon nie. Teen die agtergrond van hierdie saaklike uiteensetting van Weber se drie suiwer vorme van wetlike gesag is dit duidelik dat kritiek logies te antisipeer is,[5] dog ons gaan op sodanige kritiek nie verder in nie aangesien

---

1) Gerth, H.H., Mills, C. Wright (redakteurs), Op cit., p. 245 e.v.
2) Truzzi, M. (redakteur), Op. cit., p. 175.
3) Coser, L.A., Rosenberg, B., Op. cit., p. 141.
4) Truzzi, M. (redakteur), Op. cit., p. 177.
5) Vergelyk:
   (i) Blau, P.M., "Critical Remarks on Weber's Theory of Authority" uit Wrong, D. (redakteur), Op. cit., pp. 147-165.
   (ii) Bendix, R., "Reflections on Charismatic Leadership" uit Wrong, D. (redakteur), Op. cit., pp. 166-181.
   Veral Blau se kritiek verdien hier vermelding. Blau toon aan dat Weber mag definieer as 'n persoon se vermoë om sy wil op ander af te dwing ten spyte van weerstand. Weber onderskei voorts twee tipes mag, naamlik die oorheersing van ander wat berus op die vermoë om hulle belange te beïnvloed en oorheersing wat berus op gesag, met ander woorde die mag om te beveel en die plig om te gehoorsaam. Weber, volgens Blau, oorweeg nie koërsiewe mag in sy ontleding van oorheersing nie. Persoonlike invloede soos oorreding hanteer Weber ook nie. Voorts toon Blau aan dat vir Weber gesag onder andere impliseer die onvoorwaardelike, vrywillige gehoorsaamheid aan die kant van die onderdaan. Gesag impliseer egter ook imperatiewe kontrole. Hierin is 'n implisiete paradoks geleë, naamlik gesag wat die komponent van vrywilligheid omvat sowel as van outoritêre kontrole. Blau toon aan dat Weber hierdie paradoks ignoreer. Ondermeer op sterkte van hierdie argument is dit voorts moeilik om gesag van ander vorme van kontrole te onderskei.

dit buite die veld van hierdie studie val.

1.3 Enkele kritiese opmerkings oor Weber se bydrae

Die gedagte hier is nie om 'n kortlys van die belangrikste kritiek teen Weber te verhaal nie, maar bloot om enkele punte van kritiek teen daardie fundamentele aannames van Weber (soos hierbo weergegee) saaklik aan te stip.

Aron toon aan dat Weber se drie vorme van gesag ooreenkom met drie vorme van gedrag wat primêr gemotiveer word deur rede, emosie en sentiment. Aron verklaar dat gewoonte ook 'n motivering mag wees in gedrag. "... the actual psychological motivation in each case does not necessarily coincide with the abstract type of motivation associated with the type of domination. Habit, and not reason, may govern obedience in the case of rational domination."[1)]

Op soortgelyke wyse kritiseer Aron enkele verdere aspekte van Weber se drieledige gesagsindeling.

Runciman begeef hom op dieselfde terrein vir kritiek, maar konkludeer tog dat hy van mening is: "... that such a large-scale generalization about political authority may not only have a testable content applicable to particular situations but may also have, ... a direct implication for political theory."[2)]

Afgesien van Blau se kritiek op Weber se burokrasiemodel of ideëeltipe[3)] en sy siening van mag[4)] en die kritiese verwysing van Eldridge en Runciman na Weber se metodologiese aannames,[5)] opper MacDonald ook enkele kritiese gedagtes oor Weber se waardevrye wetenskapskonsepsie.[6)]

Die feit dat een van die leidende sisteemteoretici in die Sosiologie volle erkenning gee aan Weber se bydrae tot die studie van die

---

1) Aron, R., Op. cit., Volume II, p. 242.
2) Runciman, W.G., Op. cit. (1971), p. 63. Vergelyk ook: pp. 57-63.
3) Vergelyk: Hoofstuk V, p. 241 , (voetnoot 2) (ii)).
4) Vergelyk: Hoofstuk V, p. 244 , (voetnoot 5) (ii)).
5) Vergelyk: Hoofstuk V, p. 229, (voetnoot 1).
6) McDonald, L.C., Op. cit., pp. 471-474.

polities-sosiale realiteit, is na ons mening betekenisvol minstens in die sin dat Weber krediet ontvang op dié vlak van wetenskapsbeoefening vir sy bydrae tot die studie van die mag- en gesagsfenomene in die politieke sisteem.[1)]

Nog 'n leidende sosioloog, en by name politieke sosioloog, wat erkenning verleen aan Weber as sosioloog wat sy aandag aan politieke analise gewy het, is Lipset,[2)] wat veral Weber se bydrae tot die studie van die burokrasie erken.[3)]

Alhoewel van hierdie kritiek belangrik mag wees vir 'n evaluering van Weber as een van die medegrondleggers van die Politieke Sosiologie, is ons tog van mening dat die aanvaarbaarheid van sy aannames, ten spyte van hierdie en ander kritiek, en sy bydrae tot talle aspekte in die polities-sosiale realiteit hom nog steeds laat kwalifiseer as 'n medegrondlegger van die Politieke Sosiologie.

2. Robert Michels (1876-1936)

Talle skrywers in die Politieke Sosiologie verleen erkenning aan die bydrae van Michels.[4)] Hoewel Michels veral twee werke die lig laat sien het wat van besondere belang vir die Politieke Sosiologie was,[5)] volstaan ons hier met enkele uittreksels uit sy mees bekende werk Political Parties. In hierdie werk is sy belangrikste bydrae tot die Politieke Sosiologie vervat en is, na ons mening, regverdiging te vind vir die stelling dat Michels een van die medegrondleggers van die Politieke Sosiologie is. Uit die

---

1) Parsons, T., Politics and Social Structure (1969), p. 98 e.v.
2) Lipset, S.M., Op. cit. (1969), pp. x-xi.
3) Lipset, S.M., Op. cit. (1973), pp. 28-30. Vergelyk ook:
   (i) McDonald, L.C., Op. cit., p. 473 en pp. 471-474.
   (ii) Abraham, J.H., Op. cit. (1973), pp. 282-285.
   (iii) Coser, L.A. (redakteur), Op. cit. (1967), p. 36 e.v.
4) Vergelyk:
   (i) Coser, L.A. (redakteur), Op. cit. (1967), p. 2.
   (ii) Lipset, S.M., Op. cit. (1973), p. 24.
   (iii) Rush, M., Althoff, P., Op. cit., pp. 3-8.
   (iv) Runciman, W.G., Op. cit. (1971), p. 64.
5) Vergelyk:
   (i) Michels, R., Political Parties: A Sociological Study of the Oligarchical Tendencies of Modern Democracy (1915).
   (ii) Michels, R., First Lectures in Political Sociology (1949).

omvattende bydrae wat Michels tot die Politieke Sosiologie gelewer het, is daardie gedeeltes geselekteer waarvoor Michels uit die literatuur die bekendste is,[1] sowel as daardie gedeeltes wat vir die onderhawige tema logies relevant is.

2.1 Die behoefte aan organisasie[2]

Vir Michels was demokrasie ondenkbaar sonder organisasie aangesien 'n organisasie die enigste middel vir die realisering van 'n kollektiewe wil is. Organisasie waarvan 'n basiese beginsel maksimale "energie-ekonomie" is, is voorts die wapen van die swakkere in laasgenoemde se stryd teen die sterkere. Die suksesmoontlikhede in enige stryd sal bepaal word deur die graad van solidariteit tussen daardie individue wie se belange eenders is. Die gedagte van samewerking het van soveel belang geword dat selfs miljoenêrs die noodsaaklikheid van gemeenskaplike handeling insien. Dit is dus gevolglik maklik te verstane waarom organisasie in die werkersklas 'n essensiële beginsel is waarsonder hul sukses onmoontlik sou wees. Vir Michels is die proletariaat die swakste element in die samelewing.

Die geïsoleerde lid van die werkersklas is magteloos in die hande van diegene wat ekonomies sterker is. "It is only by combination to form a structural aggregate that the proletarians can acquire the faculty of political resistance and attain to a social dignity."[3] Die belangrikheid van die werkersklas se invloed is direk proporsioneel tot hul getalle. "But for the representation of that numerical strength organization and co-ordination are indispensable. The principle of organization is an absolutely essential condition for the political struggle of the masses."[4]

Hierdie polities-noodsaaklike beginsel van organisasie, wat in belang

---

1) Vergelyk:
   (i) Dowse, R.E., Hughes, J.A., Op. cit., p. 350 e.v.
   (ii) Truzzi, M. (redakteur), Op. cit., p. 301 e.v.
   (iii) Coser, L.A. Rosenberg, B., Op. cit., p. 456 e.v.
   (iv) Michels, R., Op. cit. (1915), relevante sitate.
2) Michels, R., Op. cit. (1915), pp. 21-23.
3) Ibid., p. 22.
4) Ibid., p. 22.

van die werker is in die oorwinning oor sy meerdere, hou egter weer gevare in. Organisasie is vir Michels die bron vanwaar konserwatiewe strominge die demokrasie sou oorvloei en skade sou berokken.

2.1.1 Die konserwatiewe grondslag van organisasie[1)]

Michels, in sy studie van sosialistiese partye in Europa voor die Eerste Wêreldoorlog, poog om die aard van party-politieke organisasie na te vors.[2)] Politieke organisasie lei vir hom tot mag, maar mag is altyd konserwatief.[3)] In ieder geval is die invloed wat op die regering uitgeoefen word deur 'n energieke opposisie altyd stadig, onderhewig aan onderbrekings, en word dit beperk deur die aard van die oligargie. Die inherente aard van die partye is vir Michels konserwatief. Die party is ingestel op die opname van soveel lede moontlik. Namate die organisasie in omvang toeneem, word die stryd om beginsels des te moeiliker. Die pogings wat aangewend word om interne verdeeldheid te bedek, is die onvermydelike afloop van organisasie gebaseer op burokratiese beginsels. Aangesien die hoofdoel van so 'n organisasie is om die grootste moontlike aantal lede te werf, word elke stryd in belang van idees of beginsels binne die geledere van die organisasie beskou as 'n hindernis in die realisering van die party se doelstelling(s) - 'n hindernis wat dus gevolglik vermy moet word. Hierdie neiging word versterk deur die parlementêre karakter van die party. "Party organisasie" impliseer die aspirasies van die grootste aantal lede. "Parlementarisme" impliseer die aspirasie vir die grootste aantal stemme. Vir Michels is die moderne politieke party die metodiese organisering van die kiesersmassas. Gevolglik moet die party nie alleen sy lede respekteer nie, maar ook moontlike nuwe lede en simpatiseerders in ag neem. Ten einde te verhoed dat laasgenoemde verontrus of ontsteld raak, word weg beweeg van 'n beleid gebaseer op streng beginsels. In die proses word die oorweging of die getalstoename wat die organisasie sodoende ondervind nie ten koste van die kwaliteit van die organisasie is nie, geïgnoreer.

---

1) Ibid., p. 365.
2) Etzioni, Amitai, Modern Organizations (1964), p. 11.
3) Michels, Robert, Op. cit. (1915), p. 366.

Nog 'n faktor wat die konserwatiewe aard van die politieke party-organisasie uitwys (selfs by die mees rewolusionêre partye) is te vinde in die verwantskapsparty en -staat. Ingestel op die omverwerping van die sentrale staatsgesag en beginnende by die idee dat die werkersklas hulself omvattend genoeg moet organiseer ten einde oor die staatsorganisasie te triomfeer, het die werkers se partye eventueel self hoogs gesentraliseerd geraak, gebaseer op die beginsels van gesag en dissipline wat die staatsorganisasie karakteriseer. Gevolglik het dit 'n party geword wat sigself organiseer soos 'n regering in die kleine wat daarop hoop om die regering op groot skaal (eventueel) te bedryf.

In die proses word elke nuwe amptenaar en elke nuwe sekretaris geëmplojeer deur die party, 'n nuwe agent van die rewolusie; elke nuwe afdeling word 'n nuwe bataljon en elke addisionele "duisend frank" verkry uit ledegeld, donasies of van ondersteuners word 'n nuwe bydrae tot die oorlogskis vir die stryd teen die vyand. Op die lange duur, vervolg Michels, sal die direkteure van hierdie rewolusionêre liggaam - bestaande binne die outoritêre staat, onderhou deur dieselfde middele as daardie staat en geïnspireer deur dieselfde gees van dissipline - eventueel waarneem dat die partyorganisasie, ongeag die toekomstige vordering, nie in staat sal wees om meer te word as 'n oneffektiewe miniatuurkopie van die staatsorganisasie nie. 'n Verantwoordelikheidsin word aktief in die sosialiste party. Gevolglik reageer dit met al die gesag tot sy beskikking teen die rewolusionêre elemente wat binne sy eie organisasie bestaan. In naam van ernstige verantwoordelikheid, gekoppel aan sy posisie, sal die party nou antimilitarisme en stakings beveg en alle logiese astranthede van die verlede ontken.

Michels haal die geskiedenis van die internasionale vakbondbeweging as voorbeeld aan. Namate die krag van die organisasie toeneem, word die organisasie toenemend traag, verloor sy rewolusionêre impetus of beweegkrag en ontwikkel 'n aversie teenoor aggressiewe optrede. 'n Burokrasie is daargestel ook met betrekking tot die Duitse sosialiste party wat in terme van talle faktore, onder andere fondse, die sentrale gesag die loef afsteek. Hier merk Michels op dat die organisasiemiddel die doel geword het en dat

ter wille van eie voortbestaan alle ingrypende optrede geïnhibeer word. Die konserwatiewe moment oorheers dus. Michels vervolg: "We have now a finely conservative party which (since the effect survives the cause) continues to employ revolutionary terminology, but which in actual practice fulfils no other function than that of a constitutional opposition."[1)]

Die stryd soos voortgesit deur die sosialiste teen die partye van die dominante klasse is nie 'n stryd van beginsels nie, maar bloot van kompetisie ter verkryging van mag. Gevolglik is die party se deure oop vir enigeen wat die party kan gebruik in die realisering van hierdie doel. Die party se gramskap is derhalwe in die eerste plek nie gerig teen die opponente van sy beskouinge oor die wêreldorde nie, maar teen die opposisie in die politieke veld, teen diegene wat meeding om dieselfde doel, naamlik mag. Hierdie eienskap is veral manifes onder daardie sosialistiese partye wat politieke wasdom bereik het. In hul aanvegtinge op mekaar maak hierdie opponente in hul toesprake weinig gebruik van verwysings na beginsels en teoretiese uiteensettings, maar primêr van persoonlike kritiek en aanklagte.

Hieroor vervolg Michels: "By such methods, not merely does the party sacrifice its political virginity, by entering into promiscuous relationships with the most heterogeneous political elements, relationships which in many cases have disastrous and enduring consequences, but it exposes itself in addition to the risk of losing its essential character as a party. The term 'party' presupposes that among the individual components of the party there should exist a harmonious direction of wills towards identical objective and practical aims. When this is lacking, the party becomes a mere 'organization'."[2)]

2.1.2 Burokrasie: Tendense van sentralisering[3)]

Michels stel dit duidelik dat die staatsorganisasie 'n getalryke en omvattende burokrasie nodig het. Dit is 'n belangrike faktor in die kragtekompleks wat die polities-dominante klasse aanwend

---

1) Ibid., p. 374.
2) Ibid., p. 376.
3) Ibid., pp. 185-201.

om hul dominante posisie te verseker. Die staat eien homself in die proses soveel as moontlik belange toe en maak seker van 'n groot aantal aanhangers deur die daarstelling van 'n omvattende amptenary - persone direk afhanklik van die staat. Van die staatskant dus 'n enorme voorsiening in amptelike posisies; van die burgery se kant 'n nog groter aanvraag. Veral diegene wie se bestaan bedreig word deur moderne ekonomiese verwikkelinge poog om vir hul kinders 'n veilige sosiale posisie te verkry. Staatsindiensneming met pensioene, voorsien in hierdie behoefte. Hierdie toestand skep volgens Michels die intellektuele proletariaat. Die staat, onder konstante druk vir meer sodanige poste in sy diens, gee van tyd tot tyd toe en omskep sodoende honderde potensiële opponente in dankbare aanhangers. Michels onderskei twee intellektuele klasse, diegene wat 'n pos in die staatsdiens kon verkry en diegene wat nie daarin kon slaag nie. Eersgenoemde is die verdedigers van die staat en laasgenoemdes die staat se geswore vyande. Hulle vorm nie alleen die bourgeoise-leierskap nie, maar selfs in gevalle die leierskap van die proletariaat. Die burokrasie groei egter toenemend en bly essensieel. Vir Michels is dit alleen via die burokrasie dat aan die eise van die geletterde lede van die bevolking voldoen kan word.

Die politieke party beskik oor baie van hierdie kentrekke van die staat. "Thus the party in which the circle of the 'elite' is unduly restricted, or in which, in other words, the oligarchy is composed of too small a number of individuals, runs the risk of being swept away by the masses in a moment of democratic effervescence."[1] Gevolglik poog die moderne party, in navolging van die moderne staat, om sy eie organisasie so 'n breë moontlike basis te gee en om met finansiële bande soveel as moontlik individue aan hom te bind. Sodoende ontstaan die behoefte aan 'n sterk burokrasie en hierdie tendens word versterk deur die toename in take opgelê deur moderne organisasie.

Namate partyburokrasie toeneem, vervolg Michels, ondergaan twee essensiële pilare van elke sosialistiese konsepsie 'n verswakking, te wete: 'n begrip van die wyer en meer ideale kulturele doelstellinge van sosialisme, en 'n begrip van die internasionale meer-

---

1) Ibid., pp. 186-187.

woudigheid van die manifestasies daarvan. Meganismes word dusdanig 'n doel op sigself. Die vermoë tot 'n akkurate begrip van die besonderhede en toestande van bestaan van die vakbondbeweging in ander lande verdwyn proporsioneel namate die individuele nasionale organisasies ten volle ontwikkel. Hoe meer geleenthede vir die sosialis oopgeval het, hoe meer is aandag gedeflekteer na alledaagse party-aktiwiteite en weg van "onsterflike" beginsels. Sodoende is aan duidelikheid van visie gewen, maar verloor aan omvang.

Burokrasie is vir Michels die geswore vyand van individuele vryheid en van alle inisiatief met betrekking tot interne beleidsake. Die afhanklikheid van superieure gesag, kenmerkend van die gemiddelde werknemer, onderdruk individualiteit. Die burokratiese gees ondermyn die karakter en wakker morele armoede aan. In elke burokrasie is daar 'n gejaag na posisies, 'n promosie-manie, 'n slaafsheid jeens diegene by wie promosie berus, 'n hovaardigheid jeens minderes en 'n dienstigheid jeens seniors. Vervolgens gee Michels aandag aan die bestuur van die vakbondbeweging - waarop ons hier nie verder ingaan nie. Hy kom egter tot die gevolgtrekking dat oligargie domineer in die partybestuur[1] - 'n faktor waarby ons vervolgens stilstaan.

2.1.3 Demokrasie en die onwrikbare wet van oligargie[2]

Michels gaan uit van die basiese veronderstelling dat daar altyd 'n bevoorregte minderheid is wat aan bewind van sake staan. In hierdie verband vind hy in 'n sekere mate aansluiting by Mosca se gedagte van 'n "politieke klas" waarsonder die daarstelling van 'n hoogs ontwikkelde sosiale orde onmoontlik is. Met ander woorde, 'n politiek-dominante klas - die klas van 'n minderheid.[3] Trouens, hy stel dit dat diegene wat nie aanhangers van die demokrasie is nie die stryd tussen die aristokrasie en die demokrasie evalueer as 'n stryd tussen die ou minderheid en 'n nuwe ambisieuse minderheid, elk ingestel op magsverkryging, maar dat selfs die demokrasie 'n voorkeur het vir outoritêre oplossings van belangrike probleme. Selfs die sosialiste openbaar dieselfde neiging, naamlik

---

1) Ibid., p. 201.
2) Ibid., p. 377.
3) Ibid., p. 377.

die onderwerping van die meerderheid aan die opdragte van die minderheid - of ten minste aan die reëls uitgereik aan die minderheid in opdrag van die meerderheid.

Michels haal Pareto aan wat die sosialisme aanbeveel as 'n middel ter realisering van 'n nuwe werkersklas-elite. Hy aanvaar egter nie Pareto se sirkulering van die elite nie, aangesien die meeste gevalle nie bloot 'n vervanging van een groep deur 'n ander is nie, maar 'n kontinuïteitsproses van intervermenging. Die ou element trek die nuwe aan, absorbeer en assimileer die nuwe. Nietemin erken Michels hiermee dat die gedagte van 'n dominante of rigtinggewende sosiale groep geensins 'n nuwe gedagte van sy kant is nie.

Na 'n kritiese hantering van gedagtes van onder andere Saint-Simon, Faurier, Sorel, Proadhon en Marx tot die onderhawige tema, wys hy op die probleem van sosialisme in die verband. Die probleem van sosialisme is nie 'n ekonomiese probleem nie aangesien sosialisme nie bloot poog om te bepaal in welke mate dit moontlik is om 'n regverdige verspreiding van rykdom te doen wat ook ekonomies produktief sal wees nie. Sosialisme is ook 'n administratiewe probleem, 'n probleem van demokrasie - en dit nie alleen in die tegniese en administratiewe kader nie, maar ook in die sielkundige. Hy haal Rudolf Goldscheid aan wat hierdie gevaar van sosialisme raak identifiseer (volgens Michels) en aantoon dat sosialisme sal faal indien dit nie die probleem van individuele regte, individuele kennis en individuele wil verreken nie, aangesien by gebrek hieraan: "... it will suffer shipwreck from a defective understanding of the significance of the problem of freedom for the higher evolution of our species ..."[1)]

Dan haal Michels die voorbeeld aan van die (destydse) jong Duitse Arbeidersparty wat hulself van die demokrasie ontworstel, waarop Rodbertus[2)] die volgende vraag aan hul vra: "You are separating yourselves from a political party because, as you rightly believe, this political party does not adequately represent your social interests. But you are doing this in order to found a new political party. Who will furnish you with guarantees against the danger

---

1) Ibid., p. 386.
2) Ibid., p. 386.

that in this new party the adversaries of your class ('die antisozialen Elemente') may some day gain the upper hand."[1] Hierin lê vir Michels die essensie van die politieke party. Vervolgens volg ons Michels in die ontleding van die elemente wat die samestelling van die party vorm, en waardeur die korrektheid van Rodbertus se argument onderskryf word.

'n Party is nòg 'n sosiale eenheid nòg 'n ekonomiese eenheid, maar is gebaseer op sy program. In teorie mag hierdie program die uiting wees van die belange van 'n sekere klas. In praktyk mag enigeen by die party aansluit of sy belange ooreenstem met die beginsels vervat in die program al dan nie. Diegene wat nie tot die klas behoort wat die party verteenwoordig nie, sal hul persoonlike belange ondergeskik stel aan dié van die betrokke klas indien in konflik met dié van die betrokke klas. In die praktyk egter is die aanvaarding van die program nie voldoende om die konflik van belange tussen byvoorbeeld kapitaal en arbeid te elimineer nie. Gevolglik is dit nie onmoontlik dat 'n ekonomiese konflik tussen die bourgeoisie-lede en proletariaat-lede van die party (sosialiste) kan ontstaan, en namate hierdie konflik uitbrei, dit kan kulmineer in politieke verdeeldheid nie.

Ekonomiese antagonisme versteur die ideologiese superstruktuur. Onder hierdie toestande is die program nutteloos en onder die banier van sosialisme en in die boesem van die party duur 'n klassestryd voort. Die party of sy program hef nie basiese klasseverskille onder sy lede op nie.

Michels voorsien egter ook 'n ander probleem, naamlik dat die leierskap sal val in die hande van diegene wat net die teenoorgestelde doelstellings het as die party of die partyprogram van die arbeidersklas. Dit is veral die geval in lande waar die arbeidersklasparty nie sonder die hulp en leiding van kapitaliste wat nie afhanklik van die party is nie, kan klaarkom. 'n Volgende probleem is dat namate die party groei in sterkte, opposisie tussen die leiers en die volgelinge ontstaan. Die party, volgens Michels, word beskou as 'n eenheid, as 'n meganisme, maar is nie noodwendig identifiseerbaar met die totaliteit van sy lede of met

---

1) Rodbertus, "Offener Brief, etc." uit Laselle, F., "Politische Reden u. Schriften", ed. cit., Volume ii, p. 15 soos aangehaal deur Michels, R., Op. cit. (1915), p. 387.

die klas waartoe die lede behoort nie. Die party is geskep as 'n middel tot 'n doel. Namate die party 'n doel op sigself word, met doelstellinge en belange van sy eie, raak die party vanuit 'n teleologiese oogpunt gesien vervreemd van die klas wat hy verteenwoordig.

In 'n party is dit nie noodwendig logies dat die belange van die massas, wat gekombineer het om die party te vorm, sal ooreenstem met die belange van die burokrasie waarin die party verpersonifiseer word nie. Die belange van die party-burokrate is altyd konserwatief en in 'n sekere politieke situasie mag hierdie belange 'n optrede dikteer wat nie in lyn met die belange van die werkersklas is nie. "By a universally applicable social law, every organ of the collectivity, brought into existence through the need for the division of labour, creates for itself, as soon as it becomes consolidated, interests peculiar to itself."[1)]

Michels vervolg deur daarop te wys dat die bestaan van hierdie spesifiek spesiale belange 'n noodwendige konflik met die belange van die kollektiwiteit veroorsaak. Trouens, sosiale strata wat besondere funksies vervul, neig om geïsoleerd te raak en om organe daar te stel geskik vir die verdediging van hul eie besondere belange. Op die lange duur neig hulle om getransformeer te word in politieke partye. Hiermee staaf Michels Rodbertus se aangehaalde argument. Michels vat sy argumentasie soos volg saam: die samelewing kan nie bestaan sonder 'n dominante of politieke klas nie en die heersersklas, hoewel sy elemente onderworpe is aan gereelde gedeeltelike vernuwing stel nietemin steeds die enigste voldoende durende effektiwiteit in die geskiedenis van die menslike ontwikkeling daar.

Volgens hierdie beskouing kan die staat of regering niks anders wees as die organisasie van 'n minderheid nie. Dit is die doel van hierdie minderheid om wetlike orde op die samelewing van toepassing te maak wat die eindproduk van die minderheid en dié se wil is en wat nooit 'n getroue weergawe van die meerderheid kan wees nie. Die meerderheid is gevolglik permanent onbevoeg tot selfregering. Selfs al sou vanuit die ontevrede massas 'n poging geloods word om hul ontevredenheid op te los, kulmineer die pogings

---

1) Michels, R., Op. cit. (1915), p. 389.

slegs weer in 'n georganiseerde minderheid wat sigself verhef tot die posisie van die regerende klas. "Thus the majority of human beings, in a condition of eternal tutelage, are predestined by tragic necessity to submit to the dominion of a small minority, and must be content to constitute the pedestal of an oligarchy."[1)]

Volgens Michels leer die geskiedenis dat geen populêre beweging, ongeag hoe energiek en kragtig, bevoeg is om voldoende en permanente veranderinge in die sosiale organisme van die beskaafde wêreld teweeg te bring nie. Die leierselement in die beweging raak geleidelik uit voeling met die massas en raak vasgevang in die gang van die "politieke klas". Hulle mag tot hierdie politieke klas enkele nuwe idees toevoeg, maar hulle voeg ook daaraan toe meer kreatiewe energie en verhoogde praktiese intelligensie en sodoende word die regerende klas bedeel met 'n "immer vernuwende jeug".[2)] Voorts het hierdie regerende klas 'n besondere sin vir selfpreservering.

2.1.4 Enkele slotgedagtes

In 'n indrukwekkende werk waarin Michels 'n dieptestudie maak van 'n veeltal fasette van die partyorganisasie - waarvan enkele fasette hier weergegee is - volstaan hy met enkele finale oorweginge[3)] waarby ons ten slotte saaklik stilstaan.

Michels vind die primêre oorsaak van oligargie in demokratiese partye in die tegniese noodsaaklikheid van leierskap. Hierdie proses het begin deur die funksie-differensiasie in die party en word voltooi deur 'n veeltal van kwaliteite wat die leiers verkry deur hul vervreemding van die massas. Michels onderskei die volgende twee stappe in die proses:

(i) aanvanklik kom die leiers spontaan na vore en hul pligte is addisioneel en vrywillig van aard;
(ii) geleidelik word die leiers professioneel en in hierdie fase van ontwikkeling is hulle stabiel en onvervangbaar.

---

1) Ibid., p. 390.
2) Ibid., p. 392.
3) Ibid., pp. 400-408.

Vir Michels, gereduseer tot die mees fundamentele essensie, lees die fundamentele sosiologiese wet van politieke partye soos volg: "It is organization which gives birth to the dominion of the elected over the electors, of the mandataries over the mandators, of the delegates over the delegators. Who says organization, says oligarchy."[1)]

Afgesien van die feit dat oligargie ontstaan vanweë die psigiese transformasies wat die leidende persoonlikhede in die partye ondergaan het, het dit ook sy ontstaan te danke aan wat Michels noem die sielkunde van organisasies as sodanig, naamlik die taktiese en tegniese noodsaaklikhede wat ontstaan vanweë die konsolidasie van elke gedissiplineerde politieke aggregaat.

Elke partyorganisasie verteenwoordig 'n oligargiese gesag gegrondves op 'n demokratiese basis. Orals kom kiesers en verkosenes voor. Ook is die mag van die verkose leiers oor die kiesersmassa bykans onbeperk. "The oligarchical structure of the building suffocates the basic democratic principle. That which IS oppresses THAT WHICH OUGHT TO BE."[2)] Enige nuwe elite sal dieselfde weg volg as die oue en selfs die gedagte aan verteenwoordiging van populêre belange is 'n illusie. Die vorming van oligargieë binne die verskillende vorme van demokrasie is die uiteinde van organiese noodwendigheid (noodsaak) en affekteer gevolglik enige organisasie ongeag of dit sosialisties of anargisties is.

Dat hierdie saaklike weergawe van enkele van Michels se belangrikste postulate nie naastenby aanspraak kan maak op volledigheid nie, spreek vir sigself. Ongeag die kritiek[3)] teen talle van Michels se aannames kan ons hier volstaan deur te sê dat sy indringende studie van talle fasette van politieke partye hom met reg aanspraak gee op die betiteling van 'n medegrondlegger van die Politieke Sosiologie. Dat Michels swaar gesteun het op Mosca en Marx kan nie weggeredeneer word nie, dog hierdie argument affekteer die eventuele oorspronklikheid van siening by Michels slegs gedeeltelik sodat sy bydrae nog steeds fundamenteel en in 'n sekere sin onontbeerlik vir die Politieke Sosiologie is.

---

1) Ibid., p. 401.
2) Ibid., p. 401.
3) Vergelyk: Hoofstuk V, subhoof 2.2, pp. 258-259.

2.2 Enkele kritiese opmerkings oor Michels se bydrae

In 'n saaklike en objektiewe uiteensetting van Michels se werk kom May[1] tot die gevolgtrekking dat Michels 'n gangbare versoening verbeeld het tussen demokrasie en organisasie, hoewel hy tog die mening gehuldig het dat organisasie onversoenbaar is met suiwer demokrasie aangesien organisasie teen-demokratiese veranderinge teweeg bring in organisasies wat aanvanklik suiwer demokraties was. Andersyds fasiliteer organisasie ook demokratiese verandering.[2] May vervolg: "Far from being a pessimistic democrat, Michels was a pessimistic Romantic Revolutionist and a pessimistic Scientific Paternalist. He denounced Organization for promoting the amelioration instead of the radical purification of society. He detested Organization for promoting the manifest wishes rather than the 'objective' Interests of the 'masses'."[3]

Dowse en Hughes weer, toon aan dat Michels voortgebou het op sekere bestaande insigte, maar die gedagte verwerp het dat demokrasie en sosialisme die onvermydelike gevolge was van ekonomiese kragte werksaam in 'n industriële gemeenskap. Hulle toon aan dat Michels van mening was dat die aard van die individu, die aard van die politieke stryd en die aard van organisasie die kragte is wat aan die werk was om die verdere demokratisering van die industriële samelewing te stuit. Die konsekwensie van hierdie kragte was dat demokrasie tot oligargie lei.[4]

Dowse en Hughes aanvaar Michels se aanname dat partye oligargies is, maar beweer dat sy "ysterwet" van oligargie nie so geldig is as wat Michels beweer nie. Hulle haal McKenzie se navorsing oor die Britse Arbeiders- en Konserwatiewe partye aan waarin bevind is dat opstand teen die partyleiding geresulteer het in laasgenoemde se omverwerping.

Hulle vervolg: "... though all political parties are more or less oligarchic ... this does not mean that party leaders can ignore with

---

1) May, J.D., "Organization and Democracy within Political Parties" uit Nordlinger, E.A. (redakteur), Op. cit., pp. 80-96.
2) Ibid., p. 96.
3) Ibid., p. 96.
4) Dowse, R.E., Hughes, J.A., Op. cit., pp. 350-351.

impunity the aspirations and demands of the rank and file. Blind appeals to party loyalty may often achieve their purpose, but 'they are rarely successful in bridging a real gulf when one does develop between the leaders and their followers'".[1] Hoewel Dowse en Hughes[2] ook nog ander punte van kritiek opper, volstaan ons met hul mening soos weergegee.

Coser toon aan dat die model wat Michels gebruik aansienlike verskille vertoon van dié wat byvoorbeeld in Amerika aangetref word. Michels beperk homself tot die sosiaal-demokratiese bewegings van Europa en gevolglik beperk hy homself tot een spesifieke vorm van oligargie.[3] Runcimann wys onder andere daarop dat Michels se basiese aannames nie oorspronklik is nie[4] en dat Michels fouteer in sy aanname dat die minderheid nie ook verteenwoordigend kan wees van die meerderheid nie aangesien daar die probleem van informasie bestaan. Eersgenoemde moet tog weet wat laasgenoemde behoef en laasgenoemde of eersgenoemde aan hul voorsien wat hul verlang. Met ander woorde, as die regte van die meerderheid erken wil word, moet hul belange ook verteenwoordig word.[5] Runcimann gee egter ook krediet aan Michels se bydrae deur te wys op die feit dat Michels die gevare van oligargie uitgewys het.[6]

Ten spyte van kritiek teen Michels ingebring, soos deels in die vorige paragraaf aangetoon, kan hy na ons mening vanweë die aard en inhoud van sy bydrae, soos hierbo weergegee, beskou word as een van die medegrondleggers van die Politieke Sosiologie.

3. Karl Mannheim (1893-1947)

In 'n sekere sin kan Weber, Michels en Mannheim beskou word as oorgangsfigure en wel vanaf 'n ouer na 'n meer resente tydvak, aangesien hulle reeds in die twintigste eeu hul bydraes gelewer het, terwyl die vier vorige medegrondleggers se bydraes hoofsaaklik in die negentiende eeu verskyn het.

---

1) Ibid., p. 352.
2) Vergelyk: Ibid., p. 352 e.v.
3) Coser, L.A. (redakteur), Op. cit. (1967), p. 42.
4) Runciman, W.G., Op. cit. (1971), p. 77.
5) Ibid., p. 79.
6) Ibid., p. 84.

Waar Mannheim dan ook sy bydraes gelewer het so kort as ongeveer dertig jaar gelede verbaas dit nie dat hy tot nog toe nie die algemene erkenning ontvang vir sy bydrae tot die Politieke Sosiologie as die ander ses behandelde figure nie. Gevolglik word hy ook nie oral beskou as 'n medegrondlegger van die Politieke Sosiologie nie. Nietemin was daar wel diegene wat aandag aan sy bydraes gegee het.[1)]

Karl Mannheim, veelal bekend vir sy bydrae tot die Kennis-Sosiologie het na sy gedwonge immigrasie uit Duitsland na Engeland sy tyd hoofsaaklik gewy aan, wat Coser noem, Sosiologie van beplanning en sosiale rekonstruksie.[2)] Uit hierdie bydraes het sy polities-sosiologiese denke na vore gekom op grond waarvan ons hom hier as 'n jonger medegrondlegger wil klassifiseer. Die twee werke waaruit Mannheim se polities-sosiologiese bydrae hier beoog, gerekonstrueer te word,[3)] is nie Mannheim se enigste werke nie,[4)] maar na ons mening die verteenwoordigendste van sy polities-sosiale denke.

Alhoewel Mannheim in sy Ideology and Utopia 'n relatief lang uiteensetting gee[5)] oor die vooruitsigte van wetenskaplike politiek, kom hy basies tot die volgende gevolgtrekking in die verband: "... politics as politics is possible only as long as the realm of the irrational still exists (where it disappears, 'administration' takes its place)".[6)] Die besondere aard van politieke kennis spruit vir Mannheim, in teenstelling met die eksakte wetenskappe, voort uit die onskeibaarheid van kennis, belange en motivering. "In politics the rational element is inherently intertwined with the irrational; and, finally, there is a tendency

---

1) Vergelyk:
   (i) McDonald, L.C., Op. cit., p. 476 e.v.
   (ii) Strauss, Johann, Op. cit. (1969), p. 27.
2) Coser, L.A., Op. cit. (1971), p. 437.
3) Mannheim, Karl, Ideology and Utopia (1968) en Mannheim, Karl, Freedom, Power and Democratic Planning (1951).
4) Mannheim is veral bekend vir onder andere die volgende werke:
   (i) Mannheim, Karl, Man and Society, In an Age of Reconstruction (1942), vertaal deur Edward Shils.
   (ii) Mannheim, Karl, Diagnosis of our Time (1950).
   Vir 'n indringende studie oor Mannheim se sosiologie vergelyk: Remmling, Gunter W., The Sociology of Karl Mannheim (1975).
5) Mannheim, Karl, Op. cit. (1968), pp. 97-171.
6) Ibid., p. 170.

to eliminate the irrational from the realm of the social, and in close connection therewith, there results a heightened awareness of factors which have hitherto dominated us unconsciously."[1)]

Laasgenoemde word gereflekteer in die mens se oorspronklike aanvaarding van sosiale toestande as onveranderlike lot. Saam met hierdie beskouing het 'n etiese beginsel gegaan - die etiek van fatalisme - waarvan die kern die onderwerping aan hoër en ondeurgrondelike magte was. Mannheim vervolg: "The first break in this fatalistic outlook occurred in the emergence of the ethics of conscience in which man set his self over against the destiny inherent in the course of social events. He reserved his personal freedom, on the one hand, in the sense of retaining the ability through his own actions to set new causal sequences going in the world (even though he renounced the ability of controlling the consequences of these acts) and, on the other hand, through the belief in the indeterminateness of his own decisions."[2)]

Mannheim is van mening dat die mens reeds 'n verdere fase betree het, naamlik dat alle sosiale verhoudings nie meer by noodlot berus nie, maar dat sekere sosiale verhoudings potensieel voorspelbaar is en dit is op hierdie stadium waar die etiese beginsels van verantwoordelikheid na vore kom.

Mannheim koppel die volgende primêre imperatiewe aan hierdie beginsel: eerstens moet handelinge nie alleen in ooreenstemming wees met die vereistes van die gewete nie, maar behoort ook die konsekwensies van die handelinge vir sover dit berekenbaar is, verreken te word en, tweedens, dat die gewete op sigself aan kritiese selfondersoek onderworpe sal wees ten einde die blinde en kompulsiewe momente te elimineer.[3)] Vir laasgenoemde kan politiek alleen 'n wetenskap word op daardie punt in etiek en politiek waarin die blinde noodlot ten minste ten dele aan die verdwyn is in die sosiale prosesse en die kennis aangaande dit wat kenbaar is die verantwoordelikheid van die handelende persoon word. Mannheim vervolg in die verband: "It is at this point, if at any, that politics can become a science, since on the one hand the structure of the historical realm, which is to be controlled, has

---

1) Ibid., p. 170.
2) Ibid., p. 170.
3) Ibid., p. 171.

become transparent, and on the other hand out of the new ethics a point of view emerges which regards knowledge not as a passive contemplation but as critical self-examination, and in this sense prepares the road for political action."[1)]

In sy werk Freedom, Power and Democratic Planning kom Mannheim se bydrae tot die Politieke Sosiologie na ons mening meer eksplisiet na vore. Hierin gee Mannheim 'n diepte ontleding van die toestande wat aanleiding gegee het tot resente sosiale disintegrasie en hoedat hierdie situasie deur middel van demokratiese beplanning die hoof gebied kan word.

3.1 Primêre simptome van die krisis[2)]

In sy diagnose van die situasie identifiseer Mannheim enkele van die primêre simptome van die krisis. Mannheim toon aan dat dit 'n Anglo-Saksiese gebruik was om heraanpassings en modifikasies aan te bring in institusies wanneer omstandighede dit genoodsaak het, maar dat daar tye in die geskiedenis kom wanneer bloot strukturele aanpassings nie meer voldoende is nie en 'n herwaardering van die beginsels ter sprake nodig geword het en op grond daarvan die uiteindelike doelstelling weer duidelik gestel word. "Diagnosis of the situation will show that basic social change can no longer be met by mere repairs and institutional patchwork."[3)]

Mannheim stel dit duidelik dat, indien daar 'n begeerte na 'n sisteem is, daar reeds 'n basiese of gids-idee van die nuwe sisteem moet wees; ook 'n bewustheid van die tekortkominge in die ou sisteem en die oorsake van wanaanpassing daarin. Eventueel kan metodes en middele ondersoek word ter verandering van die sosiale meganismes. 'n Diagnose van die situasie moet egter enige nuwe doelstellings en beoogde middele voorafgaan.[4)]

Vir Mannheim impliseer sosiale disintegrasie die geleidelike verswakking van die bestaande sosiale struktuur en van die kragte wat dit steun, sonder dat daar terselfdertyd 'n nuwe orde ontstaan.

---

1) Ibid., p. 171.
2) Mannheim, Karl, Op. cit. (1951), pp. 3-21.
3) Ibid., pp. 3-4.
4) Ibid., p. 4.

Mannheim erken dat sosiale disintegrasie selde die totale sosiale realiteit omvat - dit sou sosiale lewe trouens onmoontlik maak. Voorts erken hy die bestaan van selfgenesende prosesse en spontane aanpassings wat die lewe draaglik maak. "Still, even under conditions of comparative tranquillity, the sociologically trained eye can see the gaps in the social fabric, the void in the individual intellectual moral, and emotional make-up."[1] Nadat die kumulatiewe effekte van disintegrasie buite beheer geraak het, word 'n bedekte chaos, volgens Mannheim, duidelik vir almal. Alhoewel daar tradisionele antwoorde, terapeutiese voorkeure oor disintegrasie bestaan - kapitalisme teenoor sosialisme, diktatuur teenoor demokrasie, sekulêre teenoor Christelike samelewings - moet die simptome en oorsake van die disintegrasie eers bepaal word alvorens die voor- en nadele van verskillende behandelingsmetodes in oorweging geneem kan word. Mannheim identifiseer die volgende simptome van die krisis:[2]

Nuwe sosiale tegnieke wat minderheidsregering stimuleer.
Die nuwe tegnieke en die magskompleks.
Oorgang van gemeenskaplike ekonomie via vrye kompetisie tot monopolie
Vervanging van selfregulerende klein-groepe.
Disintegrasie van tradisionele groepskontrole.
Mislukking van grootskaalse koördinasie.
Vernietigende effek van klasse-antagonisme.
Disintegrasie van koöperatiewe kontrole.
Die disintegrasie van persoonlikhede.
Die disintegrasie van konsensus en van religieuse bande.

Mannheim sluit sy betoog oor die hoofsimptome van die krisis soos volg af: "As we contemplate the chaotic state of unregulated capitalist society, one thing becomes quite clear: the present state of society cannot last long. We have seen that social chaos may remain latent so long as no major crisis occurs. But whenever mass unemployment or war brings the tension to a climax, new solutions must be found. By this time the world has learned that such crises are not chance, but that both mass unemployment and wars are inherent in the system. Thus the two basic evils will not disappear without a conscious and systematic attack on them. This of itself indicates that the age of 'laissez-faire'

---

1) Ibid., p. 5.
2) Ibid., pp. 6-21.

is over and that only through planning can catastrophe be avoided."[1)]

Vervolgens bespreek Mannheim enkele alternatiewe response[2)] op die hierbo gesketste situasie waaronder die totalitêre, fascistiese en Marxistiese response - waar ons hier nie verder op ingaan nie.

In die laaste twee dele van sy werk gee Mannheim die oplossing van die situasie, naamlik verandering deur middel van demokratiese beplanning om sodoende 'n nuwe mens met nuwe waardes daar te stel.

Alhoewel 'n belangrike bydrae van Mannheim vervat is in die sistematies analitiese wyse waarop hy knelpunte en probleme in die sisteem poog te identifiseer, soos hierbo na verwys is, gaan hy egter verder deur ook 'n oplossing of 'n moontlike oplossing aan die hand te doen. 'n Verdere bydrae van Mannheim tot die terrein van die Politieke Sosiologie is die omvattende analise wat hy van die magsverskynsel gemaak het. Hierdie studie noem Mannheim self 'n hoofstuk in die Politieke Sosiologie.[3)] Met hierdie bydrae van Mannheim word vervolgens volstaan.

3.2 Die magsfenomeen[4)]

In hierdie uiteensetting gaan Mannheim van die veronderstelling uit dat in die moderne wêreld bykans alles polities is; dat die staat orals is en dat openbare verantwoordelikheid interverweef is in die totale samestelling van die samelewing. Vryheid impliseer vir hom nie die ontkenning van hierdie interpenetrasie nie, maar die eksplisiete definiëring van die wetlike gebruike of aanwending daarvan in alle sfere, om die beperkings aan te toon, en die patroon van penetrasie aan te toon en om openbare verantwoordelikheid en medeseggenskap in beslissings te beveilig. "From this follows the importance of institutional control for a strategy of reform in a democratically planned society, and the need for a theory of power based on democratic principles."[5)]

---

1) Ibid., p. 21.
2) Ibid., pp. 22-34.
3) Vergelyk: Ibid., p. 41.
4) Ibid., pp. 41-48.
5) Ibid., p. 45.

Voorts gaan Mannheim uit van die veronderstelling dat geen samelewing kan bestaan sonder een of ander vorm van mag nie, en hy gee vervolgens 'n demokratiese teorie van mag.[1] Sy demokratiese teorie van mag beoog om omvattend te wees en is nie beperk tot die aanwending van dwang of geweld deur die leër of die polisie nie. Die begrip "mag" is ook nie beperk tot politieke mag nie. Mag is ter sprake wanneer en waar sosiale druk op die individu uitgeoefen word ten einde laasgenoemde tot die verlangde gedrag oor te haal. In ooreenstemming met Goldhamer en Shils[2] onderskei Mannheim dominasie en manipulasie as vorme van mag. Eersgenoemde verwys na verhoudings waarin die magshebber uiting gee aan sy wens deur bevele te gee; laasgenoemde verwys na verhoudings waarin die magshebber invloed uitoefen sonder om die verwagte gedrag aan te toon.

Mannheim toon aan dat sosiale verandering nie vanaf absolute dominasie tot absolute vryheid beweeg nie, maar deur verskillende transmutasies van magstrukture gaan. Sodra die struktuur van 'n samelewing verander, sal die druk van daardie samelewing en sy kontrolemiddele ook verander. Gevolglik raak 'n nuwe vorm van gesag gevestig.

3.2.1 Die drie basiese vorme van mag[3]

Magsmanifestasies verskil volgens hul kontrolemiddele. Gevolglik kan onderskei word tussen: vrye heerskappy, georganiseerde destruksie en geïnstitusionaliseerde of gekanaliseerde mag:

(i) die vrye heerskappy van ongekontroleerde geweld aan die kant van individue of groepe gee aanleiding tot chaos, anargie en anomie;

(ii) georganiseerde destruksie soos oorloë en rewolusies vertoon eksterne vorme van organisasie, maar die metodes van geweld en destruktiewe doelstellings neig tot vrye heerskappy; en

(iii) gekanaliseerde mag is vir Mannheim: "... vested in institutions and produces orderly patterns of human interaction

---

1) Ibid., p. 45.
2) Goldhamer, H., Shils, E.A., "Types of Power and Status", The American Journal of Sociology, September 1939, Volume 45, Nommer 2, pp. 171-182 soos aangehaal deur Mannheim, K., Op. cit. (1951), p. 46.
3) Mannheim, K., Op. cit. (1951), pp. 48-49.

subject to norms, codes, and rules. Power is controlled and in turn controls conduct."[1)]

Mannheim toon aan dat geïnstitusionaliseerde mag gevaarlik kan wees in die sin dat dit of te streng of nie streng genoeg is nie. Vryheid wat hieruit ontstaan mag aanleiding gee tot 'n "laissez faire"-toestand sonder leierskap of lei tot die teenoorgestelde uiterste waarin alle selfuiting onderdruk word en gevolglik ondraaglik word.

3.2.2 Mag in persoonlike verhoudings[2)]

Mannheim toon aan dat enige bespreking van mag geassosieer word met 'n bespreking van kontrole. Mag word gemeet aan die omvang en graad van kontrole wat daardie mag impliseer en word weer gekontroleer deur die omvang waarin die wil tot kontrole getoets word. Hoewel mag en kontrole primêr dwang beteken, kry die woorde tog wyer betekenis daarin dat andere nie deur bevele en dreiging alleen gekontroleer word nie, maar ook deur oorreding. Gevolglik is mag teenwoordig ongeag hoe te werk gegaan word om andere tot 'n bepaalde akteur (akteurs) se wil en begeerte oor te haal.

Mannheim konkludeer in navolging van Jaspers: "Interaction in power relations is not based on fear alone but on mutual response, which is perhaps the more fundamental and general source of human control."[3)] In persoonlike verhoudings word wedersydse kontrole gehandhaaf. Die intensiteit en vorm daarvan varieer afhangende van die persoonlike kwaliteite van die deelnemers en van hul verhouding: of dit 'n kortstondige verhouding of 'n vriendskapsverhouding is. Die fungering van mag in persoonlike verhoudings reflekteer die kwaliteit of, soos Mannheim dit stel, die gewig van die onderskeie persoonlikhede betrokke.

As eerste stap tot die institusionalisering van mag identifiseer Mannheim die patronering van persoonlike verhoudings. Hieruit ontwikkel gebruike en gewoontes wat op hul beurt 'n sosiale druk uitoefen wat uiteindelik nie meer direk verband hou met persoonlike magsverhoudings nie. Op hierdie stadium van die kultuur is

---

1) Ibid., p. 48.
2) Ibid., pp. 49-51.
3) Jaspers, Karl, "Psychologie der Weltanschauung", p. 125 soos aangehaal deur Mannheim, K., Op. cit. (1951), p. 49.

individuele gedrag onderhewig aan en reflekteer dit norme en waardes soos gesanksioneer deur groepe en liggame. "Thus 'A' may rebuke 'B' for not doing things properly, his censure conveying the misgivings of a community mainly concerned with perpetuating its established way of life and controlling behavior from a point quite outside the sphere of person-to-person relationships."[1)]

Die volgende stap, volgens Mannheim, is wanneer integrasie van sanksies finaal plaasvind as gesag oorgedra word aan institusies deur georganiseerde sanksies. Hierdie verandering is fundamenteel. Slegs spesifieke amptenare of funksionarisse mag die gesanksioneerde prosedure van 'n institusie onderneem. Hierbenewens volg institusies onbekende reëls en formele prosedures. Die mees gevorderde vorm van geïnstitusionaliseerde kontrole is die reg ("law") soos geïnterpreteer en toegepas deur die howe en polisiemag. Mannheim toon ook aan dat institusionele sanksies saam bestaan met en ondersteun word deur volksgewoontes en mores.

3.2.3 Magskonsentrasie en magsfunksies[2)]

'n Ewe belangrike fase in die transmutasie van persoon-tot-persoon-kontrole tot sosiale kontrole, volgens Mannheim, kan waargeneem word wanneer die voortbestaan van die groep georganiseerde samewerking vereis. Mannheim haal die voorbeeld aan van stamlede wat op 'n jagekspedisie gaan, georganiseer primêr met die oog op die sosiale doelstelling van voedselvoorsiening. Die voorsiening van sulke noodsaaklike funksies is die eksterne motief en bron tot regulering in teenstelling met blote persoon-tot-persoonverhoudings. Die kollektiewe verantwoordelikheid behoef herhalende en durende funksies, insluitende dié van die leier. Sodoende kan die leier opdragte gee aan ondergeskikte lede van die ekspedisie en mag hy by geleentheid selfs fisiese of psigiese druk op hulle uitoefen. Sodoende kombineer hy sy persoonlike, fisiese en geestelike kragte ter realisering van 'n objektiewe funksie. In sy optrede gaan dit nie soseer om die belang van die gemeenskap nie as om suksesvolle uitvoering van die funksie.

---

1) Mannheim, K., Op. cit. (1951), p. 50.
2) Ibid., pp. 51-54.

In hierdie situasie, verklaar Mannheim, vind 'n eienaardige metamorfose plaas: "... the 'archaic' experience of purely personal power is linked to and, so to speak, transfused into the social function".[1] Hierin lê vir hom die verklaring waarom daar van mag gepraat word of 'n individu 'n ander beheer of kontroleer ("controls") in 'n persoonlike verhouding en of hy hom kontroleer in belang van die samelewing ter realisering van 'n funksionele doel. Trouens, Mannheim gaan verder en beweer dat mag gevestig is in die funksie. "The metamorphosis is also significant because it demarcates the beginning of the process that substitutes the control of man by institutions and organizations for that of man by man."[2]

Hierdie transmutasies vanaf persoonlike tot funksionele mag lei vir Mannheim tot die volgende vier vertakkinge:[3]

(i) Die progressiewe skeiding van funksionele mag van die persoonlike kwaliteite van die magsgebruiker gee aanleiding tot toenemende identifikasie van mag met 'n rol. Hierna sal die rol op sigself die aard van die opdrag en die respons bepaal, terwyl die leier oorspronklik sy funksionele superioriteit toegeskryf het aan suiwer persoonlike kwaliteite in die volvoering van 'n sosiaal-erkende funksie.

(ii) Hierdie identifikasie van mag as 'n funksie stabiliseer die onderskeie rolle soos byvoorbeeld dié van leier en volgelinge. Die soort en graad van mag gesetel in rolle en funksies kan byvoorbeeld oorgedra word aan die opvolger van 'n leier deur middel van aanwysing, verkiesing of oorerwing, ongeag persoonlike bevoegdhede.

(iii) Op hierdie stadium kom die onderskeiding tussen essensiële funksie en arbitrêre mag na vore. "The concept of purely personal power depending on the strength of one individual influencing another in the social process gives way to the concept of power as social control serving collective aims."[4]

(iv) Sosiale kontrole word in groeiende gemeenskappe uitgevoer deur middel van verskillende sosiale tegnieke wat hoogs verfynd van aard is.

---

1) Ibid., pp. 51-52.
2) Ibid., p. 52.
3) Ibid., p. 52.
4) Ibid., p. 52.

Mannheim voorsien 'n universele beskawing as gevolg van moderne kommunikasiemiddele. Selfs verskillende kulture neig tot konvergering in een wêreldwye beskawing. "They tend to become standardized in the process of common exposure to similar means of control and appeal."[1)]

In die moderne samelewing is die meganismes vir formele opvoeding een van die belangrikste organisasies vir die vorming van die mens se denke. Georganiseerde openbare meningsvorming word ook toenemend belangrik. Sommige van hierdie media onder andere die pers en die radio is deels gekoördineerd en deels konflikterend.

Afgesien hiervan, bestaan daar sosiale tegnieke ten einde ekonomiese gedrag te beïnvloed. Positiewe en negatiewe sanksies bestaan om produsente, verspreiders en verbruikers te beïnvloed.

Volgens Mannheim kan die transmutasie van mag ook op 'n ander wyse bestudeer of geanaliseer word. Die onderskeie handelingsfere en die georganiseerde belange van die samelewing het 'n differensiële impak op die mens se gedrag en hierdie impak mag varieer binne die veranderende sosiale struktuur. Mannheim illustreer hierdie gedagte deur daarop te wys dat in een tydperk ekonomiese organisasie belangrik mag wees en in 'n ander weer militêre organisasie. Sodanige veranderinge en differensiële invloede mag ook van toepassing wees op institusies soos skole. As voorbeeld wys Mannheim daarop dat die Verenigde State van Amerika deur middel van skole en die onderwys daartoe in staat was om duisende immigrante suksesvol te assimileer en te amerikaniseer.

3.2.4 Magskonsentrasie in groepe[2)]

Volgens Mannheim sentreer mag nie alleen rondom funksies en funksionele groepe of assosiasies soos jagekspedisies, ekonomiese korporasies of die leër nie, maar ook in sogenaamde gemeenskappe. "Communal life, embracing nearly all aspects of human activities, responding to all needs and ambitions, tends to develop its own solidarity."[3)] Die eenheid van so 'n groep, volgens Mannheim, is vir sy lede vanselfsprekend en hulle deel 'n onbewuste "ons-gevoel". Onder bepaalde omstandighede mag so 'n gemeenskap of groep bewus

---

1) Ibid., p. 53.
2) Ibid., pp. 56-59.
3) Ibid., p. 56.

word van hul gemeenskaplike waardes en die mate waarin hul verskil van ander ("distinctiveness"). Hierdie bewussyn kan eerstens uiting vind in etnosentrisiteit byvoorbeeld in differensiële behandeling van "ons"- en "hulle"-groeplede. Nasionalisme is 'n moderne vorm van sulke sentimente by groot gemeenskappe georganiseer in state of wat aspireer vir sulke organisasie.

Gemeenskappe mag uitbrei en kleiner gemeenskappe mag opgaan in groteres. Sodoende kan 'n hele lys van verskillende grootte gemeenskappe weergegee word vanaf stamgemeenskappe en plaaslike gemeenskappe tot streeks- en nasionale gemeenskappe. Die grootste eenheid bestaande op 'n gegewe tydstip kan die "frame group" genoem word. Vir Mannheim kan die nasionale eenheid as die ware "frame group" beskou word. Die groot moondhede het gedurende 'n tyd van imperialisme gepoog om hul ekonomiese, kulturele en politieke invloedsfere uit te brei. "Their striving for hegemony among groups of weaker states is likely to lead to a pattern of regional solidarity and consciousness."[1] Mannheim vervolg deur daarop te wys dat die aard en plek van hierdie gemeenskap-gesentreerde mag verskil van dié van funksionele mag en dieselfde geld vir die probleme voortgebring deur hierdie twee tipes van magskomplekse.

Die duidelike verskil tussen gemeenskaps- en funksionele magseenhede is die rasionalisasie van laasgenoemde. Ter illustrasie wys Mannheim daarop dat, hoewel assosiasies soos vakbonde mag roem op hul grootte, is hul oorheersende motief steeds hul rasionele belang en is hul doelstellings insgelyks duidelik gedefinieer. Dit is om hierdie rede dat, nadat 'n magsekwilibrium bereik is, redelike kompromieë spontaan ontwikkel ten spyte van wedersydse antagonisme. Daar is voorts altyd 'n latente tendens om onderskeid te maak tussen funksionele en arbitrêre aanwending van mag. Vanuit 'n psigologiese oogpunt mag 'n proses van verfyning plaasvind tussen strydende funksionele eenhede wat ontwikkel vanaf suiwer egoïstiese berekening via kompromie tot wedersydse konsiderasie en regverdigheid. "This development is partly supported by the implicit mutuality of all cooperation along functional lines. It may become predominant if circumstances such as national

---

1) Ibid., p. 57. (In 1946 reeds het Mannheim opgemerk dat die hoof wêreldstreke moontlik gepolariseer sal word tussen 'n Anglo-Saksiese streek en 'n Russiese streek - 'n waarneming waarin hy tot op groot hoogte korrek was).

emergency bring it to the fore."[1] Mannheim toon ook aan dat pogings, opvoedkundig van aard, neig om wedersydse belang en samewerking te beklemtoon teenoor konflik van belange - gevolglik word rasionaliteit bevorder.

Mannheim merk op dat hierdie neiging tot groter rasionaliteit nog nie waarneembaar is in die konsentrasie van mag in gemeenskapseenhede nie, wat waarskynlik te wyte is aan die verskil in doelstellings en oorsprong.

Mannheim is van mening dat gemeenskapseenhede se primêre funksie is om te voldoen aan die behoefte om iewers te behoort. 'n Stam, 'n dorp, 'n streek en 'n nasie mag ontwikkel uit 'n veeltal van funksies gebaseer op arbeidsverdeling (en in die sin dus op rasionele behoeftes), maar hulle word gemeenskappe slegs in daardie mate waarin die lede "ons-sentimente" of 'n "ons-gevoel" ontwikkel, wat hul onderskei van buitestaanders en hul verskillend laat optree. Die solidariteit van die nasie-staat berus op 'n "ons-gevoel" wat as sodanig mag daarstel. Mag gebaseer op gemeenskapsbelang is te onderskei van mag gebaseer op funksionele integrasie. "Man motivated by his allegiance to functional power units behaves differently than when motivated by his loyalty to the nation."[2]

Die "ons-gevoel" voortvloeiend uit gemeenskappe dra grootliks daartoe by om die mens se plek in die wêreld te definieer en sy begeerte na status mag dikwels oor rasionele belange heers. Hierdie gevoel deursuur die mens se hele persoonlikheid.

In die vervulling van ekonomiese rolle of in 'n persoonlike funksie, bly die rolspeler nog op 'n afstand van sy mederolspeler en wedersydse belang en antagonisme voorveronderstel hierin nog afsonderlike identiteite. Hierteenoor, in gemeenskapsolidariteit voel meer en meer mense verenigd deur te deel in die gemeenskaplike "ons-gevoel". "Once established, it develops its own dynamic."[3] Mannheim toon eksplisiet aan dat dit die sosioloog ten taak lê om hierdie krag rasioneel te ontleed en sosiaal te bemeester, hoewel dit (gemeenskapsolidariteit) kragtig is en in irrasionele vorm skadelik kan wees, veral as dit in laasgenoemde vorm bydra tot imperialisme.

---

1) Ibid., pp. 57-58.
2) Ibid., p. 58.
3) Ibid., p. 59.

3.2.5 Die aard en mag van gemeenskapsentiment[1)]

Mag inherent in die "ons-gevoel" van gemeenskapsolidariteit kan volgens Mannheim soos volg gekarakteriseer word:

(i) Gemeenskapsentiment is nie altyd ekspansief en aggressief nie. So byvoorbeeld beskou Mannheim militante nasionalisme as 'n moderne verskynsel en etnosentrisme as 'n antieke verskynsel. Slegs deur 'n vergelykende ondersoek van veranderinge op alle vlakke - ekonomies, militêr, psigologies en opvoedkundig - kan 'n bevredigende verklaring van die opkoms en verval van aggressiewe nasionalisme verkry word.

(ii) 'n Vereiste vir so 'n studie is 'n houdbare klassifikasie van sielkundige behoeftes wat bevrediging vind in beide gebalanseerde en aggressiewe gemeenskapsolidariteit. Laasgenoemde blyk wenslik te wees daar dit onder andere die individu se behoefte aan sekuriteit, status en eiewaarde bevredig. "It makes all the difference in child rearing whether we encourage self-esteem and controlled self-assertion balanced by respect for others or whether we encourage, or at any rate tolerate, self-aggrandisement and provocative, so-called 'manly' behavior."[2)] Vir Mannheim geld dieselfde aanname, met sekere aanpassings met betrekking tot die opvoeding in groepsgedrag.

Opvoedkundige kriteria is vir Mannheim hoogs betekenisvol in die ontwikkeling van 'n gemeenskap of nasionale bewussyn. Op individuele vlak bestaan opvoedingsmiddele. Vir Mannheim is die probleem egter om samewerking met die oog op gekoördineerde opvoedingspogings dwarsoor die wêreld te realiseer. Laasgenoemde eenheid kan egter deur die Verenigde Volke-Organisasie en UNESCO bevorder word, aldus Mannheim.[3)]

---

1) Ibid., pp. 59-65.
2) Ibid., p. 60.
3) Dit is onwaarskynlik dat Mannheim in sy tyd kon voorsien het dat die Verenigde Volke-Organisasie en UNESCO moontlik deur seksionele belange beïnvloed sou word in die volle mate waarin dit vandag waarneembaar is, vanweë die dominering van magsblokke en belangegroepe, alhoewel hy tog teen iets soortgelyks gewaarsku het (vergelyk: paragraaf (iii) hieronder) waardeur sy ideaal van gekoördineerde opvoedkundige pogings grootliks genulifiseer word - alhoewel toegegee moet word dat daar op sekere terreine in die betrokke organisasie tog suksesvolle samewerking is.

(iii) Mannheim toon duidelik aan dat gemeenskapsentiment nie van bo geïnisieer word nie, maar die produk is van komplekse historiese prosesse. Voorts ook dat die geleidelike uitbreiding daarvan militante aggressiwiteit in kleinere subeenhede neutraliseer en dat die samesmelting van kleiner eenhede aggressiewe tendense van hierdie voormalige outonome eenhede absorbeer of minstens inhibeer. As voorbeeld geld die nasie-staat wat eenhede geabsorbeer het wat voorheen na outoriteit gestreef het. Hierdie proses geskied nie sonder haakplekke nie, maar eventueel, namate die proses van fusie sy verloop neem, word die begeerte na soewereiniteit en outonomiteit oorgedra aan die nasie-staat en sy organe. Dit is voorts bloot 'n geval van sosiale leiding en rigtinggewing wat die soort omvattende eenheid sal bepaal wat deur die oordrag en fusie tot stand sal kom.

Gedurende 'n interim-periode kan huiwering en onsekerheid tot welke groter eenheid die kleineres hulle lojaliteit moet rig dikwels bespeur word. In sulke gevalle kan historiese gebeure soos oorloë, of dreigende oorlog, politieke alliansies en magsleierskap emosies in verskillende rigtings laat neig en sal die politieke manipulasie deur leiers die rigting van integrasie sterk beïnvloed. Teen hierdie agtergrond maak Mannheim die volgende belangwekkende afleidings: "Needless to say, if UN fails to focus loyalties on the new world organization, the development of rival regional 'we-feelings', and militant at that, will be unavoidable."[1)]

---

1) Mannheim, K., Op. cit. (1951), p. 61. Dit is interessant om daarop te let dat die proses van fusie oënskynlik nie onbeperk voortgaan nie, soos trouens deur Mannheim se voorbeeld van die Verenigde Volke-Organisasie bewys word. Dit moet toegegee word dat die rede hiervoor geleë mag wees in die organisatoriese opset van die besondere voorbeeld ter sprake, onder andere in swak konsensus onder lede oor doelstellings, ideologiese verskille tussen lede en gebrekkige gesagsbevoegdheid en jurisdiksie van amptenare in die gesagshiërargie. Na ons mening is die rede hiervoor nie geleë in bloot organisatoriese probleme inherent in die organisasie wat as voorbeeld dien nie, maar in Mannheim se onderskatting van die sosiale realiteit en die kompleksiteit van sosiale kragte funksionerend inherent aan hierdie sosiale realiteit. Mannheim verwys wel na die kompleksiteit van historiese prosesse en na laasgenoemde se invloed, maar lig die rol van sosiale leiding en rigtinggewing in die fusieproses duidelik toe - hierin word na ons mening nie rekening gehou met sosiale waardes, norme en gemeenskaplike belange wat reeds beslag gevind het in sektore van die samelewing nie. Hierdie aanname geld bo en behalwe Mannheim se implisiete verwysing hierna. (Vergelyk die hieropvolgende paragraaf (iv)).

(iv) Mannheim vervolg: "There exist however, other national (unplanned) tendencies of expanding group solidarity."[1] As voorbeeld word die sosialiste en kommuniste aangehaal wat tussen die twee wêreldoorloë daarin geslaag het om solidariteit teweeg te bring op 'n klassegrondslag deur middel van leiding, opvoeding en manipulasie van die openbare mening - 'n lojaliteit wat selfs nasionale solidariteit oorskry het. Ook die Rooms Katolieke Kerk word as voorbeeld genoem. Gevolglik, volgens Mannheim, sal nie alleen verskillende lojaliteite by die individu voorkom nie, maar kan die gemeenskapsolidariteit ook op verskillende fases in die geskiedenis gemanipuleer word. Dusdanig, verklaar Mannheim, kon Duitsland, Italië en Spanje wat fascisties georiënteerd geraak het net sowel kommunisties word en: "In present-day France an unstable equilibrium of forces exists so that events, social forces, manipulative and educative efforts may well decide the outcome."[2]

Die hoofrede vir hierdie spanninge sien Mannheim daarin dat die toenemende proses van emosionele fusie meer en meer geskei word van die plek van oorsprong. Sodanige skeiding stel sekere emosies in die individu vry wat die weg baan vir lojaliteit en fusie wat streef na 'n fiksasie (kateksis) op objekte of oorsake. Laasgenoemde word nie bloot van bo bepaal nie, maar 'n persoonlike keuse kan daaroor uitgeoefen word. So byvoorbeeld word in 'n stamgemeenskap, in dorpe en streke, ten tyde van die nasionale ontwaking, die individu se lot gedetermineer deur sy geboorteplek. Vir 'n klein minderheid was daar wel 'n beperkte keuse. Hier, volgens Mannheim, kan die tevoorskyntreding van verdeelde lojaliteite waargeneem word (byvoorbeeld teenoor die kerk of die heerser). "Yet, the historically developed areas of basic solidarity on the whole defined everybody's place and held a grip on the people."[3]

Groter sosiale mobiliteit, verbeterde transportasie, kommunikasie en propaganda het egter die houvas van die lojaliteite verswak. Laasgenoemde mag van een objek na 'n ander verskuif waardeur trou of onderdanigheid in 'n groter mate gemanipuleer kan word.

---

1) Ibid., p. 61.
2) Ibid., p. 61.
3) Ibid., p. 62.

(v) Naas die bogenoemde proses wys Mannheim daarop dat verstedeliking en gepaardgaande prosesse die primêre vorme van solidariteit, veral in die gemeenskap, ondermyn. Die betekenisvolheid van gemeenskapsolidariteit raak al minder in 'n metropolitaanse omgewing met voorstede, satellietstede, losieshuise en huurhuise en die gepaardgaande skeiding van huis en kantoor. Vir diegene hier woonagtig het nòg plek en land van geboorte, nòg die nasie onder wie hulle woon enige betekenis. Mannheim noem hierdie proses "ontworteling" en wys daarop dat dit eventueel lei tot 'n verlies aan karakter, wat voorafgegaan word deur 'n verlies aan identiteit vanweë gebrekkige inskakeling en betrokkenheid by gemeenskapsaktiwiteite. Vir Mannheim word die ontwortelde die prooi van propaganda. Die voorkoming van hierdie toestand moet, volgens Mannheim, as 'n primêre taak gesien word.

Die hele aangeleentheid word egter gekompliseer deur die feit dat ontworteling ook positief beskou kan word, beide vir persoonlikheidsvorming en die daarstelling van 'n wêreldgemeenskap. Mannheim wys daarop dat ontworteling, positief beskou, "emansipasie" genoem kan word. Alleen wanneer mense die magsoorheersing van nasionale soewereiniteit en aggressiewe nasionalisme oorkom het, word 'n wêreldwye gemeenskap moontlik. Gedeeltelike ontworteling, emansipasie, is gevolglik noodsaaklik. Mannheim toon aan dat 'n toenemende aantal geemansipeerde burgers in alle "kampe" daartoe kan meehelp om 'n geïntegreerde wêreld vir almal te realiseer.

(vi) In die lig van die emansipasieproses, herdefinieer Mannheim die funksie van die intelligentsia. Hy toon aan dat mag nie in gewere, vliegtuie, geld of funksionele eenhede alleen berus nie, maar ook in leiding in die integrasie van die gemeenskapsentiment. Hierin beskik die intelligentsia oor 'n sleutelposisie deurdat hulle 'n belangrike funksie te vervul het met betrekking tot die motiveringsaspek in 'n gemeenskap. Hierin speel idees 'n belangrike rol aangesien hulle nie so maklik vernietig kan word soos wapens nie. Gevolglik, konkludeer Mannheim, verteenwoordig idees mag omdat selfs totalitêre diktators, ongeag hulle mag, sabotasie vrees - nie noodwendig deur middel van direkte optrede deur rewolusie nie, maar ook deur subversiewe propaganda.

3.2.6 Funksionele- en gemeenskapsmag in teenstelling met mekaar[1)]

Die oorheersing van mag soos gekonsentreer in groepe verskil van magsoorheersing gevestig in funksies. Vir Mannheim het laasgenoemde 'n rasionele kern. Dit kan onder die dekmantel van die emosionele geskied in assosiasie met gevestigde belange en tog kan die rasionele element daarvan as 'n vertrekpunt dien vir humaniserende en sosialiserende magsprosesse. Die inherente funksie mag vir diegene wat poog om skadelike aggressiewe emosies te neutraliseer en om seksioneel-gevestigde emosies te kontroleer of te absorbeer in 'n gemeenskapskema van nut wees.

Die stryd om die intelligente kontrole oor roofsugtige mag en irrasionele impulse mag fundamenteel gebaseer wees op nuttige kriteria van funksionele versus nie-funksionele magselemente. So kan daar byvoorbeeld bewys word dat dit in stryd is met die gemeenskapswelsyn vir konserwatief-georiënteerde fabriekseienaars om te produseer met uitgediende masjinerie - aldus Mannheim.

In teenstelling hiermee, vervolg Mannheim, is dit veel meer problematies om kriteria vir verskeie tipes gemeenskapskohesie en nasionale soewereiniteit te bepaal. Nogtans is Mannheim van mening dat daar middele en metodes bestaan om hierdie sake rasioneel te hanteer. In die verlede het 'n ewigdurend veranderende magsbalans probleme opgelos namate hulle voorgekom het. Die swakkere is deur die sterkere met wisselende mate van sukses oorheers. Mannheim wys egter daarop dat reeds in sy tyd die irrasionele faktore van gemeenskapskohesie toenemend ondergeskik gestel is aan rasionele analise en kriteria. Diegene wat mik na vreedsame wêreldwye samewerking kan twee tendense wat belofte inhou, aanwend:

(i) Sentimente oor gemeenskapskohesie, byvoorbeeld nasionalisme word nie langer as goed of sleg beskou nie. Desnieteenstaande moet politieke en opvoedkundige leiers poog om die skadelike elemente van nasionalisme uit te wis wat 'n bedreiging vorm vir vreedsame wêreldwye samewerking (byvoorbeeld chauvinistiese aggressiwiteit), maar dieselfde leiers moet verdraagsaam wees teenoor tradisionele elemente soos

---

1) Ibid., pp. 65-69.

mores, taal en kultuur wat gemeenskapskohesie omvat sonder om internasionale samewerking te verhoed.
Hierdie verdeling van die magsaspek in twee helftes waarin die een helfte ondergeskik is aan omvattende beheer en die ander helfte oorgelaat word aan outonome groepsdefinisie, is vir Mannheim die besondere voordeel inherent aan federalisme. Dit is vir hom 'n onderskeidende kenmerk van die Verenigde State van Amerika en die Unie van Sosialistiese Sowjet-Republieke; vir eersgenoemde daarin dat federalisme die ruggraat van hul politieke bedeling is en vir laasgenoemde daarin dat die federale beginsel toegepas word in die organisasie van hul multinasionale staat.

(ii) Dieselfde verdeling van die magsaspek word aan die hand gedoen met die oog op die besondere verstrengeldheid van funksionele eenhede en belangegroepe in die huidige (vir Mannheim) wêreldsituasie.

Mannheim toon aan dat funksionele eenhede soos 'n jagekspedisie, 'n fabriek en 'n industriële onderneming neig om te groei en om mag te akkumuleer. So ook eenhede van gemeenskapskohesie soos stamme, dorpe, streke en nasies. In die verlede het funksionele eenhede binne die grense van die gemeenskapsgroep ontwikkel en is gevolglik regeer deur die owerhede van die groep en later van die nasie. Dieselfde geld vir besighede, leërs en burokrasieë.

In die verlede was sulke groeipatrone redelik duidelik waarneembaar en kan gemeenskapsintegrasie gehandhaaf word as gevolg van kleinskaalse bedrywe en swak kommunikasiemiddele. Later het die behoefte aan beskerming teen opponerende uitbreidende eenhede, aan administratiewe- en polisievereistes, waarskynlik daartoe gelei dat die staat voorkom as die beliggaming en beskermende organisasie van gemeenskapsfusie op 'n nasionale skaal. Sodoende is 'n "ons-gevoel" geskep wat die funksionele eenhede van die hele gebied deursuur het. Hierdie eenhede is deur die burgers aanvaar as organiese dele van die nasionale groei en die gepaardgaande gemeenskaplike gees.

Mannheim is egter van mening dat hierdie twee aspekte (funksionele mag en gemeenskapsmag) as deel van dieselfde proses gesien, 'n mislukking impliseer van die korttermynbeskouing wat nie kan

onderskei tussen die wette van groei en die verskillende beginsels wat die uitbreiding van gemeenskaps- en funksionele eenhede implementeer nie. In 'n breër perspektief gesien, versterk die twee tendense mekaar slegs ten tyde van die epog van die nasie-staat. Hierdie fusie het egter aanleiding gegee tot twee probleme.

Enersyds het die outonome groei van funksionele eenhede dikwels veroorsaak dat die eenheid van gemeenskapskohesie uitgebrei het - kenmerkend byvoorbeeld van ekonomiese imperialisme. Aggressiwiteit, beweer Mannheim, is nie primêr die resultaat van gemeenskapsbelang as sodanig nie, maar die resultaat van 'n nasionale "ons-gevoel" diensbaar gemaak aan die magte van eksponente van industriële- en handelsbelange. Mannheim toon aan dat funksionele organisasie gevaarlik word indien hulle gedomineer word deur nasionale trots, en 'n oplossing hiervoor is die kontrole van beide faktore in hul interaksie en wel op die vlak van organisasie en opleiding (opvoeding).

Andersyds, meen Mannheim, kan funksionele eenhede uitbrei tot buite die grense van gemeenskaplike groepskohesie, en dikwels word grense as 'n belemmering van hul optimale prestasie beskou. Hierop begin die funksionele eenhede druk uitoefen op beperkings wat hulle opgelê is. Hedendaags word dieselfde tendens waargeneem daarin dat funksionele eenhede vanweë massaproduksie en verbeterde kommunikasiemiddele druk begin uitoefen op die nasiestaat en sy vereistes en internasionale organisasies begin ontwikkel.

Hierdie groei van funksionele eenhede tot buite die nasionale grense mag lei tot nuwe magskombinasies wat eventueel selfs die soewereiniteit van nasie-state mag bedreig.[1] Hier is Mannheim van mening dat die oplossing geleë is in die hantering van wanaanpassing deur super-nasionale en funksionele organisasies en wel op 'n gekoördineerde wyse.

---

1) Dat Mannheim hierin waarskynlik nie heeltemal verkeerd is nie, kan afgelei word uit byvoorbeeld die bestaan en operering van groot vissersvlote, gerugsteun deur magtige state wat die gebiedswaters van kleiner state bedreig; alhoewel andersyds aanvaar moet word dat die kleiner state metodes sal aanwend om die probleem self die hoof te bied.

"In the same manner national frustrations due to lack of markets, raw materials, and job opportunities can be overcome if the disfavored nation is integrated into the more comprehensive network of world trade and made to participate in educational and intellectual efforts to build a peaceful social order."[1)]

Alhoewel ons hier nie verder op Mannheim se bydrae met betrekking tot basiese magspatrone van sy dag ingaan nie, wil ons hier sy waarneming meld dat die primêre probleem is om kontrole te verkry oor die onderskeie sentra van arbitrêre mag; om laasgenoemde te koördineer en om hul saam te voeg in 'n meer omvattende patroon; en om hul geleidelik te dissiplineer ten einde te funksioneer in diens van die gemeenskap. Vir hom is dit duidelik dat tegnieke van demokratiese kontrole, wat hul oorsprong in klein-groepe het, aangepas sal moet word by grootskaalse eenhede met betrekking tot beide interne organisasie en eksterne interverhoudings. Hy stel dit duidelik dat bogenoemde geen maklike taak is nie.

3.2.7 Misbruike van mag en die voorkoming daarvan[2)]

Mannheim gaan uit van die veronderstelling dat die demokrasie poog om mag te kontroleer, wat ook al die vorm van mag. Die probleem van die kontrole van mag geld op alle vlakke van sosiale organisasie, maar dit geld die prominentste op die hoogste vlak. Hy gee dan ten slotte aandag aan die gevare verbonde aan en die moontlike kontrole van magsmisbruik. Hy identifiseer die volgende gevare en risiko's:

(i) Oormatige konsentrasie van mag voortspruitende uit die sentralisering van nuwe sosiale tegnieke is vir hom die belangrikste gevaar.

(ii) Die toenemende fisiese en geestelike weerloosheid van die gemiddelde burger is 'n verdere probleem in die stryd teen die misbruik van mag. Omvorm tot 'n blote rat in 'n omvattende sosiale masjien, verkeer die gewone burger in 'n geestelike toestand op die punt van apatie of wanhoop.

(iii) Die vrees vir onsekerheid en wedersydse wantroue, wat hoofsaaklik die gevolge is van chaos - wat weer veroorsaak is deur weerlose burgers wat hul oorgee aan massa-angs wanneer

---

1) Mannheim, K., Op. cit. (1951), p. 69.
2) Ibid., pp. 71-76.

die dinamiese kragte van die grootskaalse samelewing hulle beheer raak - mag lei tot arbitrêre uitoefening van mag en anargie.

(iv) Latente gebrek aan sekuriteit mag sistematies geëksploiteer en gemanipuleer word deur diegene in beheer. Sinspeling op vrees is nadelig in persoonlike verhoudings, gevaarlik in intergroepverhoudings en vernietigend in interstaatlike verhoudings of in die kompetisie tussen magsblokke - aldus Mannheim.

(v) Die probleem word vererger deurdat die momentum van organisering en kumulatiewe gebeure in die moderne samelewing die mens verhoed om die proses te stuit, soos byvoorbeeld om georganiseerde vernietiging (oorlog) op kort kennisgewing te staak.

(vi) Volgens Mannheim kan die dilemma van sy dag soos volg weergegee word: "Our anxieties push us to extremes; lack of control leads to chaos - stringent controls confine us to a caged-in existence. Ultimately the solution depends on our insight and wisdom. Most of our technology can be used both for good and evil. The release of atomic energy is the paramount case in point. Its destructive use leads to the annihilation of man and his civilization; its constructive use may usher in the age of plenty. The same holds for most of our technological means and skills."[1)]

Die voordele en geleenthede van sy tyd vat Mannheim soos volg saam:

(i) Wetenskaplike vooruitgang op die terreine van die Sielkunde en die Tegnologie is so snel dat 'n geïntegreerde wetenskap oor die mens hom in staat kan stel om die oorsake van wanaanpassings beter te begryp, sowel as die bronne en vorme van magsmisbruik. Ware demokrasie is verwant aan rasionele wetenskap en die diffusie van kennis wat grootliks gefasiliteer word deur goeie kommunikasiemiddele en hoogs ontwikkelde opvoedkundige bedrewenheid. Die snelle verspreiding van kennis en informasie nodig vir die kontrole van mag, sowel as moderne ontmaskeringstegnieke, behoort mag effektief te elimineer. Nie alle burgers hoef hiervoor bevoeg te wees nie, maar sleutelfigure in die opposisie en veelsydige oplettende joernaliste kan bloot deur die bedreiging van

---

1) Ibid., p. 73.

openbaarmaking in hierdie behoefte vervul. Hiervoor is die handhawing van burgerlike vryhede, vrye spraak en vrye vergadering nodig. Sodoende kan wanpraktyke effektief gekontroleer word - aldus Mannheim.

(ii) Die moontlikheid om demokrasie te implementeer deur middel van sosiale tegnieke is 'n verdere bate. Sodra demokratiese konsensus ten gunste van demokratiese beplanning verkry is, kan 'n realistiese hervormingsbeleid gelyktydig op alle vlakke ingestel word en kan arbitrêre mag gekontroleer word.

(iii) Verbeterde tegnieke alleen los nie probleme soos magskontrole en die herleiding van menslike begeertes en energie op nie. 'n Morele en religieuse ontwaking moet tegniese kennis vergesel.

(iv) Bogenoemde drie gedagtes moet dien om 'n gees van onverdeelde en kollektiewe verantwoordelikheid te implementeer.

(v) Sodra hierdie kollektiewe verantwoordelikheid gerealiseer is, sal algemeen aanvaarde spanninge afneem. Volgens Mannheim floreer magspolitiek slegs solank as druk en spanning in die sosiale en psigologiese sfere mense intimideer tot onderhorigheid aan die dominering van klieke, belangegroepe, partye en nasies.

(vi) 'n Addisionele faktor wat spanning kan verlig, monopolië van mag kan aftakel en die magskompleks kan verminder, is die nuwe middele en tegnieke van oorlogvoering. Hiermee verval die betekenis van nasionale grenslyne aangesien die atoombom oorlog na enige gebied kan verplaas. Hierdie tendens kan versterk word deur onderlinge vertroue tussen superstate. Sodoende kan spanning tussen hulle nie alleen verlig word nie, maar ook spanning in hul eie gebiede. Die eeu-oue regverdiging vir imperialisme sien Mannheim in vermeende of werklike eksterne aggressie. Sou hierdie vrees geminimiseer word, verdwyn die regverdiging vir toenemende bewapening, buitensporige polisiemagte en diktatorskappe. Ter verligting van vrese doen Mannheim 'n heropvoedingsprogram aan die hand, gekoördineer met 'n verligting van druk en spanning.
Mannheim poneer 'n wet wat na sy mening effektief in hierdie verband mag wees, naamlik die wet van kondensasie en koördinasie van operasies ("law of condensation and co-ordination of operations"). Laasgenoemde impliseer dat sosiale verandering snel verkry kan word deur konstante gekoördineerde pogings in

'n verlangde rigting. Hierdeur kan aggressie en oorheersing verminder word.

Alhoewel ons met bogenoemde bydrae van Mannheim hier volstaan, gaan Mannheim voort in die genoemde bron om 'n program van sosiale rekonstruksie daar te stel deur middel van demokratiese beplanning. Dat kritiek van vermeende of werklike idealisme en teoretisering sonder die nodige empiriese bewyslewering, sowel as subjektiewe waardebetrokkenheid aan die kant van Mannheim vanweë sy ooraksentuering van die demokratiese beplanningsmetode - sonder inagneming van ander metodes - en laastens dat sy amelioratiewe benadering in mindere of meerdere mate as punte van kritiek teen Mannheim ingebring sou kon word, kan nie ontken word nie. Dat daar ook meriete in sy ontledings en waarnemings (van byvoorbeeld die magsfenomeen) is, kan sonder vrees vir teenspraak beweer word. Hy het voortgebou op 'n tradisie wat aanvanklik by Ibn Khaldun begin het, verder gevoer is deur Machiavelli en uiteindelik het die bogenoemde ses medegrondleggers nog verder daarop voortgebou in 'n poging om die polities-sosiale realiteit wetenskaplik te analiseer. Hierin is die sosiale en die politieke (staat en samelewing) minstens komponentêr verreken.

3.3 Enkele kritiese opmerkings oor Mannheim se bydrae

Naas enkele kritiese gedagtes met betrekking tot Mannheim wat reeds in die voorafgaande subhoof uitgespreek is, het talle skrywers kritiek uitgespreek teen verskeie aspekte van Mannheim se werk. Runciman kritiseer Mannheim se basiese vertrekpunt soos laasgenoemde na vore kom in sy uiteensetting van die Kennis Sosiologie. Die basiese aanname in die verband is, volgens Runciman: "... that what is held to be true in a given society at a given time is the determined product of the economic or social conditions at work in that society".[1] Hierdie aanname blyk trouens eksplisiet duidelik uit die werk van Mannheim waaruit sy fundamentele bydrae hierbo gerekonstrueer is. Volgens Runciman hou hierdie argumentasie 'n onhoudbare relatiwisme in.[2]

McDonald[3] meld ook Mannheim se probleem van historiese relativisme

---

1) Runciman, W.G., Op. cit. (1971), p. 162.
2) Ibid., p. 162.
3) McDonald, L.C., Op. cit., p. 476 en pp. 477-479.

en sy poging om die implikasies daarvan vry te spring soos veral blyk uit sy werk Ideology and Utopia. McDonald konkludeer met betrekking tot Mannheim se relativisme dat die irrasionele grondslae van rasionele kennis die opvallendste gedemonstreer word in politieke denke en hy haal Mannheim soos volg aan:

"Politics is conflict and tends increasingly to become a life-and-death struggle ...

Political discussion possesses a character fundamentally different from academic discussion. It seeks not only to be in the right but also to demolish the basis of its opponent's social and intellectual existence. Political discussion therefore penetrates more profoundly into the existential foundation of thinking ...

In political discussion in modern democracies where ideas were more clearly representative of certain groups, the social and existential determination of thought became easily visible. In principle it was politics which first discovered the sociological method in the study of intellectual phenomena. Basically it was in political struggles that for the first time men became aware of the unconscious collective motivations which had always guided the direction of thought."[1)]

McDonald besluit vervolgens: "If, then, all thought is socially conditioned, there is no fixed point in historical existence by reference to which all thought may be judged. We are all prisoners of the age in which we live".[2)]

McDonald wys ook daarop dat ongeag die skynbaar tragiese implikasies van relasionisme ("relationism" - Mannheim se poging om tussen sy eie bydrae en die ouer relatiwisme te onderskei) bly Mannheim optimisties oor die moontlikhede van so 'n wetenskap oor die politiek. Verder is Mannheim ook die mening toegedaan dat, in so verre 'n wetenskap van politiek moontlik is, politiek in die sin van groepkonflik sal verdwyn en ideologiese stryd vervang sal word deur "rasionele administrasie". Laasgenoemde sal 'n "suiwer tegniese" onderneming wees. Dit is dan in onder andere

---

1) Mannheim, K., "Ideology and Utopia", pp. 34-35 soos aangehaal deur McDonald, L.C., Op. cit., p. 477.
2) McDonald, L.C., Op. cit., p. 477.

Mannheim se werk Freedom, Power and Democratic Planning dat hy meer aandag aan hierdie middele tot die realisering van hierdie doelstelling gee.[1)]

Dat Mannheim se werk tot op groot hoogte filosofies gefundeer is, kan sonder vrees vir teëspraak beweer word.[2)] Ongeag die waardeoordele vervat[3)] in Mannheim se bydrae, soos onder die betrokke subhoof uiteengesit, kan aanvaar word dat Mannheim minstens 'n poging, hoe idealisties dan ook al, van stapel gestuur het tot beplande rekonstruksie van die samelewing op demokratiese grondslag. Na ons mening verdien sy poging tot die daarstelling van 'n model oor mag nie alleen vermelding nie, maar moet hy krediet daarvoor ontvang, aangesien hierdie model moontlik vir die Politieke Sosiologie in die besonder relevant mag wees.

4. Samevatting en evaluering van sekere fundamentele bydraes van die hier behandelde medegrondleggers van die Politieke Sosiologie

In verband met Weber se bydrae kan samevattend gestel word dat sy metodologiese instrument, die ideëel-tipe, saaklik uiteengesit is. Daar kan sonder vrees vir teëspraak gekonstateer word dat Weber hierin nie alleen 'n besondere bydrae gelewer het tot die sosiale wetenskappe in die algemeen nie, maar in besonder tot die metodologiese werkswyse wat in die Politieke Sosiologie gevolg sou kon word. Trouens, Weber het hierdie "metode" self prakties toegepas in die Politieke Sosiologie in sy ontleding van die burokrasie. Nog 'n faset van Weber se metodologie wat kernagtig aangestip is, is sy "verstehende"-benadering. Ook hierin het Weber 'n bydrae gelewer tot die metodologie van die sosiale wetenskappe. Dat kritici onderling verskil oor die aanvaarbaarheid en bruikbaarheid van hierdie twee aspekte is saaklik aangetoon. Na ons mening kan die bruikbaarheid van beide "metodes" kwalik bevraagteken word, soos trouens bewys word deur Weber se toepassing van beide metodes in sy sosiologiese bydraes.

Weber het ook enkele konsepte wat van kardinale belang is in die studie van die Politieke Sosiologie ontleed, waaronder die begrippe

---

1) Ibid., p. 479.
2) Timasheff, N.S., Op. cit., p. 307.
3) Ibid., p. 307. Vergelyk ook: Hoofstuk V, subhoof 3.2.7, p.282.

politiek, politieke assosiasie, staat en vorme van wetlike gesag.[1] In laasgenoemde geval is Weber se drieledige indeling van gesag, te wete tradisionele, charismatiese en wetlik-rasionele gesag van besondere belang.

Met betrekking tot politieke aktiwiteit het Weber duidelik aangetoon dat daar nie sprake kan wees van politiek sonder die in berekening bring van 'n bepaalde territorium nie; voorts dat diegene in die territorium 'n gedragswyse aanneem wat betekenisvol georiënteerd is met betrekking tot die territorium. Weber toon ook aan dat die instrument wat aangewend word in politieke handeling dwang en selfs potensiële geweld is, maar ook dat talle ander middele aangewend kan word. Gevolglik is dominering ("Herrschaft") sentraal tot die politieke fenomeen.

In die lig hiervan omskryf Weber politieke handeling as die aktiwiteit wat sigself die reg tot oorheersing of heerskappy toe-eien namens diegene wat in 'n bepaalde territorium gevestig is, met die implementering van dwang of selfs geweld ter wille van orde en vrede en die voordele wat laasgenoemde inhou óf om die gemeenskap teen eksterne bedreiging te beskerm. Weber gee ook 'n uiteensetting van heerskappy, mag en onderdanigheid.[2] Weber maak ook 'n verdere aanname met betrekking tot heerskappy wat ooreenkoms toon met Pareto se "elite"-gedagte en Mosca se "politieke klas", naamlik dat enige heerskappy uitgeoefen sal word deur 'n minderheid of klein groep wat op die een of ander wyse hul siening op die meerderheid sal afdwing.

Met betrekking tot die parlementêre stelsel en demokrasie wys Weber daarop dat 'n minimum van konsent nodig is vir onder andere die parlementêre stelsel. Voorts onderskei hy tussen die parlement as 'n faktor in positiewe of negatiewe politiek.[3]

Met betrekking tot die burokrasie as administratiewe instrument gee Weber ideëel-tipies die karakteristieke van 'n burokrasie weer.[4] Hy toon ook die konsekwensie van burokratisering aan,[5]

---

1) Vergelyk: Hoofstuk V, subhoof 1.2.1, p. 231 e.v.
2) Vergelyk: Hoofstuk V, subhoof 1.2.1, p. 233 e.v.
3) Vergelyk: Hoofstuk V, subhoof 1.2.2, p. 235 e.v.
4) Vergelyk: Hoofstuk V, subhoof 1.2.3, p. 238 e.v.
5) Vergelyk: Hoofstuk V, subhoof 1.2.3, p. 241.

onder ander vir die politieke realiteit. Hy wys daarop dat die burokrasie as 'n magsgroep kan opereer deurdat dit toegelaat was om dominante posisies in die regeringsproses in te neem en nie onderwerp was aan die nodige politieke kontrole nie. Op Weber se bydrae tot verskillende vorme van gesag is reeds gewys.[1)] Wat vir ons verder in die verband belangrik is, is dat hierdie tipologie minstens analitiese toepassingswaarde op die polities-sosiale realiteit het en voorts minstens 'n poging verteenwoordig ter klassifisering van vorme van gesag.

Ten slotte kan gestel word dat Max Weber se bydrae inderdaad so omvattend is dat die gevaar bestaan dat in 'n saaklike uiteensetting soos die onderhawige, selfs fundamentele aspekte oor die hoof gesien kan word bloot omdat dit in die wyer konteks van sy bydrae verswelg word of as minder belangrik beskou en oor die hoof gesien is. Ons gaan hier basies van die veronderstelling uit dat die fundamentele bydraes soos hier weergegee, naamlik sy metodologiese, konseptuele en teoretiese bydraes, Weber minstens laat kwalifiseer as medegrondlegger van die Politieke Sosiologie.

Michels toon onomwonde die belangrikheid van organisasie vir 'n effektiewe demokratiese bedeling aan. Die organisasiebeginsel is voorts vir hom funksioneel doelmatig in die sin dat dit die realisering van 'n kollektiewe wil impliseer en as instrument dien in die hande van die swakkere in hul stryd teen die sterkere. Die mate van sukses in die organisasieproses word egter medebepaal deur die mate van solidariteit onder diegene met identiese belange. Nog 'n bepalende faktor is die getalle (hier verwys hy spesifiek na die werkersklas) en hy sien die sukses van die werkersklas in hul politieke stryd in direkte verhouding tot hul getalle. Die organisasiebeginsel omvat vir hom egter ook sekere implikasies naamlik dat die konserwatisme ingebed in organisasie die demokrasie kan bedreig.

In ooreenstemming met die laaste stelling sien Michels die party as konserwatief van aard. Hy toon aan dat die party ingestel is op getalstoename. Namate die party egter groei, vind 'n gepaardgaande prysgawe van beginsels plaas. Nog 'n faktor wat die

---

1) Vergelyk: Hoofstuk V, subhoof 1.2.4, p. 242 e.v.

konserwatiewe aard van die politieke party-organisasie aantoon, is te vinde in die verhouding party-staat.[1)]

Michels stel dit duidelik dat die staatsorganisasie 'n burokrasie behoef. Hierin sien hy 'n instrument wat aangewend kan word om die politieke dominante klas se posisie te verseker, en burokrasie is dus 'n immer groterwordende sentralisering van mag.[2)] Alhoewel Michels duidelik die invloed van burokrasie hier ooraksentueer, kan andersyds nie ontken word dat die burokrasie as organisatoriese meganisme 'n belangrike invloed kan laat voel in die implementering van die beleid van die politieke dominante klas nie.

Michels kom onder andere tot die gevolgtrekking dat oligargie in die partybestuur domineer en postuleer op sterkte hiervan sy onwrikbare wet van oligargie.[3)] Sy basiese uitgangspunt is dat 'n bevoorregte minderheid aan bewind van sake is - 'n politieke dominante minderheidsklas dus. Hy toon die tegnies administratiewe probleem van die sosialisme in die verband aan, en gee ook 'n ontleding van die elemente van die politieke party waardeur hy die probleem van sosialisme verder identifiseer. Hy kom eventueel tot die gevolgtrekking dat die samelewing afhanklik is van 'n dominante of politieke klas. Hierdie politieke minderheidsklas konstrueer 'n wetlike orde wat op die samelewing van toepassing gemaak word. Die sentrale gedagte in hierdie postulaat van Michels is dat 'n georganiseerde minderheid aan bewind van sake staan en dat hierdie minderheid nie 'n getroue weergawe van die wil van die meerderheid daarstel nie. Dit is voorts duidelik dat Michels organisasie sentraal in hierdie dominante klas stel.

Dat Michels met sy bydrae 'n belangrike polities-sosiologiese fokuspunt aangedui het, lei geen twyfel nie, aangesien organisasie per sé 'n belangrike rol in die polities-sosiale realiteit vervul. Die wet van oligargie soos deur Michels geponeer, omvat eweneens belangrike fasette van polities-sosiale interaksie, waarvan onder andere die bepaling van beleid, besluitneming en uitvoering daarvan enkele voorbeelde is. Dit verbaas dus geensins dat Michels se ontleding van politieke partye kontemporêr nog die aandag van politieke sosioloë geniet nie.

---

1) Vergelyk: Hoofstuk V, subhoof 2.1.1, p. 248 e.v.
2) Vergelyk: Hoofstuk V, subhoof 2.1.2, p. 250 e.v.
3) Vergelyk: Hoofstuk V, subhoof 2.1.3, p. 252 e.v.

Naas sy gedagtes oor die politiek as 'n wetenskap soos vervat in Ideology and Utopia kom Mannheim se polities-sosiologiese beskouings eksplisiet na vore in sy werk Freedom, Power and Democratic Planning. Hierin gee Mannheim onder andere 'n ontleding van daardie toestande wat gelei het tot die sosiale disintegrasie van sy tyd en doen hy aan die hand hoe hierdie situasie deur middel van demokratiese beplanning reggestel kan word. Op laasgenoemde is hier nie ingegaan nie.

Mannheim sien egter die primêre simptome van die krisis soos volg: hy is van mening dat daar tye opduik waarin probleme nie ondervang kan word bloot deur middel van strukturele aanpassings nie, maar dat die beginsels onderliggend herwaardeer moet word. Hiervoor is egter 'n duidelike diagnose van die totaal-situasie nodig waarin die gebreke van die ou sisteem en die beoogde doel van die nuwe sisteem duidelik verreken moet word. Mannheim se siening van sosiale disintegrasie is in die verband belangrik, naamlik dat die sosiale struktuur sowel as die ondersteunende kragte van die struktuur, geleidelik verswak sonder 'n gepaardgaande ontwikkeling wat 'n nuwe orde daarstel. Om hierdie situasie die hoof te kan bied, moet allereers die simptome en oorsake van die disintegrasie bepaal word. Hy identifiseer die volgende simptome:

(i) Nuwe sosiale tegnieke wat minderheidsregering stimuleer.
(ii) Die nuwe tegnieke in die magskompleks.
(iii) Die monopolistiese neigings.
(iv) Die eliminering van self-regulerende klein-groepe.
(v) Die distintegrasie van tradisionele groepskontrole.
(vi) Mislukking van grootskaalse koördinasie.
(vii) Die vernietigende effek van klasse-antagonisme.
(viii) Die disintegrasie van koöperatiewe kontrole.
(ix) Persoonlikheidsdisintegrasie.
(x) Die disintegrasie van konsensus en van religieuse bande.

Bogenoemde is volgens Mannheim die primêre simptome van die krisis. Dat hy in sy ontleding van die krisis egter 'n verwysingsraamwerk verskaf het oor die verskeie fasette van polities-sosiale verandering lei geen twyfel nie. Sy identifisering van probleme inherent aan en voortvloeiend uit verandering en die onvermoë van 'n bepaalde polities-ideologiese sisteem (demokrasie) om hierdie probleme te ondervang, verdien na ons mening wyer erkenning.

Hyself doen 'n oplossing aan die hand, naamlik 'n nuwe mens met nuwe waardes, daargestel deur demokratiese beplanning. Alhoewel Mannheim krediet moet kry vir sy poging tot die daarstelling van 'n oplossing van die samelewingskrisis het ons die aandag primêr bepaal by daardie aspek van sy werk wat eksplisiet as 'n bydrae tot die teorie van die Politieke Sosiologie beskou kan word, tè wete sy analise van die magsfenomeen.

In dié verband gaan Mannheim van die veronderstelling uit dat politiek 'n dominante rol speel in die moderne samelewing en "dat die staat orals is", en hiermee saam dat die verantwoordelikheid van die openbare sektor sentraal staan en interverweef is in die totale samelewingsopset. Vir Mannheim beteken vryheid nie die ontkenning van hierdie interpenetrasie nie, maar 'n duidelike omskrywing met betrekking tot die aanwending daarvan in alle sfere, sowel as om die beperkinge en patroon van penetrasie aan te toon en om die verantwoordelikheid en medeseggenskap in beslissings te beveilig. Hieruit vloei dan vir Mannheim die belangrikheid voort van institusionele kontrole vir 'n strategie van beplande demokratiese hervorming in die samelewing, sowel as die behoefte aan 'n teorie van mag gebaseer op demokratiese beginsels.

Aangesien hy uitgaan van die veronderstelling dat geen samelewing sonder een of ander vorm van mag kan bestaan nie, poog hy om 'n omvattende teorie van demokratiese mag te postuleer.[1] Mannheim onderskei drie basiese vorme van mag,[2] naamlik vrye heerskappy, georganiseerde destruksie en geïnstitusionaliseerde of gekanaliseerde mag. In sy analise van die magsfenomeen gee hy aandag aan die volgende elemente wat eventueel komponente van sy model daarstel:

(i) Die drie basiese vorme van mag.
(ii) Mag en persoonlike verhoudings.
(iii) Magskonsentrasie in funksies.
(iv) Magskonsentrasie in groepe.
(v) Die aard en mag van gemeenskapsentiment.
(vi) Funksionele- en gemeenskapsmag in teenstelling met mekaar.
(vii) Misbruik van mag en die voorkoming daarvan.

---

1) Vergelyk: Hoofstuk V, subhoof 3.2, p. 264 e.v.
2) Vergelyk: Hoofstuk V, subhoof 3.2.1, p. 265 e.v.

Dit is dan veral in Mannheim se model van mag dat ons sy besondere bydrae tot die Politieke Sosiologie sien.

Uit die voorafgaande bydraes van enkele medegrondleggers van die Politieke Sosiologie kan 'n verwysingsraamwerk gerekonstrueer word wat as 'n sinvolle aanvangspunt beskou kan word in die ontleding van die kontemporêre polities- sosiale realiteit. Hierdie verwysingsraamwerk van polities-sosiologiese ontleding sal onder andere die volgende fasette van verwysing omvat:

(i) konsensus, na aanleiding van De Tocqueville se ontleding van die Amerikaanse demokrasie;
(ii) konflik, waarvan Marx se ontleding van die klassestryd 'n goeie voorbeeld is;
(iii) die politieke elite en/of heersersklas en die ontleding van die regerende minderhede na analogie van Pareto en Mosca se uiteensettings;
(iv) die gesagsfenomeen na aanleiding van Weber se drieledige tipologie van verskillende vorme van wetlike gesag;
(v) die burokrasiefenomeen na aanleiding van Weber se ideëel-tipe van die burokrasie.
(vi) organisasie-burokrasie-fenomeen na aanleiding van Michels, met besondere verwysing na die wet van oligargie; en
(vii) die magsfenomeen na aanleiding van Mannheim se bydrae in die verband.

Dat die bydraes van bogenoemde medegrondleggers slegs komponentêr van aard is, spreek vir sigself. Dat hierdie komponentêre bydraes egter belangrike perspektiewe geopen het oor die aard, wese, funksionering en strukturering van enkele fasette van die politiessosiale realiteit kan eweneens nie ontken word nie. Belangrike insigte is sodoende verkry oor leemtes op hierdie studieterrein, onder andere die behoefte aan duidelike terreinafbakening van die Politieke Sosiologie, en meer spesifiek leemtes of probleme met betrekking tot die teorie oor die polities-sosiale realiteit soos polities-sosiale verandering en 'n meer omvattende verwysingsraamwerk wat die grootste moontlike deel van die polities-sosiale realiteit kan omvat.

Dat die bydraes van die hierbogenoemde medegrondleggers deurbrake verteenwoordig in die studie van polities-sosiale interaksie, en ook dui op die multidimensionaliteit daarvan, die omvattende problematiek ten spyt, kan na ons mening nie ontken word nie. Dat hierdie medegrondleggers deur hul bydraes verdere studie op die terrein van polities-sosiale interaksie gestimuleer het, moet eweneens erken word.

Vervolgens staan ons stil by die twee belangrikste kontemporêre benaderings tot die polities-sosiale realiteit, te wete die konflik- en konsensusbenaderings.

HOOFSTUK VI

Die konflikbenadering as teoretiese grondslag tot die Politieke Sosiologie

1. Inleiding

Konflik as verskynsel in menslike interaksie is reeds vroeg in die menslike geskiedenis waar te neem. Hierbenewens manifesteer konflik sigself in 'n groot variëteit van vorme waarvan ten grondslag weer 'n groot variëteit van oorsake lê en waaruit 'n groot variëteit van konsekwensies of implikasies na vore tree. Vanweë die bogenoemde faktore en ook die multi-dimensionaliteit van die konflikfenomeen verbaas dit dus geensins dat die literatuur oor hierdie tema omvattend is nie.[1)] Hiermee word geensins gesuggereer dat die konflikfenomeen eie is aan die moderne tydsgewrig of andersins dat dit as objek van kritiese ontleding eers in resente tye ontleed is nie. In mindere of meerdere mate het die konflikidee reeds uit die bydraes van denkers oor die politiessosiale realiteit en die bydraes van medegrondleggers van die Politieke Sosiologie geblyk.

Om hier te wil suggereer dat die konflikbenadering eie is aan die Politieke Sosiologie en dat konflikteorie binne die kring, enkel en alleen, van die Politieke Sosiologie ontstaan en ontwikkel het, sou grens aan die absurde. Enersyds, omdat uit ons voorafgaande oorsig van die ontwikkeling van polities-sosiale denke, sowel as uit die bydraes van enkele medegrondleggers van die Politieke Sosiologie, die konflikverskynsel in wisselende grade van omvang

---

1) Vergelyk in die verband, om maar enkeles te noem:
   (i) Kriesberg, Louis, The Sociology of Social Conflicts (in geheel).
   (ii) McNeil, Elton B. (redakteur), The Nature of Human Conflict (in geheel).
   (iii) Oberschall, A., Social Conflict and Social Movements (in geheel).
   (iv) Boulding, Kenneth E., Conflict and Defense (in verband met konflikmodelle pp. 80-276).
   (v) Chambliss, William J. (redakteur), Op. cit. (in geheel).
   (vi) Deutsch, Morton, The Resolution of Conflict (in geheel).
   (vii) Sherif, Muzafer, Group Conflict and Co-operation (in geheel).
   (viii) Swingle, Paul (redakteur), The Structure of Conflict (in geheel).
   (ix) Valkenburgh, P., Anatomie van het Conflict (in geheel).
   (x) De Reuck, A., Knight, Julie (redakteurs), Conflict in Society (in geheel).

en intensiteit na vore gekom het. Andersyds, omdat die Politieke Sosiologie logieserwys uit onder andere die Sosiologie as wetenskaplike dissipline ontwikkel het. Laasgenoemde het weer onder andere ontwikkel uit 'n klassieke wysgerige agtergond en is in die proses ook deur ander wetenskappe beïnvloed. Gevolglik is dit dus gebiedend noodsaaklik om die ontwikkelingsgang van die konflikbenadering na te speur; uiteraard met die aandag gefokus op die sosiologiese perspektief ten einde so 'n sinvolle geheelbeeld van die konflikverskynsel as sodanige te kan ontworstel. Vervolgens bepaal ons dus die aandag by die konflikidee in sy sosio-historiese konteks.[1)]

2. 'n Saaklike sosio-historiese uiteensetting van enkele konflikidees

Oorlog as vorm van konflik is oorbekend uit die geskiedenis. Reeds in die Babiloniese tydvak het Hammurabi 'n ryk tot stand gebring deur die militêre onderwerping van omliggende gebiede. Hammurabi het dan ook gepoog om by wyse van wetgewing 'n ordelike politieke en dus ook samelewingsbestel te realiseer.[2)] Uit die Egiptiese beskawing, gekenmerk deur teokratiese absolutisme, is konflik en stryd eweneens welbekend.[3)] Dieselfde kan gesê word van die Chinese, Griekse en Romeinse beskawings onderskeidelik.

Becker en Barnes wys onder andere daarop dat dit 'n bekende aanname is dat konflik en stryd 'n belangrike rol gespeel het in beide kosmiese en sosiale evolusie. Heraclitus het in die sesde eeu voor Christus opgemerk dat oorlog algemeen en stryd geregverdig is en alles kom tot stand en gaan tot niet deur stryd. Herodotus het die Persiese oorloë gesien as 'n stryd tussen twee "fundamenteel opponerende beskawings". Aristoteles het die beleid van gebiedsuitbreiding teengestaan. Hy beskou die "stadstaat" as die ideale politieke eenheid en was oortuig dat stabiliteit die

---

1) Waar reeds verwys is na etlike van die denkers wat hier ter sprake gaan kom, sal slegs gekonsentreer word op hul konflikbeskouings ten einde oorvleueling en herhaling te voorkom.
2) Vergelyk: Hoofstuk II, subhoof 3, p. 36 e.v.
3) Vergelyk: Hitti, P.K., Op. cit., pp. 44-45.

primêre kriterium was in die bepaling van 'n bepaalde staats-administrasie se bevoegdheid.[1]

2.1 Polybius (203-121 v.C.)

Hy was na alle waarskynlikheid die eerste persoon wat die ontstaan van die staat tot die gebruik van dwang teruggevoer het. Becker en Barnes vervolg deur daarop te wys dat: "Drawing his conclusions from his detailed study of the development of the Roman Republic through military expansion, he contended that political evolution was a social process which was initiated by war and conflict, but which was progressively tempered by the introduction of the elements of reason, reflection, and consent, 'à la Pax Romana'."[2]

2.2 Ibn Khaldun (1332-1406)[3]

Aangesien die teoloë van die Middeleeue die konflikidee in stryd gevind het met hul eie leerstellings, het hierdie gedagte nie veel aandag by hulle geniet nie. In die Arabiese wêreld het dit egter steeds aandag geniet.[4] Dit is dan ook spesifiek by Khaldun waar ons die konflikidee weer terugvind.

Volgens hom kom 'n staat tot stand deur konflik en wel 'n konflik waarin die oorwinnaar die groep is met groter solidariteit, kompaktheid en kohesie. Vir hom is die nomadiese vee-eienaars diegene wat die landbouers, wat in dorpe saamgetrek is, telkens onderwerp. Eersgenoemde ervaar egter dieselfde mate van morele verval en verswakking in weerbaarheid sodat hulle weer op hul beurt in verval gaan.[5] Dit is dus 'n siklus van ontstaan en verval waarin konflik 'n prominente rol speel.[6]

2.3 Niccolò Machiavelli (1469-1527)[7]

---

1) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, pp. 704-705. Vergelyk in die verband ook: Sorokin, P., Contemporary Sociological Theories (1928), p. 309 (voetnoot op genoemde bladsy).
2) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 705.
3) Vergelyk: Hoofstuk II, subhoof 10.5, p. 76.
4) Martindale, D., Op. cit., p. 133.
5) Chambliss, R., Op. cit., pp. 309-311.
6) Vergelyk ook: Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, pp. 706-707.
7) Vergelyk: Hoofstuk III, subhoof 1.4, p. 97.

In die Westerse denke kry ons weer met konflik as sleutel-determinant van politieke en sosiale verskynsels te doen in die werke van Machiavelli. Hy het Polybius se teorie oor die ontstaan van die staat, naamlik in dwang, aanvaar, maar verder as dit gegaan.[1] Hy gaan uit van die standpunt dat die mens sleg is en namate getalle toeneem, groei die behoefte om homself teen andere te beskerm. Daarom word die beste uit die groep as hoof (of hoofde) van die groep aangestel met die belofte om hom te gehoorsaam. Volgens Machiavelli was daar geen probleme solank die "prinse" goed en regverdig was nie.

In gevalle waar hulle egter te veel luukses vir hulself bekom, ontstaan sameswerings teen hulle. Die vrees hiervoor maak van die prins dan 'n tiran. Die samesweerders teen die prins vorm 'n aristokrasie. Laasgenoemde word egter korrup en word vervang met 'n demokrasie; wat egter weer geleidelik in die rigting van anargie beweeg en eventueel met 'n nuwe diktatuur vervang word.[2] "Very probably he thought a unified state could be established only by the aggressive action of a dictator. However, only when the various forces are given recognition and the interests of prince, nobles, and people are all realized, will liberty be maximized."[3]

2.4 Jean Bodin (1530-1596)[4]

Bodin onderskei tussen die gesin, samelewing en die staat. In teenstelling met die gesin en samelewing wat hul oorsprong in die menslike aard het, sien hy die ontstaan van die staat in konflik - in die onderwerping van een groep deur 'n ander. Bodin het nie alleen tussen drie regeringsvorme onderskei, te wete monargie, aristokrasie en demokrasie nie, maar ook tussen regering en staat.[5] Voorts het hy aangetoon dat die samelewing aan verandering onderhewig is vanweë oorlog en konflik.[6]

---

1) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 708.
2) Martindale, D., Op. cit., p. 134.
3) Ibid., p. 135.
4) Vergelyk: Hoofstuk III, subhoof 1.5, p. 103.
5) Van der Walt, A.T., Konflikbeskouings in die Sosiologiese Teorie, 'n Historiese oorsig en Kritiese Waardering, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1968, pp. 17-19.
6) Ibid., pp. 18-19.

2.5 Thomas Hobbes (1588-1679)[1)]

Hobbes gaan uit van die standpunt dat die mens 'n onversadigbare begeerte na mag het en dat die primêre bronne van stryd te vinde is in die kompetisie wat ontstaan uit die identiese strewes onder mense uit vrees dat die een meer mag as die ander sal bekom óf uit 'n behoefte aan erkenning en bewondering. Vir hom is die natuurlike verhouding tussen individue dié van kompetisie, wantroue en 'n stryd om prestige. In 'n natuurlike staat verkeer die mens in 'n staat van oorlog. Die staat ontstaan dan teen bogenoemde agtergrond vanweë die mens se behoefte aan selferkenning en selfbewaring, uit sy behoefte om uit die natuurlike toestand van oorlog te ontsnap.[2)]

2.6 David Hume (1711-1776)[3)]

Hume gaan uit van die standpunt dat die mens 'n samelewing handhaaf vanweë noodsaak, natuurlike geneigdheid en gewoonte. Tydens die mens se verdere ontwikkeling word 'n politieke samelewing tot stand gebring ter wille van regverdigheid waarsonder vrede, veiligheid en wedersydse interaksie nie moontlik is nie. Regering het, volgens hom, waarskynlik stadig gerealiseer tydens die oorlogsfase, waarin een persoon homself oor ander gevestig het vanweë sy genialiteit en moed en die besef dat samewerking 'n voorvereiste is aangesien die resultate van wanorde duidelik was. Hierdie leiersfiguur kan dan sy gesag stabiliseer deur middel van dwang en onderlinge instemming.[4)] Hiermee is die probleem van dwang en vryheid of gesag egter nie opgelos nie. "In all governments, there is a perpetual intestine struggle, open or secret, between authority and liberty; and neither of them can ever absolutely prevail in the contrast. A great sacrifice of liberty must necessarily be made in every government; yet even the authority which confines liberty, can never, and perhaps ought never, in any constitution, to become quite entire and uncontrollable."[5)]

---

1) Vergelyk: Hoofstuk III, subhoof 1.6, p. 107.
2) Martindale, D., Op. cit., pp. 137-138.
3) Vergelyk: Hoofstuk III, subhoof 2.4, p. 126.
4) Martindale, D., Op. cit., p. 139.
5) Hume, David, "Essays: Moral, Political, and Literary" onder redaksie van Green, T.H. en Grose, T.H., Volume I, p. 116 soos aangehaal in Martindale, D., Op. cit., pp. 139-140.

Alhoewel die staat sy oorsprong dus in dwang het, berus dit gaandeweg meer op onderlinge ooreenstemming namate die onderdaan die waarde van politieke beheer en institusies begin waardeer.[1)]

2.7 Adam Ferguson (1723-1816)

Ferguson, soos talle voor hom, onder andere Hume en Bodin, was van mening dat die samelewing en talle samelewingsinstitusies hul oorsprong in konflik gehad het. Trouens, vir hom was konflik 'n belangrike faktor in vooruitgang. "Without the rivalship of nations and the practice of war, civil society itself could scarcely have found an object or a form" en verder: "... he who has never struggled with his fellow creatures is a stranger to half the sentiments of mankind".[2)] In oorlog, internasionale verhoudings, ekonomiese en politieke kompetisie is die verskillende vorme van stryd en konflik terug te vind.[3)]

Becker en Barnes toon aan dat Ferguson konflik en kompetisie so sterk beklemtoon het dat Gumplowicz van mening was dat Ferguson die eerste groot eksponent was van die teorie van politieke en sosiale ontwikkeling gesien as die produk van 'n stryd tussen sosiale groepe.[4)] Becker en Barnes toon egter aan dat dit waarskynlik 'n oorwaardering aan die kant van Gumplowicz is.[5)] Ferguson het wel aanvaar dat onderlinge instemming ("consent") 'n komponent is in regeringsinstitusies, maar voorts getwyfel of vrede die doel van die samelewing is.[6)]

2.8 Anne Robert Jacques Turgot (1727-1781)

Alhoewel Turgot aanvaar het dat 'n pluraliteit van invloede (onder andere klimaat en gewoontes) op die mensdom inwerk, het hy tog uitgegaan van die standpunt dat sonder konflik, wat gevestigde

---

1) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 710.
2) Ferguson, Adam, "Essay on the History of Civil Society", p. 36 soos aangehaal in Martindale, D., Op. cit., p. 140.
3) Martindale, D., Op. cit., p. 140.
4) Gumplowicz, Ludwig, "Die Sociologische Staatsidee", pp. 77-80 soos na verwys in Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 710.
5) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 710.
6) Martindale, D., Op. cit., p. 141.

gebruike moes neutraliseer, die mensdom in 'n fase van middelmatigheid vasgevang sou gebly het. Hy het egter ook erken dat immigrasie en kultuur 'n rol speel in verandering. Hy wys daarop dat die verhouding tussen nomadiese en landbouersvolke tipiese fases deurloop. Heersers van die landbouersvolke bereik 'n punt waarop hulle deur barbaarse volke omring word. Verswak hul heerskappy, word hulle deur die barbare aangeval, gemotiveer deur hul eie (die barbare se) selfsugtige ambisies. Die barbare neem die kultuur van die onderworpe volk oor en eventueel is hul lot dieselfde as die van die heersers wat hulle vervang het. Konflik dus is die ware bron van vooruitgang ("progress").[1)]

2.9 Adam Smith (1723-1790)[2)]

Adam Smith het die Fisiokrate se bydrae gemodifiseer en uitgebrei en hoewel nòg die Fisiokrate nòg Smith se spesifieke bydrae hier belangrik is, word hierdie subhoof ingevoeg met die primêre doel om aan te toon dat die "tradisionele konflikteorie" die staat as kernobjek van analise gemaak het en die staat ook beskou het as die institusie om balans in die konflikte tussen individue en groepe te verseker. Die Fisiokrate se primêre fokuspunt was die stryd om die verkryging van lewensnoodsaaklikhede. Konflik en kompetisie is in 'n nuwe vorm gegiet, naamlik daarin dat ekonomiese kompetisie die primêre faktor in die produsering van basiese lewensnoodsaaklikhede was. So gesien, is die fokus dus vanaf regeringsinstitusies en gepaardgaande konflik en kompetisie as faktore daarin, verskuif na die sfeer van die ekonomie. Die grondslae van die klassieke ekonomie kan dan ook teruggevoer word na Smith en die Fisiokrate.[3)]

2.10 Thomas Malthus (1766-1834)

In Malthus se werke word die kompetisieformule herskryf in meer

---

1) Vergelyk: Ibid., p. 141.
2) Vergelyk: Smith, Adam, The Wealth of Nations, Boek I - III (in geheel) onder redaksie van Skinner, Andrew. Uit laasgenoemde bron blyk Smith se kritiek op onder andere die merkantilistiese leerstelling duidelik. Vergelyk ook: Smelser, N.J., The Sociology of Economic Life (1963), pp. 6-7.
3) Vergelyk in die verband: Martindale, D., Op. cit., pp. 143-144.

algemene terme. "One can, of course, look at competition positively as the basis for an increase in precision and competence. One can also look at it negatively, as the struggle for scarce value which everyone cannot have. Insofar as competition produces values, it is positive; but it loses this property the moment there is greater need for values than competition can produce. This last is precisely Malthus' addition to the argument on the basis of demographic facts."[1)]

Malthus, soos deur Martindale aangetoon, dui aan dat alle kompetisie uiteindelik neerkom op 'n kompetisie om voortbestaan. Laasgenoemde forseer lone af tot op daardie punt waar dit slegs voldoende is vir die werker om te leef en te reproduseer. "In other areas, also, Malthus introduces a grim note, calling into question any and all programs for reform, which are doomed unless the population growth is checked."[2)]

Ingram wys in die verband soos volg op Malthus se bydrae: "... Malthus opposes the facts of the necessity of food and the tendency of mankind to increase up to the limit of the available supply of it. In a state of universal physical well-being, this tendency, which in real life is held in check by the difficulty of procuring a subsistance, would operate without restraint. Scarcity would follow the increase of numbers; the leisure would soon cease to exist; the old struggle for life would recommence; and inequality would reign once more. If Godwin's ideal system, therefore, could be established, the single force of the principle of population, Malthus maintained, would suffice to break it down."[3)] Malthus het dus die idee van konflik, stryd en kompetisie teen 'n wyer perspektief geprojekteer as in sy ekonomiese verband. Meer nog, Malthus sou 'n pertinente invloed laat geld op talle bioloë onder andere Darwin.[4)]

2.11 Charles Darwin (1809-1882)

Alhoewel Darwin in 'n groot mate deur Malthus beïnvloed was,[5)]

---

1) Ibid., p. 144.
2) Ibid., pp. 145-146.
3) Ingram, J.K., History of Political Economy, Tweede uitgawe, 1907, p. 113 soos aangehaal in Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 694.
4) Martindale, D., Op. cit., p. 146.
5) Vergelyk: Ibid., p. 162.

is Malthus se bydraes weer deur andere voor hom beïnvloed.[1] Andermaal, soos in die gevalle van Smith en Malthus, is dit nie soseer Darwin se geheel bydrae waarin ons hier geïnteresseerd is nie, maar in sy beskouings met betrekking tot konflik en dan meer pertinent sy invloed in die algemeen op sosiale denke.[2]

By Darwin vind ons die eksponering van die begrip van die stryd om bestaan in sy natuurverband waaruit die konsepte van natuurlike seleksie en die oorlewing van die mees bevoegde ("survival of the fittest") weer na vore gekom het.[3]

Volgens Darwin was diegene wat die mees bevoegd was om hul omgewingstoestande die hoof te bied ook diegene wat sou oorleef. "If the environment be competitive, savage, brutal, then the fittest will be the strongest physically and the most vicious. If the environment be cooperative, then the fittest will be the persons who cooperate best. With the development of intelligence and sagacity in early human society, individuals otherwise cruel learned to cooperate. A tribe of cooperating individuals would be victorious in a conflict with a tribe of non-cooperating members. Thus cooperation and cooperating environment themselves are the result of natural selection."[4] Bogardus wys egter daarop dat Darwin se teorie verdraai is en uit hierdie mistasting het die leer van sosiaal-Darwinisme na vore gekom.

Volgens hierdie leerstelling is die bestaanstryd onder diere ook die lot van die mens. Gevolglik word die menslike samelewing slegs 'n verlengstuk van die dieresamelewing gemaak. Die fundamentele wet van vooruitgang is die wet van dwang en mag. Alhoewel Bogardus aantoon dat hierdie interpretasie vals is in terme van Darwin se eie beginsels, gaan ons hier nie verder daarop in nie. Ons kan konkludeer met die aanname dat Darwin self wel

---

1) Vergelyk: Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, pp. 695-696.
2) Die hieropvolgende samevatting is gebaseer op Bogardus, E.S., Op. cit., pp. 299-301.
3) Vergelyk: Darwin, C., Origin of Species (1872), pp. 48-61 en pp. 62-105.
4) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 300.

'n eie sosiale filosofie uitgewerk het [1] wat prinsipieel gefundeer was op 'n teorie van toepassing op die dieresamelewing. In die volgende subhoof staan ons stil by konflik as kerntema by die sosiaal-Darwiniste.

Alvorens ons daartoe oorgaan, verdien 'n enkele opmerking oor die uiteensetting tot dusver vermelding.

---

1) Vergelyk: Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, pp. 701-712. Dit dien hier vermeld te word dat Bogardus en Becker en Barnes van mening was dat Darwin self nie 'n sosiaal-Darwinis was nie, terwyl Martindale dit wel impliseer (vergelyk: Martindale, D., Op. cit., pp. 162-164). Ons volstaan vir ons doeleindes met die bogenoemde uiteensetting aangesien hierdie verskilpunt nie 'n wesenlike invloed op die onderhawige diskussie het nie, alhoewel Martindale na ons mening tog gelyk het. (Vergelyk: Darwin, The Descent of Man (1971), pp. 48-49; pp. 130-131; pp. 133-134). Darwin self stel onder andere oor natuurlike seleksie: "We have now seen that man is variable in body and mind; and that the variations are induced, either directly or indirectly, by the same general causes, and obey the same general laws, as with the lower animals". (Darwin, C., Op. cit. (1871), p. 47) en verder: "The early progenitors of man must also have tended, like all other animals, to have increased beyond their means of subsistence; they must, therefore, occasionally have been exposed to a struggle for existence, and consequently to the rigid law of natural selection. Beneficial variations of all kinds will thus, either occasionally or habitually, have been preserved and injurious ones eliminated." (Ibid., p. 48; vergelyk ook: Hoofstuk VII, pp. 147-166). Na ons mening kan dus tereg van Darwin ook as 'n sosiaal-Darwinis gepraat word. Wat egter opvallend is, is dat Martindale wel hierdie faset in Darwin raakgesien het, maar nie die fundamentele dilemma waarin Darwin homself met sy evolusieleer bevind het nie, veral met betrekking tot die stryd om bestaan. (Darwin, C., Op. cit. (1872), pp. 48-61 en pp. 62-105). Naas konflik en stryd kan dus selfs in die diereryk ook wedersydse hulp en vriendelike benadering bestaan. Eisenstein vervolg in die verband: "Der Ausdruck, Kampf uns Dasein ist wohl sehr bildlich, aber für die in der natur herrschenden Verhältnisse nicht ganz zutreffend. Man kann nicht von einer aktiven Feindseligkeit der Lebewesen gegeneinder als Regel sprechen. Gegen die Einseitigkeit dieser Auffassung hatte sich schon der russische Sozial politiker Kropotkin, ein Zeitgenose Darwins, gewandt, indem er auf die erscheinung gegenseitiger Hilfe im Tierreich hinweis. Es gibt in der Tierwelt nicht allein Feindschaft und Rivalität, sonder auch friendliche Beziehungen und Beihilfe für einander bis zu enger Lebensgemeinschaft (Symbiose)." (Einsenstein, I., "Ist die Evolutionstheorie wissenschaftlich begründet" in Philosophia Naturalis, Band 15, Heft 3, 1975, p. 285). Na ons mening spreek die implikasie van bogenoemde aanhaling vir sigself. Indien die bestaanstryd nie as reël in die diereryk aanvaar kan word nie, hoeveel te meer nie onder die mens nie.

Dit verbaas geensins dat die konflikidee met sy ryke intellektuele tradisie eventueel in die Sosiologie aanleiding sou gee tot etlike konflikteorieë. Becker en Barnes[1] merk op dat hierdie teoretici implisiet of eksplisiet minstens drie vereistes neergelê het waaraan voldoen moet word alvorens 'n menslike samelewing as 'n staat gesien kan word.

"(1) Social stratification must take place as a consequence of the fact that a superior minority ... has gained and organized control over a large majority of the people.
(2) The economic system of private ownership of property must be established among both the supraordinate and subordinate groups; hence the former must have obtained coercive power to enforce its decrees over the latter. The subordinate group must be continually seeking to become dominant itself.
(3) Both the master and the subject groups must be settled in a definite territorial area, an area over which the ruling class or 'the state' exercises sovereignity."[2]

Dit is na ons mening belangrik om daarop te wys dat die besondere bydrae van die bogenoemde denkers daarin geleë is dat konflik en die resulterende stryd 'n oorsaaklike faktor was in die ontstaan van die staat en/of regeringsinstitusies. Voorts dat konflik, vanweë sy wesensaard, potensieël tot vernietiging en chaos en/of die eliminering van kompeterende individue of groepe 'n kernfeit in die samelewing is.

3. Konflik as kerntema by die sosiaal-Darwinisme en Marxisme

3.1 Sosiaal-Darwinisme

Martindale is van mening dat sosiaal-Darwinisme baie na aan die ontwikkeling van die hoofstroom van sosiologiese ontwikkeling geleë is en dat sosiaal-Darwinisme 'n vorm van konflikideologie ontwikkel het in die naam van besigheidsgroepe in die moderne samelewing.[3]

---

1) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 703.
2) Ibid., p. 703.
3) Vergelyk: Martindale, D., Op. cit., p. 162. Met hierdie siening van Martindale gaan ons nie heeltemal akkoord nie aangesien Martindale self die bydraes van De Gobineau, Chamberlain, Galton en ander hanteer by wie dit primêr gaan om rasse, rasseverskille, rassesuperioriteit/inferioriteit en gevolglik konflik - dus gaan dit in die sosiaal-Darwinisme nie net om konflik of konflikideologie in die naam van die besigheidsgroepe nie - soos dan ook later in hierdie subhoof aangetoon sal word.

Dit is tot op groot hoogte goed te begrype dat 'n "weldeurdagte-vir-sy-tyd teorie van biologiese evolusie" gefundeer in natuurlike seleksie 'n besondere impak op aanverwante wetenskappe sou hê. In die lig hiervan kan ook goed begryp word waarom sosiaal-wetenskaplikes die invloed van Darwin nie kon ontkom in hul eie analise van samelewingsfenomene nie. Soveel sô het Darwinisme sigself laat geld in die sosiale wetenskappe dat 'n nuwe denkrigting, sosiaal-Darwinisme die lig gesien het. Sosiaal-Darwinisme het gepoog om sosiale verandering en sosiale organisasie te verklaar na analogie van Darwin se teorie van biologiese evolusie volgens natuurlike seleksie.[1] Na aanleiding van House gee ons die volgende samevatting van die sosiaal-Darwinisme soos in hierdie konteks ter sprake: "... the type of theory that attempts to describe and explain social phenomena chiefly in terms of competition and conflict, especially the competition and conflict of group with group and the equilibrations and adjustments that ensue upon such struggles."[2] Vervolgens gee ons 'n saaklike samevatting van die bydraes van enkele sosiaal-Darwiniste.

3.1.1 Herbert Spencer (1820-1903)

Spencer kan saam met onder andere Comte, beskou word as een van die medegrondleggers van die Sosiologie[3] en eweneens as 'n duidelike eksponent van die organismiese benadering.[4] Trouens, uit een van sy belangrikste werke (vir ons doel) blyk duidelik dat die kerntema van die werk die analogie is tussen die biologiese organisme en die samelewing. Dit is ook hier waar ons een van die eerste en volledigste eksposisies kry van die evolusieteorie - wat aanvanklik ontwikkel is ter verklaring van die ontwikkeling van organiese lewe - toegepas op die ontwikkeling van die menslike samelewing.[5] Nie alleen is die organismiese benadering oorheersend nie, maar eweneens die positivistiese.[6] Alhoewel Giddings 'n

---

1) Smelser, N.J., Op. cit. (1963), p. 12.
2) House, F.N., Op. cit. (1936), p. 158.
3) Timasheff, N.S., Op. cit., p. 3.
4) Ibid., p. 37.
5) Vergelyk:
   (i) Andreski, Stanislav (redakteur), Herbert Spencer, Principles of Sociology, pp. 1-155.
   (ii) Peel, J.D.Y., Herbert Spencer, The Evolution of a Sociologist, pp. 166-191.
6) Vergelyk: Buckley, W., Voorwoord tot Spencer, H., Reasons for dissenting from the philosophy of M. Comte and other essays (1968), p. vi.

breë omlyning van Spencer se sosiologiese beskouings gegee het,[1] verhaal ons hier slegs enkele beginsels van Spencer soos deur homself weergegee.[2]

"1. Throughout the universe in general and in detail, there is an unceasing redistribution of matter and motion.
2. This redistribution constitutes evolution where there is a predominant integration of matter and dissipation of motion, and constitutes dissolution where there is a predominant absorption of motion and disintegration of matter.
3. Evolution is simple when the process of integration, or the formation of a coherent aggregate, proceeds uncomplicated by other processes.
4. Evolution is compound when, along with this primary change from an incoherent to a coherent state, there go on secondary changes due to differences in the circumstances of the different parts of the aggregate.
5. These secondary changes constitute a transformation of the homogeneous into the heterogeneous - a transformation which like the first, is exhibited in the universe as a whole and in all (or nearly all) its details: in the aggregate of stars and nebulae; in the planetary system; in the earth as in inorganic mass; in each organism, vegetal or animal (Von Baer's Law); in the aggregate of organisms throughout geologic time; in the mind; in society; in all products of social activity."[3]

Spencer vervolg deur daarop te wys dat die proses van integrasie met die proses van differensiasie kombineer ten einde die proses teweeg te bring waardeur nie alleen homogeniteit tot heterogeniteit realiseer nie, maar ook 'n proses van onbepaalde homogeniteit tot bepaalde heterogeniteit. Aan die wortel van hierdie proses lê: (a) die onstabiliteit van die homogene ("homogeneous");

---

1) Giddings, F.H., "Sociology, A Lecture" (1908), pp. 29-30 soos opgeneem in Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, pp. 667-668. Vergelyk: Timasheff, N.S., Op. cit., pp. 40-41 vir kritiek op hierdie opsomming. Timasheff toon aan dat Giddings verantwoordelik was vir talle mistastinge oor Spencer.
2) Spencer, H., Op. cit. (1968), pp. 27-30.
3) Ibid., p. 27.

(b) die multiplikasie van effekte en (c) segregasie. 'n Ekwilibrium kulmineer hierdie prosesse. Ontbinding ("dissolution") is die teenverandering wat op een of ander stadium deur hierdie ontplooiende aggregaat ondergaan word. Vanweë omliggende kragte waarin die ekwilibrium nog nie gerealiseer het nie, is elke aggregaat onderhewig aan ontbinding.[1)]

Die twee kenmerke van Spencer se bydrae sover, is sy organismiese beskouing en evolusiegedagte. Martindale merk tereg op dat Spencer se organismiese beskouing (± 1850) terugdateer nog voordat Darwin se Origins of Species (1859) die lig gesien het. Die invloed van Darwin is merkbaar waar Spencer in sy latere werke toenemend aan konflik met betrekking tot sosiale aangeleenthede aandag gegee het. "Particularly as he turned attention to social issues, Spencer tended to welcome the conception of a natural process of conflict and survival which operates as a kind of biologically purifying process."[2)]

Spencer het egter die aanname gehuldig dat sosiaal-Darwinisme nie in die samelewing fungeer nie, maar behoort te fungeer.[3)] Spencer was op grond van sosiaal-Darwinisme gekant teen enige vorm van staatsinmenging met private aktiwiteite. In die mens se evolusie vanaf barbarisme tot beskawing, sê Spencer byvoorbeeld dat 'n transisie-fase voorkom waarin opoffering gemaak moet word. Hy stel voorts dat dit 'n ongelukkige - vir die mens - fase is. "The process 'must' be undergone, and the sufferings 'must' be endured. No power on earth, no cunningly-devised laws of statesmen, no world-rectifying schemes of the humane, no communist panaceas, no reforms that men ever did broach or ever will broach, can diminish them one jot."[4)]

Na ons mening spreek sy sosiaal-Darwinistiese ingesteldheid duidelik uit die volgende sitaat. "In our days of active philanthrophy,

---

1) Vergelyk verder: Ibid., pp. 29-30 sowel as Spencer, H., First Principles (1922), Deel II, pp. 99 e.v.
2) Martindale, D., Op. cit., p. 164.
3) Ibid., p. 164.
4) Macrae, Donald (redakteur), Herbert Spencer, The Man Versus The State, p. 140. Vergelyk verder veral die hoofstuk getiteld "The coming slavery", p. 82 e.v.

hosts of people eager to achieve benefits for their less fortunate fellows by what seem the shortest methods, are busily occupied in developing administrative arrangements of a kind proper to a lower type of society - are bringing about retrogression while aiming at progression. The normal difficulties in the way of advance are sufficiently great, and it is lamentable that they should be made greater. Hence, something well worth doing may be done, if philanthropists can be shown that they are in many cases insuring the future ill-being of men while eagerly pursuing their present well-being."[1)]

Ons gaan te meer met Martindale se gedagte akkoord, naamlik dat Spencer konflik toenemend van toepassing gemaak het op sosiale verskynsels, indien in gedagte gehou word dat The Man Versus The State in 1892 vir die eerste keer gepubliseer is. Die konflik-gedagte kom na ons mening redelik pertinent na vore in Spencer se beskouings oor die sosiale organisme en meer spesifiek waar hy die ontstaan van regeringsorganisasies behandel.[2)]

Soos reeds aangetoon en ook hier weer duidelik waarneembaar is, speel die evolusionêre en organismiese beskouings 'n deurslaggewende rol. Wat ons nou meer pertinent wil probeer aantoon, is Spencer se konflikbeskouing.

"Always, in rude assemblages of men, the strongest, most courageous, and most sagacious, become rulers and leaders; and, in a tribe of some standing, this results in the establishment of a dominant class, characterized on the average by those mental and bodily qualities which fit them for deliberation and vigorous combined action. Thus that greater impressibility and contractility, which in the rudest animal types characterize the units of the ectoderm, characterize also the units of the primitive social stratum which controls and fights; since impressibility and contractility are the respective roots of intelligence and strength."[3)] Voorts toon hy aan dat naas krag en stryd ook dwang 'n kernfaktor is.[4)]

---

1) Ibid., p. 189.
2) Ibid., pp. 218-233 en spesifiek p. 225 en p. 227 e.v.
3) Ibid., p. 225.
4) Ibid., p. 226.

Die kwessie van stryd voer hy nog verder in sy evolusie van regeringstrukture.[1] Dit wat betref die konflikbeskouing by Spencer. Trouens, daar kan met reg geargumenteer word dat hy konflik verreken het ook in sy militêre samelewing wat hy onderskei van die industriële samelewing.[2]

3.1.2 Lester F. Ward (1841-1913)

Ward word nie alleen beskou as 'n primêre grondlegger van die Sosiologie in Amerika nie,[3] maar ook as die eerste sistematiese sosioloog. Hy het daarin geslaag om die idees van Comte en Spencer in 'n besondere sintese van sy eie te vervat.[4] Ward se konflikteorie kan saaklik soos volg saamgevat word.

---

1) Ibid., p. 227.
2) Andreski, Stanislav (redakteur), Op. cit., pp. 499-571. Martindale stel dit pertinent dat een van die defekte van die positivistiese organisme die onvermoë daarvan was om sake met betrekking tot intermenslike konflik te hanteer. (Martindale, D., Op. cit., pp. 128-129). Hy toon dan kernagtig daardie leemte aan by die volgende eksponente van die positivistiese organisme: Comte, Spencer, Tönnies en Durkheim en dan maak hy 'n sterk saak uit vir die prominensie van konflik in die samelewing en konkludeer dat die positivistiese organisme beswaarlik in die lig van hierdie defek as 'n vorm van wetenskaplike teorie kwalifiseer. Die vraag ontstaan egter net of Martindale in hierdie konteks nie te veel maak van konflik in intermenslike gedrag nie - die feit dat dit bestaan, kan die ontken word nie - maar noodsaak hierdie feit dat 'n sosiologiese teorie oor die samelewing primêr konflik moet verklaar of ook konflik moet verreken? Indien laasgenoemde as vereiste geld, gaan Martindale se argument minstens met betrekking tot Spencer nie heeltemal op nie, aangesien hy wel konflik verreken (weliswaar in sosiaal-Darwinistiese terme). Martindale bly in gebreke om te sê waarom konflik verklaar moet word - trouens, hyself sê dit is die samelewing wat beskryf en verklaar moet word (p. 127) en konflik is immers maar een van talle sosiale faktore wat verreken moet word in 'n teorie oor die samelewing. Dit lyk vir ons na 'n verabsolutering en 'n eensydige beskouing wat Martindale hier op die positivistiese organisme se eksponente, en by name Spencer, nahou. Dit bly 'n ope vraag hoeveel teorieë naas die konflikteorie self aan konflik aandag gee; met ander woorde, selfs al sou die kritiek geldig wees, kan dit sekerlik ook teen ander teorieë gerig word. Na ons mening is 'n meer houdbare kritiek teen Spencer se bydrae daarin geleë dat hy die evolusieleer in sy organismiese konsepsie te eensydig beklemtoon het. (Vergelyk in die verband Eisenstein se reeds vermelde kritiek op die evolusieteorie). Na ons mening het Spencer die wesensaard van die sosiale realiteit met sy organismiese beskouing gemis. Die samelewing openbaar beide in sy omvattende en komplekse strukturele bestel, sowel as in sy funksionele uitinge, dimensies (toegevoeg vanweë die hoër bewussynsorde en hoër redevermoëns van die mens) wat nie deur 'n organismiese beskouing ondervang kan word nie.
3) Ellwood, C.A., Op. cit., p. 526.
4) Martindale, D., Op. cit., pp. 69-70.

Volgens Ward kom elke tipe struktuur, hetsy anorganies, organies of sosiaal, tot stand via een beginsel, naamlik dat dit die resultaat is van antagonistiese kragte in interaksie.[1] So kom die "stamgroep" tot stand deurdat 'n familie voortvloei uit twee lede van die teenoorgestelde geslag waardeur na verloop van tyd 'n stam of horde ontwikkel.[2] Vanweë reproduksie ontstaan talle stamme wat slegs in kontak is met dié uit hul onmiddellike omgewing. Vanweë sosiale differensiasie ontstaan dan verskillende rasse. Hierdie rasse, vanweë plaaslike variasies, sal verskil in taal, kultuur en oortuigings ("beliefs"). Hierop volg sosiale integrasie vanweë die interaksie van antagonistiese kragte. Vanweë vyandighede ontstaan oorlog tussen groepe en die mees superieure onderwerp die swakkeres waardeur 'n geamalgameerde stam tot stand kom. Oorwinning is dus die eerste stap in die hele proses. "The first step in the struggle of races is that of the conquest of one race by another. Among races that have pushed their boundaries forward until they meet and begin to overlap war usually results. ... The conquering race holds the conquered race down and makes it tributary to itself."[3] Hierop volg enkele stappe wat uitkristalliseer in 'n nasie.

Ward vat hierdie stappe soos volg saam, in navolging van Ratzenhofer en Gumplowicz.

"1. 'Subjugation' of one race by another.
2. Origin of 'caste'.
3. Gradual mitigation of this condition, leaving a state of great individual, social and political 'inequality'.
4. Substitution for purely military subjection of a form of 'law', and origin of the idea of legal 'right'.
5. Origin of the 'state', under which all classes have both rights and duties.
6. Cementing of the mass of heterogeneous elements into a more or less homogeneous 'people'.
7. Rise and development of a sentiment of 'patriotism' and formation of a 'nation'."[4]

---

1) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 719.
2) Ward, L.F., Pure Sociology (1914), p. 119 e.v.
3) Ibid., p. 204.
4) Ibid., p. 205.

Hierdie staat het waarskynlik in prehistoriese tye bestaan. Stryd tussen twee state van hierdie tipe het oorwinning en amalgamasie tot gevolg en 'n staat hoër op in die skaal van strukture ontstaan. Hierdie proses het hom telkens in die geskiedenis herhaal. "Thus Ward adheres to his conflict theory position to the end. To conflict between unstratified clans is due the origin of the state; to conflict between states is due the march forward to greater social efficiency and higher civilization."[1] Aldus die konflikkonsep by Ward.

3.1.3 William Graham Sumner (1840-1910)

Hofstadter noem Sumner "... the most vigorous and influential social Darwinist in America".[2] Martindale self stel dat: "Sumner tied together the Protestant ethic, the doctrines of classical economics, and Darwinian natural selection."[3]

Aangesien Sumner se konflikteorie in 'n volgende subhoof meer volledig aangestip sal word, volstaan ons hier met 'n saaklike uiteensetting van sy sosiaal-Darwinistiese konflikbeskouings. Met verwysing na ekonomiese en sosiale toestande handhaaf Sumner die beskouing dat die oorspronklike menslike toestand een was van 'n bestaanstryd. Die volgende fase is dié waarin eiendom van permanente belang word vir beskawing. Die primitiewe mens het hom van hierdie kompeterende stryd onttrek, kon nie eiendom of kapitaal akkumuleer nie en is gereduseer tot 'n permanente staat van agterlikheid. Hierteenoor is die industriële leiers en kapitaliste die groot kompeteerders en die ware skeppers van rykdom. Die moontlikhede van menslike ontwikkeling is opgesluit in die verhouding mens tot grond ("land"). Vir Sumner is die ongelykheid van klasse 'n normale verskynsel.

3.1.4 Joseph Arthur de Gobineau (1816-1882)

De Gobineau het 'n rasse-interpretasie van die geskiedenis gegee.[4]

---

1) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 721.
2) Hofstadter soos aangehaal in Martindale, D., Op. cit., p. 165.
3) Martindale, D., Op. cit., p. 166.
4) Hierdie samevatting is gebaseer op Van der Walt, J.A., Maritz, F.A., Strauss, Johann, Rassesosiologie, p. 47.

Vir hom was die rassefaktor die sleutelfaktor in die ontwikkeling en verval van 'n samelewing. Hy was 'n sterk voorstander van rassesuiwerheid en aanvaar die leer van die ongelykheid van rasse. Hy onderskei tussen superieure en inferieure rasse. Beskawing en kultuur is die eksklusiewe produkte van die superieure rasse. Vir hom was die wit ras, en by name die Ariese vertakking daarvan, die mees superieure en die mees kreatiewe ras.[1] Die verval van die aristokrasie in Europa het hy toegeskryf aan die feit dat hulle (die Ariërs) hul posisie van heerskappy verloor het.[2]

3.1.5 Houston Stewart Chamberlain (1855-1926)

Vir Chamberlain is die antwoord op die vraag wat die grondslae en bronne van die negentiende eeuse beskawing is, daarin geleë dat die Griekse, Romeinse, Joodse en Teutoniese beskawings die bronne vorm van die negentiende eeuse beskawing. Die rassegenieë uit bogenoemde groepe het hul beskawingselemente gerealiseer. Hul talente is niks anders as 'n manifestasie van hul rassekwaliteite nie. Ook Chamberlain huldig die gedagte van superieure en inferieure rasse en ook vir hom is die wit ras en meer spesifiek die Ariese vertakking die superieure. Hy verskil egter van De Gobineau daarin dat hy van mening is dat rassevermenging onder sekere voorwaardes voordelig kan wees. Vir hom is daar 'n stryd tussen die Teutone en die ander rasse, maar die Teutone was telkens die mees kreatiewe van al die rasse. Volgens hom gaan die stryd tussen die Teutone en nie-Teutone steeds voort. Vir hom is dit nie alleen 'n stryd in oorlog nie, maar in vele ander vorme en wel 'n stryd om lewe én dood.[3]

3.1.6 Georges Vacher de Lapouge (1854-1936)

Hy verdeel die rasse van Europa in die Homo Europaeus (Ariese ras), Homo Alpinus en Homo Contractus waarvan die Homo Europaeus die mees hoogstaande prestasies gelewer het. Vir hom word die voor- of agteruitgang van 'n samelewing bepaal deur die rassesamestelling. Verandering in die ras of bevolkingsamestelling is moontlik óf

---

1) Sorokin, P., Op. cit. (1928), pp. 222-228.

2) Martindale, D., Op. cit., p. 169.

3) Sorokin, P., Op. cit. (1928), pp. 229-233.

deur die direkte invloed van omgewingsfaktore òf deur seleksie. Hy aanvaar Darwinse teorie van natuurlike seleksie. Hy onderskei dan tussen militêre, politieke, godsdienstige, ekonomiese, landelike en stedelike differensiasie, wat daarop neerkom dat die kreatiewe Ariese ras geleidelik besig is om geëlimineer te word.[1)]

Martindale merk met betrekking tot die drie hierbogemelde eksponente van die sosiaal-Darwinisme op dat daar ook nog ander konvergeringe was tussen rassisme, Darwinisme en nasionalisme. Bogenoemde drie is voldoende om aan te toon dat hierdie denkrigting die rasionaal voorsien het vir een tipe van sosiaal-Darwinistiese nasionalisme en imperialisme.[2)]

3.1.7 Francis Galton (1822-1911)

Galton was sterk beïnvloed deur Quetelet en Darwin.[3)] Sorokin som sy bydraes, soos vervat in een van sy belangrikste werke Hereditary Genius, op waarvan enkele fasette hier verhaal word.[4)]

1. Menslike individue verskil met betrekking tot hul fisiese sowel as hul psigiese karakteristieke - alle mense is dus nie gelyk nie.
2. Individuele verskille resulteer vanweë twee primêre faktore; omgewing en oorerwing. Van die twee is oorerwing egter die deurslaggewende faktor.
3. Dieselfde verskille wat geld tussen individue is ook aan te tref by rasse. Net soos in 'n samelewing tussen 'n boonste en onderste stratum onderskei kan word, waar genialiteit en talent duideliker waarneembaar is by die boonste laag, net so is rasse ook ongelyk. Hy wys daarop dat die Negers nog geen geniale persoon opgelewer het nie, terwyl by die Grieke in Athene en in Engeland daar talle geniale persone was.
4. Die historiese eindbestemming van 'n samelewing word, volgens Galton, dus primêr bepaal deur die oorgeërfde kwaliteite van 'n bevolking. Op hierdie wyse het Galton 'n teorie van seleksie en van die rassefaktor gefundeer waardeur etlike ander denkers beïnvloed is, onder andere Ammon en De Lapouge.

---

1) Ibid., pp. 234-244.
2) Martindale, D., Op. cit., p. 170.
3) Sorokin, P., Op. cit. (1928), p. 252.
4) Ibid., pp. 252-256. Vergelyk ook: Van der Walt, J.A., Maritz, F.A., Strauss, Johann, Op. cit., p. 49.

"Furthermore, Galton's works have given a great impulse to eugenics as a method of social reorganization based on the correct direction of the changes in the hereditary qualities of the population through selection and selectional agencies. It consists in the facilitation of the procreation and the fertility of the best - biologically, mentally, and morally and in hindering the procreation of the socially inadequate and of the biologically and mentally inferior."[1] In hierdie bydrae sien Martindale 'n tweede vorm van sosiaal-Darwinisme, naamlik 'n vorm wat aanleiding gegee het tot verskeie programme van rasseverbetering ("racial improvement") as die enigste effektiewe wyse vir die oplossing van sosiale probleme.[2]

3.1.8 Karl Pearson (1857-1936)

Volgens Pearson[3] is daar variasie by die mens waar te neem. Hierdie variasie is oorgeërf en geselekteer. Pearson is van mening dat die biologiese faktore dominant is in die evolusie van die mensdom. Volgens Pearson is dit hierdie faktore alleen wat lig kan werp op die opkoms en verval van nasies, sowel as op rasiële vooruitgang en nasionale degenerasie. Die evolusie van die mensdom is soos dié van diere, 'n evolusie gebaseer op natuurlike seleksie. Hy postuleer enkele beginsels en op sterkte daarvan konkludeer hy dat die rassesamestelling van 'n bevolking die deurslaggewende faktor is in die opkoms of verval van die nasie. "If selection proceeds in favor of survival and multiplication of the best stocks, the nation progresses; if its direction is opposite, it decays."[4] Hierdie beginsel geld vir 'n spesifieke samelewing sowel as die totale mensdom.

Vir Pearson is dit duidelik uit die geskiedenis dat 'n gevorderde staat van beskawing gerealiseer is deur 'n stryd tussen rasse en deur die oorlewing van die fisies en moreel bes toegeruste ras. Vir hom regverdig die superioriteit van die Ariese ras dit dat die witman die inferieure rasse moet oorwin en oorheers. Hy gaan ook uit van die standpunt dat rassevermenging nadelig is en dat die stryd

---

1) Sorokin, P., Op. cit. (1928), p. 256.
2) Martindale, D., Op. cit., p. 170.
3) Sorokin, P., Op cit (1928), pp. 256-262 (hierdie samevatting is op genoemde bron gebaseer).
4) Ibid., p. 260.

om bestaan voortduur nie alleen tussen individue nie, maar ook tussen groepe en rasse.

Implisiet is die konflikidee wel relevant tot die rassebenaderings van onderskeidelik De Gobineau, Chamberlain, De Lapouge, Galton en Pearson. Ter stawing van die argument kan aangevoer word dat hierdie denkers almal in mindere of meerdere mate die beginsel van die ongelykheid van rasse aanvaar het. Voorts, dat hulle van mening was dat die prestasies van die wit rasse in direkte verhouding tot hulle rassekwaliteite staan. Tereg merk Martindale dan ook in hierdie verband op dat hierdie denkrigting die rasionaal voorsien het vir 'n tipe van sosiaal-Darwinistiese nasionalisme en imperialisme.[1] Trouens, Pearson stel dit pertinent dat daar in die superioriteit van die Ariese ras regverdiging voor te vind is dat hulle die ander rasse moet onderwerp. Hy onderskryf dan ook die gedagte dat rassevermening nadelig is en dat die bestaanstryd nie alleen tussen individue nie, maar ook tussen rasse voortduur. Dit is duidelik dat konflik dus in mindere of meerdere mate, direk of indirek, as faktor na vore kom in die hierbehandelde eksponente van die rasseskool se bydraes.

3.1.9 Franklik Giddings (1855-1931)

Timasheff[2] stel die evolusionistiese ingesteldheid by Giddings soos volg: "Like so many social scientists of his time, Giddings accepted the evolutionary doctrine as self-evident truth. For him, as for Spencer and Ward, evolution was the supreme law of becoming in all realms of reality."[3] Vir hom was sosiale evolusie bloot 'n fase in kosmiese evolusie.[4] Die kernbeginsel in sy sosiologie is dié van soortbewussyn waarmee Giddings bedoel: "... a state of consciousness in which any being, whether low or high in the scale of life, recognizes another conscious being as of like kind with itself".[5] Op Giddings se spesifiek sosiologiese bydraes gaan ons hier nie verder in nie.

---

1) Martindale, D., Op. cit., p. 170.
2) Timasheff, N.S., Op. cit., p. 82. Vergelyk: Giddings, F.H., The Principles of Sociology (1928), p. 19 e.v. en p. 199 e.v.
3) Timasheff, N.S., Op. cit., p. 82.
4) Ibid., p. 83.
5) Giddings, F.H. Op. cit. (1928), p. 17.

Vervolgens gee ons saaklik sy konflikbeskouings weer. In hierdie verband is dit opvallend dat Giddings nie 'n konflikmodel of -teorie voorhou nie, maar dat die konflikgedagte bykans onopsigtelik in groot dele van sy werk waar te neem is en ook in groot verskeidenheid konnotasies. In sosiaal-Darwinistiese sin onderskei hy, in ooreenstemming met Darwin se stryd om bestaan, die volgende vorme van stryd:

"..(1) 'the struggle to react', to endure heat and cold and storm, ...
(2) 'the struggle for subsistence' wherewith to repair the waste of reaction;
(3) 'the struggle for adaptation' by every organism to the objective conditions of its life, and
(4) 'the struggle for adjustment', by group-living individuals to one another."[1)]

Vanuit evolusionistiese oogpunt identifiseer hy weer twee vorme of wyses van konflik. In dié verband is sy uitgangspunt: "It is unnecessary to prove that social intercourse is a mode of conflict."[2)] Dit is in verband met assosiasie dat Giddings dan twee vorme van konflik onderskei, te wete primêre en sekondêre konflik. "Primary conflict is conquest. It is a conflict violent enough to overcome the independent motion, and often to destroy the cohesion, of one, at least, of the conflicting bodies. Secondary conflict is contention. It is a conflict relatively so slight that the conflicting bodies only modify each other's motions and states. Evolution begins in a primary conflict, the effect of which is integration, and completes itself in a secondary conflict, the effect of which is differentiation."[3)] Voorts toon Giddings aan dat hierdie konflik tweeledig van aard is. Enersyds onderskei ons aanval en andersyds teenaanval. Voorts is immitasie vir hom deel van konflik.[4)] Alhoewel Giddings dus nie konflik probeer verklaar in sy spesifiek-sosiale verband nie, het hy dit tog in sy werke verreken.

3.2 Marxisme

Soos reeds aangetoon, geraak die Fisiokrate en klassieke ekonome

---

1) Giddings, F.H., Studies in the Theory of Human Society (1926), p. 14.
2) Giddings, F.H., Op. cit. (1928), p. 100.
3) Ibid., p. 101.
4) Ibid., p. 103.

tot die gevolgtrekking dat daar een universele vorm van stryd is, naamlik ekonomiese kompetisie. Malthus het hierby aangesluit en met sy bevolkingsteorie aangetoon onder welke toestande hierdie kompetisie kan ontaard in 'n afwaartse neiging tot op daardie punt waar 'n groot deel van die mensdom in staat is om net aan die lewe te bly.[1] Martindale wys ook op die invloed wat veral Hegel op Marx gehad het in die verdere ontwikkeling van die konflikidee. "Hegel found a peculiarly ordered conflict of oppositions to be central to personality, society, the state, and mankind. Not without interest is the fact that Hegel had himself conceived the dialectic of civil society to be due to the egoistic struggle of each man to pursue his own good. Hegel had suggested that this inevitably sharpens the distinction between classes, separating the wealthy from those depressed in poverty."[2] Met beide die tradisionele opvattinge van sy dag, sowel as met die idees van Hegel was Marx dus deeglik vertroud. Veral Hegel sou egter 'n rigtinggewende invloed laat geld op Marx se bydraes,[3] maar ook op die fundering van die Sosiologie.[4]

3.2.1. Karl Marx (1818-1883)

Aangesien Marx se bydrae reeds behandel is,[5] gaan ons hier nie verder daarop in nie. Daar kan egter vermeld word dat met betrekking tot die konflikgedagte, dit by Marx eksplisiet na vore kom in sy gedagte van klassestryd en onafwendbare rewolusie - beide wat hy interpreteer in terme van die Hegeliaanse dialektiek van tese, antitese en sintese. Die klassestryd is dan volgens hom die erfenis van die kapitalistiese bestel wat hy as sodanig weer verklaar aan die hand van die ekonomiese interpretasie van die geskiedenis.

Martindale trek die invloed van beide die sosiaal-Darwinisme en sosiaal-Marxisme deur na die konflikideologie.[6] Dit dien

---

1) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 2.10, p. 298 e.v.
2) Martindale, D., Op. cit., p. 157.
3) Vergelyk in die verband: Hoofstuk IV, subhoof 2, p. 162 e.v. en subhoof 2.5, p. 177.
4) Martindale, D., Op. cit., p. 156
5) Vergelyk: Hoofstuk IV, subhoof 2.2, p. 164 en subhoof 2.3, p. 170. Vergelyk ook: Heberle, R., Social Movements, pp. 75-79.
6) Martindale, D., Op. cit., p. 173. Vergelyk ook: pp. 150-151 en pp. 127-128.

hier vermeld te word dat 'n duidelike ideologiese inhoud waar te neem is by beide die sosiaal-Darwiniste[1] en sosiaal-Marxiste.[2]

In aansluiting by wat reeds oor Marxisme[3] en sosiaal-Darwinisme gesê is, kan ons in die verband opsommenderwys met die volgende volstaan: Marx se bydrae kulmineer in onder andere die volgende aannames: eerstens: ekonomiese interpretasie van die geskiedenis; tweedens: klassestryd en onafwendbare rewolusie; en derdens: 'n eventuele klaslose samelewing. Die sosiaal-Darwinisme sentreer om, eerstens: die analogie tussen 'n biologiese organisme en die samelewing en tweedens: die bestaanstryd (die stryd om te bestaan en die oorwinning van die sterkere oor die swakkere).

Martindale merk in die verband op[4] dat die sosiaal-Marxisme 'n konflikideologie verteenwoordig in naam van die proletariaat en sosiaal-Darwinisme 'n konflikteorie in naam van besigheidsgroepe. By Spencer en Sumner onder andere lei hierdie uitgangspunt tot die aanname dat die leiers van die moderne industrie die sterkste lede van die samelewing verteenwoordig en ook dat sosiale welsynsaktiwiteite en die hulpbetoon aan die sosiaal minderbevoorregtes die biotiese potensiaal van die ras vernietig.

Martindale vervolg: "Marxism was a conflict ideology projected in the names and interests of the proletariat. Social Darwinism was a conflict ideology projected in the name of the upper strata of bourgeois society. Marxism's external program was the worldwide union of the proletariat; social Darwinism's external program was imperialism. ... Marxism's internal program was the overthrow of the capitalistic society, the temporary dictatorship of the proletariat, and the withering away of the state. Social Darwinism's internal program was an active eugenic policy aimed at race improvement, mass sterilization, and the rooting out of socialism as if it were a genetic defect."[5]

---

1) Vergelyk veral: Stoddard, L. as sosiaal-Darwinis in sy werk The Rising Tide of Color en Marx se eksposisie van die klassekonflik.
2) Vergelyk: Heberle, R., Op. cit., pp. 79-81.
3) Vergelyk ook: Hoofstuk IV, subhoof 2, p. 162.
4) Martindale, D., Op. cit., p. 174.
5) Ibid., p. 174.

Hierdie ideologieë het elk 'n eie nalatenskap op die wetenskaplike terrein gelewer. Die konflikfenomeen is skerper omlyn, die probleme van verskillende rasse en ander minderhede is uitgewys, asook die moontlike verband tussen individuele verskille en sosiale gedrag en die wetenskaplike bestudering van sosiale prosesse is verder gestimuleer. Ook het hierdie ideologie se eksponente invloede laat geld wat vir geruime tyd sou geld. Zeitlin wys in die verband byvoorbeeld op die kritiese reaksie wat van Pareto en Mosca, twee voorafbehandelde medegrondleggers van die Politieke Sosiologie, uitgegaan het teenoor Marx; asook Marx se invloed op Pareto en Mosca.[1)]

Voorts dien hier gemeld te word dat kritiek op die verskillende eksponente hier onder behandeling nie eksplisiet in die teks vervat is nie, wat uiteraard nie beteken dat hierdie bydraes foutloos is nie.[2)] Wat in hierdie konteks van veel groter belang is, is die vraag of dit aanvaarbaar en korrek is om sosiale verskynsels in terme van die evolusieteorie wat tog uiteraard in 'n biologiese onderbou gefundeer is, te interpreteer? Hierdie vraag is deels reeds in die teks beantwoord.[3)] Ons volstaan hier met 'n aanname van Stark,[4)] naamlik dat kultuur mederesulteer uit die vryheidsuiting van die mens met betrekking tot selfdeterminasie en eie doelstellings. Gevolglik is die kultuurverskynsels nie te oordeel aan die hand van natuurrealiteite nie; dit is onlogies en Stark toon aan dat dit presies is wat die sosiaal-Darwiniste gepoog het om te doen. Hy verwerp voorts die argument van 'n analogie tussen die sosiale en biotiese op sterkte van die feit dat sosiale seleksie plaasvind op grond van waardes, terwyl natuurlike seleksie plaasvind op grond van wette.

Vervolgens gee ons aandag aan die aanvanklike eksponente van die konflikteorie in sosiologiese verband.

---

1) Zeitlin, I.M., Op. cit. (1968), pp. 159-217.
2) Vergelyk:
   (i) Sorokin,P.,Op. cit. (1928), pp. 266-308 vir 'n kritiese evaluering van die eksponente van die rasseskool.
   (ii) Van der Walt, A.T., Op. cit., pp. 99-101 vir 'n kritiese hantering van Marx.
   Vergelyk ook oor Marx: Hoofstuk IV, subhoof 2.5, p. 177.
3) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 3.1.1, p. 307 (kyk voetnoot).
4) Stark, W., "Natural and Social Selection" soos aangehaal in Van der Walt, A.T., Op. cit., p. 101.

4. Sosiologiese konflikteorieë - aanvanklike eksponente

In aansluiting by wat reeds oor sosiologiese "teorieë", in Hoofstuk I gesê is,[1] kan hier net gemeld word dat die Sosiologie 'n wetenskap is, met ander woorde, 'n stel idees wat poog om sosiale lewe te verklaar.[2] Hierdie proposisies of idees moet breedweg aan die volgende toestande of vereistes voldoen: "... the propositions must be couched in terms of exactly defined concepts; ... they must be consistent with one another: ... they must be such that from them the existing generalizations could be deductively derived; ... they must be fruitful - show the way to further observations and generalizations increasing the scope of knowledge."[3]

In aansluiting by wat reeds oor die onderwerp gesê is, volstaan ons hier met die opmerking dat sosiologiese teorie 'n stel verbande oor verskynsels uit die sosiale realiteit behels wat oor 'n sekere peil van geldigheid beskik.[4] Daardie gedeelte van die sosiale realiteit waaroor hierdie geldige verbande geponeer is, is dus waargeneem, beskryf en verklaar en aan hierdie drie kenmerke is 'n sekere peil van geldigheid gekoppel.

Met betrekking tot die bydraes van die klassieke eksponente van die konflikteorieë kan dus hier opgemerk word dat daar in hul werke nie alleen óf waarneming óf beskrywing óf verklaring van konflik maar ook waarneming, beskrywing en verklaring van konflik in mindere of meerdere mate teenwoordig is. Die suggestie word geensins hier gemaak dat die klassieke eksponente van die konflikteorieë[5] geheel en al gebreek het met óf sosiaal-Darwinisme óf sosiaal-Marxisme nie.[6] Ons kan dus konkludeer dat die invloede van die sosiaal-Darwinisme en sosiaal-Marxisme in 'n mindere of meerdere

---

1) Vergelyk: Hoofstuk I, subhoof 2.3, p. 19.
2) Martindale, D., Op. cit., p. 127.
3) Timasheff, N.S., Op. cit., p. 10.
4) Vergelyk: Hoofstuk I, subhoof 2.3, pp. 22-23.
5) Soos reeds gemeld, is Martindale van mening dat die konflikteorieë ontstaan het as teenreaksie op die positivistiese organisme in 'n soeke na "realiteite". Vergelyk:
   (i) Martindale, D., Op. cit., p. 176.
   (ii) Ellwood, C.A., Op. cit., pp. 479-480.
6) Vergelyk byvoorbeeld House wat Bagehot, Gumplowicz en Ratzenhofer as sosiaal-Darwiniste tipeer (House, F.N., Op. cit. (1936), pp. 158-178), terwyl hulle na ons mening reeds as eksponente van die eerste sosiologiese konflikteorieë beskou kan word.

mate nog geldend was, maar dat 'n duideliker teoretiese inslag tog merkbaar was.

Alvorens ons enkele saaklike gedagtes hier wil weergee met betrekking tot die aanvanklike sosiologiese konflikteorieë, is dit belangrik om die aandag daarop te vestig dat die hierbehandelde eksponente van die konflikgedagte nie die enigste was wat in sosiologiese verband figureer nie. Die name van Patten,[1] Carver,[2] Vaccaro,[3] Vold[4] en Kidd,[5] om maar enkeles te noem, kan hieraan toegevoeg word. Uiteraard sou gediskusseer kon word oor die sosiologiese inhoud van laasgenoemde se bydraes. Hierdie saak gaan ons egter nie hier aan nie. Die enkele eksponente van sosiologiese konflikteorieë wat egter wel hier in behandeling geneem word, geniet vry algemeen erkenning vir hul sosiologiese bydraes.[6]

Vanweë die ideologiese kleur wat die positivistiese organisme eventueel openbaar het en die defekte wat as gevolg daarvan ontstaan het, het 'n nuwe fase ontstaan, naamlik sosiologiese konflikteorie(ë). Soos reeds opgemerk, voer Martindale[7] die ontstaan van die konflikteorie(ë) terug tot die defekte van die positivistiese organisme, naamlik onder andere die onvermoë van laasgenoemde om konflik in die sosiale realiteit te hanteer. Ons is egter van mening dat die konflikteorie(ë) nie ontstaan het net uit reaksie op die defekte van die positivistiese organisme nie, maar inderdaad ook 'n belangrike stimulus gevind het in die Politieke Filosofie, soos trouens in 'n vorige paragraaf aangetoon is.[8] Horowitz merk in die verband op: "Conflict theory, which in an immediate sociological form represented a reaction to organismic social doctrines, in a deeper sense evolved out of the long history of political philosophy."[9]

---

1) Vergelyk: Bogardus, E.S., Op. cit., p. 405.
2) Vergelyk: Ibid., p. 406 en pp. 416-420.
3) Vergelyk: Sorokin, P., Op. cit. (1928), pp. 317-320.
4) Vergelyk: Martindale, D., Op. cit., pp. 200-205.
5) Vergelyk: Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit. Volume II, pp. 738-740.
6) Vergelyk in die verband die aangehaalde bronne soos dit by elke eksponent se bydrae verskyn.
7) Martindale, D., Op. cit., pp. 128-129 en pp. 150-151.
8) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 2, p. 293 e.v.
9) Horowitz, I.L. in die voorwoord tot Gumplowitz, L., Op. cit., p. 34. Martindale sien hierin reeds die grondslae van konflikteorie(ë). Martindale, D., Op. cit., pp. 130-147.

Vervolgens staan ons stil by enkele eksponente van die eerste sosiologiese konflikteorieë.[1)]

4.1 Walter Bagehot (1826-1877)

Bagehot het die geskiedenis van die menslike samelewing in drie fases verdeel:[2)] eerstens, die prehistoriese fase van gebruike; tweedens, die konflikfase waarin militarisme en oorlogvoering 'n primêre rol vervul en derdens, die diskussie- of wetenskaplike fase waardeur 'n sosiale orde gekonstrueer is waarop wetenskaplike idees kon inwerk.

Dit is veral in die tweede fase hierbo genoem waar Bagehot sy konflikteorie uitbou. Hy vra die vraag waarom daar 'n verskil waarneembaar is tussen nasies, aangesien slegs die nasies Europees in oorsprong in staat was tot vooruitgang.[3)] Vooruitgang is nie vir hom 'n gewone feit in die menslike samelewing nie.[4)] In die beantwoording van die vraag geld vir Bagehot drie wette: "First. In every particular state of the world, those nations which are strongest tend to prevail over the others; and in certain marked peculiarities the strongest tend to be the best. Secondly. Within every particular nation the type or types of character then and there most attractive tend to prevail; and the most attractive, though with exceptions, is what we call the best character. Thirdly. Neither of these competitions is in most historic conditions intensified by extrinsic forces, but in some conditions, such as those now prevailing in the most influential part of the world, both are so intensified."[5)]

Dit is veral met betrekking tot die eerste beginsel hierbo genoem waarin dit vir hom gaan om kompetisie tussen nasie en nasie of stam en stam, waar sy konflikteorie beslag kry. Hy toon aan dat die vooruitgang van die militêre kuns die opvallendste en ooglopendste feit in die menslike samelewing is. Met verloop van tyd

---

1) Die volgorde waarin bydraes hier gegee word, is chronologies.
2) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 711.
3) Bagehot, Walter, Physics and Politics, p. 42. Vergelyk ook: Martindale, D., Op. cit., p. 179.
4) Bagehot, W., Op. cit., p. 41.
5) Ibid., p. 43. Vergelyk ook: p. 44 e.v.

het vegtersmagte van die menslike ras konstant gegroei. Voorts het hierdie vegtersmagte toenemend in beskaafde nasies gekonsentreerd geraak. Dit is duidelik dat Bagehot in hierdie verband die leer van natuurlike seleksie uitbou.[1)]

Die oorsaak van hierdie groei in militêre mag is vir Bagehot duidelik. Die sterker nasies het telkens die swakkeres oorwin en elke stukkie intellektuele gewin het of uit oorlog voortgevloei of is in oorlog geïmplementeer. Voorts het elke nasie deur bewuste of onbewuste imitasie 'n karaktertipe probeer vorm wat die beste toegerus is vir oorlog. Op hierdie en ander wyses is die oorlogskuns voortdurend verbeter.

Die rede waarom een nasie sterker is as 'n ander, is vir Bagehot daarin geleë dat: "... on the whole, the energy of civilization grows by the coalescence of strengths and by the competition of strengths".[2)] Selfs beskawing se oorsprong sien Bagehot daarin dat beskawing 'n militêre voordeel inhou. Bagehot wys verskillende kwaliteite en institusies uit wat nasies 'n voordeel gee in militêre kompetisie. Ook in sy hantering van nasie-ontwikkeling speel konflik 'n rol en wel in die eliminasieproses. Nog 'n kernproses in die totstandkoming van 'n nasie is imitasie.[3)]

Alhoewel Bagehot se bydraes weinig invloed gehad het en grotendeels geïgnoreer is,[4)] het hy tog aan konflik 'n prominente plek toegeken en in die ontwikkeling van nasies het hy aan die militêre stryd as vorm van konflik aandag gegee. Bagehot moet minstens erkenning kry vir die invloed wat hy op Spencer uitgeoefen het, al sou daar dan bedenkinge bestaan, soos by Becker en Barnes, oor sy bydrae tot die konflikskool.[5)] Uit sy bydrae blyk die sosiaal-Darwinistiese inslag egter nog steeds duidelik.[6)]

4.2 Ludwig Gumplowicz (1838-1909)

Gumplowicz kan beskou word as een van die mees ekstreme en ook

---

1) Bagehot erken dit immers self. Vergelyk: Ibid., pp. 43-44.
2) Ibid., p. 50.
3) Ibid. pp. 81-111. Vir 'n saaklike samevatting van Bagehot se sosiologiese bydrae vergelyk: House, F.N., Op. cit. (1936), pp. 161-163.
4) Timasheff, N.S., Op. cit., p. 63.
5) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 712.
6) House, F.N., Op. cit. (1929), p. 248 en p. 252.

invloedrykste konflikteoretici van sy tyd.[1] Alhoewel Gumplowicz ook in ander werke aan konflik aandag gegee het,[2] volstaan ons in hierdie verband met sy werk Outlines of Sociology.[3]

Becker en Barnes toon aan dat die kern van Gumplowicz se denksisteem geleë was in die leerstelling dat sosiale en kulturele evolusie die produk was van 'n stryd tussen sosiale groepe: "... inter-group war being the social analogue of the struggle for existence and the survival of the fittest".[4] Voorts toon hulle aan dat Gumplowicz in die toepassing van hierdie hipotese op die oorsprong van die staat twee aannames maak: eerstens, 'n dodelike haat tussen verskillende groepe mense en rasse en tweedens, die poligenetiese oorsprong van die mensdom.

Gumplowicz aanvaar 'n groot aantal hordes of sosiale groepe by die aanvang van sosiale en politieke ontwikkeling. Hulle lewe word gekenmerk deur onder andere promiskuïteit. Hieruit ontwikkel onderskeidelik die matriargale en patriargale gesinstelsels.[5] Becker en Barnes vat die daaropvolgende uiteensetting van Gumplowicz goed saam in die volgende woorde: "This elementary period of social evolution was broken down by the development of war, of inter-group conflict, and thus was initiated the eternal process of social conflict which can never have an end."[6]

Die ekonomie, en by name eiendom, voorsien die oorsprong van die staat. Gumplowicz gaan naamlik uit van die veronderstelling dat die een groep die ander oorwin, grond as eiendom neem en die onderworpene eksploiteer deur van sy arbeid gebruik te maak. "Not only did this form of property arise with the organization of control and by means of it, it was at first the sole object of the organization, which, moreover, contains the germ of the State."[7] Met betrekking tot die staat sê Gumplowicz: "The State is a social

---

1) Vergelyk: Martindale, D., Op. cit., p. 180. Vergelyk ook: Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 713.
2) Vergelyk byvoorbeeld: Gumplowicz, L., Der Rassenkampf.
3) Gumplowicz, L., Outlines of Sociology (1963) onder redaksie van en vertaal deur Horowitz, I.L.
4) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 713.
5) Gumplowicz, L., Op. cit. (1963), pp. 192-198.
6) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 714.
7) Gumplowicz, L., Op. cit. (1963), p. 198.

phenomenon consisting of social elements behaving according to social laws. The first step is the subjection of one social group by another and the establishment of sovereignty; and the sovereign body is always the less numerous. But numerical inferiority is supplemented by mental superiority and greater military discipline."[1] Sodra hierdie fase hom voltrek het, word die proses van sosiale konflik getransformeer vanaf eksterne konflik tussen groepe na interne konflik tussen klasse binne die staat. Aanvanklik was daar konflik tussen die heerser(s) en onderdane. 'n Nuwe klas, die middelklas, kom egter na vore en daarmee saam die konsep van "reg". Aangesien eenheid en lojaliteit nodig is, maak die heerser toegewings aan vreemdelinge waaruit die konsep "reg" ontstaan. Hieruit ontstaan weer 'n regsisteem.[2] Vir Gumplowicz was politieke aktiwiteit binne die staat 'n proses van eindelose stryd en konflik en 'n durende aanpassing en heraanpassing tussen groepe en klasse wat hul konstituerende beginsel in 'n gemeenskaplike belang of beleid gehad het.[3]

Gumplowicz se positivistiese inslag blyk uit sy pogings om die sosiale realiteit te reduseer tot universele of kosmiese wette. Voorts kan hy eweneens as sosiaal-Darwinis bestempel word deurdat sy konflikteorie kulmineer in 'n bestaanstryd.

Ook by Gumplowicz is die sosiaal-Darwinistiese invloed nog baie sterk. Sorokin[4] se kritiek op Gumplowicz is na ons mening van belang en kan saaklik soos volg saamgevat word:

1. Die beginsel dat stryd die bron van alle verandering is, is nie nuut nie.
2. Die poligenetiese teorie as die oorsprong van die mens is nie verifieerbaar nie.
3. Die hipotese van haat tussen rasse en groepe en 'n permanente staat van oorlog tussen hulle is 'n verabsolutering. Indien dit waar was, sou die mensdom lankal uitgewis gewees het.
4. Die aanname dat die uitbreiding van groepe slegs deur oorlog en konsolidasies bewerk is, is onwaar. Ander faktore buiten oorlog is ook in die verband relevant.

---

1) Ibid., p. 199.
2) Ibid., p. 211.
3) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 716.
4) Sorokin, P., Op. cit. (1928), pp. 484-487.

5. Sosiale stratifikasie, in die sin dat die oorwinnaars die heersersklas en die oorwonnenes die onderdaneklas vorm en dat hierdie toedrag van sake slegs deur militêre optrede gerealiseer is, is eweneens onwaar. Sosiale stratifikasie realiseer ook ongeag oorlog.
6. Die aanname dat konflik indirek verantwoordelik was vir die ontstaan van wette en 'n regsisteem is eweneens eensydig.

Hierdie kritiek hef nie die betekenis van Gumplowicz geheel en al op nie al moet die betekenis daarvan dan minstens gesoek word in sy invloed op andere en in sy besondere siening van konflik, hoe verabsoluterende en eensydig dan ook al - 'n siening waardeur hy die aandag van ander op die konflikfenomeen gevestig het.

4.3 Gustav Ratzenhofer (1842-1904)[1)]

Mantindale[2)] toon aan dat Ratzenhofer se konflikbenadering belangrik is, onder andere vanweë die feit dat hy 'n tussenposisie inneem tussen die individualistiese konflikteorie van die klassieke ekonome en die sosiaal-Darwiniste en die kollektivistiese teorie van Gumplowicz. Vir hom is die eenhede van sosiale prosesse nie individue of groepe nie, maar belange.

Soos duidelik blyk uit die volgende omlyning[3)] van Ratzenhofer se teorie van sosiale proses is die sosiale proses die resultaat van belange en belangebotsings.

1. Die handhawing en voortplanting van mense is die grondslag vir alle assosiasie.
2. Die individu se impulse van selfpreservering en seks word gemodifiseer deur en aangepas by die lewenstoestande waarmee hy gekonfronteer word.
3. Elke disposisie in die individu is 'n imperatief wat hy sonder restriksie poog te gehoorsaam.

---

1) In teenstelling met wat vooraf gesê is rakende die volgorde waarin konflikbydraes hier gegee word, behandel ons vervolgens Ratzenhofer se konflikteorie vanweë die sterk ooreenkoms van laasgenoemde se konflikbydrae met dié van Gumplowicz.
2) Martindale, D., Op. cit., p. 185.
3) Ratzenhofer, G., Die Sociologische Erkenntnis, pp. 245-250. Die uiteensetting wat hier gegee word, berus op die vrye vertaling van Martindale, D., Op. cit., pp. 185-186.

4. Namate bevolkingsdruk op natuurlike toestande toeneem, ontstaan 'n bestaanstryd tussen individue en groepe.
5. Alhoewel mense (soos diere)sou verkies om te leef en voort te plant in vrede met ander van dieselfde spesie, sal die bevolkingsdruk op natuurlike toestande geleidelik die belange van individue en groepe forseer in 'n toestand van absolute vyandigheid met mekaar.
6. Daar is sekere voordele in gemeenskaplik selfpreservering deur 'n aantal persone; bowendien dwing geslagsbelange mense in assosiasie in. Gevolglik is die natuurlike groep gebaseer op geslag en verwantskap. Alhoewel, juis die sukses van die bloedgroep en die bevrediging van daardie belange, laat die bevolking toe om toe te neem en druk uit te oefen op voedselvoorsiening. Verwantskapsgroepe onderverdeel en word met verloop van tyd verskillend in kultuur en ras. Kontak tussen gedifferensieerde groepe lei daartoe dat hulle òf van mekaar wegvlug òf hulle tot oorlog met mekaar wend. Die oorwinning van een so 'n groep deur 'n ander lei tot die totstandkoming van meer komplekse sosiale formasies wat saamgebind word deur tradisies.
7. Hoe groter die mate van verspreiding oor die beskikbare ruimte wat in staat is tot die onderhoud van lewe, hoe groter die sosiale variasies. Onder sulke omstandighede neem organisasie 'n formele en dwangkarakter aan. Bowendien, belange wat voortspruit uit ander sfere neig om 'n politieke vorm aan te neem.
8. Die tipes kontrole in die staat hang af van die fase van sosiale evolusie. In die vroeë fase in die vorming van die staat is kontrole van dwang- en arbitrêre aard. Met verloop van tyd kom kontroles van gewoontelike en vreedsame aard na vore.
9. Konflikte konsolideer sosiale strukture en skep magsaggregate; kultuur en handel, as bronne van sosiale differensiasie neig om magsaggregate te versprei ("dissipate").
10. Sosiale differensiasie skep gekompliseerde sosiale strukture in superordinasie, koördinasie en subordinasie.
11. Namate sosiale strukture meer gekompliseer raak, word die geleenthede vir oorlog en geweld gereduseer aangesien elke versteuring van 'n gekompliseerde sosiale struktuur 'n teenaktiwiteit van talle opponerende belange in werking stel.

12. Die potensiële absolute vyandigheid ingebed in individualiteit neig om na vore te kom wanneer ongewenste sosiale strukture mekaar konfronteer.

13. In die mate waarop die staat op tradisie berus (Ratzenhofer se kultuurstaat) en die plek inneem van die staat wat op dwang berus ("the conquest state") sal verskille onder mense in die bevrediging van hul belange mekaar neutraliseer. Konflik lei dus tot opeenvolgende meer omvattende strukture van
    (1) die horde of ras;
    (2) die gevestigde ras;
    (3) die staat as 'n eksklusiewe samelewing;
    (4) leierskap met wêreldkontrole;
    (5) die koalisie, magsbalans en aggressiewe kombinasies van state oor staatsgrense heen.[1)]

Met betrekking tot die bydraes van Gumplowicz en Ratzenhofer dien hier vermeld te word dat Lichtenberger op hul sosiologiese bydraes ingegaan het en belangrike punte van ooreenkoms en verskil in hul werke aangetoon het. Dit is vir ons doel belangrik om daarop te let dat beide aan konflik en aan die groep 'n sentrale plek in hul uiteensettings gegee het.[2)]

Spesifiek met betrekking tot Ratzenhofer se bydrae merk Timasheff op dat die sosiaal-Darwinistiese invloed hier geringer is.[3)]

4.4 William Graham Sumner (1840-1910)

Alhoewel in 'n vorige subhoof[4)] reeds aandag gegee is aan Sumner se konflikbeskouings, is dit daar gedoen in die lig van die sosiaal-Darwinisme, in welke verband Martindale duidelike ideologiese momente in sy werk uit daardie tyd identifiseer. Martindale toon egter aan dat Sumner na 1893 homself begin toelê het op die Sosiologie waarna daar by Sumner 'n groter empiriese verantwoordelikheid te bespeur is. Sumner was egter ook deur die organiese evolusioniste beïnvloed. Sy werk Folkways (1906) staan in die teken van sy oorgang vanaf die eerste na die tweede fase. Eventueel

---

1) Martindale, D., Op. cit., p. 187.
2) Lichtenberger, J.P., Op. cit., pp. 438-443. Vergelyk ook: Ellwood, C.A., Op. cit., p. 176 e.v.
3) Timasheff, N.S., Op. cit., p. 65.
4) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 3.1.3, p. 309.

is hy egter ook deur die konflikteoretici (Gumplowicz en Ratzenhofer) beïnvloed, soos duidelik blyk uit sy werk Science of Society (1927).[1] Sumner se konflikbeskouing blyk egter veral uit sy werk Folkways.

Die sosiale proses as sodanig is geanker in die verhouding van mens tot mens en van mens tot grond. Die agent vir sosiale ontwikkeling sien Sumner in groepe en nie in individue nie, en van hierdie groepe oorleef slegs die bes toegerustes.

Sumner wys daarop dat die primitiewe samelewing beskou behoort te word as 'n aantal klein groepe wat versprei is oor 'n gebied. Die grootte van die groep word bepaal deur die toestande van die bestaanstryd. Voorts bepaal die grootte van die groep ook die interne organisasie daarvan. 'n Aantal groepe kan voorts 'n verband met mekaar hê wat hulle nie alleen saambind nie, maar hulle onderskei van ander groepe. Sodoende kan onderskei word tussen "ons-groepe" en "hulle-groepe" ("ingroups/outgroups").

Die lede van 'n "ons-groep" staan in 'n verhouding van vrede, orde, wet, regering en industrie bymekaar. Hulle verhouding met ander, of "hulle-groepe" is dié van oorlog en roof, tensy gemodifiseer deur onderlinge ooreenkomste. Ander lede in hierdie groep is slawe, vriende of gaste. Die verhouding van kameraadskap en vrede in die "ons-groep" en van vyandigheid en oorlog teenoor ander groepe korreleer met mekaar. Die eis ("exigency") van oorlog met buitestaanders is verantwoordelik vir vrede in die "ons-groep"; dieselfde eis maak regering en wette in die"ons-groep" moontlik. Hoe nader aan die naburige "hulle-groepe", hoe intenser is die interne organisasie en dissipline.

Sentimente kom na vore wat korreleer met hierdie verskynsel: lojaliteit en opoffering aan die eie groep - afsydigheid en haat vir die "hulle-groep", broederskap teenoor bure en vyandelikheid na buite is die resultate van dieselfde situasie.[2] Ook patriotisme[3] en moraliteit[4] is groepsgebonde. Slawerny is die resultaat van

---

1) Hierdie werk is deur A.G. Keller voltooi na die afsterwe van Sumner in 1910.
2) Sumner, W.G., Folkways, pp. 12-13.
3) Ibid., p. 15.
4) Ibid., p. 29.

oorloë tussen groepe.[1] Institusies, waaronder regs- en regeringsinstitusies, is die produk van groepkonflikte.[2] Selfs in staatsvorming speel groepe en groepskonflikte 'n rol.[3]

Deur die verskillende ontwikkelingsfases heen, vanaf die primitiewe samelewing tot by die ontwikkelde interstaatlike fase was oorlog, en wel in groepsverband, die motiverende krag agter die verskillende fases. Martindale wys daarop dat oorlog 'n bron van sosiale dissipline, sosiale stratifikasie, regering en effektiwiteit was. Deurgaans egter is primêre belang gekoppel aan handhawende institusies wat die basis van die institusionele orde uitmaak.[4]

Martindale speur die invloed van Malthus in die vorm van 'n individualistiese konflikkonsepsie, sowel as die invloed van Gumplowicz in die vorm van groepskonflikkonsepsie na by Sumner. Verder ook, dat Sumner hierdie twee konsepsies probeer rekonsilieer het. Hy vervolg: "The distinctions between in- and out-group clearly follow Gumplowicz; the conception of an evolution of a peace group of ever increasing size comes from Ratzenhofer; and his location of ultimate importance in the achievement of stability - placing maintenance institutions at the heart of the institutional order - is a central phenomenon of conflict theory."[5]

Na ons mening word sy konflikteorie ewe eksplisiet uitgebou in sy werk The Science of Society. Enkele sitate sal sy konflikbeskouing en sy siening van handhawende institusies in hierdie verband aantoon. "Brought into association and held there by compulsion, men strive on in proximity, and with the sacrifice of personal freedom, to realize hunger-interests, love-interests, and the rest. The fellow-members of a society collide on occasion, but they push on as a body in the sme direction. Doing things together secures accumulated impact against obstacles; it involves rhythm, and rhythmic applications of force have their characteristic efficacy. ... Coöperation, however, for all its expediency, is brought to pass not because the individuals want to coöperate, but because

---

1) Ibid., pp. 263-264.
2) Ibid., pp. 499-500.
3) Ibid., pp. 503-504.
4) Martindale, D., Op. cit., p. 189.
5) Ibid., p. 189.

they have to; the only way to get on is to sink differences, endure sacrifices and limitations, and work together because custom, which promotes the expedient, demands it."[1] Verder stel hy: "In view of the various facts now before us concerning association, it is evident that the term'antagonistic coöperation' may be justly applied to many of the forms of joint activity of men. There are few major cases of coöperation into which the antagonistic element does not enter. The term will be needed and illustrated, over and over again, in the course of this book."[2]

4.5 Jacques Novicow (1849-1912)

Die besondere bydrae van Novicow word deur Becker en Barnes soos volg verwoord: "... Novicow ... was the first avowed sociologist to devote his life and system of sociology to a refutation of the doctrine that an unmitigated physical struggle for existence is the chief factor in the social process and the mainspring of human progress."[3] Novicow[4] het wel met die sosiaal-Darwiniste daarin saamgestem dat die bestaanstryd die sentrale meganisme van evolusie is, maar van hulle verskil daarin dat die meganisme self onderhewig is aan veranderinge. In hierdie veranderinge onderskei hy vier fases van menslike konflik,[5] te wete fisiologies, ekonomies, polities en intellektueel. Voorts manifesteer elke fase sigself op twee wyses, naamlik 'n stadige en irrasionele tipe en 'n meer gevorderde, vinnige en rasionele tipe.

Met betrekking tot hierdie vier fases en hul manifestasies formuleer hy onder andere die volgende afleidings en veralgemenings. Eerstens gaan hy uit van die standpunt dat die menslike konflik in samelewings bloot 'n voortsetting is van die vroeëre chemiese, astronomiese en biologiese konflik. "These four types of conflict form a logical

---

1) Sumner, W.G., Keller, A.G., The Science of Society, Volume I, p. 28.
2) Ibid., p. 29. Met betrekking tot institusies vergelyk: Ibid., Deel III, p. 323 e.v.
3) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 731.
4) Vergelyk: Timasheff, N.S., Op. cit., pp. 94-95.
5) Onderstaande samevatting berus op Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, pp. 733-734.

sequence, and progress consists in increasing the scope and influence of the higher forms and in substituting within each general type of conflict the rational and rapid manifestation for the slow and irrational expression."[1)]

Novicow gaan voort en toon aan dat hierdie progressiewe transformasie in 'n groot mate outomaties teweeg gebring word en wel deur die funksionering van die universele biologiese wet dat alle lewende wesens poog om pyn te vermy en plesier te soek. Die meer elementêre tipes konflik neig om vooruitgang teen te werk indien dit na vore sou kom op die terrein van die hoër fases van konflik.

Die beskawing se toekomstige ontwikkeling beteken nie dat konflik beëindig sal word nie, maar sal neig om meer stryd in die samelewing na vore te bring. Die konflik sal egter toenemend intellektueel van aard word; toename in volume van hierdie konflik sal voordelig wees, aangesien sosiale evolusie die vinnigste is in daardie samelewings wat die meeste geleentheid voorsien vir intellektuele konflik. Voorts sal hierdie konflik in die toekoms nie alleen toeneem in volume en meer intellektueel van aard wees nie, maar dit sal gepaardgaan met 'n toename in regverdigheid en simpatie en 'n afname in haat. Die ontwikkeling sal in die rigting van kompetisie, getemper deur verdraagsaamheid wees.

Hierdie opeenvolgende fases van konflik neig om die voortbestaan van die beste individue te verseker en die voortbestaan van die beste beteken vir Novicow die essensie van regverdigheid in sy algemene betekenis. "Justice is thus the real goal of the cosmic and social processes, which find their final and most perfect expression in the intellectual struggles of humanity."[2)]

In twee verdere werke waarin hy die implikasies van oorlog ondersoek, kom Novicow tot die gevolgtrekking dat sosiaal-Darwinisme die produk is van teoretiese misverstand en van 'n foutiewe toepassing van Darwin se biologiese teorieë op die interpretasie van sosiale prosesse.[3)]

---

1) Novicow, J., "Les Luttis entre sociêtès et leurs phases seccessives", p. 404 soos aangehaal deur Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 733.
2) Ibid., p. 733.
3) Ibid., p. 734.

In sy werk La critique du darwinisme social kritiseer Novicow vir Spencer, Renan, Ward en Gumplowicz en in veel mindere mate vir Ratzenhofer as eksponente van die teorie dat groepkonflik op 'n fisiese basis die primêre motiverende krag in sosiale vooruitgang is. Alhoewel dele van sy kritiek eensydig is, hou talle van sy besware tog steek.[1)]

Ten spyte van kritiek op die organiese analogie was daar egter ook aanvanklike voordele aan verbonde. House[2)] wys met betrekking tot die aanvanklike voordele daarop dat die organiese analogie nuttig was in die suggerering van beskrywings van sosiale struktuurkenmerke en funksionele interafhanklikheid waarvoor geen standaard- tegniese terminologie bestaan het toe die Sosiologie in sy ontstaansjare was nie.

Voorts toon House aan dat die organiese analogie 'n besef aangewakker het van die omvang en betekenis van 'n ontwikkelde samelewing se funksionele differensiasie en 'n gepaardgaande interafhanklikheid van die dele daarvan. Sekere kenmerke van sosiale organisasie en kollektiewe gedrag was ook nie waar te neem nie, veral in die lig van die heersende agtiende eeuse individualistiese sosiale en ekonomiese filosofie. Geleidelik het die besef egter posgevat dat analogiese beredenering nie noodwendig geldige wetenskapsbeoefening is nie.[3)]

4.6 Albion Woodbury Small (1854-1926)

Met betrekking tot Small se bydrae verdien 'n opmerking in die voorwoord tot een van sy werke hier vermelding vanweë die relevantheid daarvan vir hierdie uiteensetting. Small meld dat: "Our thesis is that 'the central line in the path of methodological progress, from Spencer to Ratzenhofer, is marked by gradual shifting of effort from analogical representation of social structures to real analysis of social processes'".[4)]

Small kan beskou word as een van die mees gebalanseerde konflikteoretici[5)] en hoewel hy deur Ratzenhofer beïnvloed was, het hy

---

1) Ibid., p. 734.
2) House, F.N., Op. cit. (1936), p. 130.
3) Ellwood, C.A., Op. cit., pp. 477 en 479. Vergelyk ook: Martindale, D., Op. cit., pp. 96-97.
4) Small, A.W., General Sociology, p. ix.
5) Martindale, D., Op. cit., p. 189.

laasgenoemde se gematigde sosiaal-Darwinistiese standpunt gereduseer tot 'n teorie van belange en belangekonflikte,[1] en in die proses 'n eie konflikteorie ontwikkel.[2] Sonder om 'n geheelbeeld van sy sosiologiese bydrae hier te probeer rekonstrueer,[3] sal gepoog word om slegs sy konflikbydrae saaklik aan te stip.

In hierdie verband verdien een van Small se primêre uitgangspunte hier vermelding. Hy sien die taak van die sosioloog van sy dag soos volg: "We want an explanation, not of men's crystalline formations, not of their machineries, not of their institutional remains. We want an account of the intimate process of their lives, in terms that will assign their actual meaning and value to the chief and subordinate factors concerned in the process."[4]

Die kernelement in Small se argumentasie kulmineer in belange[5] wat hy defnieer as: "... 'an interest is an unsatisfied capacity, corresponding to an unrealized condition, and it is predisposition to such rearrangement as would tend to realize the indicated condition'".[6] Small vervolg: "'The whole life-process, so far as we know it, whether viewed in its individual or in its social phase, is at last the process of developing, adjusting, and satisfying interests'."[7] Vir hom is die mees algemene belangeklasse die volgend: "... 'health, wealth, sociability, knowledge, beauty', and 'rightness'".[8]

Martindale wys daarop dat Small, in teenstelling met Bagehot en Gumplowicz, die individu ook verreken. Bagehot voer die stabiliteit van die samelewing terug tot die skaapagtige gedrag van die massas van individue. Gumplowicz stem met Bagehot saam en sien die individu as 'n "weerkaatsing" van sosiale invloede en

---

1) Timasheff, N.S., Op. cit., p. 66.
2) Vergelyk: Small, A.W., Op. cit., pp. 325-615.
3) Vergelyk in die verband:
   (i) Martindale, D., Op. cit., pp. 189-196.
   (ii) Bogardus, E.S., Op. cit., pp. 424-428.
4) Small, A.W., Op. cit., p. 188.
5) Ibid., p. 426.
6) Ibid., p. 433.
7) Ibid., pp. 433-434.
8) Ibid., p. 435.

dat die groep, eerder as die individu, dink. Small bring hierteenoor die individu wel deeglik in berekening.[1] Waar Small die probleem van diversiteit in 'n gemeenskaplike menslike natuur hanteer, voer hy dit terug tot die volgende basiese konsepte: die geestelike ("spiritual") omgewing, kontak, differensiasie, groep, konflik en sosiale situasies.[2]

Met betrekking tot konflik merk Small op:[3] "In a word, the whole social process is a perpetual reaction between interests that have their lodgment in the individuals who are in contact. More specifically, this reaction is disguised or open struggle between indivuals. The conflict of interests between individuals, combined with community of interest in the same individuals, results in the groupings of individuals between whom there is relatively more in common, and then the continuance of struggle between group and group."[4] Konflik is vir Small die basiese en universele sosiale proses, en sosiale lewe sal gestruktureer word deur welke konflikte die individu ookal mee te kampe het.[5]

Verdere element wat die sosiologiese teorie van Small medebepaal, word nie hier bespreek nie.[6]

4.8 Franz Oppenheimer (1864-1943)[7]

Oppenheimer word erken as een van die belangrike eksponente van die konflikteorie. Hy is nie alleen deur Gumplowicz beïnvloed nie, maar veral deur Ibn Khaldun.[8] Dit het Oppenheimer ten taak geval om op oorspronklike wyse die historiese feit te verklaar

---

1) Martindale, D., Op. cit., p. 193.
2) Vergelyk: Small, A.W., Op. cit., pp. 482-523.
3) Let asseblief daarop dat ons hier met Small se eie konflikteorie besig is. Small gee vroeër in sy werk General Sociology aandag aan konflik (vergelyk: p. 373, pp 381-384, pp. 387-390). Dan is hy egter steeds besig om Ratzenhofer te interpreteer. Hy steun egter steeds op aannames van Ratzenhofer in sy eie konflikteorie.
4) Small, A.W., Op. cit., p. 499.
5) Martindale, D., Op. cit., pp. 194-195.
6) Vergelyk: Small, A.W., Op. cit., p. 501 e.v.
7) Die onderstaande samevatting is gebaseer op uittreksels uit Oppenheimer, F., The State, vertaal deur Gitterman, 1912, pp. 27-46 en pp. 56-81 soos opgeneem in Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, pp. 722-726.
8) Vergelyk:
   (i) Martindale, D., Op. cit., p. 132.
   (ii) Sorokin, P., Op. cit. (1928), p. 483.

waarom daar in sekere streke geïsoleerde, "gewyde" ("sacred") gemeenskappe bestaan het wat nog nie die fase van staatkundige wasdom bereik het nie, terwyl elders op 'n ander tydstip hierdie fase wel bereik was. Becker en Barnes toon ook aan dat ander konflikteoretici voor Oppenheimer gepoog het om die oorsake van intergroepkonflikte na te speur wat aanleiding tot die totstandkoming van die staat gegee het. Dit was egter Oppenheimer wat gepoog het om aan te toon waarom sulke konflikte nie universeel was nie.[1)]

Die verskillende fases in die ontwikkeling van die primitiewe staat word deur Oppenheimer soos volg weergegee:

Die eerste fase bestaan uit roof en moord in gesinsgevegte - 'n eindelose stryd wat nòg deur vrede nòg deur wapenstilstand beëindig word.

Uit hierdie fase ontwikkel die tweede. Die landbouer, na talle vrugtelose opstande, aanvaar sy lot en staak alle weerstand. In hierdie fase ontstaan die bewussyn by die veeboer dat dit in sy eie belang is om nie die landbouer te vermoor en sy eiendom òf te roof òf te vernietig nie. Gevolglik moor en roof hy slegs in gevalle van geïsoleerde opstand of om die nodige agting te bewerkstellig en in die reël, ooreenkomstig die ontwikkeling van gewoontelike reg - wat volgens Oppenheimer die eerste kiem is van die ontwikkeling van publieke reg - lê die veeboer slegs beslag op die surplus van die landbouer.

"'The moment when first the conqueror spared his victim in order permanently to exploit him in productive work, was of incomparable historical importance. It gave birth to nation and state, to right and the higher economics, with all the developments and ramifications which have grown and which will hereafter grow out of them' ..."[2)]

Die derde fase kom tot stand wanneer die landbouer sy surplus aan die veeboer afstaan as tol of uit eerbetoon, 'n bepaling wat vir albei partye voordeel inhou. Die verliese vir die landbouer,

---

1) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, pp. 721-722 (hierby staan ons egter nie verder stil nie).
2) Ibid., p. 724.

spruitende uit die praktyke van die vorige fase, bly hul nou gespaar. Die veeboer hierenteen bly die opoffering gespaar om aan die bestaande praktyk of eiendom enige aandag te wy en hy kan voortgaan om ander veeboere te onderwerp.

Die vierde fase is een van besondere belang, aangesien hiermee 'n beslissende fase in die ontwikkeling van die staat toegevoeg word. Dit is naamlik die unifisering ("union") op een landstreek van beide etniese groepe. Hierna is die verhouding van die twee groepe intranasionaal waar dit van te vore internasionaal was. Hierdie territoriale unifikasie mag bewerkstellig word deur buite-invloede. In die reël egter is interne faktore genoegsaam om die unifikasie te bewerkstellig.

In die vyfde fase kom die volle staat bykans al na vore. Konflik of twiste ontstaan tussen aangrensende gemeenskappe of stamme; die heersers laat hulle nie toe om die geskille self by te lê nie aangesien hulle diensbaarheid aan die heerser daardeur aan bande gelê kan word. Gevolglik tree die heersers as arbiters op en in sekere gevalle word hulle wil op die onderdane afgeforseer. Eventueel kom howe tot stand waarin 'n amptenaar die gesag voer terwyl die heerser of koning die skyn van outoriteit handhaaf.

Die noodsaak om orde onder onderdane te verseker en om hul diensbaar te hou, lei tot die sesde en laaste fase: dié waarin die staat volle intranasionaliteit bereik en die evolusie van "nasionaliteit" ten volle ontwikkel.

Met betrekking tot Oppenheimer se konflikteorie word met die bogenoemde uiteensetting volstaan. Alvorens oorgegaan word tot 'n samevatting van die uiteensetting dusver is dit polities-sosiologies relevant om aan te toon dat die staat vir die konflikskool-eksponente 'n klassestaat was, bestaande uit 'n heersersklas en 'n onderdaneklas waarin laasgenoemde groep die beheer oor die dwangelemente probeer verkry wat die heersersklas besit. Hierdie beskouing is in lyn met die proses waardeur hierdie tipe staat volgens die konflikskool-eksponente ontstaan het, naamlik deur konflik waardeur een groep 'n ander aan hulself onderwerp het en wel as 'n heersersklas oor 'n onderdaneklas. Becker en Barnes,[1)]

---

1) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., pp. 703-704.

wys ook daarop dat dit nie konflik in sigself of op sigself is wat tot die ontstaan van die staat gelei het nie, maar dat die bron daarvan in konflik en gevolglike oorwinning geleë was.[1)]

Aan die hand van Martindale kan ten slotte soos volg gekonkludeer word met betrekking tot die uiteensetting tot dusver gegee: "The sociological gains as one moves from organismic positivism to conflict theory are immense. The conception of society as a big tame animal is abandoned. Analysis shifts to infinitely variable relations of groups. Grand schemes of evolution drop away; a whole range of processes takes their place. One cuts below the surface of institutional formulas to the stabilities of custom and the factors that may disrupt it. The problem of the interrelation of economic and other institutions is posed and, above all, the interrelation of political and other institutions."[2)] Martindale wys daarop dat hierdie ontwikkeling tot en met die konflikteorie(ë) etlike probleme geformuleer het waaronder dié van sosiale klas, die Regsosiologie en die Politieke Sosiologie.[3)] Hierdie identifikasie van probleme strook met die van House[4)] wat hy in 1929 gedoen het toe die konflikskool welbekend moes gewees het. Hy meld dat die probleme van politieke organisasie en politieke proses een van die vyf belangrikste teoretiese probleme van sy tyd verteenwoordig.

5. Samevatting

Vanweë die besondere rol wat konflik in die geskiedenis van die ontwikkeling van beide staat en samelewing gespeel het, verbaas dit geensins dat hierdie fenomeen reeds vroeg die aandag van denkers en skrywers getrek het nie. Vanuit verskillende perspektiewe is die multidimensionaliteit van konflik in sy veroorsaking, aard, wese en gevolge deur verskillende denkers en skrywers gepoog te beskryf en in mindere of meerdere mate gepoog te verklaar. Reeds vanaf Heraclitus tot Darwin is eksplisiet of implisiet aan konflik aandag gegee en is gepoog om in terme van konflik die ontstaan en ontwikkeling van beide die politieke en die sosiale realiteit te beskryf en selfs te verklaar.

---

1) Vergelyk in die verband verder: Ibid., pp. 726-728.
2) Martindale, D., Op. cit., pp. 206-207.
3) Ibid., p. 207.
4) House, F.N., Op. cit. (1929), p. 10.

Heraclitus[1] uit die Griekse tydvak, het konflik aanvaar as 'n sosiale feit. Polybius[2] het konflik gesien as die primêre determinant in die ontwikkeling van politieke institusies. Vir Khaldun[3] was konflik tussen twee groepe (nomade en landbouers) die kernfaktor in die evolusie van die samelewing. Vir Machiavelli[4] was konflik onder andere die primêre faktor in die ontstaan van die staat en regeringsinstitusies. Bodin en Hobbes het soortgelyke sentimente openbaar. Hume en Ferguson het konflik as 'n empiriese feit aanvaar en bewys dat politieke institusies en regerings tot stand kom vanweë stryd.

Die Fisiokrate en meer spesifiek Smith,[5] het die klem laat val op universele kompetisie. Malthus[6] het verder gegaan en die gedagte van algemene kompetisie om bestaan geponeer, soos duidelik blyk uit sy bevolkingsteorie, terwyl Darwin[7] konflik in 'n besondere teorie rakende die biotiese ingebed het; laasgenoemde waarvan die invloed in die werke van talle sosiale denkers na hom waarneembaar was.

Ten spyte van leemtes en tekortkominge kon dit nie anders as teen hierdie ryke intellektuele agtergrond dat die konflikfenomeen in die lig van meer gevorderde tegnieke en as gevolg van die beter ontwikkelde wetenskaplike denk- en werkswyse meer "gevorderde" aandag sou ontvang nie. Veral onder invloed van die natuurwetenskappe en filosofiese idealisme het die eerste fase, naamlik die positivistiese organisme[8] in die geskiedenis van die sosiologiese teorie gerealiseer, met Comte en Spencer as vernaamste eksponente. Die konflikbeskouing by Spencer is nagespeur. Hieruit het onder andere die organismiese analogie geblyk, naamlik waar gepoog is om die sosiale realiteit analoog aan die biotiese organisme te stel. Ook is die bestaanstryd van die mens analoog gestel, via die evolusieteorie, aan die bestaanstryd in die biotiese wêreld.

---

1) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 2, p. 293.
2) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 2.1, p. 294.
3) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 2.2, p. 294.
4) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 2.3, pp. 294-295.
5) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 2.9, p. 298.
6) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 2.10, p.298.
7) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 2.11, p. 299.
8) Hierdie begrip word vir ons doeleindes as wisselterm vir positivistiese organisisme gebruik.

Soos reeds vroeër opgemerk aan die hand van Eisenstein se kritiek,[1] is daar nie net stryd in die dierelewe nie, maar ook vriendskaplike en koöperatiewe tendense en is hierdie argument, vanweë die mens se hoër geestelike vermoëns, temeer op die mens se sosiale saambestaan van toepassing. Novicow[2] het trouens ook die gedagte van 'n bestaanstryd gekritiseer. Ten spyte van aanvanklike voordele wat die organiese analogie ingehou het om die samelewing mee te beskryf, te verklaar en selfs voorspellings te maak, was daar ook kritiek.

Die invloed van Darwin op die verdere ontwikkeling van sosiale denke is aangetoon, veral soos dit uiting gevind het in die hierbehandelde eksponente van die sosiaal-Darwinisme. Spencer se bydrae is saaklik aangestip en die evolusionistiese inslag in sy beskouings is uitgewys. Volgens nog 'n sosiaal-Darwinis, te wete Ward, kom elke tipe struktuur - hetsy anorganies, organies of sosiaal - tot stand via een beginsel, naamlik dat dit die resultaat is van antagonistiese kragte in interaksie. Ook Sumner gaan uit van die standpunt dat die oorspronklike menslike toestand een was van 'n bestaanstryd.

Uit die bydraes van die hierbehandelde eksponente van die rasseskool, te wete De Gobineau, Chamberlain, De Lapouge, Galton en Pearson blyk dit dat die konflikidee implisiet of eksplisiet ook in hul beskouings waarneembaar is. In mindere of meerdere mate het hulle aandag gegee aan die verskynsel van die ongelykheid van rasse en was hulle van mening dat die prestasies van die wit ras in direkte verhouding tot hulle rassekwaliteite gestaan het. Hier kan moontlik die rasionaal teruggevind word vir 'n tipe van sosiaal-Darwinistiese nasionalisme en imperialisme.

Soos aangetoon[3] stel Pearson dit pertinent dat daar in die superioriteit van die Ariese ras regverdiging voor te vind is dat hulle ander rasse moet onderwerp. Hy aanvaar dan ook die gedagte dat die bestaanstryd nie alleen tussen individue nie, maar ook tussen rasse voortduur. Hieruit spreek dit vir sigself dat konflik

---

1) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 2.11, p. 301 (voetnoot 1)).
2) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 4.5, p. 329.
3) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 3.1.8, p. 312.

in mindere of meerdere mate, direk of indirek, as faktor figureer in die bydraes van die rasseskool se eksponente.

Die konflikgedagte soos by Marx waar te neem, is ook weer saaklik aangestip.[1] Die ideologiese kleur wat beide die sosiaal-Darwinisme en Marxisme eventueel openbaar het, is kernagtig aangestip,[2] sowel as die defekte van die positivistiese organisme[3] wat medebepalende faktore was vir die ontstaan van die aanvanklike sosiologiese konflikteorie(ë). 'n Verdere stimulus tot die ontstaan van laasgenoemde kan egter ook teruggevind word in die bydraes van eksponente uit die Politieke Filosofie waaruit 'n rykdom van konflik-relevante idees, beskouings en selfs modelle na vore gekom het.

Bagehot se bydrae in die verband is aangetoon. Hy verdeel die geskiedenis van die samelewing in drie fases.

Dit is veral met betrekking tot die tweede fase, naamlik die konflikfase waar sy konflikteorie duidelik na vore kom. Hy vra naamlik die vraag waarom slegs die nasies van Europese oorsprong tot vooruitgang in staat was en waaraan hierdie verskil in vooruitgang te wyte was. In die beantwoording van die vraag geld vir hom drie wette. Hierdie wette kulmineer in die aanname dat die sterkere oorheers en die beste is. In dié verband toon hy dan ook 'n stryd aan tussen nasie en nasie en stam en stam. In hierdie verband is oorlog vir hom 'n ooglopende feit in die samelewing.

'n Volgende konflikskooleksponent, Gumplowicz, word erken as een van die invloedrykste en mees ekstreme konflikteoretici van sy tyd. Vir hom was sosiale en kulturele evolusie die produk van 'n bestaanstryd tussen groepe. Met betrekking tot die ontstaan van die staat, stel Gumplowicz dat drie faktore van kardinale belang is, naamlik onder andere 'n dodelike haat tussen groepe en rasse en 'n poligenetiese oorsprong van die mensdom. Vir hom was konflik 'n nimmereindigende proses en dit is alleen deur middel van konflik dat die uitbreiding van die sosiale groep moontlik is. Hieruit lei Gumplowicz dan nie alleen die ontstaan van die staat af nie, maar ook die oorsprong van wette en sosiale stratifikasie.

---

1) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 3.2.1., p. 315.
2) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 3.2.1., pp. 316-317.
3) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 2.11, p. 301 (voetnoot 1)).
Hoofstuk VI, subhoof 3.1.1, p. 307 (voetnoot 1)).
Hoofstuk VI, subhoof 4.5, p. 329 e.v.

Die ooreenkoms tussen Gumplowicz en Ratzenhofer se bydraes is opvallend. Alhoewel Ratzenhofer belange as sy uitgangspunt neem, kom hy eventueel ook by konflikterende groepe uit. Tog is die verskille eweneens duidelik.

Small kan sonder vrees vir teëspraak getipeer word as die mees gebalanseerde konflikteoretikus, soos trouens duidelik blyk uit sy bydrae. Hierdie balans is goed te begrype in die lig van sy eie aanname dat die Sosiologie 'n behoefte het aan beskrywende en evaluerende weergawes van die kernprosesse in die sosiale lewe. Sy teorie het as vertrekpunt belange; laasgenoemde wat hy in ses klasse verdeel. Verder was dit uit sy bydrae opvallend dat die individu, in skerp kontras met sy voorgangers, deeglik deur Small verreken word in sy uiteensetting. Konflik, wat vir Small 'n basiese en universele proses is, struktureer die sosiale lewe van individue en groepe.

Novicow het eweneens 'n besondere bydrae gelewer met sy konflikteorie daarin dat hy in sy beskrywing verfyning aangebring het in die aard van konflik. Hy het naamlik onder andere daarop gewys dat vier fases van konflik in verandering voorkom en dat elke fase sigself op twee wyses manifesteer. Hy toon ook aan dat die sosiaal-Darwinisme op 'n teoretiese misverstand berus en getuig van 'n foutiewe toepassing van Darwin se biologiese wette op sosiale prosesse. Hy kritiseer dan ook talle eksponente van die sosiaal-Darwinisme by name.

Sumner het op sy beurt behoeftes as uitgangspunt in sy teorie gebruik. Hieruit spruit volksgewoontes wat die bron is van die Filosofie en Etiek en die basis van groepsolidariteit vorm en dit bepaal onder andere die struktuur van rolle, klasse en godsdienste. Die agent vir sosiale ontwikkeling is volgens hom groepe, en van hierdie groepe oorleef slegs die bes toegeruste. Hy maak dan ook 'n onderskeid tussen "ons- en hulle-groepe". Die "ons-groeplede" staan in 'n verhouding van vrede tot mekaar, terwyl die verhouding van lede van die "ons-groep" dié is van oorlog met die "hullegroep". Hierin is die bestaan van wette en regering ook te verklaar. In die ontwikkeling deur die verskillende fases van primitiewe samelewing tot interstaatlike verhoudings was konflik die motiverende krag.

Oppenheimer bied na alle waarskynlikheid van al die aanvanklike sosiologiese konflikteoretici die mees gesofistikeerde konflikteorie aan. Alhoewel ander teoretici voor hom intergroepkonflikte wat tot die ontstaan van die staat gelei het, nagespeur het, was dit Oppenheimer wat probeer aantoon het waarom hierdie konflikte nie universeel was nie. Hy gee nie alleen sy siening van die staat weer nie, maar ook die verskillende fases waardeur die primitiewe staat tot stand gekom het.

Dit blyk tot dusver duidelik dat die konflikbenadering in sy ontwikkelingsgeskiedenis vanaf die vroegste konflikidees van Heraclitus en Polybius tot en met die bydrae van Oppenheimer deur verskillende fases gegaan het. In hierdie verband kan 'n eerste fase onderskei word waarin daar slegs op fragmentariese wyse aan konflik aandag gegee is. Daarna volg die sosiaal-Darwinistiese en Marxistiese fase, gevolg deur die aanvanklike konflikskool-eksponente.

Dat 'n rykdom van idees, benaderings, beskouings, stellings en modelle hieruit af te lei is, spreek vir sigself. Hieruit kon die konflikfenomeen skerper omlyn word. Verskillende faktore wat in oorsaaklike verband tot die ontstaan van konflik staan (byvoorbeeld belange en belangebotsings), is uitgewys. Die gevolge van konflik en die resulterende stryd is uitgewys (byvoorbeeld die ontstaan van die staat en 'n regerende- en onderdaneklas word teruggevoer tot konflik).

Die sosiaal-Darwinisme en Marxisme, die ideologiese "kleur" daarvan ten spyt, het elk 'n eie nalatenskap op die wetenskaplike terrein opgelewer en die problematiek verbonde aan rasse- en klasseverskynsels relevant tot konflik het na vore gekom. Hierdeur is die wetenskaplike bestudering van 'n veeltal sosiale prosesse gestimuleer. Die eksponente van hierdie konflikideologie(ë) sou invloede laat geld wat vir 'n geruime tyd waarneembaar sou wees (byvoorbeeld die invloed van Marx op Pareto en Mosca).

Voorts is dit uit die onderhawige uiteensetting duidelik dat veral by die konflikskool-eksponente daar 'n al minderwordende invloed van die sosiaal-Darwinisme teenwoordig was en eventueel selfs kritiek daarop (byvoorbeeld Novicow se bydrae). Eventueel sou 'n groter mate van gebalanseerdheid waarneembaar word met

betrekking tot die hantering van die konflikfenomeen (byvoorbeeld Small se bydrae), sowel as 'n groter mate van empiriese verantwoordelikheid (byvoorbeeld Sumner se bydrae).

Dit is eweneens waar dat talle van die hierbehandelde eksponente se bydraes in vele opsigte nie vry te spreek is van kritiek nie. So kon die merendeel van die konflikskool-eksponente steeds nie die ideologiese invloede van óf die sosiaal-Darwinisme óf die Marxisme ontkom nie. Nietemin het die behoefte aan wetenskaplike beskrywing en verklaring van die konflikfenomeen 'n transformasie bewerkstellig vanaf die bydraes van Bagehot tot en met dié van Oppenheimer; 'n transformasie wat sou lei tot 'n groter mate van wetenskaplike "gesofistikeerdheid" met betrekking tot die konstruering van konflikmodelle.

Sonder vrees vir teëspraak, kan gekonkludeer word dat hierdie bydraes van enkele eksponente van die konflikgedagte 'n veel groter mate van insig in en perspektief oor die oorsake, aard, wese, omvang en gevolge van konflik voorsien het as wat algemeen erken word. Voorts het hierdie bydraes in mindere of meerdere mate as stimulus gedien tot die verdere wetenskaplike bestudering van die konflikfenomeen.

Ten slotte is dit na ons mening onvermydelik dat onder andere die kontemporêre politieke sosioloog op krities-evaluerende wyse van hierdie en soortgelyke bydraes moet kennis neem.

Met hierdie samevatting van die ontwikkeling van die konflikbenadering tot en met Oppenheimer word volstaan. Vervolgens gee ons aandag aan die ontwikkeling van die konflikbenadering sedert Oppenheimer tot en met resente tye.

HOOFSTUK VII

Die konflikbenadering as teoretiese grondslag van die Politieke Sosiologie (vervolg)

Die resente eksponente van die sosiologiese konflikteorieë

1. Inleiding

Op hierdie stadium kan reeds met sekerheid verklaar word dat die konflikfenomeen 'n prominente plek ingeneem het in die denke van talle sosiaal-wetenskaplikes by die beskrywing en verklaring van die polities-sosiale realiteit. Alhoewel die Politieke Sosiologie formeel as subdissipline van die Sosiologie en as doseringsgebied aan universiteite lank na die ontstaan van die Sosiologie tot stand gekom het, naamlik eers na die Tweede Wêreldoorlog,[1] het talle sosioloë in werklikheid sedert die ontstaan van die Sosiologie die aandag gefokus nie alleen op die polities-sosiale realiteit nie,[2] maar inderdaad ook op konflik.[3]

Dit was opvallend tot dusver in die uiteensetting van die konflikfenomeen dat konflik by talle denkers in mindere of meerdere mate die verskynsel was wat 'n opkoppeling tussen die beskrywing en verklaring van die sosiale en politieke realiteite of prosesse verseker het.[4] Daar sal vervolgens probeer word om die konflikteorieë van enkele resente sosioloë te ontleed. Voorts, om in die

---

1) Vergelyk in die verband: Strauss, Johann, Op.cit. (1969),p.65 ev.
2) House, F.N., Op. cit. (1929), p. 389 en MacIver, R.M., Page, C.H., Op. cit., pp. 453-467.
3) House, F.N., Op. cit. (1929), p. 472 en MacIver, R.M., Page, C.H., Op. cit., pp. 465-467.
4) Vergelyk die volgende samevatting van Horowitz in verband met die eienskappe van die konflikteorie: "(a) A society can only be established in the process of group conflict in which victory goes to the better organized force. (b) Leadership and authority are intrinsic properties of power and courage. (c) Society is an unstable equilibrium of forces, since contradictory interests are involved in both the origins and maintenance of set patterns of organized life. (d) The social system is cemented by sovereign power, which itself is simply the legalization of force. (e) The basic impulse of both collective dynamics and social structure is self-interest at the psychological level and group-interest at the sociological level." Horowitz, I.L., Inleiding tot Gumplowicz, L., Op. cit., pp. 34-35.

lig hiervan sowel die huidige stand van konflikteorieë, as die invloed daarvan op die Politieke Sosiologie te evalueer.

2. Georg Simmel (1858-1918)[1]

'n Groot deel van die sosiologiese bydrae van Simmel is gebaseer op die toepassing van die beginsel dat sosiale verhoudings as die enigste ware onderskeidende studiemateriaal van die Sosiologie dien; 'n beginsel wat aanvanklik deur Leopold von Wiese blootgelê is.[2] Simmel was voorts een van die eerste sosioloë wat gepoog het om die dissipline onafhanklik van die ander sosiale wetenskappe te maak deur in die definisie van die Sosiologie in te skryf dat die Sosiologie die vorme van die onderlinge verhoudings tussen persone bestudeer.[3]

In sy bydraes openbaar hy homself as een van die eerste eksponente van die formele fase in die ontwikkelingsgeskiedenis van die sosiologiese teorie.[4] Dit kan hier gemeld word dat die formele fase as 'n teenreaksie teen die evolusionêre en ensiklopediese wetenskapsbeskouing van die vroegste sosioloë ontwikkel het.[5] Dit het vir Simmel en die formaliste nie alleen gegaan om 'n definisie van die Sosiologie in verhouding tot ander sosiale wetenskappe nie, maar ook om 'n nuwe benaderingswyse of metode, naamlik om die vorme van sosiale interaksie te onderskei. Rex merk in die verband op dat dit vir Simmel gegaan het om sosiologiese kategorisering: "... nothing less than the systematic classification of the possible forms of social interaction, social relations, social groups, and other structures which can exist in history". Verder: "What this programme leaves open is a considerable range of sociological possibilities".[6]

---

1) Dit is 'n ope vraag of Simmel en in 'n sekere sin selfs Park nog as resente sosioloë beskou kan word. Vanweë die rigtinggewende invloed wat egter van hulle op latere sosioloë uitgegaan het, kom hulle dus onder hierdie subhoof ter sprake.
2) Vergelyk: Inkeles, Alex, What is Sociology, p. 15. Vir groter detaillering oor Wiese se bydrae sien: Martindale, D., Op. cit., pp. 256-259.
3) Gurvitch, G., Op. cit., Volume I, p. 16.
4) Vergelyk: Bottomore, T.B., Op. cit., p. 60. Vir 'n volledige uiteensetting van die formele fase sien: Martindale, D. Op. cit., p. 210 e.v.
5) Bottomore, T.B., Op. cit., p. 60.
6) Rex, John, "Social Structure and Humanistic Sociology: The Legacy of the Classical European Tradition" uit Rex, John (redakteur), Approaches to Sociology (1974), p. 191.

Hoewel Simmel se teoretiese bydrae omvattend is,[1] sal ons vervolgens konsentreer op sy bydrae tot die konflikperspektief.[2]

2.1 Konflik as sosiasie[3]

Simmel gaan uit van die standpunt dat die sosiologiese betekenisvolheid van die konflikfenomeen in beginsel nie betwyfel word nie. Hy aanvaar dat konflik 'n vorm van sosiasie is, aangesien konflik nie deur een persoon alleen uitgevoer kan word nie. Simmel vervolg: "Conflict is thus designed to resolve divergent dualisms; it is a way of achieving some kind of unity, even if it be through the annihilation of one of the conflicting parties".[4] Voorts toon Simmel aan dat konflik positiewe en negatiewe aspekte omvat; aspekte wat egter geïntegreer is en wel in so 'n mate dat hulle konseptueel geskei kan word, maar nie empiries nie.

2.2 Konflik as integratiewe krag in die groep[5]

Simmel onderskei in hierdie verband eerstens klein groepe, byvoorbeeld huweliksmaats, wat onderling tussen die lede onbeperkte aantal verhoudings insluit. In hierdie groep is 'n sekere mate van disharmonie, van uiteenlopendheid en kontroversie gekoppel met die elemente wat die groep byeen hou. Tweedens word die positiewe en integrerende rol van konflik ook aangetref in strukture wat gekenmerk word deur skerp sosiale verdeling en gradering. So byvoorbeeld berus die Hindoe-sisteem nie alleen op 'n strenge hiërargiese indeling nie, maar ook op wedersydse afkeur tussen die kaste. Hierdie vyandighede word dikwels gestimuleer ten einde grense en bestaande toestande te verseker.

---

1) Vergelyk in die verband die Indeks by: Boskoff, A., The Mosaic of Sociological Theory, pp. 272-273.
2) Die onderhawige samevatting is gedoen uit Simmel, G., Conflict (1955), vertaal deur Kurt H. Wolff en The Web of Group-Affiliations (1955), vertaal deur Reinhard Bendix, pp. 13-123.
3) Die woord deur Simmel gebruik, is "Vergesellschaftung", hier vertaal as sosiasie in navolging van Wolff. Vergelyk: Wolff, Kurt H., The Sociology of Georg Simmel, p. Lxiii.
4) Simmel, Georg, Op. cit. (1955), p. 13.
5) Ibid., pp. 17-20.

2.3 Beknopte samevatting van enkele kernfasette van Simmel se konflikteorie[1)]

Vir Simmel is konflik nie alleen 'n middel vir die handhawing van bestaande verhoudings nie, maar een van die konkrete funksies wat die verhoudings konstitueer. Met betrekking tot stedelike lewe merk hy op: "The whole inner organization of urban interaction is based on an extremely complex hierarchy of sympathies, indifferences, and aversions of both the most short-lived and the most enduring kind. And in this complex, the sphere of indifference is relatively limited".[2)]

Simmel wys ook daarop dat konflikverhoudings op sigself nie 'n sosiale struktuur realiseer nie, maar wel in samewerking met unifiserende kragte.

Voorts is Simmel van mening dat antagonisme ook 'n element van sosiasie uitmaak;[3)] trouens, dat dit bykans nooit afwesig is nie en dat die rol daarvan kan toeneem tot bykans in die oneindige. Eweneens egter, staan die antagonistiese in 'n bepaalde verhouding tot die integrerende faktore.

Met betrekking tot die primêre aard van vyandigheid[4)] merk Simmel op dat natuurlike vyandigheid as 'n vorm of basis van menslike verhoudings altyd realiseer in samehang met simpatie. Desnieteenstaande aanvaar hy op 'n "a-priori"-basis die bestaan van vyandigheid. Trouens, Simmel is van mening dat daar 'n bepaalde behoefte aan vyandigheid bestaan, soos trouens onder andere bewys word deur die relatiewe gemak waarmee vyandigheid gesuggereer kan word. Met betrekking tot die antagonistiese spel ("Kampfspiel")[5)] waar unifikasie ter sprake kom, maak Simmel 'n belangrike aanname, naamlik dat persone verenig ten einde te kan veg en vermeerder: "... one fights under the mutually recognized control of norms and

---

1) Vir 'n bondige uiteensetting van Simmel se konflikidees vergelyk ook: Van der Walt, A.T., Op. cit., pp. 103-145.
2) Simmel, G., Op. cit. (1955), p. 20.
3) Ibid., p. 25 e.v.
4) Ibid., p. 28 e.v. Vergelyk in die verband ook: Coser, L.A., Rosenberg, B., Op. cit., pp. 212-214.
5) Simmel, G. Op. cit. (1955), p. 34 e.v.

rules".[1] Simmel wys daarop dat hierdie unifikasie nie verband hou met die motivering tot die onderneming nie, maar dien slegs as 'n tegniek waarsonder sulke konflik nie sou kon realiseer nie.

Met betrekking tot die basis van konflik onderskei Simmel twee kenmerke, te wete gemeenskaplike kwaliteite of kenmerke en gemeenskaplike lidmaatskap.[2] 'n Vyandigheid moet volgens hom 'n bewussyn stimuleer - hoe meer intens laasgenoemde, hoe groter die ooreenkoms by die groep wat as agtergrond dien waarteen die vyandigheid ontwikkel. Indien vyandigheid nie geïnhibeer word deur fundamentele intensie om onder alle omstandighede te harmonieer nie, sal die bewussyn van die vyandigheid verskerp.

Met betrekking tot gemeenskaplike lidmaatskap[3] wys hy daarop dat konflik in hierdie verband dikwels saamval met eersgenoemde faktor, te wete die gemeenskaplike kwaliteite hierbo genoem.

In hierdie konteks gaan dit om konflik waarvan die intensifisering gefundeer is in 'n samehorigheidsgevoel; laasgenoemde wat vir Simmel nie onderskeid of gemeenskaplikheid van kwaliteite beteken nie, aangesien by gemeenskaplike lidmaatskap 'n totaal ander fundamentele faktor, naamlik sosiale haat, 'n rol speel. "This hatred is directed against a member of the group, not from personal motives, but because the member represents a danger to the preservation of the group. In so far as intra-group conflict involves such a danger, the two conflicting parties hate each other not only on the concrete ground which produced the conflict but also on the sociological ground of hatred for the enemy of the group itself. Since this hatred is mutual and each accuses the other of responsibility for the threat to the whole, the antagonism sharpens - precisely because both parties to it belong to the same social unit."[4]

Met betrekking tot kompetisie[5] merk Simmel op dat konflik hier indirek figureer en vir hom is dit 'n betekenisvolle sosiologiese

---

1) Ibid., p. 35.
2) Ibid., p. 43 e.v.
3) Ibid., p. 48 e.v.
4) Ibid., pp. 48-49.
5) Vergelyk ook: House, F.N., Op. cit. (1929), pp. 93-95.

karakteristiek.[1] Hy wys daarop dat die suiwer vorm van kompetisionele stryd nie offensief of defensief is nie aangesien die eindproduk waarom gekompeteer word nie in die hande van enigeen van die kompeterende opponente is nie. In kompetisie geld twee kombinasies van stryd wat van konflik verskil, aangesien die oorwinning in konflik nie alleen die prys in die konflik verseker nie, maar op sigself die prys is. Die twee kombinasies is eerstens: "Where victory over the competitor is the chronologically first necessity, it itself means nothing. The goal of the whole action is attained only with the availability of a value which does not depend on that competitive fight at all ... It is the specific coloration of the competitive struggle that its outcome itself does not constitute the goal, as it does wherever anger, revenge, or the ideal value of victory as such motivates a fight."[2]

Tweedens is daar volgens Simmel 'n kompetisie wat nog meer van ander vorme van konflik verskil: "Here the struggle consists only in the fact that each competitor by himself aims at the goal, without using his strength on the adversary ... This type of competition equals all other kinds of conflict in intensity and passionate effort. It is pushed to its utmost concentration by the reciprocal consciousness of the participants that each of them so concentrates. And yet, from a superficial standpoint, it proceeds as if there existed no adversary but only the aim."[3]

Hoewel Simmel nog verder detaillering bied van die kompetisiefenomeen, word hier nie verder by stilgestaan nie. Ten slotte word 'n samevatting gegee van sy beskouings oor konflik en die struktuur van die groep.[4]

Naas die sentraliserende of saambindende effek[5] van konflik op die groep, wat volgens Simmel voor die handliggend is, wys hy ook op die voordele van sentralisering by groepe in konflik met mekaar. Hy toon aan dat eenheid onder beide konflikterende partye tot mekaar se voordeel is. Simmel vervolg: "... if one finds oneself

---

1) Simmel, G., Op. cit. (1955), p. 57.
2) Ibid., pp. 57-58.
3) Ibid., p. 58.
4) Vergelyk ook: Coser, L.A., The functions of Social Conflict (1956), p. 67 e.v.
5) Simmel gee ook in 'n ander verband aandag aan sentralisering. Vergelyk: Nisbet, R.A., The Social Philosophers (1974), pp. 256-257.

up against a diffuse multitude of enemies, one gains more often particular victories, but has great difficulty in achieving decisive actions which definitely fix the mutual relationship of the forces."[1)]

Intergroepkonflik het na Simmel se mening twee resultate wat albei van sosiologiese belang is met betrekking tot groepsvorming. Eerstens mag 'n groep in sy geheel in 'n antagonistiese verhouding met 'n mag buite homself betrokke raak. Ten gevolge hiervan ontstaan 'n versterking in die verhoudings van groepslede onderling wat op sigself weer lei tot die intensivering van die groepseenheid. Tweedens kan elke element in 'n polaritiet sy eie opponent hê, maar aangesien hierdie opponent dieselfde is vir alle elemente verenig hulle almal. Ten gevolge hiervan kan nuwe groepe onder hulle ontstaan.[2)]

Vredestydse groepe laat toe dat vyandighede in eie geledere voorkom, aangesien hierdie lede elk hul eie weg kan inslaan sonder om in konflik met mekaar te kom. Hierteenoor is groepe in oorlogsomstandighede egter nie verdraagsaam nie. "They cannot afford individual deviations from the unity of the coordinating principle beyond a definitely limited degree. The technique for this is sometimes an apparent tolerance which is exercised in order to be able to expell with all the greater decisiveness those elements which definitely cannot be incorporated into the group."[3)]

Met betrekking tot interne en eksterne opposisie en groepskohesie[4)] merk Simmel op dat 'n politieke party kan baat by 'n afname in getalle, mits die afname gepaard gaan met 'n suiwering. Twee toestande moet egter in die proses nagekom word. Eerstens moet 'n toestand van akute konflik bestaan en tweedens moet die vegtende groep relatief klein wees. In dié verband is die minderheidsparty vir Simmel die model.

Voorts is Simmel van mening dat 'n absolute oorwinning van die groep oor sy opponente nie altyd, in sosiologiese sin, voordelig is nie. "Victory lowers the energy which guarantees the unity of the group; and the dissolving forces, which are always at work, gain hold ... Within certain groups, it may even be a piece of

---

1) Simmel, G., Op. cit. (1955), p. 91.
2) Ibid., pp. 91-93.
3) Ibid., p. 93.
4) Ibid., p. 96 e.v.

political wisdom to see to it that there be some enemies in order for the unity of the members to remain effective and for the group to remain conscious of this unity as its vital interest."[1)]

Simmel toon ook onomwonde aan dat konflik as die basis van groepsvorming kan dien.[2)] Konflik verhoog nie alleen die konsentrasie van 'n bestaande eenheid nie, maar dit elimineer ook alle elemente wat die grense van die groep met sy opponente vervaag. Konflik kan ook persone en groepe bymekaar bring wat andersins niks met mekaar te doen gehad het nie. Hierdie verskynsel is vir hom so voor die handliggend dat hy uit die geskiedenis twee vlakke van eenheid abstraheer, naamlik staatsvorming as resultaat van konflik en dan 'n laer vorm naamlik konfederasies en federasies as resultaat van konflik.[3)]

Simmel vervolg: "In all positive cases of this type, it is characteristic that the unity, while it originates in conflict and for purposes of conflict, maintains itself beyond the period of struggle".[4)] In werklikheid, beweer Simmel, bestaan die betekenis van konflik in die artikulasie van die latente verhouding en eenheid. Konflik is eerder die geleentheid vir eenheidsvorming wat intern vereis word as die doel van hierdie unifikasies.

Simmel toon ook aan dat die gemeenskaplike opposisie se sterkte bepaal kan word nie deur die aantal en gedeelde belange nie, maar deur die duur en intensiteit van die unifikasie in welke geval dit in die besonder gunstig kan wees vir unifikasie om, in plaas van 'n werklike geveg of konflik met die vyand, daar eerder 'n konstante bedreiging deur hom moet wees.[5)] Trouens, Simmel isoleer inderdaad gevalle waar 'n permanente bedreiging eerder as 'n werklike geveg, 'n permanente groepstruktuur help verseker het.[6)]

Met betrekking tot die basiese koppeling[7)] tussen kollektiwiteit en vyandigheid merk Simmel op dat aggressiewe eerder as vreedsame

---

1) Ibid., p. 98.
2) Ibid., p. 98 e.v. Vergelyk Coser se siening hieroor: Coser, L.A., Op. cit. (1956), p. 33 e.v. en p. 87 e.v.
3) Simmel, G., Op. cit. (1955), p. 100.
4) Ibid., p. 101.
5) Ibid., p. 104.
6) Ibid., p. 106.
7) Ibid., p. 106 e.v. Vergelyk ook: Coser, L.A. Op. cit. (1965), p. 87 e.v.

ondernemings, sedert hul aanvanklike oorsprong, neig om samewerking van die grootste moontlike aantal lede van elemente te vereis; lede wat andersins verspreid sou gebly het sonder om optrede in hul eie belang te begin. Hy wys daarop dat in die geheel genome, mense betrokke by vreedsame ondernemings en handelinge hulself beperk tot diegene naby hulle. In teenstelling hiermee is mense geneig om diegene as vriende ("allies") te aanvaar met wie hulle niks in gemeen het of selfs sou verkies om te hê nie. As redes hiervoor voer Simmel onder andere die volgende aan:[1)]

(i) In oorlog, en dit impliseer nie net politieke oorloë nie, maar dikwels noodtoestande, kan persone nie kieskeurig wees oor hul vriende nie.

(ii) Die doel van die handeling is geleë buite die terrein of perifirie van die alliansie se onmiddellike belange. Gevolglik kan daar na die stryd of geveg teruggekeer word na vroeëre afstande.[2)]

Ten slotte wys Simmel in dié verband op die wederkerige stimulering van vyandigheid waarop ons hier nie verder ingaan nie.

Met betrekking tot die beëindiging van konflik konstateer Simmel dat dit onder andere kan geskied deur die verdwyning van die doel wat met konflik beoog is. In hierdie verband formuleer hy vier moontlikhede: oorwinning, nederlaag,[3)] rekonsiliasie of versoening[4)] en kompromie.[5)]

Met hierdie breë omlyning van enkele kernfasette van Simmel se konflikteorie[6)] word volstaan.

2.4 Enkele kritiese opmerkings oor Simmel se bydrae

Ten spyte van talle invloede op die denke van Simmel,[7)] kan hier

---

1) Coser, L.A., Op. cit. (1965), pp. 106-107.
2) Simmel, G., Op. cit. (1955), p. 106.
3) Vergelyk: Ibid., p. 113 e.v.
4) Vergelyk: Ibid., p. 117 e.v.
5) Vergelyk: Ibid., p. 114 e.v.
6) In verband met Simmel se konflikbydrae in verhouding tot sy sosiologiese bydrae vergelyk:
   (i) Martindale, D., Op. cit., pp. 236-247.
   (ii) Coser, L.A., Op. cit. (1971), pp. 177-216.
7) Vergelyk:
   (i) Coser, L.A., Op. cit. (1971), p. 200.
   (ii) Martindale, D., Op. cit., pp. 236-238.

gestel word dat Simmel na alle waarskynlikheid die wetenskaplikste evaluerings, in sosiologiese konteks, van die konflikfenomeen gelewer het tot en met sy eie tyd. Deur sy bydrae het hy dan ook 'n rigtinggewende invloed laat geld, veral in die Verenigde State van Amerika.[1] Tot in die moderne tydsgewrig geniet hy dan ook nog wye erkenning vir sy bydrae tot die studie van konflik, nie alleen in die Sosiologie nie,[2] maar ook in die studie van politiek.[3] Nie alleen was hy een van die eerstes om 'n nuwe fase in die ontwikkeling van die Sosiologie in te lei, te wete die formalisme nie, maar - soos duidelik blyk uit sy konflikbeskouing - het hy in 'n groot mate ideologiese invloede ontkom. Op wetenskaplike wyse het hy die konflikverskynsel in sy multidimensionele en komplekse verband ontleed; wys hy die rol van konflik as sosiasie uit; die samehang tussen konflik en integrerende kragte in die sosiale proses en meer pertinent die invloede en rol van konflik op en in die groepslewe.

Hier wil geensins gesuggereer word dat Simmel se bydrae foutloos is nie. Zeitlin toon aan dat Simmel onder andere die rol van waardes, doeleindes en ideale in die motivering van menslike handeling en in die versekering van sosiale orde onderskat het.[4] Hierdie argument geld na ons mening ook in 'n sekere sin vir sy konflikteorie. Sorokin het omvattende kritiek nie alleen op die formaliste nie, maar ook op Simmel gelewer.[5] Ons volstaan egter met betrekking tot Simmel se bydrae met die bogenoemde uiteensetting.

3. Robert Ezra Park (1864-1944)

Park, soos Simmel, word beskou as een van die invloedryke formaliste[6] en is saam met Burgess welbekend vir hul werk Introduction to the science of Sociology, wat Becker noem: "... 'the most

---

1) Vergelyk: Boskoff, A., Op. cit., p. 17.
2) Vergelyk onder andere die bronne genoem in hierdie subhoof.
3) Vergelyk onder andere: Goldman, R.M., Contemporary Perspectives on Politics, p. 326.
4) Zeitlin, I.M., Rethinking Sociology (1973), p. 18.
5) Vergelyk: Sorokin, P., Op. cit. (1928), p. 495 e.v.
6) Vergelyk:
   (i) Abraham, J.H., Op. cit. (1966), pp. 32-33.
   (ii) Martindale, D., Op. cit. p. 252 e.v.

influential textbook in the history of American sociology'".[1] Soos die geval met Simmel is Park se sosiologiese bydrae omvattend.[2]

Vir die doeleindes van hierdie studie kan sy primêre sosiologiese bydrae, soos dit in medewerking met Burgess verskyn het, saaklik aan die hand van Maus[3] soos volg saamgevat word:

Hulle het aan die Sosiologie in die Verenigde State van Amerika sekere kategorieë en teoretiese argumente gegee. Sosiologie is deur hulle onderskei van ander sosiale wetenskappe. Tog het hulle nie probeer om 'n allesomvattende sisteem van die Sosiologie te poneer nie.

Maus vervolg: "As an empirical science it was expected to define its categories accurately; its chief interest was not to be absorbed by social problems ...; it was no longer to concentrate its attention on society, but on the groups within society. Its task was to analyse their typical features, their organizations and their structures. Its interest should mainly be concentrated on those various social processes which take place in and between groups. And, finally, it was its duty to concern itself with social progress."[4]

Wat ons egter met betrekking tot Park hier interesseer, is sy sosiologiese bydrae tot die konflikfenomeen.[5]

3.1 Die sosiale proses

By Park en Burgess maak konflik een dog baie belangrike fase uit van die sosiale proses. Die beginpunt van die sosiale proses word

---

1) Becker, H., Boskoff, A., Op. cit., p. 81.
2) Vergelyk in die verband:
   (i) Coser, L.A., Op. cit. (1971), pp. 357-385.
   (ii) Boskoff, A., Op. cit., p. 272.
   (iii) Martindale, D., Op. cit., pp. 252-256.
3) Maus, H., Op. cit., pp. 120-121.
4) Ibid., p. 121. Vergelyk ook:
   (i) Park, R.E., Society, pp. 187-266.
   (ii) Turner, R.H. (redakteur), Robert E. Park on Social Control and Collective Behavior, pp. 3-33.
5) Wat hier saaklike gerekonstrueer sal word uit Park, R.E., Burgess, E.W., Introduction to the Science of Sociology, pp. 280-336.

daargestel deur sosiale interaksie.[1] Hierop volg die volgende fases: kompetisie, of onbewuste stryd; konflik of openlike stryd; akkommodasie of bewuste adaptasie; assimilasie of onbewuste unifikasie.[2] In werklikheid onderskei Park en Burgess nog 'n eerste stap, naamlik kontak waaroor Park sê: "Sociological interest in this situation lies in the fact that the various kinds of social contacts between persons and groups determine behavior".[3] Verder beweer hy: "... contact, as the first stage of social interaction, conditions and controls the later stages of the process".[4]

Elders is gestel dat: "Indien dan van die basiese veronderstelling uitgegaan word dat kontak gedrag determineer - inagnemend dat kontak sosiaal, fisies, primêr of sekondêr van aard kan wees - volg dit dus logies dat daar sosiale interaksie sal plaasvind. Interaksie is vir hom 'n voorvereiste van gemeenskapslewe en samelewingsbestaan; en kommunikasie in 'n groot variëteit van vorme is die medium van interaksie; nabootsing en suggestie is vir hom die meganisme van interaksie."[5] Hieruit ontwikkel kompetisie wat weer kan oorgaan in konflik en gevolg word deur akkommodasie en assimilasie.

Soos duidelik blyk uit die hierbogestelde uiteensetting is konflik in Park se denke dus maar een van etlike fases in die sosiale proses. Om hierdie rede word hier 'n uiteensetting van konflik in samehang met die ander fases gegee - uiteraard met groter detaillering van die konflikfase.

3.1.1 Kompetisie[6]

In aansluiting met wat in die voorafgaande paragraaf gesê is oor

---

1) Park, R.E., Burgess, E.W., Op. cit., pp. 339-432. Vergelyk ook: Van der Walt, J.A., Maritz, F.A, Strauss, Johann, Op. cit., p. 60 e.v.
2) Vergelyk: Bogardus, E.S., Op. cit., p. 519. Sien ook Park, R.E., Burgess, E.W., Op. cit., Hoofstuk 7, Voetnoot 2, p. 25.
3) Park, R.E., Burgess, E.W., Op. cit., pp. 281-282.
4) Ibid., p. 282.
5) Bredenkamp, I.M., Die beskouinge van 'n aantal Blanke studente oor die rol wat velkleur in die Blank-Bantoeverhoudinge in Suid-Afrika speel - 'n Rassesosiologiese ondersoek, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1972, p. 45. Vergelyk ook: Park, R.E., Burgess, E.W. Op. cit., pp. 280-336.
6) Park, R.E., Burgess, E.W., Op. cit., pp. 504-563.

kontak en interaksie staan ons vervolgens stil by kompetisie.[1] Kompetisie is volgens Park en Burgess, die elementêre universele en fundamentele vorm van interaksie. Kompetisie, in teenstelling met konflik, akkommodasie en assimilasie, kan ook interaksie sonder noodwendige sosiale kontak impliseer.[2] Sosiale kontak wat konflik, akkommodasie en assimilasie inisieer, skep egter ook simpatie, vooroordeel, persoonlike en morele verhoudings wat kompetisie nie alleen modifiseer en kompliseer nie, maar ook kontroleer. Binne die perke wat die kulturele proses op kompetisie oplê en wat deur gewoontes, die wet en tradisies gestel word, neig kompetisie om 'n onpersoonlike sosiale orde te skep.

Kompetisie is voorts 'n universele verskynsel en geskied in die reël onopgemerk. "It is only in periods of crisis, when men are making new and conscious efforts to control the conditions of their common life, that the forces with which they are competing get identified with persons, and competition is converted into conflict". Verder: "Political organizations exist for the purpose of dealing with conflict situations. Parties, parliaments and courts, public discussion and voting are to be considered simply as substitutes for war".[3]

Naas die verband tussen kompetisie en konflik wat hierbo gestel is, bring Park kompetisie ook in verband met akkommodasie en assimilasie en stel: "Accommodation, ... is the process by which the individuals and groups make the necessary internal adjustments to social situations which have been created by competition and conflict."[4] Konflik termineer en die daaruitspruitende spanning word opgelos in die proses van akkommodasie. Waar konflik geidentifiseer word met die politieke orde en bewuste beheer, word akkommodasie geassosieer met die sosiale orde wat gevestig is in

---

1) Coser praat in hierdie verband van vier hoofprosesse in die bydrae van Park, te wete kompetisie, konflik, akkommodasie en assimilasie. Vergelyk: Coser, L.A., Op. cit. (1971), p. 359. Ons bespreek hierdie vier, maar dan as fases.

2) Park, R.E., Burgess, E.W., Op. cit., p. 506. Die sosiaal-Darwinistiese invloed is nie heeltemal afwesig by Park nie, soos trouens duidelik blyk uit sy talle verwysings na die biotiese en Darwin se werke self. Vergelyk:
   (i) Park, R.E., Op. cit., p. 56.
   (ii) Park, R.E., Burgess, E.W., Op. cit., p. 514 e.v.

3) Ibid., p. 509.

4) Park, R.E., Burgess, E.W., Op. cit., p. 509. Vergelyk ook: Park, R.E., Op. cit., pp. 50-68.

gewoontes en mores. Met betrekking tot assimilasie merk Park op: "Assimilation, as distinguished from accommodation, implies a more thoroughgoing transformation of the personality - a transformation which takes place gradually under the influence of social contacts of the most concrete and intimate sort".[1)]

Die verhouding tussen sosiale strukture en die prosesse van kompetisie, konflik, akkommodasie en assimilasie kan soos volg weergegee word:[2)]

Sosiale Proses	Sosiale Orde
Kompetisie	Die ekonomiese ekwilibrium
Konflik	Die politieke orde
Akkommodasie	Sosiale organisasie
Assimilasie	Persoonlikheid in die kulturele erfenis

Vervolgens staan ons stil by konflik as 'n vorm van interaksie.

3.1.2 Konflik[3)]

Naas die onderskeiding tussen kompetisie en konflik wat in die voorafgaande subhoof aangestip is, kan gestel word dat, waar kompetisie 'n stryd is tussen groepe of individue wat nie noodwendig in persoonlike kontak of kommunikasie is nie, dit juis 'n onontkombare vereiste vir konflik is. Waar kompetisie meesal onbewus is, is konflik bewustelik. "Conflict is always conscious, indeed, it evokes the deepest emotions and strongest passions and enlists the greatest concentration of attention and of effort."[4)] Beide kompetisie en konflik is vorme van stryd. Kompetisie is egter voortdurend en onpersoonlik en konflik wisselend en persoonlik.

Park gaan uit van die standpunt dat kompetisie 'n stryd omvat, en wel vir posisie in die ekonomiese orde. Kompetisie bepaal, volgens hom, onder andere die distribusie van populasies in die wêreldekonomie; die industriële organisasie in die nasionale ekonomie; en die beroepe van individue in die arbeidsverdeling.

---

1) Park, R.E., Burgess, E.W., Op. cit., p. 510
2) Ibid., p. 510.
3) Vergelyk: Ibid., pp. 574-647. Vergelyk ook: Truzzi, M. (redakteur), Op. cit., pp. 121-123.
4) Park, R.E., Burgess, E.W., Op. cit., p. 574.

Hierteenoor word die status van 'n individu of groep, of groepe individue in die sosiale orde bepaal deur stryd, deur oorlog en deur subtieler vorme van konflik.[1] Dit dien hier gemeld te word dat Park en Burgess erkenning kry vir hul meer akkurate en wetenskaplike aanwending van konsepte.[2] Tog is hul onderskeiding van status en posisie in hierdie verband vaag.[3]

Algemeen gesproke bepaal kompetisie die posisie van die individu in die gemeenskap, terwyl konflik sy plek in die samelewing bepaal. In die verband stel Park dat plasing, posisie en ekologiese interafhanklikheid die sleutelkenmerke van die gemeenskap is. Hierteenoor vorm status, super- en subordinasie, en kontrole die onderskeidende kenmerke van die samelewing. Park vervolg: "The notion of conflict, like the fact, has its roots deep in human interest ".[4]

Voorts stel Park dat waar en wanneer stryd ook al die vorm van konflik aanneem, hetsy tussen rasse, nasies of individue, dit altyd die aandag van "toeskouers" in beslag geneem het. Hoewel laasgenoemde nie altyd deelgeneem het aan die konflik nie, het hulle altyd kant gekies. Dit is dan ook hierdie stryd van die "nie-vegtendes" wat die openbare mening gevorm het.

Openbare mening het altyd nog 'n belangrike rol gespeel in die konflikte tussen mense. Dit het aan oorlog die betekenis gegee van 'n morele stryd; 'n stryd van goed of sleg. "The result is that war tends to assume the character of litigation, a judicial procedure, in which custom determines the method of procedure, and the issue of the struggle is accepted as a judgement in the case." Verder: "It was the presence of the public, the ceremonial character of the proceedings, and the conviction that the invisible powers were on the side of truth and justice that gave the trial by ordeal and the trial by battle a significance that neither the

---

1) Park, R.E., Burgess, E.W., Op. cit., p. 574. Vergelyk in die verband ook: Park, R.E., Op. cit., p. 50 e.v.
2) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 441.
3) Vergelyk: Roode, C.D., Op. cit. (1974), pp. 108-109. Hy onderskei tussen posisie en status en toon aan dat status 'n "geëvalueerde" of "geweegde" posisie is.
4) Park, R.E., Burgess, E.W., Op. cit., p. 575.

duello nor any other form of private vengeance ever had."[1] Park toon aan dat dit interessant is om daarop te let dat beide politieke en regsprosedures beoefen word op 'n konflikpatroon.

Park kom tot die beslissing dat kompetisie bewustelik en persoonlik raak in konflik, en dat in die transisieproses kompeteerders opponente en vyande word. In sy hoogste vorme word konflik egter weer onpersoonlik. Dit is gevalle waar die stryd gaan om die vestiging en handhawing van regsreëls en die morele orde. In hierdie gevalle is die welsyn van die gemeenskap en nie dié van die individu nie op die spel. Die stryd tussen politieke partye en religieuse sektes is van hierdie aard. "Here the issues are not determined by the force and weight of the contestants immediately involved, but to a greater or less extent, by the force and weight of public opinion of the community, and eventually by the judgement of mankind."[2]

Ons staan vervolgens stil by enkele gedagtes van Park oor oorlog as vorm van konflik.[3] Dit dien egter hier gestel te word dat Park en Burgess in hul verdere uiteensetting van konflik as vorm van interaksie, omvattend gebruik maak van bydraes deur Thomas, Simmel, White, Patrick, Vincent, Giddings, Stone, Groos en andere.[4] Hieruit kan die oorsprong van onder andere die konsepte "kompetisie", "konflik" en "akkommodasie" duidelik afgelei word waaruit blyk dat dit in elk geval nie hul oorspronklike konseptualisering is nie.

3.1.2.1 Oorlog en politiek

Oorlog verteenwoordig die een mees ekstreme pool van konflik op die kontinuum van konflik in die denke van Park. Hy wys daarop dat oorlog internasionale dispute besleg het, maar dan selde in ooreenstemming met 'n algemeen erkende beginsel van reg ("justice") of noodsaak ingebed in die internasionale situasie; anders sou elke nuwe oorlog 'n presedent ("presedent") voorsien het, nie alleen vir die progressiewe definiëring van die reëls van oorlogvoering nie, maar ook in die bepaling van die tersakenhede ("issues")

---

1) Ibid., p. 575.
2) Ibid., p. 576.
3) Park, R.E., Op. cit., p. 50 e.v.
4) Park, R.E., Burgess, E.W., Op. cit., pp. 579-648.

betrokke in hierdie gedinge. In werklikheid, vervolg Park, bestaan hierdie presedente reeds. Dit vorm 'n groot deel van die studiemateriaal van die Geskiedenis. Geen beginsel het skynbaar hieruit na vore gekom in terme waarvan ons met die verskynsel van nuwe oorloë, na mate hulle na vore kom, kan handel nie. Park vervolg: "More often, so far from adjudicating international disputes in accordance with some general understanding or tradition, not to say principle, of international law, war has been an innovating and revolutionary force tending to overturn the existing international order and to challenge the tradition and principles upon which that order at any time has rested".[1)]

Volgens Park is die anomalieë-status van oorlog in die internasionale sosiale orde 'n institusie - 'n politieke institusie in wording waarvan die funksies nie gedefinieer en die struktuur nie gevestig is in gewoonte en tradisie nie. Met betrekking tot die funksies van oorloë, wat volgens Park nog nie gedefinieer is nie, volg enkele gedagtes later.[2)]

Park wys op enkele pogings om oorlog binne die perke van 'n institusionele orde te plaas, waarin die funksies daarvan gedefinieer en die oormaat daarvan beperk sou wees. Hierdie pogings is gefundeer in die "stryd-om-bestaan"-teorie van Darwin en Malthus se bevolkingsteorie. Hierdie pogings het egter misluk vanweë die onvermoë van sodanige eksponente om te onderskei tussen konflik en kompetisie as verskillende aspekte van die bestaanstryd.[3)] Hy bespreek ook saaklik enkele relevante idees van Cooley en Mosca om sy stelling in verband met 'n organiese analogie te staaf.

In sy beredenering kom Park tot die konklusie dat historici en sosioloë eenstemmigheid bereik het oor die feit dat die staat nie alleen sy ontstaan in oorlog het nie, maar dat dit nog steeds sy

---

1) Park, R.E., Op. cit., pp. 54-55.
2) Vergelyk: Turner, R.H. (redakteur), Op. cit., p. 145 e.v.
3) Vergelyk: Park, R.E., Op. cit., p. 56 e.v. Hieruit blyk weer eens, soos vooraf gestel, dat Park nie die sosiaal-Darwinistiese invloede ontkom het nie. Hoewel hy die organistiese analogie kritiseer, is dit na ons mening in terme van die verkeerde rasionaal. Ook hy bly naamlik in gebreke om die wesensverskille tussen die biotiese en sosiale realiteite te herken. (Vergelyk weer: Hoofstuk VI , subhoof 5, p. 339 (voetnoot 3)).

taak is om oorlog te voer indien nasionale veiligheid of nasionale belang dit sou vereis. Die oorlogsfase in Bagehot[1] se terminologie het nog nie plek gemaak vir die diskussie-fase nie.

Park merk egter op: "What is probably taking place is that the issues in international controversies are being steadily narrowed by the increase of political knowledge, i.e., a more searching analysis of international situations and a more realistic conception of the processes involved in the functioning of political societies."[2] Hiermee suggereer Park 'n ontwikkeling in die rigting van integrasie via konsensus tussen strydende partye oor gemeenskaplike belange.[3]

Oor die aard van oorlog besluit Park: "Generally speaking, one may say that war is politics. It is, generally speaking, politics in its original, noninstitutional, and nonrational form - a form in which the belligerent states or parties seek by force of arms (1) to extend the territorial limits of their sovereignity and (2) to establish and impose upon the nations and peoples with whom they are in conflict a political and economic order which is in the interest of the dominant party, race, or nation."[4]

Die funksies van oorlog sien Park soos volg:[5]

Eerstens, om die gebied waaroor die handhawing van vrede moontlik is uit te brei;
tweedens, om binne daardie gebied 'n politieke mag te skep en te organiseer wat daartoe in staat is om vrede af te dwing; en
derdens, om 'n rasionaliserende ideologie en idealiserende kultus te vestig en sodoende begrip en aanvaarding vir die heerser se nuwe politieke en sosiale orde by die onderworpene te bewerkstellig.

3.1.3 Akkommodasie

Park verwys na adaptasie en noem dat akkommodasie 'n soortgelyke

---

1) Bagehot, W., Op. cit., p. 155. Vergelyk ook: p. 156 e.v.
2) Park, R.E., Op. cit., pp. 66-67.
3) Vergelyk: Ibid., p. 67 e.v.
4) Ibid., p. 68.
5) Vergelyk:
   (i) Turner, R.H. (redakteur), Op. cit., p. 165.
   (ii) Park, R.E., Op. cit., p. 68.

begrip is, dog tog met 'n graadverskil. Die verskil is daarin geleë dat adaptasie toegepas word op organiese modifikasies wat bioties oorgedra word, terwyl akkommodasie gebruik word met verwysing na gewoontes wat sosiaal oorgedra word in die vorm van sosiale tradisie. Die begrip akkommodasie het wye toepassingswaarde in die Sosiologie. Sosiale erfenisse, tradisies, sentimente, kultúre en tegnieke is akkommodasie-vorme - met ander woorde verwerfde aanpassings wat sosiaal en nie bioties oorgedra is.[1] Dit is dus verkry deur sosiale ervaring en, in teenstelling met adaptasie wat die resultaat van kompetisies is, is akkommodasie die resultaat van konflik.

Dit is belangrik om daarop te wys dat Park, soos trouens alreeds ook by Simmel[2] die geval was, nie oor konflik 'n verabsoluterende en eensydige perspektief nahou nie, maar, selfs in meerdere mate as Simmel, aan die integrerende momente in die samelewing aandag gee. Trouens, dit is juis in die akkommodasiefase waar hierdie konvergering van konflik en konsensus plaasvind. Park vervolg: "... human societies ..., are organized about tradition, mores, collective representations, in short, 'consensus'. And consensus represents, not biological adaptations, but social accommodations."[3] Ons wil hiermee geensins suggereer dat beide konflik en konsensus by Simmel en Park teoreties volledig beskrywend en verklarend verreken word nie, maar minstens dat konsensus elementêr teenwoordig is.

Volgens Park verteenwoordig elke samelewing 'n organisasie van elemente wat in mindere of meerdere mate vyandig teenoor mekaar staan, maar tog tydelik verenig is. 'n Bedeling dus waarin die wedersydse verhoudings en onderskeie handelingsfere van elk gedefinieer is. In 'n kaste-tipe samelewing is hierdie akkommodasie relatief permanent, maar in 'n oopsisteem samelewing is die akkommodasie minder permanent. In beide gevalle is die akkommodasie, terwyl dit gehandhaaf word, egter betekenisvol, aangesien vir beide individue en groepe hierdeur 'n erkende status verseker word. "In an accommodation the antagonism of the hostile elements is, for the time being, regulated, and conflict disappears as overt action, although it remains latent as a potential force."[4] Dit is slegs in die assimilasiefase waar konflik in geheel opgelos word.

---

1) Park, R.E., Burgess, E.W., Op. cit., p. 664.
2) Vergelyk: Simmel, G., Op. cit., p. 20.
3) Park, R.E., Burgess, E.W., Op. cit., p. 664.
4) Ibid., p. 665.

3.1.4 Assimilasie

Akkommodasie is volgens Park, slegs 'n tydelike fase wat te enige tyd versteur kan word deur die latent teenwoordige konflik.[1] Die begrip assimilasie het sy betekenis verwerf uit die verband tussen assimilasie en die probleem van immigrasie. In Europa openbaar assimilasie 'n negatiewe faset, naamlik denasionalisering. In die Verenigde State van Amerika, hierteenoor, is die probleem gewortel in die vrywillige migrasie na die Verenigde State deur diegene wat hul politieke onderhorigheid aan hul vaderland laat vaar het en nou die kultuur van 'n nuwe land aanneem. "In both cases the problem has its source in an effort to establish and maintain a political order in a community that has no common culture." Verder: "The ideal of assimilation was conceived to be that of feeling, thinking, and acting alike".[2]

Park toon ook aan dat assimilasie beskryf is as 'n proses van aanpassing; dit wil sê 'n organisasie van sosiale verhoudings en houdings ten einde konflik te reduseer, kompetisie te beheer, en om 'n basis van sekuriteit in sosiale orde te handhaaf vir groepe en persone met uiteenlopende belange ten einde vreedsaam saam te leef. "Assimilation is a process of interpenetration and fusion in which persons and groups acquire the memories, sentiments, and attitudes of other persons or groups, and, by sharing their experience and history are incorporated with them in a common cultural life."[3] Waar kontak sosiale interaksie inisieer, is assimilasie die finale produk daarvan.

Met hierdie paar gedagtes oor Park word volstaan.

3.2 Enkele kritiese opmerkings oor Park se bydrae

Ten spyte van die feit dat die konsepte kontak, kompetisie, akkommodasie en assimilasie nie die oorspronklike bydraes van Park en Burgess was nie, moet hulle volle krediet kry vir die teoretiese raamwerk waarin dit gegiet is - 'n teoretiese bydrae wat in geboekstaafde vorm as een van die belangrikste vroeë publikasies in Amerika bestempel is.[4] Ten spyte van die sosiaal-Darwinistiese invloede wat by Park deurskemer en enkele konseptuele onduidelik-

---

1) Coser, L.A., Op. cit. (1971), p. 360.
2) Park, R.E., Burgess, E.W., Op. cit., pp. 734-735.
3) Ibid., p. 735.
4) Truzzi, M. (redakteur), Op. cit., p. 115.

hede moet, soos by Simmel trouens ook die geval is, krediet aan Park gegee word vir die verrekening van konsensus of integrerende faktore, naas konflik, in die sosiale proses, soos trouens duidelik blyk uit sy akkommodasie- en assimilasiefases.

Voorts het Park die konflikfenomeen op 'n kontinuum geplaas waarop kompetisie die een pool verteenwoordig waarin stryd onpersoonlik en selfs onbewus figureer tussen opponente, en oorlog as die ekstreme teenpool waarin stryd geïnstitusionaliseerd uiters bewustelik figureer. Voorts sien Park die kulmineringspunt van konflik in konsensus en wel in die assimilasiefase waarin konflik in geheel opgelos word.

Al sou Park se werke en ook sy bydrae in medewerking met Burgess nie 'n fenomenale deurbraak impliseer nie, word dit steeds erken as een van die belangrikste pogings tot die sistematisering van sosiologiese kennis in die vroegste Amerikaanse tydperk.[1)]

Voorts moet dit ook as 'n bydrae van die twee eksponente (Simmel en Park) van die formele skool gesien word dat die organismiese konsepsie van die samelewing deur hul verwerp is en dat hulle die taak van die Sosiologie gestel het in die sistematiese studie van sosiale vorme.[2)]

Vervolgens behandel ons drie meer resente eksponente van die konflikteorie.

4. Lewis A. Coser

In die behandeling van Coser se konflikteorie betree ons na alle waarskynlikheid alreeds weer een van die jongste fases in die ontwikkelingsgeskiedenis van die sosiologiese teorie. Die positivistiese organisme, aanvanklike konflikteorie en die formalisme of formele fase verteenwoordig die eerste drie fases in hierdie ontwikkelingsgeskiedenis. Die fases wat hierna ontwikkel het, het in veel mindere mate, en in gevalle selfs glad nie konflik verreken nie. Trouens, algemeen gesproke kan gestel word dat hierdie verminderde aandag aan die konflikverskynsel logies te begrype is in die lig van die verdere ontwikkeling van die sosiologiese teorie

---

1) Martindale, D., Op. cit., pp. 255-256.
2) Ibid., p. 265. Vir 'n volledige kritiek op die formele skool vergelyk: Sorokin, P., Op. cit. (1928), p. 495.

sedert die formele fase, aangesien integrasie geleidelik as een van die hooftemas ontwikkel het van die sosiale behaviorisme en die struktureel-funksionele analise wat eventueel in die sisteem-teorieë gekulmineer het.[1)]

Die moderne konflikteoretici het dan ook tot op groot hoogte hul ontstaan te wyte aan 'n teenreaksie op sekere beperkinge en tekort-kominge van die sisteembenadering.[2)] Andersyds is die resente konflikteorieë 'n logiese uitvloeisel van die aandag wat konflik deur die eeue heen ontvang het,[3)] beide in sosiologiese en buite-sosiologiese verband.

In die hieropvolgende hoofstuk sal ons die aandag bepaal by die konsensusbenadering as teoretiese grondslag van die Politieke Sosiologie. Gevolglik staan ons hier nie verder stil by die sosiale handelingsfase en die struktureel-funksionele fase wat kulmineer in die sisteembenadering nie, aangesien konflik hier weinig aandag geniet. Dit word nie gesuggereer dat konflik of disruptiewe kragte in die sisteem geheel en al deur alle eksponente van die konsensusbenadering as faktor in die samelewing vanaf die formele fase tot die integratiewe fase genegeer is nie. Trouens, Weber, Mannheim en Myrdal[4)] het onder andere hieraan aandag gegee, maar dan binne 'n teoretiese raamwerk waarin konflik beslis nie die fokuspunt was nie.[5)]

---

1) Die indeling van die ontwikkelingsfases van die sosiologiese teorie, soos hier hanteer word, is grootliks gebaseer op die indeling van Martindale. Vergelyk: Martindale, D., Op. cit., pp. xiii-xiv. Uiteraard bestaan daar ook ander indelings. Vergelyk onder andere:
   (i) Abraham, J.H., Op. cit. (1966), pp. 1-69.
   (ii) Gurvitch, G., Op. cit., Volume I, pp. 53-110.
   (iii) Abraham, J.H., Op. cit. (1973), pp. 21-619.
   (iv) Timasheff, N.S., Op. cit., pp. ix-xiv.
   (v) Sorokin, P., Op. cit. (1928), p. xxi.
   (vi) Sorokin, P., Sociological Theories of Today (1966), p. 37 e.v.

2) Vergelyk onder andere:
   (i) Rex, J., Op. cit. (1965), p. 131 e.v.
   (ii) Dahrendorf, R., Class and Class Conflict in Industrial Society (1963), p. 161.
   (iii) Dahrendorf, R., Essays in the Theory of Society (1968), pp. 107-127.

3) Vergelyk: Van der Walt, A.T., Op. cit., p. 146.

4) Rex, John, Op. cit. (1965), pp. 120-122.

5) Sien Weber en Mannheim. Vergelyk: Hoofstuk V, subhoof 1, pp. 224-245. Hoofstuk V, subhoof 3, pp. 259-283.

Konflik word in die bydraes van die resente konflikteoretici weer die fokuspunt. Vervolgens staan ons stil by die bydraes van Coser, Dahrendorf en Rex.

Met betrekking tot Coser[1] kan hier gestel word dat sy bydrae verskil van dié van Dahrendorf en Rex, onder andere daarin dat sy konflikkonsepsie nie heeltemal in direkte teenstelling met die integrasioniste se bydrae staan nie. Voorts kan ons in die lig van die feit dat sy bydrae grootliks deur Simmel[2] beïnvloed is, maar dat dit tog in die resente tydsgewrig verskyn het, vir Coser bestempel as 'n oorgangsfiguur tussen die konflikbeskouings van die formaliste en die moderne konflikteoretici. In die lig van die verskille tussen Coser se bydrae vergeleke met dié van Dahrendorf en Rex, verbaas dit mens nie dat hy as 'n gematigde[3] konflikteoretikus bestempel word nie.

Dahrendorf is van mening dat Coser se konflikbeskouing deels in die terminologie van die "integrasionistiese skool" gestel is.[4] Trouens, Zeitlin stel dit pertinent dat Coser in werklikheid Simmel se bydrae in funksionalistiese terme herparafraseer,[5] terwyl Kriesberg daarop sinspeel dat 'n mens in 'n sisteembenadering nie noodwendig konflik as gevaarlik of boos ("harmful and evil") hoef te beskou nie en dan haal hy Coser as voorbeeld in die verband aan.[6]

Nietemin kan sonder vrees vir teëspraak gestel word dat die bydrae van Coser een van die eerste eksplisiet konflikgerigte en konflikgeoriënteerde "teorieë" in resente tye is en dat hy tot die voorpunt van die resente konflikteoretici gereken moet word.[7]

---

1) Hierdie uiteensetting is gebaseer op die werk van Coser, L.A., Op. cit. (1965).
2) Vergelyk: Zeitlin, I.M., Op. cit. (1973), p. 105. Vergelyk ook: Rex, J., Op. cit. (1965), p. 115.
3) Smith, A.D., The Concept of Sociological Change, p. 6.
4) Dahrendorf, R., Op. cit. (1963), pp. 207-209.
5) Zeitlin, I.M., Op. cit. (1973), p. 105.
6) Kriesberg, L., Op. cit., p. 3.
7) Inkeles, A., Op. cit., p. 39. Inkeles sien hier Coser se bydrae in teenreaksie op die ekwilibrium-model. Die vraag kan nou gevra word of ekwilibrium (Inkeles, A., Op. cit. pp. 37-39), konsensus (Rex. J. (redakteur), Op. cit. (1974), pp. 39 en 152), integrasie (Van der Walt, A.T., Op. cit., p. 146 e.v. en Allen, F.R., Socio-cultural Dynamics, p. 109), sisteem (Easton, D., A System Analysis of Political Life, p. 17 en Parsons se bydrae in Hoofstuk 8, subhoof 4.2, p. 435 e.v.)en funksionalisme (Mennell, S., Op. cit., p. 142) wisselterme is vir dieselfde

(vervolg bl. 366)

4.1 Bondige samevatting van Coser se konflikbenadering

Coser definieer konflik soos volg: "... a struggle over values and claims to scarce status, power and resources in which the aims of the opponents are to neutralize, injure or eliminate their rivals."[1] Hy toon vervolgens duidelik aan dat hy primêr belangstel in die funksies van sosiale konflik wat verantwoordelik is vir 'n toename in die aanpassing van spesifieke sosiale verhoudings of groepe. Hiermee impliseer hy egter nie dat sekere konflikte wel disfunksioneel kan wees nie.

Hy poog voorts ook nie om 'n omvattende teorie van konflik te konstrueer nie, maar om die konsep sosiale konflik op te helder sodat nuwe navorsing gestimuleer kan word.[2] Dit is in hierdie verband belangrik om daarop te let dat Coser self van mening is dat die rede vir die gebrekkige sosiologiese belangstelling in konflik te vinde is in die feit dat sosiologiese ondersoek primêr gefokus was op "konsensus", "gemeenskaplike waarde oriëntasies" en diesulke terreine.[3]

In funksionalistiese terme poog Coser om die basiese teoretiese postulate van Simmel te herparafraseer.[4] Hy gebruik Simmel se

---

Voetnoot 7 bladsy 365 vervolg:

teoretiese fase in die ontwikkelingsgeskiedenis van die sosiologiese teorie. Die vraag kan so beantwoord word: Inkeles gebruik die begrip "ekwilibrium" as 'n spesiale weergawe van die struktureel-funksionalistiese benadering (wat hier deur ons bloot met die begrip funksionalisme weergegee word - vergelyk: Hoofstuk VIII, subhoof 4, p.427 - die begrip funksionalisme word hier volledig bespreek). In die algemeen egter, indien in diepte op hierdie konsepte ingegaan word (vergelyk die bronne hieronder), sal dit gou duidelik word dat verskillende skrywers fynere nuanserings of klemverskuiwings met hierdie verskillende konsepte in gedagte het; klemverskuiwings wat nie sonder meer negeer kan word nie. Vir ons doel is dit egter fundamenteel belangrik dat al hierdie konsepte onder die oorkoepelende begrip "konsensus" ingebring sal word en dat ons hiermee bedoel 'n model of teorie waarin die volgende eienskappe domineer, òf gesamentlik òf as individuele fokuspunte: "Commitment, cohesion, solidarity, consensus, reciprocity, cooperation, integration, stability and persistence". (Vergelyk: Cohen, P.S., Op. cit., pp. 166-167). Ons negeer dus nie die diverse betekenisskakeringe nie, maar voeg hulle bloot gerieflikheidshalwe onder een hoof. Hierdie werkswyse is na ons mening nie onwetenskaplik nie, aangesien die prinsipiële fundering van en kritiek op enkele bepaalde nuanserings gekoppel met hul konseptuele aanwending in 'n volgende hoofstuk wel aangestip sal word. (Vergelyk: Hoofstuk VIII, (in geheel)).

1) Coser, L.A., Op. cit. (1965), p. 8.
2) Ibid., p. 17.
3) Ibid., pp. 15-16.
4) Zeitlin, I.M., Op. cit. (1973), pp. 104-105.

uitgangspunt, naamlik dat konflik 'n vorm van sosialisering (sosiasie) is en vervolg: "This means ... no group can be entirely harmonious, for it would then be devoid of process and structure. Groups require disharmony as well as harmony, dissociation as well as association; and conflicts within them are by no means altogether disruptive factors. Group formation is the result of both types of processes. The belief that one process tears down what the other builds up, so that what finally remains is the result of subtracting the one from the other, is based on a misconception."[1)]

Hy wys pertinent daarop dat beide positiewe en negatiewe faktore verantwoordelik is vir groepsvorming en dat konflik en koöperasie sosiale funksies het. "Far from being necessarily dysfunctional, a certain degree of conflict is an essential element in group formation and the persistence of group life."[2)]

Die eerste proposisie wat Coser behandel, is die groepbindende funksie van konflik. Hy kom eventueel tot die gevolgtrekking dat konflik wel die identiteit en grenslyne van samelewings en groepe handhaaf. Zeitlin betrek hier Coser se argument dat konflik positiewe en negatiewe waarde inhou. In aansluiting by die hierbogestelde gevolgtrekking stel hy dan dat dit nie moontlik is om te bepaal of handelinge tot voordeel van 'n sisteem is al dan nie, en dat dit gevolglik betekenisloos is om te praat van funksionele of disfunksionele handelinge vir 'n totale sisteem.[3)]

Konflik is nie net disfunksioneel nie, maar veral ook funksioneel in 'n bepaalde verhouding, besluit Coser in 'n verdere proposisie en stel voorts dat konflik selfs nodig kan wees om so 'n verhouding te handhaaf. Sonder uitlaatkleppe vir konflik kan persone in 'n verhouding onderdruk voel en hulself van sodanige verhouding onttrek. "Social systems provide for specific institutions which serve to drain off hostile and aggressive sentiments."[4)] Sodoende word vernietigende konflik geneutraliseer, of die vernietigende effek word minstens gereduseer.

In die verdere eksposisie van konflik by die "ons-groep" en die

---

1) Coser, L.A., Op. cit. (1965), p. 31.
2) Ibid., p. 31.
3) Zeitlin, I.M., Op. cit. (1973), pp. 104-105.
4) Coser, L.A., Op. cit. (1965), p. 48.

invloed daarvan op die groepstruktuur besluit Coser dat, hoe intiemer die groepsverband is, hoe intenser sal die konflik wees. Dit beteken egter nie dat konflik meer gereeld sal voorkom nie.[1)]

Met betrekking tot konflik in die groepstruktuur merk Coser op: "Conflict may serve to remove dissociating elements in a relationship and to re-establish unity. Insofar as conflict is the resolution of tension between antagonists it has stabilizing functions and becomes an integrating component of the relationship. However, not all conflicts are positively functional for the relationship, but only those which concern goals, values or interests that do not contradict the basic assumptions upon which the relation is founded."[2)] Deur konflik toe te laat in los gestruktureerde groepe en oop sisteme word op dié wyse veiligheidskleppe ingebou teen daardie konflik wat die basiese konsensus in gevaar kan stel en word bedreiging van hul kernwaardes verminder.

Coser aanvaar dat konflik met "hulle-groepe" interne kohesie kan verhoog, aangesien die energie van die groepslede langs hierdie weg (konflik met "hulle-groepe") gemobiliseer word. Die aard van die konflik en die tipe groep betrokke sal egter bepaal of die verhoogde kohesie met sentralisering gepaard sal gaan. Waar daar 'n gebrek aan solidariteit is, kan sosiale sisteme, wanneer gekonfronteer met eksterne konflik, disintegreer.[3)]

Met betrekking tot die interne reaksie op konflik by groepe betrokke in kontinue-stryd met eksterne groepe, wys Coser daarop dat hierdie groepe neig om onverdraagsaam te wees. "They are unlikely to tolerate more than limited departures from the group unity ... Their social cohesion depends upon total sharing of all aspects of group life and is reinforced by the assertion of group unity against the dissenter. The only way they can solve the problem of dissent is through the dissenters' voluntary or forced withdrawal."[4)] Hierdie groepe selekteer hul lede en eis absolute persoonlikheidsbetrokkenheid.

---

1) Ibid., p. 72.
2) Ibid., p. 80.
3) Ibid., p. 95. Vergelyk ook: Kriesberg, L., Op. cit., p. 105.
4) Coser, L.A., Op. cit. (1965), p. 103.

Coser toon ook aan dat, hoe meer onpersoonlik die stryd is, hoe intenser is dit, aangesien persoonlike faktore modifiserende elemente betrek. Deelnemers wat dus voel dat hulle bloot verteenwoordigers van groepe of kollektiwiteite is óf laasgenoemde se ideale, is intenser by die konflik betrokke.[1)]

Oor konflik as unifiserende faktor, besluit Coser dat konflik 'n sosialiserende instansie vir beide konflikterende partye is, in dié sin dat konflik as 'n stimulus dien vir die realisering van nuwe reëls, norme en institusies. Konflik vind ook plaas binne 'n bestaande stelsel van norme wat voorskrifte vir die vorme van konflik bepaal. Bestaande norme word deur konflik herbevestig en intensiveer dus deelname aan sosiale lewe.[2)]

'n Laaste belangrike aanname wat Coser maak, is dat konflik ook nuwe groepsverhoudinge stimuleer. Hieronder val koalisies en assosiasies en wel om verskeie redes waarvan een ter wille van verdediging en selfbeskerming is.[3)]

In 'n volgende werk kom Coser ook vanuit 'n konflikbenadering tot 'n besluit oor sosiale verandering.[4)] Hy toon aan dat verandering nie alleen binne sisteme plaasvind nie, maar dat die sisteem self ook kan verander.[5)] Allen vat sy bydrae in hierdie verband goed saam in die volgende woorde: "He concedes that the details of conflicts relate to each social system with its given type of structure, patterns of social mobility, and ways of allocating scarce power and wealth. At any rate, aggressive groups may become sufficiently powerful that vested interests of the system will be overcome; hence, a breakdown of the system and a new distribution of the social values will result. A new social order is thereby established."[6)]

Hoewl Coser 'n samevatting van sy eie bydrae gee[7)] - waaruit sy

---

1) Ibid., p. 118.
2) Ibid., p. 128.
3) Ibid., p. 149.
4) Coser, L.A., Continuities in the study of social conflict (1967), p. 17 e.v.
5) Ibid., p. 24.
6) Allen, F.R., Op. cit., p. 109.
7) Vergelyk: Coser, L.A., Op. cit. (1965), pp. 151-157.

funksionalistiese oriëntasie nog duideliker blyk - word met bogenoemde uiteensetting oor Coser volstaan.

4.2 Enkele kritiese opmerkings oor Coser se bydrae

Vir Coser is konflik nie net negatief nie, maar vervul dit ook belangrike positiewe funksies. Dit het onder andere 'n belangrike groepbindingsfunksie. Voorts openbaar konflik die kenmerk in groepe dat, hoe intiemer die verhoudinge in die groep, hoe intenser sal die konflik wees. Konflik met "hulle-groepe" het ook 'n rigtinggewende invloed op die verhoudinge van die "ons-groepslede". Konflik met "hulle-groepe" stimuleer 'n verhoogde groepskohesie onder die "ons-groep". Voorts stimuleer konflik die realisering van nuwe groepsverhoudings, soos byvoorbeeld in koalisies.

Coser het, ten spyte van sy bydraes in die heraksentuering van konflik as verskynsel in die studieterreine van die Sosiologie en sy pertinente beklemtoning van die positiewe funksies van konflik en wel in funksionalistiese terme, ook aansienlike kritiek ontvang. Zeitlin wys onder andere daarop dat Coser voorgee om Simmel se stellings te herparafraseer, maar in die proses weerspreek hy Simmel of heg hy interpretasies aan laasgenoemde se stellinge wat Simmel nooit daarmee bedoel het nie.[1)]

Rex toon aan dat Coser se teorie van 'n samelewing, gebaseer op kruissnydende en wedersydse balanserende konflikte, verwerp word in die lig van 'n model soos dié van Mills waarin die samelewing doodgewoon onder beheer staan van 'n mags-elite wat sy sin kry en onderlinge instemming ("consent") onder die massas realiseer.[2)]

Turner merk op dat Coser 'n beweerde eensydigheid in die teorie van Parsons probeer korrigeer, maar in die proses trap hy in dieselfde strik wat hy by Parsons identifiseer deur 'n eensydige beeld te konstrueer van konflik wat slegs institusionalisering en integrasie beoog.[3)] In 'n volgende werk identifiseer Rex sekere oorbeklemtoonde fasette by Coser.[4)]

---

1) Zeitlin, I.M., Op. cit. (1973), p. 105. Vergelyk ook: pp. 104-107.
2) Rex, John, Op. cit. (1973), p. 182.
3) Turner, J.H., Op. cit., p. 118. Vergelyk ook: pp. 106-120.
4) Rex, John, Op. cit. (1965), p. 119. Vergelyk verder: pp. 116-120.

Mennell merk op dat die meerderheid van Coser se proposisies onderhewig is aan te veel voorwaardes. Hy vervolg: "All these propositions about conflict, though empirically contingent, are, in Franklin Roosevelt's phrase, 'very iffy'. According to circumstances, conflict between groups may promote social cohesion or disruption; internal conflict may case schism or be a sign of basic unity; ideology may intensify conflict or reduce it."[1)]

Met al hierdie kritiek hoef nie noodwendig akkoord gegaan te word nie. Al sou daar geldigheid in wees, is dit gesentreer op fynere nuansering van Coser se uiteensetting en kan hier gemeld word dat geen kritiek opgespoor is wat die fundamentele uitgangspunte (wat tot op groot hoogte wel hier gerekonstrueer is) van sy bydrae neutraliseer nie. Trouens, die feit dat Coser tans nog algemene erkenning ontvang vir sy bydrae is 'n aksentuering van die erkenning van sy bydrae.[2)]

5. Ralf Dahrendorf

Dahrendorf vertoon sekere ooreenkomste met Weber en Marx onder andere daarin dat ook hy naas sy akademiese loopbaan aktiewe deelname aan die politiek gehad het[3)] en oor laasgenoemde wetenskaplike uitsprake gedoen het.[4)] Dahrendorf kry vry algemeen erkenning vir sy konflikbydrae,[5)] soos onder andere ook blyk uit die meeste bronne dusver in hierdie hoofstuk gemeld.

---

1) Mennell, S., Op. cit., p. 131.
2) Vergelyk ook die interessante uiteensetting van Turner oor Coser in: Turner, J.H., Op. cit., pp. 106-120. Nisbet gee in sy werk volle erkenning aan Coser se siening van konflik en brei selfs daarop uit. Sien Nisbet, R.A., The Social Bond (1970), p. 77 e.v.
3) Vergelyk in dié verband: Gevers, J.K.M., Sociologie als Wetenschap van de Maatschappij, Deel I, pp. 53-54. Gevers wys daarop dat Dahrendorf aktief was in die Liberale Party in Duitsland en tans verbonde is aan die Europese Gemeenskapsmark (E.E.G.).
4) Vergelyk: Dahrendrof, R., Op. cit. (1968), p. 179 e.v. en p. 232 e.v. Dahrendorf, R., Op. cit. (1963), p. 280 e.v. Dahrendorf, R., The New Liberty (1975), in geheel, maar veral p. 85 e.v. Dahrendorf, R. Gesellschaft und Freiheit (1961) pp. 237-415.
5) Vergelyk onder andere:
   (i) Boskoff, A., Op. cit., p. 82.
   (ii) Coser, L.A., Op. cit. (1967), p. 3 e.v.
   (iii) Inkeles, A., Op. cit., p. 39.

Hoewel Dahrendorf se konflikteoretiese bydrae omvattend is, in so 'n mate dat Gevers sy bydrae as behorende tot die makro-sosiologiese perspektief beskou, sal in hierdie uiteensetting slegs op sekere fasette van sy bydrae gekonsentreer word.

Enkele kentrekke van Dahrendorf se konflikbeskouings kan vervolgens gerekonstrueer word.

5.1 Dahrendorf se kritiek op Marx

Hoewel Dahrendorf tot op groot hoogte deur Marx beïnvloed is, het hy Marx tog ook gekritiseer.[1] Trouens, Dahrendorf stel dit soos volg: "We are concerned with the theory of class as a sociological instrument; from this point of view, the Marxian theory of class is in principle a matter of indifference, i.e., it interests us only as a historical background or an object of critique."[2] Hiermee wou Dahrendorf geensins suggereer dat met Marx se bydrae in geheel weggedoen moes word nie. Inteendeel, hyself onderskei houdbare momente in sy bydrae,[3] momente wat verwerp kan word[4] en wat uitgebrei behoort te word.[5] Op hierdie evaluering gaan ons nie verder in nie, behalwe om te meld dat Dahrendorf Marx se bydrae tot sosiale verandering en klassekonflik, klassekonflik en rewolusie, sosiale klasse en klassekonflik, eiendom en klasse asook industrie en samelewing gedeeltelik verwerp.

Kernagtig saamgevat, kan Dahrendorf se kritiek soos volg weergegee word. Met betrekking tot sosiale verandering en klassekonflik kritiseer Dahrendorf vir Marx daarin dat hy beweer dat Marx se aanname oor die geskiedenis van alle samelewings, al sou dit 'n geskiedenis van klassestryd wees, grotendeels vals is. Vir Marx sou hierdie aanname, volgens Dahrendorf, impliseer dat die primêre konflikte van alle samelewings klassekonflikte is en alle sosiale konflikte en struktuurveranderings dus verklaar kan word in terme van klasse-antagonismes. Vir Dahrendorf is hierdie veralgemenings egter onhoudbaar.

---

1) Dahrendorf, R., Op. cit. (1963), pp. 117-154.
2) Ibid., p. 118.
3) Ibid., p. 119, p. 124.
4) Ibid., p. 126, p. 130, p. 133, p. 136, p. 141. Vergelyk ook: Deutsch, Morton, Op. cit., p. 96 e.v.
5) Dahrendorf, R., Op. cit. (1963), p. 144.

Hy beweer: "In principle a theory of class illuminates only a small segment of the wide field which can be described by the vague concept of structure change. We can neither expect nor, above all, assume that a theory of class will cast a glimmer of its light on other aspects of structure change as well."[1] Dahrendorf kritiseer verder ook Marx se aanname dat klassekonflik noodwendig lei tot rewolusionêre struktuurveranderings. Hierdie argument van Marx hou nie steek nie, onder andere vanweë die feit dat geen veranderings dus moontlik is in 'n sosiale struktuur sonder 'n rewolusie nie. Dit is volgens Dahrendorf 'n onhoudbare verrekening van die realiteit. Die industriële samelewings is juis vir Dahrendorf 'n bewys van strukturele veranderings sonder rewolusie.

Waar dit om Marx se aanname met betrekking tot sosiale klasse en klassekonflik gaan, kom Dahrendorf tot die kern van Marx se teorie. Vir Dahrendorf is dit logies duidelik. "This statement contains, if it is interpreted in the light of other statements of Marx about the same matter, a necessary assumption and a false empirical generalization."[2] Marx bly onder andere in gebreke om die fyner detailverskille van variante konflikvorme te onderskei wat meer is as bloot terminologiese onderskeidings, byvoorbeeld spanning, dispuut en kompetisie. Gevolglik kan konflik die vorm van oorlog, 'n parlementêre debat, 'n staking of onderhandelings aanneem. Die aanwending van die definisie van klas impliseer dus, volgens Dahrendorf, wel konflik, maar konflik beteken nie altyd rewolusie nie.

Die redes waarom klassekonflik nie gelei het tot rewolusie soos Marx voorspel het nie, kan saaklik soos volg weergegee word.[3] Eerstens: die groei of toename van kapitaal was nie ten koste van arbeid nie en het ook nie tot laasgenoemde se ondergeskiktheid aanleiding gegee nie, maar het die produktiwiteit van arbeid verhoog en ook 'n verhoogde lewenstandaard gerealiseer.

Tweedens: die groter homogeniteit onder die bourgeoisie- en proletariaat-klasse wat volgens Marx die resultaat sou wees van die

---

1) Ibid., p. 129.
2) Ibid., p. 134.
3) Hierdie samevatting is deels gebaseer op Deutsch, M., Op. cit., pp. 96-97.

aard van ekonomiese en tegnologiese ontwikkeling, het nie gerealiseer nie. Verder het 'n groter heterogeniteit in elk ontwikkel wat klassegrense verdof het.

Derdens: in teenstelling met Marx se aanname dat sosiale mobiliteit hoofsaaklik afwaarts sou wees, het dit in werklikheid eerder opwaarts geneig as gevolg van onder andere die behoefte aan bestuurslui in die ontwikkelende industriële wêreld wat deels uit die arbeidersklas aangevul is.

Vierdens: om redes: "that are partly economic, partly educational, partly technological, and partly resultant from the struggle by various interest groups competing for the allegiances of large audiences, the status of citizenship has been endowed with a growing array of rights, which has to some extent led to the dissociation between political power and industrial power. This has also served to reduce the polarization of conflict by enabling individuals to obtain economic gains through the political process as well as through direct confrontation. In addition, it has led to the institutionalization of patterns of conflict regulation, which serve to limit the destructiveness of conflict when it occurs."[1)]

Vyfdens: die erkenning van vakbonde, die gebruik van kollektiewe bedinging, onderhandeling en arbitrasie het beteken dat die oplossing van konflik geïnstitusionaliseerd geraak het. Hierdeur is die vernietigende effek van konflik onder ander geïnhibeer.

Ten spyte van sy verskille met Marx is daar tog ook sterk ooreenkomste in hul siening van sosiale organisasie. Turner[2)] wys in dié verband op die volgende:

(i) Sosiale sisteme word deur beide as 'n kontinuerende staat van konflik gesien.

(ii) Beide aanvaar dat hierdie konflik geïnisieer word deur opponerende belange wat onvermydelik inherent aan die sosiale struktuur van die samelewing is.

(iii) Opponerende belange word deur beide beskou as 'n weerkaatsing van verskille in die magsdistribusie onder die dominante en ondergeskikte groepe.

---

1) Ibid., p. 97.
2) Turner, J.H., Op. cit., p. 94.

(iv) Albei beskou belange as geneig om in twee konflikgroepe te polariseer.

(v) Volgens albei is konflik dialekties, dit wil sê in die oplossing van die een konflik word 'n nuwe stel opponerende belange geskep wat onder sekere omstandighede verdere konflik sal skep.

(vi) Sosiale verandering is dus vir beide alomteenwoordige kenmerke van sosiale sisteme en gepaardgaande die resultaat van konflikte binne verskillende tipes geïnstitusionaliseerde patrone.

Turner wys ook daarop dat, hoewel Marx en Dahrendorf verskillende bronne van konflik identifiseer, daar ooreenkoms is in die aanvanklike reeks gebeure wat in konflik en 'n herorganisasie van die sosiale struktuur resulteer.[1)]

5.2 Dahrendorf se kritiek op Parsons en die funksionalisme

Dahrendorf het onder andere uitgegaan van die standpunt dat die kernvraag in die Sosiologie vir 'n geruime tyd was na wat die samelewing byeen hou, in plaas van wat die samelewing voortdryf.[2)] Albei vrae is ingebed in benaderings wat resent in die Sosiologie aan die orde van die dag is. Hy onderskei soos volg tussen die twee benaderings: "One of these, the 'integration theory of society', conceives of social structure in terms of a functionally integrated system held in equillibrium by certain patterned and recurrent processes. The other one, the 'coercion theory of society', view social structures as a form of organization held together by force and constraint and reaching continuously beyond itself in the sense of producing within itself the forces that maintain it in an unending process of change." Beide teorieë het hul voor- en nadele en in dieselfde verband vervolg Dahrendorf: "For sociological analysis, society is Janus-headed, and its two faces are equivalent aspects of the same reality".[3)]

Dahrendorf kritiseer Parsons as aanhanger van die integrasionistiese teorie, dat hy 'n eensydige beeld van die sosiale realiteit

---

1) Ibid., p. 95.
2) Vergelyk: Chambliss, W.J. (redakteur), Op. cit., p. 2.
3) Dahrendorf, R., Op. cit. (1963), p. 159.

konstrueer en dat Parsons 'n vooroordeel openbaar ten gunste van 'n ontleding in terme van waardes en norme. Dahrendorf dui die basiese aannames van die konsensus- en konflikteorieë soos volg aan:[1)]

(a) Die konsensusmodel

(i) Elke samelewing is 'n relatiewe volhardende, stabiele struktuur van elemente.
(ii) Elke samelewing is 'n goed-geïntegreerde struktuur van elemente.
(iii) Elke element in 'n samelewing het 'n funksie, dit wil sê dit lewer 'n bydrae tot die handhawing van die sisteem.
(iv) Elke funksionerende sosiale struktuur is gebaseer op 'n waardekonsensus onder sy lede.

In wisselende vorm figureer die elemente van stabiliteit, integrasie, funksionele koordinasie en konsensus in alle funksionalistiese benaderings tot die sosiale struktuur.

(b) Die konflikmodel

(i) Elke samelewing is op elke punt onderhewig aan veranderingsprosesse. Sosiale verandering is alomteenwoordig.
(ii) Elke samelewing openbaar op elke punt onderlinge verskille ("dissensus") en konflik. Sosiale konflik is alomteenwoordig.
(iii) Elke element in die samelewing lewer 'n bydrae tot die disintegrasie en verandering van die samelewing.
(iv) Elke samelewing is gebaseer op dwang van sommige lede deur ander.

Chambliss[2)] wys op 'n hele aantal verskille tussen die konflik- en konsensusmodelle waarby hier nie verder stilgestaan word nie.

Dahrendorf breiegter uit op hierdie basiese aannames van die twee modelle en identifiseer enkele verdere aannames wat hier aan die hand van Cohen soos volg weergegee kan word:

---

1) Ibid., pp. 161-162. Vergelyk ook: Chambliss, W.J. (redakteur), Op. cit., p. 3. Hoewel die konsensusmodel in 'n volgende hoofstuk volledig behandel sal word, word Dahrendorf se vergelyking tussen konsensus en konflik hier behandel aangesien daar in die hieropvolgende hoofstukke nie weer volledig hierop teruggekom word nie.
2) Chambliss, W.J. (redakteur), Op. cit., pp. 3-4.

	Konsensusmodel	Konflikmodel
"(i)	Norms and values are the basic elements of social life.	Interests are the basic elements of social life.
(ii)	Social life involves commitments.	Social life involves inducement and coercion.
(iii)	Societies are necessarily cohesive.	Social life is necessarily divisive.
(iv)	Social life depends on solidarity.	Social life generates opposition, exclusion and hostility.
(v)	Social life is based on reciprocity and cooperation.	Social life generates structured conflict.
(vi)	Social systems rest on consensus.	Social life generates sectional interests.
(vii)	Society recognizes legitimate authority.	Social differentiation involves power.
(viii)	Social systems are integrated.	Social systems are malintegrated and beset by 'contradictions'.
(ix)	Social systems tend to persist.	Social systems tend to change."[1]

Smith toon aan dat die uitgangspunt van Dahrendorf in die verklaring van konflik en materiële belange geleë is in oorheersende gesagsverhoudings in die talle organisasies van die samelewing. "Not culture therefore, but politics and economics were the key sectors which determined what men valued and why they behaved according to certain standards. Integration and consensus were functions of conflict and coercion."[2]

Vervolgens sal ons poog om Dahrendorf se kritiek op die sisteemteorie of te wel konsensusmodel saaklik saam te vat.

(i) Dahrendorf stel dat die konsensusmodel nie uit die bekende realiteit ontwikkel het in terme waarvan realistiese patrone gevolg is nie, maar skielik uit die niet ontstaan het. Dahrendorf vervolg: "Instead of abstracting a limited number of variables and postulating their relevance for the explana-

---

1) Cohen, P.S., Op. cit., p. 167.
2) Smith, A.D., Op. cit., p. 6.

tion of a particular problem, it represents a huge and allegedly all-embracing superstructure of concepts that do not describe, propositions that do not explain, and models from which nothing follows. At least they do not describe or explain (or underlie explanations of) the real world with which we are concerned."[1)]

(ii) Tweedens kritiseer Dahrendorf die konsensusmodel vir die aanname daarin ingebed dat die primêre kenmerk van 'n sisteem die universele konsensus gefundeer in heersende waardes is. Hy vervolg: "I have yet to see a problem that requires the assumption of a unified value system for clarification, or a testable prediction that follows from this assumption."[2)]

(iii) Derdens, volgens Dahrendorf, impliseer universele konsensus 'n afwesigheid van struktureel-geïnisieerde konflik. Hierdeur meen Dahrendorf konflik word in die sosiale realiteit buite rekening gelaat.

(iv) Vierdens word sosiale verandering nie na behore verreken nie. Dit geskied as gevolg van die klem wat geplaas word op die status quo. "But ... all processes going on in utopian societies follow recurrent patterns and occur within and as part of, the design of the whole. Not only do they not upset the status quo; they affirm and sustain it ..."[3)] Selfs die aanwending van die bewegende ekwilibrium deur sisteemteoretici los nie die probleem vir Dahrendorf op nie.

(v) Vyfens merk Dahrendorf op dat die konnotasie wat aan sisteem geheg word dié is van geslotenheid, selfonderhoudendheid, en interne konsistensie. Vir Dahrendorf is die sisteemteorie onrealisties. Hy vervolg: "Structural-functional theory does not introduces unrealistic assumptions for the purpose of explaining real problems; it introduces many kinds of assumptions, concepts, and models for the sole purpose of describing a social system that has never existed and is not likely ever to come into being."[4)]

---

1) Dahrendorf, R., Op. cit. (1968), p. 114 (sien ook p. 108).
2) Ibid., p. 115 (vergelyk ook: pp. 108-109).
3) Ibid., P. 110 (vergelyk ook: p. 117). Vergelyk ook: Van der Walt, A.T., Op. cit., p. 179.
4) Dahrendorf, R., Op. cit. (1968), p. 118.

(vi) 'n Verdere leemte van die konsensusmodel is sy gebrek aan probleemgerigtheid. "The loss of problem-consciousness in modern sociology explains many of the drawbacks of the present state of our discipline ... it is in itself a problem worthy of investigation."[1)]

In die lig van die bogenoemde leemtes van die sisteemteorie en in die lig van die gebrek aan probleemgerigtheid, konkludeer Dahrendorf: "It may be my personal bias that I can think of many more problems to which the social system does not apply than problems to which it does, but I would certainly insist that, even on the highly abstract and largely philosophical level on which Parsons moves, at least one other model of society is required."[2)] Die model wat na Dahrendorf se mening 'n lang geskiedenis het, en wat ook beter is, is die konflikmodel van die samelewing.[3)]

Hierdie kritiek van Dahrendorf is hier volledig weergegee hoofsaaklik om twee redes. Eerstens is hy in sy eie modelbou hierdeur beïnvloed en tweedens word die konsensusbenadering in 'n hieropvolgende hoofstuk wel behandel, in welke geval weer na hierdie kritiek terugverwys sal word.

5.3 Enkele voorvereistes vir 'n teorie van sosiale konflik[4)]

Dahrendorf stel die volgende voorvereistes vir 'n teorie van sosiale konflik:

(i) Die teorie moet wetenskaplik wees.
(ii) Die konflikbenadering tot die sosiale werklikheid moet geensins deur die basiese elemente van die teorie weerspreek word nie.
(iii) Die kategorieë en die terminologie wat vir die klassifikasie van gegewens gebruik word, moet, waar moontlik, ooreenkom met die van die konsensusteorie.
(iv) Konflik moet verklaar kan word in terme van die samelewing

---

1) Ibid., p. 122 e.v. Vergelyk ook: Van der Walt, A.T., Op. cit., p. 177 e.v.
2) Dahrendorf, R., Op. cit. (1968), p. 125.
3) Ibid., pp. 125-128.
4) Onderstaande samevatting is gebaseer op Van der Walt, A.T., Op. cit., pp. 183-184.

se strukturele samestelling en die konflikteorie moet kan aandui hoedat konflik sistematies vanuit so 'n strukturele bestel ontwikkel.

(v) Alle vorme van konflik asook die verskillende grade van intensiteit van konflik moet deur die konflikteorie verklaar kan word.

(vi) Die verklaring van sosiale verandering moet deur die konflikteorie bemoontlik word.

5.4 Enkele fasette van Dahrendorf se konflikmodel[1)]

Vir die doeleindes van hierdie studie word volstaan met enkele breë trekke van Dahrendorf se konflikbeskouing. Uiteraard kan dus ook in hierdie geval nie op volledigheid aanspraak gemaak word nie. Dahrendorf suggereer dat klassekonflik in die industrie slegs 'n spesiale geval is van die tipe magskonflik wat in alle groepe of institusies bestaan.[2)]

In konflikanalise is die eerste taak, volgens Dahrendorf, die identifikasie van gesagsrolle, aangesien hy die oorsprong van strukturele groepkonflik in die verspreiding van gesag sien. Dit impliseer op sigself dat in elke sosiale organisasie sekere posisies toevertrou word met die uitoefening van kontrole oor ander posisies ten einde effektiewe dwang uit te oefen. Dit beteken weer 'n differensiële verspreiding van mag en gesag.[3)] Hy identifiseer 'n vyftal kenmerke van gesag[4)] en stel dan: "In conflict analysis we are concerned 'inter alia' with the generation of conflict groups by the authority relations obtaining in imperatively coordinated associations."[5)]

Vir hom is gesag 'n universele fenomeen in alle assosiasies, hetsy religieus, ekonomies of polities van aard. Voorts stel hy gesag

---

1) Die begrip model word hier gebruik omdat Dahrendorf self dit duidelik stel dat hy nie aanspraak hier maak op 'n algemene teorie van sosiale konflik nie.

2) Dahrendorf, R., Op. cit. (1963), p. 165 (voetnoot). Vergelyk ook: Dahrendorf, R., Sociologie van Industrie en Bedrijf, pp. 98-107.

3) Dit is belangrik om daarop te let dat Dahrendorf Weber se omskrywing van mag en gesag aanvaar. Vergelyk: Hoofstuk V, subhoof 1.2.1, p. 231 e.v.

4) Vergelyk: Dahrendorf, R., Op. cit. (1963), pp. 166-167.

5) Ibid., p. 167.

in direkte verband met dominante en ondergeskikte posisies wat as sodanig aanleiding tot konflik gee. Hy beweer: "... (1) the distribution of authority in associations is the ultimate 'cause' of the formation of conflict groups, and (2), being dichotomous, it is, in any given association, the cause of the formation of two, and only two, conflict groups."[1] Op die oorsake van konflik word hier nie verder ingegaan nie.[2] Genoeg om hier te sê dat Dahrendorf dit duidelik stel dat daar 'n meervoudigheid van dominante en ondergeskikte posisies is binne die samelewing in 'n veeltal van assosiasies, waaruit op sigself die strukturele oorsprong van konflik gewyt kan word.[3]

Met betrekking tot belange merk Dahrendorf op: "Our model of conflict group formation involves the proposition that of the two aggregates of authority positions to be distinguished in every association, one - that of domination - is characterized by an interest in the maintenance of a social structure that for them conveys authority, whereas the other - that of subjection - involves an interest in changing a social condition that deprives its incumbents of authority. The two interests are in conflict."[4]

Hy onderskei voorts manifeste en latente belange wat beteken: "Role interests are, from the point of view of the 'player' of roles, 'latent interests', i.e., undercurrents of his behavior which are predetermined for him for the duration of his incumbency of a role, and which are independent of his conscious orientations."[5] Sodra hulle egter bewuste doelstellings word, word hulle manifeste belange genoem.

'n Volgende onderskeiding in sy teoretiese uiteensetting oor konflik is dié tussen "kwasi-groepe" en "belange-groepe". Kwasi-groepe verwys na diegene met soortgelyke posisies en met identiese latente belange en wat as sodanig dus nie 'n groep in die ware sin van die woord vorm nie, maar 'n tipe sosiale groepering. 'n Belangegroep hierenteen, het 'n struktuur, 'n vorm van organisasie, 'n program of doel en lede met gemeenskaplike handelswyses. 'n Politieke party sou dus in dié verband as 'n belangegroep kwalifiseer.[6]

---

1) Ibid., pp. 172-173.
2) Vergelyk in die verband: Dahrendorf, R., Op. cit. (1961), p. 206.
3) Vergelyk in die verband: Van der Walt, A.T., Op. cit., pp. 186-189.
4) Dahrendorf, R. Op. cit. (1963), p. 176.
5) Ibid., p. 178 (vergelyk ook: pp. 173-179).
6) Ibid., p. 181.

Die vraag ontstaan nou hoe belange-groepe ontstaan? Dahrendorf antwoord: "In every imperatively coordinated association, two quasi-groups united by common latent interests can be distinguished. Their orientations of interests are determined by possession of or exclusion from authority. From these quasi-groups, interest groups are recruited, the articulate programs of which defend or attack the legitimacy of existing authority structures. In any given association, two such groupings are in conflict."[1)]
Die strukturele toestande van die organisasie van konflikgroepe is, volgens Dahrendorf, die volgende:

1. tegniese toestande van organisasie;
2. politieke toestande van organisasie; en
3. sosiale toestande van organisasie.

Met betrekking tot die funksies van sosiale konflik merk Dahrendorf op dat alles wat skeppend is, innovatief en ontwikkeld is in die lewe van die individu, die groep en die samelewing, in geen geringe mate te wyte is aan die werking van konflik.[2)]

Dahrendorf onderskei 'n veeltal ander veranderlikes wat in die model van konflik verreken word, maar wat ons vir doeleindes van hierdie uiteensetting buite rekening laat.

Ten slotte kan gestel word dat Dahrendorf enkele gedagtes poneer oor die beheer van konflik[3)] in groepkonflik en strukturele verandering.[4)] Hy noem as eerste moontlikheid 'n totale vervanging van personeel in dominante posisies (rewolusionêre verandering).

Tweedens 'n gedeeltelike vervanging van personeel (evolusionêre verandering) en derdens, wanneer geen personeelvervanging plaasvind nie, maar nuwe idees oorgeneem word deur die dominante groep en strukturele veranderings aangebring word.[5)]

Samevattend kan ons Dahrendorf se konflikbydrae soos volg opsom:[6)]

1. Konflik is indirek die resultaat van gesagsdistribusie.

---

1) Ibid., pp. 183-184.
2) Ibid., p. 208.
3) Vergelyk in die verband ook: Deutsch, M., Op. cit., p. 377 e.v.
4) Vergelyk ook: Allen, F.R., Op. cit., p. 110.
5) Dahrendorf, R., Op. cit. (1963), pp. 232-233.
6) Vergelyk: Allen, F.R., Op. cit., pp. 109-110.

2. Sosiale klasse is in wese konflikgroepe.
3. Konflik is 'n basiese kenmerk van die sosiale struktuur en sosiale proses.
4. Hoewel konflik nie altyd funksioneel is nie, is dit tog wenslik.
5. Konflik realiseer strukturele verandering.
6. Faktore van die intensiteit van konflik en geweld is konsekwent.
7. Faktore soos die intensiteit en geweld word beïnvloed deur onder andere die konteks en tipe konflik, belonings van gesagsfigure, moontlikhede van vertikale mobiliteit en die beheer van konflik.
8. Die kulminering van konflik in een van die drie moontlikhede van strukturele verandering hierbo genoem.

5.5 Enkele kritiese opmerkings oor Dahrendorf se bydrae

In aansluiting by die voorafgaande opsomming is dit voldoende om hier op te merk dat Dahrendorf, ten spyte van verskille met Marx, in sekere opsigte tog met hom saamgestem het en beslis deur hom beïnvloed is.

Voorts het Dahrendorf in talle van sy bydraes in diskoers getree met die konsensus-teoretici en by name Parsons. Hy het hulle nie alleen hewig gekritiseer nie, maar sy eie model van konflik is rigtinggewend beïnvloed deur hul benadering en wel dermate dat Dahrendorf gepoog het om die leemtes van die konsensusbenadering met sy eie te ondervang. Dahrendorf was hierin nie altyd suksesvol nie. Touraine wys daarop dat Dahrendorf 'n definisie van groepe aanbied slegs in terme van laasgenoemde se verhouding tot gesag - waardeur hy homself tot organisasie en sisteme beperk - in plaas daarvan om 'n perspektief aan te bied wat verskil van funksionalisme. Hierin het Dahrendorf homself veroordeel deurdat hy net 'n variant van funksionalisme aanbied, met slegs beperkte betekenis: "... for conflict with authority, as he defines it, can only take place within a system of norms, since such conflicts appear to be concerned with claims in terms of means - not with the goals or with the values of society."[1)]

---

1) Touraine, A., "Towards a Sociology of Action", uit Giddens, A. (redakteur), Positivism and Sociology (1974), p. 83.

Uiteraard moet hier gemeld word dat nie noodwendig deurgaans met Dahrendorf akkoord gegaan hoef te word in sy kritiek op die funksionalisme nie; dieselfde geld vir kritiek op Dahrendorf. Een kritikus meld byvoorbeeld dat Dahrendorf homself nie presies in die kamp van die konflikteoretici geskaar het nie en dat hyself nie gekies het tussen óf die konflik- óf die konsensusmodelle oor die samelewing nie.[1)]

Dit is in hierdie verband duidelik dat Zeitlin net die een bron van Dahrendorf, waaruit hy ook aanhaal, geraadpleeg het. Elders, soos trouens in die teks self aangetoon, kritiseer Dahrendorf nie alleen die funksionaliste in veel hewiger terme nie, hy neem duidelik standpunt in ten gunste van die konflikteorie en wel versus die sisteemteorie.[2)]

Dit is belangrik om hier daarop te wys dat Rex (self ook 'n konflikteoretikus) nie alleen vir Dahrendorf as konflikteoretikus tipeer nie, maar hom die duidelikste ("articulate") verteenwoordiger van die konflikskool noem gedurende die laat 1950- en vroeë 1960-tydvak.[3)] Nietemin, ongeag hierdie debateerbare argument aan Zeitlin se kant, maak hy egter ook ander houdbare aannames.[4)]

Van den Berghe kritiseer Dahrendorf oor die feit dat hy nie aantoon waarom gesag voorrang geniet bo die middele van produksie nie (Marx), of oortuigend aantoon hoe klasse verskil van ander konflikgroepe nie en waarom hulle dus 'n aparte analitiese kategorie konstitueer.[5)]

Met hierdie enkele opmerkings oor Dahrendorf se bydrae word hier volstaan.

6. John Rex

Rex se konflikbenadering kan na alle waarskynlikheid as minder betekenisvol as dié van Dahrendorf beskou word aangesien groter

---

1) Zeitlin, I.M., Op. cit. (1973), p. 115.
2) Vergelyk: Dahrendorf, R. Op. cit. (1968), pp. 125-126.
3) Rex, John, Op. cit. (1973), p. 115.
4) Vergelyk: Zeitlin, I.M., Op. cit. (1973), pp. 109-112.
5) Van den Berghe, P.L., "Dialectic and Functionalism", uit Chambliss, W.J. (redakteur), Op. cit., p. 53.

prominensie, in die moderne konteks gesien, aan onder andere Dahrendorf en Coser se bydraes verleen word.[1] Daar word geensins hiermee gesuggereer dat Rex se bydraes betekenisloos was nie. Hy poneer nie alleen 'n eie model nie, maar kritiseer ook enkele konflikbenaderings wat sy eie voorafgegaan het. Hy stel: "The point which we wish to make here is that in opposing the idea that conflicts must be disruptive, Coser, Gluckman and Dahrendorf have probably all been guilty of an overemphasis in the other direction. It is true, of course, that the simple two-party two-class model is too oversimplified to provide an adequate tool for the analysis particularly of advanced industrial societies. But the theory of coalitions, if we may call it that, underestimates the extent to which conflicts in modern society tend to coalesce, or to come into relation to each other."[2]

Ook die konsensusteoretici, onder andere Parsons, word deur Rex gekritiseer. Cohen wys in die verband daarop: "Rex's criticism of Parsonian theory applies particularly to modern industrial societies whose stability, he would argue, owes more to the 'ad hoc' character of class conflict, than it does to any deep commitment to ultimate values."[3]

Rex gaan aanvanklik uit van die handelingsbenadering se basiese aannames en konsentreer op ekonomiese belange as die basis van klassevorming ten einde sosiale konflik en sosiale beheer te verklaar.[4] Interaksie, volgens hom, sal egter eerder konflik as waardekonsensus skep. Die konsensus wat egter wel in die industriële samelewing aangetref word, bestaan binne sosiale klasse wat gemeenskaplike doelstellings asook 'n gemeenskaplike kultuur het.[5] Cohen wys verder in die verband daarop: "The fundamental characteristic of the social system is that of structured conflict."[6]

---

1) Vergelyk: Inkeles, A., Op. cit., p. 39.
2) Rex, John, Op. cit. (1965), p. 119. Dit is in hierdie verband interessant om daarop te let dat Coser op hierdie kritiek gereageer het. Vergelyk: Coser, L.A., Op. cit. (1967), p. 5 e.v.
3) Cohen, P.S., Op. cit., p. 107. Vergelyk veral: Rex, J., Op. cit. (1965), pp. 103-112.
4) Smith, A.D., Op. cit., p. 6.
5) Cohen, P.S., Op. cit., p. 107. Vergelyk: Rex, John, Op. cit. (1965), pp. 96-155.
6) Cohen, P.S., Op. cit., p. 107.

Ten spyte van die onafhanklike model wat ons by Rex aantref, is ook hy egter deur Marx, Weber en Parsons beïnvloed, soos trouens ook die geval is met Dahrendorf.[1)]

6.1 Enkele fasette van Rex se konflikbenadering

In teenstelling met die voorafgaande behandelde eksponente van die konflikbenadering word in Rex se geval nie 'n gedetailleerde weergawe van enkele fasette van sy benadering weergegee nie. Hier word volstaan met 'n saaklike samevatting oor die aard van konflik[2)] waaruit Rex se konflikbeskouing duidelik blyk. Ter motivering vir hierdie wysiging in werkswyse kan hier gestel word dat Rex se eie opsommende weergawe 'n redelik volledige weergawe van sy basiese postulate is, en ter verwydering van onnodige kompilasiewerk word in die verband hiermee volstaan.

Die hooftrekke van die konflikmodel in die ontleding van sosiale sisteme word deur Rex soos volg saamgevat:[3)]

(i) Konfliksituasies is betrokke op sentrale punte in die sosiale sisteeem en dit is hierdie konflik en nie waardekonsensus nie waar sosiale sisteme om georganiseer is. Hierdie konflik kan tussen twee pole aangetref word, te wete vreedsame bedinging aan die een kant en openlike geweld aan die anderkant.

(ii) Plurale, en nie eenvormige samelewings nie, is die resultaat van sodanige konfliksituasies. In hierdie plurale samelewing is daar een of meer klasse met 'n onafhanklike sisteem vir sy lede. Die aktiwiteite van die lede verkry sosiologiese betekenis en moet verklaar word in terme van die verwysing na die groep se belange in die konfliksituasie. Aanvanklik word die onderlinge groepsverhoudinge primêr gedefinieer in terme van die konfliksituasie.

(iii) In die meerderheid gevalle word die konfliksituasie gekenmerk deur 'n oneweredige magsbalans waaruit een van die klasse na vore kom as die heersersklas. Hierdie klas sal poog om erkenning vir die wettigheid ("legitimacy") van sy posisie van die ondergeskikte klas te verkry. Hierteenoor sal die

---

1) Vergelyk: Atkinson, Dick, Orthodox Consensus and Radical Alternative, p. 5 e.v. en p. 147 e.v.
2) Rex, John, Op. cit. (1965), pp. 129-131.
3) Vergelyk vir groter detaillering van Rex se benadering: Van der Walt, A.T., Op. cit., p. 198 e.v.

ondergeskikte klas en hul leiers poog om aktiwiteite te organiseer wat sal bewys dat die eis verwerp is.[1)]

(iv) 'n Verandering in die magsituasie tussen heerser- en ondergeskikte klas kan intree as gevolg van 'n verandering in 'n aantal veranderlike faktore wat die moontlikhede van suksesvolle weerstand en feitelike rewolusie deur die ondergeskikte klas laat toeneem. Hierdie veranderlike faktore sluit in: leierskap, sterkte van die lede se aspirasies, hulle organisatoriese bevoegdheid, hulle besit van middele tot geweld, hulle getalle en hulle rol in die sosiale sisteem soos voorgestel deur die heersersklas.

(v) In gevalle van 'n dramatiese verandering in die magsbalans, vervolg Rex, kan die ondergeskikte klas hulself in 'n situasie bevind waarin hulle nie net hul wil op die heersersklas kan oplê nie, maar in werklikheid selfs die basis van die heersersklas se bestaan kan vernietig. Nuwe verdelings binne die rewolusionêre klas kan so ontstaan wat egter totaal andersoortig kan wees as dié wat in die vorige konfliksituasie bestaan het.

(vi) Die sosiale institusies en die kultuur van die ondergeskikte klas is ingestel op, en verklaarbaar in terme van die klas se belange in die konfliksituasie. Vir sover dit die ondergeskikte klas se langtermyndoelstellings aangaan, meld Rex dat dit 'n vae en utopiese vorm aanneem. Sodra die ondergeskikte klas aan bewind gestel word, moet hul werklike praktyke egter nog uitgewerk word. Na alle waarskynlikheid sal hierdie praktyke egter beïnvloed en geregverdig word deur die konflikmoraliteit, voor-rewolusionêre grondwette ("charters") en utopias.

(vii) 'n Verandering in die magsbalans, verklaar Rex, kan ook lei tot kompromie en hervorming en nie noodwendig tot absolute rewolusie nie, in welke geval nuwe institusies, wat nie verband hou met die voortsetting van die konflik nie, ontstaan waarvan die wetlikheid deur albei die betrokke partye erken word. Hierdie opset word deur Rex 'n "wapenstilstandsituasie genoem" ("truce-situation"). Hierdie situasie kan onder gunstige omstandighede tot 'n nuwe uniforme ("unitary")

---

1) Rex tipeer dit as passiewe weerstand (vergelyk: Rex, John, Op. cit. (1965), p. 129).

sosiale orde oor die lang termyn aanleiding gee waarin sekere individue wetlik oor beperkte eiendomsregte en beperkte politieke mag beskik. Hierdie situasie is egter vir Rex inherent onstabiel aangesien enige verswakking in die opponerende mag van die vorige ondergeskikte klas aanleiding daartoe kan gee dat die vorige heersersklas na sy ou weë sal terugkeer. Die handhawing van hierdie mag kan die ondergeskikte klas motiveer om voort te gaan met 'n rewolusionêre alternatief.

Die bogenoemde punte van Rex se model verskaf, volgens hom, 'n nuttige raamwerk in terme waarvan talle belangrike kontemporêre sosiale situasies ontleed kan word. Volgens hom behels dit die ontstaan en strukturering van konflikgroepe, die klassifikasie van basiese konfliksituasies, die probleme rondom die wetlikheid van mag, 'n studie van die agente van indoktrinasie en sosialisering, die probleme van ideologiese konflikte in na-rewolusionêre situasies, ..in situasies van sowel kompromie en wapenstilstand as die verhouding tussen norme en magsisteme.

Dit is baie duidelik dat hierdie model van Rex in die besonder toepassing geniet op polities-sosiale situasies. Trouens, hyself verklaar: "The model has been developed, of course, in relation to the study of total social systems and with special emphasis upon their overtly political aspects."[1)]

6.2 Enkele kritiese opmerkings oor Rex se bydrae

Rex se model is ontwikkel met die oog op totale sisteme en met spesifieke klem op die politieke aspekte van dié sosiale sisteme.[2)] Desnieteenstaande val dit gou op dat sy model, ten spyte van die feit dat dit ontwikkel is vir toepassing op totale sisteme, nie so gedetailleerd is[3)] as byvoorbeeld Dahrendorf se konflikmodel nie.[4)] Nogtans verdien Rex krediet vir hierdie poging tot modelkonstruering, wat in werklikheid nie net 'n model van sosiale konflik is nie, maar inderdaad van polities-sosiale konflik. Gevolglik is dit in 'n sekere sin verbasend dat hierdie model weinig aandag geniet onder resente eksponente van die Politieke Sosiologie.

---

1) Rex, John, Op. cit. (1965), p. 131.
2) Ibid., p. 131.
3) Vergelyk: Ibid., p. 115 e.v.
4) Vergelyk: Dahrendorf, R., Op. cit. (1963), (in geheel maar veral pp. 157-318).

Voorts is daar duidelike ooreenkomste tussen onderskeidelik Rex en Dahrendrof se konflikmodelle waarneembaar.[1] Ter stawing kan 'n enkele voorbeeld hier aangehaal word. Net soos Dahrendorf het ook Rex nie alleen kritiek op die funksionalisme en Parsons[2] uitgespreek nie, maar ook deeglik kennis geneem van die bydraes van vroeëre konflikteoretici, waaronder Coser en Marx.[3] Rex ontvang in die verband dan ook erkenning vir sy kritiek op Parsons.[4]

Hoewel Rex se konflikmodel na alle waarskynlikheid nie so belangwekkend is as dié van Dahrendorf nie,[5] was daar tog diegene wat Rex se model gekritiseer het. So byvoorbeeld is Atkinson van mening dat Rex se poging om ordelike- en konflikterende verhoudings in een model gesamentlik te probeer verreken, aanleiding gee tot talle probleme.[6]

7. Die konflikbenadering as teoretiese benadering van die eksponente van die Politieke Sosiologie

Uit die voorafgaande - en onderhawige hoofstuk blyk dit duidelik dat die konflikfenomeen vir 'n geruime tyd al die aandag van denkers en wetenskaplikes in beslag geneem het en dat talle wetenskaplikes waaronder etlike sosioloë, gepoog het om die konflikfenomeen wetenskaplik te beskryf, te evalueer en te verklaar. Laasgenoemde het onder andere gelei tot die konstruering van etlike sosiologiese konflikmodelle soos uit die onderhawige hoofstuk veral duidelik blyk.

Voorts blyk die groot variëteit van konflikvorme, die omvang en intensiteit van konflik, sowel as die belangwekkendheid van konflik as "bedreiging" vir die polities-sosiale status quo eweneens duidelik uit die onderhawige uiteensetting.

---

1) Vergelyk:
   (i) Turner, J.H., Op. cit. (1974), p. 90 (voetnoot).
   (ii) Van der Walt, A.T., Op. cit., p. 209 e.v.
2) Vergelyk: Rex, John, Op. cit. (1965), p. 60 e.v.
3) Ibid., p. 115 e.v.
4) Cohen, P., Op. cit., p. 107.
5) Turner, J.H., Op. cit. (1974), p. 90.
6) Atkinson, D., Op. cit., p. 99. Vergelyk ook: p. 95 e.v.

Uit die literatuur oor die Sosiologie en die Staatsleer onderskeidelik,[1] blyk die prominensie wat die konflikfenomeen inneem in die bydraes deur eksponente van die twee wetenskappe dan ook duidelik. Hieruit blyk dit dat konflik steeds in moderne wetenskaplike verband 'n belangrike studie-objek uitmaak.

Hoewel konflik sedert Heraclitus tot en met Rex by herhaling en in mindere of meerdere mate in verband gestel is met die politieke realiteit, - trouens, dat beide Rex en Dahrendorf meld dat hul onderskeie konflikmodelle pertinent toepasbaar is op die politieke realiteit - val dit tog vreemd op dat daar in die Politieke Sosiologie self weinig van teoriebou of modelkonstruering rondom die konflikfenomeen tereg kom.[2]

Hierdie toedrag van sake kan toegeskryf word aan vier moontlike faktore:

Eerstens, die redelike vroeë stadium van ontwikkeling waarin die

---

1) Vergelyk onder andere, naas die bronne gemeld in Hoofstuk VI en Hoofstuk VII:
   (i) Waldman, S.R., Foundations of Political Action, p. 174 e.v.
   (ii) Lloyd, P.C., Classes, Crises and Coups, p. 142 e.v.
   (iii) Sigel, R.S. (redakteur), Learning about Politics, p. 589 e.v.
   (iv) Lenski, G., Human Societies, p. 360, e.v.

2) Daar is wel in suiwer polities-sosiologiese verband verwysings na konflik. Vergelyk in die verband onder andere:
   (i) Dowse, R.E., Hughes, J.A., Op. cit., pp. 18-27 en pp. 401-434.
   (ii) Nordlinger, E.A. (redakteur), Op. cit., pp. 50-58 en pp. 287-318.
   (iii) Braungart, R.G. (redakteur), Op. cit., pp. 432-443.
   (iv) Werlin, R.J., "Marxist Political Analysis" uit Effrat, A. (redakteur), Op. cit., pp. 157-179.

   Vergelyk ook:
   (i) Young, J.P. (redakteur), Op. cit., pp. 1-68 en pp. 186-322.
   (ii) Wertheim, W.F., Evolution and Revolution, pp. 86-119 en pp. 123-221.
   (iii) Nisbet, R., Op. cit. (1973), p. 93 e.v.
   (iv) Goldman, R.M., Op. cit., pp. 325-355.
   (v) Keppel-Jones, A., South Africa, p. 196 e.v. (in verband met konflik in die Suid-Afrikaanse konteks).
   (vi) MacCrone, I.D., "Reaction to Domination in a Colour-Caste Society" uit Morse, S.J., Orpen, C., Contemporary South Africa, pp. 129-146.
   (vii) Runciman, W.G., Op. cit., pp. 135-155.

Politieke Sosiologie sigself bevind. Lipset[1] wys in die verband daarop dat die Politieke Sosiologie in die Verenigde State van Amerika eers na die Tweede Wêreldoorlog as 'n nuwe vertakking van die Sosiologie en as doseringsgebied ontstaan het;[2]

tweedens, die dominante posisie wat die konsensusbenadering vir 'n geruime tyd al in die Sosiologie,[3] maar tans ook in die Politieke Sosiologie inneem;[4]

---

1) Lipset, S.M., "Political Sociology" uit Zetterberg, H.L. (redakteur), Sociology in the United States of America, p. 43.

2) Dit is belangrik om daarop te let dat Lipset self erkenning ontvang vir sy bydrae tot die ontwikkeling van die Politieke Sosiologie. Vergelyk:
   (i) Coser, L.A. (redakteur), Op. cit. (1967), p. 7,
   (ii) Romalis, C., "A Man of his Time and Place .." uit Effrat, A. (redakteur), Op. cit., pp. 211-229.
   Lipset het onder andere die intellektuele agtergrond van die nuwe studierigting geïdentifiseer, die studieterrein daarvan help afbaken en self etlike studies op die terrein van die Politieke Sosiologie gedoen. Vergelyk onder andere:
   (i) Lipset, S.M., Op. cit. (1973) (in geheel).
   (ii) Lipset, S.M., Op. cit. (1969), pp. vii-xxii.
   (iii) Lipset, S.M., "The Field of Political Sociology" in Coser, L.A. (redakteur), Op. cit. (1967), p. 9 e.v.
   (iv) Lipset, S.M., "Political Sociology" in Braungart, R.G., Op. cit., p. 41 e.v.
   (v) Lipset, S.M., "Voting: The Expression of the Democratic Class Struggle" in Nordlinger, E.A. (redakteur), Op. cit., p. 117 e.v.
   (vi) Lipset, S.M., "Political Sociology" in Zetterberg, H.L. (redakteur), Op. cit., pp. 43-55.
   (vii) Lipset, S.M., Revolution and Counterrevolution (1969), in geheel - om maar enkele bronne te noem.

3) Vergelyk in die verband die bronne gemeld in Hoofstuk VIII, p. 401 e.v.

4) Vergelyk in die verband byvoorbeeld die werke van S.M. Lipset (kyk lys van geraadpleegde bronne). Dit is belangrik om in die verband daarop te wys dat Lipset erken word as 'n eksponent van die konsensusbenadering. Vergelyk:
   (i) Rex, J., Op. cit. (1973), p. 115.
   (ii) Coser, L.A. (redakteur), Op. cit. (1967), p. 7 e.v.
   (iii) Romalis, C., "A Man of his Time and Place ..." in Effrat, A. (redakteur), Op. cit., p. 228.

derdens, die feit dat die konflikbenadering geassosieer word met die sogenaamde radikale stroming in onder andere die Sosiologie en gevolglik 'n duidelike ideologiese sydigheid vertoon;[1] en

vierdens die feit dat daar 'n tanende belangstelling in konflik is sedert die begin van hierdie eeu.[2]

Hierin word waarskynlik weer 'n rede gevind waarom sommige skrywers van mening is dat daar tans nie 'n sosiologiese teorie van konflik is nie.[3]

Die vier moontlike redes hierbo genoem ten spyt, is die "onderwaardering" van die konflikbenadering in die Politieke Sosiologie hierdeur nie te regverdig nie. Veral nie indien in gedagte gehou word dat Lipset as een van die prominente resente politieke sosioloë self konflik as 'n intellektuele en teoretiese grondslag van die Politieke Sosiologie beskou nie.[4]

Na ons mening bied die konflikbenadering waarvan die ontwikkeling hier saaklik nagespeur is vanaf Heraclitus tot en met Rex, 'n rykdom van konflik-relevante idees en modelle waarvan die politieke sosioloog enersyds met vrug kennis kan neem en andersyds as stimulus tot die konstruering van konflikmodelle kan dien.

8. Samevatting en gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is gepoog om die ontwikkeling van die konflikbenadering na te speur vanaf Oppenheimer tot in resente tye. Daar is op gewys dat hierdie ontwikkeling primêr in sosiologiese perspektief nagespeur is onder meer omdat die Politieke Sosiologie formeel eers na die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het en, aangesien ons in hierdie studie poog om onder andere enkele teoretiese grondslae ten opsigte van die ontstaan van die Politieke Sosiologie na te speur, was dit dus noodsaaklik om die konflikbenadering sedert die vroegste tye na te gaan.

---

1) Vergelyk in die verband onder andere:
   (i) Bramson, L., The Political Context of Sociology (1961), pp. 121-154.
   (ii) Atkinson, D., Op. cit., pp. 59-60 en p. 106.
2) Bottomore, T.B., "Sociological Theory and the Study of Social Conflict" in McKinney, John C., Tiryakian, Edward A., Theoretical Sociology Perspectives and Developments, p. 138. Vergelyk ook: p. 139 e.v.
3) Ibid., p. 138.
4) Vergelyk onder andere: Lipset, S.M., Op. cit. (1973), pp. 24-28.

Daar is op gewys dat sedert die ontstaansjare van die Sosiologie die aandag nie alleen pertinent gefokus is op die polities-sosiale realiteit nie, maar ook op konflik - nie alleen in sy sosiale konteks nie, maar inderdaad ook in sy polities-sosiale konteks. Voorts is ook aangetoon dat konflik as fenomeen implisiet of eksplisiet die "brug" tussen die beskrywing en verklaring van die sosiale en die politieke realiteite was.

Met betrekking tot die eerste eksponent van die konflikbenadering, te wete Georg Simmel, is daarop gewys dat sy bydrae waarskynlik in sosiologiese verband die mees wetenskaplike beskrywing en verklaring van die konflikfenomeen verteenwoordig. Met sy bydrae het hy nie alleen 'n rigtinggewende invloed op die Sosiologie in die Verenigde State van Amerika laat geld nie, maar ook op die politiek. Sy wetenskaplike bydraes lei dan ook 'n nuwe fase in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Sosiologie in, naamlik die formele fase. Hy slaag daarin om op besondere wyse die konflikfenomeen in sy multidimensionele en komplekse verbande te ontleed. Konflik en sosiasie, konflik in samehang met integrerende kragte en konflik in die groep is maar enkele fasette van sy bydrae waarvoor hy krediet moet kry.

Park se konflikbydrae moet eweneens gesien word in die lig van die formele fase van die Sosiologie. Hy onderskei die volgende fases in die sosiale proses: kontak, kompetisie, konflik en akkommodasie. Dit is polities-sosiologies relevant dat Park die konflikproses in direkte verhouding tot die politieke orde stel. Voorts, dat hy in die konflikproses die rol van politieke partye uitwys. Ons het daarop gewys dat Park se konflikbeskouing op 'n kontinuum aangedui kan word waarin kompetisie, wat onbewus en onpersoonlik kan wees, die een pool vorm en oorlog die teenpool - oorlog waarin konflik geïnstitusionaliseerd en bewustelik is. Hy dui aan dat konflik na akkommodasie kulmineer in assimilasie. Hierdeur het hy gepoog om, naas konflik, ook reg te laat geskied aan die integrerende fasette in die sosiale realiteit.

Coser se bydrae is, in teenstelling met dié van Simmel en Park, verteenwoordigend van een van die meer resente fases in die ontwikkelingsgeskiedenis van die sosiologiese teorie, te wete die moderne konflikteorie. Soos vroeër aangetoon, is die moderne

konflikteorieë gemotiveer deur onder andere die aandag wat aan konflik gegee is sedert die vrogste tye, maar veral uit teenreaksie teen die sisteembenadering waarin konflik in 'n sekere sin negeer is. Coser se bydrae verteenwoordig dus in hierdie verband die oorgang vanaf funksionalisme na moderne konflikteorie. Sy konflikbeskouings is dan ook tot op groot hoogte in funksionalistiese terminologie weergegee.

Coser, hoewel hy tot op groot hoogte slegs Simmel se konflikbeskouings herformuleer het, beklemtoon in sy bydrae die positiewe naas die negatiewe funksies van konflik. Veral die positiewe funksies van konflik in die groepsprosesse geniet sy aandag.

Van al die behandelde eksponente van die konflikteorie is Dahrendorf se bydrae die volledigste. Sonder om weer die samevatting van sy konflikmodel wat in die teks genoem is, te herhaal, kan hier gestel word dat Dahrendorf ook indirek die politieke realiteit in sy model verreken het. Hy het naamlik aangetoon dat konflik indirek die resultaat van gesagsdistribusie is. Gesag, soos trouens reeds uit Weber se bydrae blyk, is 'n kardinale fenomeen in die politieke realiteit. Hy wys ook daarop dat sosiale klasse in essensie konflikgroepe is en dat konflik strukturele verandering realiseer. Dat sy model toepasbaar, of minstens relevant is vir die politieke realiteit, blyk uit die drie moontlike eindresultate van konflik, naamlik rewolusionêre, evolusionêre of strukturele veranderinge. Dahrendorf se bydrae kan inderdaad beskou word as die mees gedetailleerde model van al die eksponente van die konflikbenadering, nie alleen wat teoretiese detaillering betref nie, maar ook wat kritiek op die konsensusbenadering betref.

Naas Dahrendorf het ook Rex 'n konflikmodel geponeer wat volgens hom op die politieke bestel van toepassing is. Ook in sy model is konflik die sentrale tema, word 'n heersersklas en ondergeskikte klas teenoor mekaar gestel en bepaal konflik die afloop van die verhouding.

Dit is dus duidelik dat konflik steeds in sy moderne wetenskaplike verband nie alleen op die sosiale nie, maar implisiet of eksplisiet ook op die politieke realiteit gefokus is.

Afgesien van die voortdurende aandag wat konflik in sy sosiologiese verband ontvang het, was daar steeds leemtes in die modelle oor konflik wat die lig gesien het. Soos in die evaluering van die onderskeie eksponente se bydraes aangetoon is, is hierdie kritiek in wisselende grade van omvang en intensiteit wel geldig. Die belangrikste kritiek wat hier opsommenderwys na verwys kan word, is die feit dat die merendeel van die modelle deur hul beklemtoning van konflik 'n eensydig verabsoluterende neiging openbaar. Tereg kan die vraag gevra word hoe is orde en stabiliteit dan te verklaar indien konflik oorheersend in die samelewing is. Aan hierdie faset, sowel as die kritiek wat fynere nuanseringe in die modelle raak, sal aandag gegee moet word ten einde die konflikbenadering as 'n wetenskaplik aanvaarde teorie erken te kry.

Na ons mening is daar met betrekking tot die konflikbenadering nog nie verder gevorder as die konstruering van modelle nie. Hierin is sekere verbande tussen proposisies wel aangetoon en sekere hipoteses wel getoets, maar ten einde as teorie te kwalifiseer, is nog aansienlike teoretiese verfyning nodig. Dahrendorf se model hou in hierdie verband besliste moontlikhede in.

In die algemeen kan die volgende vereistes gestel word alvorens konflikteorie sy "regmatige" plek in die Politieke Sosiologie sal kan inneem:

1. Die verdere verfyning van bestaande konflikmodelle ("teorieë");
2. verfyning op so 'n wyse dat die kritiek tot dusver daarteen gemik so ver moontlik geneutraliseer sal kan word; en
3. 'n groter mate van "balans" in die evaluering van die konflikbenadering tans deur (a) dit òf te integreer by die konsensusmodel, dit wil sê 'n integrasie tussen die twee modelle, òf deur (b) konflikmodelle aan te wend waar dit teoreties prakties moontlik en toepasbaar is;
4. ten einde punt 3.(b) te bemoontlik is dit noodsaaklik dat die ideologiese konnotasie wat toenemend in moderne konflikbenaderings na vore kom, op te hef.

In die hieropvolgende hoofstuk sal gepoog word om die konsensusbenadering in sy sosiologiese perspektief na te speur met pertinente verwysing na die invloed daarvan op die Politieke Sosiologie. Dit dien hier gemeld te word dat waar nodig in hierdie hoofstuk weer saaklik na konflik verwys sal word.

HOOFSTUK VIII

Die konsensusbenadering as teoretiese grondslag tot die Politieke Sosiologie

1. Inleiding

Reeds in 'n vorige hoofstuk is aangetoon dat onder die begrip "konsensusbenadering" die volgende fokuspunte, gesamentlik of individueel, veronderstel word: verbintenis ("commitment"), kohesie, solidariteit, samewerking, integrasie, stabiliteit, voortbestaan ("persistence") en wisselwerking of wederkerigheid ("reciprocity").[1] Fundamenteel gaan dit dus hier om die beskrywing en verklaring van die gepatroneerde ordelikheid en die mate van waardekonsensus oor die ordelike bestel in die samelewing of samelewingskomponente.

Dit dien hier gemeld te word dat velerlei konnotasies aan die begrip "konsensus" gekoppel word. Young wys daarop dat die Parsoniete uitgaan van die standpunt dat 'n minimum instemming ("agreement") oor waardes nodig is voordat betekenisvol oor die samelewingsbestaan gesprek gevoer kan word.[2] Macridis en Brown praat van konsensus in politiek verband en verwys daarmee na 'n algemene aanvaarding van die besluitnemingsproses.[3] 'n Verbandhoudende gedagte word deur Lane soos volg verwoord: "The evidence to be presented here suggests a lessening of hostility between parties and religious groups and a 'rapprochement' between men and their government - a combination of changes which I cover in the term 'politics of consensus'".[4]

In die Sosiologie het die begrip ook verskillende konnotasies. Fletcher verwys na konsensusteorieë en bedoel daarmee dat dit heenwys na orde ("order") of "statiese" funksionalistiese teorieë.[5] Buckley verwys met die begrip "konsensus" na ekwilibrium, funksionalisme, sisteem en handeling.[6] Cohen verwys ook na die verband

---

1) Vergelyk: Hoofstuk VII, subhoof 4.1, p. 366.
2) Young, G.P. (redakteur), Consensus and Conflict, p. 3.
3) Macridis, R., Brown, B.E. (red.), Comparative Politics, p. 99.
4) Lane, R.E., Political Man, p. 222.
5) Fletcher, R., "Evolutionary and Developmental Sociology" in Rex, John (redakteur), Op. cit. (1974), p. 39.
6) Buckley, W., Sociology and Modern Systems Theory, p. 1 en p. 104.

konsensus en funksionalisme en hy sien integrasie en konsensus as sinomieme.[1] Atkinson onderskei verskillende tipes van konsensus; 'n aspek waarop hier egter nie verder ingegaan word nie.[2]

Reeds uit die bogenoemde paragraaf blyk dit duidelik dat die begrip "konsensus" in 'n veeltal verbande 'n gemeenskaplike komponent omvat, naamlik ook 'n breë ooreenkoms of konsensus onder die verskillende akteurs in 'n samelewing.

Dit val buite die bestek van hierdie studie om 'n volledige uiteensetting te probeer gee van die konsensusbenadering in sy volle historiese perspektief. Wat egter wel noodsaaklik is, is om die ontwikkelingsgang van die benadering in sosiologiese perspektief na te speur en in die lig daarvan te wys op die rol en invloed van die benadering in die Politieke Sosiologie. Dit is veral uit hierdie ontwikkeling dat 'n duidelike beeld verkry kan word van eerstens: die teoretiese "fases" in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Sosiologie waarin konsensus as fokuspunt in mindere of meerdere mate aan te tref is; tweedens: die onderlinge verskille tussen die verskillende fases in die ontwikkeling van die konsensusbenadering; derdens: die oorsprong en aard van die sisteembenadering wat onder andere in die moderne Sosiologie so 'n prominente plek inneem; en vierdens: die invloed van die sisteem-"fase" op die ontstaan en ontwikkeling van die Politieke Sosiologie.

Die volgende "fases" in die ontwikkeling van die konsensusbenadering kan na ons mening onderskei word: die koöperatiewe- of samewerkingsfase,[3] die behavioristiese fase, die funksionalistiese fase en die sisteemfase as kulmineringspunt van die funksionalisme. Hiermee word nie gesuggereer dat konsensusgedagtes nie ook in ander fases in die ontwikkelingsgeskiedenis van die sosiologiese teorie te bespeur is nie. Soos vervolgens aangetoon sal word, is dit egter wel in die bogenoemde "fases" 'n prominente fokuspunt.

2. Die koöperatiewe fase van die konsensusbenadering

---

1) Cohen, P.S., Op. cit., p. 237. Vergelyk ook: Mennell, S., Op. cit., pp. 123-128.
2) Atkinson, D., Op. cit., pp. 236-238.
3) Vir ons doeleindes word die begrippe "koöperasie" en "samewerking" voortaan as wisselterme gebruik.

2.1 Die koöperatiewe idee tydens die vroeë sosiale denke

Die gedagte kan geensins gekoester word dat die idee van konsensus in die samelewing of in samelewingskomponente "nuut" is nie. Polybius (203-121 v.C.) het byvoorbeeld in sy tyd al opgemerk dat die staat weliswaar deur konflik ontstaan het, maar dat die elemente van rede en konsent konflik geleidelik vervang het.[1)]

Na analogie van Sorokin kan gestel word dat 'n goeie saak uitgemaak kan word dat nie alleen staatskonsolidasie nie, maar ook algemene sosiale konsensus selfs in die antieke, middeleeuse en vroeë moderne geskiedenis plaasgevind het.[2)] Elders merk hy op: "... it is certain that the progress of mankind has been due rather to coöperation and solidarity than to class-struggle, antagonism, and hatred".[3)]

Marsiglio van Padua[4)] (1270-1342) betuig in sy werk Defensor pacis sy geloof in die nuttigheidsgrondslag van die samelewing. Vir hom was die samelewing noodsaaklik vir die mensdom vir die voortsetting van die koöperatiewe aktiwiteite wat so noodsaaklik was, nie alleen vir die mens se gerief nie, maar ook vir die bestaan van die mens. Samewerking is nodig ter verkryging van dit wat nuttig is en vir hierdie gemeenskap is 'n heerser en beskermer noodsaaklik.

Dit kan hier gestel word dat selfs nog voor Polybius in die vroegste klassieke tye, daar 'n minimum samewerking was in die gemeenskaplike saambestaansverband van mense - 'n vorm van samewerking wat 'n minimum van vreedsame naasbestaan vir korter of langer tydperke bemoontlik het.

Augustinus kan in dié verband as voorbeeld aangehaal word. Hy was inderdaad 'n figuur tussen die klassieke tydvak en die Christelike fase in die mens se ontwikkelingsgeskiedenis.[5)] Hy het in sy siening van die ideale stad ("samelewing") wel die idees van Plato, Cicero en die filosofie van die Christelike godsdiens met mekaar in verband gestel, maar tog duidelik laat blyk dat die

---

1) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 2.1, p. 294.
2) Sorokin, P., Op. cit. (1928), p. 485.
3) Ibid., pp. 541-542.
4) Vergelyk: Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, pp. 435-436.
5) Gettell, R.G., Op. cit., p. 89.

mens van nature geneig is om sosiale verhoudings aan te gaan. Waar die idee van samewerking[1] reeds teen daardie tyd van besondere betekenis in die sosiale bestel van die mens moes gewees het, kan nie anders as aanvaar word dat die Christelike boodskap van onder andere naasteliefde, aan hierdie idee verdere en betekenisvolle inhoud gegee het nie.

Voorts kan by implikasie aanvaar word dat die feodale stelsel[2] die Renaissance,[3] die Hervorming [4] en die Merkantilistiese tydperk[5] tot en met die tyd van Verligting[6] tydperke verteenwoordig waartydens die basis van samewerking verbreed is. Hiermee word nie 'n universele koöperasie bedoel nie, maar 'n toenemende besef onder mense in onderskeidelik byvoorbeeld die handel, ekonomie, godsdiens en politieke organisasies, dat samewerking voordelig is of kan wees. Dat absolute samewerking met verloop van tyd ontwikkel is, is onhoudbaar om te postuleer, gesien in die lig van die talle oorloë wat nog steeds veral die Westerse samelewingstoneel oorheers.[7]

Daar dien op gewys te word dat konflik byvoorbeeld in 'n oorlogspoging ook samewerking omvat, in welke geval dit egter gaan om samewerking ten einde onder andere beter te kompeteer, terwyl dit in konsensus juis gaan om samewerking op die breedste moontlike basis ter wille van die eliminering van konflik en veral die destruktiewe momente ingebou in laasgenoemde vir die realisering van 'n ordelike sosiale bestel.

Waar dit hier gaan om 'n uiteensetting van die koöperatiewe fase in die ontstaan van die Politieke Sosiologie verskuif ons vervolgens die fokus van studie na koöperatiewe idees, uiteensettings en modelle. Dit is voldoende om in die lig van die voorafgaande te stel dat die gedagte en beliggaming van samewerking op kleiner of groter skaal reeds vroeg in die mens se sosiale saambestaan 'n realiteit was.

---

1) Vergelyk: Hoofstuk II, subhoof 10.1, p. 69 e.v.
2) Vergelyk:
   (i) Cook, T.I., Op. cit., p. 175 e.v.
   (ii) Gettell, R.G., Op. cit., p. 94 e.v.
3) Vergelyk: Hoofstuk III, subhoof 1.1, p. 88.
4) Vergelyk: Hoofstuk III, subhoof 1.2, p. 92.
5) Vergelyk: Smeenck, C., Op. cit., p. 111 e.v.
6) Ibid., p. 131 e.v.
7) Vergelyk: Cook, T.I., Op. cit., p. 228 e.v.

2.2 Koöperatiewe teorieë in die Sosiologie

2.2.1 Die tydperk voor die ontstaan van die Sosiologie

Die gedagte en vergestalting van samewerking was nie alleen in die vroegste sosiale denke 'n realiteit nie, maar reeds voor die ontstaan van die Sosiologie wat allerweë teruggevoer word tot Auguste Comte. Selfs voor Auguste Comte se bydrae van 1839[1] is gepoog om 'n sistematiese interpretasie van koöperasie of samewerking te gee. In hierdie verband kan onder andere die name genoem word van Vico, Grotius en Spinoza.

Giambattista Vico (1668-1744).[2] Benewens sy reeds gemelde bydraes, het Vico gepoog om moontlike "sosiale wette" oor werklike sosiale verskynsels bloot te lê. In hierdie verband het hy dan ook sekere "wette" gepostuleer oor die opkoms en verval van samelewings. Sy bydrae tot die koöperatiewe teorie[3] is daarin geleë dat hy een van die eerste persone was wat die beginsel omskryf het dat alle menslike groepe 'n gemeenskaplike natuur het - 'n stelling wat as sodanig fundamenteel is aan enige teorie van menslike samewerking. Bogardus merk in die verband op: "Vico outlined the evolutionary character of society according to the spiral theory, namely, that society does return upon itself but that, when it completes a cycle, it is upon a higher plane of cooperation than when the given cycle began."[4]

Hugo Grotius (1583-1645). Hoewel Grotius se algemene wetenskaplike bydraes nie hier behandel is nie,[5] kan benewens sy bydrae tot die koöperatiewe teorie, ook sy definisie van die staat hier aangehaal word. Hy definieer die staat as: "... 'a perfect association of free men united for the sake of enjoying the benefits of law and for their common advantage'.."[6]

---

1) Vergelyk: Hoofstuk I, subhoof 1.3, p. 6.
2) Vergelyk: Hoofstuk III, subhoof 2.1, p. 116.
3) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 429. Vergelyk ook: Gettell, R.G., Op. cit., pp. 243-244 vir 'n samevatting oor Vico se politieke teorieë.
4) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 430.
5) Vergelyk onder andere:
   (i) Cook, T.I., Op. cit., p. 427 e.v.
   (ii) Gettell, R.G., Op. cit., p. 189 e.v.
   (iii) Furfey, P.H., Op. cit., pp. 225-226.
   (iv) Dunning, W.A., Op. cit. (1938), p. 153 e.v.
6) Grotius, H., "De Jure Belli ac Pacis" (1625), Boek I, Hoofstuk i afdeling xiv soos aangehaal in Merriam, C.E., Barnes, H.E., A History of Political Theories, Recent Times, p. 87.

Volgens Bogardus was dit Grotius wat die konsep samewerking ("cooperation") aan sosiale denke gegee het en wat die gedagte van toekomstige interstaatlike samewerking bevorder het. Hy het trouens 'n duidelike stel proposisies oor hierdie samewerking uitgewerk. "His work in this regard accentuated the importance of like-mindedness in matters of international polity."[1)]

Benedict Spinoza (1632-1677)[2)] Spinoza stel dit pertinent duidelik dat sonder 'n burgerlike samelewing en slegs in 'n natuurtoestand, die lewe skaars houdbaar is. Hy identifiseer 'n gebrek aan samewerking en beweer dat sonder wedersydse hulp die menslike lewe beswaarlik gehandhaaf kan word en die gees beswaarlik ontwikkel kan word.[3)] Gevolglik moet die mens opgevoed word om die voordele van koöperatiewe lewe in te sien. "As man comes to understand, step by step, the values of cooperative conduct, he will overcome, degree by degree, his egoistic impulses."[4)]

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die idee van samewerking nie alleen welbekend was in die vroeëre sosiale denke nie, maar dat op simplistiese wyse gepoog is om die idee teoreties-sistematies uit te bou. Voorgenoemde uiteensetting is voldoende om die teenwoordigheid en betekenis van die samewerkingsgedagte vóór Comte te illustreer. Vervolgens staan ons stil by die verdere ontwikkeling van die gedagte vanaf Comte.

2.2.2. Koöperatiewe teorieë vanaf Auguste Comte

2.2.2.1 Auguste Comte (1798-1857)[5)]

Comte se bydrae tot die samewerkingsgedagte is versprei in sy hele

---

1) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 430.
2) Vergelyk onder andere in verband met sy bydraes:
   (i) Dunning, W.A., Op. cit., p. 309 e.v.
   (ii) Hearnshaw, F.J.C. (redakteur), Op. cit. (1949), p. 204 e.v.
   (iii) Gettell, R.G., Op. cit., p. 231 e.v. (in verband met sy politieke teorie).
   (iv) Furfey, P.H., Op. cit., p. 213 e.v.
3) Furfey, P.H., Op. cit., p. 213.
4) Bogardus, E.S., Op. cit., pp. 430-431.
5) Vergelyk verder onder andere:
   (i) Coser, L.A., Op. cit. (1971), p. 3 e.v.
   (ii) Truzzi, M. (redakteur), Op. cit., p. 39 e.v.
   (iii) Timasheff, N.S., Op. cit., p. 17 e.v.
   (iv) Abraham, J.H., Op. cit. (1973), p. 103 e.v.
   (v) Aron, R., Op. cit., Volume I, p. 63 e.v.

sosiologiese bydrae. Comte verdeel naamlik die Sosiologie in twee afdelings: die sosiale statika en die sosiale dinamika. Eersgenoemde of te wel die sosiale orde, se onderliggende beginsel of grondslag is die verspreiding van funksies en die kombinasie van pogings of gesamentlike pogings ("efforts"). Die kombinasie van pogings word gerealiseer deur die institusie van regering.[1] Comte stel dit dan ook pertinent duidelik dat geen permanente sosiale verhoudings kan realiseer sonder politieke organisasie nie. Dit dien egter hier vermeld te word dat gesamentlike of koöperatiewe pogings nie alleenstaande faktore in die bepaling van sosiale orde is nie, maar dat Comte ook aan dwang 'n kardinale rol toeken.[2]

Dit is belangrik om daarop te wys dat Comte in sy sosiologiese bydrae in werklikheid die eerste verteenwoordiger van die positivistiese organisme uitmaak.[3]

Sosiale statika of sosiale orde is vir Comte alleen moontlik op die grondslag van 'n sekere gemeenskaplikheid van idees onder diegene wat 'n samelewing uitmaak. Timasheff stel in die verband: "The basic fact of social order is 'consensus universalis', the necessary correlation between the elements of a society. Such a consensus exists in all realms of life but reaches its climax in human society."[4] Timasheff wys daarop dat "consensus universalis" vir Comte die grondslag van solidariteit sowel as van arbeidsverdeling in die samelewing uitmaak.[5]

Uit die voorafgaande blyk dit minstens by implikasie duidelik dat solidariteit en konsensus 'n belangrike faset van Comte se sosiologie verteenwoordig.

2.2.2.2 Peter Kropotkin (1842-1921)

In Kropotkin se bydraes figureer die gedagte van wedersydse samewerking en solidariteit baie duidelik,[6] veel duideliker as uit

---

1) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 573.
2) Ibid., p. 579.
3) Martindale, D., Op. cit., p. 5 e.v. en p. 62 e.v.
4) Timasheff, N.S., Op. cit., p. 25.
5) Ibid., p. 25.
6) Vergelyk: Sorokin, P., (1928), Op. cit., p. 313.

die bydraes van Comte. Kropotkin was 'n lojale Darwinis wat in opstand was teen die vals geëtikeerde sosiaal-Darwiniste. Bogardus merk in die verband op dat Kropotkin daarop gewys het dat naas die bestaanstryd in die diereryk, daar ook in die evolusie-proses duidelike en sterk blyke van koöperasie is. Hy vervolg: "The logical conclusion of this treatment of evolution, according to Kropotkin, is not a phase of 'social Darwinianism' with its emphasis upon a biological struggle in the highest human realms, but a world of human association in which the cooperative spirit has risen to a position of control over physical force and egoistic desire."[1)]

Die gedagte van samewerking of koöperasie is sterk verteenwoordig in sy werke.[2)] In 'n ander werk verklaar hy: "Political economy has hitherto insisted chiefly upon 'division'. We proclaim 'integration'; and we maintain that the ideal of society - that is, the state towards which society is already marching - is a society of integrated, combined labour."[3)] Koöperasie en integrasie vorm dus kern fokuspunte in sy werke waarvoor hy ook algemeen erkenning ontvang het.[4)]

Kernagtig saamgevat, kan Kropotkin se koöperatiewe idees in hierdie verband, met spesifieke verwysing ook na enkele van sy politieke beskouinge,[5)] soos volg saamgevat word.

Kropotkin verwerp die gedagte van staatsoewereiniteit en formuleer 'n "teorie" oor die samelewing gefundeer op die hipotese dat sosiale orde, vrede en regverdigheid ten beste gehandhaaf kan word sonder 'n organisasie met die spesifieke funksie van gesags-koördinasie. Sy "teorie" van anargisme is dus gebaseer op die aanname dat gesag oor die mens onregverdig is. Hy beweer dat

---

1) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 431.
2) Vergelyk: Kropotkin, P., "Mutual Aid; A Factor in Evolution" soos aangehaal in Bogardus, E.S., Op. cit., pp. 442-447.
3) Kropotkin, P., Fields, Factories and Workshops, pp. 22-23.
4) Vergelyk:
   (i) Sorokin, P., Op. cit. (1928), p. 321.
   (ii) Becker, H., Barnes, H.E., Op. cit., Volume II, p. 659.
   (iii) House, F.N., Op. cit. (1929), p. 399.
5) Hierdie samevatting berus hoofsaaklik op Merriam, C.E., Barnes, H.E. (redakteurs), Op. cit., pp. 112-113 en pp. 205-210.

indien individue vry is om hulself te assosieer soos hulle goed dink, sal alle individue en groepe as gevolg van die natuurlike impuls van simpatie en wedersydse hulp, ook optree in 'n gees van wedersydse hulpverlening en in 'n gees van respek vir die belange van ander.

In die plek van die dwangstaat is Kropotkin van mening dat daar 'n vrye assosiasie van vrye groepe moet wees. Hy erken mense kan nie geïsoleerd en onafhanklik van mekaar leef nie, maar hul keuse van groepe moet vry wees en indien hulle hul van so 'n groep wil onttrek, moet dit hul vrystaan om dit te doen. 'n Federasie van sodanige groepe sal dan in 'n politieke organisasie resulteer wat nie van bo afgedwing word nie, maar wat van onder saamgestel is op die basis van onderlinge instemming.[1)]

Kropotkin se anargisme is egter nie so simplisties soos hier uiteengesit nie. Douglas wys in die verband op die belangrike ondersteunende beginsel van "die reg tot welsyn ("well-being")" wat in Kropotkin se ekonomiese organisasie realiseer en wat hy in sy werk Fields, Factories and Workshops uitbou.[2)] Hierop gaan ons egter nie verder in nie. Genoeg om hier te stel dat hy die beginsels van dwang en eie belang verwerp.

Vir Kropotkin, om die nodige integrasie in sy anargistiese gemeenskap te realiseer, is die biotiese beginsel van wedersydse hulp nodig. Met omvattende empiriese illustrasies wys Kropotkin in sy werk Mutual Aid; A Factor in Evolution daarop dat Darwin se beginsel van natuurlike seleksie verkeerd geïnterpreteer is; dat stryd nie die enigste faktor in die diereryk is nie, maar dat samebinding veel meer tipies is. "Those who do combine and cooperate have superior survival powers over those who play a lone hand, and there is thus bred in the survivors an instinct to protect and assist their fellows. Cooperation and not ruthless competition is then the law of life. Men can be trusted therefore with freedom."[3)]

---

1) Klaarblyklik gaan Kropotkin hier uit van die veronderstelling dat alle vorme van dwang prinsipieel onaanvaarbaar is. Die logiese vraag ontstaan of wedersydse hulp as sodanige genoegsame interne binding vir sy politieke organisasie en samelewing kan voorsien.

2) Douglas, P.H., "Proletarian Political Theory" uit Merriam, C.E., Barnes, H.E., Op. cit., p. 205.

3) Ibid., p. 208.

Met bogenoemde saaklike uiteensetting van Kropotkin se bydrae word hier volstaan.

2.2.2.3 Gustav Ratzenhofer (1842-1904)

Aangesien die omlyning van Ratzenhofer se bydrae reeds in 'n vorige hoofstuk gedoen is,[1] kan hier volstaan word met sy koöperatief-relevante gedagtes.

Uit die voorafgaande omlyning het dit geblyk dat dwang en belange die fundamentele beginsels van sy bydrae verteenwoordig. In hierdie verband merk Bogardus tereg op dat die sosiale proses deur Ratzenhofer ontleed is, beide in terme van konflik en koöperasie.[2]

Small vat Ratzenhofer se bydrae tot die onderhawige tema goed saam as hy stel dat die balans tussen konflik enersyds en koöperasie, korrelasie en konsensus andersyds korrek deur Ratzenhofer geformuleer is. Hy wys daarop dat konflik vir Ratzenhofer wel universeel is, maar dat dit neig om in koöperasie opgelos te word. Sosialisering is die transformasie vanaf konflik na koöperasie.[3]

Ten spyte van die klem wat Ratzenhofer op dwang plaas, moet sy bydrae met betrekking tot belange en die toenemende mate van koöperasie as 'n bydrae in hierdie verband beskou word.

2.2.2.4 Albion W. Small (1854-1926)[4]

Soos in die geval van Ratzenhofer sal slegs Small se koöperatief-relevante gedagtes hier saaklik aangestip word. Bogardus wys daarop dat Small Ratzenhofer se teorie oor belange gekorrigeer, gemodifieer en selfs verfyn het.[5] Soos reeds aangetoon, is belange die sentrale tema in Small se sosiologiese beskouings.

Hy identifiseer ses groepe belange.[6] Uit die poging ter bevrediging

---

1) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 4.3, p. 324.
2) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 433.
3) Small, A.W., Op. cit., p. 499 (vergelyk ook: p. 216).
4) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 4.6, p. 331.
5) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 434.
6) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 4.6, p. 332.

van die belange spruit weliswaar belangekonflik, maar in die sosiale proses, hetsy in die individuele lewe of in assosiasie, gaan dit om die realisering van latente belange.

Vir Small is stryd en samewerking ("reciprocity") funksies van mekaar.[1] Talle groepsfenomene kan nie realiseer tensy daar 'n mate van wederkerige hulpbetoon in die groep is nie. Small verklaar in die verband verder: "... while an element of conflict is always present in social relations, we have now to consider phases of the movement from a maximum toward a minimum of conflict, or from a minimum toward a maximum of helpful reciprocity".[2]

Die sosiale proses is dus 'n konstante aanpassing tussen konflikkragte en kragte van sosialisering tot groter samewerking.[3]

Dat die sosialiseringsproses 'n kernfaktor verteenwoordig in samewerking ten einde enersyds 'n minimum van ooreenstemming tussen koöperatiewe lede in 'n gemeenskap te bemoontlik en andersyds om 'n minimum van durendheid in die koöperatiewe bestel te verseker, kan nie betwyfel word nie.

Op die sosialiseringsverskynsel gaan ons hier nie verder in nie. Dit is genoeg om hier te meld, na analogie van Burgess,[4] dat vir die groep sosialisering die psigiese artikulasie van die individu in kollektiewe aktiwiteite beteken. Vir die individu beteken sosialisering die bewuste modifisering van sy gedrag en vorming van sy doelstellings ten einde koöperatiewe aktiwiteite effektief te kan bevorder en die groter welsyn van die groep te kan verseker. Vergelyk in die verband ook die bydraes van Carver, Bogardus, Ross en Simmel.[5]

2.2.2.5 Leonard T. Hobhouse (1864-1929)

Hobhouse is van mening dat daar drie sosiale kragte is wat integrasie in die samelewing bewerkstellig, naamlik die verwantskapsbeginsel, die gesagsbeginsel en die burgerskapsbeginsel.[6] Hobhouse

---

1) Small, A.W., Op. cit., p. 325.
2) Ibid., p. 325.
3) Vergelyk: Bogardus, E.S., Op. cit., pp. 435-436.
4) Burgess, E.W., "The Function of Socialization in Social Evolution", p. 2 soos opgeneem in Bogardus, E.S., Op. cit., p.438.
5) Vergelyk: Bogardus, E.S., Op. cit., pp. 437-441.
6) Hobhouse, L.T., "Social Evolution and Political Theory", p. 128 e.v. soos opgeneem in Bogardus, E.S., Op. cit., pp. 361-362.

se sosiologiese bydraes is tot op groot hoogte geleë in 'n interpretasie van die samelewing in terme van toenemende koöperasie.

Bogardus wys daarop dat Hobhouse sosiale vooruitgang definieer as: "... the development of the principle of union, order, cooperation, and harmony among individuals. He has described a certain mutual interest, similar to Giddings' consciousness of kind, which has served to keep individuals together, from the lowest groups of savages to the highest civilized groups."[1)]

In sy werk The Elements of Social Justice beskryf Hobhouse sosiale harmonie[2)] soos volg: Hy stel eerstens dat sosiale en politieke institusies nie op sigself doelstellings is nie, maar organe van die sosiale lewe beliggaam - goed of sleg, ooreenkomstig die gees daarvan. Die sosiale ideaal is ook nie te soek in die foutlose, onveranderlike sisteem van 'n institusionele utopie nie, maar in: "... the lore of a spiritual life with its unfailing spring of harmonious growth unconfined."[3)]

Dit is in hierdie verband dat hy onder andere duidelik aantoon dat orde en harmonie nie aan mekaar gelykgestel kan word nie. Veral orde, wat op onderdrukking berus, is nie sinoniem met harmonie nie, aangesien konflik in so 'n orde nog steeds potensieel bestaan. Hobhouse ontken nie die bestaan van diepgewortelde impulse waarmee kompromie net nie gesmee kan word nie. Laasgenoemde moet aanvaar word en ter wille van 'n eliminering van die negatiewe effek daarvan moet dit beheer word.

Op ietwat idealistiese wyse, dog nie heeltemal onlogies nie, vervolg Hobhouse dan: "If something fundamental and ineradicable is persistently repressed, there is a permanent disharmony. Conversely a harmonious personality develops in so far as the fundamental needs find satisfying expression in a consistent life. Just the same principles apply in social relations."[4)] Ter wille

---

1) Hobhouse, L.T., "Social Evolution and Political Theory", p. 127 soos opgeneem in Bogardus, E.S., Op. cit., p. 441.
2) Hobhouse, L.T., The Elements of Social Justice, pp. 24-27.
3) Ibid., p. 13.
4) Ibid., p. 25.

van orde is dit vir hom moontlik en selfs nodig om 'n mate van onderdrukking te gebruik: "...but in so far as that which is silenced is the voice of any real and persistent need of any class of men there remains a standing disharmony, ..."[1] Harmonie is vir hom 'n buigsame aanname wat nie vernietig nie, maar wel hervorm.

Dit is alleen deur samewerking, ten spyte van natuurlike opposisie en belemmering dat hierdie ideaal verwesenlik kan word. Die vernietigende kragte moet deur die wil tot koöperasie oorkom word.[2]

2.2.2.6 Charles H. Cooley (1864-1929)

Bogardus wys daarop dat die sosiale proses vir Cooley nie net konflik omvat nie, maar 'n groeiproses wat 'n toenemende menslike, rasionele en koöperatiewe wese daarstel.[3]

Nie net in die sosiale proses is koöperasie 'n belangrike fokuspunt by Cooley nie. Met betrekking tot die sosiale bewussyn merk hy op dat dit die koöperatiewe aktiwiteit van talle bewussyne is.[4] Die gedagte van koöperasie is implisiet in vele fasette van sy bydrae waarneembaar.[5]

2.2.2.7 Robert E. Park (1864-1944)[6]

Aangesien Park se bydrae in medewerking met Burgess reeds in 'n vorige hoofstuk weergegee is met eksplisiete verwysing na konflik as fase in hul analise van sosiale prosesse, kan met betrekking tot hul bydrae oor samewerking net weer daarop gewys word dat die akkommodasie- en assimilasiefases beide samewerking veronderstel.[7]

---

1) Ibid., pp. 25-26.
2) Ibid., p. 27.
3) Bogardus, E.S., Op. cit., p. 441.
4) Cooley, C.H., Social Organization (1927), p. 10.
5) Vergelyk:
   (i) Ibid., p. 13 e.v., p. 32 e.v., p. 127 e.v., p. 239 e.v. en p. 402 e.v.
   (ii) Cooley, C.H., Human Nature and the Social Order (1922), p. 3 e.v., p. 81 e.v., p. 136 e.v. en p. 358 e.v.
6) Vergelyk: Hoofstuk VII, subhoof 3., p. 352 e.v.
7) Vergelyk: Hoofstuk VII, subhoof 3.1.3, p. 360 e.v. en subhoof 3.1.4, p. 362 e.v.

Met hierdie saaklike uiteensetting van die koöperatiewe fase in die konsensusbenadering kan hier volstaan word. Dit is egter belangrik om daarop te let dat, net soos in die geval van Cooley, die gedagte van koöperasie, integrasie of konsensus implisiet in talle ander vroeë sosioloë se werke te bespeur is.[1] Hier is egter gepoog om aan die hand van enkele sosioloë wat aan die fenomeen aandag gegee het, 'n verwysingspunt te rekonstrueer teen die agtergrond waarvan konsensus in sy wyer konnotasie gesien kan word, en wat andersyds ook implisiet of eksplisiet as intellektuele voedingsbron vir die verdere eksposisie van die konsensusbenadering gedien het.

Ten spyte van die arbitrêre keuse in die seleksie van eksponente van die "koöperatiewe fase", kan gestel word dat 'n moontlike verwysingsraamwerk van 'n model vir ontleding van die samelewing in terme van koöperasie soos volg daar kan uitsien: Eerstens, is koöperasie ondermeer ingebed in belange. Tweedens, is die proses van sosialisering vir belange-oordrag nodig. Derdens, kan harmonie met betrekking tot belange deur samewerking verkry word, hoewel dwang moontlik en nodig is. Vierdens, kan koöperasie resulteer in akkommodasie of assimilasie van groepe.

Hoewel hierdie raamwerk in die lig van die bydraes van eksponente in voetnoot 1, p. 409 genoem, uitgebrei kan word, is bogenoemde raamwerk genoegsame agtergrond om verdere klemverskuiwings in die ontwikkeling van die konsensusbenadering na te speur.

---

1) Vergelyk:
   (i) Baldwin, J.M., Social and Ethical Interpretation in Mental Development, p. 459 e.v., p. 492 e.v., p. 527 e.v. p. 537 e.v. en p. 573 e.v.
   (ii) Giddings, F.H., Op. cit. (1926), p. 127 e.v., p. 154 e.v. en p. 175 e.v. (veral p. 178 e.v.).
   (iii) Giddings, F.H., Op. cit. (1928), p. 38, p. 71, p. 114, p. 141, p. 157, p. 201, p. 204, p. 261 en p. 262.
   (iv) Ward, L.F., Dynamic Sociology (1968), Volume II, pp. 573-603 (met betrekking tot konsensus en arbeidsverhoudings).
   (v) Ward, L.F., Op. cit. (1914), pp. 206-215 en p. 247 e.v.
   (vi) Ross, E.A., Social Psychology, in geheel, maar veral p. 43 e.v., p. 63 e.v. en p. 330 e.v.
   (vii) Durkheim, E., The Division of Labor, p. 49 e.v., p. 70 e.v. en p. 111 e.v., (met betrekking tot sy onderskeiding van twee tipes solidariteite).

3. Die behavioristiese fase[1] van die konsensusbenadering met spesifieke verwysing na enkele eksponente van die handelingsvertakking se bydraes in hierdie verband

3.1 Inleiding en agtergrond

Hoewel die "koöperatiewe fase" vanaf die ontstaan van die Sosiologie inderdaad begin is met die bydrae van Comte - waarmee die eerste teoretiese fase te wete die positivistiese organisme in die ontwikkelingsgeskiedenis van die sosiologiese teorie aangesny is - is ook met die aanstip van die bydraes van Park, Burgess en Ross die formalistiese fase aangeraak en in die bydraes van onder andere Giddings en Ross ook die behavioristiese fase betree. Dit is in die onderhawige verband egter nie eksplisiet aangetoon nie.

---

1) Waar die term "behaviorisme" hier gebruik word, word daar in werklikheid sosiaal-behaviorisme bedoel. Hierdie kwalifikasie is nodig in die lig van die feit dat daar tussen behaviorisme en behavioralisme onderskei kan word - twee begrippe wat nie noodwendig as sinonieme gesien hoef te word nie. (Vergelyk: Sibley, M.Q., "The Limitations of Behaviorism" in Charlesworth, J.C. (redakteur), Contemporary Political Analysis, pp. 51-52). Na ons mening kan 'n moontlike verskil in betekenis gekoppel word aan 'n verskil in historiese oorsprong. Die sosiaal-behaviorisme kan teruggevoer word tot neo-idealisme, neo-Hegelianisme en pragmatisme van die negentiende eeu (vergelyk: Martindale, D., Op. cit., pp. 287-233). Behavioralisme kan teruggevoer word tot die negentiende eeuse Sielkunde-tradisie (vergelyk:
   (i) Meehan, E., Contemporary Political Thought, A Critical Study, pp. 190-205;
   (ii) Osgood, C.E., "Behavior Theory and the Social Sciences" in Young, R. (redakteur), Approaches to the Study of Politics, pp. 217-244, beide Meehan en Osgood gebruik egter die begrip Behaviorisme;
   (iii) Sibley, M.Q., "The Limitations of Behaviorism" soos opgeneem in Charlesworth, J.C. (redakteur), Op. cit., pp. 51-52).

   Aangesien in hierdie subhoof egter gekonsentreer word op die handelingsvertakking van die (sosiaal-)behaviorisme, gaan ons nie verder op genoemde problematiek in nie. Dit is voldoende om hier te meld dat die sosiaal-behaviorisme, die verskillende vertakkings daarvan ten spyt, (1) met 'n behavioristiese definisie van die Sosiologie gewerk het en (2) empiriese metodes vir sosiologiese studie daargestel het (vergelyk: Martindale, D., Op. cit., p. 285).

Waar die formaliste reeds vroeër ter sprake was,[1] kan ons vervolgens slegs aandag gee aan enkele leemtes en probleme ingebed in hierdie benadering.

Sorokin[2] wys in die verband onder andere daarop dat die formaliste se bydrae nie werklik so oorspronklik was nie. Hulle onderskeiding tussen vorm en inhoud was óf foutief óf verteenwoordig 'n onderskeiding waarop dit onmoontlik is om Sosiologie as 'n spesiale wetenskap te bou. 'n Verdere aanname van die formaliste was dat die vorme van sosiale verhoudings nie deur ander wetenskappe bestudeer word nie - hierdie aanname word egter nie deur die feite onderskraag nie. Voorts hou die formaliste hulself inderdaad nie aan hul eie beginsels nie.

Martindale,[3] ter aanvulling van Sorokin se kritiek, wys daarop dat die formaliste veral met twee probleme te doene gekry het. Eerstens was die onderskeiding tussen vorm en inhoud nooit na behore deur hulle geregverdig nie. Tweedens het formalisme sigself by herhaling bewys as 'n benadering wat neig om nie-empiries georiënteerd te wees.

Hoewel ons in hierdie subhoof op enkele eksponente van die handelingsvertakking in die behavioristiese fase van die sosiologiese ontwikkeling sal konsentreer, kan hier gemeld word dat die behaviorisme[4] as opponerende skool van die formalisme ontstaan en ontwikkel het. Die begrip behaviorisme is ontleen van George Herbert Mead.[5]

Oor die behaviorisme stel Martindale die volgende: "The school worked with a behavioral definition of the materials of sociological science, in contrast to the structural definition of organismic positivism and conflict theory, on the one hand, and to the rela-

---

1) Vergelyk:
   (i) Hoofstuk VII, subhoof 2., p. 344.
   (ii) Hoofstuk VII, subhoof 3., p. 352.
   (iii) Hoofstuk VII, subhoof 4., p. 364.
2) Sorokin, P., Op. cit. (1928), pp. 495-507.
3) Vergelyk: Martindale, D., Op. cit., pp. 285-287.
4) Vergelyk: Ibid., p. 285.
5) Vergelyk (oor Mead): Coser, L.A., Op. cit. (1971), pp. 333-356.

tional definition of the formalists, on the other. It attempted to devise new empirical methods of sociological study, avoiding both the methodological weaknesses of the early schools and the anti-empirical tendencies in formalism."[1)]

Hoewel drie vertakkings van sosiale behaviorisme onderskei kan word, te wete die pluralisties-behavioristiese vertakking, simboliese interaksionisme en die sosiale handelingsvertakking, bepaal ons die aandag vervolgens by enkele eksponente van laasgenoemde vertakking. Die primêre motivering hiervoor is die groter polities-sosiologiese relevansie van die bydraes van hierdie vertakking se eksponente soos duidelik sal blyk uit die hieropvolgende uiteensetting. Dit moet hier pertinent beklemtoon word dat uit die onderstaande bydraes sal blyk dat in die hierbehandelde eksponente se uiteensettings nie op konflik gefokus word nie, maar implisiet of eksplisiet op konsensus of op variasies van konsensus; vandaar die onderskeiding van 'n tweede "fase" van konsensusontwikkeling, naamlik die handelingsvertakking van die sosiale behaviorisme. Daar sal gepoog word om twee fasette in die eksponente se bydraes in handelingsperspektief uit te wys. Eerstens, hul polities-sosiologies relevante bydraes en tweedens, die konsensuele aspek in hul bydraes. Die sosiale handelingsvertakking het as primêre fokuspunt gehad betekenisvolle sosiale handeling en aanverwante konsepte. Die persoon wat in hierdie verband 'n fundamentele bydrae gelewer het, was Max Weber. Vervolgens staan ons stil by sy bydrae in die verband, sowel as by diè van MacIver en Parsons onderskeidelik.

3.2 Max Weber (1864-1920)

Aangesien Weber se polities-sosiologies relevante bydrae reeds aangestip is,[2)] konsentreer ons vervolgens slegs op sy handelingsbenadering en sal gepoog word om implisiet die konsensuele faset daarvan uit te wys. Waar Weber se bydrae tot die Politieke Sosiologie as behorende tot sy toegepaste sosiologiese bydrae getipeer kan word, kan sy handelingsbenadering as sy meer teoretiese bydrae getipeer word.[3)]

---

1) Martindale, D., Op. cit., p. 285.
2) Vergelyk: Hoofstuk V, subhoof 1.2, pp. 229-245.
3) Vergelyk: Martindale, D., Op. cit., p. 383 en p. 384 e.v.

Reeds uit Weber se definisie van die Sosiologie blyk sy beklemtoning van handeling duidelik. "Sociology ... is a science which attempts the interpretive understanding of social action in order thereby to arrive at a causal explanation of its course and effects."[1)]

Oor sosiale handeling verklaar Weber dat alle menslike gedrag, waar en in soverre as wat die handelende individu 'n subjektiewe betekenis daaraan koppel, daarby ingesluit is. Voorts kan handeling positiewe betrokkenheid, weerhouding of passiewe berusting insluit.

Handeling is voorts sosiaal op sterkte van die subjektiewe betekenis wat daaraan gekoppel word deur die handelende akteur en in soverre dit die gedrag van andere in berekening bring en daardeur georiënteer word.[2)] Die konsep "sosiale handeling" omvat vir Weber ook die volgende:[3)] 'n Versuim om te handel en 'n passiewe berusting en kan georiënteer wees tot die verlede, hede en verwagte toekomstige gedrag van ander. Die "ander" hier ter sprake kan individuele persone bekend aan die akteur wees of 'n onbekende pluraliteit heeltemal onbekend aan die akteur.

Alle handeling is ook nie sosiale handeling nie. Subjektiewe houdings vergestalt sosiale handeling slegs in soverre as wat dit georiënteer is tot die gedrag van ander. Eweneens is nie elke tipe kontak tussen mense sosiaal nie, maar slegs daardie gedrag van die akteur wat betekenisvol georiënteer is tot dié van ander. Sosiale handeling is ook nie identies aan óf die soortgelyke handelinge van talle persone óf aan handeling beïnvloed deur ander persone nie. Weber onderskei dan ook vier tipes sosiale handeling te wete doelgeoriënteerde, affeksie-georiënteerde, waardegeoriënteerde en tradisioneel georiënteerde sosiale handeling.[4)]

Vir ons doeleindes is Weber se siening van sosiale verhouding eweneens van belang. Hy impliseer met dié begrip die volgende: "The term 'social relationship' will be used to denote the behaviour of a plurality of actors in so far as, in its meaningful

---

1) Weber, M., Op. cit. (1966), p. 88.
2) Ibid., p. 88.
3) Die volgende samevatting berus op Ibid., pp. 112-115.
4) Ibid., p. 115.

content, the action of each takes account of that of the others and is oriented in these terms. The social relationship thus 'consists' entirely and exclusively in the existence of a 'probability' that there will be, in some meaningfully understandable sense, a course of social action."[1)]

Hieruit lei Weber onder andere af dat dit essensieel is dat daar 'n minimum wedersydse oriëntasie van handeling van elkeen tot die ander moet wees. Die relevante betekenis in hierdie konteks is vir Weber nie 'n normatiewe korrekte of metafisies ware betekenis nie, maar 'n toegeskrewe betekenis deur die betrokke partye in die situasie. Voorts hoef hierdie subjektiewe betekenis nie vir almal dieselfde te wees nie. Die verhouding kan tydelik wees of bestaan in wisselende grade van permanensie. Die subjektiewe betekenis van 'n sosiale verhouding kan ook verander. Die relatiewe konstante betekenisinhoude in 'n sosiale verhouding omvat ook bepalings wat die betrokke partye in die verhouding van mekaar verwag om hulle breedweg aan te hou. Laastens kan op die betekenis van 'n sosiale verhouding besluit word deur wedersydse instemming ("consent").

Weber onderskei verskillende oriëntasiewyses van sosiale handeling.[2)] Hy onderskei ondermeer gebruike ("Brauch"), gewoontes ("Sitte") ("custom"), modes ("Mode") ("fashion"), wet en ook 'n uniformiteit in sosiale handeling wat nie bepaal is deur 'n oriëntasie tot enige soort norm wat as geldig beskou word nie, maar handeling wat berus op die feit dat dit uit die aard van die geval die beste aanpassingswyse vir die akteurs is,[3)] en wel in terme van die normale belange van die akteurs soos deur hulself gesien.

Uit bogenoemde uiteensetting is dit duidelik dat die subjektief-bedoelde betekenis vir Weber 'n kousale faset in handeling is, 'n fundamentele aanname wat alle ander insluit. Martindale wys egter in die verband daarop dat hierdie nie 'n unieke bydrae van Weber is nie, maar dat etlike ander behavioriste ook aan hierdie gedagte uiting gegee het.[4)] Weber verdien egter volle krediet vir die uiteensetting en groter detaillering van die gedagte.

---

1) Ibid., p. 118.
2) Ibid., pp. 120-123.
3) Vergelyk ook: Martindale, D., Op. cit., p. 389.
4) Ibid., p. 387.

Dit is belangrik om daarop te let dat die sisteemgedagte reeds by Weber 'n belangrike faset van sy werk uitmaak,[1] en dat Martindale sosiale handeling en sosiale verhoudings as belangrike komponente daarvan sien.[2]

Waar Weber se bogenoemde teoreties-sosiologiese postulate dan ook beslag vind in sy toegepaste sosiologiese bydrae, en waar spesifiek aanvaar word dat sy beskouings sisteem-relevansie openbaar, word hy dan ook hiervoor gekritiseer.[3] Aangesien ons later meer spesifiek stilstaan by die sisteemgedagte gaan ons op genoemde kritiek hier nie verder in nie.

'n Dilemma wat pertinent hieruit voorspruit, is dat Weber die konflikfenomeen nie buite rekening laat nie.[4] Gevolglik wil dit oënskynlik voorkom of die handelingsfaset soos verbeeld deur Weber, nie as 'n fase van die konsensusbenadering sou kon geld nie. Word Weber se geheel sosiologiese bydrae egter ontleed,[5] blyk dit gou duidelik dat sy fokuspunt nie konflik was nie. Uit sy opheldering van sosiale handeling soos dit realiseer in variante vorms en spesifiek sosiale verhoudings, 'n verenigde groep ("corporate group") en organisasies, kan met reg gekonstateer word dat Weber beslis nie 'n konflikteoretikus is nie, maar dat hy ten minste geklassifiseer kan word as behorende tot die konsensusteoretici.

Soos later aangetoon sal word, vorm Weber se bydrae in dié verband die fundamentele grondslag waaruit 'n handelingsverwysingsraamwerk af te lei is, of minstens dan beginsels vir so 'n raamwerk.

---

1) Weber, M., Op. cit. (1966), p. 78 e.v.
2) Martindale, D., Op. cit., p. 391.
3) Vergelyk:
   (i) Sorokin, P., Op. cit. (1928), p. 673 en p. 683.
   (ii) Sorokin, P., Op. cit. (1966), pp. 119-125.
4) Weber, M., Op. cit. (1966), p. 132 e.v.
5) Vergelyk:
   (i) Weber, M., Basic Concepts in Sociology (1962), pp. 29-84 en pp. 91-123.
   (ii) Weber, M., Op. cit. (1966), (in geheel).
   (iii) Weber, M., The Protestant Ethic and the Spirit of Capitalism (1970), (in geheel).
   (iv) Gerth, H.H., Mills, C.W., (redakteurs), Op. cit., pp. 46-50 en pp. 61-74 e.v.
   (v) Vergelyk ook bronne in verband met Weber soos vermeld in Hoofstuk V.

3.3 Robert M. MacIver (1882 [1])

Wat MacIver se handelingsbenadering betref, kan na aanleiding van Roode[2] se uiteensetting in die verband gekonkludeer word dat MacIver se handelingsbenadering berus op sy aanname oor sosiale verhouding wat gefundeer is in 'n wedersydse bewuswees ("mutual awareness") tussen mense en die feit dat hulle teenoor mekaar optree op 'n wyse wat bepaal word deur hul erkenning van mekaar. Hierdie aanname omvat, volgens Roode, die subjek-objek onderskeiding van die sosiale handelingsteorie. Voorts is die subjektiewe bedoelings of belange van die individue van fundamentele betekenis wat afgelei kan word uit MacIver se onderskeiding van houdings en belange[3] en die betekenis wat hy daaraan koppel.[4]

MacIver, in medewerking met Page, stel onder andere: "Terms of the first group (hier verwys die skrywers na begrippe soos vrees, liefde, trots en simpatie) connote 'attitudes'; those of the second, 'interests'. (Met laasgenoemde word begrippe soos vriend, familie en vyand bedoel.) The former signify 'subjective' reactions, states of consciousness 'within' the individual human being, with relation to 'objects'. The latter signify the objects themselves ... Social relationships always involve 'both' attitudes and the interests to which they are related ..."[5]

Met betrekking tot middele en toestande wat verdere beginsels van die handelingsbenadering konstitueer, stel Roode die volgende oor MacIver: "Wat sy beskouing omtrent doelgerigte optrede in 'n situasie betref, lê die belangrikste aspekte daarvan opgesluit in sy 'dinamiese waardasie' van die situasie. Hy erken eerstens dat daar bepaalde onveranderlike toestande is waarmee die agent of akteur te doen kry, maar dat daar sekere aspekte of middele is

---

1) Vir 'n uiteensetting van MacIver as handelingsteoretikus, vergelyk:
   (i) Roode, C.D., Robert MacIver, 'n kritiese waardering van sy sosiologiese beskouings, Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1964, pp. 496-517 (Band II).
   (ii) Martindale, D., Op. cit., pp. 405-410.
2) Roode, C.D., Op. cit. (1964), pp. 513-516. (Die onderhawige uiteensetting berus primêr op genoemde bron).
3) Vergelyk:
   (i) MacIver, R.M., Page, C.H., Op. cit., p. 23 e.v.
   (ii) MacIver, R.M., The Elements of Social Science (1931), pp. 64-79.
4) Vergelyk ook: Roode, C.D., Op. cit. (1964), p. 514.
5) MacIver, R.M., Page, C.H., Op. cit., p. 24.

wat wel veranderlik is. Hierdie middele word deur die agent 'waardeer' en 'n keuse tussen hierdie alternatiewe middele word gemaak as 'n voorvereiste vir sosiale handeling."[1)]

MacIver stel in die verband onder andere: "Every particular conscious act involves a decision between alternatives, and every decision is free, in the sense already indicated. What is free, however, is the choice between alternatives, 'not the choice of what the alternatives shall be'. The agent assesses the conditions of decision, he does not make them."[2)] Hy stel verder: "A preliminary to conscious activity is a decision between alternatives - ... In the process of decision-making the individual assesses a situation in the light of these alternatives."[3)]

Ten slotte stel hy: "The dynamic assessment brings the external world selectively into the subjective realm, conferring on it subjective significance for the ends of action."[4)] Hoewel MacIver die subjektiwiteit en problematiek van hierdie keuse-uitoefening bespreek, staan ons hierby nie verder stil nie.[5)] Met betrekking tot MacIver se beskouing merk Roode voorts op: "Om indiwiduele handelinge behoorlik te verstaan, sou meebring dat die sosioloog homself met 'simpatieke rekonstruksie' in die situasie soos deur andere waardeer, moet projekteer, en wel met die hulp van twee tipes getuienis of gegewens. 'One consists of the depositions, avowels, confessions, justifications, and other testimonies offered by agents, participants or witnesses, professedly or ostensibly giving their own answers, on the ground of their inside or close-up knowledge ... The other main type of evidence consists of those indications, other than direct testimony, that help us to place the particular behaving in its meaningful context'."[6)]

Uit bogenoemde blyk MacIver se handelingsbenadering minstens gedeeltelik duidelik. Waar etlike ander sosioloë ook as handelingsteoretici geklassifiseer sou kon word,[7)] gee ons in terme van ons

---

1) Roode, C.D., Op. cit. (1964), pp. 514-515.
2) MacIver, R.M., Social Causation (1964), p. 241 (vergelyk ook: pp. 234-242).
3) Ibid., p. 296.
4) Ibid., p. 297.
5) Vergelyk: Ibid., p. 297 e.v.
6) Roode, C.D., Op. cit. (1964), pp. 515-516.
7) Vergelyk: Martindale, D., Op. cit., pp. 376-437.

voorafgaande kriteria vir die hierbehandelde eksponente van die handelingsbenadering 'n saaklike uiteensetting van MacIver se polities-sosiale bydrae.[1] Vir hierdie bydrae geniet MacIver algemene erkenning.[2]

3.3.1 Die polities-sosiologies relevante bydrae van MacIver

MacIver identifiseer die volgende fases in die ontwikkeling van die samelewing:[3] die dorpsgemeenskap, stadsgemeenskap, feodale gemeenskap en die nasiegemeenskap. Vir ons doeleindes is MacIver se siening van laasgenoemde belangrik.

Hy verklaar naamlik in dié verband: "The nation community, like every other, is an ideal. It is an ideal which has determined and is still very effective in determining the conduct of men. It is the ideal of a community held together, and apart from others, by the sense of nationhood, the consciousness of being a people, sharing on a common soil certain rather subtle characters and qualities which require for their expression a single political government ... It is the active sense of belonging together, extended beyond that which inspired the tribe or the city by the great agencies of intercommunication, social, cultural, and economic, which have widened the thoughts of men."[4]

MacIver wys ook op die verband tussen belange en assosiasies.[5] Hy wys daarop dat politieke belange 'n universele verskynsel by die mens is. Vir hom is politieke belange nie slegs 'n universele verskynsel nie, maar in werklikheid 'n noodsaaklike toestand via die uitoefening van alle ander belange. Hy stel in die verband die volgende: "An authoritative system of government, sanctioned rules in accordance with which men can confidently conduct enter-

---

1) Vergelyk:
   (i) MacIver, R.M., The Web of Government (1947), (in geheel).
   (ii) MacIver, R.M., The Ramparts We Guard (1960), (in geheel).
   (iii) MacIver, R.M., Page, C.H., Op. cit., pp. 453-467.
   (iv) MacIver, R.M., Power Transformed (1964), (in geheel).

2) Vergelyk:
   (i) Bramson, L. (redakteur), Robert MacIver on Community Society and Power, p. 1
   (ii) Spitz, D. (redakteur), Op. cit., p. xv e.v.

3) MacIver, R.M., Op. cit., (1931), pp. 20-44.

4) Ibid., p. 39.

5) Ibid., p. 64 e.v.

prises and enter into contracts, an established order of enforceable rights and obligations, so as to provide protection and essential liberty - this is a necessary condition of the pursuit of other interests ... the political order is therefore a means through which all other interests are secured."[1)]

Vir hom is die omvattende politieke assosiasie die staat, en resulteer politieke belange in die staat as assosiasie.[2)]

MacIver se omvattende polities-sosiologies relevante bydrae kan waarskynlik verklaar word aan die hand van sy eie agtergrond[3)] en akademiese ontwikkeling. Met betrekking tot laasgenoemde is dit belangrik om daarop te wys dat hy sy akademiese loopbaan begin het as dosent in die Staatsleer.[4)]

MacIver se polities-sosiologies relevante bydrae omvat dan ook 'n fenomenale terrein.[5)] Voorts kan na analogie van Spitz in dié verband met reg opgemerk word dat MacIver 'n multi-dimensionele denker was.[6)]

Kernagtig kan enkele van MacIver se prominentste bydraes hier vermeld word. In samewerking met Page gee hy 'n uiteensetting van die politieke assosiasie, die funksies van die staat en die verband tussen die staat en die groter samelewing.[7)] In sy werk The Web of Government gee hy 'n uiteensetting van die staat, die grondslae van gesag, die verskillende regeringsvorme, regeringsveranderinge en enkele bevindinge rakende 'n teorie van regering.[8)] Naas sy kritiese analise van mag en magsuitoefening,[9)] het MacIver ook bydraes gelewer in 'n veeltal artikels oor 'n groot verskeidenheid polities-sosiologiese temas.[10)]

Uit sy talle bydraes blyk MacIver se besondere belangstelling in

---

1) Ibid., pp. 71-72.
2) Ibid., p. 74.
3) Vergelyk: Bramson, L. (redakteur), Op. cit., p. 5.
4) Ibid., p. 7.
5) Vergelyk: Bramson, L. (redakteur), Op. cit., pp. 309-316.
6) Spitz, D. (redakteur), Op. cit., p. xi.
7) MacIver, R.M., Page, C.H., Op. cit., p. 453 e.v.
8) MacIver, R.M., Op. cit. (1947), (in geheel).
9) MacIver, R.M., Op. cit. (1964), (in geheel).
10) Vergelyk: Spitz, D., Op. cit., (in geheel).

demokrasie egter duidelik.[1] In sy outobiografie verklaar MacIver in dié verband: "The virtue of democracy is that it has placed limits on the absoluteness of power. The value of this service to mankind is beyond estimation. It has made citizens out of subjects, free men out of bondmen ..."[2]

Met hierdie saaklike verwysing na enkele fasette van MacIver se polities-sosiologies relevante bydrae word volstaan.

3.4 Talcott Parsons (1902-)

Dit sou 'n saak van onmoontlikheid wees om binne die raamwerk van hierdie studie reg te laat geskied aan Parsons se hele sosiale handelingsteorie.[3] Trouens, dit sou meer korrek wees om te praat van sy handelingsbenadering, aangesien hyself dit nie aanvanklik as 'n duidelik onderskeibare teorie bedoel het nie.[4] Vervolgens egter 'n saaklike samevatting van Parsons se sogenaamde handelingsteorie. Eerstens sal gepoog word om Parsons se werkswyse weer te gee; daarna om 'n saaklike weergawe van sy teorie na analogie van Sorokin te gee en ten slotte om Parsons se eie weergawe van sy handelingsteorie, met spesifieke verwysing na die polities-sosiale realiteit, te rekonstrueer.

Martindale[5] wys daarop dat Parsons met betrekking tot sy handelingsteorie tot op groot hoogte deur Weber beïnvloed is, veral wat sy werk The Structure of Social Action betref. In genoemde werk sien Parsons sy taak om 'n studie in sosiale teorie te loods en nie teorieë nie. Hy wou 'n sistematies teoretiese beredenering van die teorie van sosiale handeling gee, waarvan die ontwikkeling nagespeur kan word deur 'n kritiese ontleding van die bydraes van enkele denkers, waaronder Weber. Hierdie sogenaamde teorie was

---

1) Vergelyk: MacIver, R.M., Op. cit. (1960), (in geheel).
2) MacIver, R.M., As a Tale that is told: The Autobiography of R.M. MacIver, p. 132.
3) Vergelyk veral:
   (i) Parsons, T., Op. cit. (1949), (in geheel).
   (ii) Parsons, T., Bales, R.F., Shils, E.A. (redakteurs), Working Papers in the Theory of Action, (in geheel, maar veral pp. 31-110).
   (iii) Parsons, T., Shils, E.A. (redakteurs), Toward a General Theory of Action, (in geheel, maar veral pp. 3-233).
   (iv) Parsons, T., Essays in Sociological Theory (1966), pp. 19-33.
4) Parsons, T., "Some Highlights of the General Theory of Action" uit Young, R. (redakteur), Op. cit., p. 282.
5) Vergelyk: Martindale, D., Op. cit., pp. 422-425 (die hieropvolgende samevatting berus primêr op hierdie bron).

vir hom meer as net 'n stel konsepte en hul logiese interverwantskap.

In die eerste deel van die werk verhaal Parsons wat hy noem die "positivistiese teorie van handeling". Die primêre kenmerke van die positivistiese teorie van handeling volgens Parsons kan soos volg weergegee word:

"1. the emphasis upon rationality;
2. the identification of rationality with the procedures of modern science;
3. the analysis of elements in terms of an 'atomism' of unit acts (that is, the treatment of unit acts as the atoms or analytical units of social events);
4. the treatment of ends (goals of action) as given and as if they varied randomly in relation to the actor;
5. the treatment of irrationality as a lack of knowledge."[1)]

Dit val Parsons ten taak om 'n voluntaristiese teorie van sosiale handeling te rekonstrueer wat die beperkings van die positivistiese teorie van handeling sou korrigeer; 'n rekonstruksie wat hy dan ook doen aan die hand van bydraes van verskeie sosiale denkers waaruit konsepte afgelei word wat in essensie die voluntaristiese teorie vorm. Hierdie verwikkeling word in Deel II van sy werk verhaal. In Deel III, wat primêr 'n ontleding van die denke van Max Weber omvat, beskryf hy dan die ontwikkeling van 'n voluntaristiese teorie van handeling en wel uit die idealistiese Duitse tradisie. In Deel IV formuleer Parsons dan die voluntaristiese handelingsteorie.

Uit die bydraes van onderskeidelik Marshall, Pareto, Durkheim en Weber kom, volgens Parsons, die elemente van 'n nuwe teorie. "That this generalized system of theoretical categories common to the writers here treated is, taken as a total system, a 'new' development of theory and is not simply taken over from the traditions on which they built. ... The completed structure is at some vital point incompatible with each of these older systems."[2)] Die elemente van hierdie handelingsisteem is meerledig en omvat onder andere: "... (1) heredity and environment, as the ultimate

1) Ibid., p. 422.
2) Parsons, T., Op. cit., (1949), p. 720.

conditions of action; (2) means and ends; (3) ultimate values; and (4) zeal or 'effort' - the 'name for the relating factor between the normative and the conditional elements of action'".[1)]

Sorokin se weergawe van Parsons in dié verband is enigsins verhelderend met betrekking tot die handelingseenheid ("unit act") en handelingsisteem. Hy vervolg: "Parsons, imitating the 'units of a mechanical system in the classical sense' defines, first of all, the smallest 'unit act' of the action system".[2)] Hy rekonstrueer Parsons se bydrae soos volg: "(This 'unit act') involves logically the following: (1) It implies agent, an 'actor'. (2) For the purposes of definition the act must have an 'end', a future state of affairs toward which the process of action is oriented. (In this sense, the schema of action is teleological.) (3) It must be initiated in a 'situation' of which the trend of development differs ... from the state of affairs to which the action is oriented, the end. This 'situation' is in turn analyzable into two elements: 'the conditions' over which the actor has no control and 'the means' over which he has a control. Finally, (4) ... there is a 'normative' orientation of action (meaning by it 'the choice of alternative means to the end' by the actor)."[3)]

Alvorens Parsons se handelingsteorie, soos deur homself saamgevat, gerekonstrueer word met spesifieke verwysing na die polities-sosiologiese relevantheid daarvan, dien gemeld te word dat omvattende kritiek alreeds oor die handelingsteorie van Parsons uitgespreek is.[4)] Met al hierdie kritiek hoef nie noodwendig akkoord

---

1) Martindale, D., Op. cit., pp. 423-424.
2) Sorokin, P., Op. cit. (1966), p. 409.
3) Ibid., pp. 409-410.
4) Vergelyk:
   (i) Martindale, D., Op. cit., pp. 422-423.
   (ii) Sorokin, P., Op. cit. (1966), pp. 411-419.
   (iii) Zeitlin, I.M., Op. cit. (1973), pp. 18-19.
   (iv) Bottomore, T.B., Sociology as Social Criticism (1975), pp. 29-32.
   (v) Scott, J.F., "The Changing Foundations of the Parsonian Action Scheme" uit Wallace, W.L. (redakteur), Sociological Theory, pp. 246-267 (positiewe kritiek, sowel as 'n herwaardering van Parsons se bydrae).
   (vi) O'Neill, J., Sociology as a Skin Trade, p. 180.
   (vii) Mennell, S., Op. cit., pp. 28-30.
   (viii) Black, M. (redakteur), The Social Theories of Talcott Parsons, pp. 268-281.
   (ix) Atkinson, Dick, Op. cit., pp. 9-16.

gegaan te word nie, veral gesien die feit dat Parsons se teoretiese bydrae nog aan die ontwikkel was en die handelingsteorie eventueel sou realiseer in die sosiale sisteemteorie.[1] Desnieteenstaande kan enkele punte van kritiek hier saaklik gestel word.

Eerstens bestaan daar twyfel of Parsons die bydraes van onder andere Pareto en Durkheim korrek geïnterpreteer het.[2] Tweedens, het hy die bydraes van Marx en Freud verwaarloos in sy werk The Structure of Social Action.[3] Voorts is sy handelingseenheid ("unit act") nie die kleinste en eenvoudigste element ("constituent") van sy handelingskema nie[4] en is dit ook nie voldoende omskryf nie.[5] Verdere kritiek is dat die fundamentele wet van die Sosiologie, soos blootgelê deur die handelingsteorie, toutologies is;[6] dat sy algemene handelingskema nie toepasbaar is op alle bewuste sosiale handeling nie[7] en dus ook nie op empiries of konkrete situasies toepasbaar is nie.[8]

Dat die akteur in die handelingskema nie voldoende aandag geniet nie en trouens eventueel geheel buite rekening gelaat word, is 'n verdere punt van kritiek.[9] Die beslissing waartoe Sorokin raak met betrekking tot Parsons se handelingsteorie, is dat dit nie 'n noemenswaardige bydrae lewer tot betekenisvolle menslike handeling of tot die verskeie klasse van bewuste handeling nie.[10]

Hierdie kritiek ten spyt, sal ons in 'n volgende subhoof 'n saaklike uiteensetting en enkele hoogtepunte van die handelingsteorie van Parsons, met spesifieke verwysing na die politiessosiologiese relevantheid daarvan gee.[11] Uiteraard sal nie weer

---

1) Vergelyk: Turner, J.H., Op. cit., p. 34.
2) Zeitlin, I.M., Op. cit. (1973), pp. 18-19.
3) Bottomore, T.B., Op. cit. (1975), pp. 29-30.
4) Sorokin, P., Op. cit. (1966), pp. 411-412.
5) Ibid., p. 412. Vergelyk ook: Bottomore, T.B., Op. cit. (1975), p. 31.
6) Martindale, D., Op. cit., p. 424.
7) Sorokin, P., Op. cit. (1966), p. 413, (vergelyk ook: p. 409).
8) Ibid., p. 415, (vergelyk egter ook: Black, Max (redakteur), Op. cit., p. 277 e.v. se antwoord hierop).
9) Sorokin, P., Op. cit. (1966), p. 417.
10) Ibid., p. 418.
11) Vergelyk in die verband veral: Parsons, T., "Some Highlights of the General Theory of Action" uit Young, R. (redakteur), Op. cit., pp. 282-301.

in detail ingegaan word op al die elemente van die handelingsteorie nie, aangesien dit enersyds hierbo reeds aangestip is en andersyds omdat die grondslae van spesifiek Parsons se handelingsteorie wysigings ondergaan het wat ons deels in die volgende subhoof sal aanstip. Parsons erken trouens self hierdie wysigings[1] wat na vore kom in sy sisteembenadering.[2]

Ten besluite kan met betrekking tot die handelingsteoretiese bydraes van Weber, MacIver en Parsons[3] hier gestel word dat bogenoemde drie sosioloë in hoofsaak verantwoordelik was vir die ontwikkeling van die handelingsteorie. As uitgangspunt van die teorie geld Weber se aanname dat handeling gerig word deur die akteur se bewussyn van ander persone wie se gedrag sy eie doelstellings beïnvloed.

Hinkle en Hinkle[4] verklaar dat uit hierdie postulaat sekere implikasies afgelei kan word wat gesamentlik die handelingsverwysingsraamwerk daarstel. Die eerste proposisie van hierdie verwysingsraamwerk impliseer dat groepsgedrag terugverwys moet word na en betekenis verkry in terme van die subjektiewe bedoelings van die individuele deelnemers; dat handeling gemotiveer word deur motiewe; dat handeling gerig is op die realisering van doeleindes en dat sosiale handeling die bevrediging van wense, houdings of disposisies in die vorm van waardes en belange omvat. Die tot-ander-gerigte handelinge is dus individueel teleologies van aard.

'n Tweede proposisie bepaal dat doelgerigte handeling in 'n situasie realiseer en tyd en plek gebonde is. Aspekte van die situasie wat onveranderlik is en waarmee enige akteur moet rekening hou, staan

---

1) Parsons, T., "Some Highlights of the General Theory of Action" uit Young, R. (redakteur), Op. cit., p. 282. Vergelyk ook: Scott, J.F., "The Changing Foundation of the Parsonian Action Scheme" in Wallace, W.L. (red.), Op. cit., p. 246 e.v.

2) Vergelyk: Hoofstuk VIII, subhoof 4.2, p. 435 e.v.

3) Dit dien hier gemeld te word dat Hinkle, R.C. en Hinkle, G.J., The Development of Modern Sociology, p. 57 ook nog vir Znaniecki as medegrondlegger van die handelingsteorie bestempel. As eksponente van die handelingsteorie voeg Martindale, D., Op. cit., p. 393 e.v. ook nog vir Veblen, Commons, Mannheim, Merton, en andere by. Laasgenoemde skrywer sluit egter vir H. Becker uit. Vergelyk hieroor: Roode, C.D., Op. cit. (1964), p. 498.

4) Hinkle, R.C., Hinkle, G.J., Op. cit., pp. 51-58.

bekend as toestande, terwyl die aspekte wat die akteur wel kan verander, bekend staan as middele.

'n Derde proposisie bepaal dat daar alternatiewe middele tot doelstellings, of alternatiewe doelstellings as sodanig is, wat dus 'n keuse-uitoefening aan die kant van die akteur impliseer. Hierdie keuses is egter nòg lukraak nòg voorgeskrewe, maar word beperk deur sosiale kodes, kulturele standaarde en institusionele norme.

Hinkle en Hinkle vervolg: "Although other propositions about social conduct may be deduced from the definition given above, the minimal components of the action frame of reference are means, ends, conditions, and norms ... The social action approach also implies that sociologists should study material that symbolizes or expresses the subjective intentions of actors."[1)]

Twee vrae moet vervolgens beantwoord word. Eerstens, in welke mate is hierdie eksponente van die handelingsteorie se polities-sosiale bydraes deur hierdie teoretiese uitgangspunt beïnvloed en tweedens, in welke mate kan verklaar word dat die handelingsvertakking van die behaviorisme relevant is tot die konsensusbenadering?

In die beantwoording van die tweede vraag lê deels ook die beantwoording van die eerste vraag. Die handelingsteorie is direk relevant tot die konsensusbenadering en wel in die sin dat die interaksieproses die konsensusmodel onderlê.[2)] Soos reeds vroeër gestel, vorm onder andere stabiliteit, voortbestaan en wisselwerking (of interaksie) fokuspunte van die konsensusbenadering.[3)] So byvoorbeeld, waar Parsons se sosiale sisteemmodel terug te voer is tot die handelingsisteem wat weer gefundeer is in die handelingsverwysingsraamwerk - wat op sy beurt direk terug te voer is tot Weber se basiese postulaat in verband met handeling[4)] - kan gestel word dat die handelingsfase relevant is vir die konsensusbenadering. Buckley vervolg in die verband: "We saw, in dealing with this model, (consensus) that in its view an established social system

---

1) Ibid., p. 58.
2) Vergelyk: Buckley, W., Op. cit., p. 104.
3) Vergelyk: Hoofstuk VIII, subhoof 1, p. 396.
4) Vergelyk: Hoofstuk VIII, subhoof 3.2, p. 412 e.v.

is characterized in terms of the complementary interaction of two or more individuel actors in which 'each conforms with the expectations of the other('s)' in such a way that alter's reactions to ego's actions are positive sanctions which serve to reinforce his given need-dispositions and thus to fulfill his given expectations ."[1] Dit blyk dus duidelik dat die handelingsbenadering grootliks die sisteemmodel onderlê en dus as sodanig direk relevant is tot konsensus.

Wat die eerste vraag betref, kan gestel word dat die sogenaamde handelingsteorieë van sowel Weber, MacIver en Parsons hul polities-sosiologiese bydraes beïnvloed het - in Weber se geval moontlik meer indirek.[2] Met betrekking tot MacIver egter, kan gestel word dat sy handelingsteoretiese uitgangspunt aangetref word in sy werk The Web of Government,[3] of minstens dan elemente daarvan. Trouens, MacIver wys self daarop dat sy sosiologiese teorie sowel in laasgenoemde bron as in 'n lesingreeks getiteld Democracy and the Economic Challenge terug te vind is.[4]

Wat Parsons betref, is die invloed van die handelingsteorie direk waarneembaar op sy polities-sosiologiese bydrae en wel in die sin dat hy die polities-sosiale realiteit aan die hand van die sisteemmodel ontleed, en die sisteemmodel fundeer tot op groot hoogte in sy aanvanklike handelingsbenadering.

Alvorens oorgegaan word tot 'n uiteensetting van die sisteemmodel in die ontwikkeling van die konsensusbenadering (wat in werklikheid volgens die voorafgaande uiteensetting 'n logiese stap sou wees) staan ons egter eers stil by die funksionalistiese fase.[5]

---

1) Buckley, W., Op. cit., p. 104, (Buckley kritiseer Parsons ook in hierdie aanname, maar genoemde kritiek is in die onderhawige verband nie relevant nie).
2) Vergelyk: Hoofstuk V, subhoof 1. p. 224 e.v.
3) Vergelyk: MacIver, R.M., Op. cit. (1947), pp. 22-38, pp. 61-83 en pp. 443-446.
4) Vergelyk: Roode, C.D., Op. cit. (1964), p. 525.
5) Hierdie werkswyse (reg of verkeerd) word gevolg omdat allerweë aanvaar word dat funksionalisme onder andere as intellektuele voedingsbron die sisteemteorie in die ontwikkelingsgeskiedenis van (minstens) die sosiologiese teorie voorafgegaan het. Vergelyk onder andere:
   (i) Martindale, D., Op. cit., pp. 441-462.
   (ii) Buckley, W., "Structural-functional Analysis in Modern Sociology" in Becker, H., Boskoff, A., Op. cit., pp. 236-258.

4. Die funksionalistiese "fase" van die konsensusbenadering met spesifieke verwysing na die sisteemmodel as vertakking van die funksionalisme[1)]

4.1 Die funksionalistiese "fase" in die ontwikkeling van die konsensusbenadering

Dit sou 'n taak van onmoontlikheid wees om binne die raamwerk van hierdie studie 'n volledige uiteensetting van funksionalisme te gee of om selfs in 'n saaklike samevatting reg te laat geskied aan die omvang en betekenis van die funksionalisme in sy sosiaalwetenskaplike perspektief. Dat daar egter beide in die Sosiologie en Staatsleer algemene erkenning vir die belangrikheid van die funksionalisme bestaan, is sonder twyfel.[2)]

Die doel met hierdie uiteensetting is geensins om al die klem-

---

1) Enkele opmerkings verdien hier vermelding. Eerstens word hierdie subhoof ter wille van praktiese oorwegings onderverdeel in twee afdelings, te wete "Die funksionalistiese fase in die ontwikkeling van die konsensusbenadering" en "Die sisteemmodel as kulmineringspunt van die funksionalisme". Die motivering waarom die sisteemmodel en die funksionalistiese modelle nie as aparte "fases" in die ontwikkeling van die konsensusbenadering as grondslag van die Politieke Sosiologie beskou word nie, sal uit die onderhawige uiteensetting duidelik blyk. Tweedens sal, soos in die geval van die voorafgaande paragraaf, andermaal gekonsentreer word op daardie eksponente (in beide onderafdelings) waarvan die bydraes polities-sosiologies relevant is. Ongeag die kwalifikasie vir die insluiting van eksponente in beide onderafdelings hierbo genoem, bly die keuse arbitrêr. Daar is dus talle ander eksponente waarvan die bydraes hier nie weergegee word nie. In aansluiting by die hierbogenoemde motivering, kan gestel word dat die eksponente in die onderhawige afdeling vryalgemeen as van die prominentste erken word in die literatuur van die Sosiologie en Staatsleer, soos trouens blyk uit die aangehaalde bronne.

2) Vergelyk onder andere:
   (i) Buckley, W., "Structural-Functional Analysis in Modern Sociology" in Becker, H., Boskoff, A., Op. cit., pp. 236-258.
   (ii) Martindale, D., Op. cit., pp. 441-521.
   (iii) Flanigan, W., Fogelman, E., "Functional Analysis" in Charlesworth, J.C. (redakteur), Op. cit., pp. 72-85.
   (iv) Holt, R.T., "A Proposed Structural-Functional Framework" in Charlesworth, J.C. (redakteur), Op. cit., pp. 86-107.
   (v) Deutsch, K.W., The Nerves of Government, pp. 47-50.
   (vi) Fletcher, R., Op. cit., Volume I, p. 14 e.v.
   (vii) Aberle, D.F., en andere, "The Functional Prereguisites of a Society" in Macridis, R.C., Brown, B.E, (redakteurs), Op. cit., pp. 61-72.
   (viii) Almond, G.A., "Structural Functional Analysis" in Davies M.R., Lewis, V.A., Models of Political Systems, pp. 31-43.
   (ix) Wiseman, H.V., Political Systems, pp. 209-248.
   (x) Turner, J.H., Op. cit., pp. 15-76.

verskuiwings en verskillende fokuspunte in en van die funksionalisme te probeer aansny nie.[1] Ons uitgangspunt in hierdie verband is dat die sisteemmodel 'n kulmineringspunt van die funksionalistiese fase verteenwoordig en tot op groot hoogte daardeur beïnvloed is.[2]

Dit word hier erken dat hierdie indeling "kunsmatig" mag voorkom, aangesien die begrip "sisteem" reeds deur Pareto gebruik is[3] en die funksionalisme 'n geruime tyd na Pareto eers gerealiseer het. Hierdie begrip is egter later deur Parsons oorgeneem in sy handelingsmodel en hy het dit eventueel in sy latere werke tot 'n sisteemmodel uitgebou.[4] Alvorens laasgenoemde verwikkeling voltrek is, het die funksionalistiese fase in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Sosiologie gerealiseer.[5] Alhoewel Parsons ook getipeer word as 'n funksionalis,[6] is daar na ons mening genoeg regverdiging om Parsons se sisteemmodel as 'n kulmineringspunt van die funksionalisme te tipeer ondermeer vanweë die groter detaillering wat hy aan die sisteemmodel koppel, en tweedens omdat Parsons se sisteemmodel[7] nie sonder meer gelyk gestel kan word aan byvoorbeeld Merton se funksionalisme[8] nie vanweë die verskil in fokuspunt by laasgenoemde vergeleke met Parsons.

Die funksionalistiese benadering was reeds bekend in die Biologie, Sielkunde en Kulturele Antropologie voordat dit in die Sosiologie

---

1) Vergelyk in die verband:
   (i) Levy, M.J. (Jr), "Some Aspects of Structural-Functional Analysis and Political Science" in Young, R. (red.), Op. cit. (1958), p. 52.
   (ii) Wallace, W. (redakteur), Op.cit., pp. 25-34 e.v.
   (iii) Atkinson, Dick, Op cit., pp. 84-104.
   (iv) Flanigan, W., Fogelman, E., "Functional Analysis" in Charlesworth, J.C. (redakteur), Op. cit., pp. 72-75.
   (v) Martindale, D., Op. cit., p. 464 en p. 501 e.v.
2) Daar is trouens skrywers, sosioloë en politieke sosioloë, wat struktureel-funksionalisme (hier as funksionalisme gebruik) sinoniem aan sisteem beskou. Vergelyk:
   (i) Mennell, S., Op. cit., pp. 141-165.
   (ii) Clark, T.N., "Structural Functionalism, Exchange, Theory and the New Political Economy, ..." in Effrat, Andrew (redakteur), Op. cit., pp. 275-276.
   (iii) Dowse, R.E., Hughes, J.A., Op. cit., p. 75 e.v.
3) Timasheff, N.S., Op. cit., p. 218.
4) Vergelyk: Parsons, T., The Social System (1970), (in geheel).
5) Vergelyk onder andere:
   (i) Martindale, D., Op. cit., p. 441 e.v.
   (ii) Becker, H., Boskoff, A., Op. cit., p. 236 e.v.
6) Vergelyk: Mennell, S., Op. cit., p. 141 e.v.
7) Parsons, T., Op. cit. (1970), (in geheel).
8) Merton, R.K., Op. cit., pp. 1-475.

tot ontwikkeling gekom het.[1] Timasheff identifiseer vier konnotasies met betrekking tot die funksionalistiese benadering, naamlik 'n matematiese konnotasie; òf met verwysing na die bydrae wat die deel tot die geheel lewer byvoorbeeld tot 'n samelewing of kultuur, funksie word ook soms gebruik om die bydrae van die groep tot sy lede aan te dui òf van groter groepe tot kleiner groepe. Met ander woorde, funksie verwys na die integrasie van die deel by die geheel of die interafhanklikheid van dele. Funksie word ook gebruik met verwysing na die studie van sosiale verskynsels as effek of funksie van spesifieke sosiale strukture; vandaar die begrip "struktureel-funksioneel".[2]

Timasheff vervolg: "... the basic functional theorem reads as follows: A social system (the term is often used by the functionalists) is a real system in which the parts perform functions essential for the persistence (eventually, the expansion or strengthening) of the whole and therefore are interdependent and more or less completely integrated."[3]

Bottomore onderskryf hierdie siening en stel: "The functionalist theory purports to explain social phenomena in terms of the part which they play in maintaining the existence of a society".[4] Dit is interessant om daarop te let dat Bottomore die funksionalisme terugvoer tot Durkheim se bydrae;[5] Timasheff die funksionalisme terugvoer tot Comte se bydrae;[6] en Buckley dit terugvoer tot Spencer en Schäffle se bydraes.[7] Vir ons doeleindes aanvaar ons egter Martindale se vertrekpunt. Hy voer die funksionasisme terug na Tarde.[8]

In terme van hierdie aanname voorsien Martindale twee redes vir die afskeiding van funksionalisme van behaviorisme. Hy vervolg: "Thus, in two fundamental points, functionalism represents a departure from social behaviorism: (1) in its concept of the primacy

---

1) Timasheff, N.S., Op. cit., p. 217.
2) Ibid., pp. 216-217. Vergelyk ook: Martindale, D., Op. cit., pp. 442-446.
3) Timasheff, N.S., Op. cit., p. 217.
4) Bottomore, T.B., Op. cit., p. 42.
5) Ibid., p. 42.
6) Timasheff, N.S., Op. cit., p. 218.
7) Buckley, W., "Structural-functional Analysis in Modern Sociology" in Becker, H., Boskoff, A., Op. cit., p. 236.
8) Martindale, D., Op. cit., p. 446.

of a system, and (2) in its idea that all units (such as those of the social behaviorists) are only secondarily relevant, and then from the standpoint of the system in which they are found."[1] Dit is egter ook belangrik om daarop te wys dat Martindale nie die positivistiese organiste (byvoorbeeld Comte en Spencer) se invloed op die funksionaliste ontken nie. Trouens, hy erken dit in so 'n mate dat hy dit vreemd vind dat die funksionaliste self nie hul positivisties organistiese herkoms erken nie.[2]

Ons gaan hier nie verder in op die historiese ontwikkeling van die funksionalisme of op die onderskeie dissiplines waaruit dit beïnvloed is nie. Dit is genoeg om in hierdie verband te stel dat daar 'n mindere of meerdere mate elemente van die funksionalisme was in die denke van onder andere Comte, Spencer, Schäffle, Small, Cooley, Sumner, Keller, Durkheim, Becker (H), Von Wiese en Pareto;[3] dat dit voorts aan die hand van onder andere Radcliffe-Brown, Malinowski, Benedict en Bateson groter detaillering ondergaan het;[4] dat die sisteemgedagte in hierdie perspektief deur Von Wiese en Becker blootgelê is;[5] en laastens dat in die Sosiologie veral twee uitgangspunte met betrekking tot die funksionalisme welbekend is, naamlik mikro- en makro-funksionalisme.[6] Op hierdie fasette van die funksionalisme gaan ons egter nie verder in nie.

Kernagtig word twee verdere fasette van die funksionalisme toegelig. Eerstens, die "strategie van funksionele metodologie en navorsing" en tweedens die relevantheid van funksionalisme (algemeen gesproke) vir die Politieke Sosiologie.

---

1) Ibid., p. 446.
2) Ibid., p. 448.
3) Vergelyk:
   (i) Buckley, W., "Structural-functional Analysis in Modern Sociology" in Becker, H., Boskoff, A., Op. cit., pp. 236-240.
   (ii) Timasheff, N.S., Op. cit., pp. 217-229.
   (iii) Martindale, D., Op. cit., p. 441 e.v.
4) Vergelyk: Buckley, W., "Structural-functional Analysis in Modern Sociology" soos opgeneem in Becker, H., Boskoff, A., Op. cit., pp. 340-342.
5) Ibid., p. 242.
6) Martindale, D., Op. cit., p. 501 en p. 464 (onderskeidelik).

Wat die eerste faset betref, herhaal ons hier enkele probleme of vrae rakende die empiriese geldigheid van funksionele teorie wat beantwoord moet word, soos deur Merton geïdentifiseer: "(1) What must enter into the protocol of observation if it is to be amenable to systematic functional analysis? (2) What is involved in the problem of evolving canons for assessing the net balance of the aggregate of functional and dysfunctional consequences in a social system? (3) What is required to establish the validity of such an intervening variable as 'functional requirement' where rigorous experimentation is impracticable? (4) What is the presently available inventory of social mechanisms through which social functions are fulfilled? (5) What available procedures will permit the sociologist most adequately to gauge the accumulation of stresses and strains in a given social system?"[1)]

Die tweede faset wat ons hier wil betrek, is die relevantheid van die funksionalisme vir die Politieke Sosiologie. Alhoewel die funksionalisme in die Staatsleer en in die Politieke Sosiologie reeds by implikasie af te lei is uit die genoteerde bronne hierbo,[2)] kan hier gestel word dat die funksionalisme duidelik weerklank vind ook in die Politieke Sosiologie. In hierdie verband is die verdere detaillering wat veral deur Parsons, Levy en Merton aan die funksionalisme in sosiologiese verband gegee is, belangrik.[3)]

Aangesien Parsons se bydrae in 'n volgende subhoof saaklik aangestip sal word, gee ons vervolgens saaklik aandag aan die bydraes van Merton.

4.1.1 Robert K. Merton (1910-)[4)]

Merton stel oor die funksionalisme die volgende: "Functional

---

1) Merton, R.K. soos weergegee deur Buckley, W., "Structural-functional Analysis in Modern Sociology" in Becker, H., Boskoff, A., Op. cit., p. 246. Vergelyk ook: Merton, R.K., Op. cit. (1968), pp. 104-108.

2) Vergelyk: Hoofstuk VIII, subhoof 4.1, p. 427.

3) Vergelyk: Buckley, W., "Structural-functional Analysis in Modern Sociology" soos opgeneem in Becker, H., Boskoff, A. Op. cit., pp. 249-253.

4) Onderhawige uiteensetting berus op Merton, R.K., Op. cit., pp. 73-138.

analysis is at once the most promising and possibly the least codified of contemporary orientations to problems of sociological interpretation ... The accomplishments of functional analysis are sufficient to suggest that its large promise will progressively be fulfilled, ..."[1)]

Funksionele analise berus vir Merton op teorie, metode en data, hoewel hy erken dat die metodologiese faset die swakste verteenwoordig is. Voorts was talle van die eksponenete van die funksionalisme toegewy aan teoretiese formulerings en die opheldering van begrippe. Sommige was ook gemoeid met data relevant tot 'n funksionele verwysing, maar weinig eksponente het aangetoon hoe daar te werk gegaan word in funksionele analise. Merton erken egter dat sekere metodes tog wel gebruik is.

'n Tweede probleem wat Merton identifiseer met betrekking tot funksionalisme is die begripsverwarring wat aangetref word. Hy wys daarop dat verskillende begrippe aangewend word waarmee funksionalisme bedoel word, en gepaardgaande, dat die begrip funksionalisme verskillende betekenisse het.[2)] Hy erken dat daar etlike konnotasies is wat aan die begrip funksionalisme gekoppel word en verhaal vyf daarvan:

1. Funksie as 'n openbare aangeleentheid of vergadering.
2. Funksie as 'n beroep.
3. Funksie as 'n aktiwiteit toegewys aan die bekleër van 'n bepaalde status.
4. 'n Matematiese funksie.
5. Funksies as biologiese of sosiale prosedures wat die sisteem help handhaaf.[3)]

Merton huldig laasgenoemde konnotasie van die begrip funksionalisme. Merton gee ook aandag aan heersende postulate in funksionele analise, soos hulle deur eksponente van die funksionalisme gehuldig word, naamlik eerstens dat gestandaardiseerde sosiale aktiwiteite of kulturele aktiwiteite funksioneel is vir die hele sosiale of kulturele sisteem. Tweedens, dat alle sodanige

---

1) Ibid., p. 73.
2) Vergelyk hieroor: Ibid., p. 74 e.v.
3) Vergelyk: Martindale, D., Op. cit., p. 471.

sosiale en kulturele items sosiologiese funksies vervul en derdens, dat sodanige items gevolglik onontbeerlik is.[1)]

Martindale toon aan dat bogenoemde postulate nie van toepassing is op die bydraes van Znaniecki nie en in 'n sekere sin ook nie op dié van Sumner en Pareto nie.[2)] Hy wys daarop dat Merton[3)] teenoor hierdie postulate die volgende opmerk.[4)] Eerstens, dat funksionele eenheid nie 'n postulaat is wat buite die bereik van empiriese toetsing is nie en dat die graad van integrasie 'n empiriese veranderlike is. Tweedens, dat sosiale gebruike en insidente funksioneel mag wees vir een groep en disfunksioneel vir 'n ander. Gevolglik moet die aanname dat dit funksioneel is vir die hele samelewing gemodifiseer word. Derdens, moet die postulaat rakende universele funksionaliteit ook gemodifiseer word aangesien durende kulturele vorme 'n netto-balans van funksionele gevolge vir die totale samelewing, of vir 'n eenheid of subgroep daarvan het. Vierdens, dat die postulaat rakende funksionele onontbeerlikheid ook aanpassing nodig het. Hy wys daarop dat funksionele onontbeerlikheid ook aanpassing nodig het. Hy wys daarop dat dieselfde item meervoudige funksies kan hê en dat dieselfde funksie deur alternatiewe items vervul kan word. Vyfdens moet die aard van 'n spesifieke item vir elke spesifieke geval aangestip word en voorts moet funksionele analise 'n spesifisering verg van die sosiale eenhede soos bedien deur funksies aangesien sekere items variante funksies mag hê waarvan sekere gevolge disfunksioneel mag wees.[5)]

'n Besondere bydrae van Merton se kant tot funksionalisme word weerspieël in sy onderskeiding: manifeste en latente funksie.[6)] In hierdie konteks ontken Merton dat funksionele analise ideologies is.[7)] Vir hom is funksionele analise hoofsaaklik toepasbaar op gestandaardiseerde items soos sosiale rolle, institusies, sosiale

---

1) Merton, R.K., Op. cit., pp. 79-91.
2) Martindale, D., Op. cit., p. 472.
3) Merton, R.K., Op. cit., pp. 79-91.
4) Martindale, D., Op. cit., p. 472.
5) Martindale, D., Op. cit., p. 472.
6) Vergelyk: Timasheff, N.S., Op. cit., p. 225.
7) Merton, R.K., Op. cit., p. 91 e.v.

proses, sosiale norme en groeporganisasie. Funksionele analise werk met onder andere 'n bepaalde konsep van individuele motivering in sisteme, met 'n konsep van meervoudige gevolge en 'n netto-balans van items. Dit is veral waar die onderskeiding tussen motiewe en objektiewe gevolge ter sprake kom waar Merton die konsepte manifesteen latente funksie ontwikkel.[1] Hy erken daarin die invloede van onder andere Freud en Bacon.[2]

Merton vervolg: "'Manifest functions' are those objective consequences contributing to the adjustment or adaptation of the system which are intended and recognized by participants in the system; 'Latent functions', correlatively, being those which are neither intended nor recognized."[3] Die nie-bedoelde gevolge van handeling is vir Merton drieledig van aard. Eerstens, die wat funksioneel is vir 'n aangewese sisteem. Laasgenoemde vorm latente funksies. Tweedens, die wat disfunksioneel is vir 'n aangewese sisteem. Laasgenoemde vorm ook latente funksies en die wat irrelevant is vir die sisteem wat deur hul geraak word, funksioneel of disfunksioneel. Merton noem hulle die non-funksionele gevolg.[4]

In die lig van die bogenoemde uiteensetting blyk dit duidelik dat Merton veral twee bydraes gelewer het tot funksionele analise, naamlik sy onderskeiding manifeste en latente funksie en tweedens, sy konsep van disfunksie. Alhoewel hierdie fyner detaillering besliste bydraes verteenwoordig, is daar ook enkele probleme by ingebed[5] waarby ons hier nie verder stilstaan nie.

Nog 'n faset van Merton se bydrae wat nie hier verder behandel word nie is die praktiese toepassing van sy funksionalisme (spesifiek sy onderskeiding manifeste en latente funksie) op aspekte van die politieke lewe en van afwykende gedrag. Die motivering hiervoor is dat funksionalisme nie per sé 'n fase van konsensus daarstel nie, maar dat dit noodsaaklik was om 'n saaklike uiteensetting hiervan te gee in die lig van die feit dat dit in die sisteemmodel kulmineer.

---

1) Martindale, D., Op. cit., p. 472.
2) Merton, R.K., Op. cit., p. 115.
3) Ibid., p. 105.
4) Ibid., p. 105 (voetnoot).
5) Vergelyk: Martindale, D., Op. cit., p. 473.

Vervolgens gee ons 'n uiteensetting van die sisteemmodel met spesifieke verwysing na die bydraes van enkele eksponente daarvan, sowel as die polities-sosiologiese relevansie van die model. In die lig hiervan sal die sin en betekenis van die voorafgaande uiteensetting duidelik blyk. Voorts sal ook duidelik blyk dat die bogenoemde onderskeid tussen die funksionalisme en die sisteemmodel slegs 'n onderskeiding is wat op graadverskille dui en nie op wesensverskille tussen die twee nie.

4.2 Die sisteemmodel as kulmineringspunt van die funksionalisme[1)]

Met die onderhawige uiteensetting word beoog om algemeen gesproke drie mikpunte te realiseer. Eerstens, 'n kernagtige uiteensetting van die hoofmomente in Parsons se sisteemmodel. Tweedens, 'n uiteensetting van enkele van Parsons se polities-sosiologiese bydraes en derdens, enkele slotopmerkings oor die sisteemmodel in die Politieke Sosiologie aan die hand van enkele bydraes deur eksponente van die model in die Politieke Sosiologie. Ten slotte sal dan by wyse van 'n samevatting in 'n aparte subhoof enkele slotgedagtes oor hierdie hoofstuk gestel word.

---

1) Die invloed, omvang en betekenis van die sisteemmodel in die Sosiologie, Politieke Sosiologie en Staatsleer word algemeen erken, soos duidelik blyk uit onder andere die lys van onderstaande bronne.
   (i) Turner, J.H., Op. cit., pp. 28-59.
   (ii) Mennell, S., Op. cit., pp. 141-164.
   (iii) Buckley, W., Op. cit., in geheel, maar veral pp. 2-61.
   (iv) Fletcher, R., Op. cit., Volume I, pp. 610-626.
   (v) Cilliers, S.P., Joubert, D.D., Op. cit., pp. 19-42.
   (vi) Cohen, P.S., Op. cit., pp. 129-172.
   (vii) Odum, H.W., American Sociology, pp. 239-243.
   (viii) Monane, J.H., A Sociology of Human Systems, (in geheel).
   (ix) Dobriner, W.M., Social Structures and Systems, pp. 107-141.
   (x) Easton, David, A Systems Analysis of Political Life, in geheel, maar veral pp. 17-33.
   (xi) Easton, David, A Framework for Political Analysis, in geheel, maar veral pp. 23-135.
   (xii) Dahl, R.A., Op. cit., pp. 35-58, (slegs indirek van toepassing op die onderhawige hoofstuk).
   (xiii) Wiseman, H.V., Op. cit., pp. 1-16 en pp. 47-247.
   (xiv) Davies, M.R., Lewis, V.A., Op. cit., pp. 44-58, pp. 71-78 en pp. 85-125.
   (xv) Macrides, R.C., Brown, B.E. (redakteurs), Op. cit., pp. 60-97.

Daar behoort na ons mening weinig twyfel te bestaan dat Parsons volle krediet moet ontvang vir sy detaillering van die sisteem-konsep in modelvorm. Trouens, hy ontvang ook spesifieke erkenning in die verband.[1] Dat die konsep sisteem reeds deur sosioloë voor hom aangewend is, is reeds aangetoon.[2] Ook word die invloed van onder andere Pareto in die verband op Parsons toegegee.[3] Wat egter wel van belang is in die onderhawige verband is dat (vir ons doel) Parsons se belangrikste werke, te wete The Structure of Social Action en Toward a General Theory of Action (in medewerking met Shils en andere) en The Social System, nie los van mekaar gesien kan word nie. Hoewel dit duidelik is dat eersgenoemde twee bronne tot op groot hoogte staan in die teken van die handelingsbenadering en laasgenoemde bron in die teken van die funksionalisme met 'n duidelike beklemtoning en detaillering van die sisteemgedagte as sodanig, kan gestel word dat laasgenoemde bydrae rigtinggewend beïnvloed is deur die eersgenoemde twee.

In sy werk Toward a General Theory of Action stel Parsons self dit byvoorbeeld soos volg: "In the theory of action the point of reference of all terms is the action of an individual actor or of a collectivity of actors ... collectivities of actors are made up of individual actors, who are similarly physiological organisms. The interest of the theory of action, however, is directed not to the the physiological processes internal to the organism but rather to the organization of the actor's orientations to a situation."[4] Vir hom kan die handelende eenheid 'n individu of kollektiwiteit wees. Menslike handeling of die komponente daarvan manifesteer sigself in drie konfigurasies, naamlik die persoonlikheidsisteem, die sosiale sisteem en die kulturele sisteem (alhoewel die biotiese later hieraan toegevoeg is,[5] 'n Enkele opmerking verdien in die

---

1) Vergelyk: Odum, H.W., Op. cit., pp. 242-243.
2) Vergelyk: Buckley, W., "Structural-functional Analysis in Modern Sociology" in Becker, H., Boskoff, A., Op. cit., p. 238 en p. 242.
3) Vergelyk: Martindale, D., Op. cit., p. 485. Die invloed van Weber is in die verband ook nie te misken nie. Vergelyk: Parsons, T., Op. cit. (1949), p. 640 e.v.
4) Parsons, T., Shils, E.A. en ander, Op. cit., p. 4.
5) Vergelyk:
   (i) Rocher, G., Talcot Parsons and American Sociology, p. 45. e.v.
   (ii) McLeish, J., Op. cit., pp. 52-53 e.v.
   (iii) Parsons, T., Societies, Evolutionary and Comparative Perspectives, p.5 e.v.

verband vermelding. "The social system is, to be sure, made up of the relationships of individuals, but it is a system which is organized around the problems inherent in or arising from social interaction of a plurality of individual actors rather than around the problems which arise in connection with the integration of the actions of an individual actor, who is also a physiological organism. Personality and social system are very intimately interrelated, but they are neither identical with one another nor explicable by one another; the social system is not a plurality of personalities."[1)]

Parsons wys daarop dat konkrete handelingsisteme, met ander woorde persoonlikhede en sosiale sisteme, beskik oor fisiologiese, sosiale en kulturele aspekte. "The description of a system of action must employ the categories of motivational orientation: cognition, cathexis, and evaluation. Likewise, the description of an action system must deal with the properties of the system of interaction of two or more individuals or collective actors - this is the social aspect - and it must note the conditions which interaction imposes on the participating actors."[2)]

Uit bogenoemde blyk enkele grondslae van Parsons se handelingsbenadering waarin die sisteemgedagte reeds prominent figureer. Hierteenoor stel Parsons later: "'System' is the concept that refers both to a complex of interdependencies between parts, components, and processes that involves discernible regularities of relationship, and to a similar type of interdependency between such a complex and its surrounding environment."[3)] Elders stel Parsons in aansluiting by die voorafgaande oor die konsep "sosiale sisteem": "Since the social system is made up of the interaction of human individuals, each member is 'both actor' (having goals, ideas, attitudes etc.) 'and object' of orientation for 'both' other actors and himself. The interaction system, then, is 'an analytical aspect abstractable' from the total action processes of its participants."[4)]

---

1) Parsons, T., Shils, E.A. en ander, Op. cit., p. 7.
2) Ibid., p. 7.
3) Parsons, T., "Systems Analysis, Social Systems" (1968), A reprint from the International Encyclopedia of the Social Sciences, p. 458.
4) Parsons, T., Op. cit. (1966), p. 8.

Voorts beweer Parsons dat die akteur(s) in die handelingsituasie gemotiveer word deur 'n tendens van "optimale bevrediging" ("optimization of gratification") en waarvan die verhouding tot hul situasie gedefinieer en bemiddel word in terme van 'n sisteem van kultureel-gestruktureerde en gedeelde simbole;[1] die omgewing. Elk van die ander drie geïdentifiseerde sisteme (persoonlik, kultureel en bioties) konstitueer voorts 'n omgewing van die sosiale sisteem.[2]

Uit bogenoemde blyk Parsons se "wegbreek" van die handelingsbenadering reeds duidelik.

Die basiese eenheid van ontleding by Parsons is die samelewing ..wat vir hom 'n grootskaalse, durende en selfonderhoudende sisteem van sosiale interaksie is.[3]

Die belangrikste aspekte van die verwysingsraamwerk van die strukturele komponente van die sosiale sisteem[4] is vir Parsons die volgende. Eerstens identifiseer hy eenhede van sosiale sisteme in welke verband die handeling vir hom die eenheid is. Die handeling word 'n eenheid in 'n sosiale sisteem vir sover dit deel is van 'n proses van interaksie tussen die handelende akteur en ander akteurs. Verder onderskei hy 'n volgende eenheid, naamlik status-rol. Die struktuur van die sosiale sisteem word daargestel deur die struktuur van verhoudings wat resulteer uit die prosesse van interaksie tussen akteurs. "Each individual actor is involved in a plurality of such relationships each with one or more partners in the complementary role. Hence it is the 'participation' of an actor in a patterned interactive relationship which is for many purposes the most significant unit of the social system."[5] Hierdie deelname omvat twee aspekte, naamlik die posisionele of status en die prosesiële of rol.

Die derde eenheid word daargestel deur die individuele akteur. Die georganiseerde sisteem van al die statusse en rolle verwys na

---

1) Parsons, T., Op. cit. (1970), pp. 5-6.
2) Parsons, T., Op. cit. (1966), p. 8 e.v.
3) Vergelyk: Martindale, D., Op. cit., p. 486. Parsons, T., Op. cit. (1970), p. 19.
4) Parsons, T., Op. cit. (1970), p. 24 e.v.
5) Ibid., p. 25.

die akteur as 'n sosiale objek en as die "outeur" van 'n sisteem van rol-aktiwiteite.

Vervolgens identifiseer Parsons sekere funksionele voorvereistes van sosiale sisteme. Die minimum vereistes of toestande van stabiliteit of ordelike ontwikkeling van 'n sosiale sisteem kan in terme van die volgende saamgevat word. Eerstens is daar funksionele voorvereistes met betrekking tot die individu, wat impliseer dat in die minimum behoeftes van die meerderheid akteurs voorsien moet word. Tweedens is daar voorvereistes met betrekking tot die samelewing wat beteken dat 'n minimum beheer of kontrole oor potensieel disruptiewe gedrag gehandhaaf moet word en derdens is daar voorvereistes met betrekking tot die kultuur wat impliseer dat die sosiale sisteem bemoontlik word deur taal en kultuur. Gevolglik moet daar voldoende kulturele bronne wees om 'n persoonlikheidspeil te internaliseer wat voldoende vir die sosiale sisteem is.[1)]

'n Volgende aspek waarby Parsons stilstaan, is die institusionele integrasie van handelingselemente.[2)] Hy vervolg: "A concrete action system is an integrated structure of action elements in relation to a situation. This means essentially integration of motivational and cultural or symbolic elements, brought together in a certain kind of ordered system."[3)] Hy wys daarop dat integrasie relevant kan wees sowel tot 'n bewegende ekwilibrium, dit wil sê 'n ordelike proses van verandering van die sisteem, as tot 'n statiese ekwilibrium. Bogenoemde geordende sisteem is normatief en/of instrumenteel of intrinsiek van aard. In hierdie verband is norme belangrik vir rolle in die sin dat dit die verwagtings van die akteur in 'n bepaalde handelingsituasie orden en ook die interaksie met ander akteur(s) beheer.

Voorts wys hy daarop dat 'n kompleks van geïnstitusionaliseerde geintegreerde rolle 'n institusie daarstel.[4)] Institusies moet voorts onderskei word van kollektiwiteit. Laasgenoemde is bloot

---

1) Vergelyk: Martindale, D., Op. cit., p. 486. Parsons, T., Op. cit. (1970), p. 26 e.v.
2) Parsons, T., Op. cit (1970), p. 36 e.v.
3) Ibid., p. 36.
4) Ibid., p. 39.

'n sisteem van konkreet-interaktiewe, dog spesifieke rolle. Hy vervolg: "An institution on the other hand is a complex of patterned elements in role-expectations which may apply to an indefinite number of collectivities".[1] Volle institusionalisering berus op twee veranderlikes: Enersyds die gedeelde waarde-oriëntasiepatrone en andersyds, op motiveringsvlak, 'n betrokkenheid ter vervulling van relevante verwagtings. Hierteenoor staan anomie of totale verval van die normatiewe orde. Hieruit volg die noodsaak en belangrikheid van integrasie logies.

Parsons vervolg: "This integration of a set of common value patterns with the internalized need-disposition structure of the constituent personalities is the core phenomenon of the dynamics of social systems. That the stability of any social system except the most evanescent interaction process is dependent on a degree of such integration may be said to be the fundamental dynamic theorem of sociology."[2] (Hieruit blyk die relevantheid en die belangrikheid van Parsons se sisteemmodel tot die konsensusbenadering na ons mening pertinent.)

Vervolgens onderskei Parsons drie tipes institusionele patrone wat in effek neerkom op die differensiasie van rolle.[3] Hy onderskei tussen relasionele institusies, regulatiewe institusies en kulturele institusies.[4] "Relational institutions define reciprocal role-expectations, regulative institutions define the legitimate means to be employed in the persuit of interests, and cultural institutions define obligations with regard to cultural patterns."[5]

'n Volgende faset van Parsons se sisteemmodel word daargestel deur sy patroonveranderlikes; 'n bydrae wat die aandag van etlike sosioloë geniet het.[6] Parsons stel hieroor: "The role-partner in a social relationship is a social object. To develop a systematic scheme of points of reference for the analysis of

---

1) Ibid., p. 39.
2) Ibid., p. 42.
3) Ibid., pp. 45-46 e.v.
4) Ibid., p. 51 e.v.
5) Martindale, D., Op. cit., p. 487.
6) Vergelyk:
   (i) Timasheff, N.S., Op. cit., pp. 243-244.
   (ii) Martindale, D., Op. cit., pp. 487-488.

orientations in roles it is then essential first to analyze those basic alternatives of selection which are particularly significant in defining the character of relations to such a social object, and which are constitutive of the character of the relationship pattern itself rather than of its 'content' in interest terms, its cultural or motivational aspects in any sense other than as constitutive of relational patterns. In other words the analysis of the differentiation of a social structure must start with the patterns which enter into its relational institutions."[1] Hy konstrueer vervolgens vyf dichotome patroonveranderlikes van rol-definisies:

1. Affektief teenoor affektief-neutraliteit.
2. Selforiëntasie teenoor kollektiewe oriëntasie.
3. Universalisme teenoor partikularisme.
4. Prestasie teenoor toeskrywing.
5. Spesifisiteit teenoor diffuusheid.[2]

Volgens Parsons kan hierdie vyf dichotome patroonveranderlikes op verskillende wyses gehergroepeer word. "... their permutations and combinations should yield a system of types of possible role-expectation pattern, on the relational level, namely defining the pattern of orientation to the actors in the role relationship. This system will consist of thirty-two types, which may in turn be grouped into a smaller number of more fundamental ones."[3]

Dit is moontlik sinvol om op hierdie stadium van die uiteensetting 'n kernagtige samevatting[4] van Parsons se argumentasie te gee met die oog op die verdere uiteensetting hierna.

1. In sy sisteem-ontleding breek Parsons weg van die handelings-vertakking van die sosiale behaviorisme en reduseer sosiale handeling tot die status van 'n afhanklike eenheid van een van vier tipes sisteme.
2. Die fundamentele elemente van handeling beskou hy as idees (katektiese oriëntasie), begeertes (kognitiewe oriëntasie) en waardes (evaluatiewe oriëntasie).

---

1) Parsons, T., Op. cit. (1970), pp. 58-59.
2) Ibid., p. 67.
3) Ibid., p. 66.
4) Hierdie samevatting berus op Martindale, D., Op. cit., pp. 488-489 met byvoegings uit Parsons, T., Op. cit. (1966), p. 7 e.v.

3. Handeling as 'n sisteem word gedifferensieer in vier subsisteme: die biotiese, die persoonlikheid, die sosiale en die kulturele sisteem.

4. Die sosiale sisteem is in geheel eerder as gedeeltelik 'n samelewing. Hiervoor geld die volgende:

(i) Dit is 'n grootskaalse, durende onafhanklike sisteem van sosiale handeling.

(ii) Die primêre eenhede waarin dit geanaliseer word, is statusrolle, posisies en die aktiwiteite toepaslik op elk.

(iii) Die fundamentele voorvereistes van 'n samelewing is daardie minimum vereistes met verwysing na individue, sosiale sisteme en kulture waarsonder die samelewing nie kan bestaan nie, en wat in terme van funksionele vereistes[1] soos volg geklassifiseer kan word:

(a) Patroonhandhawing
(b) Doelbereiking
(c) Adaptasie en
(d) Integrasie.

Hierdie vier funksionele vereistes openbaar 'n duidelik tyd-ruimtelike dimensie. Eersgenoemde twee is relevant tot tyd en laasgenoemde twee tot ruimte.

Patroonhandhawing verwys na die eerste probleem van die kollektiwiteit, naamlik spanningsbeheer. Die akteur dra as deel van sy persoonlikheid sekere inhoude, in die kollektiwiteit in, inhoude wat ondermeer insluit rol, verwagtings en rol-oriëntasie, maar ook meer persoonlike ideale, doelstellings, behoeftes en sentimente. As deel van sy persoonlikheid kan die uitlewing van hierdie inhoude of die onderdrukking daarvan spanning in nie alleen die individu nie, maar ook in die kollektiwiteit laat realiseer.

Patroonhandhawing impliseer dus dat die individu gekompromitteer en gemotiveer word om volgens die heersende en geldende normatiewe patrone van die kollektiwiteit op te tree. Die patroon wat gehandhaaf moet word, is die geïnstitusionaliseerde en geïntegreerde normatiewe struktuur wat bestaan uit die fundamentele elemente van waardes en norme.

---

1) Vergelyk: Cilliers, S.P., Joubert, D.D., Op. cit., p. 32 e.v.

Doelbereiking staan in direkte verhouding tot die behoeftes van die sisteem en sy individuele lede.

Adaptasie staan in verband met die probleem van aanpassing. Hiervoor moet die sisteem die nodige middele of fasiliteite en materiaal bekom wat nodig is vir die realisering van sy doelstellings.

Integrasie wys heen na die konkrete en suksesvolle reëling van die onderlinge ordening van die subsisteme en wel in terme van hul bydraes tot die totale sisteem.

(iv) Institusies is grootskaalse ("large order") eenhede gevorm uit statusrolle indien laasgenoemde geïntegreer en gestandaardiseer is.

(v) 'n Kollektiwiteit word gevorm rondom 'n kern van sentrale institusies.

5. Sosiale norme vorm die sentrale element in status-rolle en institusies.

6. Drie tipes institusies word onderskei: relasionele institusies (wat die wederkerige rolverwagtinge definieer), regulatiewe institusies (wat die wetlike middele tot waardes definieer) en kulturele institusies (wat kulturele behoeftes definieer). Van hierdie drie is die relasionele institusies die belangrikste vir die daarstelling van die karakter van 'n samelewing.

7. Die patroonveranderlikes van waarde-oriëntasies wat die relasionele rol-verwagtingspatrone definieer.

Hierdie raamwerk kan aan die hand van Parsons en vir ons doeleindes spesifiek verder uitgebrei word op meer algemene vlak deur enkele verdere aspekte hier te betrek.

Parsons wys daarop dat die relasionele rol-verwagtingspatrone georganiseer kan word in gedifferensieerde wederkerige interaksiesisteme of te wel subsisteme.[1] In terme hiervan is dit vir Parsons moontlik om, soos hy dit stel: "It will be shown that from these same starting points it is possible to carry out the analysis 'both' of the bases of internal differentiation within the structure of a given social system, 'and' of the definition of the ranges of variation between social systems".[2]

---

1) Vergelyk: Parsons, T., Op. cit. (1970), p. 68 e.v.
2) Ibid., p. 69.

Elders verklaar Parsons dat die funksionele differensiasie tussen die drie subsisteme van handeling, buiten die sosiale, naamlik die kulturele sisteem, die persoonlikheidsisteem en die biotiese (of handelende organisme) sowel as die artikulasie van twee van hulle, met die twee omgewings van die totale handelingsisteem, belangrike verwysings konstitueer vir die ontleding van die verskille tussen sosiale sisteme.[1] Alhoewel hier nie verder ingegaan word op Parsons se differensiasie van die subsisteme van die samelewing nie,[2] is dit genoeg om te meld dat hy die patroonhandhawende, integratiewe, politiekē ("polity"), en ekonomiese subsisteme onderskei.[3]

Dit is ook belangrik om daarop te wys dat Parsons aan verandering aandag gegee het,[4] in welke verband enkele gedagtes vermelding verdien. Parsons onderskei tussen veranderingsprosesse <u>in</u> die sisteem en prosesse van verandering <u>van</u> die sisteem. Hierdie onderskeiding vloei vir hom voort uit sy interpretasie en aanwending van die begrip ekwilibrium. "Beyond the most general meaning of the concept of equilibrium, the meaning which is most directly applicable here is that applying to what we have called a 'boundary-maintaining' system."[5]

Parsons wys daarop dat die stabilisering van prosesse van wedersydse oriëntasie binne aanvullende rolle 'n fundamentele "tendens" van interaksie is. Vir hom is die aanname van so 'n gestabiliseerde interaksie-proses deurgaans 'n primêre verwysingspunt vir die ontleding van motiveringsprosesse. "This is another way of stating that we have treated the continuation of such a stabilized process without change in the structure of the roles, as not problematical for the theory of social systems ... this was 'a theoretical assumption, not an empirical generalization' ... It was, however, also recognized that the equilibrium formulated

---

1) Parsons, T., <u>Op. cit.</u> (1966), p. 8.
2) Vergelyk: Parsons, T., Shils, E.A., Naegele, K.D., Pitts, J., <u>Theories of Society</u> (1961), Deel II van die Alg. Inleiding.
3) Vergelyk:
   (i) Parsons, T., <u>Op. cit.</u> (1966), pp. 24-25.
   (ii) Parsons, T., <u>Op. cit.</u> (1970), p. 68 e.v.
4) Parsons, T., <u>Op. cit.</u> (1970), p. 480 e.v.
5) <u>Ibid.</u>, p. 481.

in these terms could be a moving equilibrium where certain orderly processes of empirical change were going on."[1)]

Vir die doeleindes van hierdie studie volstaan ons met hierdie enkele gedagte van Parsons oor verandering.[2)] Dit is genoeg om hier te stel dat indien enige van die handelingsverhoudings gemodifiseer of versteur word, word 'n reeks prosesse in werking gestel in die sisteem waardeur die sisteem sigself heraanpas of sekere tipes veranderings ondergaan.[3)]

Alvorens ons stilstaan by Parsons se bydrae relevant tot die Politieke Sosiologie word enkele punte van kritiek teen Parsons se sisteemmodel kernagtig aangestip.

Max Black, na 'n skynbare indringende studie van onder andere Parsons se siening van die doel van 'n algemene handelingsteorie, sy basiese aannames en sy siening van die patroonveranderlikes, kom tot die volgende besluit: "I have tried to show why I judged this attempt to have been less than sucessful. And I have not concealed my dismay at the conceptual confusions that in my judgment pervade the entire structure. Whether it would be possible to introduce the requisite clarity into Parsons' system without altering its objectives or its main features, I seriously doubt."[4)]

Buckley is ewe fel in sy kritiek op Parsons. Hy wys daarop dat die funksionalisme in die algemeen en Parsons se sisteem-in-ekwilibrium-gedagte spesifiek 'n teruggreep is na die organismiese model. Hy wys op die statiese konnotasie van ekwilibrium en vervolg: "We conclude here, ... that the model in question is singularly inappropriate for more than superficial socio-cultural system analysis."[5)] Buckley kritiseer ook Parsons se wet van sosiale statika of sosiale inersie, sy kontrolemeganismes, Parsons se siening van orde en die onvermoë in sy model om ver-

---

1) Ibid., p. 481.
2) Vir 'n verdere uiteensetting van Parsons se siening van verandering vergelyk: McLeish, J., Op. cit., pp. 61-69.
3) Vergelyk: Smelser, N.J., Op. cit. (1971), p. 24.
4) Black, Max, "Some questions about Parsons' Theories" in Black, Max (redakteur), Op. cit., p. 288.
5) Buckley, W., Op. cit., p. 17 (vergelyk ook: pp. 13-17).

andering te verreken. Hy besluit: "Finally, at the root of much of the difficulty with the Parsonian model is the fact that it is built after a melange of the biological structure-function model and a mechanical equilibrium model. It is significant that the biological and mechanical models break down for the social system at just those points where Parsons' model is weakest and most subject to criticism."[1)]

Sorokin[2)] kritiseer Parons vir die vaagheid van sy begrippe, gebrek aan empirisme en ekwilibrium-interpretasie.[3)]

Floud en Halsey wys op die sentrale plek wat gedeelde waardes of konsensus inneem by die funksionaliste; dat laasgenoemde volgens die funksionaliste resulteer in 'n samelewing in ekwilibrium, maar dat veral die geïndustrialiseerde samelewings deur sosiale verandering gekenmerk word en dat integrasie en konsensus dus nie direk toepasbaar is op geïndustrialiseerde samelewings nie.[4)]

Op hierdie wyse kan talle punte van kritiek teen Parsons by name en die funksionaliste by implikasie genoem word. So stel Bertalanffy byvoorbeeld: "Functionalist theory has found various expressions as represented by Parsons, Merton, and many others; ... The main critique of functionalism, particularly in Parsons' version, is that it overemphasizes maintenance, equilibrium, adjustment, homeostasis, stable institutional structures, and so on, with the result that history, process, socio-cultural change, inner-directed development, etc., are underplayed and, at most, appear as 'deviants' with a negative value connotation. The theory therefore appears to be one of conservatism and conformism, defending the 'system' (...) as (it) is, conceptually neglecting and hence obstructing social change."[5)]

---

1) Ibid., p. 30 (vergelyk ook: pp. 23-31).
2) Vergelyk ook sy kritiek op die handelingsbenadering van Parsons: Hoofstuk VIII, subhoof 3.4, p. 423.
3) Sorokin, P., Op. cit. (1966), pp. 432-440.
4) Soos na verwys in Bernstein, B., "Sociology and the Sociology of Education: A Brief Account" in Rex, J. (redakteur), Op. cit. (1974), p. 152.
5) Von Bertalanffy, Ludwig, General System Theory, p. 207 (vergelyk ook: pp. 206-209). Vergelyk ook sy bydrae oor oop- en geslote sisteme: pp. 38-40 en pp. 127-164. (Vergelyk ook Dahrendorf se kritiek op die sisteemteorie. Kyk: Hoofstuk VII, subhoof 5.2, pp. 377-379.)

Tereg merk Buckley egter op dat die kritiese analis van, wat hy noem Parsonianisme, gou leer dat stellings in Parsons se werk gevind word wat oënskynlik elke punt van kritiek, teen sy werk gelewer, kan weerlê.[1] In hierdie verband geld Turner se verdediging van Parsons in 'n sekere sin as voorbeeld van hierdie stelling.[2]

Met laasgenoemde stelling kies ons geensins kant vir of teen Parsons of sy kritici nie.[3] Dit sou buite die bestek van hierdie studie val. Wat na ons mening egter imperatief blyk te wees, vanweë die rigtinggewende invloed van beide die funksionalisme in die algemeen en (in minder of meerdere mate) Parsons se sisteemmodel op die Politieke Sosiologie, is dat 'n gedetailleerde dog kritiese studie van beide Parsons se sisteemmodel (en die funksionalisme) en die kritiek daarop gemaak moet word ten einde die moontlike leemtes en gebreke enersyds en/of die sin en betekenis daarvan andersyds ten volle in die Politieke Sosiologie te kan verreken.

Vervolgens staan ons saaklik stil by Parsons se politiessosiologiese bydrae.

Die primêre verwysingspunt in Parsons[4] se analise is die konsep wat hy samelewingsgemeenskap ("societal community") noem en wat hy in funksionalistiese terme ontleed. Dit is dan ook deels om hierdie rede dat redelik breedvoerige aandag aan Parsons as eksponent van die funksionalisme gegee is.[5] 'n Tweede rede

---

1) Buckley, W., Op. cit., p. 24.
2) Vergelyk: Turner, J.H., Op. cit., pp. 46-59.
3) Vir verdere kritiek vergelyk onder andere:
   (i) Zeitlin, I.M., Op. cit. (1973), pp. 3-60.
   (ii) O'Neill, John, Op. cit., pp. 178-181.
   (iii) Runciman, W.G., Sociology in its Place (1970), pp. 16-19.
   (iv) Foss, D., "The World View of Talcott Parsons" uit Stein, M., Vidich, A. (redakteurs), Sociology on Trial, pp. 96-126.
4) Parsons, T., Op. cit. (1969), p. 2. Die onderhawige uiteensetting berus primêr op hierdie bron.
5) Hiermee wil geensins gesuggereer word dat ander funksionaliste óf nie bestaan het nie óf nie belangrik is nie. In die verband word in die sosiologiese literatuur algemene erkenning gegee aan Marion Levy, R.K. Merton, F. Znaniecki en G.C. Homans, om maar enkeles te noem. In hierdie verband verdien die bydraes van minstens twee van hierdie eksponente vermelding; beide eksponente wat betekenisvolle bydraes tot die funksionalisme en Parsons se interpretasie daarvan gelewer het. Vergelyk:
   (i) Levy, Marion J., (Jr), The Structure of Society.
   (ii) Merton, R.K., Op. cit.

waarom aan Parsons aandag gegee is, is die feit dat hy na alle waarskynlikheid een van die prominentste eksponente van die funksionalisme is - spesifiek soos hierdie benadering in sy sisteemmodel uitkristalliseer. Sy algemeen sosiologies-teoretiese posisie is voorts belangrik vir 'n begrip van sy polities-sosiologiese bydrae aangesien hy die politiek ("polity") beskou as die doelbereikings-subsisteem van enige sisteem.[1] Doelbereiking, wat as sodanig weer een van die vier funksionele voorvereistes van die sisteem is.

Parsons definieer "samelewingsgemeenskap" as: "... the analytically distinguished integrative system of a society in a sense parallel to the conceptions of economy and polity".[2] Soos die ekonomie die fokuspunt van die ekonomiese dissipline is, so is die politiek ("polity") die strukturele fokus van die politieke wetenskap.

Nog 'n fundamentele aanname van Parsons verwoord hy soos volg: "An especially important reference here, which will become salient again later on, is to the principal 'evolutionary universals' which have characterized modern societal development. The market, with its special relation to money as a generalized medium of exchange, is surely one of them, and the one which of course is central to the theoretical concerns of economics. I should argue similarly that the phenomenon usually called bureaucratic organization has had a similar place in the modern phase of development of the polity, as analytically defined. This in turn is articulated with power as a generalized medium of interchange, ... The comparable structural focus of the societal community is the normative system, as embodied above all in law, but extending well beyond that. Such a community must, however, also have an underpinning which directly articulates with the motivational orientations of individuals. It is this underpinning which is the focus of the sociological conception of solidarity, especially as that has come to be understood since the work of Durkheim."[3]

---

1) Parsons, T., Op. cit. (1969), p. 312.
2) Ibid., p. 2.
3) Ibid., pp. 2-3. Dit is duidelik dat Parsons se werkswyse in die ontleding van die politiek ook vergelykend van aard is, naamlik 'n vergelyking tussen politiek en ekonomie. Logies kan hierteen nie beswaar gemaak word nie, aangesien nuwe perspektiewe wel deur Parsons blootgelê word. Die vraag ontstaan net of die beginsels waarop die politieke subsisteem funksioneer - soos Parsons dit sien - op dié wyse korrek geïdentifiseer kan word?

Parsons, soos trouens etlike politieke sosioloë, identifiseer ook 'n probleem in die definiëring van die grenslyne met betrekking tot analitiese fokuspunte tussen politieke en sosiologiese teorieë. Vir hom is hierdie probleem terug te voer tot die vroeë intellektuele geskiedenis. Hy wys in dié verband daarop dat die wetsfenomeen ("law") konvensioneel beskou was as behorende tot die politieke domein; 'n aanname wat hy kritiseer. Vir hom is dit 'n tussenruimtelik verbindende of skakelende struktuur tussen die twee analitiese sfere. Hy vervolg: "Clearly the criterion of bindingness in the sense which carries with it enforceability by public authority is a primarily political aspect, which also implies that courts of law and of course judicial office must have publicly political status. But both courts and judges are, traditionally, semi-independent from the executive and legislative branches of government, and law, as a normative system, links up with complex 'traditions', with solidary loyalties, and with legitimation in moral terms."[1)]

'n Verdere belangrike probleemgebied wat hy identifiseer, het betrekking op die assosiatiewe ("associational") strukture van polities georganiseerde gemeenskappe of kollektiwiteite van verskeie soorte, wat as sodanig van primêre belang word in moderne "demokratiese" sisteme waarin groot politieke mag verkry word vanaf kiesafdelings.

Parsons se siening is dat alle kollektiwiteite in eerste instansie polities in funksie is vir so ver hulle georiënteer is tot "harmonieuse handeling" in diens van kollektiewe doelstellings en via prosesse wat konsensus onder die lede van die kollektiwiteit insluit (konsensus is "binding").

Die demokratiese assosiasie is dus 'n politieke entiteit beide vir sover dit die gesag van regerings en die privaatsektor aangaan, maar dit is ook meer as net 'n politieke entiteit. Dit is gefundeer in die verskillende soorte en vlakke solidariteite van assosiatiewe "gemeenskappe" wat funksioneer met hul institusioneel normatiewe definisies van die situasie, op wyses wat minstens tot op groot hoogte onafhanklik van kollektiewe besluitneming en afdwinging - of bekragtigings- ("enforcement") meganismes is.

---

1) Parsons, T., Op. cit. (1969), p. 3.

Vir Parsons is daar 'n verhelderende parallel te trek tussen die ekonomie en die politiek en wel in die sin dat die verhouding tussen die houers van politieke mag tot hul kiesafdelings in bepaalde poste ooreenkoms vertoon met die ekonomiese produsent se verhouding tot die kliënt via die mark. "It is through the spending of income that consumers give producers control of the monetary resources necessary to carry on the productive process. Similarly, it is through the support of constituents that office-holders acquire the power to be effective in assuming leadership in the shaping of collectively binding decisions and implementing them."[1] Verbruikseenhede wat, volgens Parsons, ideëel-tipiese gesinne ("households") is, is egter nie in eerste instansie deel van die struktuur van die ekonomie nie. "In a parallel sense I should maintain that the solidary groupings of constituency structure are not as such part of the political system, always considered strictly in analytical sense."[2]

Bogenoemde is enkele van die diepgaande probleme wat na vore kom in 'n teoretiese hantering van politieke probleme beide in politikologiese- en sosiologiese verband - aldus Parsons. Hierdie patroon van teoretiese beredenering oor die politiek het by Parsons begin ontwikkel, soos hyself erken, in 'n heroriëntasie van die probleme van die verhouding tussen ekonomiese teorie en die res van die sosiale sisteemteorie. Dit was hieruit dat die gedagte ontwikkel het dat die werklik teoretiese studiemateriaal van nie alleen die ekonomie nie, maar onder andere ook die politiek die analities gedefinieerde funksionele subsisteme van die groter sisteem omvat. Hieruit is die ekonomie geïdentifiseer as die subsisteem onderskeibaar van ander, in terme van die adaptiewe funksie. Op soortgelyke wyse poog Parsons dan die politiek te identifiseer as die subsisteem in terme van die doelbereikings-funksie.[3]

Dit is in hierdie verband belangrik om daarop te wys dat die vier funksionele vereistes van die sisteem volgens Parsons elk in 'n

---

1) Ibid., p. 4.
2) Ibid., p. 4.
3) Vergelyk: Ibid., p. 312 e.v.

eie subsisteem met 'n eie dissipline realiseer.[1] Skematies voorgestel, sien hierdie indeling soos volg daaruit:[2]

Funksionele vereiste	Subsisteem	Dissipline
integratiewe	sosiale (samelewings-gemeenskap)	Sosiologie
doelbereiking	politiek	Staatsleer
adaptasie	ekonomie	Ekonomie
patroonhandhawende	kultuur	Antropologie

Waar geld en materiële besit die algemene media van die Ekonomie uitmaak, argumenteer Parsons, kan mag onderhewig aan sekere voorbehoude die algemene medium vorm van Politiek met invloed as addisionele medium. Parsons verklaar in hierdie verband: "Influence, therefore, has been treated as the generalized medium that is basically anchored in the societal community, not the polity, in a sense parallel to that in which money is anchored in the economy."[3]

Hierdie algemene media (wat Parsons noem "generalized media") wat elk geanker is in 'n primêre funksionele subsisteem, dien ook om die verhouding tussen die ander drie subsisteme te verbind ("mediate"). "Influence, then, I conceive not to be in the sense of analytical primacy a political phenomenon, but rather a 'social' phenomenon which links societal community and polity, as power does in the other direction."[4] Hierdie algemene media dien as die mees fundamentele skakel (onder andere) tussen die strukturele en die prosesiële aspekte van die sisteemteorie.

Uiteraard, soos in die geval van die sisteem in sy geheel, aanvaar Parsons dat die politieke subsisteem ook 'n oop sisteem is.

Ons gaan hier nie verder in op die detaillering van die bogenoemde algemene postulate wat as verwysing dien in sy ontleding van die politiek as subsisteem nie. Enersyds, omdat sodanige detaillering

---

1) Vergelyk: Ibid., pp. 312-313.
2) Vergelyk:
   (i) Ibid., p. 33.
   (ii) Parsons, T., Op. cit. (1966), p. 29.
3) Parsons, T., Op. cit. (1969), p. 314.
4) Ibid., p. 315.

na ons mening 'n volskaalse studie regverdig, wat vir beide die politieke sosioloog en staatkundige belangrik mag wees, en andersyds ook omdat Parsons self erken dat hierdie benadering tot sistematiese teoretiese ontleding van politieke probleme nog nie ver genoeg ontwikkel is nie.[1)]

Ten besluite kan oor Parsons se sisteemmodel as kulmineringspunt van die funksionalisme gestel word dat sisteem en funksionalisme met reg as sinoniem aan konsensus getipeer kan word. Dit blyk duidelik uit verskeie fasette van sy sisteembeskouing. Parsons stel byvoorbeeld: "In one aspect or sense, of course, any actually existent system is 'integrated' in that its parts have somehow to 'intermesh'".[2)] Verder stel hy: "There is an element of common value-orientation, therefore, in 'any' system of social interaction ... There is a moral issue only when the alternatives involve a presumption of relevance to the 'integrity' or the 'solidarity' of an interaction system when the preservation of that integrity or solidarity is itself a value."[3)]

Sy sisteembenadering soos toegepas op die politiek is eweneens 'n bewys hiervan. Hy wys daarop dat die politieke sisteem soos enige sisteem saamgestel is uit eenhede in hul verhoudings. Elke

---

1) Ibid., p. 350. Dit dien hier gemeld te word dat die baanbrekerswerk wat Parsons met betrekking tot die ontleding van die polities-sosiale realiteit in terme van 'n sisteembenadering gedoen het, reeds deur verskeie persone opgevolg is. Vergelyk:
   (i) Steenekamp, C.S., Du Plessis, J.L., "Struktureel-funksionalistiese fundering van die politiese stelsel as maatskaplike subsisteem", Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie, Nommer 4, April 1972, pp. 29-40.
   (ii) Strauss, Johann, "Die Sosiologie en die Politiek in Suid-Afrika", Aspekte van die Sosiologie in Interdissiplinêre Verband, Instituut vir Eietydse Geskiedenis, U.O.V.S., Seminaarreeks 1972, pp. 40-42. Maar veral:
   (iii) Lipset, S.M., Op.cit. (1973), in geheel, (kyk ook p. 39).
   (iv) Levy, Marion J. (Jr), "Some Aspects of Structural Functional Analysis and Political Science" in Young, R. (redakteur), Op. cit., pp. 52-66.
   (v) Parsons self het ook reeds aansienlike detaillering aangebring in sy aanvanklike uiteensetting. Vergelyk in diè verband:
      (a) Parsons, T., "Some Highlights of the General Theory of Action" in Young, R., Op. cit., pp. 282-301 met
      (b) Parsons, T., Politics and Social Structure, in geheel.

2) Parsons, T., Op. cit. (1970), p. 96.

3) Parsons, T., Op. cit. (1970), p. 97, (vergelyk ook: p. 97 e.v.)

politieke sisteem is 'n kollektiwiteit waarvan die eenhede (lede) deur vier belangrike eienskappe gekarakteriseer word.

"1. Generalized commitments to the specific values of the collectivity, i.e. their commitment to the collectivity's effectiveness, which may be called their loyalty;
2. Specified commitments consisting of rights and obligations to make certain types of decisions that integrate the collectivity's commitments with their own roles and statuses within it;
3. An integrative responsibility for implementing specified decisions and protecting certain interests of the collectivity, a responsibility which constitutes a normative context for particular roles or functions; and
4. A capacity to implement, through instrumental procedures, decisions constituting obligations in particular roles. Capacity includes both competence in the personal sense and control of resources adequate for specific purposes."[1)]

Voorts kan gestel word dat daar geen twyfel kan bestaan oor die belangrikheid van die sisteemmodel vir nie alleen die Sosiologie en die Staatsleer nie, maar dat dit inderdaad tans as een van die belangrikste teoretiese fokuspunte dien in die Politieke Sosiologie.[2)] Die wyse waarop verskeie skrywers van nie alleen die sisteemmodel gebruik maak nie, maar ook na Parsons verwys, beklemtoon ook die belangrikheid van Parsons se bydrae in die verband.[3)] In hierdie verband is dit ook belangrik om daarop te let dat daar tussen die verskillende model-eksponente, veral in die Staatsleer, ooreenkomste waar te neem is, maar veral ook

---

1) Parsons, T., Op. cit. (1969), p. 321.
2) Vergelyk:
   (i) Strauss, Johann, Op. cit. (1969), pp. 47-64.
   (ii) Dowse, R.E., Hughes, J.A., Op. cit., pp. 70-79.
   (iii) Blume, Stuart S., Toward a Political Sociology of Science, pp. 36-37.
   (iv) Pizzorno, A. (redakteur), Op. cit., pp. 39-63.
   (v) Effrat, A. (redakteur), Op. cit., p. 23 e.v. en pp. 275-308.
3) Vergelyk onder andere:
   (i) Dahl, R.A., Op. cit., pp. 9-10.
   (ii) Easton, David, A Framework for Political Analysis, p. 1, p. 15, p. 100 en p. 124.
   (iii) Easton, David, A Systems Analysis of Political Life, p. 257, p. 268 en p. 281 (onder andere).
   (iv) Deutsch, K.W., Op. cit., pp. 47-50 en pp. 116-120 (onder andere).

duidelike klemverskuiwings in interpretasies. Vergelyk veral die bydraes van G.A. Almond, David Easton, David Apter en Karl W. Deutsch in hierdie verband.[1)]

5. Samevatting en evaluering

As uitgangspunt in hierdie hoofstuk is die volgende omskrywing van konsensus geneem, naamlik dat dit as fokuspunt individueel of gesamentlik die volgende veronderstel: verbintenis, kohesie, soliderariteit, samewerking, integrasie, stabiliteit, voortbestaan en wisselwerking of wederkerigheid. Daar is gewys op die verskil in interpretasie oor die begrip konsensus en ook dat in hierdie hoofstuk gepoog sou word om die ontwikkelingsgang van die benadering in sosiologiese perspektief na te speur.

Hieruit is vier take geformuleer in terme waarvan 'n duideliker beeld oor konsensus verkry kan word, te wete: eerstens, om die teoretiese fases in die ontwikkelingsgeskiedenis van die sosiologiese teorie, waarin konsensus as fokuspunt in mindere of meerdere mate aan te tref is, na te speur. Tweedens, om die onderlinge verskille tussen die verskillende fases in die ontwikkeling van die konsensusbenadering te probeer identifiseer. Derdens, om die oorsprong en aard van die sisteembenadering wat in onder andere die Sosiologie 'n prominente plek inneem, na te gaan en vierdens, om die invloed van die sisteem-"fase" op die ontstaan en ontwikkeling van die Politieke Sosiologie na te gaan.

Vir ons doeleindes is vier "fases" geïdentifiseer, te wete die kooperatiewe, die behavioristiese, die funksionalistiese en die sisteemfases. Laasgenoemde wat in effek 'n kulmineringspunt van die funksionalisme verteenwoordig.

Daar is op gewys dat die gedagte van konsensus nie eie is aan die moderne tyd nie, maar dat Polybius al reeds die gedagte van konsent geopper het. Voorts, dat aspekte of elemente van konsensus daarna regdeur die geskiedenis van die menslike saambestaan geïdentifiseer sou kon word. Uit die tydvak direk voor die amptelike "ontstaan"

---

1) 'n Vergelykende ontleding word gedoen in Davies, M.R., Lewis, V.A., Op. cit., pp. 29-82.

van die Sosiologie is uit die bydraes van onder meer Vico, Grotius en Spinoza die idee van samewerking duidelik geïdentifiseer.

Na die "ontstaan" van die Sosiologie en by name in die bydrae van een van die grondleggers van die Sosiologie, naamlik Comte, sowel as uit die bydraes van Kropotkin, Ratzenhofer, Small, Hobhouse, Cooley, Park en Burgess is daarop gewys dat 'n moontlike konseptuele verwysingsraamwerk van 'n model vir die ontleding van die samelewing soos volg daar kan uitsien: koöperasie of samewerking is ingebed in belange. Sosialisering as proses is nodig vir belange-oordrag. Harmonie onderling tussen lede van 'n groep, gemeenskap of samelewing kan deur middel van samewerking verkry word, alhoewel dwang òf moontlik òf nodig is. Akkommodasie of assimilasie kan resulteer vanweë samewerking.

Hierna is aandag gegee aan die behavioristiese fase van die konsensusbenadering met spesifieke verwysing na Weber, MacIver en Parsons as eksponente van die handelingsvertakking van die behaviorisme. Daar is gewys op die teenwoordigheid van konsensusidees by die positivistiese organiste en die formaliste, welke leemtes by laasgenoemde aanleiding gegee het tot die behavioristiese fase en ook enkele algemene kenmerke van die behaviorisme is aangesny. Hoewel drie vertakkings van die behaviorisme onderskei word, is slegs gekonsentreer op enkele eksponente van die handelingsvertakking se bydraes. Met betrekking tot Weber, MacIver en Parsons is die polities-sosiologiese relevantheid van hul bydraes uitgewys, sowel as by implikasie minstens die konsensus aspekte in hul bydraes.

As uitgangspunt van die handelingsbenadering geld Weber se aanname dat handeling gerig word deur die akteur se bewussyn van ander persone wie se gedrag sy eie doelstellings beïnvloed. Hieruit kan sekere implikasies afgelei word wat gesamentlik 'n handelingsverwysingsraamwerk daarstel. Die eerste proposisie impliseer onder andere dat groepsgedrag terugverwys moet word en betekenis verkry in terme van die subjektiewe bedoelings van die individuele deelnemers. 'n Tweede proposisie impliseer dat handeling in 'n situasie realiseer en tyd en plek gebonde is en dat in die situasie

middele en toestande deur die akteur verreken moet word. 'n Derde proposisie impliseer dat daar alternatiewe keuses is ter bereiking van 'n bepaalde doel of alternatiewe doelstellings self is, wat 'n keuse-uitoefening aan die kant van die akteur impliseer.

Die handelingsbenadering is direk relevant tot die konsensusmodel daarin dat: eerstens, soos aangetoon, dit die konsensusmodel onderlê; tweedens, wisselwerking 'n fokuspunt van konsensus is en dat wisselwerking deel is van die handelingsbenadering; en derdens, ook indirek in dié sin dat Parsons se sisteemmodel terug te voer is tot Weber se basiese postulaat in verband met sosiale handeling.

Vervolgens is aandag aan die funksionalistiese fase van die konsensusbenadering gegee en is daarop gewys dat dit onder andere die ontwikkeling van Parsons se sisteemmodel beïnvloed het, nadat egter eers aan Merton se bydrae in dié verband aandag gegee is.

Daar is onder andere gewys op sy onderskeiding van manifeste en latente funksie en tweedens sy konsep disfunksie. Daar is aangetoon dat ons vir die doeleindes van hierdie studie nie gepoog het om funksionalisme per sé as fase van die konsensusbenadering uit te wys nie, maar wel dat dit nodig was om enkele fasette daarvan uit te lig, gesien die feit dat funksionalisme onder andere kulmineer in die sisteemmodel van Parsons. Daar is gewys op die invloed van die handelingsbenadering in die funksionalistiese benadering op Parsons se denke en dat beide invloede in sy sisteemmodel prominent figureer, maar dat daar tog 'n duidelike skeiding in sy sisteemmodel aan te tref is tussen die twee. Hierop is 'n saaklike en gedeeltelike rekonstruksie van sy sisteemmodel gegee. Aangesien 'n samevatting in die teks self verskyn, word hier net daarna verwys.[1)]

Ten spyte van die omvattende kritiek teen Parsons soos in die teks na verwys, word reg of verkeerd, van die standpunt uitgegaan dat sy sisteembenadering genoegsame meriete het vir toepassing op die polities-sosiale realiteit en daarom is ook aan sy beskouings in die verband aandag gegee. Parsons het aangetoon dat die politiek primêr die doelbereikingsfunksie het. Hy ontleed dan

---

1) Vergelyk: Hoofstuk VIII, subhoof 4.2., pp. 441-444.

ook die politieke subsisteem as sisteem, en wel vanuit sy algemeen sosiologies-teoretiese posisie soos vergestalt in die sisteembenadering. Hy identifiseer enkele teoretiese probleme met betrekking tot 'n teoretiese benadering en analise van die politiek. In die lig van sy ontleding van die ekonomie wys hy daarop dat solidariteit, mag en invloed belangrike faktore in die ontleding van die politieke subsisteem is. Hoewel belangrike grondwerk in die ontleding van die politieke subsisteem in terme van die sistemies-teoretiese ontleding al gedoen is, wys Parsons self daarop dat dit nog nie ver genoeg ontwikkel is nie.

Daar is ten besluite opgemerk dat Parsons se sisteemmodel 'n kulmineringspunt van die funksionalisme verteenwoordig en dat funksionalisme en sisteem as begrippe met reg as sinonieme van konsensus beskou kan word, juis in die lig van onder andere Parsons se bydrae in die verband. Voorts is aangetoon dat die sisteembenadering nie alleen in die Sosiologie en Staatsleer nie, maar ook in die Politieke Sosiologie as een van die belangrikste fokuspunte dien, en dat Parsons in die verband algemene erkenning geniet.

Hier kan by wyse van 'n slotopmerking daarop gewys word dat die sisteembenadering spesifiek in die lig van Parsons se sisteemmodel veel meer gedetailleerd en verder ontwikkeld is as die konflikbenadering of enige van die konflikmodelle wat in hierdie studie behandel is. Vir 'n groot mate van insig en perspektief oor die konflikbenadering was 'n veel omvattender studie van die benadering in sy historiese konteks genoodsaak. Hierteenoor toon die konsensusbenadering ook 'n veel duideliker ontwikkelingslyn vanaf die koöperatiewe fase tot en met die sisteemmodel as kulmineringspunt van die konsensusbenadering. 'n Sinvolle perspektief oor die konsensusbenadering is dus geredeliker realiseerbaar vanweë die duideliker ontwikkelingslyn wat dit openbaar en die omvattende detaillering wat dit in die sisteemmodel openbaar.

HOOFSTUK IX

Slotbeskouing

In aansluiting by die vier gemelde doelstellings ten aanvang van hierdie studie, sal vervolgens gepoog word om van die belangrikste bevindinge rakende elkeen van die vier doelstellings hier saaklik te rekonstrueer.

1. Enkele bevindinge rakende die eerste doelstelling

As eerste doelstelling vir hierdie studie is die volgende ten aanvang van die studie geformuleer: "... om 'n oorsig te gee van die ontwikkeling van polities-sosiale denke vanaf die vroegste tye tot die laat agtiende eeu en in die lig van bydraes uit hierdie tyd tot 'n konklusie te probeer kom oor die betekenis van hierdie bydraes vir die ontwikkeling van polities-sosiologiese denke".[1)]

Soos reeds vroeër opgemerk,[2)] was daar reeds sedert die vroegste tye, eksplisiet of ten minste implisiet, 'n begeerte of behoefte by die mens na 'n ordelike en vredevolle bestel. Dat hierdie begeerte na en behoefte aan orde of 'n ideaal van orde na alle waarskynlikheid 'n eie ontwikkelingsgeskiedenis gehad het, val nie te betwyfel nie. Dit blyk duidelik uit die feit dat daar uit die geskiedenis van die mensdom sedert die vroegste tye omvattende bewyse is oor die bestaan van sowel 'n groot verskeidenheid wetstelsels, vorme van administrasie, regeringsvorme, as 'n groot verskeidenheid van interpretasies wat oor die aard, inhoud en betekenis hiervan deur verskeie denkers gelewer is.

Uit die geskiedenis, wat in 'n sekere sin beskou kan word as onder andere die geskiedenis van die strewe na 'n ordelike polities-sosiale naasbestaan, blyk dit voorts uit die bydraes van denkers uit die verskillende beskawingseras - soos verbeeld in onder andere die sosiale denke uit daardie eras - dat die fundamentele beginsels op grond en in terme waarvan hierdie orde gerealiseer moes word, reeds vroeg in die mensdom se geskiedenis aandag geniet het. Die groot verskeidenheid idees, konsepte, benaderings, verwysingsraamwerke en selfs modelle uit die geskiedenis oor 'n groot verskeidenheid polities-sosiaal relevante fasette dien in hierdie verband

---

1) Hoofstuk I, subhoof 4, p. 28.
2) Hoofstuk 2, subhoof 11, p. 82.

as geldige verwysingspunte ter stawing van die onderhawige argumentasie.

In die lig van bydraes sedert die vroegste tye deur die verskillende tydvakke heen wat in hierdie studie behandel is, kan met reg hier gekonkludeer word dat die fundamentele beginsels in terme waarvan die mens sy polities-sosiale realiteit probeer hanteer en bemeester het, reeds in wording was en deur verskillende ontwikkelingstadia gegaan het sedert die vroegste antieke sosiale denke. In hierdie verband kan ter stawing aangevoer word die bydraes uit onderskeidelik die antieke Babiloniese, Egiptiese, Chinese, Indiese, Hebreeuse, klassieke Griekse, Romeinse en middeleeuse tydvakke.

Dat die beliggaming of inhoudgewing aan hierdie behoefte , of ideaal van orde in sy polities-sosiale bestel vir die mens geen maklike taak was nie, spruit duidelik uit die welbekende geskiedenis van opkoms en verval van nasies en state, die talle oorloë en konflikte tussen groepe en gemeenskappe of interne konflikte binne groepe en gemeenskappe, die gebrek aan onder andere sosiale en staatkundige kundigheid, gebrek aan tegniese vaardigheid, die gebrek aan konsensus oor die basiese beginsels in terme waarvan orde gerealiseer moes word en talle ander faktore.

In 'n sekere sin is in bogenoemde bondige samevatting 'n antwoord vervat op die twee vrae wat gestel is ten aanvang van die hoofstukke wat handel oor die historiese oorsig van die ontwikkeling van polities-sosiale denke vanaf die vroegste tye,[1)] naamlik eerstens: Watter faktore en omstandighede het daartoe aanleiding gegee dat 'n magsvorm of gesagsvorm in 'n gemeenskap of samelewing nie alleen tot stand gekom het nie, maar bykans absolute aanvaarding en erkenning binne daardie gemeenskap of samelewing vir 'n tydperk van langer of korter duur geniet het? Tweedens is gevra: Waarom kom hierdie magsvorme of gesagsvorme universeel voor en beïnvloed dit die sosiale en persoonlike lewe van bykans elke samelewing en persoon rigtinggewend?

Waar die onderhawige hoofstukke dan 'n poging was tot die rekon-

---

1) Vergelyk:
(i) Hoofstuk 2, subhoof 1, p. 32.
(ii) Hoofstuk 3, subhoof 3, p. 135.

struksie van 'n historiese raamwerk van verwysing van polities-sosiale denke waarin die substantiewe onderbou van die polities-sosiale realiteit stelselmatig - dog uiteraard nie volledig nie - uitgebou is, kan enkele tentatiewe antwoorde op die gestelde vrae gegee word.

Aangesien die teendeel nie uit die geraadpleegde literatuur bewys kon word nie, kan aanvaar word dat, implisiet of eksplisiet, die begeerte na of behoefte aan 'n ordelike voortbestaan waarby direk of indirek die kwessie van selfbehoud vir individu(e), gemeenskappe en samelewings inbegrepe is, ten dele 'n antwoord voorsien op die gestelde vrae.

Uit die bydraes uit die verskillende tydvakke wat behandel is, sowel as uit die bydraes van Machiavelli, Bodin, Hobbes, Locke, Vico, Montesquieu, Voltaire, Hume, Rousseau en teen die agtergrond en ontwikkelinge in enkele relevante tydvakke,[1)] is verdere perspektiewe aan die tentatiewe antwoord toegevoeg.

Hieruit kan tot die gevolgtrekking geraak word dat die strewe inderdaad by die mens teenwoordig kan wees na orde, vrede, voortuitgang, voortbestaan en selfbehoud, maar dat verskillende denkers uit die opeenvolgende tydvakke verskillende interpretasies aanbied vir beide die ontstaan en bestaan van die magsinstitusies soos die staat of regerings, byvoorbeeld die sondeval, 'n sosiale kontrak, die rede of natuurwet, onderlinge konflikte en oorloë. Met ander woorde, hieruit volg dat verskillende interpretasies of verklarings afkomstig van verskillende individue wel 'n spieëlbeeld van 'n moontlike antwoord of verklaring op ons gestelde probleem of vrae voorsien, maar dat by gebrek aan 'n enkele houdbare verklaring ons kan uitgaan van die veronderstelling dat die antwoord veel eerder gesoek moet word in:

eerstens: die historiese agtergrond van die bepaalde tydvak waarin regerings of 'n regering voorkom;

tweedens: die dinamiese aard van die polities-sosiale realiteit onderliggend aan elke tydvak (met ander woorde, dat veranderinge in die polities-sosiale realiteit voorkom en dat die veroorsaking, die tempo, aard, omvang, intensiteit en gevolge daarvan nagespeur moet word);

---

1) Vergelyk: (i) Hoofstuk 2, subhoof 11, pp. 82-87.
(ii) Hoofstuk 3, subhoof 3, pp. 135-149.

derdens: die oorheersende ideologie of ideologieë, waardesisteme en normpatrone wat in elke tydvak in mindere of meerdere mate geldend is;

vierdens: die mate van konsensus al dan nie, spesifiek tussen heerser(s) en onderdane of heersers onderling en onderdane onderling wat oor ideologie(ë), waardes en norme bestaan; en

vyfdens: die ontwikkelingspeil van spesifiek die menslike rede met betrekking tot kundigheid en ervaring in praktiese regering en die onderliggende beginsels en voorvereistes daaraan verbonde.

Al vyf bogenoemde faktore kan na ons mening teruggevoer word na 'n ideaal, begeerte of behoefte aan orde, vrede, voortbestaan, selfbehoud en vooruitgang wat kollektief onder die grootste deel van die onderdane en heersers gesamentlik gevoel is.

Al sou die aanvanklik gestelde vrae nie ten volle bevredigend op hierdie wyse beantwoord wees nie, is ons oortuig dat beide die vraagstelling en die tentatiewe beantwoording relevant is, soos duidelik blyk uit die omskrywing van die Politieke Sosiologie[1] en 'n toepaslike terreinafbakening,[2] naamlik dat die Politieke Sosiologie onder andere as fokuspunt die verband tussen die politieke en sosiale realiteit het soos dit realiseer in die staat-samelewingsverband.

Die vraagstelling en beantwoording daarvan soos hier aangebied, lê na ons mening aan die kern van 'n begrip en insig in hierdie verband. Al sou beide hierdie vraagstelling en beantwoording daarvan dan nie heeltemal bevredig nie, is ons van mening dat dit as stimulus kan dien tot verdere ondersoek in die verband oor die moderne staat-samelewingsverband, maar veral ook in die historiese konteks waaruit 'n beter begrip en insig na alle waarskynlikheid oor die moderne tyd kan realiseer.

Voorts is in die twee betrokke hoofstukke 'n beeld of historiese perspektief probeer gee waaruit nie alleen 'n algemene begrip en insig oor die aard en wese van die polities-sosiale realiteit en historiese konteks ontwikkel is nie, maar was dit in meer spesifieke

---

1) Vergelyk: Hoofstuk I, subhoof 1.4, p. 9.
2) Vergelyk: Hoofstuk I, subhoof 1.5, p. 12.

sin 'n poging tot die rekonstruksie van 'n historiese raamwerk van verwysing van polities-sosiale denke waarin die substantiewe onderbou van die polities-sosiale realiteit stelselmatig, dog uiteraard nie volledig nie, uitgebou is. Die substantiewe onderbou bestaan uit 'n ryke verskeidenheid van idees, stellings, dogmas, ideologieë, modelle en "teorieë", elk teen 'n eie historiese agtergrond en ingebed in 'n verskeidenheid van politieke en sosiale kulture. Hiervan moet die politieke sosioloog by name dan ook deeglik kennis neem en deeglik mee rekening hou, veral aangesien die kontemporêre polities-sosiale realiteit medebepaal is deur die verlede, in welke verband kennis oor en begrip van die verlede kennis en begrip van die kontemporêre rigtinggewend kan beïnvloed.

2. Enkele bevindinge rakende die tweede doelstelling

As tweede doelstelling is ten aanvang van hierdie studie gestel: "... om 'n saaklike rekonstruksie te gee van De Tocqueville, Marx, Pareto, Mosca, Weber, Michels en Mannheim se bydraes in terme waarvan hulle as medegrondleggers van die Politieke Sosiologie sou kon kwalifiseer".[1]

Dit kan hier gekonstateer word dat die bydraes van bogenoemde denkers nie alleen gesien moet word teen die agtergrond van die intellektuele klimaat nie. In werklikheid moes hulle ten minste by implikasie beïnvloed gewees het deur die intellektuele klimaat geldend in die tydvakke waarin hul bydraes die lig gesien het. Hierdie intellektuele klimaat is weer beïnvloed deur die intellektuele ontwikkelings, stromings en denkbeelde uit die verlede. Hul denke en bydraes het dus nie in 'n intellektuele of historiese vakuum ontwikkel nie, maar hoofsaaklik teen die agtergrond van die historiese ontwikkeling van Westerse[2] polities-sosiale denke.

Verder blyk dit ook duidelik, indien die behandelde medegrondleggers se bydraes gesien word teen die breë historiese ontwikkeling wat van polities-sosiale denke gegee is, dat ons met betrekking tot die polities-sosiale realiteit nie in een van die medegrond-

---

1) Vergelyk: Hoofstuk I, subhoof 4, p. 28.
2) Marx se bydraes sou later egter veral die ontwikkeling van polities-sosiale denke in Oos-Europa en Oos-Asië rigtinggewend beïnvloed.

leggers se bydraes omvattende of selfs genoegsame "teorieë" of modelle vind oor die geheel van die polities-sosiale realiteit nie (hoewel hier toegegee moet word dat selfs die moontlikheid vir die bestaan van sodanige omvattende "teorieë" of modelle wetenskaplik gesien 'n "ope vraag" is).

Hierdie bydraes verteenwoordig hoogstens pogings tot die beskrywing en verklaring van die strukturering en/of funksionering van komponente of fasette van die polities-sosiale realiteit. Hierdie bydraes geskied verder ten opsigte van 'n bestaande geopolitieke bedeling, byvoorbeeld De Tocqueville se bydrae oor die demokrasie in die Verenigde State van Amerika, of in terme van 'n ooraksentuering en selfs verabsolutering van die politieseekonomiese faktore, byvoorbeeld Marx se ekonomiese determinisme en die gevolglike klassestryd, of in terme van 'n politiesorganisatoriese aspek soos by Pareto en Mosca met betrekking tot politieke elite en Michels ten opsigte van politieke klasse. Voorts is daar by Marx en Mannheim, hoewel op totaal verskillende gronde en met verskillende eindpunte in gedagte, 'n poging tot 'n ideëel-tipiese konstruering van "houdbare" polities-sosiale bedelings.

Sonder om hier samevattend weer in detail in te gaan op die bydraes van die hierbehandelde medegrondleggers van die Politieke Sosiologie,[1] kan sonder vrees vir teëspraak gestel word dat hulle wel kwalifiseer as medegrondleggers, beide met betrekking tot metode van studie, as met betrekking tot substans van hul bydraes, nieteenstaande die fragmentariese aard daarvan in sekere gevalle en die kritiek wat teen die onderskeie bydraes uitgespreek is. Van hierdie kritiek moet wel deeglik kennis geneem word, maar in nie een van die gevalle was die kritiek van so 'n aard dat kategories gestel kan word dat die betekenisvolheid van die bydraes, vir die Politieke Sosiologie ten minste, daarmee opgehef is nie. Trouens, die rykdom aan idees, hipoteses en modelle wat, kollektief gesien, resulteer uit die hier gerekonstrueerde bydraes, verdien veel meer erkenning van resente politieke sosioloë as bloot net 'n paragraafverwysing na een of twee van die medegrondleggers as synde ('n) historiese verwysingspunt(e) vir die

---

1) Vergelyk hiervoor: Hoofstuk V, subhoof 4, p. 284 e.v.

ontstaan of ontwikkeling van die Politieke Sosiologie.[1] Na ons mening vergestalt hierdie medegrondleggers se bydraes niks minder nie as eerstens: die geskiedenis van die aard en ontwikkeling van die Politieke Sosiologie en tweedens: die teoretiese onderbou van die Politieke Sosiologie.

Uit die bydraes van die medegrondleggers soos hier behandel, is 'n verwysingsraamwerk vir die ontleding van die kontemporêr polities-sosiale realiteit geabstraheer. Hierdie verwysingsraamwerk word hier herhaal ter stawing van die argument dat die enkele bydraes hier behandel in werklikheid die teoretiese onderbou van die Politieke Sosiologie voorsien. Die volgende teoretiese verwysingspunte van die raamwerk kan gemeld word:

(i) konsensus, na aanleiding van De Tocqueville se ontleding van die Amerikaanse demokrasie;
(ii) konflik, waarvan Marx se ontleding van die klassestryd 'n goeie voorbeeld is;
(iii) die politieke elite en/of heersersklasse en die ontledings van die regerende minderhede na analogie van Pareto en Mosca se uiteensettings;
(iv) die gesagsfenomeen, na aanleiding van Weber se drieledige tipologie van verskillende vorme van wetlike gesag;
(v) die burokrasiefenomeen, na aanleiding van Weber se ideëeltipe van die burokrasie;
(vi) die organisasiefenomeen, spesifiek dan politieke organisasie, na aanleiding van Michels se bydrae met besondere verwysing na die wet van oligargie; en
(vii) die magsfenomeen, na aanleiding van Mannheim se bydrae in hierdie verband.

Dat die bydraes van hierdie medegrondleggers slegs fragmentaries of komponentêr van aard is, spreek vir sigself. Dat hierdie bydraes egter belangrike perspektiewe geopen het oor die aard, wese, funksionering en strukturering van etlike fasette van die polities-sosiale realiteit wat voorheen nie bestaan het nie, kan

---

1) Die meerderheid handboeke in die Politieke Sosiologie gee tans nie, na ons mening, genoegsame erkenning aan die bydraes van hierdie medegrondleggers nie. (Vergelyk in die verband die bronne in die Politieke Sosiologie waarna in hierdie studie verwys is).

eweneens nie ontken word nie. Belangrike insigte is ook verkry in die lig van hul bydraes oor die leemtes op die studieterrein van die Politieke Sosiologie. Hieronder is die behoefte aan 'n duidelike terrein-afbakening van die Politieke Sosiologie, 'n duideliker omskrywing van wat met die Politieke Sosiologie per definisie bedoel word, die behoefte aan duidelike en bruikbare konsepte en meer spesifiek leemtes of probleme met betrekking tot die stand van teoretisering oor die polities-sosiale realiteit soos byvoorbeeld polities-sosiale verandering en laastens 'n meer omvattende verwysingsraamwerk wat die terrein van die Politieke Sosiologie verder kan spesifiseer.

Dit moet erken word dat die bydraes van die genoemde medegrondleggers elk op sy eie, deurbrake verteenwoordig in die bestudering van die polities-sosiale interaksie, in kort, die polities-sosiale realiteit en dat dit ook die multi-dimensionaliteit daarvan aandui - die omvattende problematiek ten spyt. Dat hierdie medegrondleggers deur hul bydraes ook verdere studie op die terrein van die polities-sosiale realiteit gestimuleer het, kan eweneens nie ontken word nie.

3. Enkele bevindinge rakende die derde doelstelling

As derde doelstelling vir hierdie studie is die volgende geformuleer: "... om die ontwikkeling en aard van onderskeidelik die konflikmodelle en konsensusmodelle te probeer naspeur en wel aan die hand van enkele eksponente van hierdie modelle se bydraes in dié verband, sowel as om die relevantheid van hierdie modelle tot die Politieke Sosiologie te probeer aantoon."[1)]

Vir die doeleindes van die onderhawige samevatting sal die twee modelle in bogenoemde doelstelling hier, soos in die teks self, geskei word. Gevolglik bepaal ons die aandag eerstens by die konflikbenadering of te wel dan die konflikidee en konflikmodelle, en daarna sal ons aandag gee aan die ontwikkeling van die konsensusgedagte en konsensusmodelle.

Onder die opskrif "die konflikbenadering as teoretiese grondslag tot die Politieke Sosiologie", is in twee hoofstukke aandag gegee

---

1) Hoofstuk I, subhoof 4, p. 28.

aan verskeie denkers se benadering tot en interpretasie van die konflikfenomeen. Vanweë die periodieke konflikte, die omvang, aard en gevolge daarvan, verbaas dit mens geensins dat sedert die vroegste tye alreeds deur verskillende denkers aan die konflikfenomeen aandag gegee is nie. Dit het trouens alreeds implisiet geblyk uit die hoofstukke waardeur die eerste twee genoemde doelstellings van hierdie studie mee probeer dek is. Vanaf Heraclites tot en met Darwin is direk of indirek interpretasies van wisselend omvang en betekenis aan hierdie fenomeen gekoppel.

Uit bydraes van etlike denkers het geblyk dat konflik en die resulterende stryd as 'n oorsaaklike faktor beskou was in die ontstaan van die staat en die samelewing. Na die volle betekenis van al hierdie bydraes kan hier nie eens samevattend weer verwys word nie.[1)] Dit is voldoende om hier op te merk dat die vroegste sosiale konflikidees perspektiewe oor die fenomeen geopen het, perspektiewe wat later betekenisvol deur die sosiaal-Darwiniste en vroeë sosiaal-Marxiste aangevul is en wat eventueel geresulteer het, ten minste in sosiologiese verband, in aanvanklike sosiologiese konflik-"teorieë" of te wel modelle in terme van ons intepretasie van die konsep.

Tydens laasgenoemde fase in die ontwikkeling van die konflikbenadering is 'n duideliker teoretiese inslag merkbaar, terwyl dit in 'n groot mate gesuiwer is van ideologiese inhoude; hoewel hier opgemerk moet word dat veral die sosiaal-Darwinistiese invloede nog duidelik waarneembaar was by die aanvanklike eksponente van die sosiologiese konflikteorie. Andermaal egter was die bydraes van hierdie eksponente betekenisvol, hoe gering dan ook al. Die betekenis is te vinde in hul invloed op latere teoretici, of dit was in die besondere plek of interpretasie, hoe reg of verkeerd ook al, wat hulle aan konflik gee, of dit was geleë in die beklemtoning en herinterpretasie van perspektiewe wat reeds blootgelê is. Daar was nietemin ten spyte van die betekenisvolheid, nog duidelike eensydige en verabsoluterende momente in hul interpretasies van konflik waarneembaar. Later het meer gebalanseerde (vergelyk Small se bydrae) en meer gesofistikeerde modelle (vergelyk Oppenheimer se bydrae) egter die lig gesien.

---

1) Vergelyk: Hoofstuk VI, subhoof 5, p. 336 e.v.

Dit kan dus hier gestel word dat vanweë die prominente invloed van die konflikfenomeen op die mens se polities-sosiale saambestaan of polities-sosiale bestel, dit geensins verbaas dat hierdie verskynsel alreeds vroeg in die menslike geskiedenis die aandag van denkers getrek het nie.

Vanuit verskillende gesigshoeke is die multi-dimensionaliteit van konflik, beide met betrekking tot die veroorsaking, die aard, wese en die gevolge daarvan deur verskeie denkers probeer beskryf en in 'n mindere of meerdere mate ook probeer verklaar. Ten spyte van leemtes en tekortkomings in hierdie interpretasies kan dit nie anders as teen hierdie ryke intellektuele agtergrond, dat die konflikfenomeen in die lig van meer gevorderde tegnieke en as gevolg van die beter ontwikkelde wetenskaplike denk- en werkswyse meer "gevorderde" aandag sou ontvang nie. Onder die invloed van die natuurwetenskappe en filosofiese idealisme sou ook die konflikbenadering aan nuwe insigte en perspektiewe baat. So byvoorbeeld is die konflikfenomeen skerper omlyn, die relevantheid van die rassefaktor, ekonomiese en ander faktore en van minderheidsgroepe tot konflik uitgewys. Sodoende is die behoefte aan verdere wetenskaplike beskrywing en verklaring van die konflikfenomeen gestimuleer.

Dat hierdie ontwikkeling wat die konflikbenadering deurgegaan het ook polities-sosiologies uiters relevant is, blyk onder andere uit die feit dat die staat vir die konflikeksponente 'n klassestaat was wat bestaan het uit 'n heersersklas en 'n onderdaneklas, waarin laasgenoemde beheer oor die dwangelement probeer verkry het wat die heersersklas besit. Hierdie beskouing is in lyn met die proses waardeur hierdie tipe staat ontstaan het volgens die konflikeksponente, naamlik deur konflik waardeur een groep of klas 'n ander aan hulself onderwerp het en wel as heersersklas oor 'n onderdaneklas. Dit is voorts in 'n sekere sin vanselfsprekend dat die teoretiese verfyning en detaillering waaraan die konflikbenadering gewen het deur sy verskillende ontwikkelingstadia, soos gesien vanuit 'n sosiologiese perspektief ook politiessosiologies relevant moet wees. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die interverwantskap tussen politieke en ander sosiale institusies - in die geheel gesien die interverweefdheid van die

politieke en sosiale realiteite en die gepaardgaande effek - dat konflik in die een na alle waarskynlikheid ook 'n gevolg op die ander sal hê.

Uit die verdere ontwikkeling van die konflikbenadering, veral in sosiologiese perspektief, is die fyner detaillering van die konflikmodelle deur onderskeidelik Simmel, Coser, Park, Dahrendorf en Rex aangetoon. Die invloede wat onderskeidelik uitgegaan het van voorafgaande fases in die ontwikkelingsgeskiedenis van spesifiek die Sosiologie, die invloed van die konsensusmodel in reaksie waarop by name Dahrendorf, Rex en andere hul konflikmodelle geponeer het, die invloed van vroeëre eksponente van konflikidees en konflikmodelle is reeds aangetoon. Nieteenstaande kritiek, wat aangedui is ten opsigte van elke behandelde eksponent se konflikmodelle, moet hier gestel word dat die konflikmodelle van die onderskeie resente eksponente hoogtepunte verteenwoordig in die ontwikkeling van die konflikbenadering, in dié sin dat die mate van teoretiese verfyning en detaillering daarin vervat, ongekend was in vroeëre tye.

Die relevantheid van die konflikmodel vir die Politieke Sosiologie is ook aangetoon.[1] Die redes waarom die konflikmodel, ten spyte van die ooglopende belangrikheid daarvan vir die Politieke Sosiologie, nog nie voldoende tot sy reg kom in polities-sosiologiese analise nie, kan weer hier herhaal word. Eerstens: die redelik vroeë stadium van ontwikkeling waarin die Politieke Sosiologie sigself bevind en tweedens: die dominante posisie wat die konsensusbenadering in die Sosiologie, maar tans ook nog in die Politieke Sosiologie, inneem. Enkele, na ons mening minstens voorlopige vereistes, is gestel waaraan die konflikbenadering en resulterende konflikmodelle sal moet voldoen alvorens die konflikmodel sy regmatige plek in die Politieke Sosiologie sal kan inneem.[2]

'n Ietwat volledige en omvattende uiteensetting van die konflikbenadering soos hier hanteer, was nodig omrede die lang historiese ontwikkeling van die konflikbenadering vanaf aanvanklike gedagtes daaroor tot meer gedetailleerde en "gesofistikeerde" modelle. Die

---

1) Vergelyk: Hoofstuk VII, subhoof 7, p. 389 e.v.
2) Vergelyk: Hoofstuk VII, subhoof 8, p. 395.

algemene prominensie van konflik in die sosiale realiteit en spesifiek in die polities-sosiale realiteit, minstens periodiek; die wisselende grade van omvang en intensiteit wat dit openbaar en die veeltal denkers wat hieraan aandag gegee het, het as verdere motivering gedien vir hierdie volledige uiteensetting van die konflikbenadering. Hierdie uiteensetting was nodig vir so 'n volledig moontlike perspektief sowel oor die aard en ontwikkeling van die besondere benadering, as oor die invloed daarvan op die Politieke Sosiologie, en om tot 'n waardebepaling te kan kom van die betekenis van die konflikmodel vir die Politieke Sosiologie.

Dat sowel hierdie benadering as resulterende modelle nie alleen relevant is nie, maar trouens besonder betekenisvol kan wees vir polities-sosiologiese analise val nie te betwyfel nie, vanweë die aard en omvang van die konflikverskynsel en die potensieel destruktiewe momente, asook die potensieel positiewe funksies daarvan in die polities-sosiale realiteit. Hierdie afleiding is geregverdig in die lig van perspektiewe wat oor konflik blootgelê is in sosiologiese verband, maar andersyds ook omdat politieke sosioloë telkens na die konflikfenomeen verwys. Van 'n werklike ponering van konflikmodelle oor die polities-sosiale realiteit deur politieke sosioloë kon egter geen pertinente blyke gevind word nie; selfs nie eens van die toepassing van erkende sosiologiese konflikmodelle op die polities-sosiale terrein nie, ten spyte van die feit dat die bydraes van Dahrendorf en Rex pertinent daardie moontlikheid ooplaat.

Na ons mening, vir sowel 'n vollediger begrip oor die aard en wese van die polities-sosiale realiteit, as die verskillende prosesse daarin vervat waaronder konflik ingesluit is, is dit noodsaaklik dat hierdie, in 'n groot mate onontginde terrein meer volledige aandag behoort te geniet. Voorts is ons ook van mening dat hierdie taak vergemaklik en bevorder kan word deur minstens 'n deeglike kennis van die teoretiese verfyning en detaillering van die konflikbenadering in die Sosiologie, gesien in die lig van die historiese ontwikkeling wat hierdie fenomeen in die sosiologiese teorie ondergaan het.

Hierdie afleiding is ook geregverdig uit die onderhawige studie waaruit duidelik geblyk het dat die konflikmodelle in die sosiologiese teorie aansienlike teoretiese verfyning en detaillering ondergaan het, groter konseptuele helderheid verkry het en waardeur groter wetenskaplike begrip algemeen gesproke oor die konflikfenomeen bevorder is. Die politieke sosioloog kan dus baat vind by hierdie insigte verkry uit die sosiologiese teorie deur sosiologiese konflikmodelle indien nodig te modifiseer en empiries te verifieer in toepaslike polities-sosiale situasies aan die hand waarvan verdere verfyning en detaillering in modelle aangebring kan word wat weer verdere empiriese verifikasie kan stimuleer.

Dit is 'n geldige argument dat die polities-sosiale realiteit nie net uit konflik(te) bestaan nie en dat die ponering van slegs konflikmodelle in 'n duidelike teoretiese sydigheid en verabsolutering sal resulteer. Hierdie aanname is egter geen verskoning vir die negering van die periodieke konflikte in die polities-sosiale realiteit nie. Verdere pogings tot modelbou moet plaasvind, asook die empiriese verfyning daarvan in konfliksituasies wat voorkom, anders sal 'n perspektief oor en kennis en deurgronding van die polities-sosiale realiteit in sy volle kompleksiteit steeds 'n ontwykende ideaal bly, aangesien konflik in sy multi-dimensionaliteit sigself by herhaling voorgedoen het in die politieke bestel van samelewings óf in samelewings met 'n resulterende effek op die polities-sosiale bestel in geheel.

Na ons mening kan die volgende simplistiese konflikmodel, saamgestel uit insigte verkry uit hierdie studie, as 'n moontlike vertrekpunt dien vir die ontleding van konflik in die polities-sosiale realiteit.

Die volgende algemene en verbandhoudende stellings geld na ons mening vir polities-sosiale konflik:

(i) Polities-sosiale konflik is 'n universele verskynsel wat in wisselende grade van intensiteit en omvang oral in enige polities-sosiale bedeling sal voorkom.

(ii) Polities-sosiale konflik resulteer uit sosiale interaksie of wisselwerking.

(iii) Wisselwerking is polities-sosiaal betekenisvol in terme van onderskeidelik die verskille in die polities-sosiale ideologie(ë), belange, waardes en norme tussen individue en groepe wat die polities-sosiale handelinge tussen individue onderling, individue en groepe en groepe onderling subjektief motiveer.

(iv) ('n) Individu(e) of 'n groep of groepe verkry vir hulself 'n magsposisie waardeur hulle beheer oor 'n politieke gesagstruktuur of gesagsliggaam verkry of realiseer waardeur eerstens: 'n sosiale stratifikasiebedeling ontstaan, bestaande uit onder andere heersers en onderdane en wat in wese 'n stratifikasiebedeling in konflik is en andersyds: waarin hulle beheer oor 'n gesagstruktuur of gesagsliggaam verkry waardeur 'n sekere mate van gesagsbevoegdheid en invloed in mindere of meerdere mate oor 'n groot verskeidenheid van hul onderdane se handelinge en belange moontlik is. Derdens sal hulle poog om hul posisie te bestendig deur erkenning vir die wetlikheid van hul magsposisie van die onderdane te verkry. Aangesien die stratifikasiebedeling egter 'n stratifikasiebedeling in konflik is, sal die onderdane die aanspraak verwerp en self poog om die heersersklas te word.

(v) Die polities-sosiale stratifikasiebedeling is 'n bedeling in konflik omdat:

(a) die magsposisie wat die heersers verkry aan hulle gesagsposisies gee waardeur polities-sosiale differensiasie en polities-sosiale ongelykheid ontstaan wat tot konflik aanleiding kan gee (as gevolg van punte ii en iii onder vier hierbo genoem);

(b) konflik voorveronderstel dat doelstellings en items of middele ter realisering van doelstellings nie in gelyke mate vir almal beskikbaar en/of toeganklik is nie;

(c) daar 'n gebrek aan konsensus oor die wetlikheid van die politieke gesag van die heerser, tussen die heerser(s) en die onderdane bestaan of 'n gebrek aan konsensus oor die verkryging, aard, wyse en omvang van die gesag en effektiwiteit van die gesagsuitoefening van die heersers onder die onderdane bestaan;

(d) individue of groepe onder die onderdane hulself in terme van hul eie definisie van die situasie polities-sosiaal verontreg sien in terme van heersende of hul eie ideologie(ë), belange, waardes en norme of as gevolg van hul ondergeskikte posisie;

(e) die dinamiese aard van die polities-sosiale realiteit wat impliseer dat veranderings kan intree met betrekking tot waardes, norme, belange, doelstellings en/of middele ter verkryging van doelstellings. Met ander woorde, al sou die onderdane die wetlikheid van die heerser(s) se gesag aanvanklik aanvaar, of hul verkryging, die wyse van of die omvang van die gesag van die heerser of die effektiwiteit van die gesag (omdat dit korreleer met hul eie waardes, norme en ideologie(ë)), kan hul hulself mettertyd daarvan distansieer as gevolg van veranderings by die heersers se belange, waardes en norme of onder hul eie.

(vi) In die lig van bogenoemde is dit nodig om te onderskei tussen betekenisvolle en nie-betekenisvolle konflik met betrekking tot die handhawing van die bestaande politieke bedeling. Slegs konflik wat die fundamentele grondslae van die bepaalde politieke bestel van die heersers, of te wel die rasionaal vir die wetlikheid van hul gesag aantas, is betekenisvol. Betekenisvolle polities-sosiale konflik is konflik waarvan die aard, omvang en intensiteit van sodanige aard is dat dit die fundamentele grondslae van 'n bepaalde politieke bedeling en die rasionaal vir die wetlikheid van die gesag van die heersers, asook die effektiewe funksionering en voortbestaan van die gesag van die heersers bedreig. Alle ander polities-sosiale konflik is nie betekenisvol vir die handhawing van die bestaande politieke bedeling nie. Hier moet egter daarop gewys word dat dit onder andere as gevolg van die dinamiese aard van die polities-sosiale realiteit wel betekenisvol kan word.

(vii) Betekenisvolle polities-sosiale konflik word gekondisioneer of medebepaal nie alleen deur die aard van die motivering tot konflik nie (byvoorbeeld verskil oor grondslae van die politieke bestel of verskil oor die wetlikheid, effektiwiteit

of voortbestaan van gesag nie), maar veral deur die omvang van konflik (die getal mense onder wie daar konsensus is oor die motivering tot konflik), die aard van konflik (die wyse waarop die opposisie geopponeer word byvoorbeeld geweldadig) en die intensiteit van die konflik (die mate van betrokkenheid, toewyding en opoffering onder lede).

(viii) Die moontlikheid van betekenisvolle polities-sosiale konflik word voorts in plurale samelewings vergroot as gevolg van die groter moontlikheid van 'n gebrek aan konsensus onder die lede van die verskillende rasse of kultuurgroepe (wat in die politieke stratifikasiebedeling as politieke minderhede bekend staan) oor onder andere die wetlikheid van die heersers se gesag, oor die grondslae van die betrokke politieke bedeling en oor die regverdiging vir voortbestaan al dan nie van hul gesag (uiteraard deurentyd soos geëvalueer in terme van die heersende ideologie(ë), waardesisteme en norme geldend by die onderskeibare politieke minderheidsgroepe).

(ix) Konflik tussen politieke minderhede en die heersers kondisioneer of beïnvloed voorts die waardes, norme, belange en institusies van die betrokke groepe (kan byvoorbeeld die strewe na selfbehoud en voortbestaan verskerp onder die onderskeie groepe).

(x) Betekenisvolle polities-sosiale konflik sal resulteer in eerstens: aanpassings en wysigings by die bestaande politieke bedeling (dit wil sê nuwe toevoegings of veranderinge aan die bestaande politieke bestel); en tweedens: 'n totale vernietiging van die bestaande politieke bestel. Die eerste moontlikheid word na verwys as evolusionêre veranderinge en kan 'n veeltal moontlikhede insluit waaronder: kompromieë en arbitrasie, toegewings en vergunnings. Na laasgenoemde word verwys as rewolusionêre verandering wat 'n gewelddadige omverwerping van die heersende politieke bestel impliseer.

Hier moet daarop gewys word dat die uiteensetting hierbo in 'n groot mate beïnvloed is deur die bydraes van die verskillende denkers wat in hierdie studie behandel is. Ons is van mening dat die konstruering van 'n makro-model van konflik op hierdie stadium nie moontlik is nie en dat die politieke sosioloog tot veel meer teoretiese verfyning in sake konflik kan geraak deur

die konstruering van mikro-konflikmodelle of hoogstens konflikmodelle van beperkte omvang.[1] Sodoende kan veel meer insig en perspektief gewen word oor die aard, wese, afbakening en omvang van polities-sosiale konflik.

Vervolgens gee ons enkele bevindings wat ter sake is met betrekking tot die aard en ontwikkeling van die konsensusmodel(le) soos vergestalt in die bydraes van enkele eksponente van hierdie model(le), asook enkele opmerkings oor die ter saaklikheid of relevantheid van die model(le) vir die Politieke Sosiologie.

Ten aanvang van die betrokke hoofstuk handelende oor die konsensusbenadering het ons vir onsself vier take geformuleer aan die hand waarvan gepoog is om die hierbogenoemde doelstelling te probeer realiseer. Hierdie take kan saaklik hier herhaal word aan die hand waarvan dan enkele bevindings wat ter sake is, gestel sal word.

As eerste taak is gestel om die teoretiese fases in die ontwikkelingsgeskiedenis van die sosiologiese teorie, waarvan konsensus as fokuspunt in mindere of meerdere mate aan te tref is, na te speur; tweedens om die onderlinge verskille tussen die verskillende fases in die ontwikkeling van die konsensusbenadering te probeer identifiseer; derdens om die oorsprong en aard van die sisteembenadering wat, in onder andere die beoefening van die Sosiologie 'n prominente plek inneem, na te gaan; en vierdens, om die invloed van die "sisteemfase" op die ontstaan en ontwikkeling van die Politieke Sosiologie na te gaan.

In aansluiting by ons aanvanklike omskrywing van die konsep konsensus[2] is ook daarop gewys dat verskeie fokuspunte met die konsensusbenadering omvat word waaronder: verbintenis, kohesie, solidariteit, samewerking, integrasie, stabiliteit en wisselwerking. Hierdie omvattende konnotasie soos hier gekoppel aan die begrip, het ons in staat gestel, reg of verkeerd, om die ontwikkeling van die konsensusbenadering veel verder in die geskiedenis terug te voer as wat tot nog toe die geval was en om die

---

1) Vergelyk in die verband: Merton, R.K., Op. cit., pp. 39-69.

2) Vergelyk: Hoofstuk I, subhoof 2.6, p. 24.

verskillende stadia of ontwikkelingsfases duideliker aan te stip. Sodoende kon onderskei word tussen die koöperatiewe fase, die behavioristiese fase en die funksionalistiese fase wat sou kulmineer in die "sisteemfase". Laasgenoemde vergestalt in terme van ons ontleding nie 'n duidelike en afsonderlike "fase" nie, maar verteenwoordig 'n kulmineringspunt van die funksionalistiese fase.

Aangesien die betekenis en inhoud van elke fase reeds saaklik saamgevat is,[1] herhaal ons dit nie weer hier nie. Dit is genoeg om hier te stel dat die konsensusgedagte terug te voer is tot Polybius en dat talle denkers uit die klassieke tyd reeds daaraan aandag gegee het. Die gedagte het geleidelik meer aandag geniet sodat eventueel na ons mening veral drie fases in die ontwikkeling van die konsensusbenadering geïdentifiseer sou kon word - die laaste wat sou kulmineer in die sisteemmodel wat in die resente sosiologiese teorie omvattend aandag en selfs aanhang geniet.

Die belangrikheid of relevantheid van die sisteemmodel of te wel Parsons se konsensusmodel vir die Politieke Sosiologie blyk duidelik uit veral drie faktore. Eerstens: dat Parsons se bydrae met betrekking tot die ponering en detaillering van die sisteemmodel algemene erkenning in die Sosiologie en selfs die Staatsleer geniet en dat Parsons by name krediet ontvang vir die medeontwikkeling van die sisteemmodel.

Tweedens: Parsons se eie poging om in terme van die funksies wat hy aan die sisteem toegeken het die doelbereikingsfunksie te koppel aan die politieke subsisteem. Hy het dan ook gepoog om die politieke realiteit in terme van die sistemiese model te ontleed. Alhoewel sy eie pogings onder andere aanduidend daarvan is dat belangrike grondwerk al gedoen is in die ontleding van die politieke subsisteem in terme van die sisteemmodel, wys Parsons egter self daarop dat dit nog nie ver genoeg ontwikkel is nie.

Derdens: dat Parsons se bydrae in die verband ook deur eksponente van die Politieke Sosiologie erken word, onder andere Coser, maar

---

1) Vergelyk: Hoofstuk VIII, subhoof 5, p. 454 e.v.

meer nog dat een van die prominentste resente politieke sosioloë of eksponente van die Politieke Sosiologie, by name S.M. Lipset getipeer sou kon word as 'n konsensusmodel-aanhanger. Gevolglik kan afgelei word dat die betrokke model van betekenis is vir die Politieke Sosiologie, of minstens as sodanig deur leidende politieke sosioloë beskou word.

In die lig van die talle gemelde kritiek teen Parsons se interpretasie van die sisteemmodel, wat inderdaad sekere fundamentele grondbeginsels raak, soos onder andere die konsep sisteem soos Parsons self dit hanteer, die konsep ekwilibrium, en in aansluiting met ons eie aanvoeling kan tot die gevolgtrekking geraak word dat die model: (i) te omvattend is - dus 'n te wye perspektief probeer dek, nie alleen oor die sosiale realiteit as sodanig nie, maar ook met betrekking tot die polities-sosiale realiteit om veral vir die politieke sosioloog van deurslaggewende belang te wees;

(ii) die model konseptueel tans nog nie genoeg verfynd is vir vrugbare toepassing op die polities-sosiale realiteit nie. So byvoorbeeld word aan dwang en konflik weinig aandag gewy sodat met reg gestel kan word dat daar 'n teoretiese sydigheid in te bespeur is. Die belangrikheid van konflik is juis in die voorafgaande paragrawe uitgewys en kan dus nie in 'n makro-model soos dié van Parsons geïgnoreer word nie.

Hierdie kritiek mag prematuur wees in die sin dat Parsons self nog later wysigings en aanpassings in sy model mag aanbring om hierdie kritiek te neutraliseer, en andersyds kan hy die nodige verfyning in die model aanbring om dit meer eksplisiet toepasbaar op die polities-sosiale realiteit te maak.

Met hierdie paar gedagtes wil ons geensins die fenomenale bydrae van Parsons tot die sosiologiese teorie in die geheel gesien, afmaak nie. Trouens, daar kan beweer word dat hy alreeds erken word as een van die intellektuele "reuse" in die Sosiologie.

Persoonlik sou dit egter meer bevredig het indien Parsons ten minste nie die politiek as 'n subsisteem van die sosiale sisteem hanteer het nie, aangesien die vermoede daarmee gewek word dat dit 'n onderdeel van die samelewing is. Hierdeur word die ou

kontrovers oor die predominerende belangrikheid van die staat of die samelewing na ons mening net weer op die spits gedryf. 'n Gelyke verrekening van die politieke en sosiale realiteite sou na ons mening meer bevredigend wees.

In die lig van ons eie benadering, soos vooraf gestel, is ons van mening dat ook met betrekking tot die konsensusfenomeen in die polities-sosiale realiteit 'n beter insig en perspektief verkry kan word deur die konstruering van òf mikro-modelle òf hoogstens modelle van beperkte omvang en dit dan in 'n bepaalde polities-sosiale bestel empiries te probeer verifieer.

In die lig, voorts, van die talle kritiek teen onderskeidelik die konflikmodelle en konsensusmodelle is ons van mening dat 'n poging tot 'n sintese[1] van die twee modelle tans nie heeltemal geregverdig is nie. Vervolgens sal ons poog om 'n simplistiese model van konsensus te konstrueer met spesiale verwysing na konsensus in polities-sosiale verband.

Ons gaan hier weer eens van die veronderstelling uit dat konsensus nie 'n enkelvoudige begripsinhoud omvat nie, maar 'n veeltal onderskeibare, dog duidelik verbandhoudende inhoude behels. Andersyds erken ons dat die begrip met die veeltal van betekenisse individueel of kollektief gesien daarin vervat, soos vroeër gebruik,[2] nie hier van veel nut kan wees nie. Voorts verkies ons ook om die begrip los te maak van die sisteemkonnotasie waaraan dit dikwels gekoppel word,[3] aangesien die sisteemkonsepsie per sé, veral onder Parsons se invloed, in 'n spesifieke verband gebruik word wat na ons mening nie heeltemal bevredig nie, soos blyk uit die kritiek daarteen uitgespreek.

Vir die onderhawige doel omskryf ons konsensus dus as daardie minimum onderlinge ooreenstemming tussen lede binne 'n bepaalde geo-politieke bedeling oor sekere fundamentele ideologiese inhoude, belange, waardes en norme in terme waarvan 'n bepaalde politieke bestel nie alleen as gewettig beskou word nie, maar in terme waarvan die politieke bedeling 'n minimum van effektiewe funksionering vertoon ooreenkomstig sy eie ideologiese inhoud(e), belange,

---

1) Vergelyk Kinlock se poging in die verband. Kinloch, G.C., The Sociological Study of South Africa, p. 106 e.v.
2) Vergelyk: Hoofstuk VIII, subhoof 1, p. 397.
3) Vergelyk: Hoofstuk I, subhoof 2.6, p. 24.

waardes en norme. Uiteraard verwys die individuele lede hier na die politieke elite en hul ondersteuners, ongeag hul getalle. Gevolglik kan die graad van konsensus binne 'n bepaalde samelewing aansienlik wissel.

In aansluiting by hierdie breë omskrywing kan die volgende verbandhoudende stellings oor konsensus nou geponeer word.

(i) Konsensus is 'n voorvereiste vir alle politieke bedelings.

(ii) Konsensus openbaar die volgende verbandhoudende fasette: 'n breë ooreenstemming tussen lede met betrekking tot ideologiese inhoud(e) en/of belange en/of waardes en/of norme van die bepaalde politieke bestel, maar selde indien ooit 'n absolute konsensus oor alle aspekte van elke faset of van die totaliteit van fasette kollektief gesien.

(iii) Konsensus impliseer minstens 'n breë ooreenstemming onder lede dat die bepaalde politieke bedeling hul kollektiewe doelstellings moet kan verwesenlik.

(iv) Konsensus impliseer 'n breë ooreenstemming onder die lede oor die wetlikheid, die verkryging, die aard en omvang, sowel as die effektiwiteit van die betrokke politieke gesag in die politieke bedeling.

(v) Dwangtoepassing mag moontlik en nodig wees vir 'n groter mate van harmonie en konsensus onder lede, maar mag nie geskied in daardie mate waarin algemene instemming oor die wetlikheid van die gesag die aard en omvang of die effektiwiteit van gesagsuitoefening afgeforseer word nie, aangesien die basis vir konsensus sodoende aangetas word en selfs vernietig kan word.

(vi) Konsensus aldus gesien, kan realiseer in minstens 'n tydelik ordelike bedeling via 'n bepaalde organisatoriese gesagstruktuur.

(vii) Ter wille van 'n durende konsensuele politieke bestel is 'n minimum sosialisering met betrekking tot konsensus oor die ideologiese inhoud(e) en/of belange en/of waardes en/of norme nodig.

(viii) As gevolg van die aard en omvang van polities-sosiale verandering kan die konsensuele basis van 'n bepaalde politiessosiale bestel òf vernietig word (rewolusionêr) òf kan wysigings intree in die strukturering en/of funksionering van 'n bepaalde politieke bestel (ewolusionêr).

(ix) Hierdie polities-sosiale verandering met betrekking tot konsensus is moontlik as gevolg van:

(a) die feit dat nie alle ideologiese inhoude en/of belange en/of waardes en/of norme ewe manifes deur lede onderskryf word nie omdat grade van sosialisering onder andere daarin veronderstel word. Gevolglik openbaar hierdie konsensus fasette, wisselende grade van manifeste onderskrywing en permanensie by lede.

(b) As gevolg van bogenoemde kan daar konflik ontstaan nie alleen onder lede wat 'n bepaalde polities-sosiale bestel ondersteun nie, maar ook tussen diegene wat dit ondersteun en diegene wat dit verwerp. Sodoende kan betekenisvolle konflikte ontstaan (soos vroeër omskryf).

(x) Hoe breër die basis van konsensus of hoe meer manifes die onderskrywing daarvan onder lede en hoe meer effektief die sosialisering met betrekking tot konsensus geskied, des te beter is die voortbestaansmoontlikhede van die bepaalde konsensuele politieke bestel.

Die gedagte met bogenoemde twee modelle was geensins om eers by benadering 'n stel hipotetiese verbande oor die volle dimensionaliteit van beide konflik of konsensus voor te stel of om modelle te poneer nie wat die bestaande kritiek teen die konflik- en konsensusbenaderings of -modelle probeer ondervang. Voorts was die gedagte nie om modelle te poneer wat in alle gevalle waar politieke konflik of politieke konsensus voorkom toepasbaar sou wees nie. Die gedagte was eerder om onder andere die belangrikheid van mikro- of meso-modelle[1)] te probeer aantoon. Met ander woorde, modelle waar die klem op enkele faktore waarneembaar in die polities-sosiale realiteit val, dit te identifiseer en enkele verbandhoudende faktore in die model te verreken. Op soortgelyke wyse kan modelle oor 'n veeltal polities-sosiaal relevante verskynsels gekonstrueer word, byvoorbeeld: politieke sosialisering, polities-sosiale verandering, polities-sosiale kulture, politieke ideologie(ë), politieke deelname, verkiesings, politieke organisasies, politieke geweld en ander verbandhoudende fasette rakende die veeltal prosesiële en strukturele faktore ingebed in die komplekse polities-sosiale realiteit. Modelle oor hierdie

---

1) Meso-modelle, of te wel modelle met beperkte omvang in terme van Merton se omskrywing in die verband.

fasette kan dien om laasgenoemde te elumineer, te begryp en te verklaar. Aan die hand hiervan kan die dinamiese aard van die polities-sosiale realiteit, die kompleksiteit, die multidimensionele aard en die problematiek ingebed in die polities-sosiale realiteit na ons mening beter begryp en verstaan word.

Dat makro-modelle in die verband hierdie insigte kan verskaf, is na ons mening ten minste vir die huidige onwaarskynlik, juis vanweë die lae peil van kennis oor die groot verskeidenheid van veranderlikes teenwoordig in die polities-sosiale realiteit, die interne samehang en wisselwerking daarvan en die invloed van verandering op hierdie veranderlikes. Makro-modelle sal dus na alle waarskynlikheid 'n groter mate van sydigheid en verabsolutering openbaar oor een of meer fasette van die polities-sosiale realiteit juis vanweë onder andere 'n gebrekkige verrekening van die talle veranderlikes teenwoordig in 'n polities-sosiale bestel, die samehang van veranderlikes en die invloed van verandering op hierdie veranderlikes.

Dat die beoefenaars van die Politieke Sosiologie egter in hierdie verband kan baat by die reeds blootgelegde verbande wat ter sprake is oor die samehang tussen die staat, die samelewing en ander relevante polities-sosiologiese insigte uit byvoorbeeld die Staatsleer, Sosiologie, Politieke Ekonomie, Politieke Antropologie en ander verbandhoudende studierigtings, val na ons mening nie te betwyfel nie.

Na ons mening kan die volgende verwysingsraamwerk vir die politiessosiale realiteit as vertrekpunt dien, enersyds ter afbakening van die terrein van die Politieke Sosiologie en/of andersyds as relevante polities-sosiale fasette waaroor modelle op mikro- en meso-vlak moontlik met vrug geponeer kan word, naamlik 'n studie van:

(i) die historiese agtergrond waarteen 'n bepaalde gesagsbedeling ontwikkel het;
(ii) die aard, omvang en invloed van polities-sosiale verandering relevant tot 'n bestaande tydvak waarin 'n gesagsbedeling voorkom;
(iii) die oorheersende ideologie(ë), belange, waardesisteem of waardesisteme en normpatroon of normpatrone wat in elke tydvak in mindere of meerdere mate geldend is;

(iv) die konsensuele aspek(te) ingebed in die bepaalde politieke bestel;
(v) die konflikfenomeen soos dit realiseer binne 'n bepaalde politieke bestel;
(vi) party-politieke organisasies;
(vii) die burokratiese fenomeen;
(viii) die magsfenoneem;
(ix) die politieke elite-fenoneem; en
(x) politieke sosialisering.

Tot hierdie tentatiewe raamwerk is breedweg geraak uit die onderhawige studie.

Dat relevante fasette hieraan toegevoeg kan word, spreek vir sigself. Uit onder andere die bestaande literatuur in die Politieke Sosiologie sou ondermeer die volgende fasette tot hierdie raamwerk toegevoeg kan word. 'n Studie van:

(xi) politieke kulture;
(xii) openbare mening in verband met die polities-relevante fenomene;
(xiii) verkiesings;
(xiv) politieke drukgroepe;
(xv) politieke deelname;
(xvi) politieke geweld;
(xvii) studente-politiek;
(xviii) politiek en rasseverhoudinge;
(xix) politieke besluitnemingsproses(se);
(xx) politieke stratifikasie; en
(xxi) die bydraes van die onderskeie medegrondleggers van die Politieke Sosiologie wie se werke as stimulus tot modelbou kan dien.

Soos gestel, kan hierdie raamwerk as vertrekpunt dien. Dit spreek vir sigself dat die volle perspektief en problematiek van die polities-sosiale realiteit nie deur 'n voorlopige en simplistiese raamwerk soos die onderhawige ondervang kan word nie.

Wat na ons mening egter wel uit hierdie verwysingsraamwerk blyk, is die omvattende en interessante terrein waarin 'n veeltal uitdagings vir die student in die Politieke Sosiologie opgesluit lê, veral diegene wat streef na groter begrip en insig oor die

aard en wese van die polities-sosiale realiteit. Hierdie uitdagings lê op die vlak van, onderskeidelik, teoretiese studies sowel as empiriese ondersoeke.

4. Enkele opmerkings rakende die vierde doelstelling

As vierde doelstelling vir hierdie studie is die volgende gestel: "... om in die lig van bevindinge (indien toepaslik) uit bogenoemde drie doelstellinge, 'n moontlike raamwerk vir ontleding van die Suid-Afrikaanse 'politieke' samelewing te probeer konstrueer en sodoende 'n moontlike 'model' vir polities-sosiologiese analise van die Suid-Afrikaanse polities-sosiale situasie te probeer poneer."[1)]

Nieteenstaande ons uiteensetting in verband met bogenoemde doelstelling[2)] moet ons hier konkludeer: eerstens, dat in terme van ons voorafgaande "modelle" oor konflik en konsensus onderskeidelik, wat resulteer uit die mikro-meso-vlak van modelkonstruering, dit na ons mening nie toepaslik sou wees om 'n model te probeer konstrueer wat die totale Suid-Afrikaanse politieke bestel sou kon omvat nie. Tweedens, omdat vir so 'n model 'n gedetailleerde studie veronderstel word van al die verskillende veranderlikes wat 'n rol speel in die Suid-Afrikaanse politieke bestel (vergelyk byvoorbeeld die voorafgaande verwysingsraamwerk), wat hier in elk geval nie gedoen is nie. Derdens, dat deur die identifisering van hierdie veranderlikes, byvoorbeeld politieke sosialisering, die verskillende ideologiese inhoude, belange, waardes en norme (soos ingebed in die onderskeibare minderheidsgroeperinge) en ander fasette veel eerder mikro- of mesovlak-modelkonstruering en empiriese toetsing van die modelle moet plaasvind oor hierdie fasette.

Totdat genoegsame insigte en perspektiewe oor soveel moontlike veranderlikes geïdentifiseer is, in die lig waarvan wyer verbandlegging tussen veranderlikes, moontlike verdere teoretisering en empiriese verifikasie moontlik realiseerbaar sal wees moet, na ons mening, aanvaar word dat 'n model, soos aanvanklik as doelstelling gestel is, oor die Suid-Afrikaanse "politieke" samelewing

---

1) Vergelyk: Hoofstuk I, subhoof, 4, p. 28.
2) Vergelyk: Hoofstuk I, subhoof 4, p. 28.

'n ontwykende ideaal bly.

Aan die einde van die studie kan gestel word dat die leemtes en tekortkominge van hierdie studie ten spyt, die onderneming vir die kandidaat in terme van insigte en perspektiewe gewen rakende die onderhawige terrein, die teoretiese verdieping en ontwikkeling wat hiermee gepaard gegaan het, 'n vrugbare onderneming was.

Voorts wil ons konkludeer dat daar vir die beoefenaars van die Politieke Sosiologie, na ons mening, talle ontwikkelingsmoontlikhede oop is en dat daar vir die Politieke Sosiologie as gespesialiseerde rigting ook in Suid-Afrika vrugbare toepassingsmoontlikhede is. Verder, dat daar tussen die Politieke Sosiologie en die Staatsleer toenemende wedersydse bevrugting moontlik is.

Dat die politieke sosioloog in die nabye toekoms egter nog sterk sal (kan) aanleun op perspektiewe en insigte uit die Staatsleer en Sosiologie is na ons mening eerder 'n bron van hoop as rede tot kommer vir sover dit die realisering van die wetenskaplike ideaal van ken, deurgrond en verstaan van die polities-sosiale realiteit betref. In hierdie verband sluit ons beskeie aan by Lipset as hy stel: "Political Sociology, however, is still in its infancy, and there is need for basic work which will pioneer new substantive areas".[1)]

---

1) Lipset, S.M., "Political Sociology" uit Zetterberg, H.L., Op. cit., p. 55.

LYS VAN GERAADPLEEGDE BRONNE

Abraham, J.H., The Origins and Growth of Sociology, Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England, 1973.

Abraham, J.H., Sociology, The English Universities Press Ltd., London, 1966.

Allen, F.R., Socio-cultural Dynamics, An Introduction to Social Change, The MacMillan Company, New York, 1971.

Anderson, M.S., Eighteenth-Century Europe 1713-1789, Oxford University Press, London, 1966.

Andreski, Stanislav (redakteur), Herbert Spencer, Principles of Sociology, MacMillan and Co. Ltd., London, 1969.

Aristoteles, The Politics, vertaal deur T.A. Sinclair, Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England, 1967.

Aron, Raymond, Main Currents in Sociological Thought, Montesquieu, Comte, Marx, Toqueville, The Sociologists and the Revolution of 1848, Volume I, Vertaal deur R. Howard en H. Weaver, Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England, 1972.

Aron, Raymond, Main Currents in Sociological Thought, Durkheim, Pareto, Weber, Volume II, vertaal deur R. Howard en H. Weaver, Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England, 1972.

Atkinson, D., Orthodox Consensus and Radical Alternative, Heinemann Educational Books Ltd., London, 1971.

Bagehot, Walter, Physics and Politics, Or Thoughts on the Application of the Principles of 'Natural Selection' and 'Inheritance' to Political Society, Kegan Paul, Trench, Trubner and Co., Ltd., London, Ongedateerde Uitgawe.

Baldwin, J.M., Social and Ethical Interpretations in Mental Development, A Study in Social Psychology, The MacMillan Company, New York, 1906.

Becker, H., Barnes, H.E., Social Thought from Lore to Science, A History and Interpretation of Man's Ideas about Life with His Fellows to Times when Change and Progress Deeply Concern Him, Volume I, Dover Publications, Inc., New York, 1961 (Derde Uitgawe).

Becker, H., Barnes H.E., Social Thought from Lore to Science, A History and Interpretation of Man's Ideas about Life with his Fellows to Times when his Study of the Past is Linked with That of the Present for the Sake of His Future, Volume II, Dover Publications, Inc., New York, 1961 (Derde Uitgawe).

Becker, H., Barnes, H.E., Social Thought from Lore to Science, Sociological Trends throughout the World to the Start of the Twentieth Century's Seventh Decade, Volume III, Dover Publications, Inc., New York, 1961 (Derde Uitgawe).

Becker, H., Boskoff, A., Modern Sociological Theory, In Continuity and Change, The Dryden Press, New York, 1957.

Beetham, David, Max Weber and the Theory of Modern Politics, George Allen and Unwin Ltd., London, 1974.

Bendix, Reinhard, Max Weber, An Intellectual Portrait, William Heinemann Ltd., London, 1960.

Bernsdorf, W., Bülow, F., Wörterbuch der Soziologie, Ferdinand Enke Verlag, Stuttgart, 1955.

Bierstedt, Robert, Power and Progress, Essays on Sociological Theory, McGraw-Hill Book Company, New York en elders, 1974.

Black, Max (redakteur), The Social Theories of Talcott Parsons, A Critical Examination, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1961.

Bluhm, W.T., Theories of the Political System, Classics of Political Thought and Modern Political Analysis, Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1971.

Blume, S.S., Toward a Political Sociology of Science, The Free Press, New York, 1974.

Bogardus, E.S., A History of Social Thought, University of Southern California Press, University Park, Los Angeles, California, 1929 (Tweede Uitgawe).

Bogardus, E.S., Sociology, The MacMillan Company, New York, 1941, (Hersiene Uitgawe).

Borgatta, E.F., Meyer, H.J. (redakteurs), Sociological Theory, Present-Day Sociology from the Past, Alfred A. Knopf, New York, 1956.

Boskoff, Alvin, The Mosaic of Sociological Theory, Thomas Y. Crowell Company, New York, 1972.

Bottomore, T.B., Sociology as Social Criticism, George Allen and Unwin Ltd., London, 1975.

Bottomore, T.B., Sociology, A Guide to Problems and Literature, George Allen and Unwin Ltd., London, 1972 (Hersiene Uitgawe).

Bottomore, Tom, Marxist Sociology, The MacMillan Press Ltd., London, 1975.

Boulding, Kenneth, E., Conflict and Defense, A General Theory, Harper Torchbooks, Harper and Row, Publishers, New York, 1963.

Bramson, Leon (redakteur), Robert MacIver on Community, Society and Power, The University of Chicago Press, Chicago, 1970.

Bramson, L., The Political Context of Sociology, Princeton University Press, Princeton, New Jersey, 1969 (Eerste Uitgawe 1961).

Braungart, R.G. (redakteur), Society and Politics, Readings in Political Sociology, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1976.

Bredenkamp, I.M., Die beskouinge van 'n aantal Blanke studente oor die rol wat velkleur in die Blank-Bantoeverhoudinge in Suid-Afrika speel - 'n Rassesosiologiese ondersoek, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1972.

Buckley, W., Sociology and Modern Systems Theory, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1967.

Bury, J.B., A History of Greece, To the Death of Alexander the Great, MacMillan and Co. Ltd., London, 1963 (Derde Uitgawe)

Chambliss, Rollin, Social Thought, From Hammurabi to Comte, The Dryden Press, Inc., New York, 1954.

Chambliss, W.J. (redakteur), Sociological Readings in the Conflict Perspective, Addison-Wesley Publishing Company, Menlo Park, California, 1973.

Charlesworth, J.C. (redakteur), Contemporary Political Analysis, The Free Press, New York, 1967.

Cilliers, S.P., Joubert, D.D., Sosiologie, 'n Sistematiese Inleiding, Kosmo-Uitgewery Edms. Bpk., Stellenbosch, Ongedateerd (Vierde Druk).

Cilliers, S.P., Maatskaplike Navorsing, Metodologie, Prosedures, Tegnieke, Kosmo-Uitgewery Edms. Bpk., Stellenbosch, 1967 (Tweede Druk).

Clark, George, Early Modern Europe, From about 1450 to about 1720, Oxford University Press, London, 1966 (Tweede Uitgawe).

Cohen, P.S., Modern Social Theory, Heinemann Education Books Ltd., London, 1970.

Cook, T.I., History of Political Philosophy, From Plato to Burke, Prentice-Hall, Inc., New York, 1936.

Cooley, C.H., Human Nature and the Social Order, Charles Scribner's Sons, New York en elders, 1922 (Hersiene Uitgawe - Eerste Druk 1902).

Cooley, C.H., Social Organization, A Study of the Larger Mind, Charles Scribner's Sons, New York, 1927 (Eerste druk 1909).

Coser, L.A., Continuities in the Study of Social Conflict, The Free Press, New York, 1967.

Coser, L.A., Masters of Sociological Thought, Ideas in Historical and Social Context, onder redaksie van R.K. Merton, Harcourt Brace Jovanovich, Inc., New York en elders, 1971.

Coser, L.A., Men of Ideas, A Sociologist's View, The Free Press, New York, 1965.

Coser, L.A. (redakteur), Political Sociology, Selected Essays, Harper Torchbooks, Harper and Row, Publishers, New York, 1967.

Coser, L.A., Rosenberg, B., Sociological Theory: A Book of Readings, The MacMillan Company, New York, 1972.

Coser, L.A., The Functions of Social Conflict, Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1965 (Eerste Druk 1956).

Dahl, R.A., Modern Political Analysis, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1970 (Tweede Uitgawe).

Dahrendorf, R., Class and Class Conflict in Industrial Society, Routledge and Kegan Paul, London, 1963 (Eerste Druk 1959).

Dahrendorf, R., Essays in the Theory of Society, Routledge and Kegan Paul, London, 1968.

Dahrendorf, R., Gesselschaft und Freiheit, zur soziologischen Analyse der Gegenwart, R. Piper und Co. Verlag, München, 1961 (Herdruk 1963).

Dahrendorf, Rex, Sociologie van Industrie en Bedrijf, vertaal deur H.J. Nieuweroord, Marka-Boeken, Utrecht en Antwerpen, Uitgeverij Het Spectrum N.V., 1965.

Dahrendorf, R., The New Liberty, Survival and Justice in a Changing World, The Reith Lectures, Routledge and Kegan Paul, London, 1975.

Darwin, Charles, The Descent of Man and Selection in Relation to Sex, John Murray, London, 1874 (Tweede Hersiene Uitgawe).

Darwin, Charles, The Origin of Species, by Means of Natural Selection or the Preservation of Favoured Races in the Struggle for Life, John Murray, London, 1872 (Sesde Druk).

Davies, M.R., Lewis, V.A., Models of Political Systems, Pall Mall Press, London, 1971.

De Reuck, Anthony, Knight, Julie (redakteurs), Conflict in Society, A Ciba Foundation Volume, J. en A. Churchill, Ltd., London, 1966.

De Tocqueville, Alexis, Democracy in America, onder redaksie van H.S. Commager en vertaal deur Henry Reeve, Oxford University Press, London, 1952 (Verkorte Weergawe).

Deutsch, K.W., The Nerves of Government, Models of Political Communication and Control, The Free Press, New York, 1966.

Deutsch, Morton, The Resolution of Conflict, Constructive and Destructive Processes, Yale University Press, New Haven and London, 1973.

Dobriner, W.M., Social Structures and Systems: A Sociological Overview, Goodyear Publishing Co., Inc., California, 1969.

Downton, J.V., Hart, D.K. (redakteurs), Perspectives on Political Philosophy, Thucydidus through Machiavelli, Volume I, Holt, Rinehart and Winston, Inc., New York, 1971.

Dowse, R.E., Hughes, J.A., Political Sociology, John Wiley and Sons Ltd., London, 1972.

Dunning, W.A., A History of Political Theories, From Luther to Montesquieu, The MacMillan Company, London, 1938.

Durkheim, E., The Division of Labor in Society, Vertaal uit Frans deur G. Simpson, The Free Press, Glencoe, Illinois, 1949 (Eerste Druk 1933).

Duverger, M., The Study of Politics, Vertaal deur Robert Wagoner, Thomas Nelson and Sons Ltd., London, 1974.

Easton, David, A Framework for Political Analysis, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1965.

Easton, David, A Systems Analysis of Political Life, John Wiley and Sons, New York, 1965.

Effrat, A. (redakteur), Perspectives in Political Sociology, The Bobbs-Merrill Company, Inc., New York, Ongedateerd.

Eisenstein, I., "Ist die Evolutionstheorie wissenschaftlich begründet?" in Philosophia Naturalis, Band 15, Heft 3, 1975.

Eldridge, J.E.T. (redakteur), Max Weber: The Interpretation of Social Reality, Thomas Nelson and Sons Ltd., London, 1972.

Ellwood, C.A., A History of Social Philosophy, Prentice Hall, Inc., New York, 1938.

Etzioni, Amitai, Modern Organizations, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1964.

Etzioni, Amitai, The Active Society, A Theory of Societal and Political Processes, The Free Press, New York, 1968.

Fairchild, H.P. (redakteur), Dictionary of Sociology, Philosophical Library, New York, 1944.

Fichter, J.H., Sociology, University of Chicago Press, Chicago, 1957.

Finer, S.E., Vilfredo Pareto, Sociological Writings, Vertaal deur Derick Mirfin, Frederick A. Praeger, Publishers, New York, 1966.

Fletcher, Ronald, The Making of Sociology, A Study of Sociological Theory, Beginnings and Foundations, Volume I, Michael Joseph Ltd., London, 1971.

Foster, M.B., Masters of Political Thought, Plato to Machiavelli, Volume I, George G. Harrap and Co. Ltd., London, 1959.

Freund, Julien, The Sociology of Max Weber, vertaal uit Frans deur Mary Ilford, Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England, 1972.

Furfey, P.H., A History of Social Thought, The MacMillan Company, New York, 1946.

Gerth, H.H., Mills, C. Wright (redakteurs en vertalers), From Max Weber: Essays in Sociology, Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1952.

Gettell, R.G., History of Political Thought, George Allen and Unwin, Ltd., (The Century Co.), London, 1924.

Gevers, J.K.M., Sociologie als Wetenschap van de Maatschappij, Inleidende Essays tot de Makrosociologie, Deel I, J.A. Boom en Zoon, Meppel, Koninklijke Uitgeverij en Drukkerij, Amsterdam, 1970.

Gevers, J.K.M., Sociologie als Wetenschap van de Maatschappij, Teksten uit de Makrosociologie, Deel II, J.A. Boom en Zoon, Meppel, Koninklijke Uitgeverij en Drukkerij, Amsterdam, 1971.

Giddens, Anthony, Capitalism and Modern Social Theory, An Analysis of the Writings of Marx, Durkheim and Max Weber, Cambridge University Press, London, 1971.

Giddens, A., Politics and Sociology in the Thought of Max Weber, The MacMillan Press Ltd., London, 1972.

Giddens, A. (redakteur), Positivism and Sociology, Heinemann Educational Books, Ltd., London, 1974.

Giddings, F.H., Studies in the Theory of Human Society, The MacMillan Company, New York, 1926.

Giddings, F.H., The Principles of Sociology, An Analysis of the Phenomena of Association and of Social Organization, The MacMillan Company, New York, 1928.

Gillen, J.L., Gillen, J.P., Introduction to Sociology, The MacMillan Company, New York, 1945.

Giner, Salvador, Sociology, deur die skrywer self vertaal, Martin Robert Son and Co. Ltd., London, 1972.

Gittler, J.B. (redakteur), Review of Sociology, Analysis of a Decade, John Wiley and Sons, Inc., New York, 1957.

Goldman, R.M., Contemporary Perspectives on Politics, Van Nostrand Reinhold Company, New York, 1972.

Gould, J., Kolb, W.L., A Dictionary of the Social Sciences, The Free Press, Glencoe, New York, 1964.

Grusky, O., Miller, G.A. (redakteurs), The Sociology of Organizations, Basic Studies, The Free Press, New York, 1970.

Gumplowicz, L., Outlines of Sociology, onder redaksie van en vertaal deur I.L. Horowitz, Paine-Whitman Publishers, New York, 1963 (Eerste Duitse Uitgawe 1885).

Gurvitch, G., Handboek van de Sociologie, Volume I, Vertaal deur H.J. Nieuweroord, Het Spectrum Uitgeverij, Utrecht Antwerpen, 1973.

Gurvitch, G., Handboek van de Sociologie, Volume III, vertaal deur C.G. Babeliowsky-Seldenrath en H.J. Nieuweroord Aula-Boeken, Utrecht en Antwerpen, 1968.

Harriman, P.L., Roucek, J.S., De Huszar, G.B. (redakteurs), Contemporary Social Science, Western Hemisphere, Volume I, The Stackpole Company, Harrisburg, Pennsylvania, 1953.

Hayes, C.J.H., Baldwin, M.W., Cole, C.W., History of Western Civilization, The MacMillan Company, New York, 1964 (Derde Druk).

Hearnshaw, F.J.C. (redakteur), The Social and Political Ideas of Some Great French Thinkers of the Age of Reason, A Series of Lectures delivered at King's College University of London during the Session 1928-29, Barnes and Noble, Inc., New York, 1950.

Hearnshaw, F.J.C. (redakteur), The Social and Political Ideas of Some Great Thinkers of the Sixteenth and Seventeenth Centuries, A Series of Lectures delivered at King's College University of London during the Session 1925-26, Barnes and Noble, Inc., New York, 1949.

Heberle, R., Social Movements, An Introduction to Political Sociology, Appleton-Century-Crofts, Inc., New York, 1951.

Hinkle, R.C., Hinkle, G.J., The Development of Modern Sociology, Its Nature and Growth in the United States, Random House, Inc., New York, 1961.

Hitti, P.K., The Near East in History, A 5 000 Year Story, D. van Nostrand Company, Inc., New York, 1961.

Hobbes, T., Leviathan, or the Matter, Forme and Power of a Commonwealth Ecclasiasticall and Civil, onder redaksie van Michael Oakeshot, Collier Books, New York, 1966 (Derde Uitgawe).

Hobhouse, L.T., The Elements of Social Justice, George Allen and Unwin Ltd., London, 1930.

Honigsheim, Paul, On Max Weber, Vertaal deur Joan Rytina, The Free Press, New York, 1968.

Horowitz, I.L., Foundations of Political Sociology, Harper and Row, Publishers, New York, 1972.

Horton, P.B., Hunt, C.L., Sociology, McGraw-Hill Book Company, U.S.A., 1964.

House, F.N., The Development of Sociology, McGraw-Hill Book Company, Inc., New York, 1936.

House, F.N., The Range of Social Theory, A Survey of the Development, Literature, Tendencies and Fundamental Problems of the Social Sciences, Henry Holt and Company, New York, 1929.

Inkeles, Alex, What is Sociology? An introduction to the discipline and profession, Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1964.

Jones, W.T., Masters of Political Thought, Machiavelli to Bentham, Volume II, George G. Harrap and Co. Ltd., London, 1959.

Keppel-Jones, A., South Africa, A Short History, Hutchinson and Co., London, 1961.

Kinloch, G.C., The Sociological Study of South Africa: An Introduction, MacMillan South Africa, Johannesburg, 1972.

Kramnick, Isaac (redakteur), Essays in the History of Political Thought, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1969.

Kriesberg, Louis, The Sociology of Social Conflicts, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1973.

Kropotkin, P., Fields, Factories and Workshops, or, Industry combined with Agriculture and Brain Work with Manual Work, Thomas Nelson and Sons, Ltd., London en elders, 1912 (Nuwe Hersiene en Vergrote Uitgawe - Eerste Druk 1898).

Lachmann, L.M., The Legacy of Max Weber, Heinemann Educational Books Ltd., London, 1970.

Lancaster, Lane W., Masters of Political Thought, Hegel to Dewey, Volume III, George G. Harrap and Co. Ltd., London, 1959.

Landis, P.H., Introductory Sociology, Ronald Press, New York, 1958.

Lane, R.E., Political Man, The Free Press, New York, 1972.

Lefebvre, Henri, The Sociology of Marx, vertaal deur Norbert Guterman, Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England, 1972.

Lenski, Gerhard, Human Societies, A Macrolevel Introduction to Sociology, MaGraw-Hill Book Co., New York en elders, 1970.

Levy, Marion J. (Jr), The Structure of Society, Princeton University Press, Princeton, New Jersey, 1952.

Lichtenberger, J.P., Development of Social Theory, The Century Co., New York, 1923.

Lipset, S.M., Political Man, Heinemann Educational Books Ltd., London, 1973.

Lipset, S.M. (redakteur), Politics and the Social Sciences, Oxford University Press, New York, 1969.

Lipset, S.M., Revolution and Counterrevolution Change and persistance in Social structures, Heinemann Educational Books Ltd., London, 1969.

Litt, E. (redakteur), The Political Imagination, Scott, Foresman and Company, Glenview Illinois, 1966.

Lloyd, Peter C., Classes, Crises and Coups, Themes in the Sociology of Developing Countries, MacGibbon and Kee, London, 1971.

Machiavelli, Niccolló, The Prince, vertaal deur W.K. Marriott, Everyman's Library, Dent: London, 1968 (Herdruk).

MacIver, R.M., As a Tale that is Told, the Autobiography of R.M. MacIver, University of Chicago Press, Chicago, 1968.

MacIver, R.M., Page, C.H., Society, An Introductory Analysis, MacMillan and Company Ltd., London, 1955.

MacIver, R.M., Power Transformed, The MacMillan Co., New York, 1964.

MacIver, R.M., Social Causation, Harper Torchbooks, Harper and Row, Publishers, New York, 1964.

MacIver, R.M., The Elements of Social Science, Methuen and Co. Ltd., London, 1931 (Eerste Druk 1921).

MacIver, R.M., The Ramparts We Guard, The MacMillan Company, New York, 1960.

MacIver, R.M., The Web of Government, The MacMillan Company, New York, 1947.

Macrae, Donald (redakteur), Herbert Spencer, The Man Versus the State, With Four Essays on Politics and Society, Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England, 1969.

Macrides, R.C., Brown, B.E. (redakteurs), Comparative Politics, Notes and Readings, The Dorsey Press, Homewood, Illinois, 1972.

Mannheim, Karl, Diagnosis of our Time, Wartime Essays of a Sociologist, Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1950.

Mannheim, Karl, Freedom, Power and Democratic Planning, onder redaksie van H. Gerth en E.K. Bramstedt, Routledge en Kegan Paul Ltd., London, 1951.

Mannheim, Karl, Ideology and Utopia, An Introduction to the Sociology of Knowledge, Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1968 (Eerste Druk 1936).

Mannheim, Karl, Man and Society in an Age of Reconstruction, Studies in Modern Social Structure, vertaal deur Edward Shils, Kegan Paul, Trench, Trubner and Co., Ltd., London, 1942.

Martindale, Don, The Nature and Types of Sociological Theory, Routledge and Kegan Paul, London, 1967 (Herdruk).

Maus, Heinz, A Short History of Sociology, Routledge and Kegan Paul, London, 1965 (Tweede Druk).

Mayer, J.P., Alexis de Tocqueville, A Biographical Study in Political Science, Harper Torchbooks, Harper and Brothers, Publishers, New York, 1960.

Mayer, J.P., Max Weber and German Politics, A Study in Political Sociology, Faber and Faber Ltd., London, 1943.

McDonald, L.C., Western Political Theory: The Modern Age, Harcourt, Brace and World, Inc., New York, 1962.

McKinney, John C., Tiryakian, Edward A., Theoretical Sociology Perspectives and Developments, Appleton Century Crofts, New York, 1970.

McLeish, John, The Theory of Social Change, Four Views Considered, Routledge and Kegan Paul, London, 1972.

McNeil, Elton B. (redakteur), The Nature of Human Conflict, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1965.

Meehan, E.J., Contemporary Political Thought, A Critical Study, The Dorsey Press, Homewood, Illinois, 1967.

Meisel, J.H. (redakteur), Pareto and Mosca, Makers of Modern Social Science, Printice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1965.

Mennell, S., Sociological Theory, Uses and Unities, Thomas Nelson and Sons Ltd., London, 1974.

Merriam, C.E., Barnes, H.E. (redakteurs), A History of Political Theories, Recent Times, Essays on Comtemporary Developments in Political Theory, The MacMillan Company, New York, 1924.

Merton, R.K., Broom, L., Cottrell, L.S. (Jr), Sociology Today, Problems and Prospects, Basic Books, Inc., Publishers, New York, 1960.

Merton, R.K., Social Theory and Social Structure, The Free Press, New York, 1968 (Hersiene Uitgebreide Uitgawe).

Michels, Robert, Political Parties: A Sociological Study of the Oligarchical Tendencies of Modern Democracy, vertaal deur Eden en Cedar Paul, Dover Publications, Inc., New York, 1959 (Oorspronklike Uitgawe 1915).

Mills, C. Wright, The Sociological Imagination, Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England, 1973.

Mitchell, G. Duncan, A Dictionary of Sociology, Routledge and Kegan Paul, London, 1968.

Mitchell, G., Duncan, Sociology, The Study of Social Systems, University Tutorial Press Ltd., London, 1970.

Mommsen, Wolfgang J., Max Weber und die Deutsche Politik, Tübingen, 1959.

Mommsen, Wolfgang J., The Age of Bureaucracy, Perspectives on the Political Sociology of Max Weber, Basil Blackwell and Mott Ltd., Oxford, 1974.

Monane, J.H., A Sociology of Human Systems, Appleton-Century-Crofts, New York, 1967.

Morse, S.J., Orpen, C., Contemporary South Africa: Social Psychological Perspectives, Juta and Co., Kaapstad en elders, 1975.

Mosca, Gaetono, Elementi Di Scienza Politica, vertaal deur Hannah Kahn, "The Ruling Class", McGraw Hill Book Co., New York, 1939.

Niezing, J., Inleiding tot de Politieke Sociologie, Van Gorcum en Comp. N.V., Dr. H.J. Prakke en H.M.G. Prakke, Assen, 1966.

Nisbet, R.A., The Social Bond, Alfred A. Knopf, New York, 1970.

Nisbet, R.A., The Sociological Tradition, Heinemann Educational Books Ltd., London, 1967.

Nisbet, R.A., The Quest for Community, Oxford University Press, New York, 1971.

Nisbet, R., The Social Philosophers, Community and Conflict in Western Thought, Heinemann Educational Books Ltd., London, 1974.

Nisbet, R.A., Tradition and Revolt, Historical and Sociological Essays, Random House, Inc., New York, 1968.

Nordlinger, E.A. (redakteur), Politics and Society, Studies in Comparative Sociology, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1970.

Oberschall, A., Social Conflict and Social Movements, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1973.

Odum, H.W., American Sociology, The Story of Sociology in the United States through 1950, Greenwood Press, Publishers, New York, 1969.

O'Neill, J., Sociology as a Skin Trade, Essays towards a Reflexive Sociology, Heinemann Educational Books Ltd., London, 1972.

Pareto, Vilfredo, Sociological Writings, seleksies en inleiding deur S.E. Finer, Vertaal deur Derick Mirfin, Frederick A. Praeger, Publishers, New York, 1966.

Pareto, Vilfredo, The Mind and Society, A Treatise on General Sociology, Volumes I en II, vertaal deur Andrew Bongiorno en Arthur Livingstone onder redaksie van Arthur Livingstone, Dover Publications, Inc., New York, 1963 (Oorspronklike Uitgawe 1935).

Pareto, Vilfredo, The Mind and Society, A Treatise on General Sociology, Volumes III en IV, vertaal deur Andrew Bongiorno en Arthur Livingstone onder redaksie van Arthur Livingstone, Dover Publications, Inc., New York, 1963 (Oorspronklike Uitgawe 1935).

Park, R.E., Burgess, E.W., Introduction to the Science of Sociology, The University of Chicago Press, Chicago, Illinois, 1924.

Park, R.E., Society, Collective Behavior News and Opinion, Sociology and Modern Society, The Free Press, Glencoe, Illinois, 1955.

Parsons, T., Bales, R.F., Shils, E.A., Working Papers in the Theory of Action, The Free Press, New York, 1953.

Parsons, T., Essays in Sociological Theory, The Free Press, New York, 1966 (Hersiene uitgawe).

Parsons, T., "Systems Analysis, Social Systems", A reprint from the International Encyclopedia of the Social Sciences, Crowell, Collier and MacMillan, New York, 1968.

Parsons, T., Politics and Social Structure, The Free Press, New York, 1969.

Parsons, T. (redakteur), Max Weber: The Theory of Social and Economic Organization, Vertaal deur A.M. Henderson en T. Parsons, The Free Press, New York, 1966.

Parsons, T., Shils, E.A., Naegele, K.D., Pitts, J., Theories of Society, The Free Press, Glencoe, New York, 1961.

Parsons, T., Shils, E.A. (redakteurs), Toward a General Theory of Action, Harper Torchbooks, Harper and Row, Publishers, New York, 1962.

Parsons, T., Societies, Evolutionary and Comparative Perspectives, Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1966.

Parsons, T., The Social System, Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1970 (Eerste Druk 1951).

Parsons, T., The Structure of Social Action - A Study in Social Theory with Special Reference to a Group of Recent European Writers, The Free Press, Glencoe, Illinois, 1949.

Peel, J.D.Y., Herbert Spencer, The Evolution of a Sociologist, Basic Books, Inc., Publishers, New York, 1971.

Pizzorno, A. (redakteur), Political Sociology, Selected Readings, Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England, 1971.

Plamenatz, J., Man and Society, A Critical Examination of Some Important Social and Political Theories from Machiavelli to Marx, Volume I, Longmans, Green and Co. Ltd., London, 1963.

Plamenatz, J., Man and Society, A Critical Examination of Some Important Social and Political Theories from Machiavelli to Marx, Volume II, Longmans, Green and Co., London, 1963.

Poggi, Gianfranco, Images of Society, Essays on the Sociological Theories of Tocqueville, Marx, and Durkheim, Stanford University Press, Stanford, California, 1972.

Ratzenhofer, G., Die Sociologische Erkenntnis, Positive Philosophie des socialen Lebens, F.N. Brodhaus, Leipzig, 1898.

Remmling, Gunter, W., The Sociology of Karl Mannheim, With a bibliographical guide to the sociology of knowledge, ideological analysis and social planning, Routledge and Kegan Paul, Ltd., London, 1975.

Rex, John, Discovering Sociology, Studies in Sociological Theory and Method, Routledge and Kegan Paul, London and Boston, 1973.

Rex, John, Key Problems of Sociological Theory, Routledge and Kegan Paul, London, 1965 (Eerste Druk 1959).

Rex, John (redakteur), Approaches to Sociology, An Introduction to Major Trends in British Sociology, Routledge en Kegan Paul, London, 1974.

Rocher, Guy, Talcott Parsons and American Sociology, Vertaal deur Barbara en Stephen Mennell, Thomas Nelson and Sons, London, 1974 (Eerste Franse Druk 1972).

Roode, C.D., Inleiding tot die Sosiologie, A.A. Balkema, Kaapstad, 1974 (Hersiene Uitgawe, verwerk in medewerking met R.A. Viljoen).

Roode, C.D., Robert M. MacIver: 'n Kritiese Waardering van sy Sosiologiese Beskouings, Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1964.

Ross, E.A., Social Psychology, An Outline and Source Book, The MacMillan Company, New York, 1919.

Runciman, W.G., A Critique of Max Weber's Philosophy of Social Science, Cambridge University Press, London.

Runciman, W.G., Social Science and Politcal Theory, Cambridge University Press, London, 1971 (Tweede Uitgawe).

Runciman, W.G., Sociology in its Place, And Other Essays, Cambridge University Press, London, 1970.

Rush, M., Althoff, P., An Introduction to Political Sociology, Thomas Nelson and Sons Ltd., London, 1971.

Sabine, George H., A History of Political Theory, George G. Harrap and Co. Ltd., London, 1971 (Derde Druk).

Sahay, Arun (redakteur), Max Weber and Modern Sociology, Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1971.

Samuels, Warren J., Pareto on Policy, Elsevier Scientific Publishing Company, Amsterdam, 1974.

Selltiz, C., Jahoda, M., Deutsch, M., Cook, S.W., Research Methods in Social Relations, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1959 (Hersiene uitgawe).

Sherif, Muzafer, Group Conflict and Co-operation, Their Social Psychology, Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1966.

Shils, E.A., Finch, H.A. (vertalers en redakteurs), Max Weber, The Methodology of the Social Sciences, The Free Press of Glencoe, New York, 1949.

Sigel, Roberta S., Learning about Politics, A Reader in Political Socialization, Random House, New York, 1970.

Simmel, G., Conflict and the Web of Group-Affiliations, vertaal der K.H. Wolff en Reinhard Bendix onderskeidelik, The Free Press, Glencoe, Illinois, 1955.

Small, A.W., General Sociology, An Exposition of the Main Development in Sociological Theory from Spencer to Ratzenhofer, The University of Chicago Press, Chicago, Illinois, 1920 (Eerste Druk 1905).

Smeenk, C., De Ontwikkeling der Maatschappij, Sociaal-Economische Geschiedenis, J.H. Kok N.V., Kampen, 1955.

Smelser, N.J., Davis, J.A. (redakteurs), Sociology, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1969.

Smelser, N.J., Essays in Sociological Explanation, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1968.

Smelser, N.J., Sociological Theory: A Contemporary View, General Learning Press, New York, 1971.

Smelser, N.J. (redakteur), Sociology: An Introduction, John Wiley and Sons, Inc., New York, 1967.

Smelser, N.J., The Sociology of Economic Life, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1963.

Smith, Adam, The Wealth of Nations, Boeke I-III, onder redaksie van Andrew Skinner, Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England, 1974 (Herdrukte en Hersiene Uitgawe).

Smith, A.D., The Concept of Social Change, A Critique of the Functionalist Theory of Social Change, Routledge and Kegan Paul, London and Boston, 1973.

Sorokin, P., Contemporary Sociological Theories, Harper and Brothers New York, 1928.

Sorokin, P. Sociological Theories of Today, Harper and Row, New York, 1966.

Spencer, H., First Principles, Williams and Norgate, London, 1922 (Sewende Druk).

Spencer, H., Reasons for Dissenting from the Philosophy of M. Comte and other Essays, The Glendessary Press, Berkeley, 1968.

Spitz, David (redakteur), Robert M. MacIver, Politics and Society, Atherton Press, New York, 1969.

Stammer, Otto (redakteur), Max Weber and Sociology Today, vertaal deur Kathleen Morris, Basil Blackwell and Mott Ltd., Oxford, 1971 (Oorspronklike Uitgawe 1965).

Steenekamp, C.S., Du Plessis, J.L., "Struktureel-funksionalistiese fundering van die politieke stelsel as maatskaplike subsisteem", Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie, Nommer 4, April 1972.

Stein, M., Vidich, A. (redakteurs), Sociology on Trial, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1965.

Stoddard, L., The Rising Tide of Color, Against White World-Supremacy, Chapmann and Hall, Ltd., London, 1921.

Strauss, Johann, "Die Sosiologie en die Politiek in Suid-Afrika", Aspekte van die Sosiologie in Interdissiplinêre Verband, Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Seminaarreeks 1972.

Strauss, Johann, Sosio-Politieke Ontwikkeling in die Transkei gesien binne die verband van die Reëling van die Blank-Bantoe-betrekkinge in Suid-Afrika - 'n Politiek Sosiologiese Studie, Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1969.

Sumner, W.G., Folkways, A Study of the Sociological Importance of Usages, Manners, Customs, Mores, and Morels, Dover Publications, Inc., New York, 1959 (Eerste Druk 1906).

Sumner, W.G., Keller, A.G., The Science of Society, Volume I, Yale University Press, New Haven, 1932.

Swingle, Paul (redakteur), The Structure of Conflict, Academic Press, New York, 1970.

Theodorson, G.A., Theodorson, A.G., A Modern Dictionary of Sociology, Methuen and Company, London, 1970.

Timasheff, N.S., Sociological Theory, Its Nature and Growth, Random House, New York, 1967 (Derde Uitgawe).

Truzzi, M. (redakteur), Sociology, The Classic Statements, Random House, New York, 1971.

Turner, J.H., The Structure of Sociological Theory, The Dorsey Press, Homewood, Illinois, 1974.

Turner, R.H. (redakteur), Robert E. Park on Social Control and Collective Behavior, Selected Papers, Phoenix Books, The University of Chicago Press, Chicago, 1967.

Ullmann, Walter, A History of Political Thought: The Middle Ages, Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England, 1970 (Gewysigde Herdruk).

Valkenburg, P., Anatomie van het Conflict, Een Modeltheoretische Benadering, N. Samson n.v. Alphen aan den Rijn, 1969.

Van der Walt, A.T., Konflikbeskouings in die Sosiologiese Teorie - 'n Historiese Oorsig en Kritiese Waardering, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1968.

Van der Walt, J.A., Maritz, F.A., Strauss, Johann, Rassesosiologie, Academica, Pretoria en Kaapstad, 1967.

Varieties of Political Expression in Sociology, an American Journal of Sociology Publication, The University of Chicago Press, Chicago, 1972.

Von Bertalanffy, Ludwig, General Systems Theory, Foundations, Development, Applications, Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England, 1968.

Waldman, Sidney R., Foundations of Political Action, An Exchange Theory of Politics, Little, Brown and Co., Boston, 1972.

Wallace, W.L. (redakteur), Sociological Theory, An Introduction, Heinemann Educational Books Ltd., London, 1969.

Ward, L.F., Dynamic Sociology Or Applied Social Science, as based upon Statical Sociology and the less complex Sciences, Volume II, D. Appleton and Co., New York, 1883 (Herdruk 1968).

Ward, L.F., Pure Sociology A treatise on the Spontaneous Development of Society, The MacMillan Co., New York, 1914.

Weber, Max, Basic Concepts in Sociology, vertaal deur H.P. Secher, Peter Owen, Ltd., London, 1962.

Weber, Max, The Protestant Ethic and the Spirit of Capitalism, vertaal deur T. Parsons, Unwin University Books, London, 1970.

Weber, Max, Staatsoziologie, Duncker and Humbolt, Berlin, 1966.

Weech, W.N. (redakteur), History of the World, Odhams Book Ltd., Long Acre, London, 1964.

Wertheim, W.F., Evolution and Revolution, The Rising Waves of Emancipation, Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England, 1974.

Willer, D., Scientific Sociology, Theory and Method, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1967.

Wiseman, H.V., Political Systems, Some Sociological Approaches, Frederick A. Praeger Publishers, New York, 1967.

Wolff, Kurt H. (redakteur en vertaler), The Sociology of Georg Simmel, The Free Press, Glencoe, Illinois, 1950.

Wolff, Robert Paul (redakteur), Political Man and Social Man, Readings in Political Philosophy, Random House, New York, 1966.

Wrong, Dennis (redakteur), Max Weber, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1970.

Young, J.P. (redakteur), Consensus and Conflict: Readings in American Politics, Dodd, Mead and Co., New York, 1972.

Young, R. (redakteur), Approaches to the Study of Politics, Northwestern University Press, Evanston, Illinois, 1958.

Zadrozny, John T., Dictionary of Social Science, Public Affairs Press, Washington, D.C., 1959.

Zeitlin, I.M., Rethinking Sociology, A Critique of Contemporary Theory, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1973.

Zeitlin, I.M. Ideology and the Development of Sociological Theory, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1968.

Zetterberg, H.L. (redakteur), Sociology in the United States of America, Unesco, Parys, 1956.